Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

Vaaldriehoekkampus

DIE GEORGANISEERDE KULTUURLEWE VAN DIE BLANKE GEMEENSKAP VAN VANDERBIJLPARK IN DIE TYDPERK 1942-1992

A.M.M. Weber
B.A. (Hons.)
M.A. status toegeken

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in die Departement Geskiedenis aan die Vaaldriehoekkampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Promotor: Prof. P.J.J. Prinsloo

Vanderbijlpark
November 1997

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHO
1998 -04- 2 8
VAALDRIEHOEKKAMPUS

6987 646

Ek wil graag hierdie werk aan my drie kinders,

Deon, Annerie en Elanie opdra

as 'n blywende motivering

vir 'n besondere mooi toekoms

in die Nuwe Suid-Afrika.



Foto 1: **Die Wordingstandbeeld.**

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

Jou kultuuropdrag mens, is om te word;

daarom is jy bedeel met talente;

die aarde is bestrooi met latente;

middele vir liggaam, siel en gees en dit word

van jou verwag om te ontwikkel en te skep.

DIT IS WORDING.

A.M.M. Weber

ABSTRACT

The objective of this study is to give some perspective on cultural growth of the factors which influenced the development of the culture of the white inhabitants of Vanderbijlpark from 1942 up to 1992. The issue under scrutiny is the culture of white people in Vanderbijlpark which was dominated by Afrikaners who had to cope, in their cultural development, with the influx of large numbers and a variety of skilled European immigrants.

To be able to accomplish the above mentioned, it was necessary to research a wide field of activities out of which culture consist: economics, politics, social security and welfare, service delivery, health services, sport and recreation, mental health, education and training, cultural organisation and domestic cultural trends.

During the period 1942-1992 three phases were identified. The first was the establishment phase during which the besieging of culture was "compellent" and no influence of other cultures was allowed.

The white community of Vanderbijlpark, during the establishment phase, 1942-1959, consisted mainly of two groups: The impoverished Afrikaner from the rural areas, who, as a last resort, took to urbanisation for a livelihood and accordingly had to adjust culturally.

The second group, the European immigrants, also, as a last resort sought a livelihood as a result of the chaotic situation in Europe after World War II, and intended to adopt South Africa as a new fatherland.

Then followed the prosperity phase, 1960-1978, with very strong economic growth and quick wealth creation, which on its own, tends to open up cultural interchanges. The cultural development of the two white groups in Vanderbijlpark was influenced by the urbanisation of rural blacks. This influence was thoroughly organised by the government policy.

During the third stabilising phase, 1979-1992, new cultural influences surfaced. The most important was the outbreak and surge of violence which brought an awareness of the, up to now ignored, presence of black cultures and their vast variety and impact.

In the course of this study it became clear that besieging is no solution to healthy cultural development, but rather a crippling stumbling block.

REFERENCE WORDS FOR A COMPUTER SEARCH

Culture.

Cultural transfer.

Cultural acculturation.

Culture formation.

Cultural diversity.

Cultural simbols.

Cultural change.

Cultural layers.

Cultural identity.

Besieging of culture.

---oOOo---

VOORWOORD

In die geskiedenis van Suid-Afrika is daar baie dorpe wat besondere stempels op hulle omgewings afgedruk het. Vanderbijlpark is egter een van wynige dorpe wat in 'n bestek van vyf dekades nie net 'n stempel op die omgewing afgedruk het nie, maar ook 'n groot impak op die hele Suid-Afrikaanse ekonomie gehad het.

Daarom was dit vir my 'n voorreg om die eerste wetenskaplike studie oor die geskiedenis van Vanderbijlpark vanuit die oogpunt van kultuursamestelling, kultuuroordrag en kultuurontwikkeling te kon doen.

Ek is besonder dankbaar vir genade en talente, krag en leiding wat deur die Hemelse Vader aan my geskenk is. Aan Hom al die eer.

Dis ook met groot dankbaarheid dat dié volgende persone genoem word:

1. My promotor, prof. dr. P.J.J. Prinsloo, vir sy sterk motivering en bekwame leiding. 'n Groot dankie vir sy bemoeienis.

2. Die personeel van die Navorsingseenheid vir Industrialiserings- en Vaaldriehoekse Geskiedenis (NIVG) van die PU vir CHO vir al hulle hulp met spesiale verwysing na mev. S. Opperman vir besondere toewyding en diens.

3. Johan Blaauw wat die taalversorging noukeurig gedoen het.

4. Al die persone (inwoners van Vanderbijlpark) en instansies in Vanderbijlpark wat behulpsaam was met die voorsiening van navorsingsmateriaal deur middel van onderhoude, notules, jaarverslae, foto's en ander vorme van inligting.

5. Die Ferdinand Postma Biblioteek, PU vir CHO (beide kampusse), wat altyd besondere moeite doen en uitstekende diens lewer.

6. Die Openbare Biblioteek, Stadsraad Vanderbijlpark, wat uit hulle pad gegaan het om behulpsaam te wees.

7. Die argiefbewaarplekke van YSKOR, VESCO en die Stadsraad van Vanderbijlpark, 'n woord van opregte dank vir gewaardeerde hulp.

A.M.M. WEBER
Vanderbijlpark
November 1997

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING 1
1. PROBLEEMSTELLING 1
2. VORIGE NAVORSING EN BRONBENADERING 4
2.1 ARGIVALE BRONNE 4
2.2 SEKONDêRE BRONNE 8
2.2.1 EKONOMIESE GESKIEDENIS 8
2.2.2 KERKGESKIEDENIS 9
2.2.3 OWERHEIDGESKIEDENIS 9
2.2.4 POLITIEKE GESKIEDENIS 10
2.2.5 GEOGRAFIESE WERKE 11
2.2.6 HISTORIESE WERKE 11
2.2.7 NYWERHEIDSGESKIEDENIS 12
2.3 POPULêR-WETENSKAPLIKE WERKE, TYDSKRIFTE EN GESKRIFTE 13
2.4 REGERINGSPUBLIKASIES 14
2.5 ONDERHOUDE 14
3. DIE ONDERSOEKGEBIED 15
3.1 DIE EKONOMIE 18
3.2 MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYN 18
3.3 DIENSORGANISASIES 19
3.4 GESONDHEIDSDIENSTE 19
3.5 SPORT EN ONTSPANNING 19
3.6 GEESTESGESONDHEID 19
3.7 ONDERWYS EN OPLEIDING 20
3.8 VOLKSEIE KULTUURPATRONE 20
3.9 DIE POLITIEK 21
4. HISTORIESE METODES 21
5. DIE OMSKRYWING VAN BEGRIPPE 22
5.1 KULTUUR 22
5.2 KULTUURVORMING 23
5.3 KULTUURVERSKEIDENHEID 23
5.4 KULTURELE DIVERSITEIT 23
5.5 KULTUURSIMBOLE 23
5.6 KULTUURVERANDERING 24
5.7 KULTUUROORDRAG OF AKKULTURASIE 24
5.8 BELEëRDE KULTUUR 25
5.9 KULTUURLAE 26
5.10 KULTUURIDENTITEIT 26
5.11 KULTUURPEIL 27
5.12 KULTUURORGANISERING 27
6. DIE AKTUALITEIT VAN DIE TEMA 28
7. DIE ONTPLOOIING VAN DIE ONDERWERP 28
7.1 DIE BEPLANNING VIR 'N KULTUURRYKE VOLKERESAMELEWING 29
7.2 DIE ONTWIKKELING VAN PLAASLIKE BESTUUR IN VANDERBIJLPARK 31

HOOFSTUK 1 34
DIE EKONOMIE 34
1.1 INLEIDING 34
1.2 EKONOMIESE ONTWIKKELING GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959 34
1.2.1 ALGEMENE EKONOMIESE KRAGTE 35
1.2.2 DIE EKONOMIE 36

1.2.3 DIE LANDBOU 37
1.2.4 DIE MYNBOU 40
1.2.5 DIE NYWERHEDE 41
1.2.5.1 DIE VESTIGING VAN NYWERHEDE 41
1.2.5.2 DIE VERSKAFFING VAN NYWERHEIDSGROND EN DIENSTE AAN NYWERHEDE 43
1.2.5.3 DIE INVLOED VAN DIE NYWERHEIDSONTWIKKELING 43
1.2.6 DIE HANDELSEKTOR 46
1.2.6.1 GEORGANISEERDE HANDELSBELANGE 50
1.2.7 HUISVESTING 53
1.2.7.1 BEHUISING VIR BLANKE INWONERS 53
1.2.7.2 BEHUISING VIR DIE SWART MENSE 57
1.2.8 DIE EKONOMIESE INFRASTRUKTUUR 58
1.2.8.1 DIE PADNETWERK 59
1.2.8.2 DIE SPOORWEë 60
1.2.8.3 DIE VLIEGVELDE 60
1.2.8.4 DIE WATERVOORSIENING 61
1.2.8.5 DIE KRAGVOORSIENING 62
1.2.9 SAMEVATTING 63
1.3 EKONOMIESE ONTWIKKELING GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1960-1978 64
1.3.1 DIE VERSKAFFING VAN WERKSGELEENTHEDE 64
1.3.2 NYWERHEIDS- EN BESIGHEIDSVERTROUE EN GROEI 65
1.3.3 DIE ONTWIKKELING VAN DIE HANDELSORGANISASIES 66
1.3.4 DIE INVLOED VAN YSKOR SE UITBREIDINGSPROGRAM 68
1.3.5 SAMEVATTING 69
1.4 EKONOMIESE ONTWIKKELING GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992 71
1.4.1 VERSWAKTE ONTWIKKELING VAN DIE SAKESENTRUM 71
1.4.2 NASIONALE EKONOMIESE TENDENSE VAN DIE TAGTIGERJARE . 72
1.4.3 YSKOR AS GROOTSTE WERKVERSKAFFER 73
1.4.4 VERSWAKTE KOOPKRAG IN VANDERBIJLPARK 74
1.4.5 DIE POLITIEK 75
1.4.5.1 EKONOMIESE ONTWIKKELING EN DIE POLITIEK 76
1.4.5.2 REGERINGSOPTREDE 77
1.4.6 HANDELS- EN DIENSORGANISASIES 78
1.4.6.1 WERKGEWER- EN WERKNEMERORGANISASIES 79
1.4.6.2 DIE SENTRALE SAKEKERNKOMITEE 79
1.4.6.3 DIE AFRIKAANSE SAKEKAMER NA 1980 81
1.4.7 SAMEVATTING 84
1.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING 85

HOOFSTUK 2 89
MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYN 89
2.1 INLEIDING 89
2.2 MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYN GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959 89
2.2.1 MAATREëLS OM 'N GELUKKIGE GEMEENSKAP TE VERSEKER 90
2.2.2 DIE NOODSAAK VIR MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYNORGANISASIES 90
2.2.2.1 DIE OMSTANDIGHEDE VAN DIE VERSTEDELIKTE BLANKE AFRIKANERS 91
2.2.2.2 DIE GROOT VERSKEIDENHEID KULTURE 91

2.2.2.3 DIE TOTSTANDKOMING VAN MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYNORGANISASIES ... 94
2.2.2.3.1 DIE MAATSKAPPY VIR EUROPESE IMMIGRASIE (MEI) ... 95
2.2.2.3.2 DIE KINDERSORGVERENIGING ... 95
2.2.2.4 SAMEVATTING ... 97
2.3 MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYN GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1960-1978 ... 98
2.3.1 DIE VERDERE ONTWIKKELING VAN ORGANISASIES ... 100
2.3.1.1 DIE VERENIGING VIR LIGGAAMLIK GESTREMDES ... 101
2.3.1.2 DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE RAAD INSAKE ALKOHOLISME (SANRA) ... 102
2.3.1.3 DIE ONDERSTEUNINGSRAAD ... 104
2.3.1.4 NOODLYN ... 105
2.3.1.5 DIE FAMILIE- EN HUWELIKSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA (FAMSA) ... 106
2.3.1.6 JEUGLAND TEHUIS VIR BEJAARDES ... 106
2.3.1.7 CATHERINE ROBSON KINDERHUIS ... 107
2.3.2 YSKOR SE BYDRAE TOT MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYN ... 108
2.3.3 SAMEVATTING ... 109
2.4 MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYN GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992 ... 109
2.4.1 DIE NYWERHEIDSTAD-PSIGOSE ... 110
2.4.2 DIE POLITIEKE BELEID VAN SUID-AFRIKA ... 111
2.4.2.1 DIE VERANDERDE OMSTANDIGHEDE VAN DIE BLANKE GESIN ... 111
2.4.2.2 NEGATIEWE VERWAGTINGE ... 113
2.4.3 DIE AANPASSINGS VAN MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYNORGANISASIES ... 114
2.4.3.1 DIE MAATSKAPPY VIR EUROPESE IMMIGRASIE (MEI) ... 114
2.4.3.2 DIE KOöRDINERENDE WELSYNSRAAD ... 117
2.4.3.3 DIE GEMEENSKAPSKAS ... 119
2.4.4 SAMEVATTING ... 121
2.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING ... 122

HOOFSTUK 3 ... 124
DIENSLEWERING ... 124
3.1 INLEIDING ... 124
3.2 DIENSLEWERING GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959 ... 124
3.2.1 DIENSLEWERING DEUR YSKOR ... 125
3.2.2 DIE VORMING VAN 'N NUWE KULTUURPATROON ... 125
3.2.3 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIENSORGANISASIES ... 126
3.2.3.1 DIE GESONDHEIDSKOMITEE ... 127
3.2.3.2 DIE STADSRAAD ... 128
3.2.3.2.1 ADMINISTRASIE ... 128
3.2.3.2.2 DIENSLEWERING DEUR DIE STADSRAAD ... 131
3.2.4 SAMEVATTING ... 136
3.3 DIENSLEWERING GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1960-1978 ... 136
3.3.1 DIE STADSRAAD ... 137
3.3.2 DIE PUBLISITEITSVERENIGING ... 139
3.3.3 VANDERBIJLPARK-HOSPITAALBIBLIOTEEK ... 139

3.3.4 DIE DIEREBESKERMINGSVERENIGING (DBV) 140
3.3.5 SAMEVATTING 141
3.4 DIENSLEWERING GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992 141
3.4.1 DIE STADSRAAD 142
3.4.1.1 DIENSLEWERING DEUR DIE STADSRAAD 142
3.4.1.2 DIE POLITIEKE INVLOED OP DIE STADSRAAD SE DIENSLEWERING 144
3.4.2 DIE PUBLISITEITSVERENIGING 146
3.4.3 DIE SUIDERKRUISFONDS 148
3.4.4 DIE STREEKSONTWIKKELINGSVERENIGING (SOV) 150
3.4.4.1 DIE DOELSTELLINGS VAN DIE SOV 150
3.4.4.2 DIE OMVANG VAN DIE SOV SE AKTIWITEITE EN WERKSAAMHEDE 151
3.4.4.3 DIE RESULTAAT VAN DIE BETROKKENHEID VAN DIE SOV 153
3.4.5 MEMORABLE ORDER OF THE TIN HATS (MOTHs) 154
3.4.6 DIE ROTARIëRKLUB 155
3.4.7 SAMEVATTING 156
3.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING 156

HOOFSTUK 4 158
GESONDHEIDSDIENSTE 158
4.1 INLEIDING 158
4.2 GESONDHEIDSDIENSTE GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959 158
4.2.1 DIE VOORSIENING VAN GESONDHEIDSDIENSTE 159
4.2.1.1 DR. VAN DER BIJL SE INISIATIEWE 159
4.2.1.2 YSKOR SE MEDIESE BYSTANDSFONDS 160
4.2.1.3 DIE GESONDHEIDSKOMITEE 162
4.2.1.4 DIE VROEë HOSPITAAL- EN AMBULANSDIENSTE ... 166
4.2.2 ORGANISASIES WAT MEDIESE DIENSTE ONDERSTEUN HET 169
4.2.2.1 DIE SUID-AFRIKAANSE ROOIKRUISVERENIGING 169
4.2.2.2 DIE SUID-AFRIKAANSE NOODHULPLIGA (SANL) 171
4.2.3 SAMEVATTING 173
4.3 GESONDHEIDSDIENSTE GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1959-1978 173
4.3.1 DIE GESONDHEIDSDEPARTEMENT 174
4.3.2 DIE SUID-AFRIKAANSE ROOIKRUISVERENIGING 176
4.3.3 DIE SUID-AFRIKAANSE NOODHULPLIGA (SANL) 176
4.3.4 SAMEVATTING 177
4.4 GESONDHEIDSDIENSTE GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992 178
4.4.1 DIE TOENEMENDE BETROKKENHEID VAN DIE GESONDHEIDSDEPARTEMENT 178
4.4.2 VANDERBIJLPARK SE MEDIESE BYSTANDSFONDS 188
4.4.3 DIE SUID-AFRIKAANSE ROOIKRUISVERENIGING 188
4.4.4 DIE SUID-AFRIKAANSE NOODHULPLIGA (SANL) 190
4.4.5 DIE KANKERVERENIGING 192
4.4.6 DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TUBERKULOSEVERENIGING (SANTV) 193
4.4.7 GESONDHEIDSDIENSTE IN SEBOKENG 194
4.4.8 SAMEVATTING 194
4.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING 195

HOOFSTUK 5 ..... **196**
SPORT EN ONTSPANNING **196**
5.1 INLEIDING 196
5.2 SPORT EN ONTSPANNING GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959 196
5.2.1 DIE YSKORKLUB 198
5.2.2 EMFULENI-BUITEKLUB 200
5.2.3 CECIL OLDRIDGEPARK 201
5.2.4 EMFULENIPARK EN ELIGWAKLUB 203
5.2.5 DIE VANDERBIJLPARKSE OPENBARE BIBLIOTEEK 204
5.2.6 SAMEVATTING 204
5.3 SPORT EN ONTSPANNING GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1960-1978 205
5.3.1 EMFULENI-BUITEKLUB 205
5.3.2 DIE VAALDRIEHOEK-STAPPERS 206
5.3.3 DIE VAALDRIEHOEK AMATEURGIMNASTIEKVERENIGING (VAGV) 206
5.3.4 DIE ONTWIKKELING VAN DAMESPORT 207
5.3.5 DIE ONTWIKKELING VAN STOKPERDJIES 209
5.3.6 DIE VANDERBIJLPARKSE OPENBARE BIBLIOTEEK 210
5.3.7 SPORT- EN ONTSPANNINGSGERIEWE AAN DIE EINDE VAN DIE VOORSPOEDSTADIUM 211
5.3.8 SAMEVATTING 212
5.4 SPORT EN ONTSPANNING GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992 213
5.4.1 DIE VAALDRIEHOEK AMATEURGIMNASTIEKVERENIGING 216
5.4.2 RUGBY 217
5.4.3 NETBAL 221
5.4.4 ONDERSTEUNENDE MAATREëLS VIR DIE BEVORDERING VAN SPORT EN ONTSPANNING 223
5.4.5 SPORT- EN ONTSPANNINGSGERIEWE AAN DIE EINDE VAN DIE STABILISERINGSTADIUM 227
5.4.6 SAMEVATTING 229
5.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING 230

HOOFSTUK 6 ..... **232**
GEESTESGESONDHEID **232**
6.1 INLEIDING 232
6.2 GEESTESGESONDHEID GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959 233
6.2.1 YSKOR SE BYDRAE TOT GEESTESGESONDHEID 233
6.2.2 VESCO SE BYDRAE TOT GEESTESGESONDHEID 234
6.2.3 DIE ONTWIKKELING VAN KERKGENOOTSKAPPE 235
6.2.3.1 AFRIKAANSE KERKE 236
6.2.3.1.1 DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE (NG) KERK 236
6.2.3.1.2 DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA 237
6.2.3.1.3 DIE GEREFORMEERDE KERK 238
6.2.3.1.4 DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID-AFRIKA (AGS) 238
6.2.3.2 ENGELSE KERKE 239
6.2.3.2.1 DIE METODISTEKERK 239
6.2.3.2.2 DIE ROOMS-KATOLIEKE KERK 240
6.2.3.2.3 DIE PRESBITERIAANSE KERK 240

6.2.3.2.4 DIE ANGLIKAANSE KERK ... 240
6.2.3.3 DIE KULTUUROPTREDE VAN DIE KERKMENSE ... 241
6.2.4 SAMEVATTING ... 242
6.3 GEESTESGESONDHEID GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1960-1978 ... 243
6.3.1 DIE GEESTESGESONDHEIDSVERENIGING ... 243
6.3.2 KERKGENOOTSKAPPE SE BETROKKENHEID ... 245
6.3.3 ANDER ORGANISASIES SE BETROKKENHEID ... 250
6.3.4 SAMEVATTING ... 252
6.4 GEESTESGESONDHEID GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992 ... 253
6.4.1 DIE KOÖRDINERENDE WELSYNSRAAD ... 253
6.4.2 DIE GEESTESGESONDHEIDSVERENIGING ... 254
6.4.3 KERKGENOOTSKAPPE SE BETROKKENHEID BY GEESTES-GESONDHEID ... 259
6.4.4 SAMEVATTING ... 267
6.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING ... 269

HOOFSTUK 7 ... 270
ONDERWYS EN OPLEIDING ... 270
7.1 INLEIDING ... 270
7.2 ONDERWYS EN OPLEIDING GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959 ... 270
7.2.1 KLEUTERSKOLE EN VERSORGINGSENTRUMS ... 271
7.2.1.1 TEDDY BEAR KLEUTERSKOOL ... 271
7.2.1.2 DIE ETTIE COETZEE VERSORGINGSENTRUM ... 272
7.2.1.3 DIE SUID-AFRIKAANSE ROOIKRUISVERENIGING SE BEWAAR- EN KLEUTERSKOOL ... 273
7.2.1.4 DIE DAGMOEDERORGANISASIE ... 273
7.2.1.5 KAMMALAND KLEUTERSKOOL ... 274
7.2.2 LAERSKOLE ... 274
7.2.2.1 LAERSKOOL VYFFONTEIN ... 275
7.2.2.2 LAERSKOOL HENDRIK VAN DER BIJL ... 275
7.2.2.3 OLIVER LODGE PRIMARY SCHOOL ... 276
7.2.2.4 LAERSKOOL TOTIUS ... 276
7.2.2.5 LAERSKOOL FRIKKIE MEYER ... 277
7.2.2.6 LAERSKOOL OOSPARK ... 277
7.2.2.7 LAERSKOOL VAALRIVIER ... 278
7.2.3 HOëRSKOLE ... 278
7.2.3.1 HOëRSKOOL VANDERBIJLPARK ... 279
7.2.3.2 VAAL HIGH SCHOOL ... 279
7.2.3.3 HOëRSKOOL TRANSVALIA ... 280
7.2.4 TERSIêRE OPLEIDING ... 280
7.2.4.1 DIE TEGNIESE KOLLEGE ... 281
7.2.5 FAKTORE WAT ONDERWYS BEïNVLOED HET ... 281
7.2.5.1 DIE TAAK VAN DIE ONDERWYSER ... 281
7.2.5.2 PROVINSIALE ONDERWYS ... 282
7.2.5.3 DIE KULTUURAGTERGROND VAN DIE KIND ... 282
7.2.6 SAMEVATTING ... 285
7.3 ONDERWYS EN OPLEIDING GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1960-1978 ... 286
7.3.1 CHRISTELIKE ONDERWYS ... 287
7.3.2 KLEUTERSKOLE ... 288
7.3.2.1 TEDDY BEAR KLEUTERSKOOL ... 288

7.3.2.2 LITTLE SPARROW KLEUTERSKOOL 288
7.3.2.3 KOSMOS KLEUTERSKOOL 289
7.3.3 LAERSKOLE 289
7.3.3.1 LAERSKOOL HENDRIK VAN DER BIJL 290
7.3.3.2 LAERSKOOL FRIKKIE MEYER 290
7.3.3.3 LAERSKOOL VAALRIVIER 290
7.3.3.4 LAERSKOOL NOORDHOEK 291
7.3.3.5 LAERSKOOL D.F. MALHERBE 291
7.3.3.6 PINEDENE PRIMARY SCHOOL 292
7.3.3.7 LAERSKOOL VOORSLAG 292
7.3.3.8 LAERSKOOL HISTORIA 293
7.3.3.9 PARK RIDGE PRIMARY SCHOOL 293
7.3.3.10 LAERSKOOL KOLLEGEPARK 294
7.3.4 HOëRSKOLE 294
7.3.4.1 HOëRSKOOL TRANSVALIA 295
7.3.4.2 DIE ANKERSKOOL 295
7.3.4.3 HOëR TEGNIESE SKOOL (HTS) CAREL DE WET 296
7.3.4.4 HOëR HANDELSKOOL LETTIE FOUCHé 297
7.3.4.5 HOëRSKOOL DRIEHOEK 297
7.3.5 TERSIëRE OPLEIDING 298
7.3.6 SAMEVATTING 298
7.4 ONDERWYS EN OPLEIDING GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992 299
7.4.1 KLEUTERSKOLE 299
7.4.1.1 LITTLE SPARROW KLEUTERSKOOL 300
7.4.1.2 KOSMOS KLEUTERSKOOL 300
7.4.1.3 MAKIERIE KRAAI KLEUTERSKOOL 300
7.4.1.4 NASARENER KLEUTERSKOOL 301
7.4.1.5 PLOTTIES SE KLEUTERLAND 302
7.4.1.6 KLEUTERLAND KLEUTERSKOOL 302
7.4.1.7 GEELVINKIE KLEUTERSKOOL 303
7.4.1.8 VROLIKE VINKIES KLEUTERSKOOL 304
7.4.1.9 DIE SUID-AFRIKAANSE ROOIKRUISVERENIGING SE BEWAAR- EN KLEUTERSKOOL 304
7.4.2 LAERSKOLE 305
7.4.2.1 LAERSKOOL HENDRIK VAN DER BIJL 305
7.4.2.2 LAERSKOOL TOTIUS 305
7.4.2.3 LAERSKOOL FRIKKIE MEYER 306
7.4.2.4 LAERSKOOL OOSPARK 307
7.4.2.5 LAERSKOOL VAALRIVIER 307
7.4.2.6 LAERSKOOL NOORDHOEK 307
7.4.2.7 PINEDENE PRIMARY SCHOOL 308
7.4.2.8 LAERSKOOL D.F. MALHERBE 308
7.4.2.9 LAERSKOOL VOORSLAG 309
7.4.2.10 LAERSKOOL HISTORIA 309
7 4.2.11 PARK RIDGE PRIMARY SCHOOL 309
7.4.2.12 LAERSKOOL KOLLEGEPARK 310
7.4.2.13 LAERSKOOL EMFULENIPARK 310
7.4.2.14 LAERSKOOL PARKSIG 311
7.4.3 HOëRSKOLE 311
7.4.3.1 HOëRSKOOL VANDERBIJLPARK 312
7.4.3.2 VAAL HIGH SCHOOL 312
7.4.3.3 HOëRSKOOL TRANSVALIA 312
7.4.3.4 DIE ANKERSKOOL 313
7.4.3.5 HOëR TEGNIESE SKOOL (HTS) CAREL DE WET 314

7.4.3.6 HOëR HANDELSKOOL LETTIE FOUCHé (TANS SUIDERLIG-HOëRSKOOL) ... 314
7.4.3.7 HOëRSKOOL DRIEHOEK ... 315
7.4.3.8 SUNCREST HIGH SCHOOL ... 315
7.4.4 TERSIëRE OPLEIDING ... 316
7.4.4.1 DIE VAALDRIEHOEKSE TECHNIKON ... 317
7.4.4.2 DIE VAALDRIEHOEKKAMPUS VAN DIE PU VIR CHO 318
7.4.5 SAMEVATTING ... 321
7.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING ... 322

HOOFSTUK 8 ... 323
VOLKSEIE KULTUURPATRONE ... 323
8.1 INLEIDING ... 323
8.2 KULTUURORGANISERING VAN VOLKSEIE KULTUURPATRONE GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959 ... 323
8.2.1 DR. VAN DER BIJL SE INISIATIEWE ... 324
8.2.2 KULTUURORGANISERING DEUR DIE ENGELSSPREKENDE GEMEENSKAP ... 326
8.2.3 KULTUURORGANISERING DEUR DIE EUROPESE IMMIGRANTE .. 327
8.2.3.1 DIE PORTUGESE IMMIGRANTE ... 327
8.2.3.2 DIE NEDERLANDSE IMMIGRANTE ... 329
8.2.3.3 DIE HONGAARSE IMMIGRANTE ... 330
8.2.3.4 DIE NEDERLANDS-INDONESIESE IMMIGRANTE ... 330
8.2.3.5 DIE DUITSE IMMIGRANTE ... 330
8.2.3.6 DIE GRIEKSE IMMIGRANTE ... 332
8.2.4 KULTUURORGANISERING DEUR DIE AFRIKANERS ... 333
8.2.4.1 DIE VROUE-LANDBOU-UNIE (VLU) ... 334
8.2.4.2 DIE AFRIKAANSE KULTUURVERENIGING ... 334
8.2.4.3 DIE GELOFTEFEESKOMITEE ... 335
8.2.4.4 DIE SUID-AFRIKAANSE VROUEFEDERASIE (SAVF) .. 335
8.2.4.5 DIE RAPPORTRYERSKORPSE ... 336
8.2.4.6 DIE VOORTREKKERBEWEGING ... 338
8.2.5 GESAMENTLIKE KULTUURORGANISERING ... 339
8.2.6 KULTUURORGANISERING DEUR DIE SWART MENSE ... 340
8.2.7 SAMEVATTING ... 342
8.3 KULTUURORGANISERING VAN VOLKSEIE KULTUURPATRONE GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1960-1978 ... 343
8.3.1 KULTUURORGANISERING DEUR DIE EUROPESE IMMIGRANTE .. 343
8.3.2 KULTUURORGANISERING DEUR DIE AFRIKANERS ... 346
8.3.2.1 DIE SUID-AFRIKAANSE VROUEFEDERASIE (SAVF) .. 347
8.3.2.2 DIE VOORTREKKERBEWEGING ... 348
8.3.2.3 JONG DAMES DINAMIEK (JDD) ... 349
8.3.2.4 DIE AFRIKAANSE KULTUURRAAD ... 350
8.3.2.5 DIE VOLKSPELELAERS ... 351
8.3.3 GESAMENTLIKE KULTUURORGANISERING ... 352
8.3.3.1 DIE OPERA EN DRAMAVERENIGING VAN DIE VAALDRIEHOEK ... 353
8.3.3.2 DIE VANDERBIJLPARKSE LEESKRING ... 354
8.3.3.3 DIE VANDERBIJLPARKSE TEATERVERENIGING ... 355
8.3.3.4 DIE CALVINISTIESE KULTUURKRING VAN DIE VAALDRIEHOEK (CKV) ... 356
8.3.3.5 MUSIEK EN SANG ... 357
8.3.3.6 DIE YSKOR UITVOERENDE KUNSTEVERENIGING (IPAS) ... 358

8.3.4 KULTUURORGANISERING DEUR DIE SWART MENSE 359
8.3.5 SAMEVATTING 360
8.4 KULTUURORGANISERING VAN VOLKSEIE KULTUURPATRONE GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992 361
8.4.1 KULTUURORGANISERING DEUR DIE EUROPESE IMMIGRANTE .. 362
8.4.2 KULTUURORGANISERING DEUR DIE AFRIKANERS 365
8.4.2.1 DIE VOORTREKKERBEWEGING 365
8.4.2.2 DIE AFRIKAANSE KULTUURRAAD 366
8.4.2.3 DIE VOLKSPELELAERS 366
8.4.3 GESAMENTLIKE KULTUURORGANISERING 367
8.4.3.1 REPUBLIEKFEESTE 367
8.4.3.2 DIE MONDIGWORDINGSFEES 368
8.4.3.3 DIE VANDERBIJLPARKSE LEESKRING 369
8.4.3.4 ANTJIE KROG-LEESKRING 370
8.4.3.5 KUNSUITSTALLINGS 371
8.4.4 KULTUURORGANISERING DEUR SWART MENSE 371
8.4.4.1 KUNSUITSTALLINGS 372
8.4.4.2 KORE 373
8.4.4.3 DIE KULTUURFEES 373
8.4.5 SAMEVATTING 374
8.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING 374

HOOFSTUK 9 376
DIE POLITIEK 376
9.1 INLEIDING 376
9.2 DIE POLITIEKE OMSTANDIGHEDE GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959 376
9.2.1 DIE ONTWIKKELING VAN DIE APARTHEIDSBELEID 376
9.2.1.1 RASSEWETGEWING NA 1948 378
9.2.1.2 DIE REAKSIE OP APARTHEIDSWETGEWING 380
9.2.1.3 DIE ONTPLOOIING VAN TERRITORIALE SEGREGASIE 381
9.2.2 DIE INVLOED VAN DIE POLITIEKE BELEID VAN SUID-AFRIKA OP DIE KULTUURONTWIKKELING IN VANDERBIJLPARK 382
9.2.3 DIE PLEK EN ROL VAN DIE SWART MENSE IN DIE BLANKE SAMELEWING VAN VANDERBIJLPARK 384
9.2.3.1 DIE ONTWIKKELING VAN DIE SWART WOONBUURTE BOPHELONG EN BOIPATONG 386
9.2.3.2 DIE BESTUUR VAN DIE SWART WOONBUURTE 388
9.2.3.3 DIE DOELTREFFENDHEID VAN AFSONDERLIKE SWART WOONBUURTE 388
9.2.4 SAMEVATTING 390
9.3 DIE POLITIEKE OMSTANDIGHEDE GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1960-1978 391
9.3.1 DIE TOEPASSING EN WYSIGING VAN DIE APARTHEIDSBELEID . 391
9.3.2 DIE INVLOED VAN DIE POLITIEKE BELEID OP DIE AKKULTURASIEPROSES IN VANDERBIJLPARK 397
9.3.3 DIE INVLOED VAN DIE POLITIEKE BELEID OP DIE KULTUURVLAK VAN DIE SWART MENSE 399
9.3.4 MAATREëLS OM DIE BLANKES SE KULTUURVLAK IN VANDERBIJLPARK TE BESKERM 401
9.3.5 SAMEVATTING 404
9.4 DIE POLITIEKE OMSTANDIGHEDE GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1978-1992 405

9.4.1 DIE NEGATIEWE GEVOLGE VAN DIE APARTHEIDSBELEID 405
9.4.2 DIE STIGTING VAN DIE KONSERWATIEWE PARTY (KP) 407
9.4.3 DIE EKONOMIESE EN POLITIEKE KRISIS IN SUID-AFRIKA 408
9.4.4 BUITELANDSE DRUK OP SUID-AFRIKA SE BELEID 410
9.4.5 DIE SWART DORPSRADE 411
9.4.6 DIE OPSTAND IN SEBOKENG GEDURENDE 1984 412
9.4.7 DIE INVLOED VAN DIE SEBOKENG-OPSTAND OP DIE KULTUURSITUASIE VAN DIE BLANKES IN VANDERBIJLPARK.... 414
9.4.8 MAATREëLS VAN DIE REGERING OM DIE VERSETPATROON TE BEëINDIG 414
9.4.9 SAMEVATTING 420
9.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING 422

SLOT **424**
DIE RESULTAAT VAN KULTURELE ONTWIKKELING IN VANDERBIJLPARK **424**
1. INLEIDING 424
2. DIE EKONOMIE 424
3. MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYN 426
4. DIENSORGANISASIES 428
5. GESONDHEIDSDIENSTE 430
6. SPORT EN ONTSPANNING 431
7. GEESTESGESONDHEID 433
8. ONDERWYS EN OPLEIDING 436
9. VOLKSEIE KULTUURPATRONE 438
10. DIE POLITIEK 440
11. OORKOEPELENDE SAMEVATTING 442

BEGRIPPE, WOORDBEPALINGS EN AFKORTINGS **444**

LYS VAN FOTO'S **447**

LYS VAN GRAFIEKE **449**

LYS VAN TABELLE **450**

BRONNELYS **451**

---oOOo---

INLEIDING

1. PROBLEEMSTELLING

In hierdie studie word die invloed van kultuurorganisering op die kultuurvlak van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark, in die tydperk 1942-1992, bestudeer. Dit sluit sake soos kultuurvorming, kultuurverspreiding, kultuuroordrag, kultuurverryking, kultuurafname en kultuurbeleëring in. Dié aspekte vorm die dinamiek van 'n ontwikkelende kultuurproses wat gedurende hierdie periode in Vanderbijlpark plaasgevind het.

Die sentrale tema van hierdie studie handel derhalwe oor die totale kultuurlewe wat deur kultuurorganisering onder die blankes in Vanderbijlpark teweeggebring is, ten einde die kultuurpeil van die gemeenskap te bepaal. Die kultuurproses wat op die terreine van die ekonomie, maatskaplike sorg en welsyn, diensorganisasies, onderwys en opleiding, sport en ontspanning, volkseie kultuurpatrone, politiek, geestesgesondheid en kerklike organisering plaasgevind het, is gevolglik ondersoek.

Uit hierdie probleemstelling is dit duidelik dat kultuur 'n omvangryke begrip is om na te vors, want dit handel oor die gees en lewenstyl van die mens, asook die aard of idees van die gemeenskap soos dit in hulle aktiwiteite na vore tree.[1]

Hierdie ondersoek wentel om die kultuurorganisering en kultuurontwikkeling van die volgende groepe:

- Die verarmde plattelandse Afrikaners, wat, as laaste heenkome, moes verstedelik en hul hele lewenstyl daarby moes aanpas. 'n Volgende groep was die nuwe geslag Afrikaanssprekende vakmanne wat die dorpslewe en lewenspatroon van die reeds verstedelikte Europeërs, wat aan 'n nywerheidskultuur gewoond was, vreemd gevind het.[2] Die Tweede Wêreldoorlog met sy versnelde nywerheidsontwikkeling en die nuwe goudmynbedrywighede het Suid-Afrika tussen 1946 en 1951 'n omvangryke ekonomiese struktuurverandering laat ondergaan. Hierdie versnelde ekonomiese ontwikkeling het die verstedelikingsproses opnuut gestimuleer, en het teweeggebring

---

1 F.A. van Jaarsveld, ***Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie***, p.28; P. de Klerk, ***Geskiedenis as kultuurontwikkeling: aspekte van die teorie en filosofie van geskiedenis***, p.25; vgl. pp.14 e.vv.

2 F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek na die stede en ander opstelle***, p.165; F.A. van Jaarsveld, ***Wie en wat is die Afrikaner?***, p.39; vgl. E.L.P. Stals, ***Afrikaners in die goudstad***, deel 2: 1924-1961, p.119.

dat die maatskaplike voorkoms van die Afrikaners binne die bestek van een geslag verander het.[3]

- Die inkomende immigrante, wat ook as laaste heenkome, vanweë die toestande gedurende en na die Tweede Wêreldoorlog, 'n nuwe heenkome en daarby 'n nuwe vaderland gesoek het. Hulle moes ook hul eie kultuur behou of gedeeltelik prysgee.[4]

- Die swart mense, wat 'n invloed op die blanke kultuurvlak in Vanderbijlpark gehad het. Hierdie groep mense se onopsigtelike teenwoordigheid is in 'n groot mate deur die apartheidsbeleid bepaal.[5] Die swart arbeiders se aanwesigheid het eers, met hul daadwerklike aanspraak op regte, gedurende die sewentigerjare die blanke kultuurpatrone daadwerklik beïnvloed.[6] Die optrede van die swart mense het gedurende die sewentigerjare die blanke gemeenskap bewus gemaak van die bestaan van swart kulture wat 'n invloed op die blanke kultuur in Vanderbijlpark kon hê.[7]

- Die Engelssprekende Suid-Afrikaners, wat grotendeels verstedelik was en vir wie die dorpskultuur en milieu nie 'n vreemde ervaring was nie.

Die besondere samestelling van verskillende kultuurgroepe wat in Vanderbijlpark gevestig is, het 'n invloed op die kultuurorganisering en kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark gehad.[8] Die ontplooiing van 'n eiesoortige kultuur in die nuwe nywerheidsdorp moet dus teen die breër agtergrond van die omstandighede wat na die Tweede Wêreldoorlog geheers het, gesien word.[9]

Die plattelandse Afrikaners was in 'n groot mate onopgelei en onvoorbereid op die stedelike milieu en die daaruit voortvloeiende mededinging op arbeidsvlak wat in ondernemings

3 F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek*** ..., p.172.

4 Vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek*** ..., p.165; A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa, 1933 to 1983***, p.98; Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ***Municipal Affairs***, vol. 28, no. 329, Jan. 1963, pp.11,14.

5 Vgl. Unie van Suid-Afrika, Departement van Naturellesake, ***Verslag van die Naturellewette-kommissie, 1946-1948***, UG28/48, p.4; F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek*** ..., p.126.

6 H. Mashabela, ***Townships of the PWV***, p.128.

7 T. van der Walt, ***Report on the Vaal Triangle 1984 disturbances***, p.9; ***Vaalweekblad***, 6 Sep. 1985: berig.

8 Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ***South African Municipal Magazine***, vol. 31, no. 363, Nov. 1947, p.35.

9 A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa*** ..., p.98.

geheers het. Hierteenoor was die immigrante opgelei en het vanuit 'n verstedelikte omgewing na Suid-Afrika geïmmigreer.[10] Dit het veroorsaak dat die Afrikaners die dorpslewe met 'n ander kultuursituasie as 'n bedreiging vir hul waardestelsel en oortuiginge gesien het. Dit was 'n bedreiging wat hul lewensaard, kultuur en wese beïnvloed het en sodoende 'n aanslag op hul identiteit gemaak het.[11]

Die Afrikaners se kultuurlewe in die stad is ook deur die verstedeliking van die plattelandse swart mense beïnvloed. Net soos vir die Afrikaners was die stad vir die swart mense ook 'n vreemde ervaring. Aanvanklik is die swart mense as tydelike trekarbeiders in die stede gevestig. Later het gesinne gevolg en permanente inwoners van swart woonbuurte geword. Die stad was vir die swart mense ook 'n uitkoms uit hul ekonomiese nood.

Dieselfde redes het daarom vir die trek van die swart mense en die blankes na die stede gegeld. Aan die een kant het die volgende aspekte hierdie mense nader getrek: die invloed van amptelike werwingsveldtogte; die aantrekkingskrag van nuwe beskawingsgoedere; die aanloklikheid van die stad; groter vryheid en opleidingsgeriewe. Andersyds het die volgende aspekte die mense van die platteland weggestoot: 'n gebrek aan grond; die invloed van skuld, droogtes, veesiektes en die depressie. Die swart mense het vinnig verstedelik en sou mettertyd medeverantwoordelik wees vir die ernstige politieke probleme waarmee die land sedert 1948 moes worstel.[12] Hierdie politieke probleme het noodwendig 'n invloed op die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap gehad.

Die hoofmotief vir die afkeer van die swart mense teenoor die stad, was die morele aftakeling wat hulle ervaar het. In die stad is daar met moord, roof, tsotsiïsme, bedrog, seksuele losbandigheid, onbeheerbare jeugdiges, gesinsontwrigting, algemene sosiale ontreddering, massafikasie, gedifferensieerdheid van die lewe en die mag van die geld van die blanke kennis gemaak.[13]

Die kultuurontwikkeling van hierdie bogenoemde verstedelikte mense was dus problematies. Aan die een kant was die saamhangende groepwaardes wat kenmerkend was van die Westersgeoriënteerde blanke kultuurgemeenskap met die Afrikaners as dominante kultuurgroep in die dorpslewe aanwesig. Aan die ander kant het die heterogene swart

10 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ..., pp.11,14; vgl. E.L.P. Stals, ***Afrikaners in die goudstad***, deel 2 ..., p.119.

11 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle***, p.35.

12 F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek*** ..., p.166.

13 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid*** ..., pp.38,39.

gemeenskappe vanuit 'n gedeelde belewenis van onderdrukking 'n eie kultuurstrategie in die swart woonbuurte begin ontwikkel.[14]

Tot en met die sestigerjare is die Afrikaners se sosiale bewussyn deur 'n sterk historiese besef gekenmerk. Daar was 'n drang by die Afrikaners om hul eie kultuur te bevestig en te handhaaf. Dit het meegebring dat hul kultuurlewe in simbiose met hul politieke strewe gestaan het en later deur hul ekonomiese strewe aangevul is.[15]

Bogenoemde omstandighede het ook 'n invloed op die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gehad. Die gevolg van die omstandighede was dat hierdie blankes die kultuurontwikkeling georganiseer het om hul eie kultuurwaardes te vestig.

Die ondersoek handel gevolglik oor die uitwerking wat kultuurorganisering op die verskillende kultuurterreine en gevolglik op die kultuurvlak van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark gehad het.

2. VORIGE NAVORSING EN BRONBENADERING

Die aard en samestelling van hierdie proefskrif word geïllustreer deur die bronne wat oor hierdie studieterrein geraadpleeg is.[16]

Hoewel baie feite in populêr-wetenskaplike geskrifte gedokumenteer is en enkele artikels oor die geskiedenis van Vanderbijlpark verskyn het, is geen indringende, wetenskaplik-kultuurhistoriese ondersoek tot op datum oor Vanderbijlpark gedoen nie. Hierdie ondersoek is gevolglik die eerste wetenskaplike navorsing om 'n sinvolle beskouing en mening oor die kultuurontwikkeling in Vanderbijlpark daar te stel.

Die belangrikste bronne wat gebruik is, kan soos volg verdeel en bespreek word:

2.1 ARGIVALE BRONNE

Heelwat argivale bronne het lig op Vanderbijlpark se kultuuraktiwiteite en kultuurontwikkeling gebied. 'n Belangrike bydrae op hierdie gebied is deur Vanderbijl Park

14 F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek*** ..., p.167.

15 F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek*** ..., p.156.

16 Vgl. P.J.J. Prinsloo, ***'n Bronnegids vir die bestudering van industrialiserings- en Vaaldriehoekse geskiedenis***, 1ste hersiene uitg. (ongep. verslag, Navorsingseenheid vir Industrialiserings- en Vaaldriehoekse Geskiedenis (NIVG), PU vir CHO, Des. 1992), pp.208 e.vv.

Eiendomsmaatskappy (VESCO) se private versameling gelewer. Die VESCO-versameling bied inligting wat gebruik is om 'n beeld van die infrastruktuur te verkry waarin kultuurorganisering en -ontwikkeling in Vanderbijlpark plaasgevind het.[17]

Die navorsingsmateriaal van die Navorsingseenheid vir Industrialiserings- en Vaaldriehoekse Geskiedenis (NIVG) van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) is ook benut, en so ook die Vaal Teknorama se Day-koerantknipselversameling, bestaande uit plakboeke, van 1944-1974, wat oor gebeurtenisse in die Vaaldriehoek handel.[18]

Die Gesondheidskomitee en Vanderbijlpark Stadsraad se notules en verslae bied ook inligting oor die kultuurontwikkeling en -organisering van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark.[19] Die verskillende komitees van die Stadsraad soos die Finansiële Komitee[20] se inligting was objektief en bruikbaar vir dié navorsing. Beskermingsdienste en die Inligtingskantoor beskik oor belangrike inligting wat ook lig op die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap gewerp het. Die Openbare Biblioteek lewer 'n belangrike diens deur sy inligting oor die kultuuraktiwiteite van die gemeenskap van Vanderbijlpark te bemark, wat navorsing vergemaklik.

Argivale bronne van plaaslike verenigings en organisasies wat 'n rol in die kultuurontwikkeling en -organisering van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gespeel het, is nie goed bewaar nie. Ten spyte van hierdie leemte is noodsaaklike inligting wel bekom wat perspektief op die kultuurontwikkeling gebied het.

'n Duidelike beeld van die ekonomiese ontwikkeling is verkry deur die nagaan van die aktiwiteite van die plaaslike Afrikaanse Sakekamer van Vanderbijlpark. Sekere verslae en notules van die Sakekamer, veral uit hul vroeë jare, was egter nie beskikbaar nie.[21] Verslae en notules van die Sentrale Sakekernkomitee van Vanderbijlpark, 1985-1989, bied ook 'n

---

17 C. Nel, Onderhoud, 10 Mei 1992 (Uitvoerende Direkteur van Vanderbijl Park Estate Company (VESCO), inligting in besit van die skrywer).

18 F.A.V. Day, ***Plakboeke met koerantknipsels oor die Vaaldriehoek, 1944-1974*** (ongep. plakboekversameling, Vaal Teknorama, Vereeniging, s.j.).

19 Kyk hoofstuk 3, p.128.

20 Kyk hoofstuk 3, p.131.

21 Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, Notule, 16 April 1975; Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, Jaarverslae, 1975-1986.

duidelike beeld van die afwaartse neiging van die ekonomiese ontwikkeling in Vanderbijlpark.[22]

Die notules en jaarverslae van die welsynorganisasies bied goeie perspektief op die eerste twee ontwikkelingstadiums, naamlik die vestigingstadium, 1942-1959, en die voorspoedstadium, 1960-1978, van die gemeenskap van Vanderbijlpark. Hierdie notules en jaarverslae toon aan dat daar 'n verskeidenheid van organisasies in Vanderbijlpark werksaam was. Die notules van die Koördinerende Welsynsraad toon aan dat daar mettertyd belangrike samewerking tussen die welsynorganisasies van Vanderbijlpark plaasgevind het.[23] Die navorsing van sommige welsynorganisasies se bedrywighede gedurende die laaste paar jaar is bemoeilik deurdat van die inligting nie meer met dieselfde sorg as voorheen hanteer is nie.

Diensorganisasies se notules en jaarverslae toon dat hierdie organisasies veral daarop ingestel was om die blanke se kultuurvlak in Vanderbijlpark te verhoog.[24] Bogenoemde inligting toon verder aan dat daar 'n groot verskeidenheid van hierdie organisasies in Vanderbijlpark werksaam was.[25] Die doelwitte van die meeste dienste van die diensorganisasies het gedurende die laaste ontwikkelingstadium verander. Nuwe verenigings, soos die Streeksontwikkelingsvereniging (SOV), is gestig om nuwe uitdagings die hoof te bied.[26]

Die inligting oor gesondheidsdienste is ook deur die notules en jaarverslae van organisasies en verenigings aangevul. Notules van byvoorbeeld die Kankervereniging, die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging, die Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulosevereniging (SANTV), die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga (SANL) en die Vighorprojek[27] van Vanderbijlpark het 'n duidelike beeld van die blanke se gesondheidsvlak gedurende die drie stadiums gegee.[28] Die

22 Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, Notule, Nov. 1985; Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, Jaarverslae, 1979-1989.

23 *Koördinerende Welsynsraad, Vanderbijlpark, Notules, 1984-1989;* *Koördinerende Welsynsraad,* Vanderbijlpark, Jaarverslae, 1980, 1984, 1987, 1989, 1990.

24 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 26 Apr. 1956 - 27 Sep. 1956, vol. 12: report, 22 Jun. 1956.

25 Kyk bronnelys, pp.451-487.

26 Streeksontwikkelingsvereniging (SOV), Notule, Okt. 1984.

27 Hierdie benaming Vighor staan vir Vanderbijlpark se inligting oor die gesondheid / health, oorgewig en risikofaktore van hartsiektes.

28 Kyk hoofstuk 4, p.195.

Vighorprojek het hoofsaaklik dienste ten opsigte van hartsiektes gedurende die stabiliseringstadium, 1978-1992, gelewer.[29]

Notules en jaarverslae van sport- en ontspanningsklubs en -verenigings het nie altyd 'n duidelike beeld van dié ontwikkeling gebied nie. Navorsing het egter getoon dat daar 'n groot hoeveelheid van hierdie verenigings in Vanderbijlpark bestaan.[30] Inligting oor bogenoemde dienste kon gedurende die stabiliseringstadium deur 'n ondersoek van die Vaaldriehoek se Streeksdiensteraad (SDR) aangevul word.[31]

Inligting oor geestesgesondheid is deur werksaamhede van die verskillende kerke in Vanderbijlpark aangevul. Hierdie inligting was gewoonlik op datum en het die belangrikheid van die geestelike versorging van die gemeenskap beklemtoon.[32] Die verslae en notules van die Geestesgesondheidsvereniging van die Vaaldriehoek het ook 'n duidelike en belangrike beeld van die geestesgesondheid van die blanke gemeenskap gebied.[33]

Beskikbare joernale en jaarverslae van skole het inligting oor onderwys en opleiding verstewig. Ondersoek na 'n groot hoeveelheid inrigtings is bemoeilik omdat gereelde daaglikse joernale as gevolg van departementele beleid nie aan buitestanders beskikbaar gestel kon word nie.[34] Die verslae wat wel beskikbaar gestel is, is meestal subjektief om sodoende 'n positiewe beeld van die betrokke skool te skep.[35] Dit was moontlik die gevolg van die feit dat onderwys gedurende die stabiliseringstadium deur 'n krisistyd beweeg het.[36]

Inligting uit die notules en verslae van die verskillende volkseie kultuurorganisasies en -verenigings in Vanderbijlpark het getoon dat hierdie organisasies meestal daarop ingestel was om 'n eie kultuur te bevorder en te bewaar.[37] Navorsing oor hierdie organisasies toon

29 Vighorprojek, Notule, 28 Nov. 1988.

30 Kyk hoofstuk 4, p.192.

31 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning*** (ongep. ondersoek, Vaaldriehoek Streeksdiensteraad (SDR), 1989).

32 Kyk hoofstuk 6, p.252.

33 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Konstitusie, 16 Apr. 1991.

34 Kyk hoofstuk 7, p.300.

35 Vgl. Teddy Bear kleuterskool, Vanderbijlpark, Joernaal, 1989.

36 Vgl. Hoërskool Driehoek, Vanderbijlpark, Fotoblad, 1986, pp.2-4.

37 Kyk hoofstuk 8, p.363.

dat die meeste van hul doelwitte gedurende die stabiliseringstadium verander het. Die belangrikste verandering is dat daar gepoog is om ander kultuurgroepe te akkommodeer.[38]

Inligting oor politieke organisasies en verenigings het basies 'n eensydige vertolking van die politiek op die kultuurontwikkeling van die gemeenskap in Vanderbijlpark weerspieël.[39] Die Burgerlikebeskermingskorps van Vanderbijlpark se inligting het onder andere 'n duidelike beeld van die blanke se kultuurorganisering op hierdie terrein, veral gedurende die stabiliseringstadium aangetoon.[40]

2.2 SEKONDêRE BRONNE

2.2.1 EKONOMIESE GESKIEDENIS

Die realiteit van die vinnige ekonomiese ontwikkeling in Vanderbijlpark het aanleiding tot verskeie studies in dié verband gegee.

Gedurende 1966 het die proefskrif van J.J. du Plessis die lig gesien.[41] Uit die Departement van die Stadsingenieur het daar gedurende 1976 'n verslag oor die sentrale sakekern van Vanderbijlpark verskyn. Hierin word die ekonomiese groei, veral ten opsigte van die blanke bevolkingsgroei van Vanderbijlpark as gevolg van migrasie, positief aangedui.[42] Gedurende 1977 word daar bydraes oor die Pretoria-Witwatersrand-Vaaldriehoek-gebied (PWV-gebied) deur I.J. Botha en W.G. du Plessis se proefskrifte gemaak.[43]

---

38 Voortrekkers, Vanderbijlpark-Noord, Jaarverslae, Nov. 1974 - Nov. 1991; Wag-'n-Bietjie-volkspelelaer, Vanderbijlpark, Jaarverslae, Nov. 1960 - Nov. 1991; Sebokeng College of Education, ***Annual Magazine***, 1989.

39 Kyk hoofstuk 9, pp.399,400.

40 Burgerlikebeskermingskorps, Vanderbijlpark, Inligtingstuk: pligte van die Versorgingskomitee, 1990.

41 J.J. du Plessis, ***Die kosteprobleem as gevolg van wetgewing in Suid-Afrika: met spesiale verwysing na kleinhandelsondernemings in die Vaaldriehoek*** (ongep. D.Com.-proefskrif, PU vir CHO, 1966).

42 J.A. Alheit & S.P. Venter, ***Die sentrale sakekern van Vanderbijlpark*** (ongep. verslag, Departement van die Stadsingenieur, Vanderbijlpark, 1976).

43 I.J. Botha, ***'n Ekonometriese model vir die PWV-gebied*** (ongep. D.Com.-proefskrif, UP, 1977); W.G. du Plessis, ***Aspekte van die bemarking van dorpsgebiede in die PWV-kompleks met spesiale verwysing na nywerheidsgebruik*** (ongep. D.Com.-proefskrif, RAU, 1977).

S.P. Venter het gedurende 1981 in 'n verhandeling gesê dat die snelle ekonomiese ontwikkeling die aktualiteit van die stadsentrumontwikkeling en -beplanning verhoog het.[44] Gedurende 1985 het H. du Plessis in 'n verhandeling die ekonomiese ontwikkelingspotensiaal van die Vaaldriehoek aangedui, en daarmee ook die noodsaak van sakesentrumontwikkeling beklemtoon.[45] Ander navorsingspublikasies, wat oor die ekonomiese geskiedenis van die gebied handel, is ook geraadpleeg.[46]

2.2.2 KERKGESKIEDENIS

'n Ongepubliseerde verslag oor die Nederduitsche Hervormde Kerk se moedergemeente is deur L. Pruis geskryf.[47] Die Gereformeerde Gemeente Vanderbijlpark-Suid, het 'n kwarteeufees-gedenkblad uitgegee,[48] en die St. Mary and St. John Church het eweneens die ontwikkeling van hulle gemeentes in die Vaaldriehoek te boek gestel.[49] Die Nederduitsch Hervormde Kerk het ook 'n publikasie ten tye van hul 75ste herdenking uitgegee.[50]

2.2.3 OWERHEIDGESKIEDENIS

Vanderbijlpark se administratiewe beslaggewing berus op 'n plaaslike bestuurstelsel wat oor jare heen in die voormalige Transvaal ontwikkel is. S.A. Lombard het in 1950 die ordonnansies, as wetlike struktuur waarvolgens Vanderbijlpark se plaaslike bestuur moes funksioneer, uitgegee.[51] Die aanbevelings van die Marais-kommissie van Ondersoek na

---

44 S.P. Venter, ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing na Vanderbijlpark*** (ongep. M.A.-verhandeling, RAU, 1981).

45 H. du Plessis, ***Ekonomiese ontwikkelingspotensiaal van die Vaaldriehoek*** (ongep. M.Com.-verhandeling, PU vir CHO, 1985).

46 P.J.J. Prinsloo, ***'n Bronnegids vir die bestudering van industrialiserings-*** ...; P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief op die implementering van die strategie vir nywerheidsontwikkeling*** (ongep. referate gelewer tydens 'n simposium oor "n Nywerheidsperspektief op die implementering van die strategie vir nywerheidsontwikkeling', Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO, Vanderbijlpark, 5-6 Jun. 1986).

47 L. Pruis e.a., ***Geskiedenis van die gemeente Vanderbijlpark vanaf 1950 tot 19...*** (ongep. verslag, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Gemeente Vanderbijlpark, s.j.).

48 Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Suid, ***Gedenkblad: kwarteeufees, 1962-1987***.

49 St. Mary & St. John Church Vereeniging, ***The growth of a parish, 1902-1962***.

50 Nederduitsch Hervormde Kerk, ***Gemeente Vereeniging: 75ste herdenking***.

51 S.A. Lombard (samesteller), ***Gekonsolideerde ordonnansies van Transvaal, 1902-1947***, deel 1.

Plaaslike Bestuur in Transvaal, het ook die bestuurstelsel in Vanderbijlpark beïnvloed.[52] J.J.N. Cloete het verskeie werke oor dié onderwerp gepubliseer, wat met vrug in hierdie studie gebruik is.[53] Adlem en Du Pisani,[54] Hoffman[55] en Viljoen[56] se werke was ook van groot waarde by hierdie studie.

2.2.4 POLITIEKE GESKIEDENIS

Prof. T. van der Walt het as 'n eenman-kommissie die oorsake van die Vaaldriehoekse opstande gedurende 1984 ondersoek en 'n verslag daaroor opgestel.[57] Enkele jare later het H. Mashabela in sy werk ook na die Vaaldriehoek se swart woonbuurte verwys.[58]

Die volgende werke van politieke skrywers is ook nagevors, omdat die politiek 'n belangrike invloed op die kultuurontwikkeling in Vanderbijlpark gehad het.[59]

---

52 Kyk hoofstuk 3, p.128; Provinsie Transvaal, ***Derde en finale verslag van die kommissie van ondersoek na die stelsel van plaaslike bestuur in Transvaal***, TP 5/1957.

53 J.J.N. Cloete, ***Munisipale regering en administrasie in Suid-Afrika***.

54 W.L.J. Adlem & A. du Pisani (reds.), ***Stedelike politiek en administrasie: 'n inleiding***.

55 B. Hoffman, ***Produktiwiteitsmeting in plaaslike bestuur*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1983).

56 Viljoen, A. (red.), ***Die stadsklerk: plaaslike bestuur in Suid-Afrika***.

57 T. van der Walt, ***Report on the Vaal Triangle 1984 disturbances***.

58 H. Mashabela, ***Townships of the PWV***.

59 T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, 4th ed.; H. Giliomee & L. Schlemmer, ***From apartheid to nation-building***; P. de Klerk, "Afrika deur ideologieë geteister", Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), Instituut vir Reformatoriese Studie (IRS), ***Ideologiese stryd in Suider-Afrika: vlug vir die afgode***, pp.41-50; W.P. Esterhuyse, ***Afskeid van apartheid***; J. Fischer, ***The Afrikaners***; G.M. Fredrickson, ***White supremacy***; H. Giliomee & R. Elphick (reds.), ***'n Samelewing in wording: Suid-Afrika, 1652-1840***; P.H. Kapp, "Ons volksfeeste", P.W. Grobbelaar (red.), ***Die Afrikaner en sy kultuur***, deel 3; H. Harrison, ***The white tribe of Africa: South Africa in perspective***; T. Karis et al., ***From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa***; T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***; N. Mandela, ***Long walk to freedom: the autobiography of Nelson Mandela***; C.J. Maritz (red.), ***Weerstandbewegings in Suider-Afrika***; P. Maylam, ***A history of the African people of South Africa: from the Early Iron Age to the 1970's***; C.V. Mutwa, ***Let not my country die***; A.N. Pelzer (red.), ***Verwoerd aan die woord: toesprake, 1948-1962***; D. Posel, ***The making of apartheid, 1948-1961***; A.E.A.M. Thomashausen, ***The dismantling of apartheid: the balance of reforms, 1978-1988***; F.A. van Jaarsveld & G.D. Scholtz (red.), ***Die Republiek van Suid-Afrika: agtergrond, ontstaan en toekoms***; F.A. van Jaarsveld (red.), ***Verstedeliking in Suid-Afrika***; W.H. Vatcher (jr.), ***White laager: the rise of Afrikaner nationalism***.

2.2.5 GEOGRAFIESE WERKE

A.J.G. Oosthuizen het gedurende 1964 'n geografiese opname van die Vaalrivierdal en die distrikte gedoen.[60] Gedurende 1967 het M.M. Smith 'n verdere bydrae op dié gebied gelewer.[61] A. Nieuwoudt het gedurende 1983, in 'n proefskrif, 'n bydrae oor die Vaaldriehoek as verspreide stad gelewer, waarvan die bevindinge ook in 'n vaktydskrif gepubliseer is.[62] Die SDR het gedurende 1989 navorsing oor die gebied gefinansier, waarvan die resultate 'n perspektief op die ontwikkelinge rakende infrastruktuur gebied het.[63]

2.2.6 HISTORIESE WERKE

Hoewel vanuit ander dissiplines geïnisieer, het verskeie werke oor die geskiedenis van Vanderbijlpark verskyn wat ook vir hierdie navorsing aangewend kon word. Gedurende 1952 is die geskiedenis van Vanderbijlpark vir die tydperk 1914 tot 1951 deur P.R. Nell te boek gestel.[64] Die onderwysgeskiedenis is gedurende 1974 deur H.F. Schroeder, wat navorsing oor die begaafde kind van die Vaaldriehoek gedoen het, beskryf.[65] Terselfdertyd het H.A. du Plessis sy proefskrif ook oor die onderwys in die gebied voltooi.[66] 'n Pedagogiese ondersoek na milieu- en ander agtergrondfaktore wat met skoolstakings in die

---

60 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal en die distrikte aan weerskante daarvan tussen Vaaldam en Barrage met besondere verwysing na die stedelike ontwikkeling in die gebied*** (ongep. D.Phil.-proefskrif, UP, 1964).

61 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool in die Vaaldriehoek*** (ongep. M.A.-verhandeling, UNISA, 1967).

62 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide stad*** (ongep. D.Phil.-proefskrif, PU vir CHO, 1983); A. Nieuwoudt, "'n Model vir die verkenning van die verspreide stad" (Vaaldriehoek), ***South African Geographer***, vol. 15, no. 1, Sep. 1987, pp.73-84.

63 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: elektrisiteitvoorsiening*** (ongep. ondersoek, Vaaldriehoek SDR, 1989); Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: riolering*** (ongep. ondersoek, Vaaldriehoek SDR, 1989); Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: watervoorsiening*** (ongep. ondersoek, Vaaldriehoek SDR, 1989).

64 P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark, 1914 - Desember - 1951.***

65 H.F. Schroeder, ***Huidige probleme van die onderwys en opvoeding van die verstandelik begaafde kind in die junior afdelings van veertien Afrikaanse laerskole in die Vaaldriehoek en die implementering van 'n moontlike oplossing*** (ongep. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO, 1974).

66 H.A. du Plessis, ***'n Didakties-pedagogiese ondersoek na toestande rakende die akademiese opleiding van ingenieurstegnici: met spesiale verwysing na toestande in die Vaaldriehoek*** (ongep. D.Ed.-proefskrif, UOVS, 1974).

Vaaldriehoekgebied verband hou, is gedurende 1976 deur G. de Beer geloods.[67] R.P Jansen van Rensburg het met sy verhandeling oor dorpsontwikkeling gedurende 1943-1952 'n belangrike bydrae op dié gebied gelewer.[68] Gedurende 1992 het R. van Niekerk haar verhandeling, wat oor die beslaggewing van dorpsontwikkeling en bestuur in Vanderbijlpark handel, voltooi.[69]

Die meerderheid navorsingsverslae oor Vanderbijlpark het nie 'n kultuurhistoriese doel voor oë gehad nie en is gevolglik nie met sodanige inslag geskryf nie. Die werke wat wel verskyn het, het ook nie besondere navorsing oor die verskillende kultuurterreine bevat nie.

2.2.7 NYWERHEIDSGESKIEDENIS

Die meeste artikels, werke en geskrifte wat oor die nywerheid handel, het die nywerheid van Vanderbijlpark gedurende die vestigingstadium en die voorspoedstadium as 'n opkomende nywerheidsreus voorgestel. T.W. Wilson het só 'n bydrae oor die vroeë geskiedenis van Vanderbijlpark vanaf 1940 tot 1943 gelewer.[70] Gedurende 1965 het J.W. van der Merwe 'n algemene oorsig oor die Vaaldriehoek as nywerheidsgebied gegee.[71] Met Vanderbijlpark se mondigwording is Vanderbijlpark se nywerheidsontwikkeling en vooruitgang aangeprys.[72] E. van Heerden het gedurende 1964 met sy bydrae oor Vanderbijlpark die gebied as ontwikkelende nywerheidsreus beklemtoon. Hy het met Vanderbijlpark se mondigwording die dorp as dié staalstad in die land bestempel.[73]

---

67 G. de Beer, ***'n Pedagogiese ondersoek na milieu- en ander agtergrondfaktore wat verband hou met skoolstaking en nie-staking van sekondêre skoolleerlinge in die Witwatersrand-Vaaldriehoekgebied*** (ongep. M.Ed.-verhandeling, RAU, 1976).

68 R.P. Jansen van Rensburg, ***Die beslaggewing van dorpsontwikkeling en bestuur in Vanderbijlpark gedurende 1943-1952*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1992).

69 R. van Niekerk, ***Die vestiging en uitbreiding van plaaslike bestuur in Vanderbijlpark gedurende 1952-1959*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1992).

70 T.W. Wilson, "Iscor's new platemill: the history of Vanderbijl, 1940-1943", ***Iscor News***, vol. 9, no. 1, Jan. 1944, {supplement}.

71 J.W. van der Merwe, "Algemene oorsig van die Vaaldriehoeknywerheidsgebied", ***Tegnikon***, vol. 14, Sep. 1965, pp.83-86.

72 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang.***

73 E. van Heerden, "Ons staalstad langs die Vaal: Vanderbijlpark is mondig", ***Huisgenoot***, vol. 42, no. 2226, 20 Nov. 1964, pp.48-51,54; E. van Heerden, "'n Staalstad vier sy mondigwording", ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 10, no. 1, Jan. 1965, pp.18,19.

Gedurende 1977 is die proefskrif van W.G. du Plessis voltooi.[74] Tydens 1986 is die nywerheidsperspektief met die referate op 'n simposium, wat gehandel het oor die implementering van 'n strategie vir nywerheidsontwikkeling, verstewig.[75] Gedurende 1993 is die geskiedenis van die YSKOR-werke ook deur die NIVG te boek gestel.[76]

2.3 *POPULêR-WETENSKAPLIKE WERKE, TYDSKRIFTE EN GESKRIFTE*

Historiografies gesien is die meeste van hierdie werke en artikels wat die lig gesien het subjektief ten opsigte van die kultuurontwikkeling van veral die Afrikaners in Vanderbijlpark.[77] Heelwat van die populêre geskrifte van die dag het die lewensomstandighede van die gemeenskap van Vanderbijlpark in aanvegbare terme voorgestel.[78] Daarom moes voortdurende bronnekritiek toegepas word. Die stigter van Vanderbijlpark, dr. H.J. van der Bijl, het 'n besondere visie oor die toekoms van Vanderbijlpark gehad. Tydskrifte soos die ***Brandwag*** het reeds gedurende 1947 tot die gebied se populêre beeld bygedra.[79] ***Yskornuus*** het ook tot sodanige beeld van dr. Van der Bijl en Vanderbijlpark as ontwikkelende nywerheidstad bygedra.[80] A. Jacobs se biografie (1948) oor dr. Van der Bijl bied inligting wat ook vir die navorsing van die vroeë kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark nuttig aangewend kon word.[81] 'n Verdere bydrae op hierdie gebied is gedurende 1949 deur die ***Careers Guide*** gelewer, waarin die gebied se nywerheidsontwikkeling as stimulus vir die ontwikkelende gemeenskap geprys is.[82]

---

74 W.G. du Plessis, ***Aspekte van die bemarking van dorpsgebiede in die PWV-kompleks*** ....

75 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief op die implementering*** ....

76 P.J.J. Prinsloo (red.), ***Yskor Vanderbijlpark-werke, 1943-1993*** (ongep. verslag, NIVG, PU vir CHO, Okt. 1993).

77 Anon., "New city of steel: the Iscor Works at Vanderbijlpark", ***South African Engineer***, vol. 30, no. 361, Jun. 1948, pp.7,8; Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ..., p.31.

78 Anon., "A glimpse into the future: Iscor's five years Vereeniging plan", ***Iscor News***, vol. 6, no. 8, Aug. 1941, pp.516,519,520,523.

79 H.J. van der Bijl, "Die Vaal vloei voort", ***Brandwag***, vol. 10, no. 513, Aug. 1947, p.18.

80 Anon., "Dr. H.J. van der Bijl, 1887-1948", ***Yskornuus***, vol. 14, no. 1, Jan. 1949, pp.2,3.

81 A. Jacobs, ***South African heritage: a biography of H.J. van der Bijl***.

82 Anon., "Vereeniging and Vanderbijlpark: amazing industrial progress recorded since end of the war", ***Careers Guide***, vol. 17, Dec. 1949, p.300.

Heelwat tydskrifte het die ontwikkelende nywerheidsgemeenskap lof toegeswaai. Gedurende 1972 het die ***Suid-Afrikaanse Panorama*** byvoorbeeld 'n artikel oor die Vaaldriehoek gepubliseer waarin die ontwikkeling van die blanke gemeenskap subjektief voorgestel word.[83]

Almanakke, jaarboeke en fotoblaaie se inligting het ook lig op die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gewerp.[84]

2.4 REGERINGSPUBLIKASIES

Die regeringspublikasies het indirekte inligting oor sake en wette van belang in Vanderbijlpark verskaf.[85] Gedurende 1983 het die Departement van Nywerheidswese byvoorbeeld 'n belangrike verslag oor nywerheidsontwikkeling gepubliseer.[86] Vervolgens het T. van der Walt se ***Report on the Vaal Triangle 1984 disturbances*** belangrike inligting oor die redes vir die bepaalde politieke onrus aangedui.[87]

2.5 ONDERHOUDE

Daar is 159 onderhoude gevoer ten einde die geskrewe tekste met ervarings van individue aan te vul. Alhoewel die onderhoude belangrike inligting oor die kultuurontwikkeling in Vanderbijlpark gebied het, was die onderhoude meestal positief maar subjektief ten opsigte van eie kultuurprodukte en -aktiwiteite ingestel.[88]

Hierdie onderhoude is ook belangrike mondelinge getuienis, omdat dit die nasionale gebeure in 'n plaaslike konteks en perspektief gestel het.

---

83 Anon., "Die Vaaldriehoek", ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 17, no. 11, Nov. 1972, pp.20,21.

84 Kyk hoofstuk 7, p.315.

85 Kyk hoofstuk 9, pp.378,379.

86 Suid-Afrika (Republiek), Departement van Nywerheidswese, ***Verslag van die studiegroep oor strategie vir nywerheidsontwikkeling***.

87 T. van der Walt, ***Report on the Vaal Triangle 1984 disturbances***.

88 Kyk hoofstuk 7, p.299.

3. DIE ONDERSOEKGEBIED

Die ondersoekgebied van hierdie navorsing beslaan die munisipale gebied van Vanderbijlpark. Die navorsingsterrein van hierdie proefskrif kan onder die breë terrein van plaaslike en streeksgeskiedenis gereken word, omdat dit 'n deeldissipline van geskiedenis is.[89] Plaaslike en streeksgeskiedenis is net soos kultuurgeskiedenis die verhaal van menslike prestasies en mislukkings in gemeenskapsverband, in samehang en vergelyking met ander eenhede of groepe.[90] Dit is nodig gevind om ook ander vakdissiplines te bestudeer om 'n wetenskaplike studie oor die kultuurontwikkeling in Vanderbijlpark te doen.

Indien bovermelde uitgangspunt ook as grondslag vir die beskrywing van kultuurgeskiedenis aanvaar word, is dit noodsaaklik om inligting uit ander vakdissiplines en navorsingsvelde soos ekonomie, sosiologie, staatsleer, sosiale psigologie, gesondheid, geestesgesondheid, opvoedkunde, maatskaplike sorg, landbou, rassekonflik, etnisiteit, publieke dienste, werkloosheid, vestigingspatrone, behuising, lewensomstandighede, burgerregte, industrialisasie en verstedeliking aan te wend.[91]

Hierdie navorsingsvelde kom ook na vore in die ontleding oor kultuurgeskiedenis wat deur F.A. van Jaarsveld in sy studie ***Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie*** gedoen is.[92] Dit kom ook voor in die ontleding oor plaaslike en streeksgeskiedenis wat deur Van Jaarsveld in sy studie ***Stedelike geskiedenis as navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse historikus*** gedoen is.[93] Terselfdertyd word hierdie onderwerp ook deur V. Skipp, in sy studie "Local history: a new definition", behandel.[94]

Dit is moeilik om kultuurgeskiedenis te definieer, want die vraag word gevra of dit oor die gees, die aard of die idees van 'n gemeenskap handel.[95] Die voortbestaan van enige kultuur

89 P.L. Scholtz, ***Streeksgeskiedenis: 'n fassinerende mikrokosmos*** (ongep. intreerede, publikasie van die Universiteit van Wes-Kaapland, reeks A, no. 26, 1987), p.5.

90 Anon., "Redaksioneel", ***Contree***, no. 21, Jan. 1987, p.3; P.L. Scholtz, ***Streeksgeskiedenis: 'n fassinerende ...***, p.5.

91 Kyk pp.6,7.

92 F.A. van Jaarsveld, ***Westerse historiografie ...***, p.28.

93 F.A. van Jaarsveld, ***Stedelike geskiedenis as navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse historikus*** (ongep. referaat gelewer tydens 'n simposium oor 'Die opkoms van die Afrikaner aan die Witwatersrand', Departement Geskiedenis, RAU, 26 Feb. 1972), pp.7-9.

94 V. Skipp, "Local history: a new definition", part 1, ***Local Historian***, vol. 14, no. 6, 1981, p.329.

95 F.A. van Jaarsveld, ***Westerse historiografie ...***, p.28.

is tog afhanklik van 'n teoretiese grondslag of 'n interpretasieraamwerk waarbinne die verhouding van die mens tot die natuurlike wêreld, die medemens, die geskiedenis en tot God ingepas kan word.[96] Kultuurnavorsing skep dus heelwat probleme vir die navorser. Soos H.S. Commager dit tereg stel: "The cultural historian is called upon to know, understand, and explain the ideas and interest of a whole generation, sometimes in many different societies, and to trace their manifestations in the whole fabric of history."[97]

Daar is egter kultuurhistorici wat suksesvol was in hul navorsing en daarom aan die bogenoemde eise kon voldoen. Jacob Burckhardt was om hierdie rede byvoorbeeld een van die negentiende eeu se belangrikste kultuurhistorici. Hierdie baanbreker-kultuurhistorikus was 'n navolger van G.W.F. Hegel en 'n leerling van L. von Ranke.[98]

Daar kan ooreenkomste tussen die omstandighede van die gemeenskap gedurende Burckhardt se tyd en die omstandighede wat tans in Suid-Afrika heers, waargeneem word. Burckhardt het byvoorbeeld teen die verval van die Christendom en die Westerse kultuur gewaarsku. Hy verwerp ook byvoorbeeld die rewolusionêre neigings van sy tyd waarin materialisme van die massamens in die nywerheidsamelewing hoogty vier.

Burckhardt het as kultuurhistorikus die verval van sy tyd aangetoon. Hy het die besorgdheid van die mense ten opsigte van verstedeliking, massafikasie, militarisme en sentralisasie aangetoon. Hy het die mag van die staat, wat hy as inherent boos gesien het, verwerp. Burckhardt het sosiale gelykmaking, genotsug, die gejaagdheid van sy tyd en die geëmansipeerde werkersklas gevrees.

Sy "Weltgeschichtliche Betrachtungen" handel oor die potensiële funksies van die staat, godsdiens en kultuur in hulle onderlinge samehang. Hierin bied hy ook filosofiese beskouinge oor die geskiedenis aan wat hom nieteenstaande sy ontkenning dat hy ook 'n filosoof is, een van die groot denkers oor die aard en wese van geskiedenis maak.[99] Hierdie tipe kultuurhistoriese analise oor die omstandighede wat tans in Suid-Afrika heers, ontbreek. Hierdie studie is 'n poging om die leemte op streeksvlak aan te vul.

---

96 PU vir CHO, IRS, ***Kultuurverskeidenheid in Afrika: verleentheid of geleentheid*** {wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks F3, versamelwerke no. 40}, p.41.

97 H.S. Commager, ***The study of history***, p.20.

98 A. Brown, "Jacob Burckhardt's renaissance", ***History Today***, vol. 38, Oct. 1988, pp.21,26.

99 Vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Westerse historiografie*** ..., p.29; G.P. Gooch, ***History and historians in the nineteenth century***, p.581; A. Brown, "Jacob Burckhardt's renaissance", ..., p.21.

Wat kultuurgeskiedenis ook problematies maak, is die feit dat kultuurpatrone moeilik of glad nie statisties meetbaar is nie.[100] Dit veroorsaak dat objektiwiteit problematies vir die kultuurnavorser is, omdat hy deur sy eie kultuuragtergrond beïnvloed kan word. Daar bestaan ook 'n verskeidenheid van menings oor die aard en wese van kultuurgeskiedenis. Wat die Duitser "kulturgeschichte" noem, noem die Engelsman "history of civilization" of soms word hierdie geskiedenis ook "social history" genoem. Trevelyan beskou dit op sy beurt as die beskrywing van die daaglikse leefwyse.[101]

Kultuurgeskiedenis dek 'n breë veld van ondersoek. Byna al die aspekte van die mens se kulturele uitdrukking is in hierdie deeldissipline ter sprake. Volgens Burckhardt kies die historikus onderwerpe wat op sy besondere studietema betrekking het. Dit bring mee dat daar 'n oorskryding van die grense van die geskiedenis met ander vakdissiplines is. Daarom word die bogenoemde benutting van ander vakdissiplines noodsaaklik.

Johan Huizinga sien die taak van die kultuurhistorikus as 'n ondersoek na die vorme en funksies van die beskawing, simbole, denkbeelde, ideale, sentimente, styl, lewensvorme, kuns, vermaak en samelewingstrukture.[102] Huizinga, gebore in 1872, was ongetwyfeld die beroemdste Nederlandse historikus van die twintigste eeu. Hy het as kultuurhistorikus en kultuurkritikus bekend geraak. Huizinga se kultuurhistoriese metode was so modern dat hy soms sy tyd vooruit was.[103] Huizinga wou die kultuurlewe, gees en lewensgevoel van 'n bepaalde tydperk uitbeeld.[104]

Hierteenoor het H.J. Stoker nie tussen aparte kultuurvormingsmodaliteite onderskei nie, maar hy verwys na die logiese, taal-, kuns-, ekonomiese, regs- en sedelikheidsnorme as kultuurmodaliteite. Dit vorm inderdaad die onderskeie aspekte van sy kultuurbeskouing.[105]

Vir doeleindes van hierdie studie word kultuur gesien as die totaliteit van menslike aktiwiteite, aanneemlik in die lig van God se opdrag aan die mens om die aarde te bewerk en

---

100 F.A. van Jaarsveld, Onderhoud, 19 Apr. 1991 {Departementshoof van Departement Geskiedenis, UP, inligting in besit van die skrywer}.

101 F.A. van Jaarsveld, ***Westerse historiografie*** ..., p.28.

102 F.A. van Jaarsveld, ***Westerse historiografie*** ..., p.28.

103 A.H. Huussen et al., ***New directions in European historiography***, p.94.

104 F.A. van Jaarsveld, ***Westerse historiografie*** ..., p.30.

105 H.G. Stoker, ***Beginsels en metodes in die wetenskap***, p.190.

te beheers.[106] Kultuurgeskiedenis, as deeldissipline van geskiedenis, kan dus as die uitbeelding van die mens se totale lewe in al sy fasette beskou word.[107] Vir die doelwitte van hierdie studie word die Christelike wetenskapsbeskouing van kultuurvlakke aanvaar. Wetenskapsbeoefening is een van die terreine waarop die mens sy roeping vervul, die opdrag uitvoer wat God aan hom stel, naamlik om die aarde te beheers en kultuur te vorm, maar ook om te hervorm en die kultuur te suiwer in die stryd teen die sonde.[108]

Die volgende kultuurterreine wat in Vanderbijlpark voorgekom het en wat ontleed is om die kultuurpeil van die inwoners te bepaal, kan soos volg omskryf word:

3.1 DIE EKONOMIE

Die ekonomiese terrein was belangrik omdat die ekonomie die besondere wyse is waarop mense in hulle daaglikse fisiese behoeftes voorsien. Die ekonomiese bestaanspeil van die mens, die ekonomiese omgewing waarin hy leef en die eksterne en interne invloede daarop, het beslis 'n invloed, positief of negatief, op kultuurvorming in Vanderbijlpark gehad.[109]

3.2 MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYN

Georganiseerde maatskaplikesorg- en welsyndienste is die wyse waarop die gemeenskap, op 'n georganiseerde wyse, omsien na die standaard van geestelike en ekonomiese uitlewing van die vooropgestelde eise van die gemeenskap ten opsigte van lewenspeil.

Vanaf die stigtingsdatum van Vanderbijlpark het daar wel 'n behoefte aan maatskaplike sorg ontstaan. Verskeie instansies en organisasies was by die versorging van die gemeenskap betrokke. Hierdie betrokkenheid het tot positiewe kultuurvorming gelei. Maatskaplike sorg het 'n belangrike rol in die samelewing van Vanderbijlpark se kultuurpeil gespeel.[110]

---

106 Vgl. H.G. Stoker, ***Oorsprong en rigting***, band 1, pp.17,30; P. de Klerk, ***Geskiedenis as kultuurontwikkeling*** ..., pp.23,25.

107 Vgl. P.H.R. Snyman, "Redaksioneel", ***Contree***, no. 27, Apr. 1990, p.4.

108 H.G. Stoker, ***Beginsels en metodes*** ..., p.143.

109 F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ***Volkshandel***, vol. 26, no. 8, Okt. 1965, p.17; ***Vaalster***, 7 Mrt. 1988: berig.

110 C. Beukes, Onderhoud, 14 Jan. 1992 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; ***Vaalweekblad***, 25 Okt. 1983: berig.

3.3 DIENSORGANISASIES

Op die terrein van die diensorganisasies is daar op georganiseerde wyse na gemeenskaplike behoeftes soos veiligheid, versorging, omgewing en beweeglikheid van individue omgesien.

Diensorganisasies het 'n belangrike rol in die behoud, bevordering en oordrag van kultuur gespeel. Dit het bepaalde dienste aan die gemeenskap gelewer in 'n proses om die kultuurpeil van die gemeenskap te verhoog.[111]

3.4 GESONDHEIDSDIENSTE

Gesondheidsdienste is dié kultuurterrein waarin op 'n georganiseerde wyse na die fisiese en geestelike welsyn van die individuele lede binne die gemeenskap omgesien word.

Die algemene gesondheid van die inwoner en die gesondheidsdienste is 'n belangrike element in 'n gemeenskap se kultuurvorming. Dit het daarom 'n belangrike rol in die proses van kultuurontwikkeling gespeel.[112]

3.5 SPORT EN ONTSPANNING

Sport en ontspanning behels die georganiseerde wyse waarop na die gemeenskap se fisiese en geestelike aktiwiteite omgesien is, wat op deelname aan fisiese inspanning met die oog op ontspanning gerig is.

Sport was 'n wesenlike element in die organisering en vorming van die kultuur en bepaling van die kultuurpeil in Vanderbijlpark. Sport het in Vanderbijlpark, en ook in Suid-Afrika, feitlik 'n eie kultuur ontwikkel.[113]

3.6 GEESTESGESONDHEID

Geestesgesondheid verwys na die georganiseerde wyse waarop na die godsdienstige, gesins- en samelewingsverbande en skakeling van individue binne die gemeenskap omgesien word.

---

111 Vgl. E. van Heerden, "'n Staalstad vier sy mondigwording", ..., pp.18,19.

112 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

113 Emfuleni-buiteklub, Vanderbijlpark, Inligtingstuk: doelwitverbintenis, Nov. 1990, pp.1,2.

Die aktiwiteite sentreer om die kerklike, gesins- en sosiale samelewingsverbande wat die kultuur in sy breë beïnvloed het. Daar is in die besonder aan die invloed van geestesgesondheid op die kultuurvlak van die blanke inwoners aandag gegee.[114]

3.7 ONDERWYS EN OPLEIDING

Onderwys en opleiding behels die georganiseerde wyse waarop daar na die intellektuele, vaardigheids- en aanpassingsvermoëns van individue op 'n verskeidenheid terreine binne die blanke gemeenskap omgesien is. Bogenoemde versorging is noodsaaklik vir die soepele funksionering van die samelewing.

Onderwys en opleiding is 'n belangrike element binne die kultuurorganisering, kultuurvorming, kultuurvestiging, kultuurbehoud, kultuuroordrag en kultuurverryking in Vanderbijlpark.[115]

3.8 VOLKSEIE KULTUURPATRONE

Kultuurorganisering ten opsigte van volkseie kultuurpatrone behels die verskillende aktiwiteite wat as onontbeerlik beskou word vir die gesonde funksionering van 'n bepaalde kultuurgroep.

Verskillende kultuuraksies en organisasies het ontstaan in 'n poging om die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark te organiseer. Hierdie optrede was hoofsaaklik op die behoud en uitbou van die bestaande kulture van die onderskeie blanke bevolkingsgroepe in Vanderbijlpark ingestel.[116]

---

114 H. Grobler, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Nederduitse Gereformeerde (NG)-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

115 H.A. du Plessis, ***'n Didaktiese-pedagogiese ondersoek na toestande rakende die akademiese opleiding van ingenieurstegnici*** ..., p.90.

116 E. van Heerden, "'n Staalstad vier sy mondigwording", ..., p.19; V. Martin, "Art knows no boundaries", ***Southern Africa Today***, vol. 3, 1986, p.8.

In Vanderbijlpark is ook voorbeelde gevind wat daarop dui dat gemeenskappe wat tradisiegebonde is, dikwels geïsoleerd is en dat hul kultuur soms in 'n mate staties is.[117] Kultuurverandering word dan moeilik aanvaar.[118]

3.9 DIE POLITIEK

Op die politieke terrein word die ideale van die gemeenskap op georganiseerde wyse in wetgewing en afdwingbare regulasies gegiet.

Die politiek was veral gedurende die stabiliseringstadium 'n kragtige kultuurvormingsinstrument in Vanderbijlpark. Die politieke stelsel het naamlik nie meer die belange van al die blankes in die gemeenskap geakkommodeer nie. Daar is dan ook gevind dat die politiek as kragtige instrument vir die herskepping van gemeenskappe aangewend is.[119] Die nuwe politieke omstandighede het in 'n groot mate kultuurorganisering, -vorming, -verandering, -oordrag en selfs kultuuropbou of -vernietiging veroorsaak.[120]

4. HISTORIESE METODES

Die groot verskeidenheid bronne wat geraadpleeg is, is met behulp van die bekende ses dissiplinêre stappe wat in die geskiedskrywing geld, verwerk:

- Eerstens is daar 'n vraag aan die verlede gestel.
- Tweedens is die bronne opgespoor wat inligting oor die vraag sou verskaf.
- Derdens is eksterne kritiek op die bronne toegepas.
- Vierdens is interne kritiek op die bronne toegepas.
- Vyfdens is die feite tot 'n kennisliggaam gesintetiseer.

---

117 H. Dooyeweerd, ***A new critique of theoretical thought***, vol. 2, pp.259,297.

118 H. Dooyeweerd, ***A new critique of theoretical*** ..., p.665; W. de Klerk, ***Die man en sy tyd: F.W. de Klerk***, p.16.

119 ***Vaalweekblad***, 6 Sep. 1985: berig.

120 ***Beeld***, 5 Jul. 1991: berig; T. van der Walt, ***Report on the Vaal Triangle 1984 disturbances***, p.9.

- Sesdens is die feite in voetnote en in die bronnelys verantwoord.[121]

5. DIE OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Die omskrywing van die bygaande begrippe sal die gebruik daarvan in die teks toelig.

5.1 KULTUUR

Soos vroeër gestel is, is kultuur moeilik definieerbaar,[122] statisties onmeetbaar[123] en die simbool waaraan die mens uitgeken word.[124] Kultuur is dus 'n omvattende begrip: dit is die lewenstyl van die mens wat deur sy denke in 'n bepaalde handeling na vore kom en dan waargeneem kan word.[125] Dit sluit gewoontes, gedrag, gebruike, materiële en geestelike skeppinge (soos kunste), instellings (soos die huwelik en die staat met sy wette), waardes of norme, asook die lewensvisie en uiteindelik die religie van 'n bepaalde groep mense in.[126] Kultuur omsluit alles wat die mens doen om iets anders te maak van die gegewe dinge in die natuur, ook van sy eie natuur. Dit bestryk sy hele lewe, en selfs sy godsdiens word onder die begrip kultuur tuisgebring. Kultuur behels met ander woorde alle aktiwiteite van die mens en die produkte wat hy tot stand bring.

Kultuur is die aktiwiteit wat die mens van die dier onderskei. Kultuur bind mense saam en laat hulle tuis voel. Die verskil tussen die mens en dier is geleë in die onvermoë van die dier om soos die mens, logies te dink. Logiese denke is 'n essensiële voorwaarde vir die vorming van nuwe kultuurpatrone en -metodes, wat essensieel vir kultuurvorming is.[127]

---

121 F.A. van Jaarsveld, ***'n Inleiding tot die studie van geskiedenis***, p.63; W. Gray, ***Historian's handbook: a key to the study and writing of history***, p.9.

122 F.A. van Jaarsveld, ***Westerse historiografie*** ..., p.28.

123 F.A. van Jaarsveld, Onderhoud, 19 Apr. 1991 {Departementshoof van Departement Geskiedenis, UP, inligting in besit van die skrywer}.

124 PU vir CHO, IRS, ***Kultuurverskeidenheid in Afrika*** ..., pp.12,13.

125 F.A. van Jaarsveld, ***Westerse historiografie*** ..., p.28; P. de Klerk, ***Geskiedenis as kultuurontwikkeling*** ..., p.25.

126 PU vir CHO, IRS, ***Venster op die sakewêreld: perspektiewe op bedryfsetiek*** {wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks F3, versamelwerke no. 36}, p.150.

127 PU vir CHO, IRS, ***Kultuurverskeidenheid in Afrika*** ..., p.4.

5.2 KULTUURVORMING

Hierdie begrip kan op grond van die voorafgaande uiteensetting gesien word as die besondere wyse waarop die mens (anders as die dier) by sy natuurlike omgewing aanpas.[128] Die wyse waarop die Afrikaners en die immigrante in Vanderbijlpark by hul nuwe omgewing aangepas het, het dikwels tot die vorming van nuwe kultuurpatrone gelei.[129]

5.3 KULTUURVERSKEIDENHEID

Daar bestaan geen modelkultuur nie, want elke kultuur bevat goeie en slegte elemente. Die begrip kultuurverskeidenheid dui gevolglik beide die rykdom en die beperktheid van verskillende kulture aan. Kultuurverskeidenheid dui daarom op wedersydse uitsluiting en op die noodsaak van onderlinge kommunikasie tussen die verskillende kulture.[130]

5.4 KULTURELE DIVERSITEIT

Kulturele diversiteit, wat etnisiteit insluit, is 'n begrip met 'n sosiaal-kulturele onderskeidingsmeganisme. Hierdie begrip dui op die waarde en belang wat 'n individu of 'n groep aan die gegewe aard van sy etnisiteit heg en die funksie wat dit in sy verwysingsraamwerk en oortuigingsisteem vervul.[131]

5.5 KULTUURSIMBOLE

Hierdie begrip is ingebed in kultuurgroepe se opvatting van die werklikheid. Kultuursimbole bied die basis vir die oorheersende morele en estetiese waardes van die gemeenskap, asook vir gemeenskaplike gedragspatrone.[132]

---

128 Vgl. H. Dooyeweerd, ***A new critique of theoretical*** ..., pp.197,198.

129 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 (voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

130 PU vir CHO, IRS, ***Kultuurverskeidenheid in Afrika*** ..., p.4.

131 PU vir CHO, IRS, ***Kultuurverskeidenheid in Afrika*** ..., pp.29,30.

132 PU vir CHO, IRS, ***Kultuurverskeidenheid in Afrika*** ..., p.39.

5.6 KULTUURVERANDERING

Kultuurdeelname impliseer gewoonlik ook die begrip kultuurverandering. Nie twee mense is dieselfde nie en elkeen dra 'n individuele stempel. Dit bring nuwe variasie-elemente in die kultuur van sy groep, byvoorbeeld om 'n woord op 'n ander manier uit te spreek of te gebruik.[133] Kultuur sluit egter nie net uitwendige of sigbare dinge soos kleredrag en gebruike wat maklik verander in nie. Dit behels ook 'n dieper vlak, wat minder sigbaar is en moeiliker verander, naamlik waardes.[134]

Elke mens het ook in sy lewe bepaalde geleenthede om kultuur te beïnvloed. 'n Ouer kan sy eie stempel op sy kind se opvoeding afdruk.[135] Vir die verstedelikende Afrikaners was die omgewing in Vanderbijlpark kultuurvreemd en het hulle deur 'n proses van kultuurverandering gegaan.[136]

Die begrip dui op verandering van kultuur wat ook deur 'n proses van botsing kan plaasvind. Dit kan byvoorbeeld deur 'n proses van botsing binne volksgeledere met stryd gepaard gaan, tussen dié wat verander en dié wat nie dieselfde pad van verandering wil loop nie.[137]

5.7 KULTUUROORDRAG OF AKKULTURASIE

Hierdie begrip dui daarop dat geen mens se kultuurbesit konstant bly nie. Elke mens ondergaan in sy kinder- en jeugjare 'n proses waarin kultuurprodukte van 'n ander kultuur oorgeneem word. 'n Akkulturasieproses kan voortdurend in die mens se lewe tot en met volwassenheid plaasvind.

Kultuuroordrag vind deur die voortdurende oordrag van lewenswyses en waardebeskouings tussen individue en groepe plaas. Die verhuising van een gebied na 'n ander of immigrasie na 'n ander land kan veroorsaak dat die mens met 'n nuwe kultuur vertroud moet raak. Hierdeur word daar lewenswyses en waardebeskouings van die ander kultuur oorgeneem (kultuuroordrag) waardeur 'n akkulturasieproses dan plaasvind.[138] Hierdie verskynsel is ook

---

133 M.J. Herskowits, ***Cultural anthropology***, pp.329,331.

134 PU vir CHO, IRS, ***Kultuurverskeidenheid in Afrika*** ..., p.3.

135 M.J. Herskowits, ***Cultural anthropology***, pp.329,331.

136 Vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid*** ..., p.35.

137 K.P. Prinsloo, ***Enkele aspekte van gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika***, p.13.

138 P. de Klerk, ***Geskiedenis as kultuurontwikkeling*** ..., p.32.

in Vanderbijlpark ervaar. Nuwe intrekkers het die dorpslewe, asook die gewoontes en gebruike wat die nywerhede op die mense afgedwing het, anders gevind en daar moes noodgedwonge daarby aangepas word. Op hierdie wyse het kultuuroordrag plaasgevind. In die nuwe omgewing het daar by sommige van die immigrante dan ook 'n akkulturasieproses plaasgevind. Heelwat van hierdie immigrante het byvoorbeeld saam met die Afrikaners Republiekfees gevier.[139]

In die bogenoemde veranderingsproses het aangebore vermoëns, intelligensie en opvoeding 'n belangrike rol gespeel. Daarom bring dit verskillende kultuurvlakke binne 'n gemeenskap mee.[140]

5.8 BELEëRDE KULTUUR

Hierdie begrip dui op die vrees vir verandering waardeur beskerming van eie kulturele waardes plaasvind. Die begrip "beleërde kultuur" word gebruik wanneer 'n groep hul eie kultuuraktiwiteite, -produkte en -tradisies wil beskerm en poog dat daar geen kultuuroordrag van of na 'n ander groep plaasvind nie. In só 'n geval word die groepsverskille gewoonlik uitgelig. Kultuurbeleëring vind plaas wanneer 'n groep sy eie kultuurgoedere, gemeenskaplike tradisies, unieke ervarings en eienskappe verskans en van ander kulture se invloed probeer uitsluit. Deur gebruikmaking van die begrippe "ons" en "hulle", word die onderskeid tussen kultuurgroepe dikwels oorbeklemtoon.[141]

Indien 'n spesifieke groep bedreiging sou ervaar, mobiliseer hy sy eie kultuur. Vervolgens ontwikkel daar dan 'n sogenaamde beleërde kultuursituasie. Dit is 'n kultuur wat as gevolg van die bedreiging sy geledere sluit om sy eie kulturele waardes te beskerm.[142]

Die verstedelikte Afrikaners in Vanderbijlpark en die oorlogtydse immigrante het hulle sedert 1942 soms in 'n beleërde kultuursituasie bevind. Dikwels het hul groepseienskappe die

---

139 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

140 P. de Klerk, ***Geskiedenis as kultuurontwikkeling*** ..., p.32.

141 H. Giliomee e.a., ***Afrikanermag, opkoms en toekoms***, p.85.

142 Vgl. N.J. Smelser, ***Theory of collective behaviour***, p.313; P. de Klerk, ***Geskiedenis as kultuurontwikkeling*** ..., pp.60,61.

grondslag vir diskriminerende maatreëls of handelinge gevorm, wat sodoende die groep se selfbewussyn verhoog het.[143]

'n Konfliksituasie het ontstaan tussen die verstedelikte Afrikaners en die immigrante omdat beide groepe kultuurorganisering toegepas het,[144] om ter wille van identiteitsbehoud, hulle kultuurgoedere te bewaar.[145] Die verstedelikingsproses, kultuurverskeidenheid en volkereverskeidenheid het derhalwe die kultuurorganisering in 'n groot mate beïnvloed.[146]

5.9 KULTUURLAE

Hierdie begrip dui daarop dat daar verskillende lae in die kultuur, vanaf die uitwendige tot die diepste lae, voorkom. Die buitenste lae is sigbaar en ook makliker beskryfbaar, terwyl die diepere lae nie so sigbaar is nie en ook moeiliker beskryf kan word. Die buitenste lae van 'n kultuur kan makliker verander word as die harde kern. Die kern bepaal en rig egter die buitenste kultuurlae. Die lewens- en wêreldbeskouing vorm die harde pit of kern van 'n kultuur. Dit is die wyse waarop 'n groep mense die wêreld asook hulle plek daarin sien, en so hul selfbegrip vorm. Mense se blik op die werklikheid verskil. Eintlik sien niemand die werklikheid soos dit werklik is nie, omdat elkeen dit beskou deur die gekleurde brilglase van sy eie lewensvisie.[147]

5.10 KULTUURIDENTITEIT

Hierdie begrip dui op die eie bewuswording en waardebesef wat in elke kultuurgroep voorkom. Tans word kultuuridentiteit as diepgrypende politieke, ideologiese en sosiale krag erken en aanvaar. Dit is 'n werklikheid wat nie weggedink of onderskat kan word nie.[148]

---

143 T.D. Moodie, ***The rise of Afrikanerdom: power, apartheid and the Afrikaner civil religion***, p.240.

144 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

145 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), inligting in besit van die skrywer}.

146 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

147 PU vir CHO, IRS, ***Venster op die sakewêreld*** ..., p.150.

148 A.M. Heyns, ***Kultuur en onderwysstelsel*** (ongep. D.Ed.-proefskrif, PU vir CHO, 1982), p.385.

5.11 KULTUURPEIL

Hierdie begrip wentel om die opvatting dat alle individue binne 'n gemeenskap nie almal op dieselfde kultuurpeil of kultuurvlak is nie.[149] 'n Hoë kultuurpeil kan gesien word as 'n ryk kultuurtradisie waarin kultuurvormingsmoontlikhede in 'n hoë mate gerealiseer het. Daarenteen het 'n lae kultuurpeil armer kultuurtradisies waarin minder moontlikhede ten opsigte van byvoorbeeld kultuurelemente soos geletterdheid, stede en beroepsdifferensiasie realiseer.[150]

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie begrip verskillend deur verskillende rasse of bevolkingsgroepe getipeer word. Die Westerse konsep van 'n hoë kultuurvlak behels kennis en deelname aan kuns, teater, koorsang, digkuns, skryfkuns en ontwerp. 'n Gemiddelde kultuurvlak word meestal as die kennis en deelname aan sport, danse en verskillende vorme van spel gesien. 'n Laer kultuurvlak (bestaanswyse) sou voorkom by mense of gemeenskappe wie se leefwyse slegs rondom hulle voortbestaan wentel.

Bogenoemde indeling sou tot sy reg kon kom as daar in ag geneem word dat die kultuurvlak van 'n individu ook in 'n groot mate deur die wyse waarop sodanige individu die kultuuraktiwiteite wat tot sy beskikking is, in sy kultuuroptrede sou aanwend. Die waardes en norme van só 'n persoon of groep sal dus ook 'n rol by die bepaling van sy kultuurvlak speel en nie net sy kennis van sodanige kultuurelemente nie.[151] As hierdie veronderstelling in ag geneem word, kan dit wees dat etniese of selfs verskillende bevolkingsgroepe se idee van 'n hoë kultuurvlak kan verskil.[152]

5.12 KULTUURORGANISERING

Kultuurorganisering behels die wyse waarop kultuuraktiwiteite georganiseer word.

6. DIE AKTUALITEIT VAN DIE TEMA

Die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark is veral interessant vanweë die verskeidenheid van bevolkingsgroepe wat hulle hier gevestig het.[153] Die

149 R.L. Beals et al., ***An introduction to anthropology***, 5th ed., pp.573-576.

150 P. de Klerk, ***Geskiedenis as kultuurontwikkeling*** ..., p.63.

151 F.M. Keesing, ***Inleiding tot de culturele antropologie***, p.531.

152 M.J. Herskowits, ***Cultural anthropology***, p.329.

153 E. van Heerden, "'n Staalstad vier sy mondigwording", ..., pp.19,20.

aktualiteit van die tema is eerstens daarin geleë dat daar vir die eerste keer 'n wetenskaplike studie oor die naasbestaan van hierdie kultuurgroepe in Vanderbijlpark onderneem is.

Hierbenewens het die vraag ontstaan of daar kultuurverspreiding en kultuurverandering tussen die bevolkingsgroepe plaasgevind het. Daar word dus aan die lewenstyl van die blanke Afrikaners en die Europese immigrante aandag gegee. Daar is verder gepoog om te bepaal of die kultuuraktiwiteite en kultuurorganisering die algemene kultuurpeil van die inwoners van Vanderbijlpark verbeter of verswak het.

Hierdie studie is noodsaaklik omdat die onderwerp op 'n plaaslike en streeksgeskiedenisvlak lê, wat toenemende belangstelling geniet.[154]

7. DIE ONTPLOOIING VAN DIE ONDERWERP

Die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap moet teen die agtergrond van die ontwikkeling van Vanderbijlpark as nywerheidstad gesien word. Die wyse waarop die nywerheidstad beplan en ontwikkel is, het die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap grotendeels bepaal.

Die kultuurontwikkeling van die gemeenskap is gedurende 1940 met die bogenoemde ontwikkeling op 'n tipiese landelike gebied met uitgestrekte vlaktes en mielielande, ingelui.[155] Die kultuurorganisering het begin met die optrede deur dr. Van der Bijl, die destydse Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR)[156], wat hierdie landelike omgewing in die Hyde Park van Suid-Afrika wou ontwikkel.[157]

Mnr. W.J. Lamont, die Handelsbestuurder, en dr. F. Meyer, die Algemene Werkebestuurder, was vir die verkryging van 'n geskikte terrein, 16 km wes van Vereeniging, verantwoordelik.[158] Die terrein wat mnr. Louis Marks in gedagte gehad het, was die geskikste omdat daar onbeperkte uitbreidingsmoontlikhede en genoeg water uit die Vaalrivier

---

154 P.L. Scholtz, ***Streeksgeskiedenis: 'n fassinerende*** ..., p.5; V. Skipp, "Local history: a new definition", ..., p.329.

155 Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., p.14.

156 Sedert 1996 staan die korporasie as Iron and Steel Corporation Limited (ISCOR) bekend.

157 Anon., "Who plants a tree", ***Iscor News*** (supplement), vol. 16, no. 6, Jun. 1951, pp.1,2,3.

158 G. Reyburn, "Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 15, no. 9, Sep. 1950, p.761.



Foto 2: H.J. van der Bijl, 1887-1948.

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

beskikbaar was. Die Kliprivierkragstasie en die kragstasie by Vereeniging kon ook voldoende elektrisiteit verskaf.[159]

Die uitbreiding van die yster- en staalnywerheid sou die stimulus vir die ontstaan en ontwikkeling van Vanderbijlpark wees.[160] Op 22 Oktober 1941 is besluit dat die grond wat YSKOR vir hulle nuwe aanleg in die Vereenigingdistrik bekom het, ter ere van dr. Van der Bijl, Vanderbijl genoem sou word.[161]

Die visie wat dr. Van der Bijl vir Vanderbijlpark gehad het, vorm ook 'n raamwerk vir die kultuurontwikkeling in die dorp.[162] Dié voorneme was daarop ingestel om 'n nywerheidstad met 'n hoë kultuurvlak in Vanderbijlpark tot stand te bring. Dié onderneming is deur die volgende faktore beïnvloed:

7.1 DIE BEPLANNING VIR 'N KULTUURRYKE VOLKERE-SAMELEWING

Gedurende Maart 1940 het dr. Van der Bijl aangekondig dat YSKOR gaan uitbrei en dat dit die aanbou van 'n nuwe staalwerke sou insluit.[163] As gevolg van die nuwe staalwerke sou daar ook 'n verskeidenheid verwante nywerhede gevestig word.[164] Hiermee sou dr. Van der Bijl se beplanning en visie van 'n nywerheidstad, met 'n kultuurryke volkeresamelewing, 'n aanvang neem. Hy wou 'n nywerheidstad tot stand bring met genoegsame werksgeleenthede vir blanke en swart mense. Hiermee wou hy armoede beveg en die lewenspeil van die gemeenskap verhoog.[165] Volgens dr. Van der Bijl se credo het sy drome en beplanning alle mense ingesluit, en moes Vanderbijlpark volgens hom vir die "goodwill for the welfare of our country and the glory of Almighty God" ontwikkel word.[166]

---

159 Anon., "A glimpse into the future: Iscor's five years Vereeniging plan", ..., pp.516,519.

160 Anon., "New city of steel: the Iscor Works at Vanderbijlpark", ..., p.7.

161 South African Iron and Steel Corporation (ISCOR), Head-Office, Pretoria, ISCOR accession, ref. 151/40, vol. 2: extract from minute of the 165th Board meeting, 22 Oct. 1941.

162 A. Jacobs, ***South African heritage*** ..., pp.1,2.

163 ***The Star***, 5 Mar. 1940: report.

164 ***Sunday Times***, 17 Aug. 1941: report.

165 A. Jacobs, ***South African heritage*** ..., pp.1,2,3.

166 Anon., "Dr. H.J. van der Bijl, 1887-1948", ..., p.10; A. Jacobs, ***South African heritage*** ..., pp.184,185.

Gedurende 1941 is daar met die beplanning van die plaatwalswerke begin, en in 1942 het die konstruksie van die plaatwalswerke en ander geboue 'n aanvang geneem.[167] Die nuwe werke sou as die Vanderbijlparkwerke bekend staan.[168] Die plaatwalsmasjien is in Amerika aangekoop, terwyl die meeste elektriese toerusting uit Brittanje verkry is.[169] Gedurende die aand van 21 November 1945 het die kern van die YSKOR-werke, naamlik die plaatwalsery, met produksie begin.[170] Die plaatwalsery is hoofsaaklik met die oog op die vervaardiging van wapentuig opgerig.

Hierdie plaatwalsery het tot die totstandkoming van verskeie ander ingenieurs- en verwante bedrywe, soos dié van die Vanderbijl Ingenieurskorporasie Beperk (VIKOR) in 1945, gelei.[171] YSKOR se Vanderbijlparkwerke het mettertyd ontwikkel tot die grootste enkele staalproduserende projek in Afrika.[172]

Hierdie ontwikkeling van YSKOR het noodwendig veroorsaak dat hier ook 'n dorp tot stand gekom het. Op 6 Mei 1947 het dr. Van der Bijl onder andere verklaar dat die beplanning van Vanderbijlpark op die volle ervaring van die verlede ten opsigte van dorpsbeplanning gesteun het. Sodoende kon van die dorp 'n woonplek, waar mense 'n vol en bevredigende lewenstyl kon handhaaf, gemaak word. Vir die woongebiede is daar vir 'n aangename omgewing met allerlei moderne geriewe voorsiening gemaak.

Die vestiging van hierdie dorp was vir dr. Van der Bijl 'n baie groot uitdaging.[173] Hy het drome gehad oor hoe die dorp moet lyk, maar van een ding was hy seker, naamlik dat die dorp baie deeglik beplan moes word.[174]

Vir die swart bevolking is woonbuurte so na moontlik aan hul werkplek beplan. Hiermee wou die beplanners van die swart woongebiede 'n stabiele, effektiewe en tevrede

---

167 T.W. Wilson, "Iscor's new platemill: the history of Vanderbijl, 1940-1943", ..., pp.10,11.

168 ***The Star***, 11 Jul. 1942: report.

169 Anon., "Progress at Van der Bijl Works: the beginnings of a new era in steel in South Africa", ***Iscor News***, vol. 7, no. 7, Jul. 1942, p.332.

170 Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., pp.14,15.

171 ***The Star***, 10 Feb. 1945: report.

172 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: watervoorsiening***, p.20.

173 ***Sunday Times***, 9 May 1943: report.

174 A. Jacobs, ***South African heritage*** ..., pp.184,185.

arbeidsmag daar stel. Vir dr. Van der Bijl was dit ook belangrik dat die werknemers by YSKOR en die inwoners van die dorp gelukkig moes wees.

Daar is ook beplan om die dorp in 'n vooruitstrewende nywerheidskompleks te laat ontwikkel.[175] Hierdie beplanning het 'n invloed op die kultuur van die verskillende blanke bevolkingsgroepe van Vanderbijlpark uitgeoefen.[176] YSKOR het die belangrikheid van deeglike dorpsbeplanning besef en het die ontwikkeling en beplanning van die dorp gevolglik aan VESCO toevertrou.[177] Dit was 'n openbare nutsmaatskappy wat op 28 Desember 1944 ingevolge artikel 21 van die Maatskappyewet van 1926 gestig is. VESCO het geen winste gemaak nie en sy ontvangste moes uitsluitlik vir die bevordering van die doelstellings van die maatskappy en vir die voortdurende verbetering van die dorp tot voordeel van sy inwoners aangewend word.[178] Dr. Van der Bijl het 'n span tegnici en beplanners aangestel wat vir die beplanning van Vanderbijlpark verantwoordelik sou wees.[179]

7.2 DIE ONTWIKKELING VAN PLAASLIKE BESTUUR IN VANDERBIJLPARK

Plaaslike bestuur het mettertyd 'n noodsaaklikheid vir die verdere ontwikkeling van Vanderbijlpark geword.[180] Die plaaslike ontwikkeling het met 'n VESCO-raad begin. Daarna is 'n Gesondheidskomitee aangestel en mettertyd het die Munisipaliteit en Stadsraad hieruit ontwikkel.[181]

Die Gesondheidskomitee van Vanderbijlpark het daarom gedurende 1947 sy beslag gekry.[182] Aanvanklik het personeel van VESCO van die werk vir die Gesondhеidskomitee gedoen.[183] Mettertyd het die Gesondheidskomitee die bestuurstake oorgeneem.[184]

---

175 ***The Star***, 18 Dec. 1942: report.

176 A. Jacobs, ***South African heritage*** ..., p.184.

177 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 12, no. 6, Jun. 1947, p.463.

178 Anon., ***YSKOR: Vanderbijlparkwerke***, p.45.

179 H.J. van der Bijl. "The creation and planning of Vanderbijl Park", ..., p.463.

180 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

181 Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ..., pp.31,32.

182 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 7, 21 Aug. 1945; S.P. Venter, ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing*** ..., p.63.

In Oktober 1952 het Vanderbijlpark volle munisipale status verkry. Die noodsaaklike dienste soos water, elektrisiteitsvoorsiening en riolering is egter steeds deur VESCO verskaf. Hierdie dienste het gunstig met ander groot stede van destyds vergelyk, en is later teen afgeskrewe waarde van VESCO oorgeneem. Gevolglik was Vanderbijlpark nie met swaar skulde, wat andersins deur 'n jong gemeenskap gedra sou moes word, belas nie.[185]

Gedurende Oktober 1959 het die Stadsraad volle verantwoordelikheid vir die verskaffing van die bogenoemde noodsaaklike dienste aanvaar.[186] Die gunstige omstandighede het 'n belangrike bydrae tot die verdere ontwikkeling van Vanderbijlpark gemaak. In dié tydperk het die ontwikkeling van Vanderbijlpark teen 'n ongekende spoed verloop.[187]

In hierdie snel ontwikkelende nywerheidstad het daar verskeie dienste, ondernemings en instansies wat 'n rol in die kultuurvorming van die gemeenskap sou speel, ontstaan. In hierdie proses het verskillende kultuurpatrone mettertyd tot die ontwikkeling van nuwe kultuurterreine gelei. Ten einde te bepaal of daar 'n ontwikkeling of verlaging van die kultuurlewe in Vanderbijlpark sedert 1942 plaasgevind het, was dit nodig om aan die kultuurontwikkeling wat op die verskillende kultuurterreine plaasgevind het, aandag te gee. Hierdie kultuurterreine is die ekonomie, maatskaplike sorg en welsyn, diensorganisasies, gesondheidsdienste, sport en ontspanning, geestesgesondheid, onderwys en opleiding, volkseie kultuuraktiwiteite en die politiek.[188]

Hierdie onderwerp is in drie onderskeibare ontwikkelingstadiums ingedeel, naamlik die vestigingstadium, die voorspoedstadium en die stabiliseringstadium:[189]

- Die vestigingstadium het vanaf ongeveer 1942 tot 1959 geduur. Gedurende hierdie stadium het die verskillende bevolkingsgroepe hulle in Vanderbijlpark gevestig.

---

183 Transvaal Archive Depot (TAD), Pretoria, Director of Local Government (TPB), vol. 2964, TALG 2/17781: deed of agreement between Vanderbijl Park Health Committee and Vanderbijl Park Estate Company, 2 Jun. 1950.

184 Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ..., pp.32,33.

185 R. van Niekerk, ***Die vestiging en uitbreiding van plaaslike bestuur*** ..., pp.123 e.vv.

186 S.P. Venter, ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing*** ..., p.63.

187 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

188 H.J. van der Bijl, "Die Vaal vloei voort", ..., p.18.

189 Kyk pp.33,34,64,71.

Noodwendig het die verskillende kultuurgroepe gedurende hierdie tydperk maatreëls vir eie kultuurontwikkeling ingestel.

- Die voorspoedstadium, het vanaf ongeveer 1960 tot 1978 geduur. Gedurende dié era het die kultuur verder ontwikkel en is heelwat maatreëls vir positiewe kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark ingestel.

- Die stabiliseringstadium het vanaf ongeveer 1979 tot 1992 geduur. Gedurende hierdie tydperk is heelwat maatreëls ingestel om die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark positief te beïnvloed en te stimuleer.

In hierdie onderhawige studie is gepoog om te bepaal of daar gedurende hierdie stadiums 'n stygende lyn in die ontwikkeling van die kultuurvlak van die gemeenskap voorgekom het, al dan nie. Dit was ook nodig om vas te stel wat die oorsaak vir sodanige verlaging of verhoging van die kultuurvlak sou wees.[190] Dit was daarom noodsaaklik om te bepaal watter tipe kultuurpatrone in Vanderbijlpark gevestig is.

In die volgende hoofstukke word die vestiging van die onderskeie kultuurpatrone aan die orde gestel. Die ekonomiese kultuurorganisering word daarom vervolgens aan die hand van die bogenoemde stadia beskryf.

---oOOo---

190 Vgl. P. de Klerk, ***Geskiedenis as kultuurontwikkeling*** ..., p.63.

HOOFSTUK 1

DIE EKONOMIE

1.1 INLEIDING

Die ekonomie is uiteraard besonder belangrik vir die ontwikkeling van enige gemeenskap en sy kultuur.[1] Die ekonomiese geskiedenis van 'n land, streek of dorp bepaal die interne en eksterne invloede vir ontwikkeling. Dit is ten nouste met die politieke, maatskaplike en kulturele geskiedenis ineengevleg.[2] In Vanderbijlpark het die ekonomie ook 'n belangrike invloed op die algemene ontwikkeling van die gemeenskap en sy kultuur gehad.[3]

Die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark kan in drie onderskeibare ontwikkelingstadiums ingedeel word, ten einde hierdie bogenoemde invloed te illustreer. Hierdie drie stadiums kan ook in die ekonomiese ontwikkeling van die land waargeneem word.[4]

Die eerste stadium was die vestigingstadium wat tot ongeveer 1960 geduur het. Die tweede stadium kan die sogenaamde voorspoedstadium genoem word, wat vir ongeveer 15 jaar tot in die laat sewentigerjare geduur het. Die derde stadium kan die stabiliseringstadium genoem word en strek breedweg vanaf die laat sewentigerjare tot 1992.

1.2 EKONOMIESE ONTWIKKELING GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959

Gedurende die vestigingstadium het verskillende faktore die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark beïnvloed.

---

1 Vgl. F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ***Volkshandel***, vol. 26, no. 8, Okt. 1965, p.17.

2 A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid in Suid-Transvaal*** (ongep. D.Com.-proefskrif, US, 1948), p.21; ***Vaalster***, 7 Okt. 1988: berig.

3 ***The Vaal Tribune***, 18 May 1949: report.

4 ***Rand Daily Mail***, 28 Feb. 1956: report.

1.2.1 ALGEMENE EKONOMIESE KRAGTE

Die kultuurvlak van die mens bepaal indirek sy ekonomiese ontwikkeling. Die onderstaande identifiseerbare kultuurvlakke van die inwoners van Vanderbijlpark het verskillend op die ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap ingewerk.

Sommige mense, soos verarmdes, was nog genoodsaak om slegs in hul basiese behoeftes soos kos, klere en huisvesting te voorsien, terwyl die ander reeds die volgende vlak van ontwikkeling betree het.[5]

'n Volgende onderskeibare kultuurvlak was mense wat reeds op die terrein van bevrediging van sosiale behoeftes beweeg het.[6] Dit is die mense wat reeds aan sosiale ordeningsaspekte, soos veiligheids- en stabiliteitsbehoeftes, gedink het. Dit is behoeftes soos pensioen- en beleggingskemas, mediese dienste en die deelname aan byvoorbeeld kulturele en politieke bedrywighede.[7]

Die kultuurvlak van egobehoeftebevrediging verteenwoordig mense vir wie mag en status belangrik geword het en wat kultuur met opset probeer vestig of verander.[8] Hierdie groep mense in Vanderbijlpark het byvoorbeeld sakemanne, hoëvlakopgeleide bestuurders en politieke leiers ingesluit.[9]

Mense op dié kultuurvlak van selfverwesenliking het die hoogste peil van ontwikkeling bereik.[10] Hulle stel net belang in hul selfverwesenliking en hoe dit die omgewing raak. In Vanderbijlpark het dit sake soos omgewingsbewaring, vestiging van wildtuine en kulturele aktiwiteite soos kuns, musiek en die teater ingesluit.[11]

---

5 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. E. Theron (red.), ***Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika: 'n verslag van 'n komitee van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (SABRA)***, p.466.

6 ***Rand Daily Mail***, 28 Feb. 1956: report.

7 ***Rand Daily Mail***, 28 Feb. 1956: report; vgl. N. Rhoodie, ***Sosiale stratifikasie en Kleurlingskap***, p.227.

8 Vgl. R.E. van der Ross, "Die Kleurling en die Afrikaner: die pad vorentoe", Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), Instituut vir Afrikanistiek, ***Rondom volkereverhoudinge*** {wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks D}, p.46.

9 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

10 Vgl. G.M. Fredrickson, ***White supremacy***, p.135.

11 ***Vereeniging Nuus***, 4 Jun. 1949: berig.



Foto 3: **Oorspronklike YSKOR-werke, 1947.**

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

Samevattend het Vanderbijlpark se gemeenskap al die bogenoemde kultuurvlakke ingesluit. Dit het die ekonomiese ontwikkeling van die dorp beïnvloed omdat elke kultuurvlak eiesoortige behoeftes gehad het wat bevredig moes word.

Binne die bevolkingsamestelling van die gemeenskap was daar verder ook verskillende kulture aanwesig, wat hoofsaaklik deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR) se oorsese werwingsveldtogte teweeggebring is.[12] Daar was byvoorbeeld Engelse, Duitsers, Pole, Portugese, Hollanders en Franse, wat elk hul eie kultuur saamgebring het. Die behoeftes van hierdie groot verskeidenheid kulture binne die gemeenskap het eweneens die samestelling van die handelsektor beïnvloed. Dit is veroorsaak deurdat hierdie bevolkingsgroepe verskillende behoeftes ten opsigte van voedsel, kleding, behuising en ontspanning gehad het.[13]

1.2.2 DIE EKONOMIE

Die vestiging en ontwikkeling van die YSKOR-aanleg op Vanderbijlpark het 'n positiewe invloed gehad op die ekonomiese vlak van heelwat verarmde inwoners van die platteland wat na Vanderbijlpark verhuis het.[14]

Weens die beperkte uitbreidingsmoontlikhede van die YSKOR-aanleg te Pretoria, is gedurende 1941 besluit om 'n tweede yster- en staalwerke op die noordelike oewer van die Vaalrivier op te rig.[15]

'n Groot gedeelte van die grondgebied waarin YSKOR belanggestel het, het aan Vereeniging Estates, 'n filiaal van die Marksgroep, behoort. Mnr. Louis Marks het nagenoeg 5 000 ha plaasgrond teen R52 per hektaar aan YSKOR aangebied.[16] Verskeie ander plase is sedert 1942 ook deur YSKOR aangekoop. Die oorspronklike plase waarop Vanderbijlpark met verloop van tyd sou ontwikkel, was Vyffontein no. 592, Houtkop no. 594, Leeuwkuil no.

---

12 ***Vereeniging News***, 13 Aug. 1949: report.

13 ***Vereeniging News***, 27 Aug. 1949: report.

14 ***Vereeniging News***, 4 Jun. 1949: report.

15 YSKOR, ***Opening van die yster- en staalwerke te Vanderbijlpark, Oktober 1952 deur hul eksellensies die Goewerneur-generaal en mev. E.G. Jansen***, pp.10,11; D.W. Krüger (hoofred.), ***Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek***, deel 2, p.790; vgl. J.W. van der Merwe, "Algemene oorsig van die Vaaldriehoeknywerheidsgebied", ***Tegnikon***, vol. 14, Sep. 1965, p.84.

16 M.F. Drake, ***The iron and steel, metal and engineering industry in the Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging region*** (unp. M.A. dissertation, UW, 1971), pp.19,20.

596, Cyferpan no. 549, Klipfontein no. 593, Zuurfontein no. 591, Rietkuil no. 554 en Rietspruit no. 536.[17] Oorwegings wat 'n rol in die keuse van die betrokke terrein gespeel het, was onder meer die beskikbaarheid van genoegsame grond, water en elektrisiteit.[18]

Steenkool is die belangrikste minerale hulpbron van die Vaaldriehoek en het 'n belangrike rol in die keuse van die terrein gespeel. Hierdie terrein suid van die Witwatersrand was ook besonder gunstig ten opsigte van markte geleë. Dit het oor goeie pad- en spoorverbindings na en van die onderskeie markte beskik.[19] Hierdie gunstige omstandighede het 'n positiewe invloed op Vanderbijlpark se ekonomiese ontwikkeling gehad.

1.2.3 DIE LANDBOU

Die ontwikkeling van die landbou in die omgewing van Vanderbijlpark het ook 'n invloed op die ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap van Vanderbijlpark gehad. Aanvanklik was daar in Vanderbijlpark en omgewing 'n landbougemeenskap gevestig wat mettertyd in 'n nywerheidsgemeenskap ontwikkel het, hoewel landbou steeds belangrik gebly het vir die jong ontwikkelende gemeenskap.

Heelwat van die Afrikaners was self boere wat nou 'n ander heenkome in Vanderbijlpark probeer vind het.[20]

Hierdie jong gemeenskap in Vanderbijlpark was vir kos en lewensmiddele vanaf die plase in die omgewing afhanklik. Aanvanklik was die meeste plase in Vanderbijlparkomgewing veeplase.[21] Mettertyd het Vereeniging Estates 'n groot landbouskema suid van die Vaalrivier van stapel gestuur, om sodoende in die behoefte van die omgewing te kon voorsien. Nuwe ontwikkeling het ingetree en stoomploeë en ander landboumasjinerie en -toerusting is ingevoer om mielies, graansorghum, patats, tabak en ander landbougewasse te kweek. Die 18 000 appelbome wat Ernest Brandmuller reeds gedurende 1912 by

17 Vgl. Suid-Afrika (Republiek), Kantoor van die Landmeter-generaal, ***Alfabetiese lys van plase in die provinsie Transvaal***, pp.30 e.vv.

18 F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ..., p.17.

19 Vgl. H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 1882-1912*** (ongep. M.A.-verhandeling, UNISA, 1945), p.3.

20 E. van Heerden, "'n Staalstad vier sy mondigwording", ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 10, no. 1, Jan. 1965, pp.18,19.

21 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Maccauvlei geplant het, kon voorsien in die behoefte van Vanderbijlpark se gemeenskap. Daar is ook groot getalle vee, osse, skape, varke, asook volstruise op hierdie plase aangehou.

Die nywerheidsontwikkeling van die omgewing het meegewerk dat die landerye by Maccauvlei in kleiner eenhede verdeel is. Op hierdie eenhede is woonhuise opgerig wat dan aan kleinboere verhuur is.[22] Die ontstaan van die kleinhoewegebiede het 'n nuwe dimensie aan die landboubedryf gegee. Die kleiner boerderyeenhede sou ook blyk meer vir akkerbou geskik te wees.[23]

Die totale boerdery in die Vanderbijlparkomgewing het mettertyd tot vyf boerderytipes ontwikkel:

- Saaiboerdery.
- Gemengde akkerbou-veeteelt.
- Gemengde veeteelt-akkerbou.
- Veeboerdery.
- Besproeiingsboerdery.[24]

Die resultaat en wyse van die boerdery in die Vanderbijlparkdistrik, veral gedurende die vestigingsjare, het in 'n groot mate in die behoefte van die gemeenskap van Vanderbijlpark voorsien.[25] Saaiboerdery word veral in die westelike gedeelte van Vanderbijlparkdistrik aangetref. Daar word ook graansorghum, sonneblom en koring aangetref. Gemengde akkerbou-veeteelt is die oorheersende boerderytipe in die Vanderbijlparkdistrik.

In die gemengde veeteelt-akkerboustreek is veeteelt die belangrikste van die twee boerderytipes. In die Vanderbijlparkdistrik word meestal met Friese en Jerseys geboer.

22 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks: the uncrowned king of the Transvaal***, p.32; vgl. R.L. Leigh, ***Vereeniging: South Africa***, p.60.

23 H. van der Merwe, Onderhoud, 10 Feb. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

24 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal en die distrikte aan weerskante daarvan tussen Vaaldam en Barrage met besondere verwysing na die stedelike ontwikkeling in die gebied*** (ongep. D.Phil.-proefskrif, UP, 1964), p.71.

25 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Mielies is die belangrikste gewas wat verbou word. Baie mielies word vir kuilvoer geplant om voer vir die diere in die winter te voorsien.[26]

Meer gespesialiseerde veeboerdery het meestal in die noordelike en oostelike gedeeltes van die Vereenigingdistrik en in die suidelike gedeelte van die Sasolburgdistrik voorgekom. In die noorde, nader aan die Witwatersrand, oorheers melkproduksie. In die oostelike rantjiesgebied word vleisbeeste en -skape aangetref.

Besproeiingsboerdery kom voor waar water vir beproeiingsdoeleindes uit die Vaal- en Kliprivier asook uit die ou Springfieldmyn gepomp word. Sterk boorgate in die noordelike dolomietgebied word ook vir dié doel aangewend.[27]

Die gevolg van die nywerheidsontwikkeling in Vanderbijlpark en omgewing is dat dié landbougebied in 'n groot mate sy landboukarakter verloor het. Die totstandkoming van landbouhoewes het ook dié proses verhaas. Die feit dat die landbouhoewes en klein plasies in die Vanderbijlparkomgewing uit verskeie van die vroeëre veeplase gesny is, het veroorsaak dat die meeste van hierdie plasies as onekonomiese eenhede beskou is. Dit word daarom veel eerder as buitestedelike wooneenhede benut.[28]

Ongeag die feit dat dié plasies as onekonomiese eenhede beskou is, word intensiewe boerdery op sommige kleinhoewes en klein plasies in die meer waterryke gedeeltes langs die Vaalrivier in die westelike gedeeltes van die Vanderbijlparkdistrik aangetref. Groente, vrugte, bye, pluimvee, varkboerdery en suiwelboerdery word op hierdie plasies bedryf.[29]

Die landbouontwikkeling in die Vanderbijlparkdistrik het die ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap van Vanderbijlpark positief beïnvloed. Die nodige kos en lewensmiddele vir die inwoners van Vanderbijlpark is in 'n groot mate deur die landbougemeenskap voorsien,[30]

---

26 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.78.

27 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.79.

28 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.80; M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

29 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

30 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

maar nadat YSKOR gevestig is, het die landbougemeenskap wat in Vanderbijlpark en omgewing gewoon het, sy landboukarakter vir dié van 'n nywerheidsgemeenskap verruil.

1.2.4 DIE MYNBOU

Die nywerheidsgemeenskap van Vanderbijlpark het in die eerste plek ontstaan omdat YSKOR hom hier gevestig het. Die mynbou in die omgewing het 'n direkte invloed op die ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap van Vanderbijlpark gehad.[31] Die myne van Vereeniging het vir die nodige steenkool voorsiening gemaak, en gevolglik 'n groot bydrae tot die nywerheidsontwikkeling in Vanderbijlpark gelewer.[32]

G.W. Stow het in 1878 die Vereeniging-Clydesdalesteenkoolveld ontdek, wat 'n gebied van sowat 5 400 km^2 behels.[33] Hierdie ontdekking het tot die stigting van Vereeniging en die ontwikkeling van verskeie steenkoolmyne gelei.[34]

Die vestiging van YSKOR te Vanderbijlpark het ook die mynontwikkeling in die omgewing gestimuleer. Die Berthaskag van die Corneliasteenkoolmyn het in November 1942 met produksie van 25 000 ton per maand begin. Hierdie aktiwiteite is egter negatief beïnvloed deurdat die Tweede Wêreldoorlog die konstruksie van die nuwe myn en die kragstasie vertraag het. Die vertraging met die aflewering van mynmasjinerie en -toerusting vir die kragstasies was vir hierdie terugslag verantwoordelik. Hierdie vertragings het veroorsaak dat die myn eers op 1 April 1944 in volle produksie gekom het.[35]

Die Springfieldmyn naby Meyerton is egter in 1953 gesluit nadat die skagte uitgemyn is. Steenkoolmyne aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier het later die voorsiening van steenkool oorgeneem.

Vir Vanderbijlpark as nywerheidstad was die voortbestaan van die steenkoolmyne vir genoegsame gebruik van steenkool vir die handhawing van 'n stabiele plaaslike ekonomie

---

31 Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ***South African Municipal Magazine***, vol. 31, no. 363, Nov. 1947, p.35.

32 L.T. Nel & H. Jansen, ***The geology of the country around Vereeniging: an explanation of sheet 62***, pp.23,24.

33 L.T. Nel & H. Jansen, ***The geology of the country around Vereeniging***, p.85.

34 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool in die Vaaldriehoek*** (ongep. M.A.-verhandeling, UNISA, 1967), p.62.

35 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.75.

belangrik. Dit het tot gevolg gehad dat daar na die oorlog verskillende maatreëls vir die ontwikkeling van dié steenkoolmyne ingestel is.[36] Met hierdie maatreëls is gepoog om die ekonomiese effektiwiteit van die myne te verhoog.[37]

Alhoewel die invloed van die mynbou positief vir die nywerheid sowel as die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark was, het die belangrikheid van die mynboubedryf as ontwikkelingsagent sedert die Tweede Wêreldoorlog afgeneem. Genoegsame steenkool vir die volgehoue ontwikkeling van nywerhede in Vanderbijlpark kon egter nou elders gevind word.

1.2.5 DIE NYWERHEDE

Die ontwikkeling van nywerhede het 'n positiewe invloed op die totale ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark gehad. Die tempo van ontwikkeling is egter deur verskillende faktore beïnvloed.

1.2.5.1 DIE VESTIGING VAN NYWERHEDE

Gedurende die vestigingstadium is die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark in 'n groot mate aan die vestiging van die staalbedryf in Vanderbijlpark gekoppel.

Die voltooiing van YSKOR se plaatwalsery in Vanderbijlpark in 1943 het die finale beslag aan 'n uitgebreide staalbedryf in die Vaaldriehoek gegee.[38] Dié staalbedryf het die vestiging van 'n groot verskeidenheid verwante bedrywe moontlik gemaak.[39] Van die nywerhede wat ontwikkel het, was byvoorbeeld:

VANDERBIJL INGENIEURSKORPORASIE (VIKOR (EDMS.) BEPERK). In 1945 het YSKOR die ingenieurskorporasie VIKOR gestig. Die doel van VIKOR was hoofsaaklik om swaar masjinerie en toerusting vir die nywerhede, kragstasies en myne te vervaardig.[40] Die

---

36 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.3.

37 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 4 Dec. 1956: report.

38 ***Vereeniging News***, 4 Jun. 1949: report.

39 F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ..., p.17.

40 Anon., "Salute to Vecor" (Vanderbijl Engineering Corporation), ***South African Mechanical Engineer***, vol. 23, Jan. 1973, pp.8,9.

verhaal van VIKOR word bestempel as die resultaat van bewonderenswaardige geloof in Suid-Afrika se naoorlogse potensiaal vir nywerheidsontwikkeling.[41]

DORMAN LONG (AFRICA) CORPORATIVE (PTY) LIMITED. In 1947 het die huidige Dorman Long Corporative hom naby YSKOR gevestig. Hierdie maatskappy vervaardig staalstrukture, met inbegrip van brûe.

ACROW ENGINEERING (PTY) LIMITED. Gedurende 1949 het Acrow Engineering 'n tak in Vanderbijlpark opgerig wat boustaal lewer.[42]

METAL BOX OF SOUTH AFRICA (PTY) LIMITED. 'n Sekere Williamson, wat 'n advokaat van beroep was en 'n immigrant uit Brittanje, het gedurende 1929 Tafelbaai besoek. Dit het daartoe gelei dat Metal Box gedurende 1933 in Kaapstad gevestig is. Gedurende 1952 is Metal Box in Vanderbijlpark gevestig.[43]

DIE GASNYWERHEID. African Oxygen and Acetylene Company (Pty) Limited, met takke in Vanderbijlpark en Vereeniging, voorsien suurstof aan 'n groot aantal nywerhede in Vanderbijlpark. Air Products (Pty) Limited, in Vanderbijlpark, vervaardig nywerheidsgasse en mediese gasse. Hierdie maatskappy het 'n groot afset in die Vaaldriehoek, met 25% van sy produksie in Vanderbijlpark.[44]

DIE PLASTIEKNYWERHEID. Resinite (Suid-Afrika) (Edms.) Beperk, wat in Vanderbijlpark geleë is, vervaardig plastiekverpakkingsmateriaal. Hierdie maatskappy se markte is hoofsaaklik aan die Witwatersrand / Pretoria-gebied, geleë.

AKOESTIESE PRODUKTE. Acoustical Products (Pty) Limited wat tot die vroeë tagtigerjare in Vanderbijlpark geleë was, het akoestiekplafonne vervaardig.

SEMENTPRODUKTE. Slagment (Edms.) Beperk, wat in Vanderbijlpark geleë is, vervaardig sement uit die metaalslakke van YSKOR. Dit word in die boubedryf gebruik.[45]

Die ontwikkeling van die YSKOR-aanleg op Vanderbijlpark was direk vir bogenoemde ontwikkelings verantwoordelik. Hierdie nywerheidsontwikkeling in Vanderbijlpark het die

41 Anon., "Swaar ystervuis" (VIKOR), ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 13, no. 3, Mrt. 1968, p.37.

42 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide stad*** (ongep. D.Phil.-proefskrif, PU vir CHO, 1983), p.96.

43 A. Hocking, ***Metal Boxers: the story of Metal Box South Africa, 1933 to 1983***, p.15.

44 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide ...***, p.206.

45 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide ...***, p.207.



Foto 4: **H.J. van der Bijl en E.C. Oldridge in beplanning.**

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

ekonomiese peil van die verarmde inwoners van die platteland positief beïnvloed omdat dit aan heelwat van hierdie mense werksgeleenthede gebied het.[46]

1.2.5.2 DIE VERSKAFFING VAN NYWERHEIDSGROND EN DIENSTE AAN NYWERHEDE

Die positiewe nywerheidsontwikkeling is in 'n groot mate gestimuleer deurdat daar voldoende nywerheidsgrond vir die ontwikkeling van die nywerhede deur Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy (VESCO) beskikbaar gestel is.

Met die verskaffing van nywerheidsgrond is daar 'n onderskeid tussen swaar nywerheidsgebiede soos NE 3 en skoon nywerheidsgebiede soos CE 6 gemaak.[47] VESCO het egter besluit dat daar vir NW 7 in sy geheel aansoek om vestiging as nywerheidsdorpsgebied gedoen moes word.[48]

Daar moes ook vir die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark se dorpsgebied grond vir die aanlê van spoorlyne na verskeie van die nywerhede in die swaar nywerheidsgebiede voorsien word.[49] Die Spoorwegadministrasie was van mening dat alhoewel Vanderbijlpark vinnig uitbrei, dit nie die vestiging van 'n spoorwegstasie regverdig het nie, omdat dit in daardie stadium nie ekonomies lewensvatbaar sou wees nie.[50] Die ideaal om 'n stasie in die dorp te vestig, sou nooit verwesenlik word nie.

1.2.5.3 DIE INVLOED VAN DIE NYWERHEIDSONTWIKKELING

Die versnelde industrialisasie na 1945 het veroorsaak dat behoefte aan die vestiging van nuwe nywerhede in Vanderbijlpark ontstaan het. Baie geld is in die aankoop van grond vir die ontwikkeling van nywerhede belê. In 1945 het VIKOR byvoorbeeld 110 akker grond teen £100 per akker gekoop.[51] Dit was die eerste grond wat VESCO aan 'n private

---

46 ***Vereeniging Nuus***, 4 Jun. 1949: berig.

47 Vanderbijl Park Estate Company (VESCO), Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 29, 19 Dec. 1947.

48 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 45, 6 Dec. 1949.

49 ***Die Transvaler***, 12 Jun. 1947: berig.

50 ***Vereeniging News***, 1 May 1953: report.

51 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 4, 23 Apr. 1945.

Foto 5: **Vanderbijlpark Engineering Works, 1947.**

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

instansie verkoop het.[52] Gedurende September 1947 is die prys van nywerheidspersele byvoorbeeld op £250 per akker vasgestel.[53] In Januarie 1948 is dit egter weer verhoog en was die nuwe prys £750 per akker.[54]

Gedurende 1947 het Dorman Long (Africa) Limited 100 akker grond teen £200 per akker; Boulton and Paul 37 akker grond in NE 3 vir £9 000;[55] African Oxygen and Acetylene Company tien akker grond in NW 7 teen £500 per akker,[56] en Metal Box Limited 13 akker grond aangekoop.[57]

Hierdie positiewe siening van die nywerheidsmoontlikhede in Vanderbijlpark het tot nuwe ontwikkeling gelei. Daar het dan ook heelwat ontwikkeling gedurende 1949 plaasgevind.[58] Eerstens het die Union Liquid Air Company (Pty) ongeveer twee akker grond in NW 7 vir £1 400 aangekoop.[59] Vervolgens het Spear and Jackson grond in NE 3 aangekoop.[60]

Verdere prysverhogings van nywerheidspersele is in April 1949 aangebring nadat VESCO bepaal het dat persele in NE 3 teen £1 000 per akker verkoop sou word. Die prys van persele in NW 7 is op £1 000 per akker tot op 20 akker vasgestel. Vir meer as 20 akker is die prys op £800 per akker vasgestel.[61] In Desember 1949 is besluit dat persele in NE 3 en NE 4 teen £1 000 verkoop sou word. Vervolgens is die koste vir spoorverbindings na persele in NE 3 wat reeds verkoop was op £325 per akker en in NW 7 op £235 per akker vasgestel.[62]

---

52 P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark, 1914 - Desember - 1951***, p.7.

53 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 27, 5 Sep. 1947.

54 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 30, 27 Jan. 1948.

55 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 25, 24 Jun. 1947.

56 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 29, 19 Dec. 1947.

57 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 4, 23 Apr. 1945.

58 ***The Vaal Tribune***, 18 May 1949: report; vgl. A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid*** ..., p.21.

59 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 37, 25 Jan. 1949.

60 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 42, 12 Aug. 1949.

61 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 39, 26 Apr. 1949.

62 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 45, 6 Dec. 1949.

Gedurende 1951 het die nywerheidsontwikkeling van Vanderbijlpark die ekonomiese ontwikkeling van dié dorp steeds positief beïnvloed.[63] Die gevolg was dat daar vertroue in Vanderbijlpark se nywerheidsmoontlikhede geskep is. Hierdeur het verhogings ook in die pryse van persele plaasgevind.[64] Persele in NW 7 is teen £1 750 per akker, wat spoorverbindings insluit, verkoop.[65]

Gedurende 1952 het die vertroue in die nywerheidsontwikkeling van Vanderbijlpark voortgeduur.[66] Persele in NW 7, wat aan McColm Boulevard en Curie Boulevard grens, se pryse is weereens van £1 750 na £2 000 per akker verhoog.[67]

VESCO het ook doelbewus pogings aangewend om die nywerhede uit te brei deur wêreldbekende nyweraars na Vanderbijlpark te lok. Die metode wat gevolg is, was om persele teen pryse laer as die normale pryse aan te bied.[68] Die ekonomiese invloed op die gemeenskap van Vanderbijlpark se lewensomstandighede was positief.[69] Werksgeleenthede was voldoende en is toenemend deur die groot hoeveelheid fabrieke wat reeds teen 31 Maart 1951 in werking was, voorsien. Van die fabrieke was byvoorbeeld: YSKOR, VIKOR, Dorman Long (Africa) Limited, Boulton and Paul Limited, Acrow Engineering Limited, Spear and Jackson, Transvaal Cellocrete (Pty) Limited, Vaal Bottlers (Pty) Limited, Park Launderers and Dry Cleaners (Pty) Limited en Protea Ice Cream and Food Products (Pty) Limited. Daar was ook nog fabrieke wat onder konstruksie was, naamlik Metal Box Limited, African Oxygen and Acetylene Company Limited, Electrical and Mechanical Company, Ceres Bakery en Nel's Rust Pasteurising Plant.[70]

---

63 P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark*** ..., p.8.

64 Anon., "Vereeniging and Vanderbijlpark: amazing industrial progress recorded since end of the war", ***Careers Guide***, vol. 17, Dec. 1949, p.300.

65 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 57, 8 Mar. 1951.

66 J. Fassler, "Vanderbijlpark shopping centre", ***South African Architectural Record***, vol. 38, no. 4, Apr. 1953, pp.34,39.

67 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 66, 1 May 1952.

68 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 53, 5 Oct. 1950.

69 ***Vereeniging News***, 4 Jun. 1949: report.

70 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of the sixth annual general meeting, 11 Jul. 1951.

Die uitbreiding van hierdie nywerhede het nuwe werksgeleenthede geskep en dit het die ekonomiese peil van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark positief beïnvloed.[71]

Verarmde mense het in groot getalle na Vanderbijlpark gestroom[72] op soek na werksgeleenthede, soos dit ook met ander stede die geval was.[73]

Mense het nie net vanuit Suid-Afrika 'n heenkome in Vanderbijlpark gesoek nie, maar heelwat immigrante het van oor die wêreld 'n nuwe tuiste in Vanderbijlpark gevind.[74]

Bogenoemde omstandighede het tot gevolg gehad dat Vanderbijlpark in 'n nywerheidstad met 'n positiewe ekonomiese groeikoers ontwikkel het. Daar het 'n nywerheidskultuur ontstaan wat 'n invloed op die kultuuroptrede van die blankes in Vanderbijlpark gehad het.[75] Die bestaanspeil van die inwoners van Vanderbijlpark is grootliks deur die yster- en staalbedryf as werkverskaffer bepaal.[76] Die nywerheidsontploffing na 1945 het ook as stimulus vir verstedeliking gedien. Die staalbedryf het veroorsaak dat daar ook ander werksgeleenthede in Vanderbijlpark geskep is. Die groeiende getal sakelui van Vanderbijlpark was byvoorbeeld ook 'n uitvloeisel van dié nywerheidsontwikkeling in Vanderbijlpark.[77]

1.2.6 DIE HANDELSEKTOR

Die feit dat Vanderbijlpark een van die eerste nuwe dorpe in Suid-Afrika was wat spesiaal ontwikkel en beplan is om in die behoefte van 'n groot staalnywerheid te voorsien, het die vestiging van 'n handelsektor as deel van 'n ekonomiese geheel noodsaaklik gemaak.

Voor die totstandkoming van Vanderbijlpark het Vereeniging verskeie jare die funksie van inkoopsentrum vervul, aangesien daar nog geen sakestruktuur in Vanderbijlpark ontwikkel was nie. Die eerste inwoners van Vanderbijlpark het aanvanklik maar gesukkel om hulle

71 ***The Vaal Tribune***, 18 May 1949: report; ***Vereeniging News***, 4 Jun. 1949: report.

72 ***Vereeniging Nuus***, 4 Jun. 1949: berig.

73 Vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek na die stede en ander opstelle***, p.161.

74 ***Sunday Times***, 15 Jun. 1947: report; A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa ...***, p.15.

75 Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ..., p.35.

76 ***Vereeniging News***, 13 Aug. 1949: report.

77 ***Vereeniging News***, 4 Jun. 1949: report.

inkopies te doen, aangesien alle inkopies in Vereeniging gedoen moes word.[78] Die eerste winkel wat geopen is, was dié van YSKOR se nutswinkelmaatskappy by die plaatwalswerke.[79] Hierdie winkel was 4 km van die naaste woonbuurt geleë.[80]

Ten einde in die gemeenskap se eise vir beter geriewe te voorsien, het VESCO die verantwoordelikheid geneem om winkels op te rig en te verhuur.[81] 'n Blok woonstelle en winkels is gevolglik in Stephensonstraat in die woonbuurt CW 5 opgerig. Dit was die eerste winkelkompleks wat in Vanderbijlpark voltooi is.[82]

Hierdie winkelkompleks was as die Stephensongebou bekend en het uit winkels op die grondvloer en woonstelle wat bo-op gebou is, bestaan. Handelsruimtes in hierdie kompleks is aan private ondernemings, wat sedert 11 Augustus 1947 die eerste handelsondernemings in Vanderbijlpark was, verhuur.[83] Van hierdie winkels in die winkelkompleks was onder andere aan Publix Limited, National Co-operative Dairies (Nel's Rust Dairies) en Premier Butchery and Bacon Factory verhuur. Die opening van die eerste poskantoor in die Stephensongebou op 18 November 1946 was ook byvoorbeeld 'n belangrike gebeurtenis vir die jong gemeenskap van Vanderbijlpark, aangesien dit kontak met die buitewêreld bewerkstellig het.[84]

Hierdie snelle ontwikkeling van Vanderbijlpark as nywerheidstad het sakelui genoop om met vertroue hul geld ook in eiendomme in Vanderbijlpark te belê.[85] Die huurgeld wat beleggers byvoorbeeld per maand gedurende 1947 ontvang het, is soos volg vasgestel: poskantoor - £37.10.0.; Publix Limited - £235.0.0.; melkery - £65.0.0.; slaghuis - £6.0.0.; haarkappersalon - £35.0.0.; CNA - £7.10.0; tweeslaapkamerwoonstelle - £13.0.0. per

78 P. van Wyk, Onderhoud, 12 Mrt. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

79 Anon., "Vanderbijlpark: young giant, still growing", ***Iscor News***, vol. 27, no. 11, 12 Nov. 1962, pp.14,15.

80 P. van Wyk, Onderhoud, 12 Mrt. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

81 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 9, 24 Oct. 1945.

82 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

83 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 10, 26 Nov. 1945.

84 Vgl. R.P. Jansen van Rensburg, ***Die beslaggewing van dorpsontwikkeling en bestuur in Vanderbijlpark gedurende 1943-1952*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1992), pp.62,63.

85 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, p.2.

maand; drieslaapkamerwoonstelle - £14.10.0. en £15.10.0. per maand; en enkelkamers - £4.10.0. per maand.[86] Hierdie aktiwiteite het die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark gestimuleer omdat dit 'n bykomende ekonomiese sektor tot gevolg gehad het.

Vir die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap het VESCO se behuising belangrik geword. VESCO het naamlik vir verskillende woontipes voorsiening gemaak.[87] Hulle het in CE 1 ook woonstelle voorsien deur dit bo-op winkels te bou.[88] Die tempo van die voltooiing van die woonstelblokke in Vanderbijlpark was vinnig.[89] Gedurende 1951 was daar reeds 115 woonstelle in twee woonstelblokke voltooi.[90]

VESCO se betrokkenheid met die beplanning en oprigting van die geboue in Vanderbijlpark het veroorsaak dat die maatskappy self die onderhoud van sodanige geboue wou onderneem. In die praktyk was dit egter moeilik realiseerbaar aangesien dit die handelaars beïnvloed het. Dié omstandighede het tot gevolg gehad dat VESCO as sentrale voorsiener nie aan alle smake kon voldoen nie. Noodsaaklike nuwe aanpassings moes gemaak word. Gedurende 1948 is die huurgeld daarom verlaag en is die huurders self vir die onderhoud verantwoordelik gehou. Die eiendomsbelasting is terselfdertyd na 4d. in die pond verminder.[91] Gedurende 1952 was VESCO egter genoodsaak om die onderhoud van die winkels in CW 5 weer oor te neem en is 2% onderhoudskoste weereens by die huur ingesluit.[92]

Hierdie betrokkenheid van VESCO en dus ook YSKOR het veroorsaak dat daar soms gemeen is dat Vanderbijlpark uitsluitlik die eiendom van YSKOR is, en dat dit vir private ondernemings gesluit is.[93] Ten einde hierdie wanopvattings uit die weg te ruim, is daar

---

86 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 29, 19 Dec. 1947.

87 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

88 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 62, 11 Oct. 1951.

89 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

90 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of the sixth annual general meeting, 11 Jul. 1951.

91 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 31, 2 Mar. 1948.

92 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 68, 31 Jul. 1952.

93 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.



Foto 6: Verkoop van handelspersele in Vanderbijlpark, 1947.

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

gedurende 1947 ook aan die publiek die geleentheid gebied om aan 'n veiling in Johannesburg deel te neem. Tydens hierdie veiling is verskeie persele verkoop. [94]

Hierdie toegewing aan private inisiatief het tot nuwe ekonomiese ontwikkeling en vertroue in Vanderbijlpark gelei. Op een van die persele wat in CW 2 aangekoop is, het die eienaar byvoorbeeld met die oprigting van winkels en kantore begin en is Westcliffegebou gedurende 1949 voltooi. Dit was die eerste gebou wat deur 'n private ontwikkelaar opgerig is.[95] Gedurende 1947 is toestemming verleen om 'n padkafee tussen die nasionale pad en Faraday Boulevard op te rig.[96] Die kontrak vir die padkafee is met mnr. R. Edeling aangegaan.[97] Gedurende 1948 is met die oprigting van 'n vis-en-skyfie-winkel vir mnr. A.H. Douglas begin.[98]

Gedurende Junie 1950 het VESCO egter besluit dat dit vir die volgehoue ontwikkeling van die dorpsekonomie nodig was om weereens self 'n gebou op te rig. Hierdie gebou, naamlik 'n winkelkompleks, is in CE 6 Uitbreiding 1 opgerig.[99] Die gebouekompleks is in twee dele gebou. Die een deel is mettertyd aan mnre. A.M. Snijman en J. de V. Pohl verkoop.[100] Die ander perseel met winkels is egter later op 25 Oktober 1951 tydens 'n openbare veiling te koop aangebied.[101]

VESCO het met die ontwerp en oprigting van hierdie inkopiesentrum in CE 6 gepoog om 'n kunssinnige atmosfeer te skep. Die winkels het op 'n "plaza" met helderkleurige kannas en 'n beeldhouwerk (die Wordingstandbeeld) as versiering uitgeloop.[102] Weens die afwesigheid van 'n sentrale sakekern tydens die vroeë stadium, het die sakegebied van dorpsgebied

---

94 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 64, 31 Jan. 1952.

95 P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark*** ..., p.8.

96 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 26, 22 Jul. 1947.

97 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 35, 21 Sep. 1948.

98 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 31, 2 Mar. 1948.

99 Anon., "Vereeniging and Vanderbijlpark: amazing industrial progress recorded since end of the war", ..., pp.300,303,305.

100 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 60, 20 Jun. 1951.

101 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 61, 30 Aug. 1951.

102 J. Fassler, "Vanderbijlpark shopping centre", ..., pp.34,35.

CE 6 groter ontwikkel as wat oorspronklik beplan was.[103] Hierdie ontwikkeling het daartoe gelei dat kleiner handelsentrums ook mettertyd in elke woongebied ontwikkel het. Hierdie handelsentrums was veral daarop ingestel om in die daaglikse behoeftes van die inwoners te voorsien.[104]

VESCO het nog 'n belangrike diens gelewer, naamlik om aan die sakegemeenskap, waar nodig, finansiering te bied.[105] Voorbeelde van sodanige finansiering is die finansiering aan Pretoria Ice Cream and Food Products (Pty) Limited, Park Dry Cleaners and Launderers (Pty) Limited en Ceres Bakery (Pty) Limited. Park Dry Cleaners and Launderers (Pty) Limited het 'n lening van £6 000 gekry om hulle geboue op te rig.[106]

Hierdie ondersteuning van VESCO het private inisiatief aangemoedig en gedurende Januarie 1949 het mnr. P.R. Botha met die Springs Kwekery begin. Op 18 April 1949 is die eerste garage, wat langs die Westcliffegebou was, se deure geopen.[107] Daarna het besighede soos Park Fisheries, Williams Hunt (South Africa) Limited, Parklands Nurseries (Pty) Limited, Gladwill's Electric House en S.J. Labuschagne (Edms.) Beperk ook met besigheid begin.

Die resultaat van bogenoemde ontwikkeling was dat daar spoedig 'n behoefte vir bankdienste in Vanderbijlpark ontstaan het. Verskeie handelsbanke, soos Barclays Bank (Dominion, Colonial and Overseas Bank) Limited, het op 4 Februarie 1947 begin sake doen. Die Standard Bank van Suid-Afrika het ook mettertyd sy deure geopen en begin sake doen.[108]

1.2.6.1 GEORGANISEERDE HANDELSBELANGE

Die toetrede van private inisiatief en private ondernemings het die organisering van handelsbelange noodsaaklik gemaak. Die vinnige ekonomiese ontwikkeling het tot gevolg gehad dat die sakelui met verloop van tyd 'n belangrike rol in die ekonomiese ontwikkeling

---

103 Anon., "Vereeniging and Vanderbijlpark: amazing industrial progress recorded since end of the war", ..., p.303.

104 ***Sunday Times***, 15 Jun. 1947: report.

105 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 28, 21 Oct. 1947.

106 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 42, 12 Aug. 1949.

107 P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark*** ..., p.8.

108 ***Vereeniging News***, 31 Jan. 1947: report.

van Vanderbijlpark sou speel.[109] In 1949 was die Afrikaanse besigheidsman nog nie 'n prominente faktor in die plaaslike sakewêreld nie.[110] 'n Belangrike bydrae tot die sakelui se sukses was dat daar vanaf die laat vyftigerjare wel 'n redelike groot koperspubliek (koopkrag) in Vanderbijlpark gevestig is. Daar was egter min plaaslike ondernemings wat aan gespesialiseerde behoeftes kon voorsien. Die oorgrote meerderheid handelsondernemings het meer as een produk verkoop.[111]

Die koopkrag in Vanderbijlpark is nadelig beïnvloed deur die feit dat van die inwoners soms ook elders inkopies gaan doen het. Aangesien Vanderbijlpark betreklik na aan Johannesburg geleë is, het die koper wat iets besonders gesoek het maklik na Johannesburg gereis om die artikel te gaan soek.[112] Hierdie neiging het die posisie bemoeilik van die onderneming wat wou spesialiseer, en die uitvloei van koopkrag verder gestimuleer omdat die vestiging van gespesialiseerde winkels agterweë gebly het.[113]

Die handelsgemeenskap van Vanderbijlpark het toenemend die behoefte gevoel om georganiseerd hul stemme oor die sake van die dorp te laat hoor.[114] Handels- en verwante organisasies, soos die Kamer van Koophandel en die Publisiteitsvereniging, het gepoog om 'n positiewe invloed op die ekonomiese ontwikkeling in Vanderbijlpark uit te oefen.[115]

Die Kamer van Koophandel was die eerste handelsorganisasie in Vanderbijlpark wat gedurende Maart 1949 gestig is. Gedurende hierdie vergadering is mnr. I. Levin as die President en mnr. M.C. Dickman as die Visepresident verkies.[116]

---

109 ***Vereeniging News***, 2 Apr. 1949: report; vgl. S.P. Venter, ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing na Vanderbijlpark*** (ongep. M.A.-verhandeling, RAU, 1981), pp.60-62.

110 ***Vereeniging News***, 3 Sep. 1949: report; vgl. W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

111 M.C. Swart, Onderhoud, 31 Jan. 1992 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

112 P. van Wyk, Onderhoud, 10 Mrt. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

113 Vgl. H. du Plessis, ***Ekonomiese ontwikkelingspotensiaal van die Vaaldriehoek*** (ongep. M.Com.-verhandeling, PU vir CHO, 1985), pp.21,26,104.

114 ***Vereeniging News***, 2 Apr. 1949: report; Anon., "Vanderbijlpark: young giant, still growing", ..., pp.14,15.

115 ***Vereeniging News***, 2 Apr. 1949: report.

116 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, p.43.

Die Kamer van Koophandel se doelwitte was om die handelsake en die algemene ekonomie van Vanderbijlpark te bevorder. Hulle het ook verklaar dat hul voornemens was om met die plaaslike bestuur van die dorp saam te werk, ter bevordering en ontwikkeling van Vanderbijlpark in die algemeen.

Gedurende hul eerste maandelikse vergadering het die President byvoorbeeld genoem dat die land se belasting redelik is. Die organisasie het tydens hierdie vergadering besluit om 'n poging aan te wend om die pos- en telegraafdienste te laat verbeter.[117]

Gedurende September 1949 het die Kamer van Koophandel die taak op hul geneem om vertoë oor die verlaging van die huur van winkelgeboue tot die plaaslike landdros te rig.[118]

Een van die belangrikste dienste wat daar gedurende die vestigingstadium deur hierdie organisasie gelewer is, was hulle pogings om gunstige handelstoestande te skep. Hulle het byvoorbeeld ook gepoog om 'n busdiens in te stel om inwoners van en na die sakesentrum te vervoer. Hulle was ook aktief betrokke by die ontwikkeling van 'n plaaslike lughawe en het vertoë tot die Regering gerig om 'n spoorwegstasie op Vanderbijlpark te vestig.[119]

Op hierdie wyse het die Kamer van Koophandel 'n belangrike bydrae tot die ekonomiese ontwikkeling van die dorp gedurende die vestigingstadium gemaak.[120]

'n Organisasie soos die Publisiteitsvereniging, wat nie 'n handelsorganisasie was nie, het indirek ook 'n bydrae tot die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark gelewer.[121] Die Publisiteitsvereniging is gedurende 1955 gestig en was onder beskerming van die munisipale bestuur.[122] Die vereniging se hoofdoel was om nyweraars en entrepreneurs te oorreed om fabrieke en besighede in Vanderbijlpark te vestig. Om hierdie organisasie te steun, het die

---

117 ***Vereeniging News***, 2 Apr. 1949: report.

118 ***Vereeniging News***, 3 Sep. 1949: report.

119 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, pp.42,43.

120 L. van Niekerk, Onderhoud, 20 Jan. 1991 {Inligtingsbeampte, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

121 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

122 L. van Niekerk, Onderhoud, 20 Jan. 1991 {Inligtingsbeampte, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

Stadsraad jaarliks R2 000 aan hulle geskenk.[123] Die navorsing oor die Publisiteitsvereniging is bemoeilik deurdat die vroegste notules verlore geraak het.

Die doelwitte van die bogenoemde organisasies was 'n nuwe ervaring vir heelwat van die Afrikaners van die platteland. Daar is egter gevind dat nie baie van die Afrikaners gedurende die vestigingstadium aan sodanige organisasies behoort het nie. Die meerderheid was nog in 'n stadium waar gepoog is om die nodige huisvesting vir 'n eie gesin te verkry.

1.2.7 HUISVESTING

Gedurende die vestigingstadium het geskikte huisvesting 'n belangrike rol in die gemeenskap gespeel. Die tipe huisvesting wat 'n gesin in Vanderbijlpark kon bekostig, is gewoonlik deur hul inkomstevlak bepaal, te wete 'n woonstel, huis, meenthuis of enige ander vorm van behuising. Terselfdertyd is die totale lewenspeil van die individu en gesin ook deur die heersende pryspeile en ekonomiese welvarendheid van die land beïnvloed. Die huisvesting in Vanderbijlpark was ook bepalend vir die omgewing waarin so 'n gesin sou woon, na watter skool die kinders sou gaan, van watter vervoer gebruik gemaak sou word en watter kultuuraktiwiteite beoefen sou word. Bogenoemde faktore het gevolglik 'n direkte invloed op die ekonomiese peil en die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gehad.[124]

1.2.7.1 BEHUISING VIR BLANKE INWONERS

In hierdie behuisingsvoorsiening het VESCO 'n bepalende rol gespeel. VESCO moes naamlik die beplanning, die aanlê en die ontwikkeling van die nuwe dorp behartig en behuising vir die YSKOR-werknemers voorsien.

VESCO het gepoog om die beplanning op so 'n wyse te doen dat dit aan die vereistes van gerief, voordele en 'n aangename omgewing vir die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark kon voldoen.[125] VESCO se doel was om ook, soos wat dr. H.J. van der Bijl beplan het, 'n tuinstad vir die gemeenskap in Vanderbijlpark te ontwikkel. Met hierdie beplanning van VESCO wou hy naamlik die algemene welvaart en welsyn van die inwoners van

---

123 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, pp.43,44.

124 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 12, no. 6, Jun. 1947, p.464.

125 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 70, 27 Oct. 1952.

Vanderbijlpark voortdurend bevorder.[126] VESCO as dorpsontwikkelaar is in sy taak deur VIKOR se behuisingsmaatskappy bygestaan. VIKOR se behuisingsmaatskappy is op 15 Februarie 1947 as 'n nutsmaatskappy gestig om huisvesting vir VIKOR se werknemers te verskaf.[127]

Om die nodige huisvesting so gou moontlik te kon voorsien, het Vanderbijlpark gedurende 1942 tot 1960 dikwels soos 'n konstruksiekamp van kontrakteurs gelyk.[128] Gedurende 1943 het die eerste gesinne in YSKOR se huise ingetrek. Daar was aanvanklik ook geen teerstrate, sportfasiliteite en winkels in hierdie eerste woonbuurt nie.[129] Ontwikkeling het egter spoedig ingetree. Op 22 Maart 1944 is byvoorbeeld besluit dat YSKOR aansoek sou doen om 'n dorpsgebied op die gedeeltes wat as Uitlegte 1 en 1(a) bekend is, te vestig. Terselfdertyd is daar ook 'n gedeelte vir die ontspanningsklub gereserveer.[130]

Ontwikkeling het teen 'n ongekende spoed plaasgevind. Gedurende Junie 1947 het VESCO 26 km teerstrate, 13 km stormwaterafvoerslote en 64 km waterpype in Vanderbijlpark voorsiening gemaak. Daarbenewens is daar ook in hierdie tyd 29 km rioolpype en 20 km elektriese kabels aangelê.[131] Die uitbreiding van hierdie noodsaaklike dienste het gepoog om met die behuisingsprogram van die dag tred te hou.

Die behoefte aan bogenoemde dienste het egter steeds toegeneem.[132] Agtien maande later was VESCO genoodsaak om 27 km teerpaaie, 18 km waterpype en 35 km rioolpype by die syfer vir Junie 1947 te voeg. Gedurende 1947 het die hoeveelheid straatligte wat opgerig is al op 693 te staan gekom.[133] Die gevolg was dat dorpsgebiede vinnig uitgebrei het.

---

126 Anon., ***Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy*** {geskiedenis en vooruitsigte}, p.1.

127 Anon., "Vanderbijlpark: young giant, still growing", ..., pp.12,13.

128 P. van Wyk, Onderhoud, 10 Mrt. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

129 Anon., "Vanderbijlpark: young giant, still growing", ..., pp.14,15.

130 South African Iron and Steel Industrial Corporation Limited (ISCOR) Head-Office, Pretoria, ISCOR accession, ref. 151/60/5, vol. 1: extracts from minute of Board meeting no. 193, 22 Mar. 1944.

131 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, pp.18,19.

132 ***Vereeniging News***, 4 Jun. 1949: report.

133 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, p.19.

Die dorpsgebiede van CW 5, CW 1, CW 2, CW 6 is op 25 Augustus 1948 geproklameer, wat in der waarheid as die dorp se stigtingsdag beskou kan word.[134] Teen die einde van 1948 was daar reeds 'n totaal van 1 520 huise in Vanderbijlpark opgerig. Die meeste van dié huise is deur VESCO gebou.[135] Gedurende Junie 1949 het YSKOR se nutsmaatskappy met die tweede helfte van hul behuisingskema begin. Onder hierdie skema is 700 huise vir 'n bedrag van £840 000 opgerig.[136]

Die resultaat van dié beplanning was dat geen ongeordende groei kon plaasvind nie. Die woongebiede vir die blankes het byvoorbeeld aanvanklik rondom die bestaande sentrale sakegebied in CW 6 en die woonbuurt CW 5 ontwikkel.[137] Nieteenstaande doelgerigte beplanning en 'n druk bouprogram is daar steeds 'n woningtekort in Vanderbijlpark ondervind. Hierdie tekort was onafwendbaar want dit was in 'n groot mate 'n gevolg van die vinnige instroming van nywerheidswerkers en hul gesinne.[138] Die gevolg van hierdie verstedelikingstempo was dat selfs nie die 2 260 huise wat binne slegs drie jaar in Vanderbijlpark voltooi is, in die behoefte vir blanke behuising in Vanderbijlpark kon voorsien nie. [139]

Hierdie tekort het soms 'n nadelige invloed op die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gehad. Kinders moes byvoorbeeld noodgedwonge saam met hul ouers in losieshuise gaan woon. Die gevolg van hierdie ontwikkeling was dus dat daar ook 'n behoefte aan hotel-, losies- en woonstelakkommodasie ontstaan het. Ten einde in hierdie behoefte te voorsien, het VESCO 'n ongelisensieerde hotel op die hoek van Faraday Boulevard en Shakespearestraat opgerig. Hierdie nuwe gebou, die Park Hotel, is op 1 Februarie 1950 geopen. Dit was die eerste hotel in Vanderbijlpark. Huisvesting is aan 150 persone verskaf. Hierdie hotel is deur YSKOR se nutswinkelmaatskappy bestuur en in 1951 te koop aangebied.

---

134 Provinsie Transvaal, "Goedgekeurde dorp: Sentraal-Wes no. 2, Sentraal-Wes no. 5", proklamasie no. 191,192,193,194,195, ***Buitengewone Offisiële Koerant***, vol. 126, no. 2091, 25 Aug. 1948, pp.1,13,32,43.

135 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO *accession*, Minute of Board meeting no. 10, 26 Nov. 1945.

136 ***Vereeniging News***, 4 Jun. 1949: report.

137 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park", ..., p.467.

138 ***Sunday Times***, 16 Dec. 1951: report.

139 ***Vereeniging News***, 27 Aug. 1949: report.



Foto 7: Die konstruksie van die eerste huise, 1943.

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

Die woningnood het veroorsaak dat daar noodwendig ook met die huisvesting van vakleerlinge probleme ondervind is. Die gevolg was dat die Vanderbijlpark Koshuisvereniging op 28 September 1950 as 'n nutsmaatskappy geregistreer is. In Desember van daardie jaar is begin met die bou van 'n drieverdiepinggebou, ten bedrae van £380 000, wat as die Vakleerlingkoshuis bekend sou staan. Hierdie huisvesting is op 31 Maart 1951 met die voltooiing van twee nuwe woonstelblokke van 115 eenhede aangevul.[140]

Die invloed van behuising op die ekonomiese en kultuurvlak van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark was positief, nieteenstaande die feit dat daar heelwat probleme met die behuising ervaar is. In hierdie behuisingsvoorsieningsmaatreëls het YSKOR 'n belangrike rol gespeel. YSKOR het hom verantwoordelik gevoel vir sy werkers en het gepoog om in die behuisingsbehoeftes van sy werkers te voorsien.[141] YSKOR het in November 1954 reeds £12 miljoen aan behuising in Vanderbijlpark bestee.[142]

Hierdie tempo van behuisingsvoorsiening vir die blankes gedurende die vestigingstadium was noodsaaklik omdat daar 'n ongekende vermeerdering van blanke inwoners in Vanderbijlpark was. Vanderbijlpark se blanke bevolking het byvoorbeeld van 604 in Desember 1946 tot 7 500 in Maart 1950 gestyg.[143] In Junie 1963 het daar reeds 28 000 blankes in Vanderbijlpark gewoon. In dié tydperk het die aantal huise wat vir blankes gebou is, van 100 in Desember 1946 tot 2 526 in dieselfde maand in 1951 gestyg.[144] Sedert 1952 het VESCO nog vyf dorpsgebiede ontwikkel. Tot Junie 1963 is daar 'n totaal van 5 284 maatskappyhuise in Vanderbijlpark gebou.[145]

Die voorkoms van die wonings in Vanderbijlpark is beïnvloed deur die tempo waarteen dit gebou is. Die meeste van die wonings is blokgewys opgerig.[146] Planne vir woonhuise ter waarde van meer as R3 miljoen is in hierdie ontwikkelingstadium goedgekeur. Die idee was om ekonomiese behuising aan werkers te voorsien eerder as om eie woonplekke te

140 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of the sixth annual general meeting, 11 Jul. 1951.

141 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 60, 20 Jun. 1951.

142 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, p.23.

143 Suid-Afrika (Republiek), Departement van Statistiek, ***Bevolking van Suid-Afrika, 1904-1970***, verslag no. 02-05-12, pp.79,155,264,374.

144 ***Vereeniging News***, 27 Aug. 1949: report.

145 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, p.24.

146 ***Vereeniging News***, 4 Jun. 1949: report.

subsidieer.[147] Daarmee is die besitreg en kreatiwiteit van werknemers egter buite rekening gelaat.

Die behoeftes van die inwoners van Vanderbijlpark ten opsigte van huisvesting, werk, opleiding en ontspanning is in 'n bepaalde grondgebruikspatroon ontwikkel. Die woonbuurtgedeeltes waar YSKOR-huise opgerig is en waar private ontwikkeling plaasgevind het, het 'n informele sone-indeling van die dorp tot gevolg gehad.[148]

Behuising het daarom 'n direkte invloed op die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap en veral die kinders van Vanderbijlpark gehad. Die bevolkingsamestelling en kultuurvlak van die gemeenskap is noodwendig deur die huisvestingsbeleid van Vanderbijlpark weerspieël. Die huisvestingsprogram moes vanweë die nywerheidsinstelling vir verskillende tipes behuising, soos enkelwonings, skakelwonings en verskillende soorte woonstelle in die woongebiede voorsiening maak.[149] In die vestigingspatroon is mense ook op grond van ras geskei, wat vervolgens bespreek word.

1.2.7.2 BEHUISING VIR DIE SWART MENSE

Indirek het die swart mense se lewenspatroon ook 'n invloed op die kultuurontwikkeling van die blankes in Vanderbijlpark gehad.[150] Vir die swart arbeidskorps van Vanderbijlpark is daar volgens wetgewing van die land in afsonderlike woonbuurte voorsiening gemaak.[151] Sedert 1948 het twee swart woongebiede, naamlik Bophelong en Boipatong ontwikkel, met die veronderstelling dat die inwoners van dié twee woongebiede later na Sebokeng verskuif sou word.[152]

---

147 Anon., "Vanderbijlpark groei nog steeds", ***Yskornuus***, vol. 28, no. 8, Aug. 1963, p.19.

148 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.28.

149 ***Vereeniging News***, 4 Jun. 1949: report.

150 Vgl. F.A. van Jaarsveld (red.), ***Verstedeliking in Suid-Afrika***, p.80; ***Vereeniging News***, 8 Jan. 1949: report.

151 Vgl. T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, p.345; VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of the third annual general meeting, 8 Dec. 1948; VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 9, 24 Oct. 1945.

152 Vgl. S.P. Venter, ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing*** ..., p.63.



Foto 8: **'n Huis vir swart mense in Bophelong, 1948.**

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

Daar het ook heelwat swart mense in die dorp in die blankes se agterplase gewoon. Heelwat van die blankes se woonhuise het 'n aparte kamer met toiletgeriewe in die agterplaas gehad.[153] Alhoewel die swart mense slegs vir hul arbeid in Vanderbijlpark geduld is, het hulle mettertyd begin poog om die ekonomiese vlak van die blanke te bereik.[154]

Vir die kultuuruitlewing van die blanke in Vanderbijlpark was die swart mense se arbeid en koopkrag noodsaaklik. Hierdie swart mense was dus 'n noodsaaklike voorwaarde vir die ekonomiese ontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark. Geboue kon byvoorbeeld vinnig met die goedkoop arbeid van die swart mense opgerig word.[155] Die goedkoop arbeid van dié mense het die blanke se ekonomie bevorder en die blankes in staat gestel om na 'n hoër ekonomiese en kultuurvlak te beweeg.[156]

Die swart inwoners was nie met hul behuising in afsonderlike woonbuurte en hul ekonomiese posisie tevrede nie. Reeds vanaf die vestigingstadium het hierdie ontevredenheid van die swart mense hul verhouding met die blankes benadeel.[157] Die blankes is uit weerwraak deur swart mense beroof of hul eiendom is beskadig.[158]

1.2.8 DIE EKONOMIESE INFRASTRUKTUUR

Naas behuising het die ekonomiese infrastruktuur van Vanderbijlpark 'n belangrike invloed op die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark gehad. Dit was die teenwoordigheid van steenkool in die gebied wat aanvanklik vir die totstandkoming van pad- en spoorverbindings verantwoordelik was. Hierdie verbindings was noodsaaklik vir die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark. Die eerste pad- en spoorverbinding is met Vereeniging en Viljoensdrift as nodale punte ontwikkel. Die oprigting van kragsentrales met 'n kragnetwerk en die totstandkoming van 'n watervoorsieningsnetwerk kan ook direk aan die teenwoordigheid van steenkool gekoppel word.

---

153 M.C. Swart, Onderhoud, 11 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

154 ***Vereeniging News***, 8 Oct. 1949: report; kyk ook hoofstuk 9, p.380.

155 ***Vereeniging News***, 20 Aug. 1949: report.

156 Vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek*** ..., p.165; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Aug. 1949: report.

157 ***The Vaal Tribune***, 27 Apr. 1949: report; kyk hoofstuk 9, pp.380,381.

158 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Aug. 1949: report.

1.2.8.1 DIE PADNETWERK

Met die totstandkoming van die YSKOR-werke was die ontwikkeling van die padnetwerk noodsaaklik vir die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark. Hierdie ontwikkeling is in 1943 deur teerpadverbindings met Parys, Randfontein en Heidelberg bevorder.

Wat die gebied suid van die Vaalrivier betref, is ontwikkeling in Vanderbijlpark ook bevorder deurdat die wapad vanaf Viljoensdriftstasie na Coalbrook en Wolwehoek in 1940 geteer en Vanderbijlpark en Vereeniging sodoende met Kroonstad en Bloemfontein verbind is.[159] Die Vanderbijlpark-Vereeniging-Coalbrookroete was, met die stigting van die Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie (SASOL) 1 in 1950, die enigste teerpad wat naby die voorgestelde SASOL-terrein verbygegaan het. 'n Sekondêre pad het Coalbrook in 1944 met Baddrift aan die Vaalrivier verbind, vanwaar daar met 'n baie swak grondpad (feitlik net twee spore) oor 'n afstand van ongeveer 3,2 km na die grondpad na Lochvaal gery kon word, wat weer na die ooste by die teerpad tussen Parys en die ontwikkelende dorpie Vanderbijlpark aangesluit het.[160]

Vanderbijlparkers moes noodgedwonge, by Baddrift aan die Vaalrivierkant, van die Baddriftpont gebruik maak om oor die rivier te kon gaan. Inwoners van Vanderbijlpark het tot 1954 van hierdie pont gebruik gemaak. Gedurende 1955 het die weermag 'n tydelike brug oor die rivier by Baddrift gebou. Hierdie tydelike konstruksie het getoon hoe waardevol 'n permanente brug sou wees. Later in 1955 is daar begin met die bou van 'n permanente brug. Die Baddriftbrug is op 10 Augustus 1956 vir verkeer oopgestel en het die reistyd vanaf Sasolburg na Vanderbijlpark met 'n derde verminder.[161] Tesame met die bou van dié brug is die padverbinding ten noorde en suide van die brug ook aansienlik verbeter.

Met die totstandkoming van Vanderbijlpark was die hoofpad tussen Vereeniging en Parys (Barragepad), asook die pad tussen Vereeniging en Potchefstroom, reeds geteer.

Die beplanners het gepoog om tred te hou met die padnetwerk in Vanderbijlpark en die strate is so gou moontlik geteer. Teen 1952 was die meerderheid strate in dorpsgebiede CW 1, CW 2, CW 3, CE 1, CE 2, CW 5 en CW 6 reeds geteer.

---

159 R.M. Schmitt, ***'n Ekonomies-geografiese ondersoek na enkele aspekte van die petrochemiese nywerheid te Sasolburg*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1979), p.39.

160 Vgl. Unie van Suid-Afrika, Topokadastrale kaartreeks, Vereeniging 2627 DB, skaal 1:50 000.

161 ***Sasolnuus***, 16 Sep. 1956: berig.

1.2.8.2 DIE SPOORWEë

Ten opsigte van spoorverkeer was Vanderbijlpark noodwendig op Vereeniging se stasie aangewese. Vereeniging was die eerste dorp in die Transvaal wat spoorfasiliteite bekom het toe die Kaapse spoorlyn die dorp in 1892 bereik het. In 1893 is dit verder tot by Pretoria gebou.

Met die ontwikkeling van Vanderbijlpark as nywerheidstad het noodsaaklike spoorverbindings aandag geverg. Spoorverbinding met die Witwatersrand en Pretoria via Vereeniging het meegebring dat die Suid-Afrikaanse Spoorweë (SAS) gedurende die vyftiger- en vroeë sestigerjare verskeie uitbreidings asook verbeterings aan die spoorverbindings oor Vereeniging aangebring het.

- Vereenigingstasie is herbou en gemoderniseer.
- Die Vereeniging-Germistontrajek oor Meyerton is verdubbel en geëlektrifiseer (1959).
- Die Vereeniging-Johannesburgspoorlyn oor Langlaagte is verdubbel en geëlektrifiseer (1960).
- Die spoorverbinding met Kroonstad is verdubbel en geëlektrifiseer.
- 'n Spoorlyn is na Grootvlei aangelê om steenkool vanaf Grootvlei na die Klipkragstasie te vervoer.
- Spoorverbinding met Potchefstroom is in 1965 voltooi.
- Leeuhof is as goedererangeerwerf vir die Vaaldriehoek in gebruik geneem, wat die druk op Vereenigingstasie aansienlik verlig het.

Hierdie ontwikkeling het nywerhede in Vanderbijlpark ook positief beïnvloed. Die swaarnywerheidsgebiede kon naamlik van private sylyngeriewe gebruik maak. Die YSKOR-werke is vanaf die Leeuhofrangeerwerf van syspore voorsien.[162]

1.2.8.3 DIE VLIEGVELDE

VESCO het gedurende 1945 'n vliegveld ten weste van Vanderbijlpark aangelê. Vroeër moes Vanderbijlparkers tydelik van Vereeniging se vliegveld gebruik maak, wat reeds in

162 Suid-Afrika (Republiek), Kantoor van die Eerste Minister, ***Vaalrivierkompleks: ontwerpgidsplan 1980***, pp.35 e.vv.; A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid ...***, p.235.

1933 ten noorde van die sentrale dorpsgebied gebou is.[163] Hierdie terrein is egter spoedig deur die stedelike ontwikkeling ingehaal en nuwe dorpsgebiede het dit feitlik heeltemal omring. Daar is gevolglik besluit om 'n nuwe vliegveld verder ten noorde van Vereeniging te ontwikkel.[164]

Vanderbijlpark se vliegveld is later deur die Stadsraad van Vanderbijlpark oorgeneem. Hierdie vliegveld is buite die beheergebied van Jan Smuts geleë.

1.2.8.4 DIE WATERVOORSIENING

Die Vaalrivierontwikkelingskema het voldoende waterbronne vir verdere nywerheidsontwikkeling beskikbaar gestel, en het ook tot die vestiging van YSKOR te Vanderbijlpark bygedra.[165] Die Vaalrivierontwikkelingskema, Wet no. 38/1934, wat in 1934 deur die Parlement goedgekeur is, het aan die Randwaterraad die reg gegee om ook aan verbruikers buite sy voorsieningsgebied water te lewer.[166]

Die Vaaldam, wat in 1934 voltooi is, sou aan die Randwaterraad voldoende water voorsien om sy verpligtinge teenoor sy voorsieningsgebied na te kom.[167]

Vanderbijlpark het sedert die beginjare van die dorp by die Randwaterraad se watervoorsieningsnetwerk ingeskakel en is van water vanaf die raad se Vereenigingpompstasie voorsien. Ru-water vir nywerheidsgebruik is ook by die Barragepompstasie uit die Vaalrivier onttrek. Vanderbijlpark ontvang dus sy water vanaf die belangrikste watervoorsieningsinstelling in die land, naamlik die Randwaterraad. Die pomp- en suiweringstasies, Zuikerbosch en Vereeniging, wat onderskeidelik oos en suid van Vereeniging geleë is, is belangrike skakels in dié waterverskaffingsnetwerk.

Groot hoeveelhede ondergrondse water word in die dolomietgebiede ten noorde van Vereeniging en in Meyerton aangetref. Hierdie water word hoofsaaklik vir landboudoeleindes

---

163 ***Vereeniging News***, 2 Mar. 1945: report.

164 Suid-Afrika (Republiek), Kantoor van die Eerste Minister, ***Vaalrivierkompleks: gidsplan 1982***, p.52.

165 A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid ...***, p. 21; ***The Vaal Tribune***, 18 May 1949: report.

166 F.O.F. van Aswegen, ***Die geskiedenis van Vereeniging, 1912-1939*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1957), pp.65,67.

167 J.H. Cronje, ***Die ontwikkeling van die toerismepotensiaal van die oewergebiede in Vereeniging*** (ongep. B.Art. et Scien.-skripsie, PU vir CHO, 1989), p.75.

en huishoudelike gebruik in die kleinhoewegebiede en plaasgebiede rondom Meyerton aangewend. Boorgate word ook as belangrikste bron van water op kleinhoewegebiede en plase in die Vanderbijlparkdistrik aangewend.

1.2.8.5 DIE KRAGVOORSIENING

Die eerste kragstasie in die gebied was die Vereenigingkragsentrale, wat in 1912 op die oewer van die Vaalrivier naby die Unie Staal Korporasie (van Suid-Afrika) Beperk (USKO) deur die destydse Victoria Falls and Transvaal Power Company (VFTPC) opgerig is. Dit geniet die onderskeiding dat dit die eerste Suid-Afrikaanse kragstasie was wat op 'n steenkoolmyn gebou is.[168] Die krag wat hier opgewek is, is deur hoëspanningsdrade 58 km verder na die Witwatersrand gelei. Die kragstasie het 'n aanvanklike kapasiteit van 12 000 kW gehad, wat later tot 160 000 kW verhoog is.[169]

Die VFTPC wou sy leweringsvermoë aan die Witwatersrandse goudmyne verhoog. Ten einde Sir Bernard Price, Voorsitter van die elektriese maatskappy, te oorreed om 'n tweede kragstasie in Vereeniging op te rig, het Amalgamated Collieries ('n filiaal van Vereeniging Estates) die reg verkry om 'n steenkoolmyn op die eiendom van McKay Estates te begin. 'n Ooreenkoms is met die elektriese maatskappy bereik waarvolgens laasgenoemde 'n terrein aangrensend aan die Springfieldmyn sou bekom, en waarvandaan die steenkoolvoorraad verkry sou word. Die gevolg was dat die Kliprivierkragstasie in 1936 ongeveer 13 km noord van Vereeniging naby Redan opgerig is.[170] By voltooiing was dit die grootste stoomaangedrewe kragstasie in die suidelike halfrond en het dit 'n vermoë van 434 MW gehad.[171]

Kragstasies soos die Vaal- (1939) en Taaiboskragstasie (1954), wat later ontwikkel is, is in die suidoostelike gebied van die Vaaldriehoek geleë.

Gedurende die vestigingstadium was Vanderbijlpark vir sy elektrisiteitsvoorsiening van die Vereenigingkragstasie afhanklik. Die ontwikkeling van groter kapasiteit in hierdie

---

168 Suid-Afrika (Republiek), Kantoor van die Eerste Minister, ***Vaalrivierkompleks: gidsplan 1982***, p.54.

169 P.J.J. Prinsloo (red.), ***Yskor Vanderbijlpark-werke, 1943-1993*** (ongep. verslag, Navorsingseenheid vir Industrialiserings- en Vaaldriehoekse Geskiedenis (NIVG), PU vir CHO, Des. 1992), pp.33,34; R.L. Leigh, ***Vereeniging: South Africa***, p.66.

170 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...***, p.183.

171 R.L. Leigh, ***Vereeniging: South Africa***, p.82.

kragsentrale was dus noodsaaklik vir die vestiging en ontwikkeling van Vanderbijlpark as nywerheidstad.

In 1948 het die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (ESKOM), wat die ander elektrisiteitmaatskappye oorgeneem het, volle beheer vir die voorsiening van elektrisiteit aan die dorp oorgeneem.

1.2.9 SAMEVATTING

Die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark het gedurende die vestigingstadium 'n invloed op die kultuurontwikkeling van die blanke inwoners van Vanderbijlpark gehad.[172] Die rede hiervoor was dat die kultuurvlak van 'n mens dikwels in 'n groot mate deur sy ekonomiese vlak bepaal word.

Die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap is positief beïnvloed deurdat die ontwikkeling van Vanderbijlpark aan die hand van 'n unieke ontwikkelingsplan plaasgevind het.[173] Daar is voorsiening gemaak vir die funksionele skeiding van residensiële en nywerheidsgebiede, en die totstandkoming van volwaardige woonbuurteenhede wat oor hul eie plaaslike onderwys- en inkoopfasiliteite sou beskik.[174]

Vanderbijlpark was ook die eerste nuwe dorp in Suid-Afrika wat spesiaal ontwikkel en beplan was om in die behoefte van 'n groot onderneming in die staalnywerheid, naamlik YSKOR, te voorsien.[175]

Vir die plattelandse Afrikaners, waarvan heelwat na Vanderbijlpark verhuis het, het die breuk met die tradisionele lewenswyse nie altyd sonder skok plaasgevind nie. Die eis van snelle inskakeling by die nuwe ekonomiese struktuur het die Afrikaners se kultuuroptrede in Vanderbijlpark soms negatief beïnvloed.[176] Die kultuurvlak en ekonomiese ontwikkeling van

---

172 ***Vereeniging News***, 4 Jun. 1949: report.

173 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 10, 26 Nov. 1945.

174 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of a special Board meeting, 20 Jul. 1950; vgl. A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.95.

175 ***The Vaal Tribune***, 18 May 1949: report; vgl. S.P. Venter, ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing*** ..., p.2.

176 F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek*** ..., p.136.

Foto 9: Ete ter ere van Lord McGowan, 1948.

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark is egter ook positief beïnvloed omdat die nywerheidsontwikkeling werksgeleenthede geskep het.

Hierdie positiewe ekonomiese ontwikkeling van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark gedurende die vestigingstadium is verstewig deur die bydrae van die goedkoop arbeid van die verstedelikte swart mense.

1.3 EKONOMIESE ONTWIKKELING GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1960-1978

Gedurende die voorspoedstadium was dit duidelik dat Vanderbijlpark een van die dorpe in Suid-Afrika was wat die vinnigste ontwikkeling op ekonomiese gebied getoon het.[177] Dit was inderdaad 'n sprekende voorbeeld van die pas waarteen nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika na die Tweede Wêreldoorlog versnel het.[178]

Verskeie faktore het die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark gedurende die voorspoedstadium beïnvloed.

1.3.1 DIE VERSKAFFING VAN WERKSGELEENTHEDE

Verskaffing van werksgeleenthede is vanselfsprekend belangrik vir die ekonomiese ontwikkeling van 'n gemeenskap. Gedurende die voorspoedstadium was werksgeleenthede in Suid-Afrika en ook in Vanderbijlpark volop.[179] In die metalebedryf het die werksgeleenthede vir blankes sedert 1956 met 73% gestyg, terwyl die vir swart mense met 48% gestyg het.[180] Die proses van meganisasie en outomatisasie het veroorsaak dat meer opgeleide mense, hoofsaaklik blankes, in diens geneem is, en veral dié wat oor hoër tegniese opleiding beskik het.[181]

---

177 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Oct. 1972: report; vgl. F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ..., p.17.

178 Anon., "Die Vaaldriehoek", ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 17, no. 11, Nov. 1972, p.14.

179 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

180 F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ..., p.19.

181 J.G. Riddell, Onderhoud, 20 Jan. 1984 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

In die ingenieursbedryf in Suid-Afrika, waarvan Vanderbijlpark deel was, het die werkgeleenthede vir blankes ook met 47% toegeneem, terwyl dié vir swart mense met 50% vermeerder het.[182] In Vanderbijlpark het die invloei van hoogsgeskoolde mense kultuurinvloede meegebring. Hiermee saam het kennis gegroei oor sake van aktuele belang, soos bestuurskennis, die ekonomie en politiek.[183]

1.3.2 NYWERHEIDS- EN BESIGHEIDSVERTROUE EN GROEI

Daar is gedurende die voorspoedjare groot vertroue in die nywerheids- en besigheidsinstellings in Vanderbijlpark gestel.

Die inwoners van Vanderbijlpark wat by YSKOR gewerk het, het 'n soort beroepstrots ontwikkel vanweë hul betrokkenheid by die korporasie.[184] Dit is betekenisvol dat Vanderbijlpark juis gedurende 1965, ten tye van die 21 jarige feesjaar, sy grootste en belangrikste groei en ontwikkeling getoon het.[185] Gedurende 1965 was daar reeds 8 000 blanke werknemers aan die dorp se nywerhede verbonde. Hiervan was YSKOR en VIKOR die belangrikste werkgewers. Die grootste pro rata-nywerheidsoppervlakte in die Republiek van Suid-Afrika (RSA), wat 64,65% en 51,03% van die stedelike oppervlakte beslaan, word in Vanderbijlpark en Sasolburg aangetref.[186]

Vanderbijlpark, wat 'n belangrike komponent van Suid-Afrika se nywerheidsektor vorm, se bruto opbrengs vir die basiese metaalbedryf het in 1957 sowat R168 miljoen en in 1964 byna R400 miljoen beloop. Aansluitend hierby het die ingenieursbedryf, wat grootliks deur die metaalbedryf gevoed word, reeds 'n bruto opbrengs van R593 miljoen in 1957 getoon, wat in 1964 tot R900 miljoen gestyg het. Dit is dus duidelik dat die basiese metaalbedryf, in bruto opbrengs, meer as verdubbel het, terwyl die ingenieursbedryf byna dieselfde prestasies behaal het. Die staalproduksie in die RSA het ook, met die uitsluiting van gietstukke, vir die tydperk 1956 tot 1964 'n styging van ongeveer 94% getoon. Hierdie

---

182 F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ..., p.19.

183 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

184 G. Hoffman, Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

185 Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., pp.14,21.

186 H. du Plessis, ***Ekonomiese ontwikkelingspotensiaal*** ..., pp.79-81.

statistiek is 'n bewys van die mate waarin hierdie bedryf in staat was om die groeiproses van die sekondêre sektor in Vanderbijlpark te stimuleer.[187]

As gevolg van die gunstige nywerheidsgroei het die sakevertroue in Vanderbijlpark as nywerheidstad ook positief ontwikkel.[188] Hierdie vertroue in die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark het daarom groei in die munisipale waardasies tot gevolg gehad.

1.3.3 DIE ONTWIKKELING VAN DIE HANDELSORGANISASIES

Ekonomiese ontwikkeling het daartoe gelei dat die sosiale en selfverwesenlikingsbehoeftes van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark verder ontwikkel het en tot georganiseerde handel en nywerheid gelei het.[189] Verdere ontwikkeling van handelsorganisasies in Vanderbijlpark het derhalwe plaasgevind. Die georganiseerde belange van hierdie handelsorganisasies is veral deur die Afrikaanse Sakekamer van Vanderbijlpark gerig.

Die ontwikkeling van die Afrikaanse Sakekamer word kortliks bespreek, omdat die organisasie veral gedurende die voorspoedstadium, die leidende rol as die Afrikaners se belangrikste handelsorganisasie gespeel het. Baie van die besighede wat in die vroeë sestigerjare ontstaan het, is meestal deur Afrikaanse sakemanne bestuur. Hierdie mense het verkies om aan die Afrikaanse Sakekamer van Vanderbijlpark te behoort. Die Sakekamer het dus, omdat die Afrikaanse besigheidsman opgang gemaak het, gedurende die voorspoedstadium tot 'n sterk organisasie ontwikkel.[190] Die Sakekamer in Vanderbijlpark is ook by die sentrale landwye organisasie, die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI), geaffilieer en kundigheid van ander gebiede is daarom ook na Vanderbijlpark oorgedra.[191]

Die Sakekamer was gedurende die voorspoedstadium 'n samestelling van verteenwoordigers uit al die ekonomiese sektore in Vanderbijlpark.[192] Daar was boere, nyweraars, handelaars en verteenwoordigers van diensteorganisasies in die Sakekamer se ledetal verteenwoordig.

---

187 F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ..., p.17.

188 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Oct. 1972: report.

189 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Apr. 1973: report.

190 J. Vlok, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {Voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

191 ***Vaalweekblad***, 12 Okt. 1979: berig; ***Vaalweekblad***, 24 Okt. 1986: berig.

192 J. Kilian, Onderhoud, 12 Feb. 1991 {voormalige Voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Die Sakekamer was dus 'n geordende vereniging wat al die verskillende blanke kulture in Vanderbijlpark teenwoordig het.[193]

Hierdie kultuuroordrag het tot gevolg gehad dat die georganiseerde handel en nywerheid in Vanderbijlpark 'n verrykingsproses ondervind het. Terselfdertyd is ook opleiding in byvoorbeeld bestuurspraktyke en aankoopbeheer gegee. Die Sakekamer het ook boekpryse vir belowende leerlinge aangebied om entrepreneurskap te bevorder.[194] Vir die bevordering van die plaaslike ekonomie het die Sakekamer selfs gepoog om druk op die Regering uit te oefen om nadelige regulasies te verslap. Die Sakekamer wou naamlik privatisering en deregulering in Vanderbijlpark bevorder. Daar is ook deurgaans gepoog om inligting te bekom wat die lede in staat sou stel om beter te kon funksioneer.[195] Heelwat knelpunte, soos belasting wat in sekere gebiede ervaar is, is hanteer.[196]

Die Sakekamer het ook in 'n groot mate sy organisasie gebruik om die kultuurontwikkeling van die blanke sakegemeenskap ekonomies te organiseer. Hiermee is ook 'n bydrae tot die ekonomiese ontwikkeling van die blanke inwoners van Vanderbijlpark gemaak.

Die Sakekamer se betrokkenheid in Vanderbijlpark gedurende die voorspoedstadium het die volgende eindresultate gehad:

- Die bymekaarbring van verskillende sakekulture en -kultuurvlakke in Vanderbijlpark.
- Georganiseerde opheffingswerk ten opsigte van praktiese sake, opleiding en entrepreneurskap.[197]
- Kultuurbewustheid soos bewarings-, ondernemers-, diens- en gehaltebewustheid is gekweek.[198]

---

193 J. Vlok, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {Voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

194 Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, Notule, 16 Apr. 1975.

195 ***Vaalweekblad***, 24 Okt. 1978: berig.

196 Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, Nuusbrief, jg. 2, no. 2, 1985; ***Vaalweekblad***, 24 Okt. 1986: berig.

197 ***Vaalweekblad***, 31 Mrt. 1976: berig.

198 J. Vlok, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {Voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

- Die skepping van ideale by individue om die ekonomiese lewensomstandighede in Vanderbijlpark te verbeter.[199]

Samevattend kan dus gesê word dat die Sakekamer gedurende die voorspoedstadium aktief besig was om die ekonomiese ontwikkeling, en daarmee saam die kultuurontwikkeling, van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark te bevorder.[200]

1.3.4 DIE INVLOED VAN YSKOR SE UITBREIDINGSPROGRAM

YSKOR het gedurende die voorspoedstadium steeds 'n belangrike invloed op die ekonomiese ontwikkeling van die blanke gemeenskap gehad. Die korporasie het die produksiekapasiteit van die YSKOR-werke vergroot nadat die wêreldvraag na staal vergroot het. Die uitbreidingsprogram van R560 miljoen sou die produksie van staal by die werke verdubbel. Met hierdie uitbreidingsprogram sou YSKOR die ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap in Vanderbijlpark versnel. Die resultaat was dat YSKOR teen 1973 'n jaarlikse produksie van ses miljoen ton staal geproduseer het.[201]

Die ekonomiese groei van Vanderbijlpark is ook in 'n groot mate deur die hoeveelheid werksgeleenthede wat deur YSKOR verskaf is, weerspieël. Daar is byvoorbeeld beplan dat die hoeveelheid blankes wat by YSKOR werksaam was met 40% vermeerder sou word. YSKOR het derhalwe die Stadsraad van Vanderbijlpark versoek om die nodige dienste vir 4 000 woonerwe te verskaf. Hierdie getal woonerwe is egter gedurende 1973 tot 5 535 erwe vermeerder.[202]

Dié verbasende groei van Vanderbijlpark is ook duidelik op ander terreine waargeneem. Bouplanne ter waarde van R6 136 880 is gedurende die voorspoedstadium goedgekeur.[203] Dié groeitempo word ook in die munisipale waardasies van die dorp weerspieël. Die totale munisipale waardasie van die dorp het binne drie jaar met R6,5 miljoen tot meer as R43

---

199 Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, Korrespondensie: brief aan G. van N. Viljoen {Lid van die Parlement (LP) vir Vanderbijlpark}, 22 Apr. 1986.

200 Vgl. Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1979.

201 P.J.J. Prinsloo (red.), ***Yskor Vanderbijlpark-werke*** ..., p.108; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 Jul. 1973: report.

202 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 Nov. 1973: report.

203 F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ..., pp.17-21.



Foto 10: YSKOR-werke, Vanderbijlpark.

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

miljoen gestyg. Dit was 'n besondere styging wat moeilik deur soortgelyke dorpe oortref kon word.[204]

Die ontwikkeling van YSKOR het ook immigrasie bevorder. Gedurende die sewentigerjare is gemiddeld 60 nuwe immigrantgesinne per maand in Vanderbijlpark gevestig. Hierdie gesinne was by YSKOR en VIKOR werksaam.[205] Die immigrante het nuwe en besondere kundigheid en nuwe saketegnieke met hul saamgebring. Dit het ook 'n invloed op die werketiek gehad, omdat hulle kultureel anders op arbeid ingestel was. Dit kan as 'n heilsame invloed op die plaaslike ekonomiese ontwikkeling beskou word.

Die uitbreiding by YSKOR het ook 'n stimulerende invloed op die ontwikkeling van ander nywerhede gehad. Metal Box is byvoorbeeld gedurende 1952 in Vanderbijlpark opgerig. Gedurende 1973 was daar reeds 500 blankes en 1 500 swart mense by die maatskappy werksaam.[206]

Metal Box vervaardig blikkies en die produkte word oor die hele land versprei, wat 'n belangrike inkomste vir die blanke inwoners van Vanderbijlpark gebied het. Metal Box is die grootste koper van YSKOR se tinplaat. Teen die sewentigerjare is ongeveer 40 000 metrieke ton van hierdie tinplaat van YSKOR deur Metal Box aangekoop.[207]

Dit is duidelik dat YSKOR se uitbreidingsprogram gedurende die voorspoedstadium stukrag aan die ekonomiese ontwikkeling in Vanderbijlpark verleen het.

1.3.5 SAMEVATTING

Die plaaslike nywerheidsontwikkeling, met YSKOR in die hoofrol, het ook gedurende die voorspoedstadium 'n belangrike invloed op die dorp se ekonomiese ontwikkeling gehad. In Januarie 1963 was daar reeds 'n totale bevolking van 50 000 in Vanderbijlpark aanwesig, waarvan 24 000 inwoners blankes was. Vanderbijlpark is daarom as een van die groot dorpe in Transvaal beskou.[208] As gevolg van hierdie vinnige ekonomiese groei het die gemeenskap van Vanderbijlpark 'n besonder optimistiese toekomsvisie gehad.[209]

---

204 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Apr. 1973: report.

205 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 7 Jul. 1972: report.

206 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Apr. 1973: report.

207 A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa*** ..., p.15.

208 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ***Municipal Affairs***, vol. 28, no. 329, Jan. 1963, pp.11,14,29.

Daar is gedurende die voorspoedstadium drome oor Vanderbijlpark gedroom.[210] Positiewe voorspellings was aan die orde van die dag, byvoorbeeld dat daar in die toekoms 'n groot konsentrasie van nywerhede in die Vaaldriehoek sou wees.[211] Dit sou die Vaaldriehoek op dieselfde vlak as die Ruhrvallei in Wes-Duitsland, die Pittsburggebied in die Verenigde State en die Birminghamgebied in die Verenigde Koninkryk plaas.[212] Die ***Munisipale Tydskrif*** van Desember 1964 het byvoorbeeld berig dat in 1965 ongeveer R240 miljoen in die ontwikkeling van die gebied investeer sou word.[213]

As gevolg van hierdie ekonomiese groei was daar gedurende 1972 ongeveer 10 000 voltooide huise en 3 500 woonstelle vir inwoners beskikbaar. Daar is ook 92 openbare geboue, 100 kommersiële geboue, ses hotelle en 50 nywerheidsgeboue opgerig. Daarbenewens is die dorp vir 'n blanke inwonertal van 70 000 teen 1975 beplan.[214]

Daar is beplan om vervaardigingsfasiliteite vir die basiese kommersiële verwerking van staal te ontwikkel. Dit sou die Republiek in staat stel om met 'n groter mate van sukses die uitvoermark te betree. 'n Belangrike voordeel was dat die verbruik van staal, wat teen 'n betreklike lae koste beskikbaar gestel is, aangewend kon word om klaarvervaardigde produkte te maak wat makliker sukses op die uitvoermark kon behaal.[215]

Die voorspoedstadium is ook deur die sakevertroue gekenmerk wat in Vanderbijlpark as nywerheidsgebied gestel is.[216] Hierdie vertroue is deur berigte in die pers en uitsprake soos: "Vanderbijlpark: the boom town" gesterk.[217]

---

209 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 11 Feb. 1972: report.

210 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 Dec. 1972: report.

211 Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., pp.14,21.

212 F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ..., pp.17,21.

213 Anon., "The massive Vaal Triangle: a fountainhead of industry on a mighty river", ***South African Municipal Magazine***, vol. 46, no. 567, Dec. 1964, pp.6-8.

214 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Oct. 1972: report.

215 F.P. Jacobsz. "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ..., pp.17,21.

216 ***Vaalweekblad***, 12 Okt. 1979: berig.

217 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 Dec. 1972: report.

1.4 EKONOMIESE ONTWIKKELING GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992

Vanaf die laat sewentigerjare het die ekonomiese ontwikkeling in Vanderbijlpark gestabiliseer. Die positiewe siening van die voorspoedstadium het mettertyd afgeplat en sakevertroue het selfs negatief geword. 'n Verswakte ekonomie het gedurende die stabiliseringstadium 'n negatiewe invloed op die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark gehad.[218] Verskeie faktore was vir hierdie verswakte ekonomie verantwoordelik.

1.4.1 VERSWAKTE ONTWIKKELING VAN DIE SAKESENTRUM

Die ontwikkeling van die sakesentrum was gedurende die stabiliseringstadium nie meer na wense nie, aangesien dit nie meer in al die behoeftes van die gemeenskap voorsien het nie. Die dorpsbeplanningskema vir Vanderbijlpark, wat in 1961 goedgekeur is, moes reeds gedurende 1977 hersien word.[219] Die beplanning is egter vertraag deurdat VESCO al die grond wat nie deur YSKOR in beslag geneem is nie, ontwikkel en bemark het. Dit het veroorsaak dat VESCO die ontwikkelingstempo van die stadsentrum bepaal het. Nadat die stadsentrum geproklameer is, het die finale oordrag van strate en oop ruimtes eers in 1976 aan die plaaslike owerheid plaasgevind.[220]

Die ekonomiese ontwikkeling van die sentrale sakesentrum is ook vertraag omdat daar met die proklamasie reeds sewe woonbuurtsakesentrums in die omliggende woonbuurte gevestig was.[221] Die groter besigheidserwe wat die naaste aan die sentrale sakesentrum was, is eers na 1975 ontwikkel. Hierdie vertraagde ontwikkeling het veroorsaak dat die sentrale sakesentrum met 'n agterstand en sterk mededinging begin het. In 'n poging om hierdie agterstand in te haal, is die OK Bazaars van CW 2 na die sentrale sakesentrum verskuif.[222]

Benewens hierdie bogenoemde agterstand is die sakesentrum se ontwikkeling ook benadeel omdat Vanderbijlpark slegs tien minute per motor van Vereeniging se veel groter

---

218 ***Vaalster***, 14 Nov. 1986: berig; ***Vaalster***, 7 Okt. 1988: berig.

219 Vgl. S.P. Venter, ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing*** ..., pp.50,51.

220 Anon., "Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 17, no. 10, Oct. 1952, pp.912,913.

221 Anon., "Vereeniging and Vanderbijlpark: amazing industrial progress recorded since end of the war", ..., pp.300,303,305.

222 Vgl. S.P. Venter, ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing*** ..., p.64.

sakesentrum geleë was.[223] Daarbenewens was die meeste owerheidstreekskantore ook in Vereeniging gesetel.[224] Die nabyheid van Vereeniging het veroorsaak dat die sakesentrum van Vanderbijlpark soms slegs 'n aanvullende funksie vervul het. Hierdie toedrag van sake het die groei en ontwikkeling van die sakesentrum, en dus ook die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark, vertraag.[225]

1.4.2 NASIONALE EKONOMIESE TENDENSE VAN DIE TAGTIGERJARE

Aangesien Vanderbijlpark 'n integrerende deel van Suid-Afrika is, is die dorp se ekonomiese ontwikkeling ook deur die ekonomie van die hele land beïnvloed. Die verswakte landsekonomie van die tagtigerjare is ook in Vanderbijlpark se ekonomiese ontwikkeling weerspieël.[226]

Ekonomiese groei in Vanderbijlpark is vertraag nadat Suid-Afrika se ekonomiese groei gedurende dié dekade, gemeet aan die bruto binnelandse produk (BBP), op 'n gemiddelde jaarlikse koers van 2,0% te staan gekom het. Die nadeel lê daarin dat, met 'n geraamde bevolkingsaanwas van 2,5% per jaar, die per capita-BBP gedurende dié tydperk dus gedaal het.[227]

Die swak ekonomiese groei is verskerp deur die onaanvaarbaar hoë inflasiekoers, wat nie los gestaan het van die owerheid se aansienlike probleme om staatsbesteding binne die perke te hou nie. Die hoë inflasiekoers het ook die blanke inwoners van Vanderbijlpark armer gemaak.[228] Teen die begin van 1981 het die lopende rekening van Suid-Afrika daarom na 'n tekort omgeswaai.[229]

---

223 Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., pp.14,21.

224 T.B. Floyd, "Geskiedenis van stadsbeplanning in Suid-Afrika", deel 1, ***Munisipale Aangeleenthede***, vol. 24, Mrt. 1959, p.31.

225 Vgl. S.P. Venter, ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing*** ..., pp.50,70.

226 ***Vaalster***, 7 Okt. 1988: berig; ***Die Vaderland***, 9 Jun. 1983: berig.

227 Vgl. South African Reserve Bank, ***Quarterly Bulletin***, no. 179, Mar. 1991, pp.3-23; Suid-Afrika Stigting, ***Beknopte feitebron, 1991***, p.11.

228 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

229 Vgl. South African Reserve Bank, ***Quarterly Bulletin***, no. 179, Mar. 1991, pp.3-23; Suid-Afrika Stigting, ***Beknopte feitebron, 1991***, p.17.

Foto 11: **Ekonomiese ontwikkeling in Vanderbijlpark gedurende die tagtigerjare.**

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Inligtingskantoor, Fotoversameling.

Die gevolglike sterk deflasionistiese inslag van die nasionale begroting van Maart 1982 is in 1983 deur 'n neutrale begroting gevolg. Ongelukkig vir die ekonomiese groei het die skerp styging in invoere, vanweë 'n hoër binnelandse vraag, verder daartoe bygedra dat die lopende rekening weereens na 'n tekort teruggesak het. Na 'n laagtepunt in Februarie 1984 het inflasie weer vinnig begin versnel. In Vanderbijlpark was dit teen die einde van 1984 duidelik dat die ekonomie 'n resessiefase betree het. Die resultaat van die swak ekonomiese groei van Suid-Afrika was dat werkloosheid begin toeneem het, en dat fabrieksproduksie skerp gedaal het. Dit het veral Vanderbijlpark swaar getref, omdat die plaaslike ekonomie so sterk op fabrieksproduksie aangewese is.[230]

Nadat werkloosheid in Vanderbijlpark toegeneem het, was daar heelwat berigte in die plaaslike pers van armoede wat onder die blankes in Vanderbijlpark voorgekom het.[231] Mense se ekonomiese situasie is noodwendig deur hierdie toestand geraak en dit het gevolglik 'n invloed op die kultuurvlak van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gehad.[232]

1.4.3 YSKOR AS GROOTSTE WERKVERSKAFFER

Die feit dat YSKOR die hoofwerkverskaffer in Vanderbijlpark is, het ook 'n belangrike invloed op die ekonomiese vlak van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gehad.[233] Die oorheersende rol wat nywerhede in die ekonomie van Vanderbijlpark gespeel het, was van nasionale en internasionale belang.[234]

YSKOR is 'n voorbeeld van die internasionale belang.[235] Gedurende die tagtigerjare was 47,4% van Vanderbijlpark se blankes by YSKOR werksaam.[236] Hierdie afhanklikheid van een enkele werkgewer was ongesond. Dit het veroorsaak dat YSKOR se

230 ***Vaalweekblad***, 25 Okt. 1983: berig.

231 ***Vaalweekblad***, 25 Okt. 1983: berig.

232 ***Vaalster***, 7 Okt. 1988: berig.

233 G. Hoffman, Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

234 ***Vaalweekblad***, 25 Okt. 1983: berig; ***Beeld***, 21 Jan. 1984: berig.

235 G. Hoffman, Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

236 A. Nieuwoudt, "'n Model vir die verkenning van die verspreide stad" {Vaaldriehoek}, ***South African Geographer***, vol. 15, no. 1, Sep. 1987, pp.73,84.

rasionaliseringsprogram 'n groot aantal blankes van Vanderbijlpark tegelyk werkloos gelaat het. 'n Groot hoeveelheid gesinne in Vanderbijlpark het daarom swakker ekonomiese toestande beleef. Daar was ook beperkings op oortyd en dit het veroorsaak dat mense se huishoudelike begrotings nie meer geklop het nie. Hierdie werkloosheid as gevolg van rasionalisasie het dus noodwendig 'n negatiewe invloed op die kultuurvlak van die blanke gesin van Vanderbijlpark gehad.[237] Noodwendig het die werkloosheid ook die koopkrag in Vanderbijlpark nadelig beïnvloed.

1.4.4 VERSWAKTE KOOPKRAG IN VANDERBIJLPARK

Gedurende die tagtigerjare het die koopkrag in Vanderbijlpark verswak. Alhoewel Vanderbijlpark oor genoeg handelsfasiliteite beskik het, het dit duidelik geword dat daar 'n groot koopkraguitvloei was.[238] 'n Opname wat in 1978 gedoen is, toon dat 40,2% van die blankes en 58,6% van die swart mense van die Vaalrivierkompleks glad nie in die stadsentrum van Vanderbijlpark gekoop het nie.

Die koopkrag van Vanderbijlpark is ook as gevolg van die ligging en toeganklikheid van die sakesentrum vir swart mense verswak. Sebokeng se 133 000 inwoners het teen 1981 ook meer in die Vereenigingstadsentrum inkopies gedoen, omdat daar beter trein- en busverbindings na Vereeniging was. Die koopkraguitvloei het met die koms van die Pick & Pay-hipermark te Bedworthpark nog groter geword.[239]

Die koopkrag is ook beïnvloed deur die verlaagde inkomste van die blankes sowel as die gesinsgrootte gedurende die vroeë tagtigerjare.[240] Die gesinsgrootte in Vanderbijlpark was gedurende 1978 gemiddeld 3,9 persone. Dit was ietwat groter as die gesinsgrootte van die res van die Vaalrivierkompleks. Dit verklaar die laer per capita-inkomste, wat ook 'n invloed op die bestedingspatroon gehad het.[241]

Wette en regulasies het ook 'n invloed op die koopkrag van Vanderbijlpark gehad, omdat voorskrifte dit moeilik gemaak het vir entrepreneurs om aan die gang te kom. Wette en

---

237 ***Vaalweekblad***, 25 Okt. 1983: berig.

238 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

239 Vgl. S.P. Venter, ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing*** ..., pp.70,72.

240 ***Vaalweekblad***, 21 Sep. 1984: berig.

241 Vgl. S.P. Venter, ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing*** ..., pp.64,70.

regulasies van die sentrale regering, die provinsie en plaaslike owerhede het ook nie altyd gesinchroniseer nie. Wette soos die Doeane- en Aksynswet (no. 91/1964), die Wet op Mate en Gewigte (no. 13/1958), die Naturellebelastings- en Ontwikkelingswet van 1925 en talle ander wette het in 'n mindere of meerdere mate 'n invloed op bedrywe uitgeoefen.[242]

Die verswakte koopkrag in Vanderbijlpark was 'n aanduiding van die verswakte ekonomiese omstandighede van die dorp se inwoners. Dit word weerspieël in die groot hoeveelheid sekwestrasies wat in Vanderbijlpark plaasgevind het. Sekwestrasie van individue het in dié tydperk algemeen in Vanderbijlpark voorgekom. Fabrieke en sakeondernemings is ook gesekwestreer.[243] Dit het tot verdere werkloosheid en die verlaging van koopkrag gelei.[244] In dié tydperk is daar byvoorbeeld tot 19 sekwestrasies in een week in Vanderbijlpark gerapporteer. Sekwestrasies het elke week voorgekom, wat veroorsaak het dat daar weekliks blanke gesinne in Vanderbijlpark haweloos gelaat is.[245]

1.4.5 DIE POLITIEK

Die ekonomiese bestel van Vanderbijlpark was ook onderhewig aan 'n samehang van politieke en juridiese faktore in die RSA.[246] Hierdie faktore was onder andere die apartheidsbeleid, wat tot die toenemende neiging van vakbondvorming en die toenemende internasionale isolasie van Suid-Afrika se ekonomiese moontlikhede deur middel van sanksies gelei het.[247] Die optrede van die Regering het op 'n indirekte wyse 'n invloed op die ekonomie van Vanderbijlpark gehad.[248]

---

242 Vgl. J.J. du Plessis, ***Die kosteprobleem as gevolg van wetgewing in Suid-Afrika: met spesiale verwysing na kleinhandelsondernemings in die Vaaldriehoek*** (ongep. D.Com.-proefskrif, PU vir CHO, 1966), p.12.

243 ***Vaalweekblad***, 21 Sep. 1984: berig.

244 J. Vlok, Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

245 ***Vaalweekblad***, 14 Sep. 1984: berig.

246 J.E. Coetzee, ***'n Kritiese analise van finansiële bestuur soos toegepas deur die agentskaphouer in die Suid-Afrikaanse kleinhandelmotorbedryfstak: met spesiale verwysing na die PWV-gebied*** (ongep. D.B.A.-proefskrif, UP, 1980), p.40; ***Vaalster***, 7 Okt. 1983: berig.

247 ***Vaalster***, 7 Sep. 1984: berig.

248 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief op die implementering van die strategie vir nywerheidsontwikkeling*** (ongep. referate gelewer tydens 'n simposium oor "n Nywerheidsperspektief op die implementering van die strategie vir nywerheidsontwikkeling', Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO, Vanderbijlpark, 5-6 Jun. 1986), p.354.

1.4.5.1 EKONOMIESE ONTWIKKELING EN DIE POLITIEK

Die ekonomiese ontwikkeling in Vanderbijlpark is in 'n groot mate deur die politieke omstandighede in Suid-Afrika beïnvloed.[249] 'n Groot probleem in die lewenspatroon van die inwoners van Suid-Afrika en ook Vanderbijlpark is dat die Derdewêreldsektor en die Eerstewêreldsektor langs mekaar in die ekonomiese bestel moes funksioneer.[250]

Hierdie toestand het veroorsaak dat verskeie politieke faktore 'n invloed op die ekonomie in Vanderbijlpark gehad het. Daar was byvoorbeeld 'n tekort aan geskoolde mannekrag.[251] Dit het veroorsaak dat daar by die nywerheidsektor lae produktiwiteit was, wat tot kunsmatige stimulasiemaatreëls gelei het.[252] Die nywerhede het ook nie aan die vereistes om internasionaal mededingend te wees, voldoen nie. Nywerhede het veral gedurende die laaste dekade swak presteer.[253] Die politieke beleid het ook 'n invloed op private ondernemerskap en verbruikersvryheid of die gebrek daaraan gehad. Dit het weer 'n invloed op die ekonomiese omstandighede van die inwoners van Vanderbijlpark gehad.[254]

Vanderbijlpark se ekonomiese omstandighede is verder geraak deurdat die Regering vanaf die tagtigerjare 'n ekonomiese stelsel nagestreef het waarin owerheidsinmenging en -beheer tot die minimum beperk was. Deur hierdie maatreëls moes die ekonomiese aktiwiteite van die individu en private ondernemers so ver moontlik deur markkragte gekoördineer word. Die invloed van hierdie maatreëls in Vanderbijlpark was beperk, want deregulering het baie stadig plaasgevind.[255]

---

249 ***Vaalweekblad***, 29 Mei 1984: berig.

250 ***Vaalweekblad***, 21 Mei 1976: berig.

251 ***Vaalweekblad***, 25 Okt. 1983: berig; ***Vaalster***, 7 Okt. 1988: berig.

252 ***Vaalweekblad***, 25 Okt. 1983: berig.

253 Suid-Afrika (Republiek), Departement van Nywerheidswese, ***Verslag van die studiegroep oor strategie vir nywerheidsontwikkeling***, pp.16,17.

254 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

255 Suid-Afrika (Republiek), Departement van Nywerheidswese, ***Verslag van die studiegroep oor strategie ...***, pp.32,33.

Leiersfigure in Vanderbijlpark het besef dat, volgens die verslag van die Kleu-studiegroep en die Witskrif deur die Minister van Handel en Nywerheid, belangrike struktuurveranderinge in die nywerheidsektor nodig is.[256]

1.4.5.2 REGERINGSOPTREDE

Politieke omstandighede en die Regering se optrede het die ekonomiese ontwikkeling van die blanke gemeenskap veral gedurende die stabiliseringstadium in Vanderbijlpark beïnvloed. Aangesien die Regering YSKOR toegelaat het om te privatiseer, het heelwat mense in Vanderbijlpark hul werk verloor.[257] Werkloosheid het 'n negatiewe invloed op die ekonomiese peil van heelwat van die blanke inwoners in Vanderbijlpark gehad.[258]

Sedert 1980 was daar verder 'n daling in vaste investering in die Suid-Afrikaanse en ook in die Vanderbijlparkse fabriekswese. Dit kan in 'n groot mate aan die internasionale veldtog teen beleggings in Suid-Afrika toegeskryf word. Die finansiële boikotte, ook in Vanderbijlpark, en die noodsaak om die land se buitelandse skuld te verminder, het 'n geweldige druk op die betalingsbalans geplaas, en het nadelig op die nywerheidswese in Vanderbijlpark ingewerk.[259]

Die verbruikers- en sakevertroue in Vanderbijlpark is ook deur die voortslepende politieke onrus ondermyn. Die gevolglike hoë rentekoerse van 1984 het aanleiding gegee tot 'n algemene huiwering om lenings te finansier.[260]

Die politieke beleid van Suid-Afrika het daartoe gelei dat die swart mense, wat nie tevrede was met die politieke beleid nie, hul arbeidsmag gebruik het om politieke doelwitte te bereik.

---

256 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief op die implementering*** ..., p.354; vgl. Suid-Afrika (Republiek), Departement van Nywerheidswese, ***Verslag van die studiegroep oor strategie*** ..., p.294; ***Vaalster***, 7 Okt. 1988: berig.

257 ***Vaalweekblad***, 17 Nov. 1989: berig.

258 ***Vaalweekblad***, 25 Okt. 1983: berig.

259 Suid-Afrika (Republiek), Departement van Nywerheidswese, ***Verslag van die studiegroep oor strategie*** ..., pp.16,17; Suid-Afrika Stigting, ***Beknopte feitebron, 1991***, p.73; ***Vaalster***, 7 Okt. 1988: berig.

260 Vgl. J.J. du Plessis, ***Die kosteprobleem as gevolg van wetgewing in Suid-Afrika*** ..., p.12; Suid-Afrika Stigting, ***Beknopte feitebron, 1991***, pp.25,28.

Die nywerheid, as 'n bepalende faktor in Vanderbijlpark se ontwikkeling, is gedurende 1984 in 'n politieke konfliksituasie betrek.[261] Nywerhede het gepoog om die ekonomie te bevorder deur 'n forum te skep waarop veral die swart bevolking aan hulle politieke aspirasies kon uiting gee sonder dat dit die arbeidsituasie moes belemmer.[262] Dit was egter nie suksesvol nie, want die doelwitte van die meeste swart mense was juis om die ekonomie te verswak.

Sanksies het die blanke inwoners van Vanderbijlpark armer gemaak. Die kleredrag van die blankes het swakker as voorheen vertoon. Gedurende betaaldae by YSKOR het die blanke werkers se gesinne gesit en wag op die betaling sodat hulle kon gaan koop. Vroeër het hierdie mense oortyd gewerk en sodoende hul inkomste aangevul. Die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark se inkomste kon ook nie met die inflasie tred hou nie.[263]

Die gemeenskap was nie toegerus vir so 'n daling in hul ekonomiese peil nie, en dit het 'n negatiewe uitwerking op die kultuurvlakke van die blankes in Vanderbijlpark gehad.[264] Verskillende instansies en organisasies het gevolglik pogings aangewend om die daling in die kultuurvlak, as gevolg van die verswakte ekonomiese omstandighede, te voorkom.

1.4.6 HANDELS- EN DIENSORGANISASIES

Die volgende handelsorganisasies het veral gedurende die stabiliseringstadium maatreëls ingestel om die ekonomiese ontwikkeling in Vanderbijlpark te bevorder.[265]

---

261 ***Vaalweekblad***, 25 Okt. 1983: berig.

262 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief op die implementering*** ..., p.354.

263 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

264 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

265 ***Die Vaderland***, 19 Mrt. 1984: berig.

1.4.6.1 WERKGEWER- EN WERKNEMERORGANISASIES

As gevolg van die swak ekonomiese omstandighede was die Regering van mening dat werkgewerorganisasies belangrik vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling is.[266] Die Departement van Mannekrag het gedurende 1982 met 'n belangrike inligtingsreeks, wat oor werkgewerorganisasies gehandel het, begin. Statutêre erkenning word deur middel van registrasie ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge aan hierdie organisasie verleen. Die hoofoogmerk van dié wet is die handhawing van nywerheidsvrede deur gesamentlike bedinging. Daar is gevind dat werkgewerorganisasies hierin 'n sleutelrol vervul het. Hierdie wet het die werkgewers sowel as die werknemers bevoordeel.[267]

In Vanderbijlpark het daar ook werkgewerorganisasies ontstaan wat 'n belangrike rol gespeel het om nywerheidsvrede te bewerkstellig. Die werkgewers van Vanderbijlpark het mettertyd die voordele van gesamentlike bedinging en samewerking met werknemerorganisasies, soos vakbonde, besef. Daar is in Vanderbijlpark, soos ook elders in die land, besef dat nywerheidsonrus verskeie nadele vir 'n dorp en land inhou.[268]

1.4.6.2 DIE SENTRALE SAKEKERNKOMITEE

Die Sentrale Sakekernkomitee was 'n werkgewerorganisasie wat gedurende 1985 in Vanderbijlpark gestig is. Verskeie werkgewers en sakelui in Vanderbijlpark het aan hierdie organisasie behoort.[269]

Die doelstellings van hierdie organisasie was onder meer om die behoefte van die sakelui aan arbeidsvrede te vervul. Daar was ook 'n behoefte om mekaar in gemeenskaplike probleme te ondersteun, aan te vul en les bes die sentrale sakekern te ontwikkel.

Die Komitee het aan verskeie sake aandag gegee, soos om 'n beter inkoopgebied in Vanderbijlpark tot stand te bring. 'n Besondere inkopiesentrum en gratis parkering is ook in die sakekern beplan.[270]

---

266 ***Vaalweekblad***, 12 Okt. 1984: berig.

267 *Departement van Mannekrag, Vanderbijlpark, Inligtingsreeks no. 2: die registrasie van* werkgewersorganisasies, 8 Nov. 1982, pp.1,6.

268 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

269 Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, Notule, Nov. 1985.

270 Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1987.

Gedurende die laat tagtigerjare het die organisasie egter gevind dat die gewone man in Vanderbijlpark se besigheidsposisie nadelig deur hoofsaaklik die politieke omstandighede geraak was. Die swakker ekonomiese omstandighede het derhalwe ook die sakelui se ekonomiese posisie verswak.

Die politieke omstandighede het hierdie organisasie ook beïnvloed. Die munisipale verkiesing, wat op 'n politieke grondslag gehou is, het byvoorbeeld veroorsaak dat hierdie organisasie soms ook in politieke aktiwiteite betrokke moes raak. Hierdie betrokkenheid was buite die grondwet van die organisasie, en nie vir die lede aanvaarbaar nie.[271]

Gedurende die swak ekonomiese omstandighede het die organisasie aan die volgende sake aandag gegee:

- Die swak kommunikasie tussen die sakelui en die Stadsraad van Vanderbijlpark.
- Vaalgate-inkopiesentrum met parkeerruimte, eenrigtingstrate en die tarief van parkeergeld.
- Die poging om plaaslike handelsboikotte uit te skakel waartydens sekere winkels bankrot gespeel het.[272]
- Die poging om oplossings te vind waar handelaars as gevolg van verkeersprobleme verliese sou lei.[273]

Die organisasie het ook aan die oopstelling van handelsgebiede aan die Indiërsakelui, wat ook lede van hierdie organisasie was, aandag gegee. Die organisasie het gevind dat die Indiërsakelui besig was om 'n besondere plek in die sakekultuur van Vanderbijlpark in te neem. Gedurende 1990 was daar omtrent 70 Indiërbesighede in Vanderbijlpark. Hierdie Indiërs het na die 1988-Stadsraadverkiesing, wat op 'n politieke basis plaasgevind het, gevrees dat hulle hul winkels kon verloor. Die resultaat was dat die politieke verandering ook in Vanderbijlpark veroorsaak het dat die Indiërs agterdogtig geraak het en hul van die blankes gedistansieer en 'n eie organisasie, naamlik die Traders Association, gestig het.[274]

---

271 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

272 Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1989.

273 Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1989.

274 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Mettertyd het dit duidelik geword dat die organisasie in dié swak ekonomiese omstandighede nie meer aan sy oorspronklike doel beantwoord het nie. Dit is deur verskeie organisasies in Vanderbijlpark vir hulp oorval, omdat die gemeenskap dit vir breër ontwikkelingsdoelwitte wou aanwend. Die organisasie moes byvoorbeeld vergaderings in Sebokeng bywoon, aan hawelose kinders in die strate aandag gee en die taxi-oorlog help beredder. Gaandeweg het die organisasie by soveel sake betrokke geraak, dat die vraag ontstaan het of hul nog aan hul oorspronklike doel, naamlik om aan die sakelui in die sentrale sakekern aandag te gee, voldoen het.

As gevolg van die nuwe omstandighede in die land het die organisasie daarom bykans in 'n gemeenskapsorganisasie ontaard.[275]

1.4.6.3 DIE AFRIKAANSE SAKEKAMER NA 1980

Die Sakekamer van Vanderbijlpark se werksaamhede is ook deur veranderde ekonomiese omstandighede beïnvloed.[276]

Die Sakekamer het gepoog om by die nuwe omstandighede aan te pas. Verskeie projekte is derhalwe gedurende hierdie stadium deur die Sakekamer geloods. Van die projekte was byvoorbeeld om Vanderbijlpark skoon te hou. Daar is 'n gesamentlike projek met die Kamer van Koophandel aangepak. Openbare skakeling met koerante en ander nuusmedia het ook plaasgevind en opbouende lesings is aangebied.[277] Die Sakekamer het ook die veldtog **Koop Vanderbijlpark** geloods om die ekonomiese peil van die dorp oor die algemeen gunstig te bevorder.

In 'n poging om die ekonomie te bevorder, het die Sakekamer veral op die behoefte van die sakeman gekonsentreer. Nadat die Regering gepoog het om van apartheid weg te beweeg, het die Sakekamer hul ook vir nouer skakeling met sakemanne van Sebokeng beywer.

Die verkeer en parkeerruimtes wat voor besighede in Paul Krugerstraat as gevolg van 'n eksperiment met 'n wandellaan verlore gegaan het, is ook deur die toedoen van die

---

275 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

276 ***Vaalweekblad***, 3 Apr. 1984: berig.

277 J. Vlok, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {Voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Sakekamer herstel. Vir die nodige fondse het die Sakekamer ledegeld gehef en gholfdae gereël.

Die Sakekamer het ook met 'n opvoedingsproses begin om sodoende die jeug van Vanderbijlpark van jongs af vir die vereistes van ekonomiese ontwikkeling voor te berei. In hierdie opsig was die Sakekamer se eerste taak om 'n positiewe verhouding tussen hoërskoolleerlinge en sakekamers te bewerkstellig.[278]

Hierdie organisasie het ook buite die grense van Vanderbijlpark beweeg. Die Sakekamer se toerismekamer het reisagente na Vanderbijlpark gebring om die dorp bekend te stel. Daar is selfs oorsee gegaan en daarvandaan is kennis en kundigheid saamgebring. Dit het die ontwikkeling versnel en 'n invloed op die kultuurpeil van die gemeenskap gehad.[279]

Daar was voortdurende pogings van dié organisasie om die besigheidsvernuf en sakebestuur van die sakeman te verbeter. Die Sakekamer het in die proses 'n besigheidskultuur in Vanderbijlpark bevorder.

Die Voorsitter van die Sakekamer het tydens sy voorsittersrede verklaar dat die jaar 1985 geen maklike jaar vir enige sakeman in Vanderbijlpark was nie. Die resessie, die ergste droogte in baie jare was en die politieke veranderinge wat ingetree het, het onsekerheid in die sakegemeenskap meegebring.

Die Voorsitter het dit byvoorbeeld as die taak van die Vanderbijlparkse Afrikaanse Sakekamer gesien om die afhanklikheid van die sakelui van die yster- en ander staalnywerhede te verminder. Daar is ook 'n beroep op die plaaslike owerheid gedoen om hulle saam met organisasies vir ekonomiese ontwikkeling van die dorp te beywer. Voorts is daar voorgestel dat daar na bedingende konsessies vir groot nyweraars gekyk moes word.[280]

Die Sakekamer het in hierdie stadium vasgestel dat daar nagenoeg 17 000 werkloses in die gebied van Sebokeng, Evaton en Residensia was. Vir die gedeeltelike oplossing van die probleem het die Sakekamer 'n beroep op sy lede gedoen om hierdie werkloses te sien as mense wat 'n bydrae tot die ontwikkeling van die dorp kon maak.

---

278 Vgl. Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 12 Mrt. 1986; ***Vaalweekblad***, 3 Apr. 1984: berig.

279 ***Vaalweekblad***, 24 Okt. 1986: berig.

280 Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 12 Mrt. 1986.

Gedurende die laaste jare het die Sakekamer al meer by die swart mense se ekonomiese, politieke en kulturele probleme betrokke geraak. Gedurende 'n vergadering van die Stadsraad is die sakelui oor die oopstelling van sakegebiede toegelig. Vervolgens het die Sakekamer aan die oopstelling van die Sakekamer vir alle bevolkingsgroepe aandag gegee.[281]

Die Sakekamer het ook 'n arbeidsverhoudingprojek geloods. Gedurende Junie 1986 het die Sakekamer vasgestel dat daar by die swart sakemanne 'n tekort aan opgeleide rekeningkundiges en boekhoustelsels is. Die Sakekamer het vervolgens die nodige opleiding gereël.[282]

Gedurende September 1986 is 'n konsepskrywe opgestel waarin lede versoek is dat hulle huur- en dienstegelde op vrywillige basis van swart werknemers moes invorder, ten einde hul werknemer in staat te stel om huurgelde aan die swart stadsrade te betaal.[283]

Met die munisipale verkiesing van 1988 het die Voorsitter verklaar dat die Sakekamer se doelstellings bokant politiekery verhewe moes wees. Omstandighede in die dorp was egter van só 'n aard dat die Sakekamer noodgedwonge daarby betrokke was. Gedurende Junie 1988 is 'n Noodvoertuigkomitee in die lewe geroep om lede wat in nood verkeer, by te staan. Gedurende 1989 het die Sakekamer aan die privatisering van YSKOR aandag gegee.[284]

Die Afrikaanse Sakekamer van Vanderbijlpark was in die tydperk prominent in die nuus. Gedurende 1985 het die Sakekamer die Direkteurskild vir die beste sakekamer in die Sentraal-Transvaalstreek verower. Uit die voorafgaande voorbeelde is dit duidelik dat die Sakekamer by verskeie geleenthede bydraes gelewer het om die gemeenskap van Vanderbijlpark te dien.[285]

---

281 J. Vlok, Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

282 Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, Voorsittersrede, 26ste Jaarvergadering, 12 Mrt. 1986.

283 J. Vlok, Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

284 J. Vlok, Onderhoud, 12 Mrt. 1991 {Voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 12 Mrt. 1986.

285 Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, Voorsittersrede, 26ste Jaarvergadering, 12 Mrt. 1986.

1.4.7 SAMEVATTING

Gedurende die stabiliseringstadium het die ekonomiese ontwikkeling voor nuwe probleme te staan gekom wat die ekonomie van Suid-Afrika, en ook dié van Vanderbijlpark, benadeel het.

Daar is gedurende hierdie tydperk heelwat maatreëls ingestel om die ekonomie te stimuleer. Daar is byvoorbeeld gepoog om die sakesentrum as koopsentrum te verbeter. YSKOR as belangrikste werksverskaffer het ook gepoog om 'n positiewe invloed op die ekonomie uit te oefen. Organisasies soos die Sentrale Sakekernkomitee en die Afrikaanse Sakekamer het veral op grondvlak die ekonomiese peil van die individu probeer verbeter.

Gedurende die tagtigerjare het die ekonomie egter steeds verswak. Die koopkrag in Vanderbijlpark het gevolglik ook verminder. Daar was lae produktiwiteit en nywerhede kon nie aan die vereistes wat aan 'n leidende sektor in die ekonomie gestel word, voldoen nie. Gevolglik het die nywerhede veral gedurende die laaste dekade swak presteer.

Verskeie politieke faktore het in 'n toenemende mate die ekonomie ook in Vanderbijlpark nadelig beïnvloed. Oor die algemeen het die politieke omstandighede gedurende die tagtigerjare 'n negatiewe invloed op die groeipotensiaal van die ekonomie in Vanderbijlpark gehad.

Dit is duidelik dat die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark 'n besondere invloed op die ontwikkeling en vorming van die kultuursamelewing van die dorp gehad het. Dit was 'n noodwendige invloed, want ten spyte van vele negatiewe faktore het slyping van die kultuursamelewing van Vanderbijlpark tog gedurende dié stadium plaasgevind. Nuwe kultuurpatrone is gevestig of bestaandes is verder uitgebou, waarop die aanbreek van 'n nuwe era ook 'n sterk invloed uitgeoefen het.[286]

Vanderbijlpark, as jong dorp, se nywerheidskultuur het ook sy stempel op die bevolkingsgroei van Vanderbijlpark afgedruk.[287] Die bevolkingsgroei het egter ook 'n invloed op die kultuurontwikkeling van Vanderbijlpark gehad. Die toenemende blanke bevolkingsgroei, vanaf die ontstaan van Vanderbijlpark tot ongeveer 1980, was 'n direkte uitvloeisel van die beskikbaarheid van werkgeleenthede wat die nywerhede, en veral YSKOR, geskep het. Die skerp afplatting in blanke bevolkingsgroei sedert 1980 en daarna was dus

---

286 ***Vaalster***, 7 Okt. 1986, berig.

287 Suid-Afrika (Republiek), Kantoor van die Eerste Minister, ***Vaalrivierkompleks: gidsplan 1982***, p.65; ***Vereeniging News***, 13 Aug. 1949: report.

na alle waarskynlikheid die gevolg van die afname in nywerheidsproduksie en gevolglike beperkte indiensneming weens die swak ekonomiese toestand.

Kleurlinge was 'n integrerende komponent van Vanderbijlpark se bevolking sedert sy ontstaan. Hulle getalle was deurgaans beperk, hoofsaaklik vanweë die feit dat Rust-ter-Vaal onder die destydse apartheidswetgewing as streekswoongebied vir Kleurlinge beskou is en daar geen woongebied vir Kleurlinge in Vanderbijlpark ontwikkel is nie. Verwyderde woongebiede het hierdie bevolkingsgroep egter van Vanderbijlpark vervreem.

Asiërs was aanvanklik nie in Vanderbijlpark woonagtig nie. Met stedelike ontwikkeling wat teen die einde van die vyftigerjare momentum gekry het, het 'n klein groepie Asiërs hul op die plaasgedeeltes van Zuurfontein en Vyffontein gevestig en handelsondernemings in Vanderbijlpark begin. Aangesien Roshnee as die streekswoongebied vir Asiërs in die Vaaldriehoek beskou is, het Vanderbijlpark se Asiërbevolking beperk gebly.

Die swart bevolking het hulle saam met die blanke bevolking in Vanderbijlpark gevestig en het as die belangrikste arbeidsmag in die nywerhede en sakesektor in Vanderbijlpark 'n snelle bevolkingstoename getoon.

Vanderbijlpark se swart bevolking is vanuit die staanspoor in Bophelong en Boipatong gevestig. Hierdie twee dorpe het egter, wat geordende huisvestiging betref, teen 1970 feitlik hul volle kapasiteit bereik en nuwe ontwikkeling is na Sebokeng gekanaliseer. Sedert die verdwyning van die Wet op Instromingsbeheer, word albei dorpe deur plakkernedersettings gekenmerk.

Met die aanvaarding van Sebokeng as streekswoongebied vir swart mense in die Vaaldriehoek in 1960 het die dorp se bevolking baie vinnig toegeneem, aangesien nuwe residensiële ontwikkeling vir swart mense in die Vaaldriehoek hoofsaaklik hier plaasvind.

1.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING

Die gevolge van die bogenoemde ekonomiese ontwikkeling vir die kultuurlewe van die Vanderbijlparkse gemeenskap was omvangryk. 'n Verskeidenheid faktore kan in dié opsig vermeld word. Die vestiging van Vanderbijlpark het eerstens aan die hand van 'n unieke ontwikkelingsplan plaasgevind.[288] Daarvolgens is voorsiening vir die funksionele skeiding van residensiële en nywerheidsgebiede gemaak, asook vir die totstandbrenging van volwaardige woonbuurteenhede wat oor hul eie woonbuurtsentra en onderwysfasiliteite

288 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 10, 26 Nov. 1945.

beskik het.[289] Vanderbijlpark was ook die eerste nuwe dorp in Suid-Afrika wat spesiaal ontwikkel en beplan was om hoofsaaklik in die behoefte van 'n groot staalnywerheid, YSKOR, te voorsien.[290] Ekonomiese ontwikkeling en groei, latere hoë inflasiekoerse, sanksies en plaaslike boikotte het mekaar snel opgevolg en elk sy stempel op die gemeenskap gelaat.

Hierdie waarneming is duidelik deur die drie ontwikkelingstadiums weerspieël. Gedurende die vestigingstadium, waartydens die stigting van YSKOR en die dorp Vanderbijlpark plaasgevind het, is 'n oorwegende nywerheidskultuur in die dorp gevestig. Die kultuur is tot 'n staalnywerheidkultuur vereng. Dit het plaasgevind nieteenstaande die stigter se visioene van 'n gebalanseerde samelewing, en dus 'n gebalanseerde kultuuropset in die gemeenskap.

Die kultuur het nog meer ingewikkeld geraak deurdat werksmense, geskoold, halfgeskoold en selfs ongeskoold, vanoor die hele land en selfs van oorsee ingevoer is. Dit was mense met verskillende kultuuragtergronde. Hierdie mense het elkeen op 'n eie vlak van ekonomiese ontwikkeling verkeer. Daar was ingenieurs en bestuurders met hoë ideale. Daar was egter ook die arbeiders wat aanvanklik slegs oorlewing gesoek het en nog andere wat gehoop het om in die voorspoed te deel deur handelsondernemings op te rig.

Vir die plattelandse Afrikaners, waarvan baie ook in Vanderbijlpark kom woon het, het die breuk met die tradisionele lewenswyse nie altyd sonder skok plaasgevind nie. Die eis van snelle inskakeling by die nuwe ekonomiese struktuur het die Afrikaners se kultuuroptrede soms negatief beïnvloed.[291]

Die kultuursituasie wat in Vanderbijlpark tot stand gekom het, is gevolglik in 'n groot mate deur die ekonomiese omstandighede bewerkstellig. Die ontwikkeling van die YSKOR-aanleg op Vanderbijlpark was direk vir die snelle ekonomiese ontwikkelingsproses verantwoordelik.[292]

Die kultuurvlak van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark is ook positief beïnvloed, omdat die nywerheidsontwikkeling vir honderde van hierdie mense werksgeleenthede geskep

---

289 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of a special Board meeting, 20 Jul. 1950; vgl. A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.95.

290 ***The Vaal Tribune***, 18 May 1949: report; vgl. S.P. Venter, ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing*** ..., p.2.

291 Vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek*** ..., p.136.

292 Vgl. ***Vereeniging Nuus***, 4 Jun. 1949: berig.

het. Daar is gevind dat, nieteenstaande ekonomiese probleme gedurende die vestigingstadium, die ekonomiese ontwikkelingslyn 'n stygende tendens vir die blankes in Vanderbijlpark getoon het. Hierdie positiewe ekonomiese ontwikkeling van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark is verstewig deur die bydrae van die goedkoop arbeid van die verstedelikte swart mense.

Die milieu wat in Vanderbijlpark as nywerheidstad geheers het, het derhalwe 'n invloed op die kultuuroptrede van die inwoners gehad. Die lewenstyl van die blanke inwoners het in 'n groot mate om die metaalnywerhede in Vanderbijlpark gewentel, en die bestaanspeil van die inwoners is gevolglik grootliks deur die metaalbedryf as werkverskaffer bepaal. Die nywerheidsontploffing na 1945 het tot grootskaalse verstedeliking gelei, insluitende in Vanderbijlpark.[293] Die staalbedryf het egter veroorsaak dat daar ook andersoortige werksgeleenthede in Vanderbijlpark geskep is.[294] Hierdie ontwikkeling van nywerheid- en handelsektore gedurende die voorspoedstadium het veroorsaak dat die lewenspatrone van baie van die inwoners van Vanderbijlpark verander het. Die toeloop van mense het veroorsaak dat verskeie dienste in die gebied gelewer kon word, wat nuwe kultuurvorme meegebring het.

Dit wil voorkom voor of al die faktore wat nodig was om 'n gesonde nywerheidsgroei gedurende die voorspoedstadium te verseker, in Vanderbijlpark teenwoordig was. Daar het op ekonomiese gebied ook heelwat kultuuroordrag plaasgevind. Ekonomiese kennis is byvoorbeeld uitgeruil. Die ekonomiese ontwikkeling het 'n belangrike bydrae gelewer om die mens in staat te stel om sy kultuurvlak te verhoog.

Teenoor die vorige twee stadiums het die nywerheidsontwikkeling en ontwikkeling van handelsondernemings gedurende die stabiliseringstadium deur 'n periode van ongekende verandering en aanpassing gegaan. Gedurende hierdie stadium het die politieke omstandighede in Vanderbijlpark 'n belangrike rol in die verval van ekonomiese ontwikkeling en die kultuursituasie van die gemeenskap van Vanderbijlpark gespeel.

Daar is bevind dat die ekonomie in Vanderbijlpark, soos ook in die res van die land, gedurende die stabiliseringstadium voor verskeie moeilike uitdagings en probleme te staan gekom het wat indringende aandag en besinning vereis het.

---

293 Vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek*** ..., p.161.

294 Vgl. ***Vereeniging News***, 4 Jun. 1949: report.

Die lewenstyl van die gemeenskap van Vanderbijlpark is noodwendig deur die swak ekonomiese omstandighede geraak. Heelwat mense het gepoog om hul lewenstyl te verander om by die nuwe omstandighede te kon aanpas. Ander mense het verandering probeer vermy. Heelwat lede van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark weet gevolglik nog nie waar hulle werklik hoort nie.

Die vestiging van YSKOR se Vanderbijlpark-werke het die ekonomiese ontwikkeling in Vanderbijlpark dus oorheers. Daar is gevolglik 'n nywerheidsekonomie in die dorp gevestig. Die ontwikkeling van die ander sektore het egter nie agterweë gebly nie. Na verloop van 50 jaar is die ekonomiese sektor van Vanderbijlpark steeds op die nywerheidsektor aangewese, maar die handel- en dienstesektor het sodanig ontwikkel dat daar in Vanderbijlpark reeds 'n diversiteit van ondernemings gevestig is.

Hierdie ontwikkeling het ook die gemeenskap direk beïnvloed. In die volgende hoofstukke word hierdie invloed aan die orde gestel.

---oOOo---

HOOFSTUK 2

MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYN

2.1 INLEIDING

Maatskaplike sorg en welsyn het na mate verstedeliking versnel het in 'n belangrike gemeenskapsdiens in Vanderbijlpark ontwikkel.

Pas na die voltooiing van die reusefabriekskomplekse in Vanderbijlpark het dit duidelik geword dat die nuwe inwoners van Vanderbijlpark nie almal op dieselfde kultuurvlak of in dieselfde mate in die kultuur van die dorp ingelyf was nie.[1]

Die lewenspatrone van sommige mense was van so 'n aard dat besondere aandag aan die maatskaplike versorging en welsyn van die mense gegee moes word. Dié organisasies het daarom 'n groot invloed op die veranderde lewenswyse en kultuurvlak van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark uitgeoefen.[2]

Die ontwikkeling van maatskaplike sorg en welsyn in die drie genoemde stadiums word hieronder bespreek.

2.2 MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYN GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959

Gedurende die vestigingstadium was dit vir heelparty blankes moeilik om by die nuwe, meer stedelike omstandighede in Vanderbijlpark aan te pas. Oor die algemeen was die Afrikaners nie voorbereid op die skok van verstedeliking nie.[3] Ook die immigrante het aanpassingsprobleme ondervind, hoewel van 'n ander aard, soos onder andere om in 'n vreemde land te kommunikeer en in 'n vreemde kultuurmilieu te leef. Daar is op verskeie maniere gepoog om hierdie aanpassingsproses te vergemaklik.

---

1 Anon., "Die Vaaldriehoek", ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 17, no. 11, Nov. 1972, p.14.

2 ***Rand Daily Mail***, 28 Feb. 1956: report.

3 E.L.P. Stals, ***Afrikaners in die goudstad***, deel 2: 1924-1961, p.13.

2.2.1 MAATREëLS OM 'N GELUKKIGE GEMEENSKAP TE VERSEKER

Baie is gedoen om te verseker dat die inwoners van Vanderbijlpark 'n gelukkige gemeenskap, volgens die visie van dr. H.J. van der Bijl, sou vorm. Die beplanning van Vanderbijlpark was op die volledige geleentheid tot kultuurontwikkeling van die inwoners gerig.

Genoegsame fasiliteite soos sport- en ontspanningsgeriewe is deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR) tot stand gebring om hul werknemers se lewensgehalte te verhoog. Die arbeiders moes vry van bekommernis wees sodat hul gemoedstoestand nie 'n nadelige invloed op hul fisiese toestand sou hê nie. In hierdie opsig was sosiale sekuriteit vir YSKOR baie belangrik.[4] Die stigting van Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy (VESCO) as dorpsontwikkelaar was 'n belangrike maatreël om 'n gelukkige gemeenskapslewe deur 'n goed beplande dorp te bewerkstellig.[5]

VESCO het daarom reusewerk verrig om 'n dorp te skep waarin sy inwoners gelukkig sou kon lewe. Die swart werkers wat verstedelik het, is in swart woonbuurte gevestig. Hierdie wonings is van dienste en fasiliteite soos ligte, water, riool, kombuise en badkamers voorsien.[6]

Nieteenstaande hierdie infrastruktuur wat geskep is, was maatskaplike sorg- en welsynorganisasies gou 'n noodsaaklikheid in Vanderbijlpark.

2.2.2 DIE NOODSAAK VIR MAATSKAPLIKE SORG- EN WELSYNORGANISASIES

In Vanderbijlpark, soos vroeër ook in ander nywerheidslande, het die ontstaan van nuwe nywerhede sosiale probleme meegebring.[7] Die noodsaak van maatskaplike sorg- en welsynorganisasies in sodanige nuwe nywerheidstede is gewoonlik toegeskryf aan die

---

4 Anon., "The medical clinic at Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 15, no. 10, Oct. 1950, pp.856,857.

5 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 12, no. 6, Jun. 1947, p.463.

6 Anon., "Vanderbijlpark: *garden town with a bright future*", ***South African Municipal Magazine***, vol. 31, no. 363, Nov. 1947, pp.31-33.

7 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ***Municipal Affairs***, vol. 28, no. 329, Jan. 1963, pp.11,14,29.



Foto 12: Die vrou betree die arbeidsmark.

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

trauma van verstedeliking. In Vanderbijlpark was dit ook so, maar met die bykomende element van die samevoeging van 'n verskeidenheid kulture.[8]

2.2.2.1 DIE OMSTANDIGHEDE VAN DIE VERSTEDELIKTE BLANKE AFRIKANERS

Die feit dat die land gedurende die vyftigerjare op ekonomiese gebied 'n laagwatermerk bereik het, het baie van die Afrikanergesinne genoop om as 'n laaste heenkome na Vanderbijlpark te verhuis. 'n Groot gedeelte van hierdie Afrikaners was boere wat weens klimaats- en ander ekonomiese omstandighede uitgeboer het.

Vir hierdie mense was die stedelike lewenswyse totaal vreemd en dit het op sommige van die mense 'n ontwrigtende invloed gehad. YSKOR het alles in sy vermoë gedoen om die soms byna haglike lewensomstandighede van hierdie mense te verbeter. Baie van die gesinne was groot, tot soveel as 14 mense in een gesin, en versorging was moeilik.[9]

Die werksomstandighede in die nywerhede was ook vir die Afrikanergesin vreemd en skofwerk meestal onaanvaarbaar. Die Afrikaners was nie gewoond om op Sondae te werk nie en baie het as gevolg hiervan kerklos begin word.[10]

Verstedeliking het ook 'n totaal andersoortige huishoudelike begroting as wat op die platteland in swang was, geverg. Om aan die einde van elke maand 'n salaristjek te ontvang was vir hulle vreemd, en van huishoudelike begrotings was daar geen sprake nie.[11]

2.2.2.2 DIE GROOT VERSKEIDENHEID KULTURE

Die feit dat daar baie immigrante na Vanderbijlpark geïmmigreer het waardeur 'n verskeidenheid onbekende kulture saamgebring is, het veroorsaak dat die Afrikaners aanpassingsprobleme ondervind het. Die Afrikaners het gevolglik 'n beleërde kultuur gevorm, omdat hulle bang was dat hul gevestigde tradisies deur die nuwe kulture vernietig

---

8 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {Nederduitse Gereformeerde (NG)-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

9 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

10 E.L.P. Stals, ***Afrikaners in die goudstad***, deel 2 ..., p.119.

11 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

sou word.[12] Vir die immigrante wat van gevestigde nywerhede van oorsee gekom het, was verstedeliking nie so 'n groot probleem nie, maar die vreemde tale en kulture in die nuwe vaderland het wel aanpassingsprobleme meegebring.

Die immigrante was meer aan 'n nywerheidsamelewing gewoond en het na hul nuwe land verhuis om 'n nuwe tuiste te verkry óf om meer geld te verdien. As doelwit het die immigrante dus 'n aangename leefwyse en 'n goeie verdienste nagestreef. Die Afrikaners met hul beleërde kultuur het egter veroorsaak dat die immigrante ook hul eie kultuur probeer verskans en bewaar het. Dit het die Afrikaners net nog meer bedreig laat voel.[13] Kultuurbotsings tussen die blanke groepe was onafwendbaar.

Die Afrikaners was besonder tradisiegebonde en regverdigheid was vir hulle 'n belangrike norm in hul waardesisteem. YSKOR het dit as sy taak gesien om die immigrante by te staan in hul aanpassingsprobleme, omdat die korporasie verantwoordelikheid aanvaar het vir die immigrante wat hul oorsee gaan werf het. Hierdie optrede van YSKOR het die Afrikaners tot ontevredenheid gestem, omdat hulle gemeen het dat YSKOR aan die immigrante besondere voorregte verskaf het, wat nie vir die Afrikaners beskore was nie.[14]

Die Afrikaners het nie die immigrante se probleme binne die kultuursituasie in Vanderbijlpark verstaan nie en min begrip daarvoor getoon.[15] Die immigrante was van mening dat die hulp wat hulle hier ontvang het, dieselfde was as sosiale sekuriteit wat hul oorsee gekry het.[16] Die Afrikaners het egter gemeen dat hulle op dieselfde voorregte as die immigrante geregtig was.

---

12 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ..., pp.11,14,29; M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; H. Giliomee & R. Elphick (reds.), ***'n Samelewing in wording: Suid-Afrika, 1652-1840***, p.85.

13 H. Giliomee & R. Elphick (reds.), ***'n Samelewing in wording*** ..., p.85; ***Rand Daily Mail***, 12 Aug. 1956: report; M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

14 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

15 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

16 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI), Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1991.

Hierdie situasie het die sosiale verkeer en die ontwikkeling van nuwe kultuurpatrone gestrem en maatskaplike sorg in Vanderbijlpark genoodsaak.[17] Daar is gewoonlik in elke samelewing 'n klein persentasie mense wat van gemeenskapshulp afhanklik is, en in Vanderbijlpark was daar beslis ook mense wat 'n duidelike afhanklikheidshouding gehad het.[18] Hierdie afhanklikheidshouding is by die Afrikaners sowel as die immigrante ondervind en dit het 'n verskeidenheid sosiale probleme in Vanderbijlpark veroorsaak.[19]

Dit was duidelik dat verstedeliking vir die Afrikaners en mettertyd ook vir die immigrante baie sosiale en maatskaplike probleme meegebring het.

Veral in die werkopset van die verskillende bevolkingsgroepe het kultuurbotsings voorgekom. Die werknemers se verskille was van so 'n aard dat dit selfs tot hofsake gelei het. Hierdie botsings het tot gevolg gehad dat daar in so 'n mate tot kultuurorganisering oorgegaan is dat kinders in aparte skole geplaas is,[20] en selfs aparte kerke, organisasies en verenigings gestig is of voorsiening daarvoor gemaak is om sodoende 'n eie kultuurtradisie te kon bewaar.

Hoewel YSKOR goed bedoel het met die hantering van die immigrante, het dit dikwels die teenoorgestelde uitwerking gehad. Kultuuroordrag is dikwels deur die botsings van die verskillende bevolkingsgroepe vertraag.[21] YSKOR het egter doelbewus gepoog om kultuuroordrag deur behuising te bevorder, deur immigrante en Afrikaners langs mekaar te laat woon.[22]

Selfs geselligheide en partytjies saam met die Afrikaners was vir die immigrante vreemd en onaanvaarbaar. Doug Bateson, 'n Engelsman, het teen 1952 sy vreemdelingskap in

17 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

18 M.P. Taute, ***'n Sielkundige ondersoek na die houdings van ontvangers van staatsonderhoudstoelae*** (ongep. M.A.-verhandeling, UP, 1964), pp.1-3.

19 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), inligting in besit van die skrywer}.

20 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

21 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

22 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Vanderbijlpark soos volg verwoord: "That town was shocking. It was new, it had no character, it was a den of iniquity, it was a transit station for immigrants coming in from half the countries of Europe. Your wife wasn't safe while you were at work. There was one pub and it saw fights every night."[23] Hierdie omstandighede van die immigrante het daarom maatskaplike sorg- en welsynorganisasies in hierdie nywerheidsgemeenskap genoodsaak.

2.2.2.3 DIE TOTSTANDKOMING VAN MAATSKAPLIKE SORG- EN WELSYNORGANISASIES

Onderlinge gemeenskaplike verantwoordelikheid is 'n verskynsel wat so oud is as wat mense saamwoon. YSKOR het reeds voor die stigting van Vanderbijlpark in Pretoria begin om maatskaplike dienste vir mense wat dit nodig gehad het, te lewer. Vir die maatskaplike dienste van YSKOR was dit dus nie vreemd om ook in Vanderbijlpark sodanige dienste te verskaf nie.

Maatskaplike dienste het aanvanklik grootliks om persoonlike behoeftes soos kos, klere en ander noodsaaklikhede gedraai.[24] Hierdie dienste het mettertyd meer gespesialiseerd geraak en ander welsynorganisasies is ook in Vanderbijlpark gestig. Die hoofdoel van dié organisasies was om die mens in die eerste plek op so 'n wyse te help dat hulle nie van die hulp afhanklik sou raak nie, maar wel weer selfversorgend sou kon word.[25]

Verskillende maatskaplike sorg- en welsynorganisasies het op dié wyse gedurende die vestigingstadium tot stand gekom. Van hierdie organisasies en verenigings was byvoorbeeld die Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI) en die Kindersorgvereniging.[26]

---

23 A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa, 1933 to 1983***, p.98.

24 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

25 Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme (SANRA), Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1989.

26 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; kyk hoofstuk 2, pp.95,96.

2.2.2.3.1 DIE MAATSKAPPY VIR EUROPESE IMMIGRASIE (MEI)

Soos reeds vermeld, het die Europese immigrante die omstandighede in Vanderbijlpark as kultuurvreemd ervaar,[27] en die MEI wat gedurende 1949 geregistreer is, se hoofdoel was om die immigrante met inburgeringprobleme behulpsaam te wees.[28]

Gedurende die vestigingstadium het die MEI gepoog om die kultuurvlak van die immigrante te verhoog deur in hul geestelike, maatskaplike en stoflike behoeftes te voorsien. Die MEI het ook gepoog om kultuuroordrag te bevorder deur die immigrante aan die Afrikaanse feeste en kultuurorganisasies bekend te stel.[29] Die MEI se betrokkenheid het in 'n groot mate daartoe gelei dat baie van hierdie immigrante mettertyd Suid-Afrika as hul ware tuiste aanvaar het.[30]

2.2.2.3.2 DIE KINDERSORGVERENIGING

Die Kindersorgvereniging het as gevolg van die sosiaal-maatskaplike probleme van verarmde stedelinge reeds gedurende die vestigingstadium 'n noodsaaklikheid in Vanderbijlpark geword.[31] Die verval in die kultuurvlak van sommige blanke inwoners en wanbestuur van finansies het 'n negatiewe invloed op die gesinslewe gehad.[32] In hierdie omstandighede is kinders dikwels verwaarloos.[33]

Nadat die eerste gevalle van kinderverwaarlosing in 1952 onder die aandag van die gemeenskap gekom het, is 'n vergadering op 2 Julie 1952 met die oog op die stigting van 'n Kindersorgvereniging in Vanderbijlpark gehou.[34] Gedurende Junie 1953 is 'n

27 E. Sittig, Onderhoud, 15 Mrt. 1991 {voormalige Duitse immigrant, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

28 A. Verdoren, Onderhoud, 15 Feb. 1991 {voormalige immigrant, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

29 MEI, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1958.

30 E. van Dijken, Onderhoud, 14 Jul. 1992 {voormalige immigrant, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

31 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

32 *Kindersorgvereniging, Vanderbijlpark, Jaarverslag,* Nov. 1953.

33 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

34 Kindersorgvereniging, Vanderbijlpark, Notule, 30 Jun. 1953.

welsynnommer vir hierdie organisasie geregistreer. Hierdie nommer het die vereniging in staat gestel om subskripsiegelde te kry en om fondse van die publiek te kollekteer,[35] aangesien die vereniging grootliks van die gemeenskap vir fondse afhanklik was.[36] Die Kindersorgvereniging is ook gedurende die vestigingstadium finansieel deur die Munisipaliteit, YSKOR, Vanderbijl Ingenieurskorporasie (VIKOR) en VESCO bygestaan. As dit nie vir hierdie fondse was nie, sou die vereniging nie op so 'n groot skaal met sy werksaamhede kon voortgaan nie.[37]

Die Kindersorgvereniging was aanvanklik in die Landdroskantoor gevestig. Gedurende 1955 het die omstandighede van die Kindersorgvereniging verbeter deurdat die maatskaplike werkers meer mag gekry het, die staat se subsidie tot die welsynwerker se salaris verhoog is,[38] en die kantoor van die vereniging na die Stephensongebou, waar dit tot 1960 sou bly, kon verskuif word.

Alhoewel die vereniging se omstandighede verbeter het, was die vereniging nie sonder probleme nie. Met die stigting van die Kindersorgvereniging was daar reeds 50 kinders wat dringende sorg moes ontvang en meer gevalle het bly instroom.

Aangesien die vereniging deur die gemeenskap tot stand gebring is, het die behoefte van die gesin 'n belangrike rol in die werksaamhede van die vereniging gespeel. In die doelstellings van die Kindersorgvereniging is daar vir die onderrig van ouers voorsiening gemaak, en gepoog om ouers te help om hul gesinsverantwoordelikhede na te kom.[39]

Die Kindersorgvereniging het baie gedoen om die verval of die verlaging van die kultuurvlak van die blanke kind van Vanderbijlpark te voorkom. Die vereniging het die standpunt ondersteun dat die heel beste omgewing vir 'n kind sy eie ouerhuis is.[40] Dié standpunt van die vereniging het 'n belangrike en noodsaaklike bydrae tot die kultuurontwikkeling van die

---

35 Kindersorgvereniging, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1953.

36 Kindersorgvereniging, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1953.

37 Kindersorgvereniging, Vanderbijlpark, Notule, Sep. 1959.

38 Kindersorgvereniging, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1955.

39 Kindersorgvereniging, Vanderbijlpark, Notule, Aug. 1956; M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 (voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

40 Kindersorgvereniging, Vanderbijlpark, Notule, Aug. 1956.

blanke kind van Vanderbijlpark gemaak. Die vereniging was noodwendig ook by immigrantekinders betrokke.[41]

Al hoe meer vroue het ook hul dienste vir die vereniging aangebied en het sodoende die doelmatige funksionering van die vereniging ondersteun. Alhoewel hierdie aktiwiteite nie direk by die fisiese gesondheid van die kinders betrokke was nie, het hul indirek tot die geestesgesondheid van die kinders bygedra.[42] Die gemeenskap van Vanderbijlpark het ook met fondsinsamelings maklik tot die versorging van die blanke kinders van Vanderbijlpark bygedra.[43]

2.2.2.4 SAMEVATTING

Dit het gou tot die gemeenskap deurgedring dat maatskaplike hulp 'n noodsaaklikheid vir blankes in die gemeenskap van Vanderbijlpark was, omdat die Afrikaners nie op die kultuurskok van verstedeliking voorbereid was nie en die Europese immigrante nie die aanpassingsprobleme in 'n nuwe vaderland kon hanteer nie.[44] Sosiale probleme het dikwels ontstaan, [45] en die omstandighede het die dienste van maatskaplike sorg en welsyn reeds gedurende die vestigingstadium 'n noodsaaklikheid gemaak.[46]

YSKOR as hoofwerkgewer het die noodsaaklikheid van hierdie dienste besef en was op sosiale en maatskaplike diens aan sy werknemers ingestel. Die korporasie het gevolglik verskillende voorkomingsdienste op dié gebied verskaf. YSKOR het ook meegehelp om 'n goedbeplande dorp te ontwikkel en geriewe vir sport en ontspanning geskep.[47] Die

---

41 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; kyk hoofstuk 4, pp.178,179.

42 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

43 Vgl. Vanderbijlpark Stadsraad, Inligtingskantoor, Verenigings en organisasies van Vanderbijlpark, 1977-1991, pp.46-48.

44 A. Scholtz, Onderhoud, 20 Nov. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

45 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

46 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

47 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

sorgsame houding teenoor sy werknemers word weerspieël in sy goed toegeruste departement vir maatskaplike sorg en welsyn. Kenmerkend van hierdie dienste is dat YSKOR verantwoordelikheid vir die immigrante wat in sy diens was, aanvaar het.[48]

Hierdie betrokkenheid van YSKOR by die immigrante het soms nadelige gevolge gehad, deurdat sy optrede nie deur al die Afrikaners aanvaar is nie. Daarom het daar gedurende die vestigingstadium 'n kultuurpatroon van jaloesie en afguns tussen die twee blanke groepe in Vanderbijlpark voorgekom. Die nadeel hiervan was dat die akkulturasieproses tussen dié twee blanke groepe hierdeur vertraag is.

Die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark was egter voorspoedig en as sodanig het dit die maatskaplike sorg en welsyn se werksaamhede gedurende die vestigingstadium finansieel maklik gemaak. Genoeg fondse kon verkry word om dié dienste ook aan sommige swart mense te bied.

Nieteenstaande die feit dat al die blankes nie op dieselfde ekonomiese en kultuurvlak was nie, het die kultuurontwikkeling van die blankes gedurende die vestigingstadium oor die algemeen by die diens van maatskaplike sorg- en welsynorganisasies in Vanderbijlpark baat gevind het.

2.3 MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYN GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1960-1978

Gedurende die voorspoedstadium moes maatskaplike hulp en welsyndienste noodwendig met hul werksaamhede voortgaan, aangesien Vanderbijlpark as nywerheidstad vinnig ontwikkel het. Hierdie ontwikkeling het 'n groot invloed op die kultuur en lewenstyl van die inwoners gehad. Vanderbijlpark het gedurende die sestigerjare 'n ekonomiese hoogtepunt bereik,[49] maar die ekonomiese groei het ongelukkig nie altyd 'n positiewe invloed op die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gehad nie.[50]

Hierdie voorspoedomstandighede het, soos in die res van die wêreld, veroorsaak dat die menslike waardes deur 'n golf van materialisme gekenmerk is.[51] Met materiële behoeftes

48 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

49 Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., p.14.

50 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

51 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. H.A. du Plessis, ***'n Didaktiese-pedagogiese ondersoek na toestande***

aan die toeneem, moes die mense tot geestelike volwassenheid gelei word. By baie mense moes 'n verantwoordelikheidsbesef gekweek word, wat hulle in staat moes stel om voorspoed te kon hanteer.[52] Die gevolg was dat dié organisasies gedurende die voorspoedstadium steeds 'n baie belangrike rol in die maatskaplike versorging van die gemeenskap van Vanderbijlpark gespeel het.[53] Hulle het doelbewus tot die opvoeding van die gemeenskap oorgegaan. Lesings, praatjies, kompetisies en advertensies oor die voordele en verantwoordelikheid van 'n hoë lewenstyl is om die bogenoemde redes aangebied. Die taak van hierdie organisasies het dus verbreed om ook teen die aftakeling van sekere norme, waardes en standaarde te waak.[54]

Vanderbijlpark se nywerheidsgemeenskap het vele probleme ondervind wat die aandag van maatskaplike sorg- en welsyndienste geverg het. Dienste wat deur die organisasies gelewer is, is bemoeilik omdat hulle nog in 'n ontwikkelingstadium verkeer het en daar nog nie genoeg organisasies was wat belangrike dienste kon lewer nie. Van die groeiprobleme wat die organisasies ondervind het, was dat hulle in hierdie stadium gesukkel het om finansieel aan die gang te bly. Fondse het verminder en hulle kon nie die publiek genoegsaam betrokke kry om die nodige bedryfsfondse in te samel.[55] Die waarneming is dat die publiek nie die bestaan van die organisasies in 'n voorspoedtydperk kon begryp nie.

YSKOR het gedurende die voorspoedstadium steeds die hoofrol in Vanderbijlpark se maatskaplike sorg gespeel. Selfs die organisasies wat nie aan YSKOR verbonde was nie, het dikwels van hul probleemgevalle na YSKOR se maatskaplike dienste verwys. Die gevolg was dat YSKOR se mediese fonds baie mense gedurende krisisbehandeling gedra en gehelp het.[56] Hierdie omstandighede het die verdere ontwikkeling van maatskaplike sorg- en welsynorganisasies, wat nie by YSKOR betrokke was nie, gestimuleer.

---

rakende die akademiese opleiding van ingenieurstegnici: met spesiale verwysing na toestande in die Vaaldriehoek (ongep. D.Ed.-proefskrif, UOVS, 1974), p.14.

52 ***Rand Daily Mail***, 29 Feb. 1956: report.

53 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

54 Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF), Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1979.

55 ***Rand Daily Mail***, 28 May 1956: report.

56 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

2.3.1 DIE VERDERE ONTWIKKELING VAN ORGANISASIES

Gedurende die laat sestigerjare het 'n sterk empatie by die mens van Vanderbijlpark teenoor sy medemens begin ontwikkel.[57] Hierdie houding blyk duidelik uit die ontwikkeling van onderstaande organisasies.

Teen 1967 is daar groot leemtes in die struktuur van die organisasies van Vanderbijlpark ondervind,[58] aangesien die organisasies los van mekaar gefunksioneer het. Dit het tot onderlinge mededinging gelei, wat veroorsaak het dat die organisasies teen mekaar begin werk het.[59] Elke organisasie het slegs na sy eie belange omgesien en fondsinsameling het problematies geword.[60] Die Kindersorgvereniging het egter die voordeel gehad dat kinders meer simpatie as volwassenes gekry het, en daarom kon hulle makliker fondse vir die versorging van behoeftige kinders insamel. Die sentimente rondom die kind kon dus deeglik by fondsinsameling benut word.[61] Daarenteen moes 'n organisasie soos die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme (SANRA) met baie minder hulp tevrede wees, omdat die alkoholis in 'n groot mate deur die gemeenskap verwerp word.[62]

In die sestigerjare het 'n samewerkingsooreenkoms tussen die organisasies in Vanderbijlpark ontstaan en kon die organisasies meer gekoördineerd met hul werksaamhede voortgaan.[63]

Verskeie ander maatskaplike sorg- en welsynliggame soos die Vereniging vir Liggaamlik Gestremdes, SANRA, die Ondersteuningsraad, Noodlyn, die Familie- en Huweliksvereniging van Suid-Afrika (FAMSA), die Jeugland Tehuis vir Bejaardes en die Catherine Robson Kinderhuis het ook gedurende die stadium ontwikkel.

---

57 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

58 ***Rand Daily Mail***, 10 Mar. 1956: report.

59 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

60 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

61 Vgl. ***Rand Daily Mail***, 10 Mar. 1956: report.

62 SANRA, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1979; J.J. Peyper, Onderhoud, 14 Mei 1991 {Voorsitter van SANRA, inligting in besit van die skrywer}.

63 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

2.3.1.1 DIE VERENIGING VIR LIGGAAMLIK GESTREMDES

Hierdie organisasie se werksaamhede wentel om die behoeftes van die gestremdes van Vanderbijlpark.[64] Hulp is vir die verkryging van ortopediese en chirurgiese toerusting soos stewels, nekstutte, korsette, binnesole, lang beenysters, nuwe kunsledemate en die herstel van kunsledemate, krukke en rolstoele of aankoop van nuwe stoele verleen.

Benewens bogenoemde behoeftes is daar ook aan gestremdes van alle rassegroepe gratis vervoer beskikbaar gestel. Tot soveel as 29 268 km is jaarliks met twee voertuie afgelê. Hierdie ritte het besoeke aan die ortopediese werkswinkel by die J.G. Strydom Hospitaal asook die Algemene Hospitaal in Johannesburg ingesluit. Vereeniging se kliniek is ook twee maal per maand besoek. Besoeke aan YSKOR-kliniek se fisioterapeutiese afdeling en opvolgbesoeke is ook deur die vereniging behartig.[65]

Die vereniging het nie net na pasiënte se gesondheidsvlak omgesien nie, maar ook na hulle geestelike omstandighede en kultuuraktiwiteite.[66] Daar is gepoog om hierdie mense se kultuurvlak te verhoog deur hulle op uitstappies na sirkusvertonings, flieks, volkspele-aande, skoue en Kersetes te neem. Van die dienste wat deur die gemeenskap aan die gestremdes gelewer is, sluit byvoorbeeld in dat 'n sportklub in Vereeniging lidmaatskap vir alle gestremdes bied. Die Vereniging vir Gestremdes het ook 'n subkomitee vir die swart woongebiede gestig.[67]

Fondse vir die vereniging is onder andere deur middel van donasies van die Stadsraad, VESCO, sommige Nederduitse Gereformeerde (NG) gemeentes, Lions, Round Table en private persone en vriende verkry. Verdere fondse is deur koekverkopings, straatkollektes, rottangverkope, vlooimarkte, uithuur van rolstoele en ander apparaat, paasseëls- en paaseierverkope, worsbraaie en die verkoop van werkswinkelartikels ingesamel. Volgens die verslae was daar meestal 'n behoefte aan meer fondse vir hierdie vereniging.[68] Die

---

64 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

65 Vereniging vir Liggaamlik Gestremdes, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1979.

66 ***Vaalweekblad***, 13 Mei 1979: berig.

67 Vereniging vir Liggaamlik Gestremdes, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1978.

68 Vereniging vir Liggaamlik Gestremdes, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1979.

probleem was dat te veel organisasies op dieselfde beperkte bronne vir fondse aanspraak gemaak het.[69]

2.3.1.2 DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE RAAD INSAKE ALKOHOLISME (SANRA)

Alkoholisme in Vanderbijlpark het sodanige afmetings aangeneem dat SANRA as welsynorganisasie gedurende die voorspoedstadium onontbeerlike dienste begin verskaf het. Die lewenswyse van mense in Vanderbijlpark was nie altyd na wense nie.[70] Sommige lede van die blanke gemeenskap het aan dwelms en alkohol verslaaf geraak.

SANRA wou kultuurvervlakking voorkom deur alkoholisme, dwelmafhanklikheid en aanverwante probleme te bestry.[71] In Vanderbijlpark is daar veral baie aandag aan die voorkoming, betrokkenheid, samewerking na buite, onderhandeling na buite, uitbouing van die vereniging, bevordering van sy beeld, en bevordering van welsyn bestee.[72] Hierdie vereniging was ook betrokke by die geestelike, sielkundige, maatskaplike, liggaamlike en ekonomiese welsyn van die pasiënte. Daarbenewens was dit ook SANRA se taak om die gemeenskap van Vanderbijlpark by die voorkoming en bestryding van alkoholisme en dwelmafhanklikheid betrokke te maak.[73]

SANRA het gevolglik gepoog om die gemeenskap van Vanderbijlpark, soos in die vereniging se Grondwet beskryf is, van die voordeel van 'n gesonde leefwyse bewus te maak, die verantwoordelikheid ten opsigte van die voorkoming van afhanklikheid aan te leer, en die uitwerking en gevolge van die gebruik, misbruik en afhanklikheid van alkohol en dwelms asook die vroeë identifisering en voorkoming van die misbruik van alkohol te verduidelik.[74]

---

69 S. Viljoen, Onderhoud, 6 Jun. 1991 {Maatskaplike werker van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

70 A. Scholtz, Onderhoud, 20 Nov. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

71 ***Vaalweekblad***, 13 Mei 1978: berig; J.J. Peyper, Onderhoud, 14 Mei 1991 {Voorsitter van SANRA, inligting in besit van die skrywer}.

72 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

73 SANRA, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1979; ***Vaalweekblad***, 2 Mrt. 1980: berig.

74 SANRA, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1979.

Die inligtingsdiens van SANRA was op drie hoofteikengroepe gerig. Die eerste teikengroep was die jeug vanaf laerskoolvlak. Daar is gepoog om hulle meer bewus te maak van die gevare van eksperimentering en onverantwoordelike gebruik van verslawende middels.[75] Die tweede groep was die algemene publiek. Dié groep is bewus gemaak van die verslawende moontlikheid van enige middel wat 'n gemoedsverandering teweeg kan bring. Die vroeë identifisering van 'n probleem was vir SANRA belangrik.[76] Die derde teikengroep was die handel en nywerheid. Met die slagspreuk **SANRA DIEN DIE EKONOMIE** wou hulle werkgewers bereik.[77] Werkgewers is van die nadelige uitwerking wat afhanklikheid van talle dwelmmiddels, soos alkohol, op produktiwiteit, bewus gemaak. Vroeë identifisering en hulpverlening teen dwelmverslawing het verreikende voordele ingehou. Hierdeur kon die hele ekonomie gedien word. Die buitepasiënte-behandelingsdienste wat aangebied is, het veelvuldige voordele ingehou. 'n Werknemer kon met sy werk voortgaan terwyl hy behandeling ontvang het om sy probleem van alkoholafhanklikheid te oorbrug.[78] Die dienste wat SANRA verskaf het, het dus aan 'n ernstige behoefte beantwoord.[79]

Die bedryfkostes van die vereniging was baie hoog. Gedurende die voorspoedstadium was die finansiële stand van die vereniging nie altyd gesond nie.[80] Heelwat van die pasiëntgelde wat by die aanvang van die behandeling betaal moes word, is dikwels nie betaal nie omdat baie van die pasiënte nie oor die nodige fondse beskik het nie.[81] Daar was 'n hoë bedrag agterstallige pasiëntgelde uitstaande.

Nieteenstaande 'n tekort aan fondse het SANRA 'n positiewe bydrae tot die verhoging van die kultuurvlak van Vanderbijlpark se blanke gemeenskap gemaak.[82] SANRA se

---

75 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

76 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Apteker van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

77 SANRA, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1978.

78 J.J. Peyper, Onderhoud, 14 Mei 1991 {Voorsitter van SANRA, inligting in besit van die skrywer}.

79 Kyk foto 13, p.107a.

80 J.J. Peyper, Onderhoud, 14 Mei 1991 {Voorsitter van SANRA, inligting in besit van die skrywer}.

81 K. du Preez, Onderhoud, 7 Jun. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

82 J.J. Peyper, Onderhoud, 14 Mei 1991 {Voorsitter van SANRA, inligting in besit van die skrywer}.

betrokkenheid het veroorsaak dat menige gesin daarby baat gevind het dat verslaafde gesinslede weer hulle normale plek in hul gesinne en die gemeenskap kon inneem.[83]

2.3.1.3 DIE ONDERSTEUNINGSRAAD

Nog 'n organisasie wat direk met die welsyn van die gesin te doene gehad het, was die Ondersteuningsraad. Hierdie organisasie is 'n diakonale diensorganisasie wat maatskaplike dienste aan die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika lewer.[84] Die doel van die Ondersteuningsraad is om die maatskaplike funksionering van die mens te verbeter.

Daar word klinies-terapeutiese en voorkomings- en ontwikkelingsprogramme binne die volgende diensvelde gebied: huwelikslewe; gesin- en kindersorg; welsyn van bejaardes; alkohol- en dwelmmisbruik; materiële sorg; misdaadvoorkoming en korrektiewe dienste en welsyn van gestremde persone.[85] Die dienste word vanuit een oorkoepelende maatskaplike program, naamlik die Program vir Huwelikslewe, Gesin- en Kindersorg gelewer. Hierdie program word in subprogramme, naamlik pleegsorg, rekonstruksiedienste, kinderbeskerming, dwelm- en alkoholmisbruik, huweliksbegeleiding, egskeidingsbegeleiding, bejaardesorg, bestryding van misdaad, jeugleiding, ouerleiding, materiële noodhulp en aannemingsorg onderverdeel.

Die totale aantal individue (kliënte) aan wie kliniese en terapeutiese dienste gelewer is, word volgens maatskaplike probleemgebiede ingedeel en behandel.[86] Die hoë kliëntelading binne die kategorie pleegsorg dui op die behoefte aan geskikte pleegouers wat op 'n deurlopende basis gewerf en gekeur moet word.[87]

Hierdie dienste wat deur die Ondersteuningsraad verskaf is, het gepoog om kultuurvervlakking te voorkom.[88]

---

83 SANRA, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1978.

84 S. Viljoen, Onderhoud, 6 Jun. 1991 {Maatskaplike werker van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

85 Ondersteuningsraad, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1979.

86 Ondersteuningsraad, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1978.

87 Ondersteuningsraad, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1979.

88 S. Viljoen, Onderhoud, 6 Jun. 1991 {Maatskaplike werker van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

2.3.1.4 NOODLYN

Noodlyn verskaf 'n diens wat gewoonlik nie deur die ander welsynorganisasies gedek word nie.[89] Die doel van Noodlyn is om 'n adviessentrum in te stel en te onderhou wat 'n telefoonadviesdiens, vir 24 uur per dag, beskikbaar stel.[90] Opgeleide en lekepersoneel is beskikbaar om mense ongeag hul ras in een of ander nood, enige tyd van die dag by te staan. Dit geld vir alle krisissituasies, insluitende pogings tot selfmoord of dreigende selfmoordpogings. Persoonlike kontak speel by hierdie organisasie 'n belangrike rol.[91]

'n Belangrike ontwikkeling van Noodlyn was die opening van die Bella Maria-tehuis wat met die hulp van Dorbyl geloods is. Hierdie tehuis bied woonplek vir vroue en kinders in nood. Benewens hierdie dienste het Noodlyn ook openbare kursusse oor die verskillende fasette van intermenslike verhoudings gereël.[92]

Die nodige fondse vir hierdie organisasie se werksaamhede word uit ledegeld en subskripsiegeld van persone wat die vereniging se opleidingsvereistes suksesvol voltooi het, verkry.[93] Verdere inkomste word van donasies, fondsinsamelings, rente op beleggings, ledegelde, registrasie- en kursusgelde verkry.[94]

Hierdie organisasie het in 'n groot mate daartoe bygedra om die inwoners van Vanderbijlpark in hul verhoudinge tot andere en die hantering van hul probleme op te voed.[95] Die grootste aantal probleme waarmee Noodlyn te doen gekry het, was verhoudingsprobleme, soos duidelik uit die vereniging se jaarverslag waargeneem kan word.[96] Die werksaamhede van

---

89 H. Grobler, Onderhoud, 6 Jun. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

90 *The Star*, 24 Mar. 1979: report.

91 Noodlyn van die Vaaldriehoek, Jaarverslag, Nov. 1979.

92 J. Taute, Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Voorsitster van die Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, inligting in besit van die skrywer}.

93 Noodlyn van die Vaaldriehoek, Konstitusie, Okt. 1980.

94 Noodlyn van die Vaaldriehoek, Jaarverslag, Nov. 1978.

95 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

96 Noodlyn van die Vaaldriehoek, Jaarverslag, Nov. 1979.

Noodlyn het die mens in nood in Vanderbijlpark gehelp.[97] Vir opvolgwerk is daar dikwels van verwante organisasies, soos onder andere FAMSA, gebruik gemaak.

2.3.1.5 DIE FAMILIE- EN HUWELIKSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA (FAMSA)

Hierdie vereniging het gedurende die voorspoedstadium 'n noodsaaklikheid vir die versorging van die gesin in Vanderbijlpark geword. FAMSA het die bevordering en instandhouding van gesonde huweliks- en gesinslewe ten doel. Die dienslewering van FAMSA behels huweliksvoorbereidingskursusse, seminare, opvoedkundige praatjies by organisasies en verenigings, skole en kerke, huweliksverrykingskursusse, egskeidingsberaad, hertrouberaad, dienste ten opsigte van ouer-kind-verhoudings en persoonlikheidsaanpassing.[98]

Die werksaamhede van FAMSA toon duidelik dat daar 'n ontstellend hoë getal verbrokkelde gesinne en egskeidings in die Vaaldriehoek voorgekom het.[99] Hierdie toestand het tot ernstige emosionele en gedragsprobleme van die gesinslede, kinderverwaarlosing, drankmisbruik en mannekragverlies gelei.

Finansies het mettertyd ook vir FAMSA 'n knelpunt geword omdat die fondse wat vanuit donasies, konsultasiegelde en fondsinsamelingsprojekte verkry is, nie in al die uitgawes van die organisasie kon voorsien nie. Cape Gate, die grootste donateur van FAMSA, se skenkings het egter telkens gehelp dat die organisasie kon voortbestaan.[100]

Vir menige gesin in Vanderbijlpark was FAMSA 'n belangrike hulpbron en ondersteuning tydens krisissituasies.[101]

2.3.1.6 JEUGLAND TEHUIS VIR BEJAARDES

Teen die einde van die voorspoedstadium het die gesinsopset in Vanderbijlpark sodanig verander dat dit vir kinders moeilik geword het om hul bejaarde ouers self te kon versorg.[102]

---

97 ***The Star***, 24 Mar. 1980: report.

98 ***Vaalster***, 6 Apr. 1979: berig.

99 ***Vaalweekblad***, 11 Mei 1979: berig.

100 *Familie- en Huweliksvereniging van Suid-Afrika (FAMSA), Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1980; kyk foto 13, p.107a.*

101 ***Vaalster***, 6 Apr. 1978: berig.

102 ***Vaalweekblad***, 30 Jul. 1979: berig.

Vroue het buitenshuis gaan werk, wat meegebring het dat bejaardes vir 'n volle dag tuis onversorg gelaat is.[103] In hierdie omstandighede is Jeugland reeds gedurende die voorspoedstadium 'n belangrike uitkoms vir menige bejaarde in Vanderbijlpark. Jeugland se doel is om vir die bejaardes 'n tuiste te bied, waar hulle fisies en geestelik tot hulle dood versorg kan word.

Jeugland ontvang 'n subsidie van die staat en is verplig om alle blankes ongeag taal, kultuur of godsdiens, as daar akkommodasie beskikbaar is, in te neem. Vir die meeste van die bejaardes is dit moeilik om met veranderinge in die samelewing tred te hou en daarom is hul godsdiens 'n belangrike, en soms selfs enigste, anker in hul lewe.

Daar is in 'n beperkte mate van swart verpleeghulp gedurende die voorspoedstadium gebruik gemaak. Alhoewel die swart personeel baie simpatiek teenoor die bejaardes was, is dit tog so dat die blanke bejaardes vanuit hul kultuuragtergrond hierdie hulp nie altyd sonder 'n mate van weerstand aanvaar het nie.

Die onderhoudkoste van hierdie instansie is hoog en die inkomste wat van losies, staatsubsidie en donasies verkry is, was nie altyd voldoende nie.[104] Hierdie ouetehuis het egter in 'n groot mate in die nood van die bejaarde van Vanderbijlpark voorsien.

2.3.1.7 CATHERINE ROBSON KINDERHUIS

Net soos die bejaardes het ook die onversorgde kinders van Vanderbijlpark gedurende die voorspoedstadium intensiewe versorging benodig.[105] In hierdie leemte sou die Catherine Robson Kinderhuis 'n belangrike rol speel. Die kinderhuis het ontstaan nadat 'n mev. Bruwer, wat 'n onderwyseres was, kinders in haar huis onder pleegsorg ingeneem het. Die kinderhuis se personeel het later die ou munisipale gesondheidskantore in Vereeniging vir die huisvesting van hierdie kinders verkry.[106] Gedurende 1960 het mev. Bruwer as eerste matrone met 20 kinders in die nuwe tuiste ingetrek. Gedurende 1968 is die hoeksteen van die nuwe gebou gelê en gedurende 1969 is die nuwe gebou met 72 kinders betrek. Die

---

103 ***Die Vaderland***, 1 Feb. 1979: berig.

104 S. Mouton, Onderhoud, 6 Jun. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

105 ***Beeld***, 25 Mei 1980: berig.

106 Catherine Robson Kinderhuis, Jaarverslag, 1979; D.J. Nel, Onderhoud, 14 Mei 1991 {Hoof van die Catherine Robson Kinderhuis, inligting in besit van die skrywer}.



Foto 13: YSKOR se Maatskaplike Dienste in onderhoud met 'n moeder (kraandryfster) oor akkommodasie vir haar kind by 'n versorgingsoord.

Bron: ***Vaalweekblad***, Vanderbijlpark, Fotoversameling.

ouderdomme van hierdie kinders wissel van ses maande oue babas tot 18-jarige matriekleerlinge.[107]

Die doelstellings van hierdie kinderhuis was om volledige opvoedende versorging en remediërende behandeling aan kinders van beide geslagte te bied. Gedurende die voorspoedstadium het hierdie kinderhuis 'n belangrike bydrae tot die versorging van hawelose kinders van Vanderbijlpark gelewer. Hierdie kinderhuis was 'n noodsaaklikheid nadat daar bevind is dat 91% van hierdie kinders se ouers geskei was.[108]

2.3.2 *YSKOR SE BYDRAE TOT MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYN*

YSKOR het gedurende die voorspoedstadium steeds 'n belangrike bydrae tot die maatskaplike versorging van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gelewer. Selfs tot 1967 was daar tussen 60% en 70% van die inwoners van Vanderbijlpark direk of indirek by YSKOR betrokke.[109] Dit is dus vanselfsprekend dat YSKOR 'n belangrike aandeel in maatskaplike hulp in Vanderbijlpark sou hê.

Gedurende die sestiger- en sewentigerjare het YSKOR veral op behandelingsdienste en noodhulp gekonsentreer. In die toepassing van die hele skema het YSKOR die verantwoordelikheid vir maatskaplike hulpverlening en welsyn probeer behou, sonder om 'n negatiewe afhanklikheid daardeur te skep.[110]

YSKOR het byvoorbeeld sy mense, wat dit nodig gehad het, van lenings voorsien. Hierdie lenings was egter nie skenkings nie en moes terugbetaal word. Dit het die waarde gehad dat dit nooit by YSKOR-werknemers die idee geskep het dat "hy kom met bakhande vir hulp nie" maar "wat hy gekry het, het hy geweet gaan hy terugbetaal". Mense het dus gewoonlik nie negatief afhanklik van hierdie stelsel geword nie.[111]

---

107 D.J. Nel, Onderhoud, 14 Mei 1991 (Hoof van die Catherine Robson Kinderhuis, inligting in besit van die skrywer).

108 Catherine Robson Kinderhuis, Jaarverslag, 1978.

109 Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., p.15.

110 ***Beeld***, 25 Mei 1979: berig.

111 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 (voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer).

2.3.3 SAMEVATTING

In Vanderbijlpark het YSKOR se maatskaplike sorg, tesame met organisasies soos die Vereniging vir Liggaamlik Gestremdes, SANRA, die Ondersteuningsraad, Noodlyn, FAMSA, *Jeugland Tehuis vir Bejaardes en Catherine Robson Kinderhuis se dienste gedurende hierdie* tydperk toegeneem. Hierdie toename van die organisasies kan toegeskryf word aan die invloed wat 'n nywerheidstad en sterk ekonomiese groei op die kultuur en lewenstyl van 'n gemeenskap het.

Dit is egter so dat die ekonomiese welvaart wat gedurende hierdie tydperk in Suid-Afrika geheers het, ook 'n invloed op die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark se kultuuroptrede gehad het. Die ekonomiese hoogtepunt van die sestigerjare het nie altyd 'n positiewe invloed op die kultuurvlak van al die inwoners gehad nie. Daar het egter ook 'n verval in menslike waardes voorgekom.

Hierdie organisasies het egter gepoog om nie net na die materiële behoeftes van die hulpbehoewendes om te sien nie, maar ook om mense tot geestelike volwassenheid voor te berei.

Die ekonomie het gedurende hierdie tydperk die gehalte van die dienste wat gelewer is positief beïnvloed, waardeur verskeie organisasies in staat gestel is om hul doelwitte na te streef.

2.4 MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYN GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992

Die meeste blanke inwoners wat hulp ontvang het, het nie negatief afhanklik daarvan geword nie. Tog het meer mense uit die blanke gemeenskap gedurende die stabiliseringstadium maatskaplike hulp nodig gehad. Hierdie hulpbehoewende omstandighede is grootliks deur die verswakte ekonomiese omstandighede in die land en ook in Vanderbijlpark gedurende die tagtigerjare veroorsaak,[112] en het in 'n groot mate 'n negatiewe uitwerking op die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark se lewenstyl en kultuurvlak gehad.[113] Verskillende faktore het die kultuurvlak van die inwoners in Vanderbijlpark gedurende hierdie stadium beïnvloed.

---

112 ***Vaalweekblad***, 25 Mei 1984: berig.

113 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, inligting in besit van die skrywer}.

2.4.1 DIE NYWERHEIDSTAD-PSIGOSE

Verskeie faktore het 'n negatiewe milieu geskep wat die gemeenskap se kultuurontwikkeling gestrem het. Die nywerhede, as werkverskaffers, is gedurende die stabiliseringstadium negatief deur die veranderde ekonomiese en politieke omstandighede in die land geraak.[114]

Die omgewing waarin Vanderbijlpark se nywerhede gedurende die tagtigerjare moes funksioneer, het radikaal van dié van die oorsese nywerhede verskil.[115] In Vanderbijlpark, soos in die res van die land, was die arbeid van die nywerhede meer ongeskoold as die nywerhede in oorsese lande. Daarbenewens is die rand se waarde ook aan groter wisseling en skommelings onderwerp as oorsese geldeenhede.[116] Hierdie omstandighede het stabiele nywerheidsgroei in Vanderbijlpark gekortwiek.

Die ekonomiese groei van die nywerhede is verder deur negatiewe maatreëls benadeel. Daar moes byvoorbeeld baie innoverend en soms teen hoë koste opgetree word om beperkende faktore soos sanksies te oorkom.[117] Hierdie omstandighede het tot rasionalisasie gelei. Dit het die blanke werkers nadelig geraak, omdat baie van hulle hulle werk verloor het, en hul lewenspeil en daarmee saam ook hul kultuurvlak verlaag is. Die kultuursituasie van Vanderbijlpark was gedurende die stabiliseringstadium steeds van so 'n aard dat al die blankes nie op dieselfde kultuurvlak was nie.[118] Die resultaat van die nywerhede se rasionalisasieproses ten opsigte van die blanke gemeenskap gedurende dié stadium het daartoe gelei dat meer eise aan die gesin en daarom ook aan maatskaplike sorg- en welsynorganisasies gestel is.[119]

---

114 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

115 ***Vaalweekblad***, 25 Mei 1984: berig.

116 ***Vaalweekblad***, 12 Okt. 1982: berig.

117 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief op die implementering van die strategie vir nywerheidsontwikkeling*** (ongep. referate gelewer tydens 'n simposium oor "n Nywerheidsperspektief op die implementering van die strategie vir nywerheidsontwikkeling', Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO, Vanderbijlpark, 5-6 Jun. 1986), p.38.

118 ***Rapport***, 27 Mei 1984: berig.

119 ***The Star***, 28 May 1984: report; ***Vanderbijlpark en Sasolburg Ster***, 1 Jun. 1984: berig; M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.



Foto 14: **Meer eise is aan die blanke gesin gestel.**

Bron: ***Vaalweekblad,*** Vanderbijlpark, Fotoversameling.

2.4.2 DIE POLITIEKE BELEID VAN SUID-AFRIKA

Die politieke beleid van die Republiek van Suid-Afrika het veroorsaak dat die land en Vanderbijlpark ekonomies geïsoleer is. Die gevolg was dat Suid-Afrika, en vanselfsprekend ook die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark, se ekonomiese posisie nadelig geraak is. Hierdie veranderde politieke omstandighede en die maatreëls wat ingestel is om die swak ekonomiese toestand van nywerhede te verbeter, het gedurende die stabiliseringstadium tot gevolg gehad dat daar heelwat verandering in die kultuursituasie in Vanderbijlpark ingetree het.[120]

2.4.2.1 DIE VERANDERDE OMSTANDIGHEDE VAN DIE BLANKE GESIN

Die blanke gesin het gedurende die stabiliseringstadium voor 'n verskeidenheid aanpassingsprobleme te staan gekom.[121]

Daar is gedurende die tagtigerjare meer eise aan die arbeider en daarmee saam aan die gesin in Vanderbijlpark gestel.[122] Daar is van die standpunt uitgegaan dat die werknemers se volle potensiaal nie benut word nie. Die benutting van die werknemers se innoverende kapasiteit en die persoonlike betrokkenheid deur die werkgewer kon tot groot voordeel van die onderneming aangewend word.[123] Die verswakkende ekonomiese klimaat het tot rasionalisering binne die bedrywe gelei, met soms traumatiese gevolge vir sommige werkers en hul gesinne.[124]

Dit het tot gevolg gehad dat die totale produksiekapasiteit van die fabriekswese in 'n toenemende mate onvolledig beset was, wat weer tot laer winsgrense gelei het en die bose kringloop hom van voor af laat herhaal het.[125]

---

120 W. Sussman, *Onderhoud*, 22 Jul. 1991 {*Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee*, inligting in besit van die skrywer}.

121 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

122 ***Vaalweekblad***, 1 Apr. 1980: berig; ***Vaalweekblad***, 5 Jun. 1984: berig.

123 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief op die implementering*** ..., p.346.

124 S. Viljoen, Onderhoud, 6 Jun. 1991 {Maatskaplike werker van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

125 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief op die implementering*** ..., p.166.

Foto 15: **Ekonomiese omstandighede het verander.**

Bron: ***Vaalweekblad***, Vanderbijlpark, Fotoversameling.

Hierdie nuwe eise wat gestel is, het spanning tot gevolg gehad en 'n negatiewe invloed op die gemeenskap van Vanderbijlpark uitgeoefen. Dié spanning kon soms nie verwerk word nie en dit het tot stagnasie gelei.[126] Selfs die pers het teen 'n hoër lewenswyse wat nie met inkomste gestrook het nie, gewaarsku.[127] Die verlaging van die ekonomiese lewenspeil van die gesinne van Vanderbijlpark het ook die kultuurvlak van die blanke inwoners verlaag.[128] Organisasies moes gevolglik met minder fondse meer maatskaplike hulp, as gevolg van die toenemende werkloosheid, verleen.[129]

Die swak ekonomiese omstandighede in Vanderbijlpark is grootliks deur sanksies veroorsaak, wat tot 'n daling in die lewenstandaard van die blanke inwoners gelei het.[130] Sanksies het veroorsaak dat Jan Alleman armer geword het.[131]

Die salarisse van baie van die inwoners van Vanderbijlpark kon nie met die inflasiekoers tred hou nie, en werkloosheid het groot afmetings aangeneem.[132] Dit wil voorkom asof baie gesinne gesukkel het om by die nuwe ekonomiese omstandighede aan te pas.

Vandat die moeiliker tye ingetree het, was daar 'n toename in die gebruik van dwelmmiddels en alkohol waarneembaar.[133] Daar is selfs handel met pyntablette gedryf. Apteke het gevind dat jong blanke kinders tablette aangekoop het wat vir dwelms aangewend kon word. Baie mense het begin om dwelms te gebruik om sodoende hul probleme te probeer hanteer. Hierdie kultuurvervlakking het 'n dringende behoefte aan meer maatskaplike sorg en welsyn geskep.[134] Die resultaat van hierdie omstandighede was dat dié organisasies se

---

126 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

127 ***Vaalweekblad***, 1 Apr. 1985: berig.

128 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

129 SANRA, Vanderbijlpark, Notule, Nov. 1989.

130 ***Vaalweekblad***, 25 Mei 1984: berig.

131 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, inligting in besit van die skrywer}.

132 ***Vaalster***, 27 Feb. 1987: berig.

133 ***Vaalweekblad***, 17 Okt. 1986: berig.

134 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, inligting in besit van die skrywer}.

hulp gedurende die stabiliseringstadium in 'n toenemende mate in Vanderbijlpark benodig is.[135]

Die organisasies moes noodgedwonge help met onstabiele huisgesinne waar bedagsaamheid, gemeenskaplikheid en wellewendheid byna nie meer bestaan het nie.[136] Rusies, straf en neulery het daagliks voorgekom. Kinders uit gebroke huise was ook in toenemende mate onsuksesvol op skool.[137] Heelwat veranderinge het dus ingetree waarop die blanke gesin van Vanderbijlpark nie altyd positief gereageer het nie.[138]

2.4.2.2 NEGATIEWE VERWAGTINGE

As gevolg van die bovermelde veranderinge het pessimisme in sommige kringe in Vanderbijlpark posgevat.[139] Die Streeksontwikkelingsvereniging (SOV) van die Vaaldriehoekse metropolitaanse gebied het 'n steekproef oor werksgeleenthede onderneem, waaraan groot nywerhede, konsultante en openbare liggame deelgeneem het. Die resultaat van die steekproef was dat massiewe werkloosheid gedurende die volgende dekade in die Vaaldriehoekse metropolitaanse gebied voorspel is.

Pessimisme het veral oor die skrale toename in werkgeleenthede geheers. 'n Derde van die respondente wat aan die ondersoek deelgeneem het, het gesê dat hul dalk wel later meer werkers in diens sou kon neem. Dieselfde hoeveelheid was egter van plan om hul werkers te verminder deur te meganiseer.

Byna al die respondente van dié ondersoek het die betrokkenheid van vakbonde en die politieke omstandighede van die land as die belangrikste beweegrede vir meganisasie aangevoer. Hierdeur sou minder werkers in diens geneem kon word. Vakbonde, binnelandse en buitelandse politiek en die gebrek aan ekonomiese groei is deur dié

---

135 ***Vaalweekblad***, 31 Mei 1980: berig; ***Vaalweekblad***, 8 Jun. 1984: berig.

136 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

137 FAMSA, Vanderbijlpark, Notules, 1989.

138 P.J.M. van Niekerk, Onderhoud, 20 Jul. 1991 {dosent, Departement Sosiologie, Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, navorsingsverslae in besit van die Departement Sosiologie, PU vir CHO}.

139 ***Vaalweekblad***, 31 Aug. 1984: berig.

respondente as die vernaamste beperkende faktore uitgesonder wat verdere groei van ondernemings belemmer het.[140]

Hierdie ondersoek het die ekonomiese en kulturele denkpatrone van die Vaaldriehoek en van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark weerspieël.

2.4.3 DIE AANPASSINGS VAN MAATSKAPLIKE SORG- EN WELSYNORGANISASIES

Die gevolg van hierdie veranderde kultuursituasie in Vanderbijlpark was dat maatskaplike sorg- en welsynorganisasies ook by die veranderinge moes aanpas. Die verswakking van die ekonomiese en kulturele omstandighede het tot gevolg gehad dat pogings aangewend moes word om die organisasies nog meer suksesvol te laat funksioneer. Doeltreffender strukture moes dus gevestig word.[141]

2.4.3.1 DIE MAATSKAPPY VIR EUROPESE IMMIGRASIE (MEI)

Die MEI se dienste moes gedurende die stabiliseringstadium voortgaan omdat die immigrante nog steeds inskakelingsprobleme ondervind het. Die MEI het dit nodig gevind om die immigrante met dokumentasie soos werkspermitte en identiteitsdokumente te help. Die MEI was ook met die indiensplasing van die immigrante behulpsaam. Gedurende die stabiliseringstadium is veral gepoog om die beeld van immigrasie in Vanderbijlpark positief te hou en te bevorder. Daar is selfs waar nodig aan immigrante finansiële hulp verleen.[142]

Die MEI se doelstellings was steeds om in alle behoeftes van die immigrante, hetsy geestelik, maatskaplik of stoflik, te voorsien en om die immigrante in samewerking met kerke, kultuurorganisasies, vroue-organisasies, belanghebbende staatsdepartemente en private individue in te burger.[143] Daarbenewens moes die geskiedenis en kultuurverskeidenheid van Suid-Afrika se bevolking by die immigrante tuisgebring word.[144]

---

140 SOV, Vanderbijlpark, Notules, 1985-1991.

141 Koördinerende Welsynsraad, Vanderbijlpark, Notule, Aug. 1989.

142 ***Vaalweekblad***, 22 Jan. 1982: berig; MEI, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1981.

143 ***Vaalweekblad***, 22 Jun. 1984: berig.

144 MEI, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1980.

Gedurende die stabiliseringstadium het die Vaaldriehoekse tak van die MEI die dorpe Vanderbijlpark, Meyerton, Vereeniging, Parys, Sasolburg en Fochville ingesluit.[145]

Die MEI was sekerlik een van die belangrikste organisasies wat maatskaplike sorg vir die immigrante in Vanderbijlpark verskaf het,[146] aangesien die organisasie die immigrante deur die jare aktief bygestaan het.[147] Die inskakeling by die gemeenskapslewe van hul nuwe vaderland het vir die immigrante nie sonder probleme verloop nie.[148]

Die MEI het steeds gepoog om eenheid en kulturele samewerking vir immigrantegesinne te bevorder. Met hierdie doel voor oë het die MEI geleenthede vir volksang, volksdanse en volksmusiek geskep. Tydens hierdie geleenthede is die gebruik van volksdisse van verskillende nasionaliteite bevorder.[149] Feesdae soos Republiekfeeste is ook op luisterryke wyse aan die immigrante in Vanderbijlpark bekend gestel.[150] Daarbenewens is die immigrante steeds aangemoedig om die landstale aan te leer en om Suid-Afrikaanse burgerskap te aanvaar.[151]

Die immigrante kon vir enige inligting wat hulle benodig het, aanklop by die kantoor van die MEI. Die kantoor is gevolglik oor 'n verskeidenheid probleme besoek. Gedurende 1978 het die MEI-kantoor byvoorbeeld 1 288 besoeke hanteer.[152]

Dit blyk dat die hoeveelheid besoeke later afgeneem het, aangesien statistiek van 1990 toon dat daar slegs 336 besoeke hanteer is, waarvan die grootste groep die Pole was.[153] Die doel van laasgenoemde besoeke was permanente vestiging (28), diverse aangeleenthede

---

145 ***Vaalster***, 24 Aug. 1984: berig; ***Vaalweekblad***, 9 Jul. 1985: berig.

146 ***Vaalweekblad***, 8 Jun. 1984: berig.

147 MEI, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1984; ***Vaalweekblad***, 8 Mrt. 1974: berig.

148 ***Vaalster***, 24 Aug. 1984: berig; ***Vaalweekblad***, 9 Jul. 1985: berig.

149 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 Aug. 1980: report; MEI, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1985.

150 ***Vaalster***, 15 Jun. 1984: berig.

151 MEI, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1984; ***Vaalster***, 13 Apr. 1984: berig.

152 MEI, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1978.

153 MEI, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1990.

(108), identiteitsdokumente (20), naturalisasie (7), paspoorte en permitte (125), pensioene en welsyn (7), uitstappies (40) en werkverskaffing (1).[154]

Gedurende die stabiliseringstadium is daar veral gepoog om kultuuroordrag tussen die immigrante en die Afrikaners te laat plaasvind, en taalklasse, gesprekklasse en feeskonserte is vir die immigrante aangebied.[155] Ontspanningsprojekte, soos kampe, staptoere en uitstappies, is ook vir die immigrante gereël. Vir inskakelingsprojekte is daar van handvaardigheid, stokperdjies, kuns, kunsvlyt en karnavalle gebruik gemaak.[156]

Die MEI het ook oriënteringsprojekte ten opsigte van die staatkunde, volkereverhoudings, nasionale simbole en indiensplasing van geskoolde immigrante om inskakeling te bevorder en emigrasie teen te werk, aangebied en hanteer.[157] Daar is ook aan die immigrantevrou se kultuuropset aandag gegee. Die vroue is ook by diensorganisasies ingeskakel, om die inburgering van immigrante se gesinne te vergemaklik.[158]

Die rede hiervoor was dat die immigrante 'n belangrike bydrae tot die ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap van Vanderbijlpark gelewer het. Dit was dus belangrik vir die ontwikkeling van Vanderbijlpark dat die immigrante nie as gevolg van veranderde omstandighede die land moes verlaat nie.

'n Groot hoeveelheid immigrante was veral by YSKOR werksaam. Gedurende 1979 was ongeveer 2 000 of 18% van YSKOR se blanke werkers immigrante. Altesaam 30 nasionaliteite was verteenwoordig. Die herkoms van die immigrante was soos volg: Britte (901), Portugese (322), Duitsers (186), Hollanders (149), Franse (100), Joego-Slawe (52), Hongare (37), Italianers (35), Grieke (32), Tsjeggo-Slowake (25), Oostenrykers (20), Belge (16), Pole (15), Spanjaarde en Dene (13 elk). Hulle is gevolg deur Argentyne (10), Rhodesiërs (9), Australiërs (6), Israeli's (3), Brasiliane, Switsers, Zambiërs en Amerikaners (2

---

154 MEI, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1990.

155 ***Vaalster***, 13 Apr. 1984: berig.

156 ***Vaalweekblad***, 23 Okt. 1984: berig; MEI, Vanderbijlpark, Jaarverslae, 1969-1991; ***Vaalster***, 30 Nov. 1984: berig.

157 ***Vaalster***, 29 Mrt. 1985: berig; MEI, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1989; ***Vaalweekblad***, 19 Feb. 1982: berig.

158 ***Vaalweekblad***, 5 Feb. 1982: berig.

GRAFIEK 2.1

IMMIGRANTE
TAALVERSPREIDING



Vanderbijlpark Stadsraad, Inligtingstuk no. 3, 1991.

elk), Kanadese, Egiptenare, Roemene, Chilene en Albaniërs (1 elk).[159] Om 'n immigrant te vestig, het egter hoë koste en uitgebreide dienslewering meegebring.

Die MEI het met hul dienslewering gepoog om emigrasie, wat 'n landswye tendens was, te beperk. Dit was belangrik dat die immigrante 'n positiewe beeld van Suid-Afrika moes hê. Die land kon dit nie bekostig om sy immigrante te verloor nie, want hulle vaardighede en talente was noodsaaklik vir die gebied se ekonomiese ontwikkeling.[160] Baie van die immigrante het egter mettertyd tog na Europa teruggekeer.[161] Daar was nie meer vir almal werk nie en by sommige het die onrustige politieke toestande vrees ingeboesem.[162] Die onluste, opstande, bomontploffings en ekonomiese insinkings wat as gevolg van die politieke omstandighede ontstaan het, het meegehelp om baie van die immigrante te laat besluit om liewer die land te verlaat.[163]

Die MEI het met sy dienslewering groot sukses behaal. By die immigrante wat tans nog in Vanderbijlpark woonagtig is, is die proses van kultuuroordrag feitlik voltooi. Die meeste van hierdie immigrante het teen 1992 een van die landstale, naamlik Afrikaans of Engels, as 'n eerste taal aanvaar.[164] Op grafiek 2.1 kan die verskillende tale wat die immigrante teen 1992 gepraat het, waargeneem word.[165]

2.4.3.2 DIE KOöRDINERENDE WELSYNSRAAD

Die Koördinerende Welsynsraad dien as 'n voorbeeld van verandering wat noodsaaklik was vir maatskaplike hulpverlening.[166] Die organisasies in Vanderbijlpark was in die eerste plek daarop ingestel om die lewenstyl van die mense in nood te verbeter en / of te onderhou, en

---

159 ***Vaalweekblad***, 1 Aug. 1975: berig.

160 ***Vaalweekblad***, 28 Aug. 1987: berig.

161 ***Vaalster***, 13 Dec. 1985: report.

162 ***Vaalweekblad***, 18 Jul. 1986: berig.

163 ***Vaalster***, 12 Dec. 1985: report; ***Vaalster***, 4 Sep. 1989: berig; ***Vaalweekblad***, 6 Jul. 1990: berig.

164 ***Vaalster***, 8 Aug. 1986: report.

165 Vanderbijlpark Stadsraad, Inligtingstuk no. 3, 1991, pp.1-3; kyk grafiek 2.1, p.116a.

166 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

daarom is dit verstaanbaar dat die organisasies na 'n doeltreffender struktuur gesoek het om 'n opheffende invloed in Vanderbijlpark te bewerkstellig.[167]

Daar is aanvanklik in die rigting van koördinering van al die maatskaplike sorg- en welsynorganisasies in Vanderbijlpark gewerk om die probleem van onnodige duplisering te oorbrug.[168] Hierdie pogings van Vanderbijlpark se organisasies was die eerste koördineringsaksie in Transvaal wat met sukses van stapel gestuur is. Die Koördinerende Welsynsraad in Vanderbijlpark was daarom uniek.[169] Die Koördinerende Welsynsraad het uit die volgende organisasies bestaan:

- Catherine Robson Kinderhuis.
- Die Dierebeskermingsvereniging (DBV).
- Die Familie- en Huweliksvereniging van Suid-Afrika (FAMSA).
- Jeugland Tehuis vir Bejaardes.
- Die Kankervereniging.
- Kerklike Maatskaplike Dienste.
- Kindersorg.
- Die Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI).
- Noodlyn.
- Die Ondersteuningsraad.[170]
- Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme (SANRA).
- Die Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulosevereniging (SANTV).

---

167 Koördinerende Welsynsraad, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1989.

168 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

169 J. Weber, Onderhoud, 10 Feb. 1991 {Voorsitter van die Koördinerende Welsynsraad, inligting in besit van die skrywer}.

170 Koördinerende Welsynsraad, Vanderbijlpark, Notule, Mei 1990.

- Die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga (SANL).
- Die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging.
- Die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF).
- Die Suiderkruisfonds.
- Die Vanderbijlparkse Vereniging vir Bejaardes.
- Die Vereniging vir Liggaamlik Gestremdes.

Die sukses van die Koördinerende Welsynsraad was dat fondse meer doeltreffend en ook meer effektief ingesamel en aangewend is.[171] Duplisering is sodoende verminder, ongesonde mededinging is uitgeskakel, vermorsing van inkomste is grootliks uitgeskakel en wanbesteding van inkomste is deur doelmatige koördinering voorkom.[172]

2.4.3.3 DIE GEMEENSKAPSKAS

Die behoefte aan genoegsame fondse het die stigting van die Gemeenskapskas van Vanderbijlpark gedurende 1985 'n noodsaaklikheid gemaak. Die Gemeenskapskas van Vanderbijlpark werk ten nouste saam met die Koördinerende Welsynsraad van Vanderbijlpark.[173] Die Gemeenskapskas verskaf fondse aan 22 maatskaplike sorg- en welsynorganisasies en aan 35 organisasies buite Vanderbijlpark se grense.

Die Gemeenskapskas van Vanderbijlpark se Toewysingskomitee bestaan uit vrywilligers met deeglike ondervinding van sakebestuur en maatskaplike dienste.[174] Hulle vergader jaarliks om bydraes op 'n wetenskaplike en verantwoordelike wyse aan die onderskeie organisasies toe te ken, nadat hul finansiële state deeglik bestudeer en behoeftes bepaal is.[175]

---

171 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

172 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

173 K. du Preez, Onderhoud, 12 Feb. 1990 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

174 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

175 Gemeenskapskas, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1990.

Die doelstelling van dié organisasie is om 'n gees van hulpvaardigheid en betrokkenheid in die gemeenskap aan te moedig en te ontwikkel. Die Gemeenskapskas was genoodsaak om gedurende die moeilike tydperk hul dienste en die insameling van bydraes binne die munisipale gebied van Vanderbijlpark te koördineer en tussen geregistreerde fondsinsamelings- en / of maatskaplike sorg- en welsynorganisasies te verdeel.

Die lede bestaan uit verteenwoordigers van alle instansies wat geaffilieer is by die Koördinerende Welsynsraad van Vanderbijlpark, asook verkose lede van die breë bestuur. Die beskermheer van dié organisasie is die Burgemeester van Vanderbijlpark.[176]

Hierdie doeltreffende koördinering het 'n nuwe ontwikkelingspatroon geskep. Gedurende 1987/88 is byvoorbeeld samesprekings met mnr. D. van Vuuren, Voorsitter van Vanderbijlparkse Vereniging vir Bejaardes, mnr. C. Nel, Bestuurder van VESCO en mnr. J. Weber, Voorsitter van die Koördinerende Welsynsraad, gehou. Hiervolgens sou daar gesamentlik gepoog word om 'n nuwe ouetehuis in Pioneer Huis in te rig.[177]

Gedurende 1989 het maatreëls wat deur die Gemeenskapskas getref is, die verkryging van 'n huis vir vroue wat in 'n krisis verkeer, moontlik gemaak. Daar is 'n behoeftebepaling uit die verskillende maatskaplike sorg- en welsynorganisasies gemaak en drie geboue is as moontlikhede voorgestel. 'n Beroep vir subsidie vir die aankoop van die geboue is op die staat gedoen en die res van die koopsom is aan die private sektor oorgelaat.[178]

'n Nasionale simposium is ook vir Februarie 1989 beplan. Lede van die bestuur het 'n konferensie van Gemeenskapskaste in Durban bygewoon. Tydens hierdie konferensie het die verteenwoordigers van Vanderbijlpark besluit om by die Gemeenskapskastevereniging van Suid-Afrika aan te sluit. Die embleem van 'n rooi veer is aanvaar en is deel van die plaaslike embleem gemaak.[179] Gedurende hierdie konferensie is besef dat Vanderbijlpark die enigste kas is wat nie veelrassig funksioneer nie.[180] Die mening was egter dat die swart bevolkingsgroepe self moet inspring om vir hul behoeftiges te sorg. Die Gemeenskapskas

176 Gemeenskapskas, Vanderbijlpark, Konstitusie, 1990.

177 J. Weber, Onderhoud, 10 Feb. 1991 {Voorsitter van die Koördinerende Welsynsraad, inligting in besit van die skrywer}.

178 J. Taute, Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Sekretaresse van die Koördinerende Welsynsraad, inligting in besit van die skrywer}.

179 Gemeenskapskas, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1989.

180 K. du Preez, Onderhoud, 12 Feb. 1990 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

kon hul hoogstens van advies voorsien. Die Voorsitter, ds. K. du Preez, het in hierdie stadium sitting in die Welsynsraad van die Lekoa-stadsraad gehad, en het sodoende verskeie insette gelewer.[181]

Die Gemeenskapskas se fondse is uit middagetes, Varia-konserte, uitstallings, donasies, inkleurwedstryde, motorwedstryde, kollektebussies, modeparades en gholfdae verkry. Gedurende 1987/88 het die Gemeenskapskas oor R70 000 beskik.[182] Die bedrag is moontlik gemaak deur groot skenkings van YSKOR en die Stadsraad. Gedurende 1989 is gepoog dat elke gesin in Vanderbijlpark R1 per maand by die water-en-ligte-rekening sou voeg vir die Gemeenskapskas.[183] Dit sou beteken dat daar R18 000 per maand vir die Gemeenskapskas gegee sou word, wat 'n groot hulp met die nodige verpligtinge sou wees. Gedurende 1989 het hierdie organisasie dit reggekry om R80 000, en in 1990 R100 000 aan maatskaplike sorg- en welsynorganisasies te gee.[184] Nieteenstaande die diens en ekonomiese hulp van die Gemeenskapskas, het verskeie organisasies dit steeds moeilik gevind om al hul verpligtinge na te kom en gedurende 1990 te kenne gegee dat hulle weens finansiële nood van hul dienste moes inkort.[185]

Die suksesvolle funksionering van die Gemeenskapskas gedurende die stabiliseringstadium het meegehelp om die kultuurvlak van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark te ondersteun.

2.4.4 SAMEVATTING

Gedurende die stabiliseringstadium het die verswakte ekonomie, wat die resultaat van die politieke omstandighede was, 'n toename aan dienste ten opsigte van maatskaplike sorg in Vanderbijlpark tot gevolg gehad.

Dié omstandighede het ook 'n nadelige invloed op die kultuuroptrede van heelwat van die blanke inwoners van Vanderbijlpark gehad. Daar was toenemende werkloosheid, wat tot 'n ooglopende toename in misdaad, dwelmmisbruik, kindermishandeling, prostitusie en

181 ***Vaalweekblad***, 2 Jun. 1989: berig.

182 J. Weber, Onderhoud, 10 Feb. 1991 {Voorsitter van die Koördinerende Welsynsraad, inligting in besit van die skrywer}.

183 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

184 ***Vaalster***, 2 Feb. 1990: berig.

185 ***Vaalweekblad***, 17 Mrt. 1989: berig.

kerklosheid gelei het.[186] Hierdie kultuursituasie in Vanderbijlpark het weer tot 'n toename in maatskaplike sorg- en welsynorganisasies se werksaamhede gelei.

Dié organisasies se werkmetode moes by veranderde omstandighede in Vanderbijlpark aanpas. Die gevolg was dat daar in 'n meerdere mate groepbehandeling en gesinsterapie deur die betrokke organisasies toegepas is. Daar moes ook 'n groter verskeidenheid professionele dienste gelewer word. Daarbenewens is strukture by nuwe omstandighede aangepas. Daar is byvoorbeeld nuwe maatreëls ingestel om die verminderde fondse wat beskikbaar was meer doeltreffend en ook meer effektief aan te wend. Die instelling van die Koördinerende Welsynsraad was 'n positiewe struktuurverandering wat die funksionering van die organisasies in Vanderbijlpark baie verbeter het.

Ongelukkig kon die organisasies as gevolg van 'n tekort aan fondse nie altyd dieselfde gehaltedienste as voorheen lewer nie.

2.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING

Die verstedelikingsproses in Vanderbijlpark het maatskaplike sorg reeds gedurende die vestigingstadium genoodsaak. Hierdie noodsaaklikheid is bevestig nieteenstaande die voorsorg wat daar deur die Regering, YSKOR en ander instellinge vir die vraagstuk van nywerheidskonsentrasie getref is.[187]

Dit is ook opvallend dat die hoeveelheid blanke mense wat maatskaplike sorg in Vanderbijlpark nodig gehad het, tydens elke stadium toegeneem het. Die stand van die ekonomie het die gehalte van dienste gedurende al drie stadiums beïnvloed. Gedurende die vestigingstadium was daar 'n stygende ontwikkelingslyn ten opsigte van die gehalte van dienste wat gelewer is. Dit is veroorsaak deur die positiewe invloed van die ekonomie in die jong nywerheidstad. Gedurende die voorspoedstadium het die ekonomie die dienste ook positief beïnvloed. Dit is weereens deur die positiewe ekonomiese omstandighede in Vanderbijlpark veroorsaak. Gedurende die stabiliseringstadium het die gehalte van dienste egter afgeneem as gevolg van die verminderde fondse wat die swak ekonomie tot gevolg gehad. Die oorkoepelende koördinering en bestuur van welsyndienste het egter gedurende dié stadium verbeter.

---

186 ***Vaalweekblad***, 16 Jun. 1989: berig; ***Vaalster***, 15 Nov. 1989: berig.

187 ***Vaalster***, 7 Okt. 1988: berig; ***The Star***, 26 May 1984: report.

Dit is duidelik dat die maatskaplike sorg- en welsyndienste gedurende al drie die stadiums 'n positiewe bydrae tot die kultuurvlak van die blanke gemeenskap gelewer het. Vanderbijlpark se gemeenskap kon nie sonder maatskaplike hulp en welsyn klaarkom nie. Maatskaplike sorg- en welsynorganisasies het 'n belangrike rol in die kultuurontwikkeling en lewenstyl van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gespeel.

In die kultuuroptrede van die mens teenoor sy medemens het die bovermelde organisasies hand aan hand met die diensorganisasies, soos in die volgende hoofstuk beskryf sal word, gewerk.

---oOOo---

HOOFSTUK 3

DIENSLEWERING

3.1 INLEIDING

In die kultuurvorming van die gemeenskap van Vanderbijlpark het dienslewering 'n belangrike rol gespeel.[1] Dienslewering kan ook in drie ontwikkelingstadiums ingedeel word, naamlik die vestiging-, voorspoed- en stabiliseringstadium.

Gedurende die vestigingstadium het die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR) meestal die dienslewering georganiseer.[2] Tydens die voorspoedstadium het die Gesondheidskomitee en die Stadsraad ook betrokke geraak by dienslewering aan die gemeenskap. Diensorganisasies waaraan die blanke gemeenskap deelgeneem en wat hulle georganiseer het, het ook mettertyd in Vanderbijlpark ontwikkel.

3.2 DIENSLEWERING GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959

Reeds gedurende die vestigingstadium het 'n behoefte aan dienslewering in Vanderbijlpark ontstaan.[3] Aanvanklik was die onderlinge verhouding tussen die inwoners informeel. Daar het bykans 'n gesinsatmosfeer tussen die mense geheers. Hierdie familie-ingesteldheid het veroorsaak dat dienslewering dikwels op 'n persoonlike mens-tot-mens-benadering geskied het.[4] Die infrastruktuur vir hierdie dienslewering is aanvanklik deur YSKOR voorsien.[5]

---

1 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 12, no. 6, Jun. 1947, p.463; H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

2 Anon., "New city of steel: the Iscor Works at Vanderbijlpark", ***South African Engineer***, vol. 30, no. 361, Jun. 1948, pp.7-9; Anon., "Who plants a tree", ***Iscor News*** {supplement} vol. 16, no. 6, Jun. 1951, pp.2,3.

3 A. Jacobs, ***South African heritage: a biography of H.J. van der Bijl***, p.184; H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

4 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {Nederduitse Gereformeerde (NG)-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

5 ***The Star***, 18 Dec. 1942: report.

3.2.1 DIENSLEWERING DEUR YSKOR

Dit is vanselfsprekend dat YSKOR gedurende die vestigingstadium die hoofrol in dienslewering in Vanderbijlpark sou speel. Die vooruitgang van Vanderbijlpark en die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap gedurende hierdie stadium was dan ook ten nouste aan YSKOR gekoppel.[6] Die lewenstandaard van die inwoners was van die groei en ontwikkeling van YSKOR se staalwerke op Vanderbijlpark afhanklik.[7] YSKOR se groei en ontwikkeling het veroorsaak dat daar 'n gemiddelde bevolkingstoename van 1 430 mense per jaar gedurende die eerste 21 jaar was. Net ten opsigte van migrasie het dit 'n groei van vier inwoners per dag behels.[8]

3.2.2 DIE VORMING VAN 'N NUWE KULTUURPATROON

Die vinnige bevolkingstoename in Vanderbijlpark het tot 'n nuwe kultuursituasie gelei waarin dienslewering 'n belangrike ondersteuningsrol gespeel het, want die bevolkingstoename het verskillende Suid-Afrikaanse volks- en kultuurgroepe sowel as Europese immigrante ingesluit.[9] Die groot kultuurverskeidenheid in die dorp het ook veroorsaak dat die verskillende kulture 'n invloed op mekaar sou hê.[10] Die kultuurbesit van elke volksgroep sou as gevolg van kultuuroordrag nie dieselfde bly nie.[11]

Die inwoners moes noodgedwonge in die nuwe lewensomstandighede 'n nuwe kultuurpatroon vorm wat vir hul normale voortbestaan noodsaaklik was.[12] Elke kultuurgroep het deur kultuuroordrag 'n bydrae tot die nuwe kultuur gemaak.

---

6 H.J. van der Bijl, "Die Vaal vloei voort", ***Brandwag***, vol. 10, no. 513, Aug. 1947, pp.19,20.

7 T.W. Wilson, "Iscor's new platemill: the history of Vanderbijl, 1940-1943", ***Iscor News*** {supplement}, vol. 9, no. 1, Jan. 1944, pp.10,11.

8 E. van Heerden, "'n Staalstad vier sy mondigwording", ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 10, no. 1, Jan. 1965, pp.19,20.

9 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ***Municipal Affairs***, vol. 28, no. 329, Jan. 1963, pp.11,14; A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa, 1933 to 1983***, p.98.

10 Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ***South African Municipal Magazine***, vol. 31, no. 363, Nov. 1947, p.35; A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa*** ..., p.98.

11 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ..., p.14; M.P. Taute, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

12 Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ..., p.35; H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

3.2.3 *DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIENSORGANISASIES*

Die multikulturele kultuurvormingsproses wat in Vanderbijlpark plaasgevind het, het veroorsaak dat die dienste wat in dié kultuursituasie verskaf moes word nie altyd 'n maklike taak was nie. 'n Direkte gevolg van die verskeidenheid kulture in Vanderbijlpark was dat daar ook 'n groot verskeidenheid diensorganisasies in Vanderbijlpark ontwikkel het,[13] wat hul dienste by die verskeidenheid kulture moes aanpas.

Nadat YSKOR in die beginjare bykans al die dienste verskaf het wat nodig was,[14] het die gemeenskap van Vanderbijlpark mettertyd hierdie dienste aangevul, en die dienste georganiseer om aan die behoefte vir dienslewering in die blanke gemeenskap te voorsien.[15]

In die ontstaan, ontwikkeling en vorming van 'n nuwe kultuurpatroon het die diensorganisasies dus 'n belangrike rol gespeel. Die diensorganisasies was daarop ingestel om waar moontlik die behoefte van die blanke groep te bevredig. Die noodsaaklikheid van diensorganisasies het 'n noue verband met die wisselende stand van die kultuurpeil van hierdie nywerheidsgemeenskap gehad.[16] Die dienslewering het die ekonomiese welvaartsvlak van die sosiaal-maatskaplike ontwikkelingspeil van die gemeenskap beïnvloed.[17] In hierdie opsig het die verarmde aard van die inwoners wat in Vanderbijlpark verstedelik het georganiseerde dienslewering genoodsaak.[18]

Diensorganisasies in Vanderbijlpark het nie professionele dienste, soos behandeling, gelewer nie. As diensorganisasies wel op die terrein van primêre voorkoming beweeg het, het hulle dit saam met welsynorganisasies gedoen en was hulle net by die vroeë primêre voorkoming van probleme betrokke. Waar daar byvoorbeeld probleme soos jeugmisdaad of

---

13 K. du Preez, Onderhoud, 12 Feb. 1990 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ..., p.35.

14 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park", ..., p.463; vgl. Anon., ***YSKOR: Vanderbijlparkwerke***, p.45.

15 E. van Heerden, "'n Staalstad vier sy mondigwording", ..., pp.18,19.

16 Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ..., pp.36,37.

17 ***The Star***, 18 Dec. 1942: report; A. Jacobs, ***South African heritage*** ..., p.184.

18 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ..., pp.11,14; vgl. E.L.P. Stals, ***Afrikaners in die goudstad***, deel 2: 1924-1961, p.119.

huweliksprobleme opgemerk is, het die diensorganisasies wel pogings aangewend om hulp te verleen.[19]

Die ontstaan en ontwikkeling het soos volg verloop.

3.2.3.1 DIE GESONDHEIDSKOMITEE

Die Gesondheidskomitee het in hierdie opsig, as een van die vroegste diensorganisasies in Vanderbijlpark ontwikkel,[20] en het gedurende 1946 ontstaan.[21] Die Gesondheidskomitee het die administrasie van die dorpsake in die algemeen hanteer.[22]

In hierdie taak is die Gesondheidskomitee deur Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy (VESCO) ondersteun.[23] Die personeel van VESCO het van die administratiewe, finansiële, tegniese en gesondheidsdienste vir die Gesondheidskomitee behartig. VESCO het byvoorbeeld die dienste van water- en elektrisiteitsvoorsiening, riool- en vullisverwydering hanteer.[24] Mettertyd het die Gesondheidskomitee hierdie dienste oorgeneem.[25]

Gedurende die vroeë vyftigerjare het die Gesondheidskomitee ook die Departement van Nieblankesake, die swart gesondheidsdienste, lisensiëring, verkeersbeheer en parke hanteer.[26]

---

19 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

20 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ..., pp.33,34; kyk ook p.134.

21 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Jan. 1947 - 11 Jun. 1948, vol. 1: minute of the inaugural meeting, 3 Jan. 1947.

22 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, p.32.

23 Vanderbijlpark Town Council, Correspondence, 3 Apr. 1947 - 15 May 1953, file 2/6, vol. 1: deed of agreement between Vanderbijl Park Health Committee and Vanderbijl Park Estate Company whereas Vanderbijl Park Health Committee, 1 Mar. 1950.

24 P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark, 1914 - Desember - 1951***, pp.9-11.

25 Vanderbijlpark Town Council, Correspondence, 3 Apr. 1947 - 15 May 1953, file 2/6, vol. 1: deed of agreement between Vanderbijl Park Health Committee and Vanderbijl Park Estate Company whereas Vanderbijl Park Health Committee, 1 Mar. 1950.

26 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 24 Apr. 1958 - 4 Dec. 1958, vol. 16: report, 22 May 1958; R.P. Jansen van Rensburg, ***Die beslaggewing van dorpsontwikkeling en bestuur in Vanderbijlpark gedurende 1943-1952*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1992), pp.111 e.vv.

Die Gesondheidskomitee het dus gedurende die vestigingstadium reeds belangrike en noodsaaklike dienste gelewer.[27]

3.2.3.2 DIE STADSRAAD

In 1952 is Vanderbijlpark as volwaardige munisipaliteit met 'n eie stadsraad verklaar.[28] In Augustus 1959 het VESCO, ooreenkomstig die Noodsaaklikheidsdiensteooreenkoms, £2 200 000 aan die Burgemeester, raadslid J.M. van Rooyen, oorhandig,[29] waarmee die Stadsraad volle verantwoordelikheid vir dienste soos water, elektrisiteitsvoorsiening en riolering aanvaar het.[30] 'n Nuwe tydperk in die dienslewering aan die gemeenskap het dus ingetree. Daar was meer geld beskikbaar wat die Stadsraad in staat gestel het om beter dienste te kon lewer. Hierdie dienslewering van die Stadsraad het 'n positiewe invloed op kultuurontwikkeling van die gemeenskap gehad, omdat dit gesinne in 'n mate minder afhanklik van YSKOR gemaak het.

3.2.3.2.1 ADMINISTRASIE

Ten einde hierdie dienste te kon lewer, was 'n goed ontwikkelde en georganiseerde administratiewe komponent in die Stadsraad belangrik.

Vier kommissies het gedurende die periode 1952-1957 belangrike kennis en inligting aan die Stadsraad voorsien. Hierdie kommissies het die Stadsraad adviseer oor die gewenste ontwikkeling van die dienste wat gelewer moes word.[31] Die kommissies was die Floyd-, Marais-, Mentz- en De Wet-kommissie en word vervolgens bespreek.

---

27 Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 17 Apr. 1957 - 11 Dec. 1957, vol. 9: extract from the minutes of the Finance and Joint Committee meeting no. 58, 27 Jun. 1957; S.P. Venter, ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing na Vanderbijlpark*** (ongep. M.A.-verhandeling, RAU, 1981), p.63; kyk ook p.134.

28 J. Ryan (ed.), ***Official South African municipal yearbook, 1952-1953***, p.305; Vaal Teknorama, Vereeniging, F.A.V. Day newspaper cuttings, 14 Jun. 1952 - 6 Mar. 1953, ref. no. 03/3219, ***Rand Daily Mail***, 18 Jul. 1952: report.

29 Vaal Teknorama, Vereeniging, F.A.V. Day newspaper cuttings, 13 Nov. 1958 - 12 Sep. 1959, ref. no. 03/3234, ***Rand Daily Mail***, 17 Aug. 1959: report.

30 S.P. Venter, ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing*** ..., p.63.

31 Vanderbijlpark Town Council, Finance and Joint Committee, Reports, 3 Dec. 1953 - 23 Feb. 1954, vol. 6: report, 4 Feb. 1954; R. van Niekerk, ***Die vestiging en uitbreiding van plaaslike bestuur in Vanderbijlpark gedurende 1952-1959*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1992), pp.29 a.vv.

- **DIE FLOYD-KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA 'N DORPSBEPLANNINGSKEMA VIR VANDERBIJLPARK, 1952**

Die Floyd-kommissie het oor aspekte soos die mark, slagpale, brandweerstasie, stortingsterreine, begraafplase, rioolwerke, kwekerye, werkswinkels, dorpsentrum, skole, biblioteke, munisipale kantore, klinieke, busdepots, staats- en regeringsdepartemente advies gelewer.[32]

Die Stadsraad het met mnre. Floyd, Bowling en Richardson 'n ooreenkoms aangegaan om 'n dorpsbeplanningskema op te stel. Hierdie skema is gedurende 1954 deur die raad aanvaar.[33] Dit het 'n stimulerende invloed op die gemeenskap gehad omdat 'n nuwe status deur middel van dorpsontwikkeling aan die dorp gegee is. Die "beheer" van kultuurontwikkeling is in 'n mate weggeneem van die nywerheid en het gelei tot 'n meer onafhanklike dorpsontwikkelingsprojek, wat 'n nuwe dimensie in die kultuurontwikkeling van die gemeenskap ingelui het.[34]

- **DIE MARAIS-KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA PLAASLIKE BESTUUR IN TRANSVAAL, 1953**

Dié kommissie se doel was om die plaaslike regeringstelsel in Transvaal te ondersoek.[35] Die lede van die Marais-kommissie wat onder voorsitterskap van regter J.F. Marais aangestel is, was R.S. Koller, I. Marks, M. Nestadt, H.B. Phillips, J.H. Rauch, F.S. Steyn, B.J. van der Walt en P.Z.J. van Vuuren.[36] Die Marais-kommissie se voorstelle het ten doel gehad dat plaaslike owerhede meer selfstandig gemaak moes word. Min van dié voorstelle is egter deur die plaaslike rade aanvaar en toegepas.[37]

---

32 Vanderbijlpark Town Council, Finance and Joint Committee, Reports, 3 Dec. 1953 - 23 Feb. 1954, vol. 6: report, 3 Dec. 1953.

33 Vanderbijlpark Town Council, Finance and Joint Committee, Reports, 3 Dec. 1953 - 23 Feb. 1954, vol. 6: report, 4 Feb. 1954.

34 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

35 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 9 Nov. 1953 - 22 Apr. 1954, vol. 7: report, 25 Mar. 1954.

36 Provinsie Transvaal, ***Derde en finale verslag van die kommissie van ondersoek na die stelsel van plaaslike bestuur in Transvaal***, TP 5/1957, p.1.

37 B. Hoffman, ***Produktiwiteitsmeting in plaaslike bestuur*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1983), p.16.

Die raad moes noodsaaklikerwys ook aan die swart woongebiede aandag skenk om ook daar die nodige dienste vir dié inwoners te lewer.[38]

- **DIE MENTZ-KOMMISSIE, 1954**

Die Mentz-kommissie wat onder voorsitterskap van mnr. M.P. Mentz was, is deur drr. Moolman en Heald bygestaan. Die doel van die Mentz-kommissie was om die ontwikkeling van die swart woongebiede van Vanderbijlpark en Vereeniging te ondersoek.[39] As gevolg van hierdie ondersoek is daar besluit dat Vereeniging en Vanderbijlpark se Stadsrade swart woongebiede in die gebiede wat daarvoor opsygesit is, moes ontwikkel.[40]

- **DIE DE WET-KOMMISSIE, 1956**

Die De Wet-kommissie se taak was om die verwantskap tussen plaaslike besture en nywerheidsondernemings te ondersoek. Die kommissie was onder die voorsitterskap van mnr. C.F. de Wet en hy is deur mnre. P.A. du Plessis, J.H. Wildenboer en kolonel J.C. McIntyre bygestaan.[41] Die plaaslike bestuur se verantwoordelikheid ten opsigte van die ontwikkeling van die plaaslike gemeenskap in die nywerheidsentra moes vasgestel word.[42] Die Stadsraad van Vanderbijlpark het egter besluit dat die De Wet-kommissie se ondersoek nie op dié dorp van toepassing was nie.[43]

Die organisatoriese struktuur van die Stadsraad gedurende dié jare kan soos volg uiteengesit word:

---

38 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

39 Vanderbijlpark Town Council, Finance and Joint Committee, Reports, 8 Oct. 1954 - 29 Nov. 1954, vol. 5: report, 26 Nov. 1954.

40 Vanderbijlpark Town Council, Finance and Joint Committee, Reports, 12 Apr. 1955 - 16 Jun. 1955, vol. 12: report, 10 Jun. 1955.

41 Provinsie Transvaal, "Kommissie van ondersoek insake die verwantskap tussen plaaslike besture en nywerheidsondernemings verantwoordelik vir die stigting van die plaaslike gemeenskap", administrateurskennisgewing no. 178, ***Offisiële Koerant***, vol. 156, no. 2561, 22 Feb. 1956, p.447.

42 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 Oct. 1955 - 26 Mar. 1956, vol. 11: report, 22 Mar. 1956.

43 Vanderbijlpark Town Council, Finance and Joint Committee, Reports, 9 Oct. 1957 - 11 Dec. 1957, vol. 23: report, 9 Oct. 1957.

- **BELEIDSASPEKTE**

  Die bepaling van 'n politieke, uitvoerende, administratiewe en operasionele beleid.[44]

- **ORGANISATORIESE OF ADMINISTRATIEWE ASPEKTE**

  Die volgende departemente het namens die raad dienste gelewer:

  Gesondheidsdepartement.

  Elektriese en Meganiese Departement.

  Departement Nie-blankesake.

  Departement Werke.

  Finansiële Departement.

  Departement van die Stadsklerk.[45]

Alle inkomste wat in die vorm van belasting ingevorder is, is deur die bogenoemde departemente aangewend om dienste te lewer.[46]

3.2.3.2.2 DIENSLEWERING DEUR DIE STADSRAAD

Die dienslewering van die Vanderbijlparkse Stadsraad was baie omvattend. Die volgende is 'n verkorte oorsig van die belangrikste dienste wat die Stadsraad gedurende hierdie jare aan die gemeenskap gelewer het:

- **WATERVOORSIENING**

  Die ongesuiwerde water is teen 'n vasgestelde tarief van die Randwaterraad gekoop.[47] VESCO was verantwoordelik daarvoor om die nodige infrastruktuur te voorsien wat vir die voorsiening en suiwering van die water na Vanderbijlpark

---

44 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}

45 Vanderbijlpark Town Council, Finance and Joint Committee, Reports, 11 Mar. 1954 - 22 Apr. 1954, vol. 7: report, 11 Mar. 1954.

46 W.L.J. Adlem & A. du Pisani (reds.), ***Stedelike politiek en administrasie: 'n inleiding***, p.93.

47 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 21 Oct. 1954 - 17 Mar. 1955, vol. 9: report, 24 Feb. 1955; J.J.N. Cloete, ***Munisipale regering en administrasie in Suid-Afrika***, p.156.



Foto 16: **Vanderbijlpark Elektrisiteitsubstasie, 1949.**

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

noodsaaklik was. Die waterverspreiding binne die dorpsgebiede het uit 'n netwerk van toevoerpype bestaan.[48]

Die raad was daarvan oortuig dat genoegsame water uit die Vaalrivier vir die gebruik van Vanderbijlpark as jong nywerheidstad beskikbaar sou wees.[49]

♦ **ELEKTRISITEITSVOORSIENING**

Hierdie diens is aanvanklik deur 'n private kontrakteur vir YSKOR se behuisingsmaatskappy verskaf.[50]

Mettertyd het VESCO die elektrisiteitsdienste vir die raad begin beheer. Hulle het elektrisiteit aan die nywerhede verskaf,[51]

♦ **VULLIS- EN NAGVUILVERWYDERING**

Hierdie dienste is aanvanklik deur VESCO verskaf.[52] Die dorp was só groot dat dit nie moontlik was om die gebiede onderling in een stelsel in te skakel nie.[53] Mettertyd is die hele dorp egter van 'n rioolstelsel voorsien en afval is deur die *Rietspruitwerke en Zuurfonteinwerke* hanteer.

Nadat die Stadsraad besluit het om dié dienste oor te neem, kon daar voor 1959 geen ooreenkoms met VESCO bereik word nie,[54] en het die raad aanvanklik die gebruik van twee muile vir die nagvuil- en vullisverwyderingsdienste goedgekeur.[55]

---

48 R. van Niekerk, ***Die vestiging en uitbreiding van plaaslike bestuur*** ..., pp.129,130.

49 Vaal Teknorama, Vereeniging, F.A.V. Day newspaper cuttings, 22 Jan. 1954 - 8 Sep. 1954, ref. no. 03/3220, ***Rand Daily Mail***, 31 Jul. 1954: report.

50 R. van Niekerk, ***Die vestiging en uitbreiding van plaaslike bestuur*** ..., p.132.

51 Vanderbijlpark Town Council, Finance and Joint Committee, Reports, 11 Oct. 1955 - 13 Dec. 1955, vol. 15: report, 19 Oct. 1955.

52 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 13 Nov. 1952 - 22 Oct. 1953, vol. 6: report, 29 Jan. 1953.

53 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

54 R. van Niekerk, ***Die vestiging en uitbreiding van plaaslike bestuur*** ..., pp.135,136.

55 *J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.*

Foto 17: Emfulenipark.

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

♦ STRATE, SYPAADJIES EN STORMWATERDREINERING

VESCO het alle paaie en stormwaterdreinering beheer, ontwikkel en gefinansier. Gedurende die vestigingstadium is daar ongeveer 96 km paaie in Vanderbijlpark gebou. Daar is ook vir voldoende parkering in die sakesentrum voorsiening gemaak.[56]

♦ PARKE, ONTSPANNINGSGRONDE EN SPORTGRONDE

In hierdie opsig het die raad baie dienste verskaf.[57] Omdat daar oorvleueling van pligte by die funksie van parke, ontspanningsgronde en sportgronde was, het daar wrywing tussen VESCO en die raad oor die ontwikkeling en instandhouding van die gronde voorgekom.[58]

Benewens ander parke soos dié van YSKOR en die Behuisingsnutsmaatskappy se park in CW 6 is Emfulenipark deur die Stadsraad langs die rivier ontwikkel. By dié park is die nodige ontspannings- en sportgeriewe vir die publiek aangebring.[59]

♦ VERKEERBEHEER

Die plaaslike owerheid was daarvoor verantwoordelik om die paaie binne hul jurisdiksiegebied in 'n goeie toestand te hou. Die Stadsraad het dus aan verskeie aspekte in dié verband aandag gegee.[60] Die Padveiligheidsvereniging het 'n belangrike bydrae tot die verkeersafdeling se werksaamhede gelewer om doelmatige verkeerbeheer binne die munisipale grense te verseker.[61]

---

56 Vanderbijlpark Town Council, Finance and Joint Committee, Reports, 2 Jul. 1953 - 24 Sep. 1953, vol. 4: report, 6 Aug. 1953.

57 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8: report, 20 Aug. 1954.

58 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; R. van Niekerk, ***Die vestiging en uitbreiding van plaaslike bestuur*** ..., p.144.

59 P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark*** ..., p.4.

60 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

61 R. van Niekerk, ***Die vestiging en uitbreiding van plaaslike bestuur*** ..., pp.149,150.

♦ LISENSIëRING

Die plaaslike owerheid was ook vir die nodige lisensiëring in Vanderbijlpark verantwoordelik. Dit was die Lisensiekantoor se taak om byvoorbeeld die registrasie van motorvoertuie te behartig, padwaardigheidsertifikate en motorbestuurderslisensies uit te reik, en toe te sien dat regulasies vir handelspersele nagekom word.[62]

♦ GESONDHEIDSDIENSTE

Aangesien die plaaslike owerhede vir gesondheidsdienste verantwoordelik was, moes die Gesondheidsdepartement van die Stadsraad die nodige dienste verskaf.[63]

Volgens wet moes die plaaslike owerheid van Vanderbijlpark gesondheidsbeamptes en gesondheidsinspekteurs aanstel, afsonderingshospitale oprig, en aansteeklike siektes soos pokke, pes, cholera en geelkoors rapporteer en beheer.

Die gesondheidsdienste van Vanderbijlpark is in twee kategorieë verdeel: die nie-persoonlike dienste, wat omgewingsgesondheidsdienste soos pesbeheer en die beheer van verkope van voedsel insluit, en persoonlike gesondheidsdienste, wat die voorkoming van siektes, inenting en beheer van klinieke behels het.[64]

♦ BIBLIOTEEKDIENS

Aanvanklik het die Gesondheidskomitee en later die Stadsraad dié diens aan die publiek gelewer.[65] Die Stadsraad het 'n Biblioteekkomitee aangestel wat die aktuele sake rakende die biblioteek bespreek en hanteer het.[66]

---

62 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 13 Nov. 1952 - 22 Oct. 1953, vol. 6: report, 27 Nov. 1952.

63 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8: report, 20 Aug. 1954.

64 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

65 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 26 Apr. 1956 - 27 Sep. 1956, vol. 12: report, 22 Jun. 1956.

66 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8: report, 20 Aug. 1954.

- **BEGRAAFPLASE**

Die Stadsraad van Vanderbijlpark het die nodige verordeninge en spesifieke regulasies rakende die grafte en onderhoud van die begraafplaas gedurende die vestigingstadium opgestel en uitgevoer.[67]

- **OPENBARE VERVOERDIENSTE**

Die Stadsraad het verskeie kere gepoog om 'n openbare vervoerdiens vir die publiek op die been te bring,[68] en het veral gedurende die vestigingstadium vir swart mense busdienste verskaf.[69]

- **BRANDWEER- EN AMBULANSDIENSTE**

Die Vanderbijlparkse Stadsraad was ook vir brandweer- en ambulansdienste verantwoordelik.[70] Vir 'n bedrag van R500 per jaar het die Vereenigingse Stadsraad aanvanklik vir Vanderbijlpark 'n brandweerdiens gelewer.[71]

- **BEWARING VAN DIE OMGEWING**

Die Stadsraad moes in dié verband veral na sake soos lugbesoedeling, waterbesoedeling en die diere- en plantlewe omsien.[72] Hoewel bewaring van die omgewing vir die Stadsraad belangrik was, was hulle voorstelle vir en deelname aan projekte beperk.[73]

---

67 Vanderbijlpark Town Council, Finance and Joint Committee, Reports, 11 Mar. 1954 - 22 Apr. 1954, vol. 7: report, 11 Mar. 1954.

68 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

69 Vanderbijlpark Town Council, Correspondence, 6 Dec. 1947 - 8 Sep. 1960, file 83/4, vol. 1: extract from the report of the Town Council meeting no. 21, 15 Jul. 1954.

70 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

71 Vanderbijlpark Town Council, Correspondence, 23 Jun. 1949 - 3 May 1965, file 8/6, vol. 1: extract from the report of the Finance and Joint Committee meeting no. 9, 2 Jul. 1953.

72 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

73 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

3.2.4 SAMEVATTING

Dienslewering aan die blanke gemeenskap gedurende die vestigingstadium was ten nouste aan YSKOR se dienslewering gekoppel. Die lewenstyl van die inwoners was gevolglik van die groei en ontwikkeling van YSKOR afhanklik. Hierdie dienslewering het 'n positiewe groei getoon, omdat daar voldoende fondse in die jong nywerheidstad vir dié doel beskikbaar was.

Mettertyd het die plaaslike owerheid by dienslewering betrokke geraak. Hulle was daarop ingestel om die behoeftes van die blanke gemeenskap, waarop hulle aangewese en vir wie hulle verantwoordelik was, op 'n sinvolle manier te bevredig.[74]

Die Vanderbijlparkse Stadsraad het gedurende die vestigingstadium 'n groot verskeidenheid dienste aan die gemeenskap gelewer en meegehelp om die kultuurvlak van die gemeenskap te verhoog. Hierdie dienste is veral gedurende die voorspoedstadium deur diensorganisasies in Vanderbijlpark aangevul.[75]

3.3 DIENSLEWERING GEDURENDE DIE VOORSPOED-STADIUM, 1960-1978

Vanderbijlparkers was besig om hul dorp in dr. H.J. van der Bijl se beoogde nywerheidstad te ontwikkel.[76] In Vanderbijlpark sou die voorspoed van die land en sy kragtige ekonomiese groei gemeet kon word aan die volgehoue uitbreiding en die onverpoosde bedrywighede van YSKOR se staalwerke en die aanverwante bedrywe.[77] Dit het tot gevolg gehad dat daar 'n toenemende behoefte aan dienslewering ontstaan het. Verskeie addisionele diensorganisasies het gedurende hierdie stadium in Vanderbijlpark ontstaan om in die toenemende behoeftes van die gemeenskap te voorsien.

---

74 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, pp.35,36; Provinsie Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 17 van 1939, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.1,2,3.

75 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; Vanderbijlpark Stadsraad, Inligtingstuk no. 1: voorgestelde missie, Feb. 1990, pp.1-3.

76 Anon., "New city of steel: the Iscor Works at Vanderbijlpark", ..., pp.7-11; A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid in Suid-Transvaal*** {2 volumes} (ongep. D.Com.-proefskrif, US, 1948), p.21.

77 E. van Heerden, "Ons staalstad langs die Vaal: Vanderbijlpark is mondig", ***Huisgenoot***, vol. 42, no. 2226, 20 Nov. 1964, pp.48,51,54.

3.3.1 DIE STADSRAAD

Die Stadsraad van Vanderbijlpark het gedurende die voorspoedstadium voortgegaan met dienslewering.[78] Die Stadsraad het uit nege Raadslede bestaan. 'n Raadslid is as Burgemeester verkies, wat as die Voorsitter van die Raadsvergaderings opgetree het. Die Raadslede het ook uit hulle geledere 'n Bestuurskomitee gekies.[79] Die Bestuurskomitee is volgens wet die taak opgelê om toesig te hou oor die bestuur van 'n stad of dorp se sake en die uitvoering van die raad se beleid.[80]

Gedurende die voorspoedstadium het die Stadsraad vanweë die aard en omvang van die werksaamhede soos 'n landsregering in die kleine gefunksioneer.[81] Die Stadsraad is die hoogste beleidsbepalende en wetgewende gesag in die dorp. Dit vervul 'n rol wat met dié van die Volksraad in die landsregering of die Provinsiale Raad in die provinsie ooreenstem.[82] Die funksies van die raad en die Bestuurskomitee is beleidsbepalend en toesighoudend van aard. Die uitvoerende funksie, dit wil sê die werklike uitvoering van die raad se besluite en die daaglikse administrasie van die raad se sake, is die verantwoordelikheid van die raad se amptenary.[83]

Die Stadsraad se dienslewering het deur verskillende departemente plaasgevind. Die departemente wat gedurende die voorspoedstadium gefunksioneer het, was die Finansiële, Openbarewerke-, Wetstoepassings-, Waterwese-, Sport- en Ontspannings-, Gesondheids- en Vervoerdepartement.[84]

---

78 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

79 Vanderbijlpark Stadsraad, Raadsnotules, 27 Jul. 1978 - 7 Des. 1978, vol. 48: notule, 27 Jul. 1978; Vanderbijlpark Stadsraad, Inligtingstuk: verantwoordelikhede en organisasie van die Stadsraad van Vanderbijlpark, 1990, pp.1-3.

80 Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 40 van 1960, artikels 56,57, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.1-3.

81 A. Viljoen (red.), ***Die stadsklerk: plaaslike bestuur in Suid-Afrika***, pp.22-25.

82 Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 40 van 1960, artikels 56,57, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.1-3.

83 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; Vanderbijlpark Stadsraad, Inligtingstuk no. 2: opsomming van die pligte, verantwoordelikhede en organisasie van die Stadsraad van Vanderbijlpark, 3 Mei 1976, pp.1,3.

84 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 5 Jan. 1961 - 16 Mar. 1961, vol. 37: report, 5 Jan. 1961; Vanderbijlpark Stadsraad, Inligtingstuk no. 2: opsomming van die pligte, verantwoordelikhede en organisasie van die Stadsraad van Vanderbijlpark, 3 Mei 1976, pp.1,3.

Aan die hoof van hierdie korps van amptenare het die Stadsklerk gestaan. Die Stadsklerk is in sy taak deur die hoofde van die verskillende departemente bygestaan.[85] Die volgende hoofde was almal aan die Stadsklerk verantwoordelik vir die doeltreffende bestuur van hul departemente:[86]

- Die Departement van Finansies onder leiding van die Stadstesourier.
- Die Departement van die Stadsingenieur onder leiding van die Stadsingenieur.
- Die Elektrisiteitsdepartement onder leiding van die Stadselektrotegniese Ingenieur.
- Die Departement van Gesondheid onder leiding van die Stadsgeneesheer.
- Die Departement Lisensies, Verkeer en Brandweerdienste onder leiding van die Hoof van Beskermingsdienste.
- Die Administratiewe Departement onder leiding van die Stadsekretaris.
- Die Departement van Parke, Ontspanning en Reinigingsdienste onder leiding van die Hoof van Parke.
- Die Departement van Bestuursdienste onder leiding van 'n hoof.[87]

Die Stadsraad se belangrikste doelstellings was om 'n regeringsfunksie van ordening te vervul. Die basiese funksie van die Stadsraad van Vanderbijlpark was om na die behoeftes van die dorp en sy mense om te sien.[88] Die Stadsraad moes ook orde handhaaf, en bywette, regulasies en 'n sisteem verskaf waarvolgens beplanning gedoen kon word.[89]

---

85 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; Vanderbijlpark Town Council, Reports, 5 Jan. 1961 - 16 Mar. 1961, vol. 37: report, 19 Jan. 1961.

86 Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 26 Jan. 1978 - 25 May 1978, vol. 46, minute: 23 Feb. 1978.

87 Vanderbijlpark Stadsraad, Inligtingstuk no. 2: opsomming van die pligte, verantwoordelikhede en organisasie van die Stadsraad van Vanderbijlpark, 3 Mei 1976, pp.1,3.

88 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

89 Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 17 Apr. 1957 - 11 Dec. 1975, vol. 9: extract from the minute of the Town Council meeting no. 54, 17 Apr. 1957.

Die Stadsraad van Vanderbijlpark het gepoog om volledig en doeltreffend in die behoeftes van die inwoners, vir sover dit gemeenskapsdienste betref, te voorsien.[90]

3.3.2 DIE PUBLISITEITSVERENIGING

Die Publisiteitsvereniging het ontstaan uit 'n behoefte om Vanderbijlpark aan belanghebbendes bekend te stel.

Die Publisiteitsvereniging wat gedurende 1971, deur die toedoen van die Stadsraad, tot stand gekom het, het 'n verskeidenheid dienste aan die blanke gemeenskap gelewer.[91] Die doel van die Publisiteitsvereniging was om publisiteit aan Vanderbijlpark en omstreke te verleen.[92] Die Publisiteitsvereniging moes die publikasie van toeristegidse, handleidings, strooi- en voubiljette, pamflette, blaadjies, plakkate en ander drukwerk in hierdie verband onderneem of bevorder.[93]

3.3.3 VANDERBIJLPARK-HOSPITAALBIBLIOTEEK

Die doel van dié vereniging was in die eerste plek om gratis leesstof aan pasiënte en personeel van die Vanderbijlparkse hospitaal te verskaf.[94] Die vereniging het egter ook aan ander instansies dienste gelewer. Daar is boeke aan die soldate op die grens gestuur en boeke aan bejaardes geskenk.[95] Daar is ook gepoog om aan immigrantepasiënte boeke in hul eie tale te verskaf.[96] Die vereniging het self ook soms klein donasies geskenk, soos aan die fonds vir "Battered babies".[97]

---

90 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

91 ***Vaalster***, 9 Aug. 1991: berig; ***Vaalweekblad***, 26 Jan. 1990: berig.

92 L. van Niekerk, Onderhoud, 22 Jan. 1991 {Inligtingsbeampte van die Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

93 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Jaarverslag, Jul. 1981 - Jun. 1982; Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Jaarverslag, Jul. 1982 - Jun. 1983.

94 Vanderbijlpark-Hospitaalbiblioteekkomitee, Konstitusie, 1992.

95 Vanderbijlpark Hospital Library Committee, Minutes, Apr. 1975.

96 Vanderbijlpark-Hospitaalbiblioteekkomitee, Notule, 17 Nov. 1976.

97 Vanderbijlpark Hospital Library Committee, Minutes, 9 Nov. 1979.

Fondse is deur donasies verkry, soos van die Stadsraad, United Bouvereniging en YSKOR. Met hierdie fondse kon verlore boeke vervang en nuwes aangekoop word.[98]

3.3.4 DIE DIEREBESKERMINGSVERENIGING (DBV)

Die werksaamhede van die DBV het om die versorging van honde, katte en ander diere sonder heenkome gewentel. Losiesfasiliteite is ook verskaf vir honde wat aan die lede van die DBV behoort. Sterilisering van honde en katte, en die uitsit van siek, beseerde en onwelkome diere is ander dienste wat verskaf word. Oor die algemeen is daar ook inligting oor die keuse en versorging van diere verskaf. Daar is ook lesings by skole en in swart woonbuurte aangebied. Die inspeksie van troeteldierwinkels en slagpale is nog 'n belangrike diens wat die DBV gelewer het.

Baie gesinne het troeteldiere aangehou. Die goeie versorging van die diere het egter van die welsyn van die gesinne afgehang. Dikwels het die eienaars van diere die diere mishandel as gevolg van persoonlike probleme wat ondervind is.[99] Die DBV het daarom 'n noodsaaklikheid vir die algemene versorging van mishandelde en verlore diere geword.

Hierdie vereniging se ledetal het reeds gedurende 1978 tussen ongeveer 200 en 350 lede gewissel. Daar was drie gekwalifiseerde blanke inspekteurs en drie swart werkers wat met die verpligtinge en werksaamhede van die vereniging behulpsaam was. Die DBV het gedurende die laat sewentigerjare jaarliks ongeveer 4 437 diere versorg.

Dienslewering deur die DBV het 'n voldoende vloei van fondse genoodsaak. Die vereniging het egter geen fondse van hul hoofkantoor of van die staat ontvang nie. Daar is wel 'n ooreenkoms tussen die vereniging en die Stadsraad van Vanderbijlpark vir 'n rand-vir-rand-bydrae. Die DBV verkry die res van hul fondse deur fondsinsamelingsprojekte, losiesgelde, rommelverkopings, boereworsverkope, kerskaartjies, kalenderverkope, silwerkollektes en oop dae vir die besigtiging van diere.[100]

---

98 Vanderbijlpark Hospital Library Committee, Minutes, May 1975.

99 ***Vaalweekblad***, 16 Nov. 1979: berig.

100 ***Vaalweekblad***, 16 Nov. 1979: berig; vgl. ook Dierebeskermingsvereniging (DBV), Vanderbijlpark, Vraelys aan die DBV, 22 Okt. 1990.

3.3.5 SAMEVATTING

Gedurende die voorspoedstadium is dienslewering deur die voorspoed van die land en sy kragtige ekonomiese groei beïnvloed. Dienslewering van instansies soos die Stadsraad en YSKOR kon onverpoosd voortgaan. Die volgehoue uitbreiding in werkverskaffingsbedrywighede van YSKOR se staalwerke en verwante bedrywe het 'n positiewe invloed op dienslewering aan die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gehad. Dit het tot gevolg gehad dat daar in 'n toenemende mate fondse vir die behoefte ten opsigte van dienslewering in Vanderbijlpark onder die blankes beskikbaar was.

Die infrastruktuur wat deur die Stadsraad voorsien is, het daartoe gelei dat heelwat diensorganisasies ook gemeenskapsdienste aan die gemeenskap kon lewer.[101] Die dienste van hierdie organisasies het 'n belangrike bydrae tot die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gemaak.[102]

Dienslewering is gedurende die voorspoedstadium oor die algemeen vergemaklik deurdat fondse vir die blanke gemeenskap geredelik beskikbaar was.

3.4 DIENSLEWERING GEDURENDE DIE STABILISERING-STADIUM, 1979-1992

Gedurende die laaste stadium het dienslewering in Vanderbijlpark weereens veranderinge ondergaan. Hierdie verandering is grootliks deur veranderde politieke omstandighede veroorsaak.[103]

Daar was instansies en organisasies, soos die Stadsraad, die Streeksontwikkelingsvereniging (SOV), die Publisiteitsvereniging en die Suiderkruisfonds, wie se dienste deur hierdie veranderde politieke omstandighede ingrypend verander is.

---

101 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Jaarverslag, 30 Jun. 1981.

102 Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 18 Jan. 1962 - 20 Dec. 1962, vol. 11: extract from the minute of the Town Council meeting no. 120, 25 Oct. 1962; ***Vaalster***, 23 Aug. 1991: barig.

103 Burgerlikebeskermingskorps, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1990, p.1; T. van der Walt, ***Report on the Vaal Triangle 1984 disturbances***, p.9.

3.4.1 DIE STADSRAAD

Die Stadsraad het gedurende die stabiliseringstadium, soos in die voorafgaande stadiums, voortgegaan met daaglikse dienslewering aan die gemeenskap. Buiten die gewone daaglikse roetinesake het die Stadsraad ook aan nuwe ontwikkelings aandag gegee.

3.4.1.1 DIENSLEWERING DEUR DIE STADSRAAD

Een van die belangrikste dienste wat die raad in die stabiliseringstadium gelewer het, was die oprigting van 'n parkeergarage om die sakesentrum te bedien, tesame met die ontwikkeling van 'n herontwerpte verkeersvloei.[104]

Die Stadsraad het ook die verskillende diensorganisasies en welsynorganisasies moreel en finansieel gesteun.[105] 'n Goeie voorbeeld is die finansiële ondersteuning vir die totstandkoming van Siësta Versorgingsoord vir bejaardes. Hiermee is 'n bykomende diens vir die versorging van bejaardes gelewer.

'n Ander diens wat die Stadsraad aan die gemeenskap gelewer het, was die hulp wat met die rivierfront se ontwikkelingsprojek gebied is. Waterglybane, speelparke vir kinders en braaivleisgeriewe onder lapas is aangelê. Verskeie ontspanningsfasiliteite en aktiwiteite is gedurende vakansietye langs die oewers van die Vaalrivier aangebied.[106]

Die Stadsraad het ook aandag aan die kommunikasiekanale in die vorm van verkeersnetwerke, telekommunikasienetwerke, kragvoorsieningsnetwerke en pypleidings geskenk. Baie tyd en geld is aan dié infrastruktuur bestee.[107]

---

104 ***Vaalweekblad***, 9 Aug. 1991: berig; C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

105 ***Vaalster***, 9 Aug. 1991: berig; ***Vaalweekblad***, 26 Jan. 1990: berig; C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

106 ***Vaalweekblad***, 25 Jan. 1991: berig; C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

107 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; M.C. Swart, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Die verbetering van die 88-kV-projek, wat voorsiening vir genoegsame elektrisiteit maak, was onontbeerlik vir verdere nywerheidsontwikkeling en het terselfdertyd die noodsaaklike infrastruktuur vir die nodige ontwikkeling van die dorp voorsien.[108]

Die straatnetwerk is die skelet waardeur al die funksies van Vanderbijlpark bymekaar ingeskakel en saamgebind word.[109] Dit het ook besondere aandag geniet en daar is jaarliks groot bedrae vir die ontwikkeling en onderhoud van die stelsel bestem.

Gedurende die tagtigerjare het die Stadsraad met die ontwikkeling van woongebiede in die oop gebiede begin,[110] wat veroorsaak het dat die dorpe Vanderbijlpark en Vereeniging tans fisies nader aan mekaar geleë is.[111] Die swart woongebied, Sharpeville, wat deel van Vereeniging is, is slegs twee en 'n halwe kilometer van Vanderbijlpark se dorpsgebied geleë. Bedworthpark lê teenaan die munisipale grens van Vanderbijlpark.[112] Hierdie omstandighede het velerlei probleme en vrae by die inwoners geskep wat besondere aandag van die Stadsraad vereis het. Bedworthpark se telefoondiens moes byvoorbeeld by Vanderbijlpark ingeskakel word.[113]

Die raad het probleme ondervind met Flora Gardens en Bonanné wat deur private ontwikkelaars tot stand gebring is. In hierdie twee uitbreidings was daar groot behoefte aan watervoorsiening, elektrisiteit, reinigingsdienste en talle ander dienste. Die Stadsraad moes die nodige reëlings vir hierdie dienste tref, maar swak finansiële omstandighede het hierdie taak bemoeilik.[114]

Die Stadsraad het veral gedurende hierdie tyd gepoog om die immigrante in die kultuur van Vanderbijlpark tuis te laat voel. Die raad het byvoorbeeld toegestem dat regulasies verslap

---

108 C. Beukes, Onderhoud, 11 Okt. 1991 (Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

109 L. Keeble, ***Principles and practice of town and country planning***, p.178.

110 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 (voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

111 ***Vaalster***, 8 Nov. 1991: berig.

112 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide stad*** (ongep. D.Phil.-proefskrif, PU vir CHO, 1983), p.78.

113 ***Vaalster***, 22 Nov. 1991: berig.

114 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 (Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

word sodat tafels en stoeltjies op die sypaadjies gebruik mag word, omdat die immigrante dit in Europa gedoen het.[115]

As gevolg van die groot verskeidenheid van volke en kulture in en om Vanderbijlpark was dit vir die Raad van Vanderbijlpark soms moeilik om al die inwoners van Vanderbijlpark tevrede te stel. Die raad het deur die jare legio klagtes, ten regte en onregte ontvang.[116]

Politieke beleid het in hierdie tydperk 'n bepalende invloed op dienslewering gespeel.

3.4.1.2 DIE POLITIEKE INVLOED OP DIE STADSRAAD SE DIENSLEWERING

Gedurende die stabiliseringstadium het die politieke omstandighede 'n invloed op die dienslewering van die Stadsraad gehad. Sanksies het die ekonomiese vlak van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark laat daal. Gedurende 1988 was die belastinginkomste van Vanderbijlpark R9 miljoen, wat nie genoeg was vir volgehoue dienslewering en uitbreiding nie.

Die Stadsraad kon nie die belasting verhoog nie, omdat die inwoners se finansiële posisie oor die algemeen verswak het.[117] Gedurende hierdie tyd was daar ook reeds grootskaalse werkloosheid.[118] Daar was mense wie se elektrisiteit net eenvoudig afgesny moes word omdat hul net nie die nodige fondse gehad het om daarvoor te kon betaal nie.[119] Die omstandighede van die inwoners van die dorp het veroorsaak dat die Stadsraad genoodsaak was om nog meer oordeelkundig met die belastinggeld van die dorp te werk.[120]

Die veranderde politieke omstandighede het ook veroorsaak dat die plaaslike bestuur groot veranderinge ondergaan het. Nieteenstaande die feit dat minister Heunis reeds gedurende

---

115 C. Beukes, Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

116 ***Vaalweekblad***, 26 Jan. 1990: berig; C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; ***Vaalster***, 9 Aug. 1991: berig.

117 ***Vaalster***, 14 Jun. 1991: berig; C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

118 ***Vaalweekblad***, 8 Jun. 1990: berig; C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

119 ***Vaalweekblad***, 11 Okt. 1991: berig.

120 ***Vaalweekblad***, 8 Jun. 1990: berig.

1986 tydens die Transvaalse Munisipale Vereniging se vergadering gepleit het dat politiek nie by plaaslike bestuur betrokke moes raak nie, het dit tog plaasgevind.[121]

Die verkiesing van die plaaslike bestuur gedurende Oktober 1988 is deur die politieke omstandighede van die land en dorp beïnvloed.[122] 'n Swaai na die regse politiek en 'n veranderde gesindheid onder die mense van Vanderbijlpark[123] het die plaaslike bestuur van Vanderbijlpark verpolitiseer.[124] Die Konserwatiewe Party (KP) het die plaaslike bestuur in Vanderbijlpark oorgeneem.

Die veranderde en veranderende politieke omstandighede het ook die ekonomiese vlak van die gemeenskap van Vanderbijlpark steeds verswak.[125] Die raad kon terselfdertyd die koste van hul dienste nie altyd op 'n lae vlak hou nie. Die onkoste rondom die optogte van die swart mense deur die strate van Vanderbijlpark was hoog, omdat ekstra veiligheidsmaatreëls ingestel moes word. Een so 'n optog op 'n Saterdag vir 600 mense het ten opsigte van die veiligheids- en ander voorsorgmaatreëls wat daaraan verbonde was R100 000 gekos.

Die gevolge van dié politieke omstandighede asook die sanksies het die gemeenskap van Suid-Afrika, en dan ook die Vanderbijlparkers, armer gemaak. Verskillende plaaslike verbruikersboikotte deur die swart bevolking het daartoe gelei dat grootskaalse verliese gely is en dat verskillende klein sakeondernemings moes sluit.[126]

Dienslewering is daarom nadelig getref. Daar was nie altyd voldoende fondse om die nodige dienslewering te kon verskaf nie. Die dienste van die Stadsraad is noodwendig deur verskeie diensorganisasies wat deur die Stadsraad gesteun is, aangevul.[127]

---

121 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

122 ***Beeld***, 18 Apr. 1991: berig; ***Vaalweekblad***, 14 Sep. 1990: berig.

123 ***Vaalweekblad***, 19 Apr. 1991: berig; C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

124 ***Vaalster***, 20 Apr. 1991: berig.

125 ***Vaalweekblad***, 7 Des. 1990: berig; ***Beeld***, 5 Jan. 1991: berig.

126 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; ***Vaalweekblad***, 2 Feb. 1990: berig.

127 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 Oct. 1955 - 26 Mar. 1956, vol. 11: report, 31 Jan. 1956.

3.4.2 DIE PUBLISITEITSVERENIGING

Die Publisiteitsvereniging het gedurende die tydperk met alle owerheidsliggame saamgewerk ten einde die welvaart van die dorp te verbeter.[128] Die vereniging het daarom tentoonstellings, feestelikhede, uitstallings, sportbyeenkomste, vermaaklikhede en ander aantreklikhede binne en buite die munisipale gebied van Vanderbijlpark georganiseer en gereklameer.[129]

Die vereniging was deurlopend aktief besig om inligting van die dorp te versamel en aan besoekers en verteenwoordigers dwarsoor die land beskikbaar te stel.[130] Hierdie inligting is verkry uit 'n aktiewe poging om volledige registers van nywerhede, besighede, kerke, skole, mediese praktisyns, verenigings, organisasies en ander instansies te hou en dit op aanvraag beskikbaar te stel.[131] Die Publisiteitskantoor stel toeristemateriaal aan die hele land beskikbaar, maar inwoners van Vanderbijlpark het die meeste van hierdie diens gebruik gemaak. Vir die immigrante was dit veral van groot hulp om meer inligting oor Vanderbijlpark te bekom.[132]

Gedurende 'n jaar soos 1980/81 is die Publisiteitskantoor deur 8 208 mense besoek. Dit het beteken dat 28 mense per werksdag hierdie kantoor besoek het. Die vereniging het ook gedurende 1980/81 3 782 straatkaarte, 4 015 poskaarte en aandenkings soos bierbekers verkoop.[133]

Gedurende 1980 is daar, in samewerking met die Stadsraad, 'n sypaadjiekompetisie gehou. In samewerking met die YSKOR Uitvoerende Kunstevereniging (IPAS) het dié vereniging op 24 April 1981 'n intersangfees in die Vaaldriehoekse Technikonsaal aangebied. In dieselfde jaar is 'n sindelikheidsveldtog by skole gehou.

---

128 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Jaarverslag, 30 Jun. 1981; Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Notule, 8 Sep. 1983.

129 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Notule, 11 Aug. 1983; Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Notule, 12 Jan. 1984.

130 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Notule, 6 Mei 1981; Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Notule, 11 Aug. 1983; Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Notule, 21 Apr. 1983.

131 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Notule, 10 Feb. 1983.

132 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Notule, 6 Mei 1981; Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Jaarverslag, Jul. 1981 - Jun. 1982.

133 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Notule, 14 Jan. 1982.

Tydens samesprekings gedurende 1982 oor die maak van 'n dokumentêre film oor Vanderbijlpark is vasgestel dat die trefkrag van die film nie bepaal kon word nie, tensy daar 'n meningsopname gemaak word.[134] Dit was die belangrikste projek wat die Uitvoerende Komitee van die Publisiteitsvereniging gedurende dié jaar aangepak het. Die borge vir hierdie projek was YSKOR, die Stadsraad, Wire Industries, Vanderbijl Ingenieurskorporasie Beperk (VIKOR), Afrikaanse Sakekamer, Holiday Inn, VESCO, Metal Box en Dorbyl.

Dié vereniging was ook gedurende 1980 met 'n simposium oor werksgeleenthede vir gestremdes in die YSKOR-klub behulpsaam. Tydens die reëlings van die Republiekfeeste in Vanderbijlpark het dié vereniging ook 'n positiewe bydrae gelewer.[135]

Met die oog op die vestiging van Pick 'n Pay op Vanderbijlpark se grense het die Stadsraad die Publisiteitsvereniging genader om 'n publisiteitsveldtog te loods om die aktiwiteite en fasiliteite van die sakekern van Vanderbijlpark as inkoopsentrum in die Noord- en Oos-Vrystaatse dorpe bekend te stel. Dit was 'n belangrike projek waaraan die Publisiteitsvereniging besondere aandag gegee het.

Benewens die gewone dienslewering het die Publisiteitskantoor ook as koördineerder met die reëlings van die Departement Buitelandse Sake vir die jaarlikse besoeke van junior diplomate na die Vaaldriehoek, as deel van hul opleiding, opgetree.[136]

Nieteenstaande die feit dat hierdie vereniging 'n belangrike diens in Vanderbijlpark gelewer het, het die swak ekonomiese en politieke omstandighede 'n nadelige invloed op die Publisiteitsvereniging se fondse, en daarom ook op sy werksaamhede, gehad.[137]

Die Publisiteitsvereniging het mettertyd nie meer oor die nodige fondse vir dienste beskik nie.[138] So vroeg as 1981 het die Voorsitter al die karige finansiële posisie van die vereniging benadruk. Hy het daarop gewys dat die vereniging hoofsaaklik van die Stadsraad se skenkings afhanklik was.[139]

---

134 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Notule, 14 Jan. 1982.

135 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Jaarverslag, 30 Jun. 1981.

136 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Jaarvergadering, 15 Okt. 1981.

137 U. Martin, Onderhoud, 10 Nov. 1990 {voormalige Burgemeester van Vanderbijlpark en Skakelbeampte van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

138 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Notule, 20 Feb. 1985.

139 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Notule, 15 Okt. 1981.

Gedurende die boekjaar 1981/82 moes die voorgestelde salarisverhoging deurgevoer word wat deur die Stadsraad vir die personeel aanbeveel is. Die gevolg was dat daar weinig geld vir verdere projekte beskikbaar was,[140] en die werksaamhede van die Publisiteitsvereniging, wat by 'n verskeidenheid projekte betrokke was, se dienslewering is derhalwe benadeel.[141]

Gedurende 1984 het daar onsekerheid oor die toekoms van dié vereniging geheers. Die aantal projekte is verminder en gedurende September 1985 is daar belangrike besluite oor die voortbestaan van die Publisiteitsvereniging geneem. Daar is besluit dat die nuwe Uitvoerende Komitee die Stadsraad sou versoek om die aktiwiteite van die vereniging oor te neem. Daar is egter ook besluit dat die inligtingskantoor met die detailversameling van die inligting oor die dorp moes voortgaan.[142]

Gedurende 1991 het Vanderbijlpark se Stadsraad weer 'n komitee vir 'n bemarkingsaksie vir Vanderbijlpark gestig. Die doel van dié aksie was om toe te sien dat die dorp sy regmatige deel bekom van toekomstige nywerheidsontwikkeling wanneer die ekonomie sou herstel.[143]

3.4.3 DIE SUIDERKRUISFONDS

Baie jongmanne van Vanderbijlpark het as soldate militêre diens gedoen. Die stigting van die Suiderkruisfonds het dus ook bestaansreg in Vanderbijlpark gehad, en is daarom gedurende 1970 in die dorp gestig.[144]

Die Suiderkruisfonds is 'n organisasie wat gedurende die stabiliseringstadium gestig is om hierdie soldate wat diensplig verrig het se lewensgehalte te verhoog, en oorlogsweduwees, kinders en ouers van soldate op die grens by die veranderde politieke omstandighede van die land te help aanpas.[145]

---

140 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Notule, 15 Okt. 1981.

141 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Jaarverslag, Jul. 1984 - Jun. 1985.

142 Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Jaarverslag, Sep. 1985.

143 U. Martin, Onderhoud, 10 Nov. 1990 (voormalige Burgemeester van Vanderbijlpark en Skakelbeampte van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer); Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging, Notule, 6 Mei 1981; vgl. ***Die Transvaler***, 25 Jun. 1991: berig.

144 Suiderkruisfonds, Vanderbijlpark, Notule, 11 Mrt. 1970.

145 Suiderkruisfonds, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 28 Feb. 1974; ***Beeld***, 3 Jan. 1991: berig.

GRAFIEK 3.1

SUIDERKRUISFONDS
OORBETALING, 1974-1988



Suiderkruisfonds, Vanderbijlpark, Jaarverslae, 1974-1988.

Die doelstellings van die Suiderkruisfonds was dus om morele, materiële en ander steun aan lede van die Suid-Afrikaanse magte op landsgrense en elders te verleen.

Die Suiderkruisfonds het daarom aan magte van bevriende buurstate wat in hulle eie land of op gemeenskaplike grense geveg en weerstand gebied het teen terroriste-invallers, saboteurs, opstokers en ander wettelose en anargistiese groepe hulp verleen. Daar is ook aan die agtergeblewenes van die groepe wat op gemeenskaplike grense geveg en weerstand teen terroriste gebied het, versorgingshulp en morele bystand verleen. Aan die individue wat die wettige owerhede teen ondergrawing en omverwerping wou help beskerm, is ook hulp verskaf.[146]

Die Suiderkruisfondstak van Vanderbijlpark het hul bydraes aan geregistreerde welsynorganisasies of die betrokke staatsdepartemente oorbetaal. Hierdie fondse is dan vir afhanklikes van die weermagmanne aangewend. Die Suiderkruisfonds het dit ook nodig gevind om saam met ander organisasies wat die Suiderkruisfonds goedgesind was te werk en geld vir maatskaplike doelstellings in te vorder.[147] Daar is ook takke en hulporganisasies gestig wat binne bepaalde gebiede kon meewerk, en kon help om die doelstellings van die organisasie te bevorder.[148]

Die Suiderkruisfonds het heelwat skenkings van die Stadsraad, kerkorganisasies, aftrekorders van werknemers van YSKOR, Dorbyl, VIKOR en die Munisipaliteit ontvang. Hulle het hulle fondse verder deur verkope van artikels, blomme op moedersdae en jaarlikse funksies soos dansgesellighede versterk. Bydraes is ook uit die gemeenskap ontvang. Die Griekse gemeenskap het byvoorbeeld gedurende 1986 ongeveer R3 000 vir die Suiderkruisfonds ingesamel.[149]

Samevattend kan gestel word dat die Suiderkruisfonds se werksaamhede in Vanderbijlpark sinoniem met die welsyn van die weermagmanne en -vroue se behoeftes was. Dit het nie net om die verskaffing van sportgeriewe of die voorsiening van ander fasiliteite gegaan nie, maar ook om bedagsaamheid ten opsigte van klein dingetjies, soos 'n pen en skryfpapier wanneer dit nodig was, spesiale kospakkies en geskenke met Kersfees aan mense in uniform te verskaf.

---

146 Suiderkruisfonds, Vanderbijlpark, Grondwet, 23 Feb. 1977.

147 Suiderkruisfonds, Vanderbijlpark, Notule, 30 Jun. 1975; vgl. grafiek 3.1, p.148a.

148 Suiderkruisfonds, Vanderbijlpark, Grondwet, 23 Feb. 1977.

149 Suiderkruisfonds, Vanderbijlpark, Notule, 5 Jul. 1976.

Nieteenstaande die feit dat hierdie organisasie hard gewerk en goeie resultate verkry het, is dit ook gedurende die laaste stadium deur veranderde politieke en ekonomiese omstandighede nadelig beïnvloed.[150] Die bedrae wat jaarliks oorbetaal is, het ook mettertyd verminder.[151] Teen dié agtergrond was dit duidelik dat die Suiderkruisfonds vanweë politieke omstandighede doelwitverandering sou moes ondergaan.[152]

3.4.4 DIE STREEKSONTWIKKELINGSVERENIGING (SOV)

Die SOV ook 'n belangrike diensorganisasie wat gedurende die stabiliseringstadium in Vanderbijlpark ontstaan het.

3.4.4.1 DIE DOELSTELLINGS VAN DIE SOV

As gevolg van veranderde omstandighede wat die ekonomie verswak het, het die stigting van 'n organisasie soos die SOV 'n noodsaaklikheid geword.

Die Vaaldriehoekse SOV is in Oktober 1984 gestig. Hierdie stigting was 'n uitvloeisel van die vestiging van die Nasionale Streeksontwikkelingsadviesraad (NSOAR). Die NSOAR het die rol van die ou Beplanningsadviesraad oorgeneem.[153]

Die SOV vorm 'n belangrike onderbou vir die Streeksontwikkelingsadvieskomitee (SOAK) en dien as aansporing vir plaaslike inisiatief en vir die kweek van 'n streeksbewussyn en identiteit.[154]

Die SOV is 'n vrywillige, outonome instelling met die doel om die ontwikkeling van die Vaaldriehoekstreek op eie inisiatief te bevorder.[155]

---

150 Suiderkruisfonds, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1 Apr. 1987 - 31 Mrt. 1988.

151 Kyk grafiek 3.1, p.148a.

152 Suiderkruisfonds, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1990.

153 Streeksontwikkelingsvereniging (SOV), Vanderbijlpark, Notule, Okt. 1984.

154 SOV, "'n Uiteensetting van die samestelling, doel en funksies van die NSOAR, SOAK's SOV's en DOV's", ***Informa*** (bylaag), Apr. 1988, pp.20,21; SOV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1988.

155 ***Vaalweekblad***, 8 Jun. 1990: berig; SOV, "'n Uiteensetting van die samestelling, doel en funksies van die NSOAR, SOAK's SOV's en DOV's", ..., pp.1,10,23.

3.4.4.2 DIE OMVANG VAN DIE SOV SE AKTIWITEITE EN WERKSAAMHEDE

Die SOV het verskeie funksies verrig, soos om kennis aan belanghebbende instansies oor te dra.[156] Die SOV het ontwikkelingsprogramme van stapel gestuur en die mening van belanghebbende instansies ingewin. Voorligting met die oog op doeltreffende gemeenskapsontwikkeling is ook gedoen.[157] Daar is ook byeenkomste waar die plaaslike gemeenskap opnuut geaktiveer kon word, georganiseer. Tydens hierdie byeenkomste is kennis uitgeruil, insigte verdiep, en kon die gemeenskap geestelik geslyp en tot denke en dade aangespoor word.[158]

Daar is met die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) onderhandel om kontraknavorsing op 'n ad hoc-basis te onderneem. 'n Navorsingseenheid is saamgestel en het gedurende 1988 met werksaamhede begin.[159] Die resultaat van hierdie navorsing is nog nie bekend nie.

Die Dagbestuur het met ministers F.W. de Klerk en dr. G. van N. Viljoen vergader, waaruit dit geblyk het dat hierdie streek sy eie werkskepping moes inisieer.[160]

Die SOV se werksaamhede is deur verskillende komitees uitgevoer:

- **DIE KOÖRDINERENDE SPORTKOMITEE**

  Die Koördinerende Sportkomitee moes die bestaande sportfasiliteite in die Vaaldriehoek ondersoek en ook die ontwikkeling van toekomstige streeksfasiliteite koördineer.[161]

---

156 SOV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1990.

157 SOV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1989.

158 SOV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1988; SOV, "'n Uiteensetting van die samestelling, doel en funksies van die NSOAR, SOAK's SOV's en DOV's", ..., pp.2,19,20.

159 SOV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1988.

160 SOV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1988.

161 SOV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1988.

♦ DIE ONTSPANNINGSWERKGROEP

Die Ontspanningswerkgroep het kwartaalliks vergader. Hierdie werkgroep het byvoorbeeld gedurende 1988 aan die volgende sake aandag gegee:

Vaaldriehoek / Vaalrivier-video-ensiklopedie, waterfeeste, uitstallingseenhede, kontrole en aktiwiteite op die Vaalrivier, Vaalrivierkompleks-gidsplan, die resiesbaan te Meyerton, "Champagne country", padaanwysers, Rentmeester Toerismetrofee, natuurbewaring en toeristestilhouplekke deur plaaslike owerhede, toerisme vir anderskleuriges, sportaktiwiteite en toeriste-aanwysingsborde.[162]

Die doelstelling van hierdie dienste was om Vanderbijlpark nie net vir die publiek meer aantreklik te maak nie, maar om dit ook vir die toeris wat Vanderbijlpark besoek, aanvaarbaar te maak. Hiermee wou die Ontspanningswerkgroep Vanderbijlpark as 'n besienswaardige stad vir toeriste ontwikkel.

♦ DIE ONTWIKKELINGSPROFESSIE-WERKGROEP

Die Ontwikkelingsprofessie-werkgroep is op 16 Februarie 1987 in die lewe geroep. Die werkgroep se eerste taak was om 'n algemene kundigheidsregister op te stel van alle professionele dienste wat in die Vaaldriehoek beskikbaar was, dit bekend te stel en te promoveer. Die werkgroep het aan die volgende funksies aandag gegee:

- Opstel en byhou van kundigheidsregister.
- Bekendstellingsaksies binne die Vaaldriehoek.
- Bekendstellingsaksies buite die Vaaldriehoek.
- Advies en hulp vir die stigting van 'n tegnologiewerkgroep.
- Privatisering, die vestiging van ondersteunende nywerhede en instandhoudingsdienste en die vestiging van nuwe entrepreneurs.
- Vaalkon, die stigting van 'n vennootskap wat 'n konsortium van alle raadgewende siviele en elektriese ingenieurs in die Vaaldriehoek behels. Die

---

162 SOV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1988.

konsortium het 'n diepgaande infrastruktuurondersoek vir die Vaaldriehoek Streeksdiensteraad (SDR) gedoen.[163]

- **DIE MAATSKAPLIKE KOMITEE**

  Die Maatskaplike Komitee het 'n register van alle maatskaplike organisasies in die Vaaldriehoek opgestel, sodat bepaal kon word waar oorvleueling en tekortkominge voorkom.[164] Gedurende 1988 het die SOV in sy jaarverslag gemeld dat daar nie koördinasie van sosiale aktiwiteite van organisasies en verenigings in die streek plaasgevind het nie. Vervolgens is daar in samewerking met ***Die Vaalweekblad*** 'n weeklikse rubriek ingestel waarin hierdie aktiwiteite vermeld is.

Die SOV was ook by die Vaaldriehoek se swart stedelike beplanning betrokke. Die beplanning van behuisingsprojekte in Sebokeng, Evaton, Sharpeville en Boipatong is met behulp van die SOV gedoen. Orange Farm is as een van die suksesvolste plakkerdorpe beskou, omdat dit steeds op grond van kundige advies ontwikkel.[165]

3.4.4.3 DIE RESULTAAT VAN DIE BETROKKENHEID VAN DIE SOV

Die SOV het met sy werksaamhede gepoog om 'n groeiproses in die Vaaldriehoek te stimuleer wat ongeëwenaard in die Suid-Afrikaanse geskiedenis sou wees. Daar is gepoog om die Vaaldriehoekse blanke en swart dorpe in 'n verenigde metropool te koördineer. Die dorpe wat die SOV vir hierdie koördinasie beplan het was Vereeniging, Vanderbijlpark, Meyerton, Sebokeng, Evaton, Sharpeville, Boipatong, Bophelong, Tsipisho, Rust-ter-Vaal en Roshnee. So 'n metropool sou naas Soweto een van die grootste stede in Suid-Afrika wees. Die SOV het gemeen dat die gebied die hartklop van Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling kon word, wat om die staal- en verwante nywerhede sentreer.[166]

Die SOV het in die verswakte ekonomiese tydperk gedurende die stabiliseringstadium heelwat belangrike dienste gelewer en was met die aanpassing en oorlewing van veral die blanke gemeenskap behulpsaam.[167]

---

163 SOV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1988.

164 SOV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1988.

165 SOV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1988.

166 ***Vaalster***, 30 Nov. 1980: berig.

167 SOV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1990.

Foto 18: Lede van die MOTHs se Bukshee Shellhole.

Bron: ***Vaalweekblad,*** Vanderbijlpark, Fotoversameling.

3.4.5 MEMORABLE ORDER OF THE TIN HATS (MOTHs)

Die MOTHs was ook 'n organisasie wie se dienslewering deur veranderde omstandighede beïnvloed is. Die organisasie is aanvanklik vir oudsoldate van die Eerste en Tweede Wêreldoorlog gestig, maar bestaan tans uit alle oudmilitêre personeel.[168]

Gedurende die laaste stadium het die organisasie hul fondse vir diegene wat deur die swak ekonomiese omstandighede beïnvloed is, aangewend. Die MOTHs het byvoorbeeld die hulpbehoewende kinders van Vanderbijlpark op seevakansies geneem en die versorging van bejaardes behartig. Vir die bejaardes wat nie huisvesting gehad het nie, het die MOTHs kothuise en wonings voorsien. Hierdie diens is aan almal, ook aan dié wat nie MOTH-lede was nie, verskaf.[169]

Die MOTHs se ledetal het verminder, en in 'n poging om hierdie probleem te voorkom, het die MOTHs lede van die immigrante van Rhodesië en Oos-Afrika en alle oudmilitêre personeel probeer werf.

In die veranderde omstandighede gedurende die stabiliseringstadium het die MOTHs 'n tuiste by die Vaal-Kommando gevind. Die MOTHs se vergaderings is gevolglik nie meer by YSKOR-klub gehou nie. Die resultaat was dat die MOTHs goeie dienste aan die jong diensdoenende soldate van Vanderbijlpark gelewer het. Hierdie uitbreiding van hul dienste het daartoe gelei dat hul ook die Suiderkruisfonds gesteun het.

Die MOTHs se poging om hul ledetal te vermeerder, wat voorheen op 100 in Vanderbijlpark te staan gekom het, was nie suksesvol nie. Gedurende 1990 was daar in 'n stadium slegs 30 persone by die MOTHs in Vanderbijlpark betrokke.[170]

Dit het veroorsaak dat die MOTHs, in hul poging om hul ledetal te vermeerder, hul lidmaatskap ook vir ander rasse oopgestel het. Aangesien die swart mense, Kleurlinge en blankes saam op die grense van die land geveg het, is daar samesprekings gehou dat al dié mense lidmaatskap moes verkry.[171]

---

168 Member of the Tin Hats (MOTH), Vanderbijlpark, Inligtingstuk, Feb. 1991, pp.1,2,3.

169 MOTHs, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1990; D. Fouche, Onderhoud, 6 Jun. 1991 {Old-buck van die Buckshee Shellhole, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

170 MOTHs, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1990.

171 D. Fouche, Onderhoud, 6 Jun. 1991 {Old-buck van die Buckshee Shellhole, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

3.4.6 DIE ROTARIëRKLUB

Die Rotariërklub van Vanderbijlpark het reeds in 1957 ontstaan. Hierdie klub word finansieel deur vrywillige donasies van die lede en vriende van die klub ondersteun.[172]

Gedurende die laaste stadium was die Rotariërs se dienste in 'n toenemende mate in aanvraag.[173] Die Rotariërs het internasionale studiebeurse en interkulturele uitruilskemas geborg. Hulle was genoodsaak om humanitêre projekte te skep om sodoende die lewensgehalte van die mense van Vanderbijlpark te verbeter.[174]

Die klub borg ook Polioplus, 'n onderneming om saam te werk met nasionale en internasionale gesondheidsorganisasies om polio teen die jaar 2005 uit te roei.[175]

Gedurende die laaste stadium was dit veral die uitgangspunt of beleid van die Rotariërs om in alles wat gedink, gesê of gedoen word, 'n vierledige toets aan te lê, naamlik:

- Is dit die waarheid?
- Is dit regverdig teenoor almal?
- Sal dit welwillendheid en vriendskap bevorder?
- Sal dit vir almal voordelig wees?[176]

Van die aktiwiteite wat die klub gedurende die laaste stadium bedryf het, sluit onder andere in:

- Humanitêre ontwikkeling, soos die promosie van die welsyn van mense, kindersorg, vroeë immunisering, misdaadvoorkoming, voorkoming van dwelmmisbruik,

---

172 Rotariërs, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, Jan. 1992, p.1.

173 R. Anderson, Onderhoud, 2 Jan. 1992 {Lid van die Rotariërklub, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

174 E. Keusgen, Onderhoud, 6 Feb. 1992 {President van die Emfuleni-buiteklub, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

175 Rotariërs, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, Jan. 1992, p.6.

176 Rotariërs, Vanderbijlpark, Konstitusie, Mrt. 1992.

gesondheidsopleiding en hulp aan die armes. In hierdie verband word jaarliks 'n bewusmakingsprojek van stapel gestuur, wat die Rivierfees genoem word.[177]

- Gemeenskapsontwikkeling, soos infrastruktuurontwikkeling, openbare fasiliteite, sanitasie en stedelike vernuwing.

- Omgewingsbewaring, soos dierebeskerming, 'n skoon dorp en die voorkoming van besoedeling.[178]

3.4.7 SAMEVATTING

Die resultaat van dienslewering gedurende die stabiliseringstadium is in 'n groot mate beïnvloed deur die politieke omstandighede in die land, wat 'n verswakte ekonomie veroorsaak het.

Die Stadsraad se dienste is bemoeilik omdat die raad as gevolg van die inwoners van Vanderbijlpark se swakker finansiële omstandighede nie die belasting kon verhoog nie. Die raad kon egter weens die verswakte ekonomie nie hul koste altyd op 'n lae vlak hou nie.

Diensorganisasies soos die SOV, die Publisiteitsvereniging, die MOTHs en die Suiderkruisfonds se dienslewering is ook deur die verswakte ekonomie geraak. Al die organisasies het egter gepoog om hulle dienste sinvol in stand te hou.

Nietemin het kultuuronderhoud en -ontwikkeling gedurende hierdie stadium, vanweë grootskaalse werkloosheid, swak ekonomie en vinnig veranderende politieke omstandighede, agteruitgegaan.

3.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING

As daar na die resultaat van dienslewering gedurende al drie die stadiums gekyk word, is dit duidelik dat dit 'n belangrike rol in die kultuurvorming van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gespeel het.

---

177 R. Anderson, Onderhoud, 2 Jan. 1992 {Lid van die Rotariërklub, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

178 E. Keusgen, Onderhoud, 6 Feb. 1992 {President van die Emfuleni-buiteklub, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Die positiewe groei en invloed van dienslewering gedurende die vestiging- en voorspoedstadium is aan die positiewe ekonomiese groei van die jong nywerheidstad, Vanderbijlpark, toe te skryf. Dienslewering is gedurende die stabiliseringstadium deur veranderde omstandighede beïnvloed, en diensorganisasies het veral probleme ondervind om die nodige fondse te in om volgehoue dienste aan die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark te kon lewer.

Dienste het gedurende al drie stadiums 'n statisties onmeetbare invloed op die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark gehad. Al kon hierdie organisasies nie altyd dieselfde positiewe diens gedurende die stabiliseringstadium lewer nie, was dit tog onontbeerlik vir blanke kultuurontwikkeling. Gedurende die laaste stadium het sommige van die diensorganisasies gepoog om ook dienste aan die swart mense in Vanderbijlpark beskikbaar te stel.

---oOOo---

HOOFSTUK 4

GESONDHEIDSDIENSTE

4.1 INLEIDING

Gesondheidsdienste wat deur die Munisipaliteit se Gesondheidsdepartement en ander instansies en organisasies gelewer is, het 'n belangrike rol in die kultuurontwikkeling van die dorp tydens die vestiging-, voorspoed- en stabiliseringstadium gespeel.[1]

4.2 GESONDHEIDSDIENSTE GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959

Gedurende die vestigingstadium is daar deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), die plaaslike owerheid en ander instansies gepoog om die gesondheidsvlak van die blanke gemeenskap op 'n hoë vlak te hou, met die oog op verhoogde produktiwiteit van die werkerskorps en die vestiging van 'n gelukkige samelewing.[2] Hierdie pogings is deur dr. H.J. van der Bijl se positivistiese lewensbeskouing ondersteun, waardeur die gehalte van lewe in die gemeenskap verhoog kon word.[3]

Die doel van hierdie maatreëls was om te voorkom dat die algemene gesondheidstoestand van die inwoners van Vanderbijlpark op 'n onbevredigende vlak, soos in sommige ouer nywerheidslande, moes wees.[4] Swak gesondheid van die inwoners is meestal 'n gevolg van swak werksomstandighede in die nywerhede en die toestroming van mense na nywerheidsentrums. Vanuit 'n sosiale standpunt word gewoonlik aangevoer dat hierdie nywerheidsentra ook verderflike agterbuurte meebring, en dat die lewensomstandighede in die stedelike gemeenskappe die bevolking liggaamlik en geestelik ondermyn en tot verlaging van die kultuurvlak van die betrokke inwoners lei. So 'n toestand bring 'n uniformiteit by die

---

1 Vgl. Vanderbijl Park Estate Company (VESCO), Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 10, 26 Nov. 1945; A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid in Suid-Transvaal*** {2 volumes} (ongep. D.Com.-proefskrif, US, 1948), p.2.

2 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park non-European residential areas", ***Iscor News***, vol. 12, no. 7, Jul. 1947, pp.559,560.

3 Vgl. R. van Niekerk & M.F. van der Walt, "Dr. H.J. van der Bijl se filosofiese denkraamwerk: 'n histories-filosofiese oorsig", ***Koers***, vol. 61, no. 3, Sep. 1996, pp.296 e.vv.

4 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8: report, 20 Aug. 1954.

bevolking terwyl dit ondernemingsgees, skeppingstalente en gesonde gesinslewe onderdruk en vernietig.[5]

Noodwendig sou sulke omstandighede 'n nadelige uitwerking op die kultuurontwikkeling van die mens hê. As teenvoeter vir hierdie nadelige invloed van industrialisasie is verskillende maatreëls ingestel om die gesondheidsvlak van die inwoners van Vanderbijlpark te bevorder.[6]

4.2.1 DIE VOORSIENING VAN GESONDHEIDSDIENSTE

Aangesien die algemene gesondheidstoestand van YSKOR se werkers so 'n belangrike rol in dié nywerheid se groei en ontwikkeling gespeel het, is daar gedurende die vestigingstadium baie aandag aan die voorsiening van gesondheidsdienste aan die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gegee.[7] Verskeie inisiatiewe, wat vervolgens bespreek word, is daarom van stapel gestuur.[8]

4.2.1.1 DR. VAN DER BIJL SE INISIATIEWE

Dr. Van der Bijl het 'n belangrike bydrae tot die gesondheid van die werknemers en hulle gesinne gemaak[9] met die keuse van die ligging van die grond waarop die dorp Vanderbijlpark aangelê sou word.

Aangesien Vanderbijlpark ongeveer 1 500 m bo seespieël geleë is, is daar gemeen dat die inwoners van Vanderbijlpark 'n gematigde en 'n gesonde klimaat kon geniet.[10] Daar is van die standpunt uitgegaan dat die Suid-Afrikaanse klimaat 'n doeltreffende geneesmiddel is wat voorkomend sowel as genesend kan wees.

---

5 A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid*** ..., p.2.

6 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 24 Apr. 1958 - 4 Dec. 1958, vol. 16: report, 22 May 1958.

7 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park non-European residential areas", ..., p.559.

8 Vgl. Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8: report, 20 Aug. 1954.

9 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park non-European residential areas", ..., p.560.

10 Vgl. E. van Heerden, "'n Staalstad vier sy mondigwording", ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 10, no. 1, Jan. 1965, p.18.

Dr. Van der Bijl het by die aanleg van die verskillende woonbuurte besluit dat daar vir die inwoners soveel moontlik van die son as geneesmiddel gebruik gemaak moes word. In elke woonbuurt is dus vir twee of meer parke, speelterreine en ander ontspanningsgeriewe voorsiening gemaak.[11]

Hy het gepoog om 'n omvangryke gesondheidskema in Vanderbijlpark tot stand te bring. Hiermee wou hy mediese dienste aan al die inwoners van die dorp voorsien.[12] Hy het ook gesorg dat daar gedurende die vestigingstadium 14 ha grond vir 'n hospitalisasieskema afgesonder word.[13]

Alhoewel lewe in die buitelug tot 'n hoë gesondheidspeil onder die inwoners van Vanderbijlpark sou bydra, was siektes en gesondheidsgevare nogtans onvermydelik.[14] Gevolglik was die ontwikkeling van mediese en gesondheidsdienste in Vanderbijlpark noodsaaklik vir die bevordering van die algemene gesondheid van die inwoners.[15]

4.2.1.2 YSKOR SE MEDIESE BYSTANDSFONDS

Gedurende die vroeë jare is mediese dienste deur YSKOR se Mediese Bystandsfonds verskaf.[16] Aanvanklik het 'n huis in Lindestraat as spreekkamer gedien. Dokters het vanaf Vereeniging gekom om by hierdie spreekkamer diens te doen.[17]

Met die totstandkoming van YSKOR se Mediese Bystandsfonds het 'n mediese en tandheelkundige kliniek by Marconistraat 5 tot stand gekom.[18]

---

11 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park non-European residential areas", ..., pp.559,560; vgl. E. van Heerden, "'n Staalstad vier sy mondigwording", ..., pp.20,21.

12 Anon., "Vanderbijl Park: garden town with a bright future", ***South African Municipal Magazine***, vol. 31, no. 363, Nov. 1947, pp.32,33.

13 E. van Heerden, "'n Staalstad vier sy mondigwording", ..., pp.18,19.

14 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8: report, 20 Aug. 1954; H.J. van der Bijl, "Die Vaal vloei voort", ***Brandwag***, vol. 10, no. 513, Aug. 1947, pp.19,20.

15 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

16 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 12, no. 6, Jun. 1947, p.463.

17 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 2, 9 Feb. 1945.

18 P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark, 1914 - Desember - 1951***, p.6.

Die groot invloei van mense na die dorp het 'n toename in die ledetal van YSKOR se Mediese Bystandsfonds tot gevolg gehad.[19] Dit het veroorsaak dat daar van bykomende dienste van dokters gebruik gemaak moes word. Die gelde van die dokters is ook verhoog namate die dienste meer gespesialiseerd geraak het.[20]

Die snelle verstedeliking het die uitbreiding van bykomende gesondheidsdienste tot gevolg gehad.[21] Die tekort aan gesondheidsdienste het daartoe gelei dat die Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy (VESCO)-raad in September 1946 besluit het dat 'n kliniek op perseel 359, wat aan Carnot-, Goodyear- en Cortstraat in CW 6 grens, opgerig moes word.[22] Die kliniek was beskikbaar vir al die inwoners van Vanderbijlpark, al het hulle nie by YSKOR gewerk nie.[23] Mettertyd het mense egter ook van private dokters gebruik begin maak.[24]

'n Tandarts van Pretoria het twee keer elke week na die pasiënte in Vanderbijlpark omgesien. Die eerste private dokters, naamlik dr. Carel de Wet en dr. W. Opperman, het hulle gedurende 1950 in Vanderbijlpark gevestig.[25]

Nadat die kliniek in CW 6 te klein geword het, is dit uitgebrei om vir 'n babakliniek en immuniseringslokaal voorsiening te maak.[26] Gedurende 1952 het die bestuur van die Mediese Bystandsfonds besluit om alle mediese en tandheelkundige dienste te sentraliseer. Daar is besluit dat aanbouings aan die kliniek in CW 6 aangebring sou word. Die aanbouings

---

19 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. T.W. Wilson, "Iscor's new platemill: the history of Vanderbijl, 1940-1943", ***Iscor News*** {supplement}, vol. 9, no. 1, Jan. 1944, pp.10,11.

20 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 10, 26 Nov. 1945.

21 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

22 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 18, 10 Sep. 1946.

23 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

24 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park non-European residential areas", ..., pp.559,560.

25 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, pp.36,38; vgl. J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

26 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 48, 30 Mar. 1950.

het 'n mediese blok van vier verdiepings en 'n tandheelkundige blok van twee verdiepings ingesluit.[27]

4.2.1.3 DIE GESONDHEIDSKOMITEE

Die toenemende inwonertal het veroorsaak dat 'n Gesondheidskomitee gedurende 1944 deur die Buitestedelike Gesondheidsraad ingestel is. Weens 'n hofuitspraak dat die wetgewing in verband met die magte en pligte van die Buitestedelike Gesondheidsraad ontoereikend was, moes hierdie eerste plaaslike bestuur ontbind word. Daarna is die Gesondheidskomitee van Vanderbijlpark op 24 Desember 1946 ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 ingestel.[28]

Met die eerste vergadering van die Gesondheidskomitee op 3 Januarie 1947 is mnr. E.C. Oldridge tot Voorsitter verkies.[29] Hierdie Gesondheidskomitee het onder meer toegesien dat die volgende gesondheidsdienste gelewer word:

- Die beheer van aansteeklike siektes, soos pokke, pes, cholera en geelkoors.[30]
- Die hantering van gevalle soos witseerkeel, tuberkulose, meningitis, longtering en maagkoors.
- Die nakom van spesifieke bepalings in verband met die higiëne van water, melk, suiwelprodukte, vleis en ander voedselsoorte.
- Die verskaffing van bevredigende behuising, opruiming van agterbuurtes, die aanlê en instandhouding van parke en sportgronde.
- Die nakom van regulasies vir die aanhou van diere.[31]

---

27 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 68, 31 Jul. 1952.

28 Provinsie Transvaal, "Stigting van die Gesondheidskomitee Vanderbijl Park", proklamasie no. 187, ***Offisiële Koerant***, vol. 119, no. 1997, 24 Des. 1946, p.488.

29 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Jan. 1947 - 11 Jun. 1948, vol. 1: minute of the inaugural meeting, 3 Jan. 1947; Vanderbijlpark Town Council, Correspondence, 3 Apr. 1947 - 15 May 1953, file 2/6, vol. 1: deed of agreement between Vanderbijl Park Health Committee and Vanderbijl Park Estate Company whereas Vanderbijl Park Health Committee, 1 Mar. 1950.

30 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. J.J.N. Cloete, ***Munisipale regering en administrasie in Suid-Afrika***, pp.163,164.

31 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 24 Apr. 1958 - 4 Dec. 1958, vol. 16: report, 22 May 1958.

Die Gesondheidsbeamptes moes toesien dat die bogenoemde bepalings nagekom word.[32] Hierdie dienste van die Gesondheidskomitee was van onskatbare waarde vir die instandhouding van die algemene gesondheid in Vanderbijlpark gedurende die vestigingstadium.[33]

Die Gesondheidskomitee het tot 1950 van die personeel van die Gesondheidsdepartement van VESCO gebruik gemaak. Vanaf 1 Julie 1950 het die Gesondheidskomitee die Gesondheidsdepartement van VESCO oorgeneem.[34]

'n Belangrike maatreël om die gesondheid van die inwoners op 'n hoë vlak te hou, was die aanstelling van Gesondheidsinspekteurs en Gesondheidsbeamptes.[35] Die Gesondheidsinspekteur moes na die gesondheid van die gemeenskap omsien. Mnr. E.A. Lewis-Enright is as Hoof-gesondheidsinspekteur en mnr. T.H. White as Gesondheids-inspekteur (graad 3) aangestel.[36] Mnr. Dalton is as Knaagdierbeheerbeampte aangestel.[37]

Gedurende die vroeë vestigingstadium het 'n Voedselinspekteur 'n noodsaaklike instelling geword.[38] Na onderhandeling gedurende 1951 is die Voedselinspekteur, mnr. Lewis-Enright, aangestel.[39] Dr. W. Mondriaan is in 1947 as Eregeneeskundige beampte aangestel.[40] Gedurende 1949 is dr. Watson in hierdie pos aangestel,[41] en in 1952 is dr.

---

32 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

33 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

34 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 40th ordinary meeting, 30 Jun. 1950.

35 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

36 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 40th ordinary meeting, 30 Jun. 1950.

37 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 39th ordinary meeting, 29 May 1950.

38 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

39 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 47th ordinary meeting, 31 Jul. 1950.

40 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Jan. 1947 - 11 Jun. 1948, vol. 1: minute of the sixth ordinary meeting, 23 Jun. 1947.

I.L. Bradfield by die Gesondheidsdepartement as die eerste Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark aangestel.[42]

Hierdie Gesondheidsbeamptes het velerlei pligte gehad wat die gesondheid van die inwoners van Vanderbijlpark geraak het.[43] Die Gesondheidsbeamptes het reeds gedurende die vestigingstadium 'n besondere groot rol gespeel in die bekamping van siektes soos pokke, pes, cholera, geelkoors, witseerkeel, tuberkulose, meningitis, longtering en maagkoors.[44]

VESCO het aanvanklik die funksie van vullisverwydering en riolering volgens 'n Noodsaaklikheidsdiensteooreenkoms uitgevoer.[45] Die Gesondheidskomitee het egter al in Februarie 1951 oorweeg om die dienste oor te neem omrede VESCO hierdie dienste teen 'n verlies van £6 790 bedryf het.[46] Die vullisverwyderingsdienste is eers op 1 Julie 1953 deur die Stadsraad oorgeneem en onder die beheer van die Hoofingenieur geplaas.[47] Die Stadsraad het ook tenders vir persone wat bergingswerk op vullishope wou doen, aangevra.[48]

---

41 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 24th ordinary meeting, 28 Feb. 1949.

42 Vanderbijlpark Stadsraad, Notules, 27 Mrt. 1951 - 14 Okt. 1952, vol. 3: notule van die 60ste gewone vergadering, 25 Mrt. 1952.

43 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 40th ordinary meeting, 30 Jun. 1950.

44 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

45 R. van Niekerk, ***Die vestiging en uitbreiding van plaaslike bestuur in Vanderbijlpark gedurende 1952-1959*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1992), p.134.

46 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 13 Nov. 1952 - 22 Oct. 1953, vol. 6: report, 29 Jan. 1953.

47 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8: report, 20 Aug. 1954.

48 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 28 Apr. 1955 - 22 Sep. 1955, vol. 10: report, 26 Jul. 1955.

Hierdie reinigingsdienste wat die Gesondheidskomitee oorgeneem het,[49] is met muilwaentjies en twee vragmotors uitgevoer en as 'n goeie diens bestempel.[50] Later het dié diens uitgebrei en is 'n meer doeltreffende vullisverwyderingsdiens ingestel.[51]

Die Munisipaliteit se Gesondheidsdepartement het ook verskeie dienste aan handelsondernemings gelewer. In elke gebou is 'n waterverspreidingsisteem aangebring, en 'n nagvuilverwyderingsdiens is aan bouers gedurende bouwerksaamhede gelewer.[52]

Die eerste rioleringstelsel wat deur die Gesondheidsdepartement voorsien is, is vir 'n bedrag van £9 933.1.10 van YSKOR gekoop. Later, gedurende 1955, is die Zuurfonteinwerke deur die Rietspruitwerke vervang. Die dorpsgebied SW 5 is aanvanklik afsonderlik van septiese tenks voorsien en die nywerheidsgebied NE 3 is ook deur 'n tydelike stelsel bedien. 'n Geïntegreerde rioolstelsel is later vir die hele dorp voorsien.[53]

Die diens wat die Gesondheidsdepartement gelewer het, het daarin geslaag om die gesondheidsvlak van die blanke gemeenskap gedurende die vestigingstadium op 'n bevredigende vlak te hou.[54]

Die Gesondheidsdepartement het toegesien dat die water wat van die Randwaterraad se hoofwerke in Vereeniging verkry is, gesuiwer word. Plaagbeheer is deur gereelde inspeksies toegepas en waar nodig, is gas gebruik om geboue plaagvry te maak.[55]

Die Gesondheidsdepartement het toegesien dat alle handelaars soos melkerye, slaghuise, algemene handelaars, bakkerye, kafees, hotelle en haarkappersalonne die nodige gesondheidsreëls nakom.[56] Die personeel van die Gesondheidsdepartement het die persele

49 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8: report, 20 Aug. 1954.

50 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

51 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 21 Oct. 1954 - 17 Mar. 1955, vol. 9: report, 27 Jan. 1955.

52 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8: report, 20 Aug. 1954.

53 Vanderbijlpark Town Council, Finance and Joint Committee, Reports, 11 Oct. 1955 - 13 Dec. 1955, vol. 15: report, 19 Oct. 1955.

54 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

55 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8: report, 20 Aug. 1954.

56 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 24 Apr. 1958 - 4 Dec. 1958, vol. 16: report, 22 May 1958.

waar daar met voedsel handel gedryf is, gereeld ondersoek.[57] Die plaaslike mark met sy voertuie, produkte en stoorkamers was ook aan daaglikse inspeksies onderhewig.[58]

Die sewe slaghuise van Vanderbijlpark se vleis en die brood wat deur bakkerye van Vereeniging en Johannesburg voorsien is, is ook geïnspekteer. Die Gesondheidsdepartement het ook toegesien dat melk gepasteuriseer word en persele waarop melk geproduseer is, is gereeld geïnspekteer.[59]

4.2.1.4 DIE VROEë HOSPITAAL- EN AMBULANSDIENSTE

Hospitaaldienste was in hierdie vroeë stadium van Vanderbijlpark se ontwikkeling ontoereikend.[60] Die huisdokters het nog na die pasiënte se huise gegaan as hul vir siektes uitgeroep is. Hierdie persoonlike aandag aan die pasiënte het egter mettertyd verdwyn. Dit was as gevolg van die toename in die getal inwoners dat die huisdokters nie meer die persoonlike diens kon lewer nie.[61] Gespesialiseerde hospitaaldienste het met die toename in verstedeliking noodsaaklik geword. In Vanderbijlpark moes van die inwoners, by gebrek aan die nodige hospitaaldienste, dikwels van Vereeniging se hospitaal gebruik maak.[62]

Na die stigting van YSKOR se Mediese Bystandsfonds is daar egter besluit om 'n hospitaal te bou.[63] Voordat hierdie hospitaal voltooi is, moes dit reeds vergroot word om sodoende ook vir 'n kraamsaal voorsiening te maak.[64] Gedurende 1949 is daar besluit dat die Provinsiale Administrasie hierdie hospitaalgebou van VESCO sou huur.[65]

---

57 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

58 M.C. Swart, Onderhoud 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

59 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8: report, 20 Aug. 1954.

60 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 24 Apr. 1958 - 4 Dec. 1958, vol. 16: report, 22 May 1958.

61 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

62 A.J.G. Oosthuizen, "Development of this decade: the PWV and Transvaal", ***South African Builder***, vol. 60, no. 4, Apr. 1981, pp.40,44.

63 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 32, 3 May 1948.

64 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 33, 8 Jun. 1948.

65 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 37, 25 Jan. 1949.

Dit was 'n groot gebeurtenis vir die gemeenskap van Vanderbijlpark toe die hospitaal op 22 April 1950 in gebruik geneem is.[66] Gedurende die kort seremonie wat deur dr. F. Meyer gehou is, het hy die sleutels aan die Administrateur van Transvaal, dr. William Nicol, oorhandig.[67]

In hierdie hospitaal is vir 64 algemene saalbeddens en 16 kraambeddens voorsiening gemaak.[68] VESCO is toegelaat om hierdie hospitaal op te rig nadat hul die Provinsiale Administrasie die versekering gegee het dat daar voldoende getroude vrouens sou wees om as verpleegsters diens te doen.[69]

Heel gou was daar nie voldoende kraambeddens beskikbaar nie en moes daar van plaaslike vroedvroue gebruik gemaak word. Met die instelling van die Gesondheidsdepartement moes dié vroedvroue aan sekere gesondheidsreëls voldoen. Die vroedvroue moes byvoorbeeld by die Gesondheidsdepartement geregistreer wees, hul toerusting moes aan sekere standaarde voldoen en hul moes ook oor die nodige opleiding beskik het.[70]

Die kapitaalkoste wat die hospitalisasieskema geverg het, is oor en oor deur 'n hoë gesondheidspeil, 'n gelukkige bevolking en 'n produktiewe werkersgemeenskap vergoed.[71]

'n Belangrike ondersteuningsdiens vir die hospitaal was ambulansdienste,[72] wat gedurende 1951 ingestel is.[73] Twee ambulanse is van Ficks Garage vir 'n bedrag van £3 354

---

66 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ***Municipal Affairs***, vol. 28, no. 329, Jan. 1963, pp.11,14.

67 Anon., "The Vanderbijl Park hospital opened by the Administrator of the Transvaal", ***Iscor News***, vol. 15, no. 5, May 1950, p.389.

68 Anon., "The Vanderbijl Park hospital opened by the Administrator of the Transvaal", ..., p.389.

69 ***The Vaal Tribune***, 27 Apr. 1950: report.

70 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

71 H.J. van der Bijl, "Die Vaal vloei voort", ..., p.19.

72 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

73 Vanderbijlpark Stadsraad, Notules, 27 Mar. 1951 - 14 Okt. 1952, vol. 3: notule van die 54ste gewone vergadering, 27 Sep. 1951.

aangekoop,[74] en die Gesondheidskomitee se ambulansregulasies is op 5 Desember 1951 afgekondig.[75]

Die groot behoefte aan ambulansdienste het veroorsaak dat daar gedurende 1952 met Vereeniging ooreengekom is om ook van hul ambulanse gebruik te maak.[76] Die Ambulansooreenkoms moes gedurende 1956 met Vereeniging hernu word.[77] Daar is poste vir twee blanke en twee swart Ambulansbestuurders geskep. Die ambulansdiens was onder die Erestadsingenieur se toesig.[78] Die Vaaldriehoek se dorpe het later 'n hulpskema ontwikkel om ambulanse tydens noodsituasies aan mekaar beskikbaar te stel.[79]

Die blanke gemeenskap was nie altyd met die dienste van die ambulanse tevrede nie. 'n Kraamgeval kon nie sonder toestemming van 'n dokter vervoer word nie,[80] en 'n werkgewer moes ook eers 'n waarborg gee dat die ambulans deur die Distriksgeneesheer ontbied is.[81] Die ambulansdienste is ook vertraag, omdat 'n pasiënt eers sy lidmaatskapkaart van die Mediese Bystandsfonds moes toon en die nodige vorms moes invul en onderteken voordat hy vervoer kon word.[82]

---

74 Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 27 Mar. 1951 - 14 Oct. 1952, vol. 3: minute of the 55th ordinary meeting, 30 Oct. 1951.

75 Provinsie Transvaal, "Gesondheidskomitee van Vanderbijl Park: ambulansregulasies", administrateurs-kennisgewing no. 1054, ***Offisiële Koerant***, vol. 139, no. 2300, 5 Des. 1951, p.498.

76 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

77 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; Vanderbijlpark Town Council, Reports, 25 Oct. 1956 - 21 Mar. 1957, vol. 13: report, 25 Oct. 1956.

78 Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 27 Mar. 1951 - 14 Oct. 1952, vol. 3: minute of the 61st ordinary meeting, 29 Apr. 1952.

79 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide stad*** (ongep. D.Phil.-proefskrif, PU vir CHO, 1983), p.270.

80 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

81 Vaal Teknorama, Vereeniging, F.A.V. Day newspaper cuttings, 9 Sep. 1954 - 20 May 1955, ref. no. 03/3226, ***Rand Daily Mail***, 20 Sep. 1954: report.

82 Vaal Teknorama, Vereeniging, F.A.V. Day newspaper cuttings, 9 Sep. 1954 - 20 May 1955, ref. no. 03/3226, ***Rand Daily Mail***, 20 Sep. 1954: report.

Die ambulansdienste het nieteenstaande bogenoemde probleme 'n belangrike ondersteuningsdiens gelewer en is gedurende die vestigingstadium deur hospitaaldienste en dokters aangevul.[83]

Hierdie bogenoemde gesondheidsdienste is verder deur ander organisasies aangevul.

4.2.2 ORGANISASIES WAT MEDIESE DIENSTE ONDERSTEUN HET

Die volgende organisasies, wat gedurende die vestigingstadium begin is, het bykomende gesondheidsdienste aan die inwoners gelewer:

4.2.2.1 DIE SUID-AFRIKAANSE ROOIKRUISVERENIGING

Reeds vroeg het daar 'n behoefte aan die dienste van die Rooikruisvereniging in Vanderbijlpark ontstaan. Veral die immigrante was bekend met die dienste wat die Rooikruisvereniging gedurende die oorlogsjare in Europa gelewer het. 'n Tak van die Rooikruisvereniging is daarom gedurende 1949 in Vanderbijlpark gestig.[84]

Die doelstellings van die Rooikruisvereniging was dat elke vrou eerstehulp en tuisverpleging moes ken en kon toepas.[85] Die Rooikruisvereniging wou ook dat fabriekswerkers in 'n noodtoestand hulp sou kon verleen. Noodhulp is terselfdertyd ook vir die man as onontbeerlike hulpmiddel beskou.[86]

Die jeug is ook betrek en kursusse is by verskillende skole in Vanderbijlpark aangebied. Noodhulpkursusse is aan leerlinge van skole soos Vaal High, Oliver Lodge, Bophelong Community, Hendrik van der Bijl en Totius aangebied.[87]

Die groot hoeveelheid kandidate wat vir die Rooikruiskursusse ingeskryf het, kan uit die onderstaande tabel waargeneem word.

---

83 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

84 South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, General meeting, 22 Feb. 1949.

85 South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, Annual report, 31 Mar. 1959.

86 South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, Constitution, 22 Feb. 1949.

87 South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, Annual report, 31 Mar. 1959; kyk hoofstuk 4, p.170.

Tabel 4.1: Kandidate vir die Rooikruisvereniging se kursusse

JAAR	KANDIDATE
1953	102
1954	388
1955	428
1956	569
1957	334
1958	359 [88]

Die nodige fondse vir die Rooikruisvereniging is op 'n gesellige wyse uit oggendmarkte, skoonheidskompetisies, braaivleise, koekkompetisies, poppekompetisies en die verkoop van kerskaartjies verkry.[89] Immigrante[90] en verskillende sportorganisasies het ook vir die Rooikruisvereniging fondse ingesamel.[91]

Die Rooikruisvereniging het met die hulp van verskillende komitees hul dienste aan die publiek van Vanderbijlpark verskaf.[92] Daar was byvoorbeeld die Mediese Leningskomitee wat die nodige mediese toerusting aan persone wat deur 'n dokter, matrone van 'n hospitaal, kreupelsorg of ander verantwoordelike liggame aanbeveel is, verskaf het. Die Padversorgingseenhedekomitee het by noodhulpstasies langs besige paaie waar moontlik ongelukke kon plaasvind, diens gedoen.[93]

Die vereniging het nie net hul dienste aan die blankes van Vanderbijlpark gelewer nie, maar ook aan die swart mense. Reeds gedurende 1954 is met 'n kliniek in Bophelong sowel as met ambulansdienste begin.[94] Die Rooikruisvereniging het ook die voeding van baie swart

---

88 South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, Annual report, 31 Mar. 1959.

89 South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, Minutes, 22 Jun. 1953.

90 South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, Minutes, 22 Jun. 1953.

91 South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, Annual report, 31 Mar. 1959.

92 South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, General meeting, 16 May 1955.

93 South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, Annual report, 31 Mar. 1959.

94 South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, Annual report, 31 Mar. 1959.

kinders oorgeneem en met talle noodgevalle, sonder enige rassediskriminasie, hulp verleen.[95]

Die Rooikruisvereniging se werksaamhede was gevolglik omvattend[96] en het 'n belangrike bydrae tot gesondheidsinligting van die algemene publiek van Vanderbijlpark gelewer.[97]

Die resultaat van die Rooikruisvereniging se werksaamhede in Vanderbijlpark wentel om die belangrike bydrae wat daar op mediese en gesondheidsvlak gemaak is. Kultuuroordrag tussen die verskillende bevolkingsgroepe is ook hierdeur bevorder.

4.2.2.2 DIE SUID-AFRIKAANSE NOODHULPLIGA (SANL)

Die SANL wat gedurende 1954 gestig is, het aanvanklik uit Afrikaanse lede bestaan.[98]

Die leuse van hierdie liga was: **In diens van die medemens.** Hierdie leuse het alle mense, afgesien van politieke of godsdienstige oortuigings, ingesluit. Die kentekens van die liga is drie brandende fakkels wat kennis, liefde en diens simboliseer, en dit moes te alle tye uitgedra word.[99]

Die doelstellings sluit die visie in om elke inwoner van Suid-Afrika se gesondheid deur die verspreiding van kennis te bevorder, en om 'n gees van opoffering in diens van die medemens oral en te alle tye, binne sowel as buite die vereniging, aan te moedig.[100] Die doelstellings sentreer dus daarom om naasteliefde ten opsigte van gesondheid te bevorder.

---

95 South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, Minutes, 22 Jun. 1953.

96 South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, Annual report, 31 Mar. 1959; vgl. M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

97 South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, General meeting, 16 May 1955; South African Red Cross Society, Vanderbijlpark, Annual report, 31 Mar. 1959.

98 Suid-Afrikaanse Noodhulpliga (SANL), Vanderbijlpark, Notule, 25 Feb. 1954.

99 SANL, Vanderbijlpark, Notule, 17 Okt. 1955.

100 SANL, Vanderbijlpark, Notule, 25 Feb. 1954.

Die Noodhulpliga het daarom seker gemaak dat belangrike inligting oor algemene gesondheid die inwoners van Vanderbijlpark bereik.[101] Om in hierdie doelwit te kon slaag, het die Noodhulpliga verskeie kursusse aangebied.[102]

Die liga het gedurende hierdie stadium verskeie kursusse aangebied.[103] Die ligalede wat van hierdie kursusse gevolg het, het gedurende die vyftigerjare gewoonlik twee eksamens per jaar afgelê. Die Juniorliga was in hierdie opsig aktiewe kursusgangers. Gedurende 1956 het byvoorbeeld 69 junior lede eksamen afgelê.[104]

Naas die kursusse wat aangebied is, het die verskaffing van noodhulpdienste by byeenkomste soos die amateurboksklub, sportbyeenkomste en feesgeleenthede soos heldedagvierings 'n belangrike funksie vervul.[105]

Vanaf 1955 is noodhulpdienste ook aan alle voetbalklubs verskaf. Op die voetbalvelde het die liga gedurende hierdie jaar 68 senior en 12 hoërskool-rugbywedstryde bygewoon. Gemiddeld vyf beserings per senior wedstryd het plaasgevind, en die totale aantal beserings by hierdie wedstryde waarby noodhulp toegepas moes word, het 352 beloop. Onder hierdie 352 beserings was daar slegs vyf sportmanne wat hospitalisering nodig gehad het.

Aangesien hierdie dienste gratis gelewer is, het die Noodhulpliga heelwat fondse nodig gehad. Hierdie fondse is verkry deur verkopings by marktafels, straatkollektes en bioskoopvertonings waar verversings verkoop is.

Die Noodhulpliga het gedurende die vestigingstadium dus 'n belangrike rol ten opsigte van die verskaffing van noodhulpdienste in Vanderbijlpark gespeel.[106]

---

101 SANL, Vanderbijlpark, Notule, 25 Feb. 1954.

102 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; kyk hoofstuk 4, p.179.

103 SANL, Vanderbijlpark, Notule, 17 Okt. 1955.

104 J.R. Bloem, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Noodhulpliga, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

105 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; kyk hoofstuk 4, p.176.

106 J.R. Bloem, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Noodhulpliga, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

4.2.3 SAMEVATTING

Die resultaat van gesondheidsdienste gedurende die vestigingstadium moet gesien word teen die agtergrond van YSKOR en die plaaslike owerheid se maatreëls om 'n infrastruktuur daar te stel, waarin daar na die gesondheid van veral die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark omgesien kon word.

Die aanvanklike mediese dienste is deur YSKOR se Mediese Bystandsfonds verskaf, wat mettertyd deur verskeie ander instellings en organisasies aangevul is. Die Gesondheidskomitee het eweneens onontbeerlik dienste vir die algemene gesondheid van die blanke inwoners van Vanderbijlpark gelewer. Dit was die taak van die Gesondheidskomitee se Gesondheidsdepartement om na die algemene gesondheid van die inwoners van Vanderbijlpark om te sien. Die gesondheid van die publiek is ook deur die dienste van die hospitaal met sy ambulansdienste bevorder.

In die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap is die gesondheidsvlak van die individu hoog geag. Verskeie organisasies, soos die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging en die SANL, het ook hulle bydraes gelewer om totale gesondheid te help onderhou.

Die bovermelde instansies wat gesondheidsdienste gelewer het, het gedurende die vestigingstadium goeie resultate behaal.

4.3 GESONDHEIDSDIENSTE GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1959-1978

Die kultuursituasie in Vanderbijlpark is gedurende die voorspoedstadium in 'n groot mate deur die vinnige pas van die nywerheidsontwikkeling van die dorp beïnvloed.[107] Hierdie ontwikkelingstempo het ook 'n invloed op die uitbreiding van gesondheidsdienste vir die inwoners gehad. Die Gesondheidsdepartement van die Stadsraad en organisasies soos die SANL[108] en die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging[109] het met hul gesondheidsdienste gedurende die voorspoedstadium voortgegaan.

---

107 Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 18 Jan. 1962 - 20 Dec. 1962, vol. 11: report, 5 Apr. 1962.

108 Kyk p.178.

109 Kyk pp.178,188,190.

4.3.1 DIE GESONDHEIDSDEPARTEMENT

Die Gesondheidsdepartement was in 'n gunstige posisie omdat die Stadsraad gedurende die voorspoedjare finansieel sterk was. Raadslid J.M. van Rooyen het as Voorsitter van die Bestuurskomitee in sy begrotingsrede van 17 Junie 1965 opgemerk dat Vanderbijlpark se gunstige finansiële posisie tot voordeel van die gemeenskap strek.[110] Die gunstige posisie is deur die steeds groeiende inwonertal, wat ook die Stadsraad se belastingbasis positief beïnvloed het, verstewig. Tabel 4.2 toon die getal inwoners en persentasie per bevolkingsgroep gedurende 1970 aan.

Tabel 4.2: Bevolking, 1970

BEVOLKINGSGROEP	GETAL	PERSENTASIE
Blankes	45 577	56,71
Kleurlinge	187	0,23
Asiërs	140	0,17
Swart	34 471	42,89 [111]
Totaal	80 375	100,00

Dié groei is ook in die jaarlikse begroting en in die werksaamhede van die Gesondheidsdepartement weerspieël.[112]

Persoonlike en omgewingsgesondheidsdienste is as 'n belangrike funksie van die Gesondheidsdepartement aanvaar.[113] Persoonlike gesondheidsdienste het voorkomende gesondheidsdienste soos die voorkoming van aansteeklike en oordraagbare siektes en die bevordering van die algemene gesondheid van die individu behels.

Omgewingsgesondheidsdienste behels die gesondheidsbeheer van die omgewing,[114] en daarvoor is gereelde inspeksies deur Gesondheidsinspekteurs nodig.[115] Met hierdie

110 Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 17 Jun. 1965 - 14 Dec. 1965, vol. 16: minute, 17 Jun. 1965; vgl. grafiek 4.1, p.173a.

111 A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid*** ..., p.2.

112 Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 17 Jun. 1965 - 14 Dec. 1965, vol. 16: minute, 25 Nov. 1965.

113 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8: report, 20 Aug. 1954.

114 Vgl. J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

GRAFIEK 4.1

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID
SALARISSE



Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 17 Jun. 1965 - 14 Dec. 1965, vol. 16: minute, 17 Jun. 1965.

inspeksies is daar toegesien dat die sanitasie[116] en higiëniese voedselvoorbereiding in Vanderbijlpark op 'n hoë vlak gehou is.[117]

Benewens die bogenoemde dienste van die Gesondheidsdepartement is daar ook gedurende die voorspoedstadium besondere aandag aan die kliniekdiens gegee.

Gedurende die voorspoedstadium is die gesondheid en welsyn van die kind en veral die kleuter voorop gestel. Die kliniekdiens het meer as net weeg en voedselvoorligting ingesluit. Die kind is ook ten opsigte van sy liggaamlike en geestelike ontwikkeling geëvalueer. Indien enige gesondheidsprobleme by 'n baba waargeneem is, is die baba na 'n medikus verwys.[118]

Dié diens van die Gesondheidsdepartement was belangrik en is gedurende die voorspoedstadium ook na die swart woonbuurte uitgebrei. Die Gesondheidsdepartement het gepoog om aan die twee swart woonbuurte, Bophelong en Boipatong, verbeterde gesondheidsdienste te verskaf.[119] 'n Tydelike kliniek, in twee huise in Bophelong, is verder ontwikkel. 'n Blanke suster en swart verpleegster het die diens reeds gedurende die vestigingstadium gelewer,[120] en is deur dr. I.L. Bradfield bygestaan wat sedert 1952 as Stadsgeneesheer by die Gesondheidsdepartement werksaam was.[121]

Hierdie dienste was nodig vir die gesonde ontwikkeling van die swart mense. Dit is egter ook waar dat dié dienste nie naastenby in die behoefte van die swart woonbuurte kon voorsien nie.[122]

---

115 Vgl. J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; kyk hoofstuk 3, p.134.

116 Kyk hoofstuk 3, p.134.

117 Kyk hoofstuk 3, p.134.

118 Vgl. J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

119 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 43rd ordinary meeting, 25 Sep. 1950.

120 Vanderbijlpark Health Committee, Reports, 31 Jul. 1950 - 27 Feb. 1951, vol. 3: first annual report of the Non-European Affairs Department for the period 1948 to 30 Jun. 1949.

121 Vanderbijlpark Stadsraad, Notules, 27 Mrt 1951 - 14 Okt. 1952, vol. 3: notule van die 60ste gewone vergadering, 25 Mrt. 1952.

122 R. Ramatsebe, Onderhoud, 20 Mrt. 1990 {voormalige dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

4.3.2 DIE SUID-AFRIKAANSE ROOIKRUISVERENIGING

Die Rooikruisvereniging se volgehoue dienslewering gedurende die voorspoedstadium van groot belang vir die algemene gesondheid van die gemeenskap. Die Rooikruisvereniging se dienste was veral belangrik omdat die vereniging hul ten doel gestel het dat soveel moontlik vroue noodhulp en tuisverpleging moes ken en toepas. Hulle was ook op die werknemers van die nywerhede ingestel.[123]

Die Rooikruisvereniging het hul ten doel gestel om die gemeenskap van Vanderbijlpark met behulp van kursusse op te lei sodat noodsituasies en ongelukke deur kundiges bedien kon word.[124]

Dié vereniging het, sonder enige rassediskriminasie, in talle noodgevalle in Vanderbijlpark en omgewing hulp verleen.[125]

4.3.3 DIE SUID-AFRIKAANSE NOODHULPLIGA (SANL)

Die Noodhulpliga het steeds belangrike dienste aan die inwoners van Vanderbijlpark gelewer, en die vereniging se doelstelling was om naasteliefde aan die medemens op alle gebiede rakende gesondheid te bewys. Verskeie kursusse is aangebied en noodhulpdienste is by belangrike byeenkomste van die gemeenskap aangebied.[126] Die Noodhulpliga het hul leuse, **in diens van die medemens**, uitgeleef.[127] Verskeie gesinne, soos die Bloems, was vanaf die vroeë vyftigerjare tot die negentigerjare aktief by die noodhulp van Vanderbijlpark betrokke.[128]

In die gesondheidsdienskultuur van die gemeenskap van Vanderbijlpark het die Noodhulpliga 'n belangrike bydrae ten opsigte van die gesondheid van die inwoners van Vanderbijlpark gelewer.[129]

---

123 Kyk hoofstuk 4, p.188.

124 Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1960.

125 Kyk hoofstuk 4, p.188.

126 Kyk hoofstuk 4, p.178.

127 Kyk hoofstuk 4, p.190.

128 J.R. Bloem, Onderhoud, 6 Jun. 1991 {Noodhulpliga, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

129 Kyk hoofstuk 4, p.190.

4.3.4 SAMEVATTING

Gesondheidsdienste vir die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark het daartoe bygedra dat die algemene gesondheid van die gemeenskap van Vanderbijlpark op 'n hoë vlak geplaas is.

Die Gesondheidsdepartement se werksaamhede is deur organisasies, soos die SANL en die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging, aangevul.[130] Hierdie organisasies het benewens hul gesondheidsdienste ook lesings en opleiding aan die blanke gemeenskap verskaf.

Pogings is ook aangewend om die gesondheid van die swart mense wat in Vanderbijlpark gewerk het op 'n hoë vlak te hou. Die dienste wat in die swart woonbuurte aangebied is, was egter nie altyd van dieselfde gehalte as dié van die blanke gemeenskap nie.[131]

'n Kultuurpatroon het in Vanderbijlpark ontstaan waarin die gesondheid van die blanke gemeenskap as 'n belangrike prioriteit gestel is. Die gunstige finansiële omstandighede gedurende die voorspoedstadium het die gesondheidsdienste bevoordeel. Die Stadsraad se finansiële bydraes het die Gesondheidsdepartement in staat gestel om die gesondheidsdienste aan die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark op 'n baie hoë vlak te bedryf.

Statistiek toon dat aansteeklike siektes onder die blankes in Vanderbijlpark reeds gedurende die voorspoedstadium beheer kon word.[132] Pokke was byvoorbeeld onder beheer en die voorkoms van maagkoors, witseerkeel en polio het tot 'n nul-statistiek by die blankes in Vanderbijlpark gedaal.[133]

---

130 Kyk hoofstuk 2, p.176.

131 T. Mosabala, Onderhoud, 11 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

132 Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 17 Jun. 1965 - 14 Dec. 1965, vol. 16: minute, 17 Jun. 1965.

133 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Foto 19: **Openbare skakeling van die burgemeester, C.A. Herbst, 1987.**

Bron: ***Vaalweekblad***, Vanderbijlpark, Fotoversameling.

4.4 GESONDHEIDSDIENSTE GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992

Gedurende die stabiliseringstadium het die verskillende instellings wat gesondheidsdienste in Vanderbijlpark gelewer het met hul werksaamhede voortgegaan. Mettertyd is die gesondheid van die blankes egter deur nuwe probleme bedreig.[134]

Die verswakte sosiale omstandighede van sommige blankes, vanweë die swakker ekonomiese omstandighede en werkloosheid, het groot eise aan gesondheidsdienste gestel. Die gevolg was dat die Gesondheidsdepartement, die Vighorprojek en organisasies soos die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme (SANRA)[135], die Familie- en Huweliksvereniging van Suid-Afrika (FAMSA)[136], die Kankervereniging, die Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulosevereniging (SANTV), die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging en die SANL se werk vermeerder het.[137]

4.4.1 DIE TOENEMENDE BETROKKENHEID VAN DIE GESONDHEIDSDEPARTEMENT

Die Gesondheidsdepartement het gedurende die stabiliseringstadium in 'n toenemende mate 'n belangrike rol in die gesondheid van die gemeenskap van Vanderbijlpark gespeel, omdat bykomende dienste gelewer moes word.

Die omvang van die area waar gesondheidsdienste gelewer is, was byvoorbeeld 13 317 339 ha munisipale gebied en 400 ha in die swart woonbuurte. Die goedgekeurde poste vir hierdie departement het uit een blanke Mediese Gesondheidsbeampte, een Adjudant-gesondheidsbeampte, twee Kliniese Mediese Beamptes, 'n Verpleegdiensbestuurder, twee Senior Verpleegkundiges en nege Verpleegkundiges onder die Stadsgeneesheer bestaan.[138]

Die Gesondheidsdepartement het gevind dat alhoewel siektes in die laat sewentigerjare in 'n groot mate beheer kon word, daar gedurende die tagtigerjare nuwe probleme ondervind is wat 'n *nadelige invloed op die gemeenskap se gesondheid gehad het.*[139] *Hierdie probleme*

134 ***Vaalweekblad***, 9 Aug. 1991: *berig.*

135 Kyk hoofstuk 2, p.102.

136 Kyk hoofstuk 2, p.106.

137 Koördinerende Welsynsraad, Vanderbijlpark, Notule, 2 Mrt. 1987.

138 Vanderbijlpark Stadsraad, Departement van Gesondheid, Halfjaarverslag, 30 Jun. 1984.

139 Vanderbijlpark Stadsraad, Departement van Gesondheid, Halfjaarverslag, 30 Jun. 1984.

het die dienste van die Gesondheidsdepartement laat toeneem. Die departement moes navorsing doen oor faktore wat die gesondheid van die blanke gemeenskap benadeel het en moes maatreëls instel om gesondheid weer te bevorder.[140]

Die volgende faktore het die gemeenskap van Vanderbijlpark se gesondheid nadelig beïnvloed.

Navorsing wat op die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gedoen is, het getoon dat stres gedurende die stabiliseringstadium 'n nadelige invloed op die gesondheid van die gemeenskap gehad het.[141] Daar was heelwat spanning as gevolg van die veranderde omstandighede in die dorp. Die Gesondheidsdepartement was genoodsaak om die diens vir alle bevolkingsgroepe in Vanderbijlpark oop te stel.[142]

Baie van hierdie spanning is deur sosiale probleme veroorsaak.[143] Ouers het dikwels finansiële probleme gehad en het self gesukkel om by nuwe omstandighede aan te pas. Onder hierdie omstandighede was dit nie altyd vir die ouers maklik om hul kinders met aanpassingsprobleme by te staan nie.[144]

Die Gesondheidsdepartement was gevolglik genoodsaak om met tienerberading, wat 'n gespesialiseerde diens was, te begin. Hierdie diens was 'n poging om tieners met hul aanpassingsprobleme by te staan. 'n Gesondheidsinspekteur en verpleegkundiges is aangestel en opgelei om met hierdie berading behulpsaam te wees.

Hoewel die resultaat van die dienste moeilik meetbaar was, was dit tog duidelik dat die gesondheid van die blanke inwoners van Vanderbijlpark in 'n toenemende mate nadelig geraak is.[145] Hierdie nadelige invloed was in negatiewe gedrag, soos kindermishandeling en die gebruik van dwelms, waarneembaar.[146]

---

140 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

141 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 1 Des. 1988.

142 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

143 ***Vaalster***, 23 Aug. 1991: berig.

144 ***Vaalster***, 26 Jul. 1991: berig.

145 ***Vaalster***, 26 Jul. 1991: berig.

146 ***Vaalweekblad***, 17 Mrt. 1989: berig.

Gedurende die stabiliseringstadium is gevind dat die bogenoemde negatiewe sosiale omstandighede dikwels tot kindermishandeling gelei het.[147] Navorsing het getoon dat kindermishandeling 'n negatiewe optrede is, wat direk op aanpassingsprobleme dui.[148]

Baie broodwinners in Vanderbijlpark het hul werk verloor of kon net nie meer hul finansiële verpligtinge nakom nie.[149] Hierdie skielike verandering van lewenstyl het aanpassingsprobleme veroorsaak.[150] Onder hierdie omstandighede was daar groter alkoholmisbruik onder die blanke gemeenskap,[151] wat dikwels direk tot kindermishandeling gelei het.[152]

Nuwe hulpstrukture moes gevind word en 'n Gemeenskapskas is tot stand gebring. Die Gemeenskapskas is 'n komitee wat uit die Gesondheidsdepartement en welsynorganisasies bestaan en is onder andere gestig om die voorkoms en hantering van gevalle van kindermishandeling aan te spreek.[153] Onder die nuwe ekonomiese omstandighede was die Gemeenskapskas genoodsaak om sy fondsinsameling op sakebeginsels te skoei.[154] Kindermishandeling het by bogenoemde dienste baat gevind dog 'n tekort aan fondse is steeds beleef.

In 'n samelewing waar kindermishandeling voorkom, kom daar gewoonlik ook dwelmverslawing voor. In Vanderbijlpark was kindermishandeling daarom ook dikwels die gevolg van dwelmmisbruik.[155] Vrouens en kinders is dikwels weerloos gelaat en toenemende egskeidings het voorgekom. Welsynorganisasies moes telke male ingryp en

---

147 ***Vaalster***, 16 Aug. 1991: berig.

148 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

149 S. Mouton, Onderhoud, 5 Jul. 1992 {maatskaplike werker van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

150 ***Vaalster***, 15 Mrt. 1989: berig.

151 ***Vaalweekblad***, 17 Mrt. 1989: berig.

152 Familie- en Huweliksvereniging van Suid-Afrika (FAMSA), Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1989.

153 Koördinerende Welsynsraad, Vanderbijlpark, Notule, 6 Jul. 1987.

154 Gemeenskapskas, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 5 Nov. 1986; vgl. hoofstuk 2, p.120.

155 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {Nederduitse Gereformeerde (NG)-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

gesinne bystaan.[156] Dwelmmisbruik het ook in Vanderbijlpark toegeneem omdat daar 'n groot werkloosheidsyfer was.

Ten spyte van die werkloosheid het die bevolking ook vinnig vermeerder. Op 16 Augustus 1991 rapporteer die ***Vaalster*** dat daar elke maand net in Sebokeng alleen 1 000 babas gebore word.[157] Hierdie snelgroeiende bevolking het bygedra tot die swak ekonomiese omstandighede in Vanderbijlpark omdat die ekonomiese groeikoers te laag was om die aanwas in bevolking te dra.[158] Die swart mense het die blanke gemeenskap vir hul ekonomiese probleme verantwoordelik gehou. Kinders kon nie ná skool werk kry nie en dit het spanning veroorsaak.[159] Hierdie toestand het die gebruik van dwelms laat vermeerder en dit het die waardesisteme van tieners sodanig verlaag dat tienerswangerskappe gedurende hierdie stadium onrusbarend toegeneem het. Selfs tweede swangerskappe het by sommige meisies voorgekom.[160] Die kultuurvlak van menige mens in Vanderbijlpark het as gevolg van dwelmmisbruik gedaal.

Terselfdertyd het die Verworwe Immuniteitsgebreksindroom (VIGS) ook op die toneel verskyn, wat nog meer spanning meegebring het.[161] Apteke het gevind dat daar mense was wat met pyntablette handel gedryf het. Lede van die publiek het 'n groot hoeveelheid tablette aangekoop en dit dan na-uurs teen 'n wins verkoop. Dit was noodsaaklik dat gesondheidsorganisasies hierdie optrede probeer verhoed, omdat dwelms die gesondheid van die mens benadeel het.

Gesondheidsorganisasies se werksaamhede het toegeneem aangesien die organisasies 'n poging aangewend het om die gesondheidsvlak van die inwoners op 'n hoë vlak te hou.[162]

---

156 FAMSA, Vanderbijlpark, Notule, Nov. 1990.

157 ***Vaalster***, 16 Aug. 1991: berig

158 ***Vaalster***, 21 Jan. 1991: berig.

159 Vgl. ***Vaalster*** 11 Mei 1990: berig.

160 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

161 ***Vaalster***, 21 Jan. 1991: berig.

162 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Die Gesondheidsdepartement het dit noodsaaklik gevind om hul gesondheidsdienste by hierdie veranderde omstandighede aan te pas.[163] Verskeie lesings is onder andere gehou om die publiek oor gesondheid in te lig.[164] Die volgende tabel toon die hoeveelheid lesings wat byvoorbeeld in 1984 gelewer is.

Tabel 4.3: Die bywoningsyfer van lesings

ONDERWERP	GETAL LESINGS	BYWONING-SYFER
Persoonlike higiëne	48	331
Veneriese siektes	2	36
Tuberkulose	208	447
Gesinsbeplanning	281	793
Rook	12	28
Dieet	62	354
Voedselhigiëne	61	479
Mondhigiëne	32	143
Algemene siektes	130	627 [165]

Die Gesondheidsdepartement het ook navorsing oor die hoë getal sterfgevalle gedoen.[166] Uit die resultate wat verkry is, is vasgestel dat sowat 55% van die sterfgevalle deur hartsiektes veroorsaak is.[167] Vyf faktore wat die belangrikste oorsake in hierdie sterfgevalle was, is swak dieet, hoë bloeddruk, fisieke onfiksheid, rook en spanning.[168]

Op grond van hierdie navorsing is besluit om 'n gesondheidsweek te reël.[169] Tydens die gesondheidsweek is die Vighorprogram in werking gestel.[170]

---

163 Vanderbijlpark Stadsraad, Departement van Gesondheid, Halfjaarverslag, 30 Jun. 1985.

164 ***Vaalweekblad***, 17 Mrt. 1989: berig.

165 Vanderbijlpark Stadsraad, Departement van Gesondheid, Halfjaarverslag, 30 Jun. 1984.

166 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 1 Des. 1988.

167 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

168 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1987.

169 ***Vaalster***, 5 Jul. 1991: berig

170 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Die Vighorprojek was 'n projek wat in 1979 geloods is om in die veranderde sosiale omstandighede van die blanke gemeenskap, die inwoners met gesondheidsprobleme by te staan. Die Vighorprojek het dit nodig gevind om 'n program vir die voorkoming van koronêre hartsiektes by 'n nywerheidsbevolking soos dié van Vanderbijlpark uit te voer.[171] Met die projek wou die Gesondheidsdepartement poog om die blanke inwoners van Vanderbijlpark se lewenstyl sodanig te verbeter dat hul op 'n gesonder wyse by die veranderde omstandighede kon aanpas.[172] Die Vighorprojek het van die standpunt uitgegaan dat die lewenstyl van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark 'n besliste invloed op die hart- en bloedvatsiektes in Vanderbijlpark het. Deur middel van die projek is die samewerking van die publiek verkry ten einde hulle lewenstyl te verander.[173]

Verskillende subkomitees is deur die Vighorprojekkomitee benoem, naamlik die Aktiwiteits-, Spannings-, Rook-, Voedings-, Hipertensie-, Finansiële en Publikasie- en die Navorsingskomitee.[174] Elkeen van hierdie komitees het 'n bepaalde missie gehad, maar tog het almal saamgewerk om die gemeenskap oor gesonder lewenswyses in te lig.

Die Aktiwiteitskomitee se doelwit was hoofsaaklik op skole gerig. Hiervoor het die komitee vier persone aangewys om aktiwiteitsprogramme op te stel. In die beplanning is daar by skole vir kontrolegroepe, deur middel van 'n steekproef, voorsiening gemaak. Die Aktiwiteitskomitee het in hul werksaamhede veral op die jeug gekonsentreer, om hulle reeds op 'n jeugdige ouderdom te beïnvloed om gesond te leef.[175]

Die Spanningskomitee se werksaamhede was daarop gerig om individue te help om hul spanning te verminder. Daar is met behulp van 'n kasset ontspanningsinligting verskaf. Daar is ook 'n seminaar vir bestuurders van besighede gereël. In dié projek is noodwendig ook van buite-instansies gebruik gemaak. Met die hulp van Weskoppies in Pretoria en Witrand van Potchefstroom is programme ten opsigte van stres aangebied.[176] Nadat hierdie

---

171 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1988, p.2; Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 22 Nov. 1989.

172 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 25 Jan. 1989.

173 ***Vaalster***, 5 Jul. 1991: berig.

174 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 1 Des. 1988; ***Vaalster***, 5 Jul. 1991: berig

175 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 1 Des. 1988.

176 Vanderbijlpark Stadsraad, Departement van Gesondheid, Jaarverslag, Nov. 1987.

GRAFIEK 4.2

OBESITEIT
VANDERBIJLPARK, 1982



Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule,
17 Jun. 1988.

projek deur Vighor se Spanningskomitee voltooi is, is die Vighorkliënte se spanning met behulp van vraelyste geëvalueer.[177]

Die Rookkomitee het gepoog om die inwoners van die gevare wat rook vir die mens se gesondheid inhou, bewus te maak, veral omdat die rookgewoonte kanker kan veroorsaak. Die metode wat die Rookkomitee toegepas het, was om soveel gebiede as wat moontlik was as rookvrye sones in die dorp verklaar te kry. Skoolkinders is gemotiveer om nie te begin rook nie. In samewerking met die Stadsraad is 'n anti-rookveldtog geloods, en baie aandag is aan advertensies gegee om sodoende die rookgewoonte te probeer bekamp.[178]

Die Voedingskomitee het baie pogings aangewend om die regte eetgewoontes by die inwoners van die dorp aan te kweek. Daar is veral op die vrou en moeder, wat gewoonlik die voedsel voorberei, gekonsentreer. 'n Simposium vir vroue is ook deur die Suiwelraad georganiseer. By die gewigsbeheerkliniek het die Voedingskomitee psigoloë betrek om die kliënte met voedingsprobleme by te staan.[179]

Die Hipertensiekomitee het sy dienste deur middel van illustrasies, advertensies en artikels in plaaslike koerante bekend gestel. Van die dienste wat die komitee verskaf het, was bloeddrukstasies wat maandeliks of weekliks gehou is en 'n hipertensiesimposium wat vir bestuurders gereël is. 'n Groep van 100 persone is konstant met die oog op hipertensiestatistieke geëvalueer, ten einde die sukses met hierdie dienste te bepaal.[180]

Die Publikasie- en Navorsingskomitee het gesorg dat die Vighorprojek wat gedurende 1982 onder die inwoners van Vanderbijlpark onderneem is, op 'n navorsingsprogram van internasionale belang uitgeloop het.[181] Riglyne vir die samestelling van publikasies uit die navorsingsmateriaal is gevolglik deur hierdie komitee opgestel. Die komitee het ook data ten op sigte van die voorkoms van cholesterolvlakke by inwoners ingesamel. Die beskrywing van die insidensie van die verskillende risikofaktore is gedoen. Kundiges van die

---

177 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 1 Des. 1988.

178 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 1 Des. 1988.

179 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 1 Des. 1988; kyk grafiek 4.2, p.183a.

180 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 1 Des. 1988.

181 ***Vaalweekblad***, 8 Feb. 1991: berig.

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) wat met navorsing oor hartrisikofaktore besig was, het die komitee in dié opsig bygestaan.[182]

Die resultate van hierdie navorsing het aangetoon dat sowat 63,4% van manlike en 72% van die vroulike inwoners van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark, tussen die ouderdomme van 20 en 64 jaar, aan die risiko van een of ander vorm van koronêre trombose blootgestel was.[183]

Die Finansiële Komitee het te midde van die veranderde omstandighede gedurende die stabiliseringstadium waarin die ekonomie 'n afwaartse neiging getoon het, 'n belangrike rol vervul om die Vighorprojek te laat slaag. Die komitee het deur middel van 'n voorlegging verskillende instansies vir finansiële steun genader. Die komitee het ook by die nywerhede se sosiale betrokkenheidsprogramme ingeskakel. Die fondse wat op so 'n wyse verkry is, is vir die werksaamhede van die projek beskikbaar gestel of is herbelê.[184]

Die struktuur wat deur die verskillende komitees geskep is, het tot gevolg gehad dat verskeie Vighorprojekte met die samewerking van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark suksesvol verloop het.[185]

Hierdie gemeenskapsbetrokkenheid, die samewerking met die Universiteit van die Witwatersrand (WITS) en die PU vir CHO, asook die Gesondheidsdepartement van die Stadsraad, het tot gevolg gehad dat 'n biokinetiese kliniek in die lewe geroep is.[186] 'n Trimpark is ook in die woonbuurt SE 2 ingerig. Hierdeur is gepoog om die fiksheid en geestesgesondheid van die inwoners te verbeter.[187] Hierdie ontwikkeling het byvoorbeeld vir die senior burgers die geleentheid gebied om by die programme in te skakel.[188]

'n Opname is ook gemaak om 'n basislyn vir stresvlakke, gewig en fiksheid te bepaal. Vir hierdie opname is persone tussen die ouderdomme van 15 tot 65 jaar gebruik. Die mikpunt

182 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 1 Des. 1988.

183 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1988, p.2.

184 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 1 Des. 1988.

185 ***Vaalster***, 12 Apr. 1991: berig.

186 ***Vaalster***, 3 Aug. 1990: berig.

187 Vanderbijlpark Stadsraad, Departement van Gesondheid, Jaarverslag, Nov. 1987.

188 S. Mouton, Onderhoud, 6 Jun. 1991 {Voorsitter van Jeugland Ouetehuis, inligting in besit van die skrywer}.

was om 2 000 proefpersone vir hierdie opname te verkry. Alhoewel dié getal proefpersone nie bekom is nie, is daar tog goeie resultate verkry. Die bruikbaarheid van die resultate is verder verhoog deurdat die inwoners van Witbank as 'n kontrolegroep gebruik is. Die resultaat van die poging om die sterftes van Witbank met dié van Vanderbijlpark te vergelyk, het tot die beplanning van 'n tweede opname gelei.[189]

'n Voorkomingsprogram is gevolglik geloods waarby al die bogenoemde aspekte wat getoets is, aangespreek is. Klinieke en skole is gebruik om onder andere voedselvoorligting te verskaf.[190] Dié skoolprogramme was besonder suksesvol.[191]

Die Vighorprojekte het tot 'n breë bewuswording van die bovermelde gesondheidsaspekte gelei, wat nie vroeër in die gemeenskap aanwesig was nie. Sodanige projekte moet egter oor 'n langer tydperk geloods word, omdat die hart- en bloedfunksiekoers eers vanaf die twintigerjare van die mens neergelê word.[192]

Vanweë die gebrek aan befondsing gedurende die laat tagtigerjare kon daar nie meer op dieselfde omvattende skaal as voorheen met die Vighorprojek voortgegaan word nie.[193] Nadat die wetenskaplike program ten einde geloop het, kon die borge nie met finansiële ondersteuning voortgaan nie. Vanaf 1988 is die standpunt gehuldig dat dit 'n gemeenskapsprojek is, en dat die gemeenskap van Vanderbijlpark die nodige fondse moes voorsien. Die verswakte ekonomie en 'n gevolglike gebrek aan die nodige befondsing het veroorsaak dat die projek op 'n kleiner skaal voortgesit is.[194]

Benewens die Vighorprojek was die Gesondheidsdepartement gedurende die stabiliseringstadium ook by lug-, geraas- en waterbesoedeling betrokke.[195] Daar is veral

---

189 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

190 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 1 Des. 1988.

191 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 7 Aug. 1989.

192 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Voortbestaan toespraak, 17 Jun. 1987.

193 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 17 Nov. 1988; ***Vaalweekblad***, 8 Feb. 1991: berig.

194 Vighorprojek, Vanderbijlpark, Notule, 28 Nov. 1988; ***Vaalweekblad***, 8 Feb. 1991: berig.

195 ***Vaalster***, 25 Sep. 1987: berig.

GRAFIEK 4.3

ROOKBEHEER
DIESELVOERTUIE
UITLAATGASSE GETOETS



Vanderbijlpark Stadsraad, Departement van Gesondheid, Inligtingstuk: lugbesoedeling in Vanderbijlpark, 1988.

klagtes oor swaar voertuie se uitlaatgasse ontvang en die Gesondheidsdepartement was genoodsaak om regulasies in te stel om dié probleem te beheer.[196]

Een van hierdie regulasies het Vanderbijlpark as rookbeheerde en rookvrye gebied verklaar.[197] Hierdie regulasie het bepaal dat 'n Rookbeheerbeampte aangestel moes word en dat 'n vereniging wat hulle vir skoon lug in Vanderbijlpark beywer, gestig moes word. Die Rookbeheerbeampte moes die besoedelingsvlakke by vyf strategies geplaaste rookmeetstasies moniteer. By hierdie stasies word die rookdigtheid en swaeldioksiedkonsentrasies gemeet. Periodieke metings ten opsigte van osoon, stikstofoksied, stikstofmonoksied en stikstofdioksied word ook gedoen. Alle vlakke van hierdie metings was binne perke van die aanbevole standaarde van die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR) sowel as die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling. Die uitlaatgasse van dieselvoertuie is weekliks gemeet,[198] en baie sukses is met hierdie metode behaal.[199]

Swaar nywerhede soos YSKOR is nie aan munisipale beheermaatreëls onderhewig nie, maar val direk onder die beheer van die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling. Die Gesondheidsdepartement het nietemin 'n wakende oog oor die nywerheid se rookvrystellings gehou en die besonderhede aan dié departement gerapporteer.[200]

Sewe rookmeetstasies is in die Vanderbijlparkomgewing in samewerking met die WNNR op verskillende punte geplaas, wat 24 uur per dag monsters geneem het. Die swaeldioksied-rookstofgedeeltes van die monsters word bepaal.[201]

---

196 Kyk grafiek 4.3, p.186a.

197 K. van der Walt, Onderhoud, 17 Nov. 1992 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

198 Vanderbijlpark Stadsraad, Departement van Gesondheid, Inligtingstuk: lugbesoedeling in Vanderbijlpark, 1988, p.2.

199 Kyk grafiek 4.3, p.186a.

200 K. van der Walt, Onderhoud, 17 Nov. 1992 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

201 Vanderbijlpark Stadsraad, Departement van Gesondheid, Inligtingstuk: lugbesoedeling in Vanderbijlpark, 1988.

Sedert die laat tagtigerjare is daar by YSKOR en ander groot nywerhede 'n afname in die vrystelling van swaeldioksied waarneembaar. Dit toon dat die beheermaatreëls wat deur die Gesondheidsdepartement en die staat toegepas is, redelik suksesvol was.[202]

Die dienste van die Gesondheidsdepartement is gedurende die stabiliseringstadium ook deur ander organisasies soos die Kankervereniging, SANTV, die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging, die SANL en Vanderbijlpark se Mediese Bystandsfonds aangevul.

4.4.2 VANDERBIJLPARK SE MEDIESE BYSTANDSFONDS

Gedurende die stabiliseringstadium het daar 'n steeds groter wordende behoefte aan mediese bystandsfondse en addisionele hospitaaldienste ontstaan. Die gevolg was dat Vaalmed[203] 'n eie private hospitaal van R5 miljoen opgerig het.[204]

4.4.3 DIE SUID-AFRIKAANSE ROOIKRUISVERENIGING

Uit die volgende tabel kan die omvang van die dienste wat gedurende die stabiliseringstadium gelewer is, waargeneem word.[205]

Tabel 4.4: Dienste van die Rooikruisvereniging, 1982

DIENSTE	AANTAL	URE	ONGEVALLE
Sosiaal	64	128	-
Korps	523	1092	-
Ambulans	32	96	40
Padredding	58	290	10
Mediese stasie	142	568	28
Sport	934	3938	529
Totaal	1753	6112	607 [206]

Die Rooikruisvereniging se werksaamhede het dus gedurende die tagtigerjare toegeneem. Benewens die bogenoemde dienste het die vereniging ook verskeie kursusse aangebied.

202 Vanderbijlpark Stadsraad, Departement van Gesondheid, Inligtingstuk: lugbesoedeling in Vanderbijlpark, 1988; ***Vaalster***, 25 Sep. 1987: berig.

203 Dit is die voormalige Mediese Bystandsfonds van YSKOR wat geprivatiseer is.

204 ***Vaalweekblad***, 8 Mrt. 1991: berig.

205 Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging, Vanderbijlpark, Notule, 4 Okt. 1989; ***Vaalster***, 6 Sep. 1991: berig.

206 Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 31 Mrt. 1982.

Gedurende 1980 is daar 13 kursusse vir blanke kandidate en 19 kursusse vir swart kandidate gehou. Die Rooikruisvereniging het ook kompetisies soos swemgala's en noodhulpkompetisies gereël.[207]

Die ambulansafdeling van die Rooikruisvereniging het diens by swemgala's, kerkparades, algemene jaarvergaderings, spankompetisies, individuele kompetisies, jaarlikse inspeksies en oueraande gedoen. Daar is ook demonstrasies in wondnabootsing, brandvoorkoming, en die gebruik van brandblussers en bloedoortapping gelewer. Die hospitaalbesoeke is goed ontvang en geskenkpakkies is gewoonlik aan pasiënte oorhandig. Die vereniging het ook hul dienste in Sebokeng gelewer. Gedurende die laaste paar jaar het die vereniging se werksaamhede dus uitgebrei.[208]

Verskeie faktore het egter ook 'n nadelige invloed op die Rooikruisvereniging se werksaamhede gehad. Die onrus in die swart woonbuurte gedurende 1984 het byvoorbeeld die funksionering van die Rooikruisvereniging bemoeilik, omdat ses swart afdelings na 1984 onaktief was. Die rede vir die toestand was dat die gemeenskapsale afgebrand was en geen geskikte lokale in daardie stadium vir die Rooikruisvereniging se werksaamhede gevind kon word nie.

Sporadiese onluste het in die swart woonbuurte voorgekom en die inwoners was bevrees om hul huise te verlaat of om in die aande te vergader om die Rooikruisvereniging se aktiwiteite voort te sit. By die meeste van die swart lede was daar egter 'n begeerte om met die Rooikruiswerk voort te gaan.[209]

Dit was egter nie net in die swart woonbuurte waar die Rooikruisvereniging se werksaamhede bemoeilik is nie. Die vereniging se kleuterskool het gedurende 1985 nie genoeg akkommodasie vir kleuters gehad nie. Die vraag na huisvesting vir kleuters by dié kleuterskool het só toegeneem dat daar gedurende die laat tagtigerjare 'n waglys van ongeveer 200 kleuters was.[210]

---

207 Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging, Vanderbijlpark, Notule, 6 Aug. 1980.

208 ***Vaalster***, 6 Sep. 1991: berig; Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1 Aug. 1984.

209 Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1 Aug. 1984.

210 Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging, Vanderbijlpark, Notule, 24 Jul. 1985; vgl. ***Vaalster***, 6 Sep. 1991: berig.

Die feit dat moeders toenemend voltydse beroepe beoefen het, word as 'n faktor vir hierdie behoefte vir huisvesting van kinders genoem.[211] Nog 'n rede vir die toename van kinders by kleuterskole is dat opvoedkundiges die belangrikheid van pre-primêre onderrig beklemtoon het. Dit het moontlik daartoe gelei dat ouers in 'n meerdere mate vir kleuterskoolakkommodasie aansoek gedoen het.[212]

4.4.4 DIE SUID-AFRIKAANSE NOODHULPLIGA (SANL)

Die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga se werksaamhede het by die Rooikruisvereniging se doelstellings aangesluit.[213] Die doelstellings van die Noodhulpliga in die veranderde omstandighede was om welsyn- en ander dienste by ramp- en ander noodtoestande te lewer.[214]

Hierdie fokus het veroorsaak dat die Noodhulpliga enige aksie wat op die gesondheid van die mens betrekking het, bevorder en gesteun het.[215]

Die Noodhulpliga se werksaamhede het ook gedurende die stabiliseringstadium toegeneem. Die liga het week na week, dag na dag, by talle sportbyeenkomste, stampmotorkompetisies, rugbywedstryde, atletiekbyeenkomste en talle ander byeenkomste diens gedoen.

'n Belangrike projek wat die Noodhulpliga onderneem het, was die oprig van die gebou en noodhulpstasie by Milnerpark. Met die Randse Skou word belangrike dienste deur die Noodhulpliga gelewer. Hierdie diens van die Noodhulpliga word by alle tentoonstellings in Transvaal gelewer.

Noodhulpkissies word deur die liga aan fabrieke en ander werkwinkels voorsien. Daar word in geval van siekte in private huise vrywillig deur ligalede hulp aangebied. Rystoele en ander benodigdhede word ook in verdienstelike gevalle gratis deur die liga uitgereik. 'n Belangrike diens van die Noodhulpliga gedurende die stabiliseringstadium was dat die liga 'n spesiale

---

211 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 (voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

212 Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 24 Jul. 1985; vgl. Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 (Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer).

213 SANL, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1 Apr. 1981 - 31 Mrt. 1982.

214 SANL, Vanderbijlpark, Grondwet, Nov. 1991.

215 SANL, Vanderbijlpark, Nuusbrief, Feb. 1982.

Noodlenigingsfonds en Voorligtingsfonds opgebou het om die liga se werksaamhede te ondersteun.

Die Noodhulpliga se werksaamhede is gedurende die tagtigerjare deur die politieke toestand in die land beïnvloed. Die liga was genoodsaak om saam met die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en die Burgerlikebeskermingsdiens spesiale opleiding aan lede te verskaf om noodtoestande en nasionale rampe te hanteer.[216] Die Noodhulpliga het daarom 'n beroep op die dorp se inwoners gedoen om die liga in hul werksaamhede te steun, om sodoende by die veranderde omstandighede van die land aan te pas. Die liga het van die standpunt uitgegaan dat elke bydrae, klein of groot, steeds 'n verdere waarborg is dat die Noodhulpliga daar sou wees om te dien, te help en om waar nodig kennis te versprei. Dié bystand sou ook die gedagte van selfopoffering by die gemeenskap bevorder.

Die liga het 'n beroep op die gemeenskap gedoen om as lede aan te sluit en die plaaslike tak met arbeidskragte, vernuf, lewensmiddele, meublement en selfs 'n ambulans of rystoel te ondersteun.[217]

Weens die veranderde omstandighede in die land het die liga dit noodsaaklik geag om gedurende 1985 'n tak vir swart mense te stig. Daar is 'n beroep op lede gedoen om die tak op sy voete te bring, sodat dit as 'n onafhanklike tak kon funksioneer. Die noodhulpklasse vir die nuwe lede het gedurende November 1985 'n aanvang geneem. Die bywoning was egter teleurstellend.[218] Hierdie opleiding is tot 1987 voortgesit en daarna moes dit weer tydelik gestaak word.[219]

Dit was egter nie net in die swart woonbuurte waar die werksaamhede van die liga gestrem is nie. Sedert 1983 het die Noodhulpliga nie verdere donasies van die rugbyklubs ontvang nie. Die Noodhulpliga was in 'n groot mate van sodanige donasies afhanklik om hul werksaamhede te kon voortsit.[220] Gedurende 1986 is daar briewe aan alle rugbyklubs in verband met die donasies geskryf. Daar was egter nie positiewe reaksie van die rugbyklubs nie.

---

216 SANL, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1990.

217 SANL, Vanderbijlpark, Inligtingstuk: die liga was daar, 1991.

218 SANL, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1985.

219 SANL, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1987.

220 SANL, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1983.

Gedurende 1987 moes sommige van die liga se dienste as gevolg van 'n tekort aan fondse, ingekort word. Hulle moes noodgedwonge YSKOR-rugbyklub en Vaaldriehoek-rugbyklub meedeel dat daar weens 'n tekort aan fondse en mannekrag nie meer gedurende rugbywedstryde dienste gelewer kon word nie. Die Watuni-klub van die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO, en hoërskole Transvalia en Driehoek se rugbyklubs is ook in kennis gestel dat die fondse van die noodhulptak nie meer voldoende was om sonder donasies diens te doen nie. Die kleuterskole sou egter bedien word as hulle 'n toelae van die staat kon ontvang.[221]

Hierdie benadeling van dienste is die resultaat van die swak ekonomiese omstandighede wat geheers het.[222]

4.4.5 DIE KANKERVERENIGING

Die Kankervereniging was veral gedurende die stabiliseringstadium aktief besig om die gevreesde siekte te help voorkom en om met pasiënte wat reeds die siekte opgedoen het, behulpsaam te wees.[223] Daar is gevolglik verskeie dienste aan die gemeenskap se kankerpasiënte gelewer, wat alle rassegroepe in Vanderbijlpark ingesluit het.[224] Die dienste was van uiteenlopende aard. Daar was byvoorbeeld professionele versorging van ostomate, 'n tuishulpdiens waar een suster byvoorbeeld 200 pasiënte per jaar versorg het en mastektomiepasiënte wat tuis deur opgeleide en gerehabiliteerde mastektomievrywilligers besoek en versorg is.

Die vereniging verskaf ook 'n belangrike uitleendiens vir kunsstrottehoofde, pruike, rolstoele en skaapvelle aan kankerleiers,[225] asook inligting en voorligting aan die publiek.[226]

Die Toktokkieveldtog vorm 'n belangrike finansieringsbron vir die vereniging.[227] Verdere fondse is van ad hoc-donasies, donasies in plaas van kransies by begrafnisse, skenkings en

---

221 SANL, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1987.

222 SANL, Vanderbijlpark, Notules, 1991.

223 Kankervereniging, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 20 Feb. 1991.

224 ***Vaalster***, 30 Aug. 1991: berig.

225 Kankervereniging, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1989; ***Vaalster***, 30 Aug. 1991: berig.

226 ***Vaalster***, 30 Aug. 1991: berig.

227 Kankervereniging, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1988.

die Nasionale Kankervereniging se kompetisieklub verkry.[228] Die donasies het egter verminder,[229] wat die dienste van die Kankervereniging nadelig beïnvloed het.[230] Die vereniging het veral gedurende die stabiliseringstadium 'n groot behoefte aan fondse ondervind.

Aansluitend by die Kankervereniging se werksaamhede lewer die SANTV 'n ondersteunende bydrae tot die gesondheid van die Vanderbijlparkse gemeenskap.[231]

4.4.6 DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TUBERKULOSE-VERENIGING (SANTV)

Die verswakkende gesondheidstoestande in Vanderbijlpark het op 17 September 1983 tot die stigting van 'n SANTV-tak gelei. Die hoofdoel van die Tuberkulosevereniging is om die Departement van Gesondheid in die stryd teen tuberkulose by te staan.[232]

SANTV lewer verskeie dienste in Vanderbijlpark, soos die administrasie van die behandelingsentra en die koördinering van gemeenskapshulp aan plaaslike owerhede.[233] SANTV het ook diens- en aksiegroepe wat sosiale hulp aan tuberkuloselyers en hul gesinne verleen het, bygestaan.[234]

SANTV het Gesondheidsvoorligters opgelei wat die gemeenskap oor tuberkulose ingelig het. In samewerking met die Suid-Afrikaanse Kersseëlfonds en die Departement van Gesondheid het SANTV ook aan die loodsing van tuberkulosetoetse deelgeneem.[235]

Dié vereniging se werksaamhede is veral gedurende die stabiliseringstadium deur swak finansiële omstandighede beïnvloed. SANTV het nogtans met hul werksaamhede

---

228 Kankervereniging, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 20 Feb. 1991.

229 Koördinerende Welsynsraad, Vanderbijlpark, Notule, 10 Jul. 1989.

230 Vgl. ***Vaalster***, 30 Aug. 1991: berig.

231 Koördinerende Welsynsraad, Vanderbijlpark, Notule, 17 Apr. 1989.

232 Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulosevereniging (SANTV), Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 20 Feb. 1991.

233 ***Vaalweekblad***, 21 Sep. 1990: berig.

234 SANTV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1987.

235 SANTV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1988.

voortgegaan, en was die afgelope jare nie net aktief besig om tuberkulose te voorkom nie, maar ook om die pasiënte wat reeds die siekte opgedoen het, behulpsaam te wees.[236]

4.4.7 GESONDHEIDSDIENSTE IN SEBOKENG

Gedurende die laaste stadium is gesondheidsdienste in Sebokeng verder uitgebrei. Die diens is aanvanklik vanuit 'n klein huisie in Sebokeng gelewer. Later is die ou Evaton-hostel vir dié doel verkry. Die diens het teen 1991 tot twee hoofklinieke, 13 satellietklinieke en twee mobiele klinieke uitgebrei, wat aan 450 000 persone gesondheidsdienste gelewer het.[237]

Hierdie gesondheidsdienste is met swart personeel bedryf.[238] Die fondse vir hierdie dienste is deur middel van subsidies van die staat verkry. Die verskil tussen die staatsubsidie en die werklike uitgawe van die diens is van die swart plaaslike owerhede verhaal.[239]

4.4.8 SAMEVATTING

Gedurende die stabiliseringstadium is die omvang en standaard van gesondheidsdienste deur die veranderde politieke omstandighede en verswakte ekonomie beïnvloed.

Die Vighorprojek se navorsing het die resultaat van hierdie verswakte sosiale omstandighede getoon, naamlik 'n toename in koronêre sterfgevalle wat voorkoming genoodsaak het. Vanweë die gebrek aan befondsing gedurende die laat tagtigerjare kon daar egter nie meer op dieselfde omvattende skaal as voorheen met die projek voortgegaan word nie.[240]

Die tekort aan die nodige fondse het ook gedurende die laaste stadium 'n nadelige uitwerking op ander gesondheidsorganisasies se werksaamhede gehad. Die organisasies kon nie altyd die gehaltedienste lewer wat hulle graag wou nie.

---

236 SANTV, Vanderbijlpark, Notule, Feb. 1985; ***Vaalweekblad***, 21 Sep. 1990: berig.

237 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

238 Vanderbijlpark Stadsraad, Departement van Gesondheid, Jaarverslag, 20 Jan. 1985.

239 Vanderbijlpark Stadsraad, Departement van Gesondheid, Jaarverslag, 2 Apr. 1978.

240 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

4.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING

Die resultaat van die gesondheidsdienste se werksaamhede het daartoe gelei dat daar nooit ernstige epidemies in Vanderbijlpark voorgekom het nie. Slegs geïsoleerde gevalle van witseerkeel, tuberkulose en meningitis het voorgekom. Pokke was nooit 'n gesondheidsrisiko in Vanderbijlpark nie.

Die algemene gesondheidsvlak en die gehalte van gesondheidsdienste aan die blanke gemeenskap het gedurende die vestiging- en die voorspoedstadium 'n stygende ontwikkelingslyn getoon.

Hoewel die gesondheid van die gemeenskap van Vanderbijlpark gedurende die tagtigerjare nadelig deur veranderde omstandighede beïnvloed is, was die lewensverwagting van die inwoners teen die tagtigerjare hoër as wat dit gedurende die vyftigerjare was. Dit kan aan beter sosio-ekonomiese omstandighede, beter behuising en die invloed van gesondheidsdienste toegeskryf word. Die verswakte ekonomie het egter ook swak sosiale omstandighede veroorsaak, wat die algemene gesondheid van die inwoners direk of indirek geraak het. Dit het selfs 'n verlaging van die kultuurvlak van sommige lede van die blanke gemeenskap as gevolg van drank- en dwelmmisbruik, 'n ongesonde lewenswyse en kindermishandeling, tot gevolg gehad.[241]

---o0Oo---

241 ***Vaalster***, 11 Mei 1990: berig.

HOOFSTUK 5

SPORT EN ONTSPANNING

5.1 INLEIDING

Sport en ontspanning het 'n belangrike rol in die bevordering van die gesondheid van die gemeenskap van Vanderbijlpark gespeel. 'n Gesonde liggaam en gees was daarom belangrik vir die gemeenskap se kultuurontwikkeling.[1]

Dr. H.J. van der Bijl het sy visie oor hierdie aspek só gestel: "Die inwoners van Vanderbijlpark moet altyd besef dat 'n stad se grootheid nie alleen in staal, beton en klip gevind word nie maar eerder in die liggame en verstand van sy inwoners. Slegs deur die volledigste moontlike mate van kulturele en ontspanningsbedrywighede te verskaf, kan blote bestaan in 'n gelukkige lewe omskep word."[2]

Hierdie visie het inderdaad ook as riglyn in Vanderbijlpark se beplanning gegeld.[3] Soos hierna sal blyk, is daar ruim vir sport en ontspanning vir die blanke gemeenskap gedurende die drie ontwikkelingstadiums voorsiening gemaak.

5.2 SPORT EN ONTSPANNING GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959

Gedurende die vestigingstadium is sport en ontspanning in Vanderbijlpark oor 'n breë front deur die toewyding van individue en organisasies van stapel gestuur. Hierdie inisiatiewe het die behoefte aan sport en ontspanning verder aangewakker.[4] Die doel van sport en ontspanning gedurende hierdie stadium was om die nywerheidsgemeenskap se lewensgehalte te verhoog.[5]

---

1 Vanderbijl Park Estate Company (VESCO), Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 66, 1 May 1952.

2 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, p.26.

3 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 38, 15 Mar. 1949.

4 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, pp.26,27.

5 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park non-European residential areas", ***Iscor News***, vol. 12, no. 7, Jul. 1947, p.599.

Soos uit die inleiding afgelei kan word,[6] was dr. Van der Bijl sekerlik een van die eerste persone wat die belangrikheid van sport en ontspanning vir die gemeenskap van Vanderbijlpark besef het.[7] Hy het daarom doelgerig beplan om in die nodige infrastruktuur vir die vryetydbesteding van die gemeenskap te voorsien.[8] Deur sy toedoen is daar ruimte geskep waar die gemeenskap hul vrye tyd kon deurbring.[9]

Dr. Van der Bijl is soms daarvan beskuldig dat hy, in sy beplanning van die dorp met al sy fasette, 'n dromer was.[10] Die ongeveer 9 km rivierfront wat hy wou ontwikkel sodat die inwoners van Vanderbijlpark gedurende naweke langs die rivier kon ontspan, was beslis een van sy grootste drome.[11] Hy het voorsien dat as kapitaal beskikbaar sou wees, die rivierfront vir sport, musiek en ander sosiale aktiwiteite aangewend sou kon word.[12]

Daar is gepoog om die afstand van 9 km langs die Vaalrivieroewer in 'n plesieroord, park en wildreservaat te omskep.[13] Gedurende die vestigingsjare is vir baie watersport beplan, en is daar ook vir gholf voorsiening gemaak.[14]

Die park wat langs die rivier beplan is, is Emfulenipark genoem wat "park langs die rivier" beteken.[15] Met die aanlê van die park gedurende 1943 is daar 228 700 bome aangeplant,[16] en gevolglik is daar vir 'n groot verskeidenheid voëls voorsiening gemaak.[17]

---

6 Kyk inleiding, pp.30,31.

7 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, pp.28,29.

8 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park non-European residential areas", ..., p.559.

9 VESCO, Vanderbijlpark VESCO accession, Minute of Board meeting no. 69, 19 Sep. 1952; H.J. van der Bijl, "Die Vaal vloei voort", ***Brandwag***, vol. 10, no. 513, Aug. 1947, p.20.

10 Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ***South African Municipal Magazine***, vol. 31, no. 363, Nov. 1947, pp.36,37.

11 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park non-European residential areas", ..., p.559.

12 Anon., "Dream come true: Vanderbijl Park recreation club house" {official opening}, ***Iscor News***, vol. 10, Sep. 1945, p.367.

13 H.J. van der Bijl, "Die Vaal vloei voort", ..., p.19.

14 Anon., "Who plants a tree", ***Iscor News*** {supplement} vol. 16, no. 6, Jun. 1951, p.1.

15 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park non-European residential areas", ..., p.559.

16 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die***

In die beskermde terrein langs die rivier is vir verskillende soorte kleinwild, wat vry kon rondloop, voorsiening gemaak.

Hierdie park is deurlopend deur die blanke gemeenskap vir ontspanning in hulle vrye tyd gebruik, en gedurende 1949 moes die piekniekfasiliteite verder uitgebrei word. Die ekonomiese omstandighede gedurende die vestigingstadium was van so 'n aard dat die toegang tot die piekniekfasiliteite gratis vir die publiek aangebied kon word.[18]

5.2.1 DIE YSKORKLUB

Die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR) het ook 'n belangrike bydrae ten opsigte van die ontwikkeling van die blanke gemeenskap se sport en ontspanning gelewer, omdat YSKOR gedurende die vestigingstadium dit as sy plig geag het om na sy werksmense se behoeftes om te sien. Reeds gedurende 1944 is daar met die oprigting van 'n klubgebou en die uitlê van sportvelde vir YSKOR se werknemers begin.[19]

Dr. Van der Bijl het die YSKOR-klubgebou in CW 5 Uitbreiding 1 amptelik op 29 Augustus 1945 geopen.[20] Gedurende hierdie jare was daar nog min ontspanningsfasiliteite en daarom kon alle blanke inwoners lede van dié klub word.[21] Die behoefte vir sport en ontspanning het vinnig toegeneem sodat daar gedurende 1952 besluit is om die klub en die terrein verder uit te brei.[22] 'n Bedrag van £25 735.0.0 is vir dié uitbreiding en verbetering van die klub se fasiliteite goedgekeur.[23]

Dié klub het in 'n groot mate daarin geslaag om in die gemeenskap se behoefte aan ontspanning te voorsien met die verskeidenheid aktiwiteite wat oor 'n wye terrein aangebied

---

Vaalrivierdal en die distrikte aan weerskante daarvan tussen Vaaldam en Barrage met besondere verwysing na die stedelike ontwikkeling in die gebied (ongep. D.Phil.-proefskrif, UP, 1964), p.159.

17 H.J. van der Bijl, "Die Vaal vloei voort", ..., pp.18,20.

18 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 38, 15 Mar. 1949.

19 Anon., "Who plants a tree", ..., pp.1,2.

20 P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark, 1914 - Desember - 1951***, p.6.

21 Anon., "Who plants a tree", ..., p.1; vgl. R.P. Jansen van Rensburg, ***Die beslaggewing van dorpsontwikkeling en bestuur in Vanderbijlpark gedurende 1943-1952*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1992), p.90.

22 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 69, 19 Sep. 1952.

23 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 70, 27 Oct. 1952.

is.[24] Die sukses van die klub was sodanig dat daar weereens 'n behoefte aan uitbreiding was, en gedurende 1958 is nog 'n saal met 'n formele kroeg en 'n gimnasium gebou. Met hierdie uitbreidings is die fasiliteite in so 'n mate uitgebrei dat die klub 'n mekka vir sy lede geword het. Die klub se fasiliteite is ook vir byeenkomste van burgemeesters, soos ampbekledings en ander burgerlike funksies, gebruik.[25]

Verskillende sportsoorte soos tennis, rugby, sokker en hokkie is ook deur die klub aangebied.[26] Op 6 November 1947 het dr. Van der Bijl die eerste ses reënvaste tennisbane in Vanderbijlpark amptelik geopen.[27] Goeie sportprestasies het gevolg en die trots van die dorp gedurende die vestigingstadium was YSKOR se rugbyspan wat in die Pirates se Groot Uitdaagliga kon speel.[28] Die sokkerspan het ook gedurende hierdie stadium daarin geslaag om in die tweede afdeling van die Nasionale Voetballiga te speel.[29] Die vrouehokkiespan het ook presteer deur in die eerste liga in Suid-Transvaal te speel.[30]

Die sport- en ontspanningsfasiliteite wat deur die YSKOR-klub aangebied is, het verdere ontwikkeling gestimuleer. YSKOR se sportfasiliteite is deur onder andere Cecil Oldridgepark aangevul.[31]

Baie van die werknemers van YSKOR en ook die ander blanke inwoners van Vanderbijlpark het in hul vrye tyd van die fasiliteite van Cecil Oldridgepark gebruik gemaak.[32]

---

24 P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark*** ..., p.6.

25 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, p.27.

26 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 56, 1 Feb. 1951.

27 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; ***Rand Daily Mail***, 16 May 1955: report.

28 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

29 J.G. Riddell, Onderhoud, 20 Jan. 1984 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

30 U. Martin, Onderhoud, 10 Nov. 1990 {voormalige Burgemeester van Vanderbijlpark en Skakelbeampte van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

31 ***Rand Daily Mail***, 16 May 1955: report.

32 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Gedurende die vestigingstadium het YSKOR in toenemende mate 'n belangrike bydrae tot die ontspanning en sport van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gemaak.[33]

5.2.2 EMFULENI-BUITEKLUB

Nadat die bou van 'n gholfbaan in 1945 deur Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy (VESCO) goedgekeur is, is daar met die uitleg van die baan regoor die rivieroewerpark, Emfulenipark, begin.[34] Die gholfbaan het 'n oppervlakte van 109 ha beslaan en is aan dié klub verhuur.[35] VESCO, wat 'n skenking van £3 000 vir die bedryf van die klub gemaak het, het in hierdie stadium steeds 'n belangrike rol in die ontwikkeling van sport in Vanderbijlpark gespeel.[36]

Twee name is vir die gholfbaan oorweeg, naamlik Emfuleni en Eligwa.[37] Daar is egter besluit dat die naam Emfuleni gebruik sou word.[38] Mnr. Oldridge het self, nadat die behoefte vir die stigting van so 'n klub ontstaan het, die inisiatief op hom geneem en op 28 September 1948 het hy 49 van die dorp se vooraanstaande inwoners byeengeroep vir die stigting van dié klub.[39]

By hierdie klub het mnr. Oldridge self baie ure gholf gespeel.[40] Mnre. E.C. Oldridge, P.R. Nell en dr. D. du Plessis is deur die VESCO-raad benoem om in die Bestuurskomitee van dié klub te dien.[41]

---

33 VESCO, Venderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 45, 6 Dec. 1949.

34 Vgl. R.P. Jansen van Rensburg, ***Die beslaggewing van dorpsontwikkeling en bestuur in Vanderbijlpark ...***, p.89.

35 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 35, 21 Sep. 1948.

36 C. Nel, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Uitvoerende Direkteur van VESCO, inligting in besit van skrywer}; vgl. VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 37, 25 Jan. 1949.

37 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormelige werknemer van YSKOR, Vanderbijlperk, inligting in besit van die skrywer}.

38 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 13, 26 Mar. 1946.

39 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

40 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

41 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 35, 21 Sep. 1948.

Die setperke en bowwe is deur pragtige tonele van die rivier en duisende bome omring.[42] Die struike langs die skoonvelde het bygedra tot genotvolle spel in die natuurskoon.[43] Nadat die baan en klubgebou op 5 Maart 1949 deur mnr. J.E.K. Tucker, destydse President van die Transvaalse Gholfunie, geopen is, is daar gedurende 1950 ook vir 'n snoekerkamer voorsiening gemaak.[44] Die snoekerspelers van die klub was baie aktief en het byvoorbeeld die Transvaalse Amateur- en die Transvaalse Opekampioenskappe in hierdie kamer aangebied.[45]

Die blanke gemeenskap se vryetydbesteding is positief deur die gholfklub se fasiliteite beïnvloed. Volgehoue ondersteuning het veroorsaak dat nog twee reënvaste tennisbane gebou is.[46] Daarbenewens is daar vir die lede se vermaak ook 'n danssaal met 'n veervloer, 'n biljartkamer, 'n kroeg en 'n geselskapsaal ingerig. Filmvertonings het hierdie ontspanningsfasiliteite by die klubgebou afgerond.[47]

Met 'n ledetal van 1 100 was dit dus nie snaaks dat dié klub die sosiale sentrum vir Vanderbijlpark se blanke beroeps- en handelsgemeenskap geword het nie.[48]

5.2.3 CECIL OLDRIDGEPARK

'n Kultuurpatroon van aktiewe deelname aan sport en ontspanning het daarom onder die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark ontstaan, wat die ontwikkeling van 'n sportterrein van 15 ha in CW 6 gestimuleer het.[49] Goedkeuring vir die ontwikkeling van die park is op 15 Maart 1949 verleen.[50] Hierdie terrein is na die Besturende Direkteur van VESCO, mnr. E.C.

---

42 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

43 J.G. Riddell, Onderhoud, 20 Jan. 1984 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

44 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 48, 30 Mar. 1950.

45 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

46 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 48, 30 Mar. 1950.

47 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 68, 31 Jul. 1952; vgl. Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, p.29.

48 J.G. Riddell, Onderhoud, 20 Jan. 1984 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

49 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 66, 1 May 1952.

50 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 38, 15 Mar. 1949.

Foto 20: **Die swembad in CW 6, 1952.**

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

Oldridge, vernoem en staan as die Cecil Oldridgepark bekend.[51] Mettertyd is verskeie sportfasiliteite beskikbaar gestel.[52]

Gedurende 1949 is daar met die bou van 'n olimpiesestandaard-swembad op die sportterrein begin. Die koste verbonde aan die bou van die swembad het ongeveer £31 650 beloop.[53] Dit was 'n belangrike dag vir die gemeenskap van Vanderbijlpark toe die swembad op 25 Februarie 1950 deur dr. F. Meyer, die Voorsitter van VESCO, geopen is.[54] Die funksie is deur 1 000 mense bygewoon.[55] Die swembad met sy moderne geriewe het nie net vir ontspanning gesorg nie. 'n Amateurswemklub het ook tot stand gekom, en het met 32 lede begin.[56] Oor die jare is 'n hele aantal geslaagde swemgalas deur die klub gereël. Die swembad is aan die Gesondheidskomitee verhuur, terwyl die ander sportfasiliteite in CW 6 aan klubs verhuur is.[57]

Op Cecil Oldridgepark is daar ook vir krieket, rugby, tennis, rolbal, atletiek en jukskeibane voorsiening gemaak. Klubhuise vir tennis en rolbal is ook opgerig.[58] Nadat die terrein gedurende 1951 voltooi is, het pasgestigte sportklubs dadelik vir hierdie sportvelde begin aansoek doen. Die bane is aan verskillende klubs verhuur. Die rolbalbaan en rugbyvelde is aan die rolbal- en rugbyklub van die dorp, wat afsonderlik van die YSKOR-klubs gefunksioneer het, verhuur. Die tennisbane, krieketvelde en die atletiekbaan is daarom aan die dorpstennisklub, die dorpskrieketklub en die Vanderbijlparkatletiekklub verhuur.

Hierdie sportfasiliteite het daartoe bygedra dat genoemde sportsoorte in Vanderbijlpark floreer het. VESCO het hierdie sportpark geadministreer.[59]

---

51 Anon., "Opening of the Vanderbijl Park swimming bath", ***Iscor News***, vol. 15, no. 3, Mar. 1950, p.190; vgl. U. Martin, Onderhoud, 10 Nov. 1990 {voormalige Burgemeester van Vanderbijlpark en Skakelbeampte van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

52 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

53 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 43, 23 Sep. 1949; vgl. R.P. Jansen van Rensburg, ***Die beslaggewing van dorpsontwikkeling en bestuur in Vanderbijlpark*** ..., p.87.

54 Anon., "Opening of the Vanderbijl Park swimming bath", ..., p.190.

55 Anon., "Opening of the Vanderbijl Park swimming bath", ..., pp.109,208.

56 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 56, 1 Feb. 1951.

57 Anon., "Opening of the Vanderbijl Park swimming bath", ..., p.190.

58 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 56, 1 Feb. 1951.

59 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 62, 11 Oct. 1951.

5.2.4 EMFULENIPARK EN ELIGWAKLUB

Die Vaaldriehoek is een van die gebiede in die land waar sowel 'n heerlike Hoëveldklimaat as 'n watersportparadys aangetref word.[60] Gevolglik is mense oor die hele land hierheen vir watersport en ontspanning op en langs die Vaalrivier gelok. Dit is daarom vanselfsprekend dat, in die kultuurbedrywighede van die gemeenskap van Vanderbijlpark, watersport 'n belangrike rol sou speel.[61]

Die Roeivereniging was een van die eerste verenigings wat watersport op die Vaalrivier beoefen het. So vroeg as 1944 het dr. Van der Bijl aan die Transvaalse Roeivereniging toestemming verleen om die rivier vir hierdie sport te gebruik, waarna verskeie roeiregattas gehou is. 'n Terrein op die rivieroewer is aan die Roeivereniging toegeken, waarvandaan die lede hul sport beoefen het.[62]

Gedurende 1948 is ook met renbootbyeenkomste op die Vaalrivier begin, en groot welslae is met die byeenkomste behaal.[63]

Die Suid-Afrikaanse Kragbootvereniging en die Transvaalse Roeivereniging het op 11 Februarie 1949 in een liggaam saamgesmelt.[64] Hierna het hierdie nuutgestigte vereniging met VESCO vir 'n permanente huurkontrak van die rivierterrein onderhandel. In dieselfde maand is die eerste nasionale renbootregatta en die tweede Suid-Afrikaanse waterskikampioenskappe gesamentlik op die rivier gehou.[65]

Dié vereniging het die Zoeloewoord "Eligwa", wat "op die water" beteken, aangeneem. So is die Eligwaklub gestig.[66] VESCO het die klub se terrein van ongeveer 4 ha behou. Die lede het ook hul eie klubgebou opgerig waar hulle kon ontspan. Hierdie vereniging is

60 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

61 U. Martin, Onderhoud, 10 Nov. 1990 {voormalige Burgemeester van Vanderbijlpark en Skakelbeampte van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

62 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 38, 15 Mar. 1949; vgl. Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, p.29.

63 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, p.28.

64 C. Nel, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Uitvoerende Direkteur van VESCO, Vanderbijlpark, inligting in besit van skrywer}.

65 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, p.29.

66 U. Martin, Onderhoud, 10 Nov. 1990 {voormalige Burgemeester van Vanderbijlpark en Skakelbeampte van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

mettertyd tot 250 lede vergroot nadat verskeie booteienaars van die Randse gebiede by die vereniging aangesluit het.[67]

Die rivierfront het dus vir genoegsame kultuuraktiwiteite voorsiening gemaak en menige moeë werker kon hier na 'n week se harde arbeid kom ontspan.[68]

5.2.5 DIE VANDERBIJLPARKSE OPENBARE BIBLIOTEEK

Met die opening van die biblioteek in Vanderbijlpark gedurende 1948 is een van die belangrikste ontspanningsaktiwiteite van die gemeenskap gevestig.[69] Die vestiging van 'n aktiewe leserskorps was 'n belangrike diens wat aan die ontwikkelende blanke nywerheidsgemeenskap van Vanderbijlpark gelewer is.[70] Reeds in 1951 het die biblioteek oor 10 500 boeke en 1 560 lede beskik, wat toon dat die biblioteek op 'n ruim en gespesialiseerde wyse vir hierdie ontspanning voorsiening gemaak het.[71] Die beoefenaars van stokperdjies het ook belangrike inligting oor hul gunstelingtydverdryf in die biblioteek gevind.[72]

5.2.6 SAMEVATTING

Reeds gedurende die vestigingstadium is daar deur die gemeenskapsleiers in Vanderbijlpark van die standpunt uitgegaan dat sport en ontspanning 'n metode is om kultuurvervlakking tee te werk en dat dit 'n doelgerigte ervaring is wat ledigheid en verveling uitsluit. Daarom is gedurende die vestigingstadium gepoog om die blanke nywerheidsgemeenskap se lewensgehalte deur die beoefening van sport en ontspanning te verhoog. Die voorsiening vir feitlik alle soorte sport en ontspanning moes hierdie doelwit ondersteun. Kenmerkend van die vestigingstadium was dat die fasiliteite vir die beoefening van sport en ontspanning hoofsaaklik vir die gebruik van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark bedoel was.

---

67 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, p.29.

68 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

69 ***Vaalweekblad***, 20 Mei 1977: berig.

70 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.163.

71 C.P. Geldenhuys, Onderhoud, 7 Jun. 1991 {Stadsbibliotekaris van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

72 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Oor die algemeen is Vanderbijlpark, as groeiende nywerheidstad, in die vestigingstadium deur die ekonomie in staat gestel om die nodige fasiliteite vir sport en ontspanning te ontwikkel.

5.3 SPORT EN ONTSPANNING GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1960-1978

Die voorsiening van 'n doelmatige infrastruktuur vir sport en ontspanning het gedurende die voorspoedstadium baie deelnemers gelok en benutting van sodanige fasiliteite aangemoedig.[73] Genoegsame fondse gedurende hierdie stadium het verdere ontwikkeling van sport- en ontspanningsfasiliteite moontlik gemaak.[74] Benewens die sport en ontspanning wat deur skole ontwikkel is, het nuwe verenigings, klubs en instansies wat op ontspanning gefokus het ook onder die blanke gemeenskap ontwikkel.[75]

5.3.1 EMFULENI-BUITEKLUB

Gedurende die voorspoedstadium het die Emfuleni-buiteklub steeds 'n belangrike rol as fasiliteerder in die sportaktiwiteite van die dorp gespeel.[76] Die buiteklub het gholf, tennis en rolbal aktief bevorder.

Die gholfbaan, wat slegs 40 minute van Johannesburg af geleë is, het baie spelers van Johannesburg gelok om in die pragtige natuurskoon te kom gholf speel. Daar is ook vir binnenshuise sport en vermaak, soos byvoorbeeld die fasiliteite vir snoeker en veerpyltjies, voorsiening gemaak.[77]

Die klub kon gedurende die voorspoedstadium in al hul doelstellings slaag, en het vir sy lede en besoekers geleenthede tot sosiale verkeer, kulturele bedrywighede, vryetydsbesteding en sportdeelname geskep.[78] Die toestand van die baan en die terrein is op 'n baie hoë vlak onderhou sodat dit vir die gemeenskap 'n aanwins kon wees. Daar was oor die algemeen 'n

---

73 Vaaldriehoek Amateurgimnastiekvereniging (VAGV), Jaarverslag, 23 Mrt. 1969.

74 ***Vaalweekblad***, 1 Apr. 1977: berig.

75 ***Vaalweekblad***, 7 Jan. 1977: berig.

76 ***Vaalweekblad***, 18 Feb. 1977: berig.

77 ***Vaalweekblad***, 25 Feb. 1977: berig; Emfuleni-buiteklub, Inligtingstuk, 1991, pp.1-3.

78 ***Vaalweekblad***, 21 Nov. 1975: berig.

gesonde verhouding tussen die klub en die plaaslike blanke gemeenskap, die besighede en owerhede.[79]

5.3.2 DIE VAALDRIEHOEK-STAPPERS

Die Vaaldriehoek-stappers het as gevolg van 'n staptoer wat deur YSKOR se Welsynafdeling gedurende die Paasnaweek van 1976 gereël is, ontstaan. Die klub is formeel in Oktober 1976 met ongeveer 24 lede gestig.[80]

Volgens die gedragskode van die stappers sou daar nooit 'n eiendom sonder toestemming betree word nie. Die stappers het hul ook ten doel gestel om nie veld- en bosbrande te stig nie en sou ook onmiddellik as hul op 'n brand afkom, hulp ontbied.

Hierdie stappers sou ook geen rommel, sigaretstompies en lekkergoedpapiertjies rondstrooi of waterbronne, soos fonteine, boorgate, damme en strome, besoedel nie. Dit was die stappers se doel om hulle te alle tye vir die bewaring van die natuurerfenis te beywer en te poog om 'n positiewe gesindheid in dié verband by ander te bevorder.[81]

Die stappers van Vanderbijlpark se aktiwiteite was gedurende die voorspoedstadium gesinsgeoriënteerd. Besondere klem is op ontspanning gelê. Eie aan die leuse van die vereniging, **"Met dapper en stapper"**, is daar verskeie uitstappies gereël. Hierdie uitstappies het aan die voetslaners die geleentheid vir groter waardering vir die natuurerfenis van Suid-Afrika gebied.[82] Deur aan hierdie gesonde ontspanning en oefening deel te neem, het lede baie nuwe vriende met stapgroepe van oor die hele land gemaak.[83]

5.3.3 DIE VAALDRIEHOEK AMATEURGIMNASTIEKVERENIGING (VAGV)

Gedurende die voorspoedstadium was gimnastiek aktief deur die gemeenskap ondersteun,[84] en is daar ook heelwat prestasies op hierdie gebied behaal.[85] Die vereniging, wat as 'n

---

79 Emfuleni-buiteklub, Vanderbijlpark, Inligtingstuk: doelwitverbintenis, Nov. 1990, pp.1,2.

80 Vaaldriehoek Stappers, Notule, Okt. 1976.

81 Vaaldriehoek Stappers, Inligtingstuk: die voetslaner se gedragskode {credo}, 1991, pp.1,2.

82 Vaaldriehoek Stappers, Inligtingstukke, 1976, 1990, 1991.

83 Vaaldriehoek Stappers, *Jaarverslag*, Nov. 1978.

84 VAGV, Jaarverslag, 23 Mrt. 1969; ***Vaalweekblad***, 14 Jan. 1977: berig.

85 VAGV, Jaarvergadering, 23 Mrt. 1969.

liggaam met regspersoonlikheid in Vanderbijlpark funksioneer, se doelstellings is soos volg:[86]

- Om as die amptelike beheerliggaam vir gimnastiek op te tree deur met die Suid-Afrikaanse Amateurgimnastiekunie te affilieer.
- Om beheer oor mededingende amateurgimnastiek in die Vaaldriehoek uit te oefen en spanne te kies om die VAGV te verteenwoordig.
- Om reëls en tegniese regulasies op te stel en beslissings oor die beheer van gimnastiekkompetisies in die Vaaldriehoek te gee.
- Om die publiek ten opsigte van die belangrikheid van goed georganiseerde gimnastiek as ontspanningsaktiwiteit vir die verhoging van die fiksheidstandaard van die gemeenskap te oriënteer.
- Om leiers, beamptes en afrigters vir gimnastiek te werf, op te lei en aan te wys.[87]

'n Belangrike kenmerk van hierdie vereniging se aktiwiteite was dat hulle, veral teen die einde van die voorspoedstadium, geen diskriminasie op grond van kleur of godsdiens gehad het nie. Verskillende groepe en instansies, soos skole en klubs, het lidmaatskap van die vereniging gehad.[88]

Hoogtepunte van die vereniging was byvoorbeeld die besoek van die Wes-Duitse span en die besoek van Louis Fourie aan die Verenigde State van Amerika (VSA) gedurende 1978. Verskeie kursusse is ook deur hierdie vereniging aangebied. [89]

5.3.4 DIE ONTWIKKELING VAN DAMESPORT

In die kultuuraktiwiteite van die jong dogter en vrou van Vanderbijlpark het die beoefening van sport in die voorspoedstadium 'n belangrike plek ingeneem.[90] Hokkie, korfbal en netbal was gedurende dié stadium van die gewildste sportaktiwiteite wat beoefen is.[91]

---

86 VAGV, Jaarvergadering, 8 Sep. 1967.

87 VAGV, Konstitusie, 1988, pp.1,2.

88 VAGV, Jaarverslae, 1977, 1978.

89 VAGV, *Jaarvergadering*, Jan. 1978, pp.1,2.

90 ***Vaalweekblad***, 11 Feb. 1977: berig.

91 ***Vaalweekblad***, 1 Apr. 1977: berig.

Dogters, jongmeisies en jong getroude vroue het in hierdie sportsoorte belanggestel.[92] Die meeste laerskole en hoërskole in Vanderbijlpark het hokkie, netbal of korfbal gespeel,[93] terwyl die Technikon, Vaaldriehoekkampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) en dorpsklubs dameshokkie-, korfbal- en netbalklubs gehad het.

Netbal het vanaf 1968 as 'n skoolaktiwiteit in Vanderbijlpark, gefunksioneer. Vanaf 1971 het skolenetbal as 'n provinsiale unie, naamlik dié van die Vaaldriehoek gefunksioneer.[94] Die Vaaldriehoek-hoërskole het tot 1974 onafhanklik van die laerskole gefunksioneer. Nadat die voorsitterstoel gedurende 1975 deur Gwen Fourie ingeneem is, het die laer- en hoërskole se netbal saamgesmelt. Finansieel was die twee liggame egter nog onafhanklik.[95]

Die ontwikkeling van korfbal is deur die stigting van die Vaaldriehoek Korfbalunie (VKU) gestimuleer. Die VKU se hoofkantoor is in die gebied waar die Sekretaris van die vereniging woonagtig is.

Die unie onderskryf die reëls en grondwet van die Suid-Afrikaanse Korfbalraad (SAKR) en hul doel is om korfbal te ontwikkel en gesonde sportmededinging tussen klubs en subunies aan te moedig. Die unie onderskryf ook die reëls en grondwet van die Vaaldriehoek Amateursportfederasie en berus op 'n Christelike grondslag met Afrikaans en Engels as amptelike tale.[96]

Korfbal het 'n vinnige ontwikkeling getoon. Daar was drie aktiewe klubs in Vanderbijlpark en sterk kompetisie tussen die Driehoek-, Gouddrif- en die Lumierkorfbalklubs.[97] Die Korfbalkeurkomitee van die VKU het uit laer- en hoërskole met drie lede, dames onder 21 en senior dames met vyf lede, en mans onder 21 en senior mans met vyf lede bestaan.

---

92 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

93 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

94 Vaaldriehoek Netbalvereniging, Inligtingstuk, 1968-1994.

95 A. Schmidt, Onderhoud, 20 Feb. 1994 {Sekretaris van die Vaaldriehoek Hoërskole Netbalvereniging, inligting in besit van die skrywer}.

96 Vaaldriehoek Korfbalunie, Konstitusie, 1991, pp.1,2.

97 L. van Niekerk, Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Inligtingsbeampte, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

Die Vaaldriehoekse Korfbalskeidsregtersvereniging het 'n verskeidenheid pligte gehad soos:

- Om probleme wat met reëls geïdentifiseer is, op te los.
- Om skeidsregters vir ligawedstryde te plaas.
- Om nuwe skeidsregters te werf.
- Om skeidsregterseksamens te reël en te behartig.
- Om op te tree teen skeidsregters wat hulle wangedra.
- Om te alle tye na 'n gesonde gees tussen skeidsregters te streef.[98]

Die wyse waarop damesport beoefen is, ondersteun beslis die droom wat dr. Van der Bijl in dié verband gekoester het.[99]

5.3.5 *DIE ONTWIKKELING VAN STOKPERDJIES*

Gedurende die voorspoedstadium was daar ook voldoende geld vir die ontwikkeling van verskillende stokperdjies beskikbaar. In die kultuuraktiwiteite van baie van die inwoners van Vanderbijlpark het die beoefening van stokperdjies 'n belangrike rol gespeel.

'n Groot hoeveelheid stokperdjieverenigings het derhalwe gedurende die voorspoedstadium ontstaan. Die volgende stokperdjieverenigings is byvoorbeeld geregistreer: die Transvalia Aalwyn en Vetplanttak, Vaaldriehoekse Blommeklub, Vaal Bonsaivereniging,[100] Vereeniging Borduurgilde, Vaaldriehoekse Budgerigarklub, Delta Scribes Calligraphy, Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging, Vaaldriehoekse Kanarieklub, Vaal Modelbootklub, Radiobeheerde Modelvliegtuie, Pottebakkersvereniging van Suid-Afrika, Vanderbijlpark Vliegklub en die Arachnewewersgilde.[101]

---

98 Vaaldriehoek Korfbalunie, Jaarvergadering, 11 Mei 1979.

99 Kyk inleiding, pp.29,30.

100 ***Vaalweekblad***, 21 Sep. 1979: berig.

101 ***Vaalweekblad***, 15 Apr. 1977: berig; Vanderbijlpark Stadsraad, Inligtingskantoor, Verenigings en organisasies van Vanderbijlpark, 1977-1991, pp.40-43.

Hierdie groot groep geregistreerde verenigings toon dat die beoefening van stokperdjies 'n belangrike ontspanningsaktiwiteit in die gemeenskap se vrye tyd gevorm het.[102]

5.3.6 DIE VANDERBIJLPARKSE OPENBARE BIBLIOTEEK

Gedurende 1978 is daar oor uitbreiding van die biblioteek onderhandel, en bouwerk van R500 000 is deur die Stadsraad goedgekeur.[103] Hierdie verbeterde infrastruktuur het die biblioteekpersoneel in staat gestel om onder andere 'n volledige naslaanafdeling, wat ensiklopedieë, vervolgpublikasies soos jaarboeke en bibliografieë insluit, op te bou. Daardeur kon 'n groter verskeidenheid boeke dus aan die leserspubliek beskikbaar gestel word.[104] Oudiovisuele dienste, soos die uitleen van grammafoonplate en kunsafdrukke, kon ook beskikbaar gestel word. Uitgebreide opvoedkundige filmdienste sou ook gratis deur die Provinsiale Biblioteekdienste voorsien word.[105]

Die biblioteek het veral vir die taalverskeidenheid van die blanke bevolkingsgroepe voorsiening gemaak en in dié biblioteek word daar van die grootste versamelings boeke in vreemde tale in die land gevind. Daar is onder meer boeke in Hollands, Frans, Deens, Portugees, Grieks, Pools en Spaans beskikbaar.[106]

Oor die algemeen word die biblioteke van Transvaal deur die plaaslike owerhede bedryf omdat die biblioteekvoorraad finansieel met 50% deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) gesubsidieer word. Die biblioteek in Vanderbijlpark word professioneel deur 'n opgeleide bibliotekaris bestuur wat deel van die plaaslike owerheid se organisasiestruktuur vorm.[107] Samewerking tussen biblioteke het ook noodsaaklik geword. Gedurende 1974 is die Vaaldriehoekse Vereniging vir Biblioteeksamewerking derhalwe amptelik gestig.[108]

---

102 ***Vaalweekblad***, 1 Apr. 1977: berig.

103 ***Vaalweekblad***, 10 Jun. 1978: berig.

104 C.P. Geldenhuys, Onderhoud, 7 Jun. 1991 {Stadsbibliotekaris van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

105 ***Vaalweekblad***, 19 Sep. 1979: berig.

106 C.P. Geldenhuys, Onderhoud, 7 Jun. 1991 {Stadsbibliotekaris van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

107 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

108 C.P. Geldenhuys, Onderhoud, 7 Jun. 1991 {Stadsbibliotekaris van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Hierdie bydrae wat die biblioteek tot kultuurontwikkeling in Vanderbijlpark gelewer het, was van onskatbare waarde.

5.3.7 SPORT- EN ONTSPANNINGSGERIEWE AAN DIE EINDE VAN DIE VOORSPOEDSTADIUM

Die groot verskeidenheid sport- en ontspanningsgeriewe wat aan die blanke gemeenskap, dagbesoekers en vakansiegangers gedurende die voorspoedstadium verskaf is, is kenmerkend van die aangename omgewing wat dr. Van der Bijl vir die gemeenskap wou vestig.[109] Die volgende uiteensetting toon die belangrikste geriewe wat gedurende die voorspoedstadium beskikbaar was.

- Die woonwapark is aangrensend aan die Emfulenipiekniek- en pretpark aangelê. Hierdie gewilde park is vol lowerryke bome, het baie vleisbraaigeriewe, 'n heerlike pretterrein met swaaie en glybane vir kinders en rolbal- en tennisbane.[110]

- Die Emfuleni-buiteklub, wat uit 'n 18 putjiegholfbaan bestaan, word as een van die beste gholfbane in die provinsie beskou. Die klub beskik oor 'n moderne goed toegeruste klubhuis met groot sitkamers, danssaal, eetkamer, intieme private sitkamer, kroeg en snoekertafels.[111]

- Die Eligwaklub vir watersport is in die hartjie van Suid-Afrika se langste waterstrook vir renbote en watersport geleë. Nasionale ski- en kragbootwedrenne en selfs internasionale kampioenskappe word hier aangebied.[112]

- Die gewilde natuurreservaat met 'n verskeidenheid wildsoorte is goed deur inwoners sowel as besoekers van elders ondersteun.[113]

---

109 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

110 C. Nel, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Uitvoerende Direkteur van VESCO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

111 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

112 ***Vaalweekblad***, 21 Nov. 1975: berig.

113 C. Nel, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Uitvoerende Direkteur van VESCO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

- Die kegelbalbaan is ook druk deur spelers van Vanderbijlpark, die Rand, Pretoria en omliggende dorpe besoek.[114]

- 'n Verskeidenheid gelisensieerde hotelle was ook gedurende die jare beskikbaar, naamlik die Van Riebeeck Hotel, Killarney Hotel en Park Hotel.[115] Daar was ook 'n jeugsentrum wat onder die bestuur van YSKOR gestaan het.[116]

- 'n Gholfsetbaan en drie inryteaters.

- Die Vaaldriehoekse Technikon se moderne kollegesaal waar teateropvoerings gereeld aangebied is.

- 'n Swembad volgens Olimpiese standaarde en nog een wat in die wintermaande verhit is.[117]

- Daar was ook omliggende oorde soos die Barrage-plesieroord, Lochvaal Hotel, Vaal-Oewer- en Lochvaal-watersportklub, Ebner-on-Vaal, Vaalrus, Zeekoeifontein, Oosthuisen Plaas, Lerenco Rondawels, Bennito Rondawels en Van Bo Vakansieoord waar die inwoners kon ontspan.[118]

5.3.8 SAMEVATTING

Die voorspoedige ekonomiese toestande het derhalwe die blanke se deelname aan sport en ontspanning gedurende die voorspoedstadium ondersteun. Dit het daartoe bygedra dat daar nuwe verenigings, klubs en instansies vir die beoefening van sport en ontspanning tot stand gekom het of verder ontwikkel is.[119] Daar was sterk ontwikkeling op die gebied van tennis, watersport, rugby, atletiek en gimnastiek. Vroue en dogters het ook in 'n toenemende mate

---

114 L. Lindeque, Onderhoud, 8 Mei 1992 {Skakelbeampte, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

115 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer.

116 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

117 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

118 ***Vaalweekblad***, 21 Nov. 1975: berig.

119 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

in sport begin belangstel en hokkie, korfbal en netbal was van die gewildste sportaktiwiteite.[120] Baie stokperdjies is ook gedurende hierdie stadium beoefen.[121]

Die geredelike deelname en die beskikbare fasiliteite het die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap op sportgebied bevorder.

5.4 SPORT EN ONTSPANNING GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992

Gedurende die stabiliseringstadium is daar vir die blanke gemeenskap 'n verskeidenheid sport- en ontspanningsgeriewe beskikbaar gestel.[122] Die organisasie van en deelname aan sport en ontspanning het 'n verandering ondergaan wat deur verskillende faktore beïnvloed is.[123] Die omstandighede het veroorsaak dat verskeie ondersteunende maatreëls getref moes word.

Teen 1985 het die deelnemers aan ontspanning- en sportaktiwiteite uit alle bevolkingsgroepe bestaan[124] wat daarna gestreef het om die persepsie te vestig dat sport as 'n universele spel gesien moet word wat oor taal-, kleur-, sosiale en politieke grense strek.[125] Hierdie visie het 'n invloed op die beheerliggame, owerheidsinstellings, private organisasies en deelnemers wat met die bestuur van sport en ontspanning gemoeid was, gehad.[126] Dit het veral nuwe beleidsriglyne ten opsigte van organisasie, administrasie, ledewerwing en deelname tot gevolg gehad.

Meestal het geen ooreenkoms oor die gebruik van fasiliteite tussen onderwysinstellings en instansies wat met naskoolse ontspannings- en sportaktiwiteite gemoeid was bestaan

---

120 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

121 C. Geldenhuys, Onderhoud, 7 Jun. 1991 {Stadsbibliotekaris van Vanderbijlpark, inligting in besit van skrywer}.

122 ***Vaalweekblad***, 26 Feb. 1982: berig; vgl. C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

123 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, pp.19,20,21; ***Vaalweekblad***, 1 Mei 1982: berig.

124 ***Vaalweekblad***, 26 Feb. 1982: berig.

125 ***Vaalweekblad***, 29 Mrt. 1985: berig; J.N. Tsunke, Onderhoud, 10 Mei 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

126 ***Vaalweekblad***, 24 Mei 1985: berig.

nie.[127] Dit het veroorsaak dat 'n groot mate van duplisering en onderbenutting van bestaande geriewe voorgekom het. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) het juis met 'n ondersoek na sport in die Republiek van Suid-Afrika (RSA) tot die gevolgtrekking gekom dat onderwysdepartemente nie geneë was om skole se fasiliteite tot die beskikking van die gemeenskap te stel nie.[128]

Die deelname aan sport is ook in 'n groot mate deur ouderdom beïnvloed.[129] In Vanderbijlpark is die deelname van mans aan kompeterende en ontspanningsport meestal tot die ouderdomme tussen 10 en 25 jaar beperk, terwyl vroue se ouderdomme tussen 10 en 19 jaar strek. Na hierdie ouderdomme het deelname afgeneem. Slegs 'n paar persone oor die ouderdom van 40 jaar het aktief aan sport deelgeneem.[130]

Die deelname is ook beïnvloed deur die feit dat die inwoners van Vanderbijlpark aan ontspannende sportaktiwiteite eerder as kompeterende aktiwiteite voorkeur gegee het.[131] Meer mans as vroue het aan kompeterende sowel as ontspannende sport deelgeneem.[132]

Die onderwysvlak van 'n persoon het ook 'n invloed op die deelname aan ontspanning gehad.[133] Daar is bevind dat hoe hoër die vlak van onderwys was, hoe hoër was die intensiteit van deelname. Opnames het getoon dat 62% van die mense wat aan sport deelneem st. 10 of 'n hoër akademiese kwalifikasies het, teenoor die 25% sportlui met st. 9 of 'n laer kwalifikasie.[134]

Nieteenstaande die feit dat verenigings en klubs gepoog het om deelname aan sport en ontspanning op 'n hoë vlak te hou, het die swak ekonomiese toestande tog 'n negatiewe invloed gehad.[135] Sporttariewe, soos toegangsgeld by swembaddens, moes noodgedwonge

---

127 ***Vaalweekblad***, 5 Mrt. 1985: berig.

128 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, pp.8,9.

129 ***Vaalweekblad***, 23 Mrt. 1985: berig.

130 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, pp.15,16.

131 ***Vaalweekblad***, 23 Mrt. 1985: berig.

132 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, p.17.

133 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

134 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, pp.16,17.

135 ***Vaalweekblad***, 5 Jul. 1985: berig.

gedurende 1985 verhoog word.[136] Die meeste gesinne se inkomste het egter nie vir sulke addisionele uitgawes voorsiening gemaak nie.[137]

'n Ondersoek wat deur die Streeksdiensteraad (SDR) onderneem is, het aangetoon dat 'n gesin met 'n gemiddelde inkomste van R35 000 per jaar min of meer R1 400 jaarliks aan ontspanning en sport spandeer. Dit het lidmaatskap, klere en benodigdhede ingesluit. Slegs 'n klein hoeveelheid van hierdie gesinne het meer as R2 000 per jaar aan sport spandeer.[138] Die gevolgtrekking wat gemaak is, was dat hoe laer 'n gesin se inkomste is, hoe minder is aan sport en ontspanning bestee.[139]

'n Ander ekonomiese faktor wat 'n invloed op massasportdeelname gehad het, is die hoërinkomstegroepe wat oor groot erwe beskik het.[140] Dié groepe het op hul erwe vir geriewe soos swem, tennis en braai-areas voorsiening gemaak en dus het hulle nie van die gemeenskapsfasiliteite gebruik gemaak nie. Die laerinkomstegroepe met hul kleiner woonruimte en minder geld was egter meer op gemeenskapsfasiliteite aangewese.[141]

Nog 'n ekonomiese faktor wat sport en ontspanning beïnvloed het, was die vermoë om te reis.[142] Die hoë reiskoste kon nie deur die laer inkomstegroepe bekostig word nie.[143]

Selfs die Stadsraad se begroting was onder druk. As gevolg van die gebrek aan die nodige fondse was daar nie genoeg mannekrag en toerusting om geriewe, veral parke, eilande en sypaadjies, effektief in stand te hou nie.[144] Voldoende fondse was ook nie altyd beskikbaar om kapitaalprojekte uit te voer nie. Wat die gebruik van geriewe deur die publiek betref, het

---

136 ***Die Vaderland***, 7 Aug. 1985: berig.

137 ***Vaalweekblad***, 6 Aug. 1985: berig; H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {Nederduitse Gereformeerde (NG)-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

138 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, p.15.

139 S. Mouton, Onderhoud, 6 Jun. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

140 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

141 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, pp.17-19.

142 ***Die Vaderland***, 30 Okt. 1985: berig.

143 P.J.M. van Niekerk, Onderhoud, 14 Jun. 1991 {dosent, Departement Sosiologie, Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, navorsingsverslae in besit van die Departement Sosiologie, PU vir CHO}.

144 J. du Preez, Onderhoud, 10 Feb. 1991 {Hoof van die Parkeafdeling, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit ven die skrywer}.

vandalisme as een van die grootste knelpunte na vore getree.[145] Daar was ook 'n behoefte aan 'n ontspanningsorganiseerder en 'n gemeenskapsdienstesentrum in Vanderbijlpark.[146]

Die swak ekonomie het sport en ontspanning verder benadeel deurdat daar nie voldoende fondse beskikbaar was om geriewe vir alle bevolkingsgroepe beskikbaar te stel nie.[147] Die resultaat was dat sportklubs hul eie sake moes bedryf en self oor hul lidmaatskap en gebruik van hul geriewe moes besluit.[148]

Hierdie tendense het noodwendig 'n invloed op die funksionering van klubs gehad.

5.4.1 DIE VAALDRIEHOEK AMATEURGIMNASTIEKVERENIGING

Die invloed wat die veranderde omstandighede gedurende die stabiliseringstadium op die werksaamhede van die vereniging gehad het, dien as tiperende voorbeeld van die omstandighede waarin klubs en verenigings moes funksioneer.

Die Vaal Gimnastiekvereniging is deur lede, borge, ouers, gimnaste, skole en klubs gesteun.[149] Reeds gedurende 1977 het die Voorsitter van die Vaalprovinsie Amateurgimnastiekvereniging sy kommer uitgespreek oor die feit dat die registrasie van gimnaste in die provinsie afneem het.[150] Hy het sy 1986-jaarverslag gemeld dat gimnastiek moeilike tye beleef.[151] Gedurende 1989 rapporteer hy verder dat baie persone gimnastiek as 'n duur sportsoort ervaar. Hy het egter 'n beroep op die lede gedoen om, afgesien van die traumatiese krisisse wat op die politieke, sosiale en ekonomiese gebiede beleef word, bereid te wees om op te offer en hulself vir dié sportsoort te beywer.[152]

Die volgende tabel is 'n uiteensetting van die klubs se ledetal.

---

145 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

146 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, p.60.

147 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

148 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, p.54.

149 ***Vaalweekblad***, 7 Nov. 1986: berig.

150 VAGV, Jaarvergadering, Jan. 1977, pp.1,2.

151 VAGV, Jaarverslag, 1986, pp.1-3.

152 VAGV, Tweejaarlikse verslag van die Uitvoerende Komitee van 1989-1990, pp.5,6.

Tabel 5.1: **Klubs en die getal geregistreerde lede**

NAAM	1989	1990
Sasolburg Gimnastiekklub	51	-
Hoërskool Vereeniging	121	-
Hoërskool Sasolburg	-	112
Olympians Gimnastiekklub	131	147
Hoërskool Transvalia (Vanderbijlpark)	19	4
Rissiville en Drie Riviere Gimklub	103	92
HTS Sasolburg	7	6
HTS Vereeniging	12	29
HTS Carel de Wet	-	9
Riverside Gym Club	24	67
Genl. Smuts High School	16	4
Vaaldriehoek Technikon (Vanderbijlpark)	32	48
Vanderbijlpark Afrikaanse Hoërskool	1	2
	517	520
Afrigters	13	23
Skeidsregters	5	20
	535	563

Die bogenoemde tabel toon dat nieteenstaande veranderde omstandighede, gimnastiek in Vanderbijlpark en omgewing steeds 'n gewilde sportsoort was.[153]

5.4.2 RUGBY

Tot en met die stabiliseringstadium het Vanderbijlpark se rugby deel van die Transvaalse Subunies gevorm.

Die eerste koördineringsvergadering van die verteenwoordigers van klubs in die Vaaldriehoek is op 9 Desember 1981 by die YSKOR-klub gehou, waar besluit is om 'n subunie te vorm. Die volgende persone was teenwoordig: kolonel H. Bender, mnre. B. Steyn en H. Botha (YSKOR), F. Erasmus (Vanderbijlpark), J. Human en P. Barnard (Sasolburg), H. Enslin en J. de Winnaar (Meyerton), M. Louw en C. Oosthuizen (Vereeniging), P. Fouché en P. du Plooy (Midland), F. van Rensburg en P. van der Linde (Watuni).[154]

Die toegangsgelde vir wedstryde van die Rugbyvoetbalunie is op die vergadering van 2 Maart 1982 goedgekeur. Die hoofpaviljoenkaartjies sou R3 kos en dié op die graswalle R1

153 VAGV, Tweejaarlikse verslag van die Uitvoerende Komitee van 1989-1990, p.6.

154 Anon., "Agter die skerms", Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, ***Die eerste tien jaar: Vaaldriehoek rugby***, p.4.

vir volwassenes en 50c vir kinders. Die eerste proewe is op 10 Maart 1982 op YSKOR se velde gehou. Dr. Callie de Lange is as die spandokter aanbeveel.[155]

Op 17 Augustus 1983 is daar 'n vergadering met al die klubs, skole en afrigters gehou, waarop besluit is dat die truie en kouse, turquoise met rooi of oranje sou wees met wit kortbroeke. Die wapen op die trui sou die vorm van 'n vlam aanneem.[156]

Die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie se eerste tuiswedstryd is op 12 Mei 1982 teen Suidoos-Transvaal gespeel, wat met 28 - 0 gewen is.[157] Die B-span het met 17 - 0 gewen en die onder-twintigs het met 19 - 6 verloor. Op 3 September speel die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie in Windhoek teen Suidwes-Afrika. Die wedstryd is met 31 - 10 gewen. Die finaal vir die kleiner bonde is word op 11 September teen Suidwestelike Distrikte (SWD) op George gespeel en met 12 - 7 verloor.[158]

Vir die rugbyliefhebbers was dit 'n hoogtepunt toe dr. Craven tydens die algemene jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR) op 9 Maart 1984 die volgende aankondiging gedoen het: "Die Vaaldriehoek is van vandag af 'n volwaardige Rugbyvoetbalunie."[159]

Die finansiële opset van die unie was van die begin af vir die bestuur 'n bekommernis. Die fondse was beperk, en daar kon aanvanklik slegs vir twee reserwes sweetpakke aangekoop word. Deur goeie skakeling van die bestuur van die unie het YSKOR op 30 Augustus 1982 die eerste borg geword wat R1 250 geskenk het. Hierdie finansiële hupstoot was die begin van 'n beter finansiële posisie en die Uitvoerende Komitee van die unie het op 18 April 1982 'n tjek- en spaarrekening by Volkskas geopen.[160]

'n Funksionaris, wat na die unie se finansies kon omsien, is aangestel. Sy werksaamhede was so suksesvol dat besluit is dat klubs aangemoedig sou word om 'n gesamentlike

---

155 Anon., "Agter die skerms", Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, ***Die eerste tien jaar*** ..., p.4.

156 M. Meyer, Onderhoud, 25 Nov. 1993 {Bestuurder van die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, inligting in besit van die skrywer}.

157 M. Meyer, Onderhoud, 25 Nov. 1993 {Bestuurder van die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, inligting in besit van die skrywer}.

158 Anon., "Agter die skerms", Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, ***Die eerste tien jaar*** ..., p.5.

159 J.N.J. van Rensburg, "Boodskap van die President", Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, ***Die eerste tien jaar*** ..., p.3.

160 M. Meyer, Onderhoud, 25 Nov. 1993 {Bestuurder van die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, inligting in besit van die skrywer}.

mediese fonds vir spelers te ondersteun. Die unie sou hulle bydraes tot die mediese fonds met 50% subsidieer.[161]

Vir die doelmatige funksionering en voortbestaan van die unie was finansies noodsaaklik. Die inkomste van die unie word in die volgende tabel aangetoon.

Tabel 5.2: Die inkomste van die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie

DATUM	TOTAAL	BORGE / DONASIES
1984	R73 800	R21 000
1985	R99 100	R35 000
1986	R92 400	R39 000
1987	R126 000	R52 000
1988	R121 000	R46 000
1989	R133 000	R43 700
1990	R255 000	R134 000
1991	R437 000	R184 000
1992	R571 000	R209 000 [162]

Op 14 Maart 1984 is die eerste vergadering van die nuwe unie by die YSKOR-klub gehou. Mnre. Jannie le Roux en Natie Botha van die Transvaal Rugbyvoetbalunie was teenwoordig. Die eerste verkose President van die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie was mnr. Bennie Steyn, met mnr. Piet van der Linde as Eresekretaris. Mnre. Koos van Rensburg, Martiens Louw, Rens van Rensburg en Gielie Vermeulen (afrigter) is as senior keurders en mnre. Piet Brand, Chris Ehlers, W. Pienaar en J. Bruwer as junior keurders aangestel. By die vergadering het mnr. Jannie le Roux R100 000 as bruidskat aan die unie beloof.[163]

---

161 M. Meyer, Onderhoud, 25 Nov. 1993 (Bestuurder van die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, inligting in besit van die skrywer).

162 M. Meyer, Onderhoud, 20 Feb. 1994 (Bestuurder van die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, inligting in besit van die skrywer).

163 Anon., "Agter die skerms", Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, ***Die eerste tien jaar*** ..., p.7.

Mnr. Bennie Steyn het op 11 November 1991 as President uitgetree en op 10 Februarie 1992 is mnr. Koos van Rensburg tot nuwe President verkies.[164] Op 9 Maart 1992 word die aanstelling van mnr. Frans Erasmus as Hoofafrigter goedgekeur.[165]

Die organisatoriese struktuur is soos volg deur die Grondwet van die unie bepaal. Die Uitvoerende Komitee sou op 'n komiteestelsel funksioneer en die skeidsregters, skole en borge sou sitting op die Uitvoerende Komitee verkry.[166]

Hoogtepunte van die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie:

- Op 17 September 1983 speel die unie in die eindronde om die Sport Pienaarbeker op Witbank teen Suidoos-Transvaal. Die wedstryd het gelykop geëindig.

- By die Sport Pienaarbekerfinaal wat op Dal Josafat gespeel is, het die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie die veld as oorwinnaars verlaat.[167]

- Op 5 Junie 1984 word die Engelse toerspan die eerste internasionale span wat 'n wedstryd teen die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie speel.[168]

- In 1985 neem die unie se Cravenweekspanne vir die eerste keer aan die Cravenweek deel. Die Hoër Tegniese Skool Sasolburg het gedurende 1986 die Transvaalse Administrateursbeker verower.[169]

- Op 3 Oktober 1991 vereer die unie as deel van die dorp se Eeufeesvieringe sy oudspringbokke, Martiens Louw, Abie Malan en Gerald Bosch te Meyerton.

- Vanaf 6-10 Julie 1992 tree die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie as gasheer vir die Cravenweek vir laerskole te Sasolburg op.[170]

---

164 M. Meyer, Onderhoud, 25 Nov. 1993 {Bestuurder van die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, inligting in besit van die skrywer}.

165 Anon., "Agter die skerms", Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, ***Die eerste tien jaar*** ..., p.11.

166 Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, Grondwet, 1992, p.1.

167 B. Steyn, "Ek onthou", Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, ***Die eerste tien jaar*** ..., pp.45,46.

168 M. Meyer, Onderhoud, 25 Nov. 1993 {Bestuurder van die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, inligting in besit van die skrywer}.

169 Anon., "Die unie se Cravenweekspanne", Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, ***Die eerste tien jaar*** ..., pp.8,9.

170 Anon., "Agter die skerms", Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, ***Die eerste tien jaar*** ..., p.11.

Die invloed van rugby in Vanderbijlpark en van die hele Vaaldriehoek kan as positief bestempel word. Gedurende die swak ekonomiese tye het die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie nuwe geesdrif onder sportentoesiaste bewerkstellig. Die infrastruktuur van die unie is op 4 Mei 1983 verder verstewig nadat die dokters van YSKOR se Mediese Bystandsfonds as spandokters aangewys is.[171]

5.4.3 NETBAL

Die netbal vir die jong dogters en vroue van Vanderbijlpark is op 'n goed geordende wyse bedryf, en goeie sportmangees en verhoudings het geseëvier.

Die suksesse kan teruggevoer word na die goeie basiese afrigting wat die spelers ontvang het, want hiersonder kon geen provinsiale span sukses behaal nie.[172] Die Vaaldriehoek het derhalwe verskeie hoogtepunte beleef waarvan die volgende enkele voorbeelde is:

- In 1982 word die 25ste Suid-Afrikaanse Hoërskole-netbaltoernooi vir die tweede keer op die bane van Hoërskool Transvalia aangebied.[173] Seshonderd spelers en beamptes het die toernooi bygewoon.[174]

- Hoewel daar in 1976 'n amateursportliggaam gestig is om eenvormigheid te bewerkstellig, is die doelwit eers in 1993 ten opsigte van kleredrag bereik.[175]

In die funksionering van die Netbalvereniging het die Sportraad 'n belangrike rol gespeel. Die funksie van die Sportraad was omvattend en belangrik en moes onder andere toesien dat uitnodigings vroegtydig aan superintendente, hoofde en adjunkhoofde gestuur word, en dit was ook hul taak om na die erekleure, borgskappe en grondwet om te sien.[176]

Opleiding en gradering het ook 'n belangrike afdeling van die Vaaldriehoek Netbalvereniging se pligte gevorm. Deur die jare is opleiding aan beginners gebied en gedurende 1986 is daar byvoorbeeld oor 'n tydperk van vyf dae 40 beginners opgelei en 170 skeidsregters

---

171 Anon., "Agter die skerms", Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, ***Die eerste tien jaar*** ..., p.5.

172 Vaaldriehoek Netbalvereniging, Voorsittersverslag, 1986.

173 A. Schmidt, Onderhoud, 20 Feb. 1994 (Sekretaris van die Vaaldriehoek Hoërskole Netbalvereniging, inligting in besit van die skrywer).

174 Vaaldriehoek Netbalvereniging, Inligtingstuk, 1968-1994.

175 A. Schmidt, Onderhoud, 20 Feb. 1994 (Sekretaris van die Vaaldriehoek Hoërskole Netbalvereniging, inligting in besit van die skrywer).

176 Vaaldriehoek Netbalvereniging, Notule, 6 Sep. 1993.

gegradeer. Die standaard van dié skeidsregters is jaarliks tydens Transvaaldae en Suid-Afrikaanse Toernooie as van 'n hoë gehalte aangeprys.[177]

Die Netbalvereniging se ligabepalings is gewoonlik in ooreenstemming met die rugbyligabepalings afgehandel.[178] Die laer- en hoërskole van 1986 se uitslae word as voorbeeld gebruik.

Tabel 5.3: Wenners van die Vaaldriehoekse netballiga vir laerskole, 1986

0/9A	Drie Riviere	0/9B	Drie Riviere
0/10A	Handhawer	0/10B	Handhawer
0/11A	Vryheidsmonument	0/11B	Vryheidsmonument
0/12A	Vryheidsmonument	0/12B	Handhawer
Oop A	Kollegepark	Oop B	Voorwaarts[179]

Die laerskole het vierde in die Suid-Afrikaanse A-span en derde in die Suid-Afrikaanse B-span geëindig.[180]

Die Vaaldriehoek-hoërskole se uitslae word vervolgens aangetoon.

Tabel 5.4: Wenners van die Vaaldriehoekse netballiga vir hoërskole, 1986

Eerste span	Driehoek
Tweede span	Vereeniging
Derde span	Transvalia
Vierde span	HTS Sasolburg[181]

Benewens sukses was daar ook gedurende die stabiliseringstadium probleme wat aangespreek moes word. Teen 1992 is daar byvoorbeeld kommer oor die swak junior groep uitgespreek en voorgestel dat:

- Bekwamer afrigters by die beginners geplaas moes word.

---

177 Vaaldriehoek Netbalvereniging, Voorsittersverslag, 1986.

178 A. Schmidt, Onderhoud, 20 Feb. 1994 {Sekretaris van die Vaaldriehoek Hoërskole Netbalvereniging, inligting in besit van die skrywer}.

179 Vaaldriehoek Netbalvereniging, Voorsittersverslag, 1986.

180 A. Schmidt, Onderhoud, 20 Feb. 1994 {Sekretaris van die Vaaldriehoek Hoërskole Netbalvereniging, inligting in besit van die skrywer}.

181 Vaaldriehoek Netbalvereniging, Voorsittersverslag, 1986.

- Afrigtingskursusse by skole meer aangemoedig moes word.
- Daar nouer samewerking met die senior dames, veral van die Technikon, moes wees.
- *Netbal op internasionale vlak baie mededingend is en daar dus geoefen moes word* om by die standaard aan te pas.
- Dogters op senior vlak in die B-liga moes speel om sodoende die nodige vaardighede te kon aanleer.[182]

Die tekort aan finansies moes noodwendig gedurende die stabiliseringstadium ook aangespreek word. Teen die einde van 1992 is gevind dat daar baie min fondse beskikbaar was, en is daar versoek dat die affiliasiegelde verhoog moes word. Die grondwet moes noodgedwonge ook verander word om by die nuwe behoeftes en omstandighede te kon aanpas.[183]

Hierdie omstandighede waarin die sportklubs moes funksioneer, het tot gevolg gehad dat alle betrokkenes moes besin oor maatreëls om die probleme die hoof te bied, sodat georganiseerde sport en ontspanning kon gedy.

5.4.4 ONDERSTEUNENDE MAATREëLS VIR DIE BEVORDERING VAN SPORT EN ONTSPANNING

Daar is deur die Stadsraad, YSKOR, onderwys- en owerheidsinstellings gepoog om die sport- en ontspanningsfasiliteite beter te onderhou en selfs te vermeerder.[184] Die Stadsraad het ook geriewe vir kampering met karavane en tente, pieknieks, bootritte, waterski en ander watersporte voorsiening gemaak.[185] Daar is ook in 'n groter mate vir swem, fietsry, perdry, plesierritte, en vir rolskaatsritte voorsiening gemaak.[186]

---

182 A. Schmidt, Onderhoud, 20 Feb. 1994 {Sekretaris van die Vaaldriehoek Hoërskole Netbalvereniging, inligting in besit van die skrywer}.

183 Vaaldriehoek Netbalvereniging, Notule, 6 Sep. 1993.

184 ***Vaalster***, 16 Nov. 1987: berig.

185 ***Die Vaderland***, 31 Aug. 1987: berig; ***Vaalster***, 31 Aug. 1987: berig; ***Vaalweekblad***, 7 Aug. 1981: berig.

186 ***Vaalweekblad***, 5 Jan. 1982: berig.

Nieteenstaande die groot verskeidenheid klubs en organisasies was daar steeds 'n tekort aan fasiliteite vir sport en ontspanning vir alle bevolkingsgroepe in Vanderbijlpark.[187] Hierdie omstandighede is in 'n groot mate deur die veranderde omstandighede gedurende die stabiliseringstadium veroorsaak.[188] Die inwoners van die dorp was nie altyd in die posisie om genoegsame deelname aan een of ander aktiwiteit te kon verkry nie.[189]

Die owerheid het gepoog om ook 'n bydrae te lewer om in die behoefte van sport en ontspanning te kon voorsien. Dr. Gerrit Viljoen, Minister van Samewerking en Ontwikkeling en van Onderwys het, gedurende 1984 met sy rede by die toekenning van die trofee vir die sportman van die jaar, vir die Vaaldriehoekse sportlui gesê: "Suid-Afrikaanse sport sal soos die Suid-Afrikaanse nasie, ondanks teenslae en sportafsondering, oorleef, ontwikkel en oorwin." Dr. Viljoen het egter ook gewaarsku: "Dit sou dwaas wees om nie elke wapen tot ons beskikking in te span om ons sportisolasie te verbreek nie."[190]

Owerheidsinstellings het in die voorsiening van ontspanning in Vanderbijlpark drie hooffunksies onderskei:[191]

- **Eerstens** is gepoog om die nodige bronne vir ontspanning te voorsien. Daar is byvoorbeeld voorsiening gemaak vir oorde, parke, oop ruimtes, stadions, sportvelde, gemeenskapsentrums en biblioteke.[192] Die voorsieningsfunksie het die nodige infrastruktuur, toerusting, mannekrag en finansies om die bronne te bedryf ingesluit.[193]

- **Tweedens** is gepoog om die nodige organisatoriese infrastrukture te skep en om die verskillende fasette van rekreasie dinamies en doeltreffend te bestuur.

---

187 ***Vaalweekblad***, 3 Jul. 1987: berig.

188 ***Vaalweekblad***, 19 Jun. 1987: berig.

189 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, pp.19,20,21.

190 ***Die Vaderland***, 9 Nov. 1984: berig.

191 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

192 ***Vaalweekblad***, 3 Jun. 1983: berig.

193 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. ***Vaalweekblad***, 19 Aug. 1983: berig.

- Derdens is ondersteunende dienste en programme deur opgeleide personeel ingestel.[194]

Hoewel ontspanning 'n plaaslike aangeleentheid is, is dit tog die sentrale owerheid se verantwoordelikheid om toe te sien dat die ondergeskikte owerhede in Vanderbijlpark hulle verantwoordelikheid met betrekking tot ontspanningsvoorsiening nakom. Hierdie verantwoordelikheid het daarop neergekom dat owerheidstrukture en bronne daar gestel is wat medeverantwoordelik was vir die toevloei van fondse.[195]

Dit was egter belangrik dat daar ook strukture vir die doeltreffende oorkoepelende bestuur van sport en ontspanning ontwikkel moes word.[196]

Die SDR se bemoeienis met sport en ontspanning gedurende die stabiliseringstadium was belangrik vir doeltreffende sport- en ontspanningsfasiliteite. Vanaf 1985 het Wet 109 die verpligting op streeksdiensterade gelê om sekere verantwoordelikhede vir dienstelewering, waaronder ontspanning, biblioteke, toerisme, museums en die omgewing, te aanvaar. Die SDR moes dus ook vir Vanderbijlpark 'n duidelike beleid en riglyne neerlê oor die wyse waarop ontspanning en sportvoorsiening in sy jurisdiksiegebied moes ontwikkel.[197]

Finansiële steun moes daarom aan organiserende liggame soos die Streeksontwikkelingsvereniging (SOV) en die plaaslike owerhede gegee word.

Die SOV het verskillende komitees tot stand gebring om sy werksaamhede op 'n bevredigende wyse uit te voer.[198]

- **DIE KOÖRDINERENDE SPORTKOMITEE**

  Die Koördinerende Sportkomitee het sedert 1983 'n ondersoek na die leemtes wat in bestaande sportfasiliteite in die Vaaldriehoek voorgekom het, geloods. Hulle moes ook die streeksfasiliteitontwikkeling in die gebied koördineer en beplan. Die komitee het uit 30 verteenwoordigers van sportliggame bestaan. In die uitvoering van hul

---

194 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, pp.32-34.

195 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

196 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, p.33.

197 Streeksontwikkelingsvereniging (SOV), Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1985.

198 SOV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1983.

pligte is daar aan verskeie projekte, soos 'n tartanbaan en eenvormige kleure en 'n wapen vir sportsoorte in die Vaaldriehoek, aandag gegee.[199]

- **DIE ONTSPANNINGSWERKGROEP**

Die Ontspanningswerkgroep het uit verteenwoordigers van die stadsrade, georganiseerde handel, die private sektor en toerismebedrywe in die Vaaldriehoek bestaan. Die Ontspanningswerkgroep is ook met die Toerismewerkgroep van die SOAK streek H geaffilieer.

Die Werkgroep het kwartaalliks vergader en het heelwat projekte aangepak. Die groep het byvoorbeeld die Vaaldriehoek / Vaalriviervideo van 24 minute by stadsklerke beskikbaar gestel en het jaarliks 'n waterfees aangebied. Kontrolemaatreëls is ook op die Vaalrivier ingestel en daar is veranderinge aan die gidsplan aangebring om toerisme te vergemaklik. Hulle het ook verbeterings op padaanwysings aangebring. Dit was 'n baie aktiewe groep wat veel vermag het ter promosie van die Vaaldriehoek.[200]

Die SOV het bevind dat die plaaslike owerheid van Vanderbijlpark instrumenteel in die goeie funksionering van ontspanning en sport was. Die plaaslike owerheid het ook groot verantwoordelikhede ten opsigte van sport en ontspanning aanvaar, soos die skepping en instandhouding van sport- en ontspanningsfasiliteite.[201] Die Stadsraad het daarom die beplanning, voorsiening, instandhouding en bevordering van bronne vir sport en rekreasie gedoen. Daar was heelwat skakeling met en ondersteuning van plaaslike sport- en rekreasieverenigings soos sportrade en advieskomitees.

Die sportbeeld wat die plaaslike gemeenskap geprojekteer het en die ontspanningsbronne waaroor die plaaslike owerheid beskik het, het die bekendheid en gesogtheid van Vanderbijlpark as sport- en ontspanningsplek in 'n groot mate bepaal. Dit het dan ook in 'n groot mate bygedra om die lewensgehalte van die Vanderbijlparkse inwoners te verhoog.[202]

---

199 SOV, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1991.

200 SOV, Vanderbijlpark, Notules, 1985-1991.

201 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, pp.1-15.

202 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, pp.44,45.

5.4.5 SPORT- EN ONTSPANNINGSGERIEWE AAN DIE EINDE VAN DIE STABILISERINGSTADIUM

Gedurende die laat tagtigerjare was parke, ontspanningsfasiliteite en sportgeriewe in Vanderbijlpark oor die algemeen in 'n goeie toestand.[203] Die frekwensie van die gebruik van die ontspanningsfasiliteite is soos volg gerapporteer:

Tabel 5.5: Die gebruik van sportgeriewe

SPORTGERIEWE	FREKWENSIE
Swembaddens	Baie goed, veral die olimpiese swembad in SE 2
Emfulenipark	Baie goed
Vaal Marina	Goed
Oostelike rivierfront	Goed
Jeugkampterrein	Baie goed
Woonwapark	Redelik
Stadsplasie	Swak
Speelparke	Goed[204]

Gedurende 1989 is daar egter nuwe behoeftes geïdentifiseer wat tot die ontwikkeling van die volgende fasiliteite gelei het:

- Die bou van die oewerwal te Vaal Marina en Emfulenipark.
- Die bou van 'n groter swembad te Emfulenipark.
- Die aanlê van ontspannings- en verblyfgeriewe in die woonwapark.
- Die ontwikkeling van natuurreservate en onontwikkelde parke.
- Die ontwikkeling van die oostelike gedeelte van Vaal Marina.
- Die opknapping van die Cecil Oldridgepark-swembad.
- Die bou van oornagfasiliteite by die jeugkampterrein.
- Die bou van 'n gemeenskapsentrum.
- Die bou van 'n binnenshuise sportsentrum.[205]

---

203 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 (Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

204 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, p.92.

205 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, p.97.

- Die aanvanklike beplanning om vanaf 1990 met die ontwikkeling van die CE 3-sportkompleks te begin, het vanweë die swak ekonomiese omstandighede nie gerealiseer nie.[206]

Bogenoemde behoeftes het veroorsaak dat projekbeplanning 'n noodsaaklikheid vir die sport- en ontspanninginstansies geword het en daar is uiteindelik vir die volgende fasiliteite beplan:

- **PARKE**

  Daar sou jaarliks 'n bedrag van R135 000 deur die Stadsraad vir die ontwikkeling van parke bewillig word.[207] Hierdie bedrag is aan die hand van goedgekeurde riglyne en volgens prioriteitsvolgorde deur die parkeafdeling vir die ontwikkeling van parke aangewend.

- **EMFULENIPARK**

  Die belangrikste projekte wat beplan is, het 'n groter swembad en die bou van 'n oewerwal behels.[208]

- **VAAL MARINA**

  Daar is vir die ontwikkeling van die tuinery, die opknapping van geboue en die bou van braaiplekke beplan. 'n Burgemeesterslapa is aan die oostekant van Vaal Marina in vooruitsig gestel.[209]

- **WOONWAPARK**

  'n Groter swembad en weervaste tennisbaan is beplan.[210]

---

206 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, p.98.

207 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

208 ***Vanderbijlpark en Sasolburg Ster***, 18 Mei 1984: berig.

209 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, pp.20,21,33.

210 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

- **OOSTELIKE RIVIERFRONT**

  Daar is begin om die oostelike rivierfront en die ou VESCO-wildtuin in 'n natuurreservaat saam te voeg. Dit sou mettertyd die omheining van die terrein, die aanplanting van nuwe gewasse en die vestiging van fauna behels.[211]

- **JEUGKAMPTERREIN**

  Die ontwikkeling van 'n natuurreservaat is in die gebied van die jeugkampterrein beplan omdat daar al hoe meer van die terrein gebruik gemaak is.[212]

- **BIBLIOTEEKFASILITEITE**

  Gedurende hierdie stadium is die uitbreiding van biblioteekfasiliteite ook beplan.

  'n Nuwe biblioteekgebou in die sakesentrum en die Driehoek-takbiblioteek in SE 2 is deur die Stadsraad opgerig en in bedryf gestel. In hierdie biblioteke is die personeel se rol duidelik omskryf en is daar op die bevordering van die individu se lewensgenot gefokus.[213]

5.4.6 SAMEVATTING

Gedurende die stabiliseringstadium was deelname aan sport nie baie goed ondersteun nie. Die redes wat vir die swak deelname aangevoer is, was werkdrukte, dat die geriewe te duur was, swak gesondheid, geen begeerte of belangstelling nie en die swak ekonomie.[214]

Die isolasie van Suid-Afrika op sportgebied het ook probleme vir sportdeelname geskep. Daar was byvoorbeeld die probleem dat, "Vanderbijlpark as 'n historiese blanke munisipale owerheid nie soos die meeste ander streeksdorpe, Indiër- of Kleurlinggemeenskappe binne sy grense het nie. As sodanig was daar dus nie ontspanningsfasiliteite vir ander gemeenskappe in Vanderbijlpark beskikbaar nie."[215] Swart mense het, veral gedurende die stabiliseringstadium, daarop aangedring om ook van die sport- en ontspanningsgeriewe in

---

211 C. Nel, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Uitvoerende Direkteur van VESCO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

212 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, pp.30,32.

213 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, p.38.

214 ***Vanderbijlpark en Sasolburg Ster***, 18 Mei 1984: berig.

215 ***Vanderbijlpark en Sasolburg Ster***, 23 Nov. 1984: berig.

Vanderbijlpark gebruik te maak.[216] Hiervoor was die fasiliteite óf nie genoegsaam óf nie beskikbaar nie. Swak afrigting en 'n gebrek aan doelgeoriënteerde programme het ook soms voorgekom. Gedurende die stabiliseringstadium het dit ook in parke onveilig, veral vir dames, geword.[217]

5.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING

'n Terugblik op sport en ontspanning as motief vir kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark gedurende die drie ontwikkelingstadiums, het daarop gedui dat die wese van kompetisie, uitdaging en selfverwesenliking in behoorlike vryetydsbesteding gelê het.[218] Sinvolle vryetydsbesteding is dus 'n belangrike faktor in die versorging van die verstedelikte mens se geestestoestand en 'n barometer van die mens se lewensgehalte.[219]

In die organisering en motivering van sport in Vanderbijlpark was daar 'n begeerte na goeie gesondheid, fiksheid, genot, ontspanning, kompetisie en uitdagings. 'n Groot hoeveelheid inwoners het ook die behoefte geopenbaar om aktief en doelgerig by sport en ontspanning betrokke te wees. Sport het ook 'n belangrike geleentheid vir sosiale kontak gebied.[220]

Die blanke gemeenskap het sport en ontspanning as 'n belangrike vryetydsbesteding beskou, in teenstelling met die swart bevolking wat die nakoming van basiese lewensbehoeftes as 'n belangrike lewensdoelwit gesien het. Die ekonomiese peil van gesinne het ook hul prioriteite en beskouinge oor sport en ontspanning bepaal.[221] Die deelname aan buitemuurse aktiwiteite was egter oor die algemeen vir die inwoners van Vanderbijlpark belangrik, omdat selfrespek ook daardeur ontwikkel is, wat 'n gevoel van eiewaarde tot gevolg gehad het.[222]

Die kultuurorganisering wat op hierdie terrein plaasgevind het, het dus veroorsaak dat daar gedurende die vestiging- en voorspoedstadium 'n stygende kultuurontwikkelingslyn by die

---

216 ***Die Vaderland***, 9 Nov. 1984: berig; ***Vaalweekblad***, 24 Mei 1985: berig.

217 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, pp.30,31,33.

218 ***Die Vaderland***, 29 Mei 1984: berig.

219 ***Vaalster***, 15 Jun. 1984: berig.

220 ***Vaalweekblad***, 18 Mei 1979: berig.

221 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, p.4.

222 G. de Beer, ***'n Pedagogiese ondersoek na milieu- en agtergrondfaktore wat verband hou met skoolstaking van sekondêre skoolleerlinge in die Witwatersrand-Vaaldriehoekgebied*** (ongep. M.Ed.-verhandeling, RAU, 1976), p.26.

blanke gemeenskap waarneembaar was. Dit is in 'n groot mate teweeggebring deurdat die nodige fasiliteite vir deelnemers beskikbaar was, wat weer aan die gunstige ekonomiese ontwikkeling van die eerste twee stadiums toegeskryf kan word.

Gedurende die stabiliseringstadium is sport en ontspanning egter nadelig beïnvloed deur die swak ekonomie, 'n gevolg van die politieke omstandighede van die land, en het daar 'n afnemende neiging in aktiwiteite voorgekom.

---oOOo---

HOOFSTUK 6

GEESTESGESONDHEID

6.1 INLEIDING

'n Gesonde gesinslewe berus op 'n hoë peil van geestesgesondheid. Volop werksgeleenthede, hoë produktiwiteit en 'n voorspoedige en stabiele maatskaplike orde was die visie wat die dorpstigters vir Vanderbijlpark se gemeenskap gekoester het.[1]

In hierdie hoofstuk sal die invloed van die geestesgesondheid van die inwoners van Vanderbijlpark op die kultuurpeil van die gemeenskap bepaal word deur oorsigtelik na 'n aantal instellings soos kerkgenootskappe en ander organisasies te verwys.[2] Die hoofdoel van die Geestesgesondheidsinstansies was om die geestesgesondheid van die individu, deur gemeenskapsontwikkeling, op 'n hoë vlak te hou.[3]

Geestesgesondheidsinstellings het in drie stadiums in Vanderbijlpark ontwikkel. Gedurende die vestigingstadium het die maatreëls wat deur instansies soos nyweraars ingestel is, 'n heilsame invloed op die geestesgesondheid van die gemeenskap gehad.[4] Die finansiële omstandighede van die gemeenskap was gedurende die voorspoedstadium oor die algemeen bevredigend. Dit het daartoe gelei dat die Geestesgesondheidsverenigings floreer het.[5] Gedurende die stabiliseringstadium is die geestesgesondheid van die inwoners nadelig deur bedrukte ekonomiese en onstuimige politieke omstandighede beïnvloed.[6]

---

1 Vanderbijl Park Estate Company (VESCO), Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 28, 21 Oct. 1947.

2 ***The Star***, 18 Dec. 1942: report.

3 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 28, 21 Oct. 1947.

4 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8: report, 20 Aug. 1954; vgl. A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid in Suid-Transvaal*** {2 volumes} (ongep. D.Com.-proefskrif, US, 1948), p.2.

5 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 17 Jun. 1965 - 14 Dec. 1965, vol. 16: minute, 17 Jun. 1965.

6 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {Nederduitse Gereformeerde (NG)-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

6.2 GEESTESGESONDHEID GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959

Sedert die vestiging van die dorp is daar gepoog om die geestestoestand van die inwoners op 'n hoë vlak te plaas, en het die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR) se betrokkenheid 'n belangrike invloed op die peil van die inwoners se geestesgesondheid gehad.[7]

YSKOR het 'n omvattende verantwoordelikheid vir sy werknemers openbaar.[8] Dié verantwoordelikheid het verder gestrek as net die skofte wat die mense in die fabriek gewerk het.[9] Aangesien 'n suksesvolle onderneming die hoogste moontlike produktiwiteit en doeltreffendheid van sy werknemers moet verkry, het YSKOR ook rekening gehou met omstandighede buite die fabriek wat moontlik die werknemer kon benadeel.[10] Dit was daarom in die belang van YSKOR sowel as die werknemer dat laasgenoemde se geestesgesondheid op 'n hoë vlak moes bly.[11] Verskeie maatreëls is gevolglik ingestel om werkers se geestesgesondheid te bevorder.

6.2.1 YSKOR SE BYDRAE TOT GEESTESGESONDHEID

YSKOR het alles in sy vermoë gedoen om sy werknemers tuis te laat voel en het ook deur voorligting gepoog om hulle geestelik te versterk.[12] Daar is voorligting oor gesondheidsorg, gedragskodes, onderwys en selfs oor hoe die inwoners aankope moes doen, verskaf.[13]

---

7 Vanderbijlpark Town Council, Reports, 20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8: report, 20 Aug. 1954.

8 H.J. van der Bijl, "Die Vaal vloei voort", ***Brandwag***, vol. 10, no. 513, Aug. 1947, pp.18,19.

9 Anon., "The medical clinic at Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 15, no. 10, Oct. 1950, pp.856-859.

10 Anon., "A glimpse into the future: Iscor's five years Vereeniging plan", ***Iscor News***, vol. 6, no. 8, Aug. 1941, pp.516,519; vgl. P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

11 Anon., "New city of steel: the Iscor Works at Vanderbijlpark", ***South African Engineer***, vol. 30, no. 361, Jun. 1948, pp.7,11; H.J. van der Bijl, "Die Vaal vloei voort", ..., pp.18,20.

12 P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark, 1914 - Desember - 1951***, p.6.

13 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Selfs 'n doodsbegeleider is aangestel wat 'n gesin, indien nodig, moes bystaan gedurende teëspoed, dood of ernstige siekte.[14]

Met die beplanning van Vanderbijlpark is daar gepoog dat die toestande waarin die werkers sou verkeer, sover moontlik bevorderlik vir hul persoonlike welsyn, soos 'n ordentlike en produktiewe lewe, sou wees.[15]

Opdrag is gegee dat die mediese kliniek aan die werkers se geestes- asook fisiese gesondheid moes aandag gee.[16] Baie moeite is ook met die beplanning van Vanderbijlpark gedoen om 'n aangename omgewing te skep. Die dorp is ook vir 'n spesifieke inwonertal ontwerp, omdat 'n onbeheerde inwonertal in die stadsgebied tot verslegting van woonbuurte, die ontstaan van agterbuurtes en geestesvervlakking kon lei. Die beplanners van die dorp was daarom op streng afbakening van nywerheidspersele en woonbuurte ingestel.[17] Met die stigting van Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy (VESCO) het YSKOR dus gehoop om 'n goed beplande dorp tot stand te bring, waarin die inwoners goeie lewensgehalte kon geniet.[18]

6.2.2 VESCO SE BYDRAE TOT GEESTESGESONDHEID

Die beplanning van die dorp moes bydra tot 'n gesonde geestesontwikkeling van die gemeenskap.[19] Cecil Oldridge, die hoof van VESCO, moes die hele dorp van meet af aan ontwikkel. Hy het mense oor die hele wêreld gestuur om beplanningsidees te versamel.[20]

Hoewel Vanderbijlpark deeglik beplan is, het daar tog mettertyd maatskaplike probleme ontstaan.[21] 'n Groot hoeveelheid mense het teen 'n vinnige tempo na Vanderbijlpark verhuis.[22]

---

14 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

15 H.J. van der Bijl, "Die Vaal vloei voort", ..., pp.18-20.

16 Anon., "The medical clinic at Vanderbijl Park", ..., p.37.

17 H.J. van der Bijl, "Die Vaal vloei voort", ..., p.18.

18 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 12, no. 6, Jun. 1947, p.463.

19 Anon., ***YSKOR: Vanderbijlparkwerke***, p.45.

20 A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa, 1933 to 1983***, p.1.

21 ***The Star***, 18 Dec. 1942: report.

22 Anon., "Vanderbijlpark: young giant, still growing", ***Iscor News***, vol. 27, no. 11, 12 Nov. 1962, pp.12,13.

Gedurende 1942 was daar reeds 92 huise vir die eerste inwoners gereed, en 30 jaar later was die totale waardasie van grond en geboue R155 miljoen.[23]

VESCO het 'n geweldige taak met die vestiging van die mense gehad. Baie mense was nie opgewasse teen die vinnige tempo van verstedeliking nie,[24] en nieteenstaande al die maatreëls, is gevind dat die nuwe omstandighede by baie van die inwoners tot geestesvervlakking gelei het.[25] Van hulle het kerklos geword en drankmisbruik het hoogty gevier.[26]

6.2.3 DIE ONTWIKKELING VAN KERKGENOOTSKAPPE

Die kerkgenootskappe in Vanderbijlpark het aanvanklik die geestesversorging onder die inwoners behartig.[27]

In die dorpsbeplanning het VESCO vir genoegsame kerkpersele voorsiening gemaak. Gedurende 1947 kon kerke persele teen die helfte van die heersende prys van die VESCO-raad koop. Die verskillende gemeentes moes egter die nodige fondse vir die kerkgeboue vind.[28]

Die ontwikkeling van kerkgenootskappe het daarom 'n groot invloed op die kultuursituasie van die inwoners van Vanderbijlpark gehad.[29] Vanderbijlpark se religieuse komponent het sodoende 'n integrerende deel van die dorp se kultuuroptrede gevorm.[30]

Sedert 1943 is daar in private huise in Marconistraat kerkdienste gehou, omdat daar aanvanklik slegs kerkgeboue in Vereeniging was. Laerskool Hendrik van der Bijl se fasiliteite is ook vir kerkdienste gebruik. Vanaf 1948 is daar ook van tydelike geboue in CW 6 gebruik gemaak.[31] Met die groei van gemeentes het dit noodsaaklik geword om meer fasiliteite vir kerkdienste te

---

23 Anon., "Die Vaaldriehoek", ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 17, no. 11, Nov. 1972, p.15.

24 ***The Star***, 18 Dec. 1942: *report.*

25 A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa*** ..., p.1.

26 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa*** ..., p.1.

27 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

28 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting, no. 28, 21 Oct. 1947.

29 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

30 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 28, 21 Oct. 1947.

31 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark*** ..., p.8.

vind. Gedurende 1948 het private kontrakteurs ook van hul geboue vir kerkdienste beskikbaar gestel.[32]

'n Kenmerk van dié tyd was die groot hoeveelheid funksies wat vir die fondse vir die oprigting van kerkgeboue gehou is.[33] Kerkgenootskappe het dus 'n positiewe invloed op die geestesontwikkeling van die gemeenskap gehad en het vinnig in Vanderbijlpark ontwikkel.[34]

6.2.3.1 AFRIKAANSE KERKE

Die drie Susterskerke was die eerste Afrikaanse kerkgenootskappe wat in Vanderbijlpark gevestig is.[35] Mettertyd het kerke soos die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS) ook gemeentes in Vanderbijlpark gestig.[36]

6.2.3.1.1 DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE (NG) KERK

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk was een van die eerste Afrikaanse kerke wat hom in Vanderbijlpark gevestig het,[37] omdat dit al sedert 1912 'n gemeente in Vereeniging gehad het.[38] Die NG-lidmate van Vanderbijlpark het eers na Vereeniging vir eredienste gegaan.[39] Die eerste NG-gemeente van Vanderbijlpark was oorspronklik deel van die NG-gemeente van Vereeniging-Wes.[40] Op 11 Junie 1949 het die gemeente van Vanderbijlpark van die gemeente

---

32 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 28, 21 Oct. 1947.

33 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 68, 31 Jul. 1952.

34 P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark*** ..., pp.8,9.

35 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 28, 21 Oct. 1947.

36 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 68, 31 Jul. 1952.

37 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 28, 21 Oct. 1947.

38 H. Grobler, Onderhoud, 12 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

39 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal en die distrikte aan weerskante daarvan tussen Vaaldam en Barrage met besondere verwysing na die stedelike ontwikkeling in die gebied*** (ongep. D.Phil.-proefskrif, UP, 1964), p.129.

40 H. Grobler, Onderhoud, 12 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Vereeniging-Wes afgestig.[41] Hierdie gemeente se kerkgebou is egter eers op 2 Desember 1961 ingewy.[42]

Die NG Kerk het sterk groei en ontwikkeling deur die jare getoon en verskeie gemeentes is tot en met die laaste dekade gestig. Die Vanderbijlpark-Wes-gemeente het die perseel op die hoek van McColm Boulevard en Stephensonstraat in CW 5 gekoop.[43] Vanderbijlpark-Noord is saam met Vanderbijlpark-Wes in 1952 gestig. Vaalrivier is gedurende 1955 gestig, waarna die Sentraal-, Vanderbijlpark-Suid-, Elkana- en Tuinegemeentes gevolg het.[44]

6.2.3.1.2 DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Die Nederduitsch Hervormde Kerk in die Vaaldriehoek is reeds in 1913 gestig, toe die gemeente van Vereeniging tot stand gekom het. Eers 37 jaar later, met die afstigting van die gemeentes van Vanderbijlpark en Meyerton in 1950, is die Moedergemeente se lidmate in drie gemeentes verdeel. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Vanderbijlpark het met afstigting 474 lidmate gehad.[45]

Aangesien daar nog nie 'n kerkgebou was nie, is kerkdienste in die klaskamers van onder andere die Laerskool Totius en die Tegniese Kollege gehou.[46] Die Hervormde Gemeente het mettertyd tot vier gemeentes in Vanderbijlpark ontwikkel.[47]

As daar na die geografiese ligging van die ring gekyk word, is dit gemeentegewys een van die kleinste van die 33 gemeentes in die land, maar wat sieletal betref is dit een van die grootstes.

---

41 Vgl. Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerke, ***Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, 1990***, jg. 141, p.137.

42 Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Vanderbijlpark, ***Kwarteeufees, 11 Jun. 1974***, pp.11-13.

43 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 68, 31 Jul. 1952.

44 H. Grobler, Onderhoud, 12 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

45 Nederduitsch Hervormde Kerk, ***Gemeente Vereeniging: 75ste herdenking***, p.45.

46 L. Pruis e.a., ***Geskiedenis van die gemeente Vanderbijlpark vanaf 1950 tot 19...*** (ongep. verslag, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Gemeente Vanderbijlpark, s.j.), p.1.

47 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Die name van al dié gemeentes, in volgorde van ouderdom, is Vereeniging (1913), Vanderbijlpark (1950), Meyerton (1950), Duncanville (1954) en Vanderbijlpark-Oos (1958).[48]

Die betrokkenheid van die Hervormde Kerk het opheffend ingewerk op die geestesgesondheid van sy lidmate.

6.2.3.1.3 DIE GEREFORMEERDE KERK

Die Gereformeerde Gemeente in Vanderbijlpark is van die Vereeniging Gemeente afgestig, wat reeds in Mei 1927 gestig is.[49] Die lidmate van die Gereformeerde Gemeente van Vanderbijlpark het onder die Gereformeerde Gemeente op Vereeniging geresorteer, tot met die afstigting op 21 April 1951.[50]

Gedurende 1952 het die Gereformeerde Gemeente van Vanderbijlpark die perseel op die hoek van Becquerel- en Lodgestraat in CW 2 as geskenk van VESCO ontvang.[51] Die eerste predikant wat in die gemeente bevestig is, was dr. S.J. du Plessis.

Hierdie gemeente het 'n besonder sterk verantwoordelikheidsgevoel teenoor die geestesgesondheid van sy lidmate getoon en baie moeite gedoen om kerklosheid, veral onder skofwerkers, te voorkom.[52]

6.2.3.1.4 DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID-AFRIKA (AGS)

Een van die 19 Distriksrade van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika is die Distriksraad van die Vaaldriehoek.[53]

---

48 Nederduitsch Hervormde Kerk, ***Gemeente Vereeniging: 75ste*** ..., p.45; vgl. H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

49 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Inligtingstuk, Nov. 1991, pp.1-3.

50 W.J. van der Merwe, ***Gedenkboek: Gereformeerde Kerk Vereeniging, 1927-1967***, pp.44,45.

51 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 70, 27 Oct. 1952.

52 W.J. van der Merwe, ***Gedenkboek: Gereformeerde Kerk*** ..., p.46.

53 D.D. Frew, Onderhoud, 2 Des. 1992 {lidmaat van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, inligting in besit van die skrywer}.

Vanaf die vestigingstadium was daar 'n geweldige groei in hierdie Distriksraad. Die ontwikkeling was van so 'n aard dat daar mettertyd nege gemeentes in dié Distriksraad van die Vaaldriehoek was en dat die gebied van Daleside tot op Vanderbijlpark bedien is.

Dié Distriksraad se gemeentes is: Daleside, Duncanville, De Deur, Drie Riviere, Riversdale, Vanderbijlpark-Noord en Vereeniging. Alhoewel 'n Engelse gemeente van die kerk nie amptelik deel van die Distriksraad van die Vaaldriehoek vorm nie, skakel die gemeente gereeld met die Afrikaanse gemeentes. Die grootste gemeente, met ongeveer 430 gedoopte lidmate, is Vanderbijlpark-Noord.[54]

6.2.3.2 ENGELSE KERKE

Gedurende die vestigingstadium het die meerderheid van die Europese immigrante by Engelse kerke aangesluit. Hierdie gemeentes het soos die Afrikaanse gemeentes na die geestelike versorging van hul lidmate omgesien.[55]

6.2.3.2.1 DIE METODISTEKERK

Lidmate wat aan die Metodistekerk behoort het, moes aanvanklik na Vereeniging vir dienste gaan. Die eerste Engelse gemeente van die Metodistekerk is gedurende 1898 in Vereeniging gestig.[56] In 1904 het die eerste kerkgebou in Vereeniging verrys. Nadat die lidmate van Vanderbijlpark in getalle vermeerder het, is daar nie meer so dikwels van die eredienste van Vereeniging gebruik gemaak nie. Die gemeente het selfstandig geword en na Vanderbijlpark uitgebrei.[57]

Die kerkdienste van die gemeente is aanvanklik in 'n kerksaal van die Metodistekerk gehou wat eers in Oktober 1950 amptelik geopen het.[58] Dié kerk het gedurende die vestigingstadium veral die Engelssprekende blanke gemeenskap geestelike versorg.[59]

---

54 D.D. Frew, Onderhoud, 2 Des. 1992 {lidmaat van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, inligting in besit van die skrywer}.

55 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

56 Vaal Teknorama, Vereeniging, F.A.V. Day newspaper cuttings, 17 Feb. 1950 - 9 Jan. 1951, ref. no. 03/2668, ***Rand Daily Mail***, 30 Oct. 1950: report.

57 Metodistegemeente, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1950.

58 Vaal Teknorama, Vereeniging, F.A.V. Day newspaper cuttings, 17 Feb. 1950 - 9 Jan. 1951, ref. no. 03/2668, ***Rand Daily Mail***, 30 Oct. 1950: report.

6.2.3.2.2 DIE ROOMS-KATOLIEKE KERK

Die eerste mis van die Rooms-Katolieke Kerk in Vanderbijlpark is in September 1947 deur vader MacNahoe in die Laerskool Hendrik van der Bijl gehou.[60] Hierdie gemeente se lidmate het vinnig vermeerder en teen 1959 was daar reeds 375 gesinne in die gemeente geestelik versorg.[61] Hierdie gemeente se permanente kerkgebou is op 16 April 1950 voltooi.[62]

Vir die Europese immigrante was die bearbeiding deur dié kerkgenootskap belangrik en die kerk het ook dikwels as 'n veilige vesting vir haweloses gedien.[63]

6.2.3.2.3 DIE PRESBITERIAANSE KERK

Die Presbiteriaanse Kerk in Vanderbijlpark het eintlik sy beslag gekry tydens 'n vergadering wat op 20 Julie 1948 by die Laerskool Hendrik van der Bijl gehou is.[64] Die eerste kerkdienste is ook in dié skool gehou en later is kerkdienste ook by die Oliver Lodge Primary School gehou.[65]

6.2.3.2.4 DIE ANGLIKAANSE KERK

Die Anglikaanse Kerk was ook hoofsaaklik vir die Engelssprekende blanke gemeenskap verantwoordelik. Die Anglikaanse Kerk van Vanderbijlpark se lidmate het aanvanklik die dienste in Vereeniging bygewoon. Die lidmate het só vermeerder dat daar gedurende 1948 reeds 100 gesinne was wat aan die Anglikaanse Kerk behoort het, en gedurende 1949 was 200 gesinne in Vanderbijlpark woonagtig. Dit het die stigting van 'n nuwe gemeente in Vanderbijlpark genoodsaak.

Gedurende 1949 is besluit om 'n aparte gemeente vir Vanderbijlpark te stig, en eerwaarde Richardson is op 8 Mei 1950 deur die Biskop van die Anglikaanse Kerk in sy amp in die

---

59 Vaal Teknorama, Vereeniging, F.A.V. Day newspaper cuttings, 17 Feb. 1950 - 9 Jan. 1951, ref. no. 03/2668, ***Rand Daily Mail***, 30 Oct. 1950: report.

60 Church of St. Francis of Assisi, ***What! Me sacrifice?***, p.2.

61 J.G. Riddell, Onderhoud, 20 Jan. 1984 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

62 Church of St. Francis of Assisi, ***What! Me sacrifice?***, p.2.

63 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

64 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

65 Vgl. ***Vaalweekblad***, 20 Nov. 1964: berig.

Vanderbijlpark-gemeente bevestig.[66] Hierdie gemeente het veral vir Engelssprekende immigrante se geestelike versorging voorsiening gemaak.

6.2.3.3 DIE KULTUUROPTREDE VAN DIE KERKMENSE

In Vanderbijlpark het die religieuse komponent gedurende die vestigingsjare 'n integrerende deel van die kultuurlewe van die dorp se blanke inwoners gevorm.[67] Die kerkgenootskappe het daarom 'n belangrike en heilsame invloed op die geestesontwikkeling van die gemeenskap uitgeoefen.[68]

Dié invloed het egter dikwels wyer as die strukture wat die kerk verteenwoordig het, gestrek.[69] Die rede hiervoor was dat sommige inwoners ter wille van sosiale aanvaarding slegs kerk toe gegaan het omdat hul gemeen het dat dit so hoort.[70]

Die Afrikaanse kerke se lidmate was konserwatief in hul optrede.[71] Die kinders is konserwatief grootgemaak en hul kategese was daarom ook ingestel om 'n sober en Calvinistiese leefwyse te vestig. Die Hervormde Kerk se kinders het byvoorbeeld nie in skole waar Hallelujaliedere gesing is, saamgesing nie.[72]

Die kleredrag wat na kerkdienste en kerkvergaderings gedra is, was ook formeel.[73] Die kerkraadslede van die Hervormde Kerk het nog in die vyftigerjare stywe wit boordjies, 'n strikdas en manel na die kerkdienste gedra. Aanvanklik het die Hervormde Kerk se kerkraadslede ook

---

66 St. Mary & St. John Church Vereeniging, ***The growth of a parish, 1902-1962***, p.3.

67 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

68 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

69 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. R.E. Murphy, ***The American city: an urban geography***, p.403.

70 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 68, 31 Jul. 1952; P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

71 L. Pruis e.a., ***Geskiedenis van die gemeente Vanderbijlpark*** ..., pp.1,2.

72 Nederduitsch Hervormde Kerk, ***Gemeente Vereeniging: 75ste*** ..., p.45; H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

73 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

met hul ampsdrag kerkraadsvergaderings bygewoon. Tot ongeveer 1970 sou daar beswaar gewees het indien 'n kerkraadslid 'n vergadering sonder sy ampsdrag bywoon.[74]

Die Afrikaanse kerke se vrouens het gedurende die vestigingsjare nog almal hoede kerk toe gedra.[75] Aangesien Vanderbijlpark aanvanklik hoofsaaklik uit jongmense bestaan het, was daar Sondae 'n groot hoeveelheid babas by die kerkdienste teenwoordig. Die mense was oor die algemeen arm en baie het nie motors besit nie.[76]

Hoewel die geestesgesondheid van die gemeentelede meestal positief deur die grootskaalse betrokkenheid van die kerkgenootskappe beïnvloed is, was daar nog leemtes in die kultuuroptrede van sommige van die inwoners van Vanderbijlpark wat gedurende die voorspoedstadium baie aandag sou vereis.[77]

6.2.4 SAMEVATTING

Die kultuurorganisering wat gedurende die vestigingstadium op die terrein van geestesgesondheid plaasgevind het, het voor verskeie probleme te staan gekom. Hierdie probleme is veroorsaak deur verstedeliking, asook die immigrante se verblyf in 'n nuwe vaderland. Daar was baie aanpassingsprobleme wat geestesversorging genoodsaak het.

YSKOR, kerkgenootskappe, verenigings en organisasies het maatreëls getref om die geestesgesondheid van die gemeenskap op 'n gesonde vlak te hou. Daar is veral aan die blanke inwoners, by wie die nuwe omstandighede in Vanderbijlpark tot geestesvervlakking gelei het, aandag gegee. Dit is opvallend dat daar gedurende die vestigingstadium genoeg fondse vir geestesversorging van die blanke nywerheidsgemeenskap beskikbaar was.

Die resultaat van die dienste was dat geestesversorging 'n positiewe invloed op die behoud en bevordering van die kultuurvlak van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gehad het.

---

74 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

75 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

76 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

77 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

6.3 GEESTESGESONDHEID GEDURENDE DIE VOOR-SPOEDSTADIUM, 1960-1978

Die voorspoed wat dié stadium gekenmerk het, het 'n merkbare materialistiese en permissiewe invloed op die geestesgesondheid van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gehad.[78] Die gevolg hiervan was dat kerkgenootskappe, welsynorganisasies en die Geestesgesondheidsvereniging maatreëls moes tref om die geestesgesondheid van die gemeenskap van verwêreldliking te vrywaar.[79]

6.3.1 DIE GEESTESGESONDHEIDSVERENIGING

Die inisiatief vir die stigting van die Geestesgesondheidsvereniging is in dié tydperk deur die Welsynafdeling van YSKOR geneem.[80] Hierdie vereniging het gedurende die voorspoedstadium 'n belangrike en noodsaaklike invloed op die geestesontwikkeling van die blanke gemeenskap uitgeoefen.[81] Die vereniging se taak is egter bemoeilik deurdat dit teen die agtergrond van 'n groot en snelle bevolkingskonsentrasie in die Vaaldriehoek moes funksioneer.[82]

Die Geestesgesondheidsvereniging het gevind dat daar verskillende sosiale probleme wat tot geestesvervlakking gelei het in Vanderbijlpark ontstaan het.[83] Materialisme wat 'n wêreldtendens was, het ook gedurende die voorspoedstadium in Vanderbijlpark inslag gevind.[84]

In die Vaaldriehoekgemeenskap was die behoefte aan 'n Geestesgesondheidsvereniging onvermydelik.[85]

---

78 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

79 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 31 Mrt. 1976.

80 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

81 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 31 Mrt. 1976.

82 Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ***South African Municipal Magazine***, vol. 31, no. 363, Nov. 1947, p.35.

83 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ***Municipal Affairs***, vol. 28, no. 329, Jan. 1963, pp.11,14.

84 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. E.L.P. Stals, ***Afrikaners in die goudstad***, deel 2: 1924-1961, p.119.

85 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

Tydens die totstandkoming van hierdie vereniging was die beraamde blanke bevolking van die Vaaldriehoek sowat 90 000 mense.[86] Na 'n periode waartydens weinig van hierdie organisasie verwag kon word as gevolg van die algehele gebrek aan fondse, het die vereniging met 'n psigiatriese konsultasiekliniek in rondawels te Einsteinstraat begin.[87]

Dr. E.M. van Wyk van Vereeniging, wat die enigste praktiserende psigiater in die Vaaldriehoek was, het Vrydae een vieruursessie in die kliniek waargeneem. Die Departement van Gesondheid het 'n vasgestelde vergoeding aan hom betaal. Gedurende 1973 het daar verligting gekom toe Vanderbijlpark se Mediese Bystandsfonds met 'n deeltydse psigiatriese paneel begin het.[88] Hierdie hulp het die Geestesgesondheidsvereniging in staat gestel om hul doelwitte op 'n meer positiewe wyse te verwesenlik.[89]

Die vereniging se belangrikste doelwitte was gemeenskapsontwikkeling en die opheffing van die geestesgesondheid van die gemeenskap.[90] Gevolglik was die vereniging betrokke by die voorkoming en vermindering van verstandelike gestremdheid.[91] Die vereniging het hul ook ten doel gestel om die verbeterde sorg, behandeling, ondersoek en toesig van persone wat aan senuweeprobleme of verstandelike gestremdheid gely het, moontlik te maak. Daarom is voorsiening gemaak vir spesiale sorg, toesig en opvoeding van verstandelik gestremdes.[92]

'n Ander belangrike diens wat die vereniging verskaf het, was die administrasie van voorligtingsklinieke ten behoewe van kinders, adolessente en volwassenes wat tekens van gedragsprobleme getoon het. Die inwin en verspreiding van betroubare inligting oor psigiese faktore en probleme rakende opvoeding, misdaad, dwelmafhanklikheid of sake verwant aan die breë terrein van menslike gedrag, is hanteer.[93]

---

86 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Voorsittersverslag, 14 Jun. 1973.

87 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Notule, 10 Mrt. 1970.

88 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Inligtingstuk no. 2, Jun. 1973.

89 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 11 Sep. 1975.

90 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Konstitusie, 23 Apr. 1970.

91 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 19 Jun. 1978.

92 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 19 Jun. 1978.

93 J. Taute, Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Voorsitster van die Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, inligting in besit van die skrywer}.

Dit was ook belangrik dat die Geestesgesondheidsvereniging die publiek se belangstelling deur middel van lesings of ander metodes geprikkel het.[94] Samewerking met regeringsdepartemente, inrigtings van plaaslike besture, vrywillige welsynorganisasies en private persone was nodig om die nodige dienste te kon lewer.[95] Hierdie samewerking was veral nodig vir die hantering van gevalle van verstandelike gestremdheid of epilepsie. Samewerking was ook nodig vir die bevordering van skemas vir die sorg, opheffing en indiensplasing van gestremde persone, asook die stigting van beroepsentrums vir gestremdes.[96]

Die werksaamhede van dié vereniging is deur 'n Bestuurskomitee, 'n Uitvoerende Komitee, Staande Subkomitees en ander komitees uitgevoer, om bogenoemde doelstellings na te streef en werksaamhede suksesvol te kon laat verloop.[97] Dié komitees het inderdaad gedurende die voorspoedstadium aktief aan die doelstellings gewerk. Hand aan hand met die werksaamhede van dié vereniging loop die betrokkenheid van die verskillende kerkgenootskappe by geestesgesondheid.

6.3.2 KERKGENOOTSKAPPE SE BETROKKENHEID

Die ontwikkeling van verskillende kerkgenootskappe in Vanderbijlpark en hul betrokkenheid by geestesgesondheid het 'n belangrike rol in die behoud van 'n aanvaarbare vlak van geestesgesondheid gespeel. Daar was egter probleme met kerklike betrokkenheid van lidmate, en maatreëls om die geestesgesondheid van die individu te verbeter, is gevolglik deur kerkgenootskappe ingestel.

Die NG Kerk het in Vanderbijlpark tot 14 gemeentes vermeerder, waarvan 12 gemeentes in die dorp en twee gemeentes, die Vaalrivier- en Tuinegemeentes, buite die dorp gesetel was. Gedurende die voorspoedstadium was daar 25 predikantsposte in die 14 gemeentes van die NG-kerke in Vanderbijlpark om die groot getal lidmate te bearbei.[98]

Die Nederduitsch Hervormde Kerk het sodanig gegroei dat die Ring van Vereeniging reeds gedurende die voorspoedstadium uit elf gemeentes bestaan het. Die gemeentes Drie Riviere

---

94 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 19 Jun. 1978.

95 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 12 Aug. 1976.

96 J. Taute, Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Voorsitster van die Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, inligting in besit van die skrywer}.

97 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Konstitusie, 23 Apr. 1970.

98 H. Grobler, Onderhoud, 12 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

GRAFIEK 6.1



A.J.G. Oosthuizen, 'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ... (ongep. D.Phil.-proefskrif, PU vir CHO, 1964).

(1961), Rietspruit (1965) en Vanderbijlpark-Suid (1975) is gedurende die voorspoedstadium gestig. Die grootste gemeente in die ring was Vanderbijlpark-Suid, met 'n sieletal van 1 371.[99]

Soos op grafiek 6.1 waargeneem kan word, het die NG Kerk die grootste getal lidmate van die drie Afrikaanse Susterskerke gehad.[100] Gedurende 1964 het die lidmate van die NG Kerk 71,8%, die Hervormde Kerk 20,0% en die Gereformeerde Kerk 8,2% van die totale getal lidmate van die Susterskerke verteenwoordig.

In hierdie stadium het die drie Afrikaanse Susterskerke 52,8% van die totale blanke bevolking van Vanderbijlpark verteenwoordig[101]

Die kultuuropset van die kerkgenootskappe in Vanderbijlpark was daarop gerig om die hele gemeenskap ten opsigte van geestesgesondheid te dien.[102] Daar het egter ook knelpunte in die kerklike betrokkenheid voorgekom wat vervolgens kortliks toegelig word.[103]

Die werksomstandighede van lidmate het hul betrokkenheid by hul gemeentes se aktiwiteite nadelig beïnvloed.[104] Meer as die helfte van die gesinne van Vanderbijlpark was gedurende die voorspoedstadium op een of ander manier by fabrieke betrokke. Baie lidmate was skofwerkers en het daarom geen vaste slaappatroon of etenstye gehad nie.[105]

So 'n gesin se lewenswyse is soms heeltemal ontwrig, omdat dié gesinne later nie meer as 'n eenheid kerk toe kon gaan nie.[106] Dié kerklosheid het tot geestesvervlakking van die gesin gelei.

---

99 L. Pruis e.a., ***Geskiedenis van die gemeente Vanderbijlpark*** ..., pp.1,2,3; vgl. H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

100 *Kyk grafiek 6.1, p.245a; Nederduitsch Hervormde Kerk, **Gemeente Vereeniging: 75ste** ..., p.45.*

101 Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Vanderbijlpark, ***Kwarteeufees, 11 Jun. 1974***, pp.11-13.

102 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

103 H. Grobler, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

104 Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme (SANRA), Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1976.

105 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

106 Familie- en Huweliksvereniging van Suid-Afrika (FAMSA), Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1979.

In sommige gemeentes is daar ook 'n tekort aan ouderlinge en diakens ondervind. 'n Hoë mobiliteit ten opsigte van werkverskuiwing het nie net die stabiliteit in die gesin aan bande gelê nie, maar het ook die rondtrekkende gesin se kerklike betrokkenheid erg benadeel. Dié situasie het ook kerklike dissipline en tug moeilik gemaak.

Predikante in Vanderbijlpark het soms ervaar dat dit moeilik was om hul roeping in die nywerheidgemeenskap na te kom. 'n Proponent moes verkieslik eers ervaring elders opdoen en sy voete vind voordat hy 'n beroep na die Vaaldriehoek kon aanvaar.[107] Die ervaring van predikante was dat kerklike bediening in die Vaaldriehoek totaal anders was as wat in ander gemeentes die geval was.[108]

Die kerkgenootskappe het by hierdie bogenoemde omstandighede probeer aanpas deur verskillende maatreëls in werking te stel.[109] Dit was daarop gemik om die hele gemeenskap se geestesgesondheid te bevorder.[110]

Die kerkgenootskappe in Vanderbijlpark het dit daarom as hul taak gesien om die immigrante geestelik te versorg.[111] Hierdie doelwit was egter nie maklik realiseerbaar nie, omdat daar groot kultuurverskille in die volke in Vanderbijlpark voorgekom het.[112] 'n Ander probleem rondom die geestelike versorging van die immigrante deur die Afrikaners was dat die Afrikaners 'n beleërde kultuuragtergrond gehad het, en gemeen het dat die groot hoeveelheid immigrante 'n bedreiging vir hul kultuur ingehou het.[113]

Hierdie houding van die Afrikaners is deur die immigrantebeleid van YSKOR versterk. Dit wil voorkom asof YSKOR se betrokkenheid by die immigrante veroorsaak het dat die Afrikaners gemeen het dat die immigrante bevoordeel word.[114]

---

107 H. Grobler, Onderhoud, 15 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

108 Nederduitse Gereformeerde Kerke, ***Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, 1988***, jg. 139, p.302.

109 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

110 K. du Preez, Onderhoud, 10 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

111 H. Grobler, Onderhoud, 15 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

112 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ..., pp.11,14

113 Vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek na die stede en ander opstelle***, p.156.

114 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ..., p.14.

Daar is selfs gedurende die sestiger- en sewentigerjare na Vanderbijlpark verwys as 'n samelewing wat in 'n groot mate met 'n Engelse sosialistiese samelewing sou ooreenstem.[115] Die beleërde kultuurhouding van die Afrikaners was ook in die kerke merkbaar. Hierdie houding het geestelike bearbeiding van die immigrante bemoeilik.

Nieteenstaande hierdie houding van sommige lidmate van die Afrikaanse kerke het van die predikante van die Afrikaanse kerke Engelse eredienste gehou. Ds. Gerrie Dooyer van die NG Gemeente Suid het byvoorbeeld van hierdie dienste vir die immigrante gehou. Mettertyd is gevind dat die Engelse, Duitsers en Nederlanders in 'n groot mate by bestaande kerke, veral bestaande Engelse kerke, aangesluit het.[116]

Slegs een groep Protestante het onder die Portugese gewerk, naamlik die gemeente van die Assembly of God. Gedurende die laat sewentigerjare het die NG Kerk ook met bearbeiding onder die Portugese begin.[117] Ds. K. du Preez is deur die NG Portugese Gemeente beroep en na Portugal gestuur, waar hy meer omtrent die kultuur en taal van die Portugese moes leer.[118] Hierdie Portugese gemeente het baie probleme ondervind met die verkryging van 'n gebou waar hul dienste kon hou. Later het die gemeente die kerkgebou van die Sewendedagse Advendtiste gehuur.[119]

Daar is ook grootskaalse sendingwerk deur die verskillende kerke in Vanderbijlpark in die swart woonbuurte gedoen.[120] Die kultuursamestelling in Vanderbijlpark was van so 'n aard dat daar nie slegs Afrikaners en immigrante in die dorp werksaam was nie, maar ook baie swart mense.[121] Baie swart mense was ook in buitekamers op dorppersele woonagtig en selfs dié op plase en plotte is bearbei. Hierdie mense het deel van die daaglikse kultuuropset gevorm en die

---

115 Vgl. ***Rand Daily Mail***, 12 Aug. 1956: report.

116 *H. Grobler, Onderhoud, 15 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.*

117 K. du Preez, Onderhoud, 12 Feb. 1990 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. ook Nederduitse Gereformeerde Kerke, ***Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, 1988***, jg. 139, p.302.

118 K. du Preez, Onderhoud, 12 Feb. 1990 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

119 H. Grobler, Onderhoud, 15 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

120 H. van der Merwe, Onderhoud, 10 Feb. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

121 H. Mashabela, ***Townships of the PWV***, p.128; vgl. Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

kerkgenootskappe was genoodsaak om ook aan swart mense se geestelike behoeftes aandag te gee.[122]

Dit was nie altyd maklik om sendingwerk te doen nie, hoewel die geskiedenis van die sendingwerk uit die vyftigerjare dateer. Die blanke gemeenskap se houding teenoor die sendingwerk het van aktiewe meelewing tot hoegenaamd geen belangstelling nie gewissel. Die mense wat sendingwerk gedoen het, het gemeen dat die blankes in die land geplaas is om alle mense te kersten, maar ander het nie dié filosofie gedeel nie. Daar is onder leiding van die kerkgenootskappe gemeentes in Sebokeng en Bophelong gestig.[123]

Tesame met die sendingwerk is daar ook aan onderwys aandag gegee. Verskeie plaasskole is deur die kerke beheer. Daar was groepies blanke lidmate wat Sondagskool vir die swart mense gehou het en van die blanke gemeentes was met basaars by swart gemeentes behulpsaam.[124]

Die Gereformeerde Kerk se sendingwerk word as voorbeeld vermeld van die aktiewe rol wat bykans alle kerkgenootskappe in dié verband gelewer het. Die Gereformeerde Kerk van Vanderbijlpark-Suid het byvoorbeeld al gedurende Julie 1956 met die owerheid van die swart woonbuurt Boipatong in NE 2, ook genoem die Tsirelalokasie, vir 'n terrein vir dienste onderhandel. Gedurende 1964 het die destydse sendingaksie van die twee Gereformeerde gemeentes, Vanderbijlpark en Vanderbijlpark-Suid, daarin geslaag om 'n huurkontrak met die Stadsraad van Vanderbijlpark te sluit. Hierdeur kon hulle 'n standplaas in Kibistraat in Boipatong huur, en die Vanderbijlparkse Gemeente sou die helfte van die oprigtingkoste van 'n kerkgebou dra. Die boukoste het R1 560 beloop en die gebou is gedurende 1967 in gebruik geneem.

Perseel no. 4614 in Sebokeng is volgens die Gereformeerde Kerk se klassisbesluit in 1969 aan Vanderbijlpark oorgedra. Die bouwerk vir hierdie kerkgebou is gedurende 1972 begin en voltooi. Die pastorie is gedurende 1975/76 gebou en die eerste inwoner was ds. Rampa.[125]

Die kerklike werksaamhede is aktief deur die leraars hanteer. Ds. Koza se verslag van 8 Januarie 1970 van die Sebokengse Gereformeerde Gemeente toon dat daar belangrike ontwikkelinge in hierdie gemeente plaasgevind het. Gedurende 1970 was daar 144 gesinne in

122 C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. T. van der Walt, ***Report on the Vaal Triangle 1984 disturbances***, p.27.

123 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

124 H. van der Merwe, Onderhoud, 10 Feb. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

125 Vgl. Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Suid, ***Gedenkblad: kwarteeufees, 1962-1987***, p.17.

Ds. Koza se gemeente gevestig. Die jaarverslag van 1970 toon dat daar gedurende dié jaar vyf pare in die huwelik bevestig is. Veertien kinders en nege volwassenes is gedoop en 17 mense het belydenis van geloof afgelê. Daar is ook 22 mense uit ander kerkgenootskappe in die gemeente opgeneem. Die gemeente het gedurende 1970 R160 vir die armkas, R59 vir bediening en R18 vir die boufonds bygedra.[126]

Die volgende leraar van die gemeente was ds. Rampa. Sy weduwee is na sy dood deur die blanke gemeentes versorg, maar daar is nie weer 'n predikant na Sebokeng beroep nie. 'n Gedeeltelike rede hiervoor was die swak finansiële omstandighede wat geheers het. Die Vanderbijlpark-Suid-gemeente is nou nog vir die Boipatong-gemeente verantwoordelik. Broeder Pieta Mohlahlo was die helper by hierdie gemeente.[127]

Die Gereformeerde Kerk het ervaar dat daar 'n behoefte onder die swart kerkleiers was om opleiding in die Bybel te ontvang. 'n Kursus in samewerking met die Vaaldriehoekkampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) is in Sebokeng aangebied.

'n Sendingaksieplan het dus in samewerking met die kerkgenootskappe van Vanderbijlpark tot stand gekom nieteenstaande die probleme rondom fondse, tyd, hulp en 'n plek waarvandaan die aktiwiteit geloods kon word.[128]

6.3.3 ANDER ORGANISASIES SE BETROKKENHEID

Verskeie ander organisasies het ook direk en indirek 'n bydrae tot die geestesgesondheid van veral die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gelewer.[129]

Dit is reeds duidelik dat YSKOR 'n belangrike bydrae tot die maatskaplike sorg en dus ook indirek tot die geestesgesondheid van die gemeenskap van Vanderbijlpark gelewer het.[130]

---

126 Gereformeerde Kerk Sebokeng, Jaarverslag, 1970.

127 Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Suid, ***Gedenkblad: kwarteeufees*** ..., p.17.

128 Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Suid, ***Gedenkblad: kwarteeufees*** ..., p.17.

129 Kyk p.253.

130 F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ***Volkshandel***, vol. 26, no. 8, Okt. 1965, p.17.

Hiernaas het die Vereniging vir Liggaamlik Gestremdes[131] se werksaamhede om die behoeftes en geestelike versorging van die gestremdes van Vanderbijlpark gewentel.[132]

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme (SANRA)[133] was ook by die geestelike welsyn van die gemeenskap betrokke,[134] deur aksies te loods om die gemeenskap van die voordele van 'n gesonde leefwyse bewus te maak.[135]

Noodlyn[136] het 'n belangrike diens gelewer omdat dit 'n diens is wat gewoonlik nie deur ander welsynorganisasies verskaf word nie.[137] Noodlyn is 'n adviessentrum met 'n telefoonadviesdiens wat vir 24 uur per dag beskikbaar is.[138]

Die Familie- en Huweliksvereniging van Suid-Afrika (FAMSA)[139] het insgelyks 'n belangrike bydrae tot die geestesgesondheid van die gemeenskap van Vanderbijlpark gemaak.[140] FAMSA se werksaamhede het rondom die bevordering en instandhouding van 'n gesonde en kwaliteithuweliks- en -gesinslewe gewentel.[141]

Die doel van Jeugland Tehuis vir Bejaardes[142] was om 'n tuiste vir bejaardes, waar hulle fisies en geestelik versorg kon word, te verskaf.[143] Hierdie ouetehuis het in 'n groot mate in die nood van die bejaardes voorsien.[144]

---

131 Kyk hoofstuk 2, pp.101,102.

132 Kyk hoofstuk 2, pp.101,102.

133 Kyk hoofstuk 2, p.102.

134 SANRA, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1979; kyk hoofstuk 2, p.102.

135 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Mar. 1970: report; kyk hoofstuk 2, p.103.

136 Kyk hoofstuk 2, p.105.

137 Noodlyn, Vaaldriehoek, Konstitusie, Okt. 1983, p.1.

138 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 23 Jan. 1970: report; kyk hoofstuk 2, p.105.

139 Kyk hoofstuk 2, p.106.

140 FAMSA, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1979; kyk ook hoofstuk 2, p.106.

141 Kyk hoofstuk 2, p.106.

142 Kyk hoofstuk 2, p.106.

143 S. Mouton, Onderhoud, 6 Jun. 1991 (NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

144 Kyk hoofstuk 2, p.107.

Die Catherine Robson Kinderhuis[145] het die geestelike versorging, volledige opvoedende versorging en remediërende behandeling van kinders ten doel gehad.[146] Deur die jare het hierdie kinderhuis 'n belangrike bydrae tot die versorging van hawelose kinders gelewer.[147]

Die doel van die Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI)[148] was nie net om die immigrante met inskakeling by die gemeenskapslewe te help nie, maar ook om die immigrante geestelik te versorg.[149] Hierdie organisasie het ten nouste op geestelike vlak met die kerke saamgewerk. Daar was byvoorbeeld 'n beroep van die NG Sinode se kant op sy gemeentes en kerkrade om die MEI aktief en finansieel te steun.

'n Belangrike bydrae tot die geestesversorging van die blanke gemeenskap was dat die NG Kerk se kerklike en maatskaplike dienste en Jeugland Tehuis vir Bejaardes ook by die gekoördineerde welsynorganisasies betrokke was. Daar is in die tydperk ook 'n tak van die Christelike alkoholistediens onder beskerming van die NG Kerk, met 'n pastorale spreekkamer in Vanderbijlpark, gestig.[150]

6.3.4 SAMEVATTING

Gedurende die voorspoedstadium is deur middel van die kultuurorganisering op die terrein van geestesgesondheid gepoog om die kultuurvlak van die blanke gemeenskap te verhoog.

Die maatreëls wat deur die kerke en geestesgesondheidsinstansies ingestel is, was noodsaaklik omdat geestesvervlakking as gevolg van materialisme gedurende die voorspoedstadium onder die blanke gemeenskap toegeneem het.

Gedurende dié stadium het die Geestesgesondheidsvereniging, die betrokke welsynorganisasies en die kerkgenootskappe wel oor die nodige fondse beskik om hul dienste aan die blanke gemeenskap te lewer. In Vanderbijlpark is egter nie op groot skaal vir die geestesgesondheid van die swart mense voorsiening gemaak nie, hoewel fondse beskikbaar was.

---

145 Kyk hoofstuk 2, pp.107,108.

146 D.J. Nel, Onderhoud, 14 Mei 1991 {Hoof van Catherine Robson Kinderhuis, Vereeniging, inligting in besit van die skrywer}.

147 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 Jan. 1970: report; kyk hoofstuk 2, p.107.

148 Kyk hoofstuk 2, pp.97,98.

149 Kyk hoofstuk 2, pp.97,98.

150 H. Grobler, Onderhoud, 15 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Die resultaat van die werksaamhede van geestesversorgingsverenigings gedurende die voorspoedstadium was dat die dienste aan die blanke gemeenskap 'n stadig stygende ontwikkelingslyn getoon het.

6.4 GEESTESGESONDHEID GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992

Die lewensomstandighede gedurende die laaste stadium het 'n negatiewe invloed op die geestesgesondheid van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark gehad.[151] Die geestesgesondheid van sommige van die mense is deur verskeie faktore, soos bedrukte ekonomiese en onstuimige politieke omstandighede verswak.[152] Hierdie faktore het veroorsaak dat maatreëls om die geestestoestand op 'n bevredigende vlak te hou, ingestel is.[153] Die Geestesgesondheidsvereniging, welsynorganisasies en kerkgenootskappe het belangrike bydraes gelewer om die doelwit te bereik.

6.4.1 DIE KOÖRDINERENDE WELSYNSRAAD

Welsynorganisasies was daarop ingestel om die kultuurvlak van die individu op 'n aanvaarbare vlak te hou, deur indirek by die geestesgesondheid van individue in nood betrokke te raak.[154]

Gedurende die stabiliseringstadium het dit belangrik geword dat die werksaamhede van die verskillende welsynorganisasies gekoördineer word en so het die Koördinerende Welsynsraad ontstaan.[155] Die doelstellings van die organisasie was:

- Die koördinering van werksaamhede met die doel om fondse in te samel en te verdeel.
- Die gekoördineerde uitbreiding van welsyndienste volgens nuwe maatskaplike behoeftes wat geïdentifiseer word.

---

151 ***Vaalweekblad***, 20 Nov. 1979: berig.

152 ***Vaalweekblad***, 17 Aug. 1984: berig; ***Die Vaderland***, 12 Okt. 1984: berig; ***Vaalster***, 24 Nov. 1989: berig; ***Vaalweekblad***, 17 Nov. 1989: berig.

153 Koördinerende Welsynsraad, Vanderbijlpark, Notule, Aug. 1989.

154 Kyk hoofstuk 2, p.97.

155 Kyk hoofstuk 2, p.117.

- Die voorsiening en skepping van fasiliteite vir die uitvoering van 'n professionele, effektiewe welsyndiens, in samewerking met alle deelnemende organisasies.

- Die vestiging van 'n inligtingsdiens aan verenigings, welsynorganisasies en die publiek.[156]

Die Koördinerende Welsynsraad het as oorkoepelende liggaam sedert 1986 die invloed van die werkloosheidsprobleem op gesinne probeer verlig. Gedurende hierdie jaar is vasgestel dat daar nagenoeg 20 000 geregistreerde blanke werkloses in die Vaaldriehoek was. Die Koördinerende Welsynsraad het organisasies opgeroep om met groot empatie na bona fide-gevalle van werkloosheid om te sien.[157]

Gedurende 1989 het die Koördinerende Welsynsraad, as gevolg van swak ekonomiese omstandighede, krisishuisvesting aan hulpbehoewendes beskikbaar gestel.[158] Vanaf 14 November 1989 is daar 'n huis voorsien waar mense, wat op kort kennisgewing hulp nodig gehad het, geholpe kon raak. Daar is byvoorbeeld met vervoer, meubels, voedsel, water en elektrisiteitsrekeninge gehelp.[159] 'n Predikant het ook aandag aan die geestelike behoeftes van die betrokkenes gegee.[160]

6.4.2 DIE GEESTESGESONDHEIDSVERENIGING

Die Geestesgesondheidsvereniging het veral gedurende die laaste dekade 'n belangrike rol in geestesversorging gespeel.[161] Die vereniging het 'n toenemend moeiliker wordende taak gehad om die inwoners se geestesgesondheid op 'n hoë vlak te hou.[162] Die vereniging se werksaamhede het 'n wye verskeidenheid vakkundige dienste behels. Individue en gesinne is vir berading, behandeling en ondersteuning na psigoloë en maatskaplike werkers verwys.[163] Die

---

156 Koördinerende Welsynsraad, Vanderbijlpark, Konstitusie, 1990.

157 Koördinerende Welsynsraad, Vanderbijlpark, Notule, 2 Feb. 1987.

158 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

159 Koördinerende Welsynsraad, Vanderbijlpark, Notule, 13 Des. 1989.

160 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

161 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 12 Sep. 1989.

162 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 17 Sep. 1990.

163 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 12 Sep. 1989.

vereniging se dienste is verstewig deurdat die Sterkfontein Hospitaal en die Psigiatriese Gemeenskapsdiens, psigiatriese en kliniese sielkundige dienste in die gemeenskap gelewer het.[164]

Intensiewe dienste kon gevolglik aan 'n groot hoeveelheid mense in Vanderbijlpark gelewer word.[165] Gedurende 1990 het 145 persone van hierdie professionele diens gebruik gemaak. Dit het byvoorbeeld dienste soos krisishantering, beraad ten opsigte van emosionele probleme, selfbeeldopbouing en positiewe versterking, depressie en spanningshantering, gesinsterapie en huweliksberaad, behuisingsprobleme en finansiële krisisse ingesluit.[166]

Die verswakkende ekonomiese en maatskaplike omstandighede gedurende die stabiliseringstadium het egter veroorsaak dat die vereniging by veranderde omstandighede moes aanpas.[167] As gevolg van die hoë selfmoordsyfer in die Vaaldriehoek moes die maatskaplike werkers van die Geestesgesondheidsvereniging, die hospitaal, Noodlyn, psigiatriese susters van die Psigiatriese Gemeenskapsdiens en geneeshere 'n spanbenadering volg om die pasiënte te ondersteun. Daadwerklike opvolgwerk is by naasbestaandes van selfmoordpasiënte gedoen om die voorvalle te verminder. Pasiënte en hul naasbestaandes is ook by die terapeutiese sessies betrek.[168]

Benewens al hierdie werksaamhede was dié vereniging ook genoodsaak om verskeie inligtingspraatjies by kerke, Noodlyn en studentegroepe te hou.[169] Daar is ook verskeie uitstallings in biblioteke en by ander instansies gehou om die gemeenskap in te lig oor wie en wat die Geestesgesondheidsvereniging is.[170]

Die Geestesgesondheidsvereniging het, veral gedurende die stabiliseringstadium, sy aandag op voorkomende dienste toegespits.[171] Die Uitvoerende Komitee het op skoolvlak maatreëls

164 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 17 Sep. 1990.

165 J. Taute, Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Voorsitster van die Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, inligting in besit van die skrywer}; Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 12 Sep. 1986.

166 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 17 Sep. 1990.

167 ***Vaalweekblad***, 25 Mei 1984: berig.

168 Gesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 12 Sep. 1989.

169 J. Taute, Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Voorsitster van die Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, inligting in besit van die skrywer}.

170 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 17 Sep. 1990.

171 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 27 Sep. 1988.

ingestel om die geestesgesondheid van kinders te bevorder, met die oog daarop om latere gesonde lewensaanpassing oor 'n breë spektrum te bewerkstellig.[172] Daar is pogings aangewend om die gedrag van skoolkinders positief te bevorder en trofeë is daarvoor aangebied. Dié program van die Geestesgesondheidsvereniging het 'n dubbele doel gehad, naamlik om goeie akademiese en kulturele prestasie op skool, asook voorbeeldige gedrag, as 'n faktor wat hoog geag en met ywer nagestreef behoort te word, uit te lig. Dié gedragselement moes selfstandig beoordeel word en nie met 'n kind se status, persoonlike talent en die skoolvereistes verwar word nie. 'n Goedgebalanseerde mens, wat goed aangepas is, is in vooruitsig gestel, afgesien van die spesifieke beroepstatus wat die persoon later kon bereik.[173] Die Geestesgesondheidsvereniging het daarom ook 'n bydrae tot die ontwikkeling van naskoolsentrums gemaak.[174]

Die vereniging het ook besef dat die groot aantal bejaardes in Vanderbijlpark steeds 'n aktiewe rol in die gemeenskapslewe kon vervul en het daartoe oorgegaan om dienste deur bejaardes te inisieer. Die strategie het onverwagte suksesse behaal, omdat 'n groep vrywillige werkers hul ervaring en kundigheid in die gemeenskap teruggeploeg het.[175]

Die vereniging het ook aan die assimilasieproses van die immigrante aandag gegee. Maatreëls is getref om die Afrikaners en die immigrante bymekaar uit te bring. 'n Verskeidenheid aktiwiteite soos toere na die Kruger Wildtuin, Golden Gate, die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU), Sebokeng en verskeie aanduitstappies na Johannesburg is vir die immigrante gereël. Lang toere is gewoonlik deur 'n reünie opgevolg.

Nieteenstaande die feit dat die vereniging voorkomende dienste gelewer het, het gemeenskapswerk steeds 'n belangrike deel van die vereniging se werksaamhede uitgemaak.[176] Die rede hiervoor was dat die vinnig veranderende lewensomstandighede gedurende die vroeë negentigerjare 'n ontwrigtende invloed op die geestestoestand van die gemeenskap van Vanderbijlpark gehad het.[177] Gedurende April 1990 moes 'n bykomende groep vrywillige

172 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

173 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 10 Jun. 1981.

174 J. Taute, Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Voorsitster van die Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, inligting in besit van die skrywer}.

175 S. Mouton, Onderhoud, 6 Jun. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 12 Aug. 1976.

176 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 17 Sep. 1990.

177 ***Die Transvaler***, 14 Mei 1990: berig; ***Vaalweekblad***, 9 Jun. 1989: berig; ***Vaalweekblad***, 9 Jul. 1985: berig.

helpers daarom gekeur en opgelei word om met gemeenskapswerk behulpsaam te wees.[178] Daar moes selfs 'n groepshuis vir oud-Sterkfonteinpasiënte geopen word om in hul aanpassingsbehoeftes te voorsien. Die huis is deur mans bewoon en intensiewe dienste is deur maatskaplike werkers van die vereniging aan dié mense gelewer.[179]

Die vereniging het ook aan opleiding aandag gee. Verskillende seminare en indiensopleidingsgeleenthede is deur 'n korps vrywillige werkers, psigoloë en maatskaplike werkers bygewoon. Inligting oor psigiatriese medikasie en prosedures in verband met enkelsorg- en ongeskiktheidstoelaes is bespreek en sake soos seksterapie, satanisme, VIGS, groepwerk met selfmoordpasiënte en geestesgesondheid vir die gesin het ook aandag geniet.[180]

Die werksaamhede van die vereniging was dus omvangryk, wat 'n aansienlike finansiële behoefte tot gevolg gehad het.[181] Gedurende die stabiliseringstadium moes die Geestesgesondheidsvereniging derhalwe by verskeie instansies vir finansiële steun aansoek doen.[182] Gedurende 1990 het dié vereniging hulp van die staat in die vorm van subsidies ontvang en die Nasionale Raad vir Voorligting het advies en leiding beskikbaar gestel. Die Vanderbijlparkse Gemeenskapskas het bykomende finansiële ondersteuning gebied. Die Koördinerende Welsynsraad is ook vir ondersteuning en samewerking, en YSKOR se Behuisingsafdeling vir akkommodasie, genader.[183] Die professionele instansies se samewerking en dienste het belangrike ondersteuningshulp vir die vereniging gelewer. Die stadsrade van die Vaaldriehoek en die Juniorstadsraad van Vanderbijlpark het die vereniging ook finansieel ondersteun.[184] Organisasies en instansies soos die Rotariërs, Phedisang Women's Group, Khutlo Tharo Co-ordinated Welfare Board, die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (ESKOM) en die publiek het heelwat fondse en hulp aan die Geestesgesondheidsvereniging gebied.[185] Dié fondse het die vereniging in staat gestel om onverpoosd dienste te verskaf wat 'n groot bydrae gelewer het om die geestestoestand van die mense van Vanderbijlpark op 'n aanvaarbare vlak te

178 ***Vaalweekblad***, 14 Sep. 1984: berig; ***Vaalweekblad***, 23 Jun. 1989: berig.

179 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 17 Sep. 1990.

180 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 6 Feb. 1986.

181 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 12 Feb. 1991.

182 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Notule, 4 Des. 1990.

183 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 17 Sep. 1990.

184 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

185 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 17 Sep. 1990.

GRAFIEK 6.2

GEESTESGESONDHEID
NUWE PASIëNTE



Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslae, 1970-1990.

hou.[186] Alhoewel die finansiële verslag van 1986 die noodgedwonge uitbreiding van dienste vermeld het, kon dit egter as gevolg van 'n vermindering in inkomste nie gerealiseer word nie.[187]

Die werksaamhede van die Geestesgesondheidsvereniging het toegeneem as gevolg van die verandering wat in die kultuursituasie van Vanderbijlpark ingetree het.[188] Volgens statistiek van die Geestesgesondheidsvereniging, soos wat in grafiek 6.2 waargeneem kan word, is daar jaarliks steeds meer nuwe pasiënte deur dié vereniging behandel.[189]

Van 1986 is daar ook leemtes met die behandeling van swart mense ondervind. Komiteelede van verenigings in die swart woonbuurte, digby Vanderbijlpark, het nie die komiteevergaderings bygewoon nie.[190] Hierdie situasie het 'n ongesonde invloed op die werksaamhede van die vereniging asook organisasies en kerke wat met geestesgesondheid gemoeid was, gehad.

Gedurende 1988 is in die jaarverslag gemeld dat die landsekonomie nie stimulerend vir vinnige diensuitbreiding was nie. Daar moes noodwendig gepoog word om met deeglike beplanning optimaal aan die behoeftes van die toenemende getal pasiënte te voldoen.[191]

Oor die algemeen was die resultaat van die Geestesgesondheidsvereniging se betrokkenheid by die blanke gemeenskap se geestesgesondheid egter baie positief. Hierdie vereniging se betrokkenheid, veral gedurende die stabiliseringstadium, het aan die inwoners verligting van spanning en stres gebied.[192] 'n Ciba Geigy-navorsingsprojek, wat gedurende die laaste stadium uitgevoer is, toon dat stres in die Vanderbijlpark-Vereeniging-gebied die hoogste in die land was. Die betrokkenheid van die Geestesgesondheidsvereniging by die toenemende tienerselfmoordpogings toon die disfunksie van die jong blankes aan. Daarbenewens toon die jaarverslag die groot hoeveelheid probleme wat met disfunksie in die gesinsverband en

186 J. Taute, Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Voorsitster van die Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, inligting in besit van die skrywer}; Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 17 Sep. 1990.

187 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

188 ***Vaalweekblad***, 14 Sep. 1984: berig; ***Vaalster***, 23 Aug. 1991: berig; FAMSA, Vanderbijlpark, Notule, Nov. 1989.

189 Kyk grafiek 6.2, p.257a.

190 ***Vereeniging en Meyerton Ster***, 21 Jun. 1985: berig.

191 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Finansiële verslag, 1988.

192 J. Taute, Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Voorsitster van die Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, inligting in besit van die skrywer}.

maatskaplike omstandighede te make het. Hierdie wanklanke en versteurde verhoudinge het 'n merkbare invloed op die geestelike toestand van die mense uitgeoefen.[193]

6.4.3 KERKGENOOTSKAPPE SE BETROKKENHEID BY GEESTES-GESONDHEID

Gedurende die stabiliseringstadium was die verskillende kerkgenootskappe in Vanderbijlpark aktief met die geestesversorging van die inwoners besig,[194] wat in die stigting van nuwe gemeentes waarneembaar was. Die gemeentes Meyerton-Suid, Sonlandpark en Drie Riviere-Oos van die Nederduitsch Hervormde Kerk is byvoorbeeld in 1983[195] gestig. Faktore soos die gespanne politieke situasie het 'n beperkende invloed op die werksaamhede van die kerkgenootskappe gehad.[196] Dié genootskappe se werksaamhede was gedurende die stabiliseringstadium veral op die gesin gerig.[197]

Gedurende die stabiliseringstadium het die kerkgenootskappe oor die algemeen te kampe gehad met die aanpassingsprobleme van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark wat deur die veranderde politieke omstandighede en grootskaalse werkloosheid veroorsaak is. Die probleme is deur die politieke omstandighede met die voortslepende onluste, wat ontsaglike eise aan die gesin gestel het, veroorsaak.[198] Hierdie binnelandse bevrydingstryd van swart mense het nie alleen hoë eise aan die soldaat, polisieman en sy gesin gestel nie, maar ook aan die samelewing, staat en kerk.[199] Almal het swaar aan die las van dié stryd gedra.[200] Die probleme het dikwels geestelike versorging en finansiële hulp genoodsaak. Kerke moes byvoorbeeld ook meermale maande lank sonder sommige van hulle ouderlinge en diakens klaarkom, terwyl die diensplígtige predikante ook vir ses weke per jaar opgeroep is. Hierbenewens het die gesin van die afwesige

193 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 12 Sep. 1986.

194 ***Vanderbijlpark en Sasolburg Ster***, 21 Jun. 1985: berig; ***Vaalweekblad***, 10 Nov. 1989: berig; L.J. van der Walt, Onderhoud, 15 Jun. 1991 {Gereformeerde predikant van Vanderbijlpark-Suid, inligting in besit van die skrywer}.

195 Nederduitsch Hervormde Kerk, ***Gemeente Vereeniging: 75ste*** ..., p.45.

196 ***Vaalweekblad***, 17 Mrt. 1989: berig.

197 ***Vanderbijlpark en Sasolburg Ster***, 7 Des. 1987: berig; H. Grobler, Onderhoud, 12 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

198 ***Vaalster***, 15 Mei 1987: berig; vgl. R. Tomlinson & M. Addleson, ***Regional restructuring under apartheid: urban and regional policies in contemporary South Africa***, p.301; C.V. Mutwa, ***Let not my country die***, p.194.

199 ***Vaalster***, 29 Mrt. 1985: berig; vgl. Suid-Afrika Stigting, ***Beknopte feitebron, 1991***, p.35.

200 H. Mashabela, ***Townships of the PWV***, p.1.

Foto 21: **Die NG-Suid Kerkbazaar, 1992.**

Bron: ***Vaalweekblad***, Vanderbijlpark, Fotoversameling.

soldaat / polisieman besondere sorg van die tuisgemeente en ook groot opofferings ten opsigte van geld gevra.[201]

Bykans alle kerkgenootskappe en -verenigings se werksaamhede is ook deur politieke situasies beïnvloed.[202] Predikante het dit self moeilik gevind om aan te pas by 'n tyd van politieke hoogspanning "en getrou te bly aan Hom wat jou geroep het", aldus ds. P.H. Snyman, van die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom. Hy maan dan ook dat daar in prediking en gesprek erken moes word dat daar in die Suid-Afrikaanse situasie meer as een vertolking en toepassing van begrippe soos hervorming, versoening, bevryding, geregtigheid en liefde moontlik is.[203]

Kerkgenootskappe het ook gebuk gegaan onder die tendens dat lidmate polities en ideologies uitmekaar beweeg het.[204] Hierdie tendens is veral binne en rondom die NG Kerk ervaar. Die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) is 'n voorbeeld van die skeuring wat deur die politiek veroorsaak is.[205]

Die ontstaan van kerke soos die Kerk van die Skepper (KS) wat gedurende 1978 in Amerika deur die Pontifex Maximus, mnr. Ben Klassen, gestig en in 1984 in Suid-Afrika bekend gestel is, kan ook in dié verband vermeld word. Daar is vier gemeentes in Suid-Afrika. In die eed van hierdie lidmate word onwrikbare trou teenoor die wit ras en teenoor die KS afgelê.[206]

Bogenoemde probleme het genoodsaak dat kerkgenootskappe maatreëls moes instel om hul lidmate by veranderde omstandighede by te staan en met aanpassingsprobleme te help.[207] Die

---

201 C. Leach, ***Die vrou se rol in burgerlike beskerming*** (ongep. lesing, Navorsingseenheid vir Industrialiserings- en Vaaldriehoekse Geskiedenis (NIVG), PU vir CHO, s.j.) (Hoofkoördineringsbeampte Burgerlike Beskerming, Vanderbijlpark Stadsraad), pp.1,2; vgl. ook Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1988***, jg. 114, p.238.

202 ***Die Transvaler***, 7 Mrt. 1989: berig; ***Vaalweekblad***, 8 Sep. 1989: berig.

203 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1988***, jg. 114, p.238; Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1983***, jg. 109, p.209; ***Die Transvaler***, 14 Mei 1990: berig.

204 ***Die Transvaler***, 30 Nov. 1991: berig.

205 H. Grobler, Onderhoud, 12 Feb. 1991 (NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

206 ***Die Transvaler***, 30 Nov. 1991: berig.

207 ***Vanderbijlpark en Sasolburg Ster***, 17 Aug. 1987: berig.

kerke het dus gepoog om die blanke gesin in Vanderbijlpark se geestesgesondheid op 'n hoë vlak te hou,[208] en maatreëls is ingestel om die lidmate met aanpassingsprobleme te help.[209]

Tydens etensure is byvoorbeeld geestelike byeenkomste by YSKOR en die Munisipaliteit gehou en groot evangelisasieveldtogte is by Cecil Oldridgepark gereël. Dit was 'n redelike nuwe verskynsel in Vanderbijlpark. Die NG Kerk het ook gepoog om 'n nywerheidsbediening van die grond af te kry. Hierdie dienste het egter uiteindelik sonder grootskaalse ondersteuning doodgeloop.[210]

Beraders het gedurende die negentigerjare geestelike berading met behulp van telefone probeer lewer. Ses beraders van die AGS se een gemeente op Vereeniging was gedurende Sondae by dié kerk beskikbaar om persone wat oor geestelike behoeftes inskakel van hulp te wees. Die AGS het die sewe uur wat deur die Christentelevisiediens (CTV) toegestaan is, in segmente opgedeel. Hierdie diens het hoofsaaklik die Pinkster- en Charismatiese kerke in die land verteenwoordig. Die totale uitsaaityd wat aan CTV toegeken is, was 26 uur per maand. Die helfte van die tyd is deur dienste van Trinity Broadcasting Network met Rhema en Hatfield Christian Church opgeneem.[211]

In hierdie veranderde omstandighede was daar ook pogings tot samewerking tussen die drie Afrikaanse Susterskerke. Verskeie gemeentes het 'n nagwedloop vir Christus gereël.[212] 'n Gesamentlike broederkring bestaande uit die drie Afrikaanse Susterskerke se predikante het een of twee maal per jaar in Vanderbijlpark vergader. Op Hervormingsondag het die drie Afrikaanse Susterskerke 'n gesamentlike diens gehou. Daar was ook 'n groep NG Kerk-predikante wat met die Pinkstergroepe kontak probeer maak het.[213]

Predikante van verskeie kerkgenootskappe het ook deur middel van positiewe prediking gepoog om lidmate te help om by die nuwe omstandighede aan te pas deur teen die idealisering van die verlede te waarsku.

---

208 ***Beeld***, 16 Mrt. 1989: berig.

209 ***Vaalweekblad***, 14 Nov. 1986: berig.

210 H. Grobler, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

211 ***Vaalster***, 12 Jun. 1991: berig.

212 ***Die Vaderland***, 29 Okt. 1987: berig.

213 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Baie van die Afrikaners het gedurende die stabiliseringstadium gedink dat die verlede, waarin die ou tradisies nog soveel beteken het, die aangewese tydperk was. Daar is terugverlang na die verlede toe die Afrikaners se kultuurlewe sonder inmenging van buite sy gang kon gaan en sy besluite kon neem sonder om deur ander tot dieper besinning gedwing te word.[214]

Die gelowiges is in hierdie opsig daarop gewys dat daar baie goeie dinge in die verlede was, maar die gelowiges moes besef dat daar ook baie goeie dinge in die toekoms lê. Daar is genoem dat God op pad is na die dag wanneer Hy alles gaan nuutmaak. Die mens moet steeds aan God se onveranderlike beloftes bly vashou terwyl hul op pad is na die nuwe bedeling, op pad na die dag van Christus se wederkoms.[215]

Hierdie betrokkenheid van kerkgenootskappe het inderwaarheid die gesin se geestesgesondheid verstewig, omdat ongekende verandering gedurende die laat tagtigerjare die gesinslewe uiters kwesbaar gemaak het.[216] In die veranderde omstandighede was die gesinslewe 'n sagte en dikwels onbewaakte teiken.[217] As 'n volk se gesinslewe verbreek word, word daar 'n bres geslaan in sy gesonde voortbestaan,[218] veral omdat dit vir sommige mense moeilik is om by 'n veranderde kultuursituasie aan te pas.[219] Die probleme met aanpassing het 'n verslegting in die geestestoestand van die gesin teweeggebring.[220] Egskeidings het toegeneem en is as die grootste maatskaplike probleem in Suid-Afrika uitgewys.[221]

Die Afrikaanssprekende se gebondenheid aan sy kerk was aan die afneem.[222] Dikwels kon die weermagmanne die oorlogstraumas op religieuse vlak nie verwerk nie en het hulle met 'n

---

214 ***Vaalweekblad***, 14 Nov. 1986: berig.

215 Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Suid, Uittreksel van preek, Sondag 23 Jun. 1991 {afskrif in besit van die skrywer}.

216 C. Leach, ***Die vrou se rol in burgerlike*** ..., pp.1-5; vgl. Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1986***, jg. 112, pp.220,221.

217 Burgerlikebeskermingskorps, Vanderbijlpark, Inligtingstuk: pligte van die Versorgingskomitee, 1990, p.1.

218 FAMSA, Vanderbijlpark, Notule, Nov. 1989.

219 Vgl. Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1988***, jg. 114, p.240.

220 Koördinerende Welsynsraad, Vanderbijlpark, Notule, Aug. 1989; vgl. ***Beeld***, 14 Mei 1991: berig; ***Vaalster***, 24 Aug. 1990: berig; ***Vaalweekblad***, 25 Mei 1990: berig.

221 P.J.M. van Niekerk, Onderhoud, 14 Jun. 1991 {dosent, Departement Sosiologie, Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, navorsingsverslae in besit van die Departement Sosiologie, PU vir CHO}; Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 17 Sep. 1990.

222 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

DOPELINGE (KINDERS)
GEREFORMEERDE KERK-SUID, 1962-1986



Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Suid,
Gedenkblad: kwarteeufees, 1962-1987.

GRAFIEK 6.3

verharde lewensbeskouing teruggekeer. Hierdie omstandighede het verband gehou met die veranderde politieke omstandighede in die land, en 'n groter godsdienstige en kulturele vrydenkendheid was in Vanderbijlpark waarneembaar.[223] Wat die geestestoestand van die gemeenskap in 'n groot mate beïnvloed het, was 'n algemene depressiewe houding by die blanke gedurende die laaste dekade.[224]

Die gesinsopset het verskraal en die spektrum van aktiwiteite wat vroeër deur die huisgesin beheers is, het verminder en verander.[225] Die depressiewe houding van die blankes het ook die geboortesyfer beïnvloed.[226] Na die Sharpeville-, Soweto- en Sebokeng-opstande het die geboortesyfer van die blankes in Vanderbijlpark drasties afgeneem.[227] 'n Predikant het byvoorbeeld waargeneem dat die belydenisklasse sowat 16 tot 18 jaar na die Sharpeville en Soweto-opstande 'n drastiese afname getoon het.[228]

Die geboortes onder die blankes in Suid-Afrika het van 3,05 kinders per gesin in die periode 1965-1970 tot 2,12 kinders per gesin in 1978 gedaal. Wat die situasie ernstig maak, is dat 2,11 kinders per gesin nodig is om slegs die bestaande bevolking, sonder enige groei, te vervang.[229] Die statistiek van die kerke van Vanderbijlpark toon dat 'n afname in die jaarlikse dopelinge plaasgevind het.[230] Menige blankes het ook getwyfel of dit die moeite werd was om kinders te hê, en gewonder of die kinders nie net aan 'n gevaarlike wêreld uitgelewer word nie.[231]

---

223 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. ***Vaalster***, 6 Sep. 1991: berig; vgl. A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.302.

224 ***Die Transvaler***, 19 Aug. 1991: berig.

225 FAMSA, Vanderbijlpark, Notule, Nov. 1989.

226 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1983***, jg. 109, p.215.

227 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

228 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

229 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1983***, jg. 109, pp.207,208.

230 Vgl. H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; kyk grafiek 6.3, p.262a.

231 H. Grobler, Onderhoud, 12 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Hierdie negatiewe lewensingesteldheid het tot gevolg gehad dat kerkgenootskappe aan elke lid van die gesin se geestesgesondheid aandag gegee het. Dit het op verskeie toerustingskursusse vir gemeentelede uitgeloop, wat indirek die inwoners se geestesgesondheid verstewig het.[232] Hierdie aktiewer rol wat kerkgenootskappe gespeel het, het veral rondom die toerusting van die vrou, die jeug en bejaardes gewentel.

Aangesien die vader van die gesin in Vanderbijlpark dikwels weens skofwerk en weermagverpligtinge afwesig was, is daar meer op die verantwoordelikheid van die vrou in die gesinsverband gekonsentreer.[233]

Maatreëls is deur die kerke ingestel om die vrou by die gemeenskap deur vrouedienste te betrek.[234] In die vrouediens is daar gepoog om die vrou en moeder van die gesin geestelik te vorm en op te bou.[235] Die Sustersverenigings van die verskillende kerkgenootskappe het, veral gedurende die stabiliseringstadium, ook gepoog om die susters by kerkfunksies te betrek.[236] *Die meeste aktiwiteite het oor gesinsake soos geboortes, sterftes, onthale vir die bejaardes en* katkisasie-uitstappies gehandel. Die Sustersverenigings het ook gepoog om met fondsinsamelings behulpsaam te wees deur koeksister-, wors- en koekverkopings, asook stalletjies by bazaars, funksies, huweliksonthale en gemeente-etes te reël.[237]

Die fondse wat ingesamel is, is vir geestesversorging en maatskaplike hulp geskenk, byvoorbeeld vir sending, kinderhuise, spesiale skole soos die Transoranje Skool vir Dowes, die Vereniging vir Vertraagdes, Bandhulp vir Blindes, Kreupelsorg, die Noodhulpliga en die Kankervereniging.[238]

Gedurende die laaste dekade het daar dus 'n steeds groter verantwoordelikheid op die moeder se skouers gerus. Dikwels moes die vrou die volle verantwoordelikheid vir die huishouding en

---

232 ***Vaalster***, 21 Okt. 1991: berig.

233 Ondersteuningsraad, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1 Apr. 1988 - 31 Mrt. 1989.

234 Ondersteuningsraad, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1 Apr. 1988 - 31 Mrt. 1989; vgl. ***Vaalster***, 4 Mei 1987: berig.

235 H. Grobler, Onderhoud, 14 Feb. 1991 (NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

236 Ondersteuningsraad, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1 Apr. 1988 - 31 Mrt. 1989.

237 H. Grobler, Onderhoud, 14 Feb. 1991 (NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

238 Vgl. Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Suid, ***Gedenkblad: kwarteeufees*** ..., p.16.

Foto 22: **Die betrokkenheid van die vrou in geestesversorging.**

Bron: ***Vaalweekblad***, Vanderbijlpark, Fotoversameling.

opvoeding dra. Sy was ook meestal mede-broodwinner en moes daarby nog tyd vir die huiswerk en probleme van haar kinders inruim.[239]

Deur die vrou en moeder kon die kerk derhalwe ook die kind bereik.[240] Die rede hiervoor was dat die geestesgesondheid van die jeug van Suid-Afrika gedurende die stabiliseringstadium oor die algemeen sorgwekkend was.[241] Dit kan grootliks aan die hoë egskeidingsyfer toegeskryf word.[242] In Suid-Afrika was daar gedurende die vyf jaar van 1978 tot 1982 76 563 blanke egskeidings waarby, 98 402 kinders betrokke was. Egskeiding het ook in Vanderbijlpark 'n belangrike invloed op die lewensgehalte van die jeug gehad.[243]

Die jeug van Vanderbijlpark is ook nadelig beïnvloed deur 'n vader en moeder wat nagskof gewerk het.[244] Die gevolg was dat 'n hegte gesinsverband kon verbrokkel. Hierdie omstandighede het 'n nadelige invloed op die kinders se geestestoestand gehad.[245] Daar is ook gevind dat tienerselfmoordpogings gedurende die laat tagtigerjare toegeneem het.[246]

Godsdiens voorsien in die mens se sosiale, kulturele en geestelike behoeftes. Indien die kerke die jongmense by die aktiwiteite van die kerke betrokke kon kry, is geredeneer, sou hulle die

---

239 C. Leach, ***Die vrou se rol in burgerlike*** ..., pp.1-5.

240 Ondersteuningsread, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1 Apr. 1988 - 31 Mrt. 1989.

241 D.J. Nel, Onderhoud, 14 Mei 1991 {Hoof van die Catherine Robson Kinderhuis, Vereeniging, inligting in besit van die skrywer}; Catherine Robson Kinderhuis, Vereeniging, Jaarverslag, 1990.

242 P.J.M. van Niekerk, Onderhoud, 14 Jun. 1991 {dosent, Departement Sosiologie, Vaaldriehoekkampus PU vir CHO, navorsingsverslae in besit van die Departement Sosiologie, PU vir CHO}.

243 Vgl. Catherine Robson Kinderhuis, Vereeniging, Jaarverslag, 1982; ***Vaalster***, 20 Nov. 1989: berig.

244 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief op die implementering van die strategie vir nywerheidsontwikkeling*** (ongep. referate gelewer tydens 'n simposium oor "n Nywerheidsperspektief op die implementering van die strategie vir nywerheidsontwikkeling', Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO, Vanderbijlpark, 5-6 Jun. 1986), p.346; FAMSA, Vanderbijlpark, Notule, Nov. 1989; ***Vaalster***, 2 Okt. 1989: berig.

245 H. Grobler, Onderhoud, 12 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

246 ***Vaalster***, 2 Okt. 1989: berig; J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

godsdiensbeoefening geniet.[247] Sodra hierdie kinders deel gevorm het van 'n gemeente, sou daar groter betrokkenheid en belangstelling by hulle wees.[248]

Gedurende die laaste dekade het die kerkgenootskappe van Vanderbijlpark dus maatreëls ingestel om veral die jeug meer by die kerklike aktiwiteite betrokke te kry.[249] Katkisasiekampe, belydenisklaskampe, jeugkampe en jeugweke is gehou.[250] Die Ettie Coetzee Versorgingsentrum (YSKOR se versorgingsentrum) het vervoerreëlings getref om die kinders, wat Sondagoggende kerk toe wou gaan, te besorg en te gaan haal.[251]

Pogings is aangewend om die jeug by die evangelisasieveldtogte, wat op Cecil Oldridgepark gehou is, te betrek. Verskeie kerkgenootskappe het jaarliks spesiale jeugdienste gehou. Gedurende die stabiliseringstadium is gevind dat 'n groot persentasie jongmense nie meer kerk toe gegaan het nadat hul belydenis van geloof afgelê het nie. Dit het egter ook gebeur dat van dié jongmense in 'n later stadium, as hul getroud is, weer kerklik betrokke geraak het.[252]

Uit terugvoering van kerkgenootskappe wil dit voorkom asof kerkgenootskappe tog wel baie jongmense met godsdiensbeoefening in die veranderde tye bereik het.

Die kerkgenootskappe was oor die algemeen ook aktief by die versorging van bejaardes betrokke[253] en het na die belange van hulle bejaardes omgesien.[254] In die voorsiening van behuising vir bejaardes is 'n groot tekort ondervind.[255] Siësta Versorgingsoord en Herfsoord

247 L.J. van der Walt, Onderhoud, 15 Jun. 1991 {Gereformeerde predikant van Vanderbijlpark-Suid, inligting in besit van die skrywer}; ***Vanderbijlpark en Sasolburg Ster***, 17 Aug. 1987: berig; ***Vaalster***, 26 Jun. 1989: berig.

248 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; ***Vaalster***, 7 Des. 1987: berig.

249 Ondersteuningsraad, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1 Apr. 1988 - 31 Mrt. 1989; ***Vaalweekblad***, 23 Jan. 1987: berig; ***Vanderbijlpark en Sasolburg Ster***, 17 Aug. 1987: berig.

250 L.J. van der Walt, Onderhoud, 15 Jun. 1991 {Gereformeerde predikant van Vanderbijlpark-Suid, inligting in besit van die skrywer}.

251 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

252 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

253 L.J. van der Walt, Onderhoud, 15 Jun. 1991 {Gereformeerde predikant van Vanderbijlpark-Suid, inligting in besit van die skrywer}.

254 Ondersteuningsraad, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1 Apr. 1988 - 31 Mrt. 1989.

255 ***Vaalweekblad***, 8 Sep. 1989: berig.

het behuising vir bejaardes voorsien, maar daar was geen tehuis vir enkellopende persone nie. Hierdie leemte is gedurende die negentigerjare aangespreek. Die Pionierhuis is as 'n ouetehuis geregistreer. Daar is 500 kamers en 'n siekeboeg vir die bejaardes ingerig. Hierdie ouetehuis vorm deel van die ouetehuisprojek van die Siësta Versorgingsoord vir bejaardes.

Hierdie ouetehuisprojek is vir die hele gemeenskap beskikbaar gestel. Die persoon met 'n beperkte inkomste en selfs 'n staatspensioen kon in hierdie ouetehuis geakkommodeer word. Hiermee is die bejaarde van die nodige versorging en kos verseker. As die bejaardes nie meer selfversorgend is nie, word hulle na Siësta se siekeboeg oorgeplaas. Die bejaardes wat by YSKOR in diens was, het 'n pensioenskema gehad wat voldoende voorsiening vir hul behoeftes gemaak het.[256]

Alhoewel die bejaardes van Vanderbijlpark oor die algemeen goed versorg is, het die verswakkende ekonomie tog ook 'n invloed op hul lewenspeil gehad.[257]

6.4.4 SAMEVATTING

Die verandering wat as gevolg van die veranderde politieke en ekonomiese omstandighede ontstaan het, het 'n invloed op die ekonomiese situasie van kerkgenootskappe in Vanderbijlpark gehad.[258] Dit was gedurende die stabiliseringstadium nie meer ekonomies moontlik om afsonderlike gemeentes in Vanderbijlpark te stig nie.[259] Die swak ekonomie het dit ook vir predikante moeiliker gemaak om van een gemeente na 'n ander te verskuif.[260]

---

256 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

257 ***Vaalweekblad***, 8 Sep. 1989: berig.

258 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1988***, jg. 114, p.241.

259 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief op die implementering*** ..., p.354.

260 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; ***Die Transvaler***, 14 Mei 1990: berig.

Lidmaatgetalle het in sommige gemeentes gedaal. Die rasionalisering van YSKOR het veroorsaak dat die lidmatetal van een van die NG-gemeentes van Vanderbijlpark byvoorbeeld van 900 na 650 gedaal het.[261]

Dit het ook opgeval dat van die gemeenskap se kerklidmate nie meer so tradisiegebonde en kerkvas soos voorheen was nie. Gemeentelede verwissel makliker van die een kerkgenootskap na 'n ander.[262] Dit gebeur dat mense by 'n kerk inskakel, maar dat die kerkraad, predikant of pastoor onbewus van hul teenwoordigheid is.[263]

Gedurende die negentigerjare het van die predikante egter ook ervaar dat dit nog vir mense belangrik was om kerklik en maatskaplik betrokke te wees. Wat kerkbesoek betref, lyk dit of die mense van Vanderbijlpark gedurende die stabiliseringstadium kerk toe gegaan het wanneer hulle die behoefte gehad het.

Predikante wat in verskillende gemeentes in die land was, het ervaar dat katkisante in belydenisklasse in Vanderbijlpark gemakliker eie besluite kon neem oor die soort lewe wat hulle wou ly as katkisante in ander gemeentes in die land.[264]

Die meerderheid van die lede van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark het teen 1992 egter nog geglo dat God in beheer van hul lewe is. Hulle het geglo dat God nêrens in die Bybel aan sy kinders hemel op aarde beloof het nie. Vir die meeste gelowiges het dit oor die vernuwing van denke en die vernuwing van die hart gegaan, en om by nuwe omstandighede in die land en in die dorp aan te pas en nie oor die vashou aan die verlede en sy tradisies nie. Daarmee sou hul ook nie sumier alle tradisies los nie, maar is daar gepoog om die tradisies in die moderne sin van die woord te onderhou.[265]

---

261 H. van der Merwe, Onderhoud, 10 Feb. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

262 ***Vaalster***, 12 Des. 1986: berig.

263 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

264 L.J. van der Walt, Onderhoud, 15 Jun. 1991 {Gereformeerde predikant van Vanderbijlpark-Suid, inligting in besit van skrywer}.

265 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

6.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING

Uit bogenoemde inligting is dit duidelik dat geestesgesondheidsorganisasies en kerkgenootskappe uitgebreide geestesgesondheidsprogramme vir die gemeenskap van Vanderbijlpark van stapel gestuur het.

Gedurende die vestigingstadium was die geestesontwikkeling van die gemeenskap positief. Daar was 'n aanvanklike stygende lyn, wat gedurende die voorspoedstadium voortgeduur het. Gedurende die stabiliseringstadium het die ontwikkelingslyn afgeplat en gedurende die laaste jare van dié stadium selfs 'n dalende neiging getoon.

Nieteenstaande die positiewe ontwikkeling van die geestesgesondheid van die blanke gemeenskap gedurende die vestiging- en die voorspoedstadium was die geestesgesondheid van die gemeenskap gedurende die stabiliseringstadium nie altyd op 'n hoë vlak nie. Dit lyk asof die menslike gees gedurende die stabiliseringstadium nie al die veranderings op politieke, ekonomiese en sosiaal-maatskaplike vlak kon verwerk nie. Geestelike waardes het soms in die slag gebly. Die huwelik en gesin was aan 'n erosieproses onderworpe. Kerkgenootskappe het swaar gekry en moes met nuwe maatreëls poog om gemeentes te bou.

---o0O0o---

HOOFSTUK 7

ONDERWYS EN OPLEIDING

7.1 INLEIDING

In die kultuursituasie in Vanderbijlpark is onderwys en opleiding as belangrikste kultuurvormende aspekte aangewend.[1] Die uitgangspunt van die opvoeders in Vanderbijlpark was dat elke mens bepaalde moontlikhede en talente ontvang het wat deur onderwys tot ontluiking gebring moes word.[2] Hierdie opvoedingsgebeure kon nie in 'n lugleegte plaasvind nie, maar het teen die kulturele agtergrond van die opvoeders en dié wat onderrig ontvang het, plaasgevind.[3]

Die ontwikkeling van onderwys en opleiding in Vanderbijlpark het ook deur die drie geïdentifiseerde ontwikkelingstadiums, naamlik die vestiging-, die voorspoed- en die stabiliseringstadium beweeg.

7.2 ONDERWYS EN OPLEIDING GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959

Die dorpstigters het reeds gedurende die vestigingstadium voorsiening gemaak dat 'n doelmatige infrastruktuur vir onderwys en opleiding in die blanke gemeenskap geskep word.[4] Onderwys en opleiding is daarom uit 'n hiërargie van opvoedkundige inrigtings geïnstitueer.[5] Inrigtings soos kleuterskole, laerskole, hoërskole, kolleges en ander tersiêre onderwysinstellings het in Vanderbijlpark ontwikkel, en hierdie instellings het op hul beurt weer 'n invloed op die breë onderwyspeil van die gemeenskap gehad.

---

1 ***The Vaal Tribune***, 18 May 1949: report.

2 ***Vereeniging Nuus***, 4 Jun. 1949: berig; vgl. H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

3 Vanderbijl Park Estate Company (VESCO), Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 32, 3 May 1948.

4 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board Meeting no. 43, 23 Sep. 1949; vgl. H.F. Schroeder, ***Huidige probleme van die onderwys en opvoeding van die verstandelik begaafde kind in die junior afdelings van veertien Afrikaanse laerskole in die Vaaldriehoek en die implementering van 'n moontlike oplossing*** (ongep. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO, 1974), p.19.

5 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 32, 3 May 1948; H.F. Schroeder, ***Huidige probleme van die onderwys en opvoeding*** ..., p.10.

7.2.1 KLEUTERSKOLE EN VERSORGINGSENTRUMS

Versorging van kleuters het noodsaaklik geword omdat vroue die arbeidsmark betree het. 'n Groot hoeveelheid vroue wie se kinders versorging nodig gehad het, het by die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR) skofte gewerk. Daar het ook gevalle voorgekom waar mans tuis moes bly wanneer hul vrouens siek was om die kinders te versorg.[6]

Kleuterskole en versorgingsentrums het daarom 'n noodsaaklikheid geword.[7]

7.2.1.1 TEDDY BEAR KLEUTERSKOOL

Onder leiding van Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy (VESCO) is daar gedurende 1947 'n komitee benoem wat die onderhoud en bestuur van kleuterskole moes navors.[8] In Mei 1948 is 'n Kleuterskoolvereniging en 'n komitee wat kleuterskoolsake moes hanteer, gestig. Daarna is 'n huis te De Foreststraat 67, CW 5, as 'n kleuterskool ingerig.[9] Die Onderwysdepartement het dié kleuterskool goedgekeur terwyl die Provinsiale Administrasie dit vir subsidiedoeleindes as 'n kleuterskool erken het.[10]

Hierdie ontwikkelingswerk het die agtergrond vir die stigting van die Teddy Bear kleuterskool gevorm, wat in Augustus 1948 begin funksioneer het. Teen September 1949 was daar reeds 40 kinders in die kleuterskool en 30 kinders wat op 'n waglys geplaas is.[11]

Vanaf 1949 was mev. B. Stockhuizen, 'n opgeleide dame uit Nederland, die hoof van die kleuterskool. Sy was vir 14 jaar aan die skool verbonde. Onder haar leiding is die kinders op die ouderdom van drie jaar ingeneem en in drie groepies verdeel. Teddy Bear kleuterskool

---

6 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 32, 3 May 1948.

7 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 43, 23 Sep. 1949; Teddy Bear kleuterskool, Vanderbijlpark, Joernaal, 1947.

8 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 32, 3 May 1948.

9 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 32, 3 May 1948.

10 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 43, 23 Sep. 1949.

11 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board Meeting no. 43, 23 Sep. 1949.

was 'n Engelstalige kleuterskool wat weeksdae van 08:00 tot 13:00 oop was. In hierdie kleuterskool was daar egter ook Afrikaanse sowel as Portugese kinders.[12]

Hierdie kleuterskool het 'n belangrike bydrae tot die vorming van die blanke voorskoolse kinders gelewer.[13] As gevolg van die vinnige vermeerdering van die blanke bevolking was hierdie kleuterskool baie gou te klein om in die versorging van al die kleuters in Vanderbijlpark te voorsien.[14]

7.2.1.2 DIE ETTIE COETZEE VERSORGINGSENTRUM

Met die instelling van skofwerk vir vroue het YSKOR dit geskik geag om 'n versorgingsentrum op te rig en die Ettie Coetzee Versorgingsentrum het gevolglik ontstaan.[15]

Hierdie versorgingsentrum se hoofdoelstelling was om die versorging van kinders waar te neem wanneer die ouers dit nie self kon doen nie.[16] Die versorging van kleuters in Vanderbijlpark het, soos ook elders in die land, getoon dat sommige kinders van werkende moeders beter presteer het as diegene wie se moeders nie gewerk het nie.[17] 'n Werkskultuur het die tradisionele huisvroukultuur begin vervang. Kleuters het in die versorgingsoord meer onafhanklik en in 'n beter ontwikkelingsmilieu opgegroei en meer lewensvaardighede aangeleer.

Die dienste van Ettie Coetzee Versorgingsentrum was van hoë gehalte en daar is vir 'n naghotel vir babas en selfs kleuters, en 'n naskoolsentrum vir skoolgaande kinders

12 Z. Bothma, Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Teddy Bear kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

13 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

14 Vgl. Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ***Municipal Affairs***, vol. 28, no. 329, Jan. 1963, pp.11,14.

15 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 43, 23 Sep. 1949; vgl. Anon., "New city of steel: the Iscor Works at Vanderbijlpark", ***South African Engineer***, vol. 30, no. 361, Jun. 1948, p.7; M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

16 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {Nederduitse Gereformeerde (NG)-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ..., p.11.

17 Vgl. G. de Beer, ***'n Pedagogiese ondersoek na milieu- en agtergrondfaktore wat verband hou met skoolstaking van sekondêre skoolleerlinge in die Witwatersrand-Vaaldriehoekgebied*** (ongep. M.Ed.-verhandeling, RAU, 1976), p.21.

voorsiening gemaak.[18] Laasgenoemde het vir beter prestasies van dié leerlinge op skool gesorg. Nuwe lewensvaardighede wat in die skool aangeleer is, het ook na die gesinsmilieu deurgewerk. Hierdie versorgingsentrum was as gevolg van die toename van die blanke bevolking gou vol, terwyl die behoefte vir die versorging van kinders steeds toegeneem het.[19]

7.2.1.3 DIE SUID-AFRIKAANSE ROOIKRUISVERENIGING SE BEWAAR- EN KLEUTERSKOOL

Die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging het op 20 November 1959 hierdie bewaar- en kleuterskool gestig. In hierdie skool is vier verskillende groepe kinders, naamlik babas, peuters, kleuters en voorskoolse kinders versorg.

Die kleuterskool het reeds vanaf die vestigingstadium die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) se onderwysprogram gevolg, wat veral die aanleer van lewensvaardighede deur musiek, sang, kuns en interpersoonlike verhoudinge ingesluit het.[20]

7.2.1.4 DIE DAGMOEDERORGANISASIE

Nadat die Ettie Coetzee Versorgingsentrum nie meer in al die behoeftes van die vinnig vermeerderende blanke bevolking kon voorsien nie,[21] is 'n dagmoederorganisasie, wat aan sekere standaarde moes voldoen, gestig. YSKOR se Bedryfsmaatskaplike Dienste het daarom gereeld by hierdie dagmoeders besoek gaan aflê om toe te sien dat die standaarde van dienste van 'n hoë gehalte was.[22] Die program wat vir die kinders aangebied is, moes die voorskrifte van die TOD volg, hoewel hulle nie by die TOD geregistreer was nie.

---

18 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 (senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

19 Anon., "Vanderbijlpark: young giant, still growing", ***Iscor News***, vol. 27, no. 11, 12 Nov. 1962, p.15.

20 N.J. Cloete, Onderhoud, 1 Mrt. 1994 (Hoof van die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging se kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

21 Anon., "Die Vaaldriehoek", ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 17, no. 11, Nov. 1972, p.15.

22 U. Martin, Onderhoud, 10 Nov. 1990 (voormalige Burgemeester van Vanderbijlpark en Skakelbeampte van YSKOR, inligting in besit van die skrywer).

7.2.1.5 KAMMALAND KLEUTERSKOOL

Kammaland kleuterskool is gedurende 1959 gestig. Kammaland is 'n TOD-kleuterskool wie se opvoedkundige aktiwiteite deur die TOD goedgekeur is. Terselfdertyd funksioneer die kleuterskool as 'n projek van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF). Die skool het vir 120 kinders voorsiening gemaak. Daar was ses groepies in die verskillende ouderdomsgroepe vanaf drie jaar. Die kleuterskool het hoofsaaklik in die behoefte van die werkende moeder voorsien en het kleuters weeksdae vanaf 07:30 in die oggend tot 17:00 in die middag versorg.

Die subsidie wat die skool van die TOD ontvang het, moes met koekverkopings, pretdrawwe en konserte aangevul word.[23]

Samevattend kan gesê word dat die kultuurontwikkeling van die voorskoolse blanke kind in Vanderbijlpark in 'n groot mate deur bogenoemde kleuterskole en organisasies bepaal is. Dit het ook mode geword om die kleuters na kleuterskole te stuur.[24] Daar is meestal van die standpunt uitgegaan dat kleuterskole besondere opheffende voordele vir voorskoolse kinders inhou.[25] Die ouers was die mening toegedaan dat kleuterskoolkinders minder met aanpassingsprobleme in die laerskole sou sukkel.[26] 'n Ontwikkelingsbewustheid ten opsigte van kleuters het dus by die ouers posgevat.

7.2.2 LAERSKOLE

Laerskole is 'n belangrike skakel in die opvoeding van die totale mens en die ontwikkeling daarvan het sterk in Vanderbijlpark gefigureer.[27]

---

23 L. Potgieter, Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Kammaland kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

24 Z. Bothma, Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Teddy Bear kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

25 G. de Beer, ***'n Pedagogiese ondersoek na milieu- en ander agtergrondfaktore*** ..., p.22.

26 L. Potgieter, Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Kammaland kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

27 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 40, 1 Jun. 1949.

VESCO het 'n belangrike rol in die oprigting van skole in Vanderbijlpark gespeel. Die maatskappy het skole opgerig en dit aan die Provinsiale Administrasie verhuur.[28] Na 'n bepaalde tydperk is die skole deur die Provinsiale Administrasie van VESCO gekoop.[29]

7.2.2.1 LAERSKOOL VYFFONTEIN

Vyffonteinskool was die enigste Afrikaansmediumskool wat gedurende die veertigerjare aan die oostekant van Vanderbijlpark geleë was.[30] Hierdie skool was op die grond geleë wat deur die Vereeniging Estates Limited geskenk is.[31]

7.2.2.2 LAERSKOOL HENDRIK VAN DER BIJL

Laerskool Hendrik van der Bijl in CW 5 was die eerste laerskool wat in Vanderbijlpark opgerig is. Dit was 'n dubbelmediumskool wat vir 450 leerlinge ontwerp is.[32] Hierdie skool is op 30 Julie 1946 in gebruik geneem en amptelik op 25 Oktober 1946 deur die destydse Administrateur van Transvaal, generaal J.J. Pienaar, geopen.[33]

Snelle verstedeliking het in Vanderbijlpark, as jong nywerheidstad, veroorsaak dat die inwonertal teen 'n vinnige tempo toegeneem het.[34] Die getalle het so vinnig vermeerder dat Laerskool Hendrik van der Bijl, nadat daar gedurende 1948 met 'n inskrywingstal van 289 leerlinge begin is, van 6 September 1948 by die Tegniese Kollege vir die standerd vyf- en ses-seuns akkommodasie moes reël. Gedurende Januarie 1949 was die inskrywingstal by

---

28 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 40, 1 Jun. 1949.

29 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 4, 23 Apr. 1945.

30 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

31 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 4, 23 Apr. 1945.

32 Anon., "Onze gemeentewapens Vanderbijlpark", ***Nieuws uit Zuid-Afrika***, vol. 12, no. 2, Jul. 1972, p.23.

33 Laerskool Hendrik van der Bijl, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1946.

34 Anon., "Vanderbijlpark: young giant, still growing", ..., pp.14,15.

die skool 603 leerlinge.[35] Gedurende 1953 was daar tussen 900 en 950 leerlinge in die skool geregistreer.[36]

Laerskool Hendrik van der Bijl het ten opsigte van atletiek, krieket, tennis, rugby, hokkie en korfbal gepresteer. Daar is ook op kulturele vlak 'n verskeidenheid aktiwiteite soos skoolkonserte aangebied, waarby ouers betrek is.[37]

Die verandering van Laerskool Hendrik van der Bijl na 'n Afrikaansmediumskool het vanaf Januarie 1958 'n werklikheid geword. Op 15 Januarie 1958 het hierdie skool as 'n Afrikaansmediumskool met 'n inskrywingstal van 565 leerlinge geopen.[38]

7.2.2.3 OLIVER LODGE PRIMARY SCHOOL

Aan die begin van 1950 het die Oliver Lodge Primary School tot stand gekom.[39] Dié skool het sy eerste leerling op 17 Januarie 1950 ingeskryf en die skooljaar met 313 leerlinge en 11 personeellede geopen. Die skool se getalle het onder andere vanweë die Taalordonnansie van 1950 uitgebrei, wat vir moedertaalonderwys en enkelmediumskole voorsiening gemaak het.[40] Die Engelssprekende leerlinge wat in Afrikaanssprekende skole was, moes na Oliver Lodge Primary School vir onderrig oorgeplaas word.[41]

7.2.2.4 LAERSKOOL TOTIUS

Reeds gedurende 1949 het die Provinsiale Administrasie 'n tender vir die oprigting van Laerskool Totius in CW 6 aanvaar.[42] Laerskool Totius is op 23 Januarie 1952 geopen. Die leerlinggetalle het vinnig gegroei van 230 op 23 Januarie 1950 tot 290 op 27 Januarie

---

35 Laerskool Hendrik van der Bijl, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1949.

36 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 (voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

37 Vgl. Laerskool Hendrik van der Bijl, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1953-1958.

38 Laerskool Hendrik van der Bijl, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1958.

39 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 40, 1 Jun. 1949.

40 Oliver Lodge Primary School, Vanderbijlpark, School journal, 1950.

41 Laerskool Totius, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1950.

42 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 40, 1 Jun. 1949.

1950. Gedurende 1952 was daar reeds 1 008 leerlinge by die skool ingeskryf.[43] 'n Behoefte aan die oprigting van nog skole was voor die hand liggend.[44]

7.2.2.5 LAERSKOOL FRIKKIE MEYER

VESCO het in 1950 besluit om die oprigting van nog twee skole te finansier.[45] Dié aanbod is nie aanvaar nie en is later deur die Provinsiale Administrasie via tenders wat aangevra is, opgerig.[46]

Gedurende 1953 is die skoolgebou van Laerskool Frikkie Meyer voltooi, en op 28 Julie 1953 het die skool met 459 leerlinge begin. Die skool het op 4 Desember 1954 met 532 leerlinge en 20 personeellede afgesluit.[47]

7.2.2.6 LAERSKOOL OOSPARK

Die tempo van verstedeliking van blanke werkers na Vanderbijlpark het gedurende die vestigingsjare onverpoosd voortgeduur.[48] Die gevolg was dat daar nog 'n laerskool in Vanderbijlpark opgerig moes word.[49] Laerskool Oospark is gedurende 1954 voltooi.[50]

---

43 Laerskool Totius, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1952.

44 ***Rand Daily Mail***, 23 Jun. 1952: report.

45 Vaal Teknorama, Vereeniging, F.A.V. Day newspaper cuttings, 17 Feb. 1950 - 9 Jan. 1951, ref. no. 03/2668, ***Rand Daily Mail***, 28 Oct. 1950: report.

46 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 60, 6 Jun. 1951.

47 Laerskool Frikkie Meyer, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1954.

48 Vaal Teknorama, Vereeniging, F.A.V. Day newspaper cuttings, 17 Feb. 1950 - 9 Jan. 1951, ref. no. 03/2668, ***Rand Daily Mail***, 28 Oct. 1950: report.

49 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

50 C. Hoffman, Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Oospark, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

7.2.2.7 LAERSKOOL VAALRIVIER

Laerskool Vaalrivier is gedurende 1954 gestig om onderrig te verleen aan kinders wat op Vanderbijlpark se kleinhoewegebiede gewoon het.[51] Gedurende 1955 was daar 318 leerlinge geregistreer.[52]

Samevattend kan gesê word dat bogenoemde laerskole se invloed op die kultuurontwikkeling van die blanke kinders van Vanderbijlpark positief was, veral omdat die leerlinge noodwendig by die vinnige tempo van verstedeliking moes aanpas, en hulle blootgestel was aan 'n verskeidenheid tale en vreemde kultuurgoedere.

Elke denkbare Europese taal is veral gedurende die vestigingstadium in skole gehoor.[53] Blanke immigrantekinders het daarom dikwels gou aan die landstale Engels of Afrikaans gewoond geraak.[54]

In die laerskole van Vanderbijlpark is opvoeding as 'n kernwaarde van die blanke gemeenskap se bestaan beskou, omdat geletterdheid nie meer net 'n versugting was nie maar 'n noodsaaklikheid om die eise van die tyd die hoof te kon bied. Daar is ook gepoog om 'n betreklike goeie opvoedkundige standaard en 'n verskeidenheid van kultuuraktiwiteite vir blanke seuns en dogters van die verskillende bevolkingsgroepe tot stand te bring. Naas die opvoedkundige fasiliteite is speel- en sportgronde ook vir die leerlinge beskikbaar gestel.

Die laerskole het gevolglik gedurende die vestigingstadium 'n belangrike rol in die kultuurontwikkeling van die blanke kind van Vanderbijlpark gespeel.[55]

7.2.3 HOëRSKOLE

Die positiewe kultuurontwikkeling van die blanke kinders is in die hoërskole voortgesit.[56]

---

51 B.D. de Klerk, Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Vaalrivier, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

52 Laerskool Vaalrivier, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1954-1991, p.1.

53 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ..., pp.11,14; A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa, 1933 to 1983***, p.98.

54 Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., pp.18,19.

55 Anon., ***Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy***, p.4; Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., pp.14,21.

56 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 42, 12 Aug. 1949.

7.2.3.1 HOëRSKOOL VANDERBIJLPARK

Die Vereenigingse Skoolraad het gedurende 1949 met onderhandeling vir 'n hoërskool in CW 6 Uitbreiding 1 begin.[57] VESCO het die perseel waarop die hoërskool opgerig sou word vir nagenoeg R2 000 aan die Onderwysdepartement verkoop.[58]

Die Hoërskool Vanderbijlpark het as dubbelmediumskool tot stand gekom, en klasse het amptelik op 16 Januarie 1951 begin.[59] Aanvanklik is van tien tydelike klaskamers op die terrein van Oliver Lodge Primary School gebruik gemaak.[60]

Op 7 Januarie 1953 het die amptelike opening van die Hoërskool Vanderbijlpark as Afrikaansmediumskool plaasgevind. Die hoeksteenlegging van dié skoolgebou van die nuwe Afrikaanse hoërskool is op 5 Junie 1953 gehou. Op 7 April 1954 is daar met klasse in die nuwe geboue van die hoërskool begin.[61] Daar is ooreengekom om die Engelssprekende leerling na die tydelike klaskamers op Oliver Lodge Primary School se gronde oor te plaas, omdat dit die oortuiging onder die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark was dat moedertaalonderwys 'n hoë prioriteit moes kry.[62] Hierdie oortuiging is gedurende die vestigingsjare sterk deur alle blanke groepe ondersteun.[63]

7.2.3.2 VAAL HIGH SCHOOL

Die eerste Engelsmedium hoërskool in Vanderbijlpark is op 12 Oktober 1957 gestig. Hierdie skoolgronde is redelik sentraal, in die woonbuurt SW 1, geleë. Dié skool het in 'n groot behoefte voorsien aangesien die senior Engelssprekende hoërskoolleerlinge voor hierdie datum hul onderrig in Vereeniging ontvang het.[64]

---

57 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 42, 12 Aug. 1949.

58 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 46, 31 Jan. 1950.

59 Hoërskool Vanderbijlpark, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1951.

60 Vaal Teknorama, Vereeniging, F.A.V. Day newspaper cuttings, 17 Feb. 1950 - 9 Jan. 1951, ref. no. 03/2668, ***Rand Daily Mail***, 8 Dec. 1950: report.

61 Hoërskool Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1954.

62 ***Rand Daily Mail***, 26 Jun. 1952: report.

63 ***Rand Daily Mail***, 17 Aug. 1952: report.

64 Vaal High School, Vanderbijlpark, School journal, 1957.

7.2.3.3 HOëRSKOOL TRANSVALIA

Hoërskool Transvalia wat gedurende 1958 met 307 leerlinge geopen het[65] en op 5 Desember 1958 sy eerste permanente hoof, naamlik mnr. S.I.W. Roos, aangestel het,[66] was 'n Afrikaansmedium-hoërskool.

Hierdie hoërskool het 'n belangrike rol in die kultuurvorming van die blanke kinders in Vanderbijlpark gespeel, omdat die kultuuraktiwiteite wat in die Afrikaanse laerskole begin is, in die tweede Afrikaanse hoërskool voortgesit is.

Gedurende die vestigingsjare het kennis tot die gemeenskap dus dikwels vanuit die hoërskole gekom.[67] Die hoërskole het gedurende die vestigingsjare 'n belangrike plek in die sosiale lewe van die gemeenskap van Vanderbijlpark beklee. Kenmerkend van dié skole was die groot hoeveelheid addisionele fondse wat vir ontwikkeling nodig was, en die mildelike bydraes wat van die ouers gekom het. Dit was duidelik dat die ouers goeie skoolonderrig as 'n belegging beskou het.

VESCO het ook aansienlike finansiële bydraes gemaak. Hulle het aan skole wat voor 1959 tot stand gekom het 'n donasie van R4 000 gemaak, op voorwaarde dat elke skool 'n gelyke bedrag moes insamel.[68]

Aangesien die hoërskole dikwels leiding geneem het met onder andere operettes, kultuurfeeste en volkseie kultuuraktiwiteite, moes die skole noodwendig ook tred hou met die groei van die dorp wat onverpoosd voortgeduur het.[69]

7.2.4 TERSIêRE OPLEIDING

Aangesien Vanderbijlpark 'n nywerheidsdorp is, het daar 'n behoefte aan tegniese opleiding ontstaan.[70]

---

65 ***Vaalweekblad***, 29 Mrt. 1983: berig.

66 Hoërskool Transvalia, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1958.

67 ***Rand Daily Mail***, 26 Jun. 1952: report.

68 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 42, 12 Aug. 1949; VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 46, 31 Jan. 1950.

69 ***Rand Daily Mail***, 26 Jun. 1952: report.

70 YSKOR, ***Opening van die yster- en staalwerke te Vanderbijlpark, Oktober 1952 deur hul eksellensie die Goewerneur-generaal en mev. E.G. Jansen***, pp.10,11.

7.2.4.1 DIE TEGNIESE KOLLEGE

Reeds so vroeg as 1948 is daar begin om in die Hendrik van der Bijlskool na-uurse klasse vir vakleerlinge aan te bied.[71] Gedurende Augustus 1948 is die ideaal om 'n volwaardige Tegniese Kollege vir Vanderbijlpark te vestig ook verwesenlik. Dit was egter die enigste tersiêre inrigting wat gedurende die vestigingstadium ontstaan het, aangesien YSKOR sy eie opleiding behartig het. Voortaan kon jongmense, wat nie aan YSKOR verbonde was nie, hulle ook op tegniese gebied bekwaam.

Tegniese onderwys was in die daaropvolgende jare 'n belangrike deel van onderwys en opleiding,[72] omdat dit markgerigte opleiding vir die nywerhede in Vanderbijlpark gelewer het. Dit het ook as motivering gedien om jongmense in Vanderbijlpark te hou.

7.2.5 FAKTORE WAT ONDERWYS BEÏNVLOED HET

Verskeie bykomende faktore het 'n invloed op die onderwysontwikkeling in Vanderbijlpark gehad.

7.2.5.1 DIE TAAK VAN DIE ONDERWYSER

Die ontwikkeling van die onderwys in Vanderbijlpark is gedurende die vestigingstadium in 'n groot mate deur onderwysers gereël en georganiseer. Die onderwyser was 'n onmisbare kultuurontwikkelaar.[73] Dit is immers die onderwyser as opvoeder wat die akkulturasieproses tussen die blanke bevolkingsgroepe bespoedig en doelbewus bevorder het. Hierdeur is gepoog om die kinders tot volle ontplooiing van hul aangebore vermoëns en potensiaal te lei, en aan nuwe kultuurelemente bloot te stel.[74]

Die taak van die onderwyser was dus om die onvolwasse kind tot 'n staat van geletterdheid en volwassenheid in die beste en ruimste sin van die woord te bring. Gedurende hierdie proses het daar noodwendig kultuurvorming en ook kultuurverandering plaasvind. Die onderwyser was egter nie heeltemal vry om na goeddunke op te tree nie. Die

71 Laerskool Hendrik van der Bijl, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1948.

72 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

73 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

74 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

werksaamhede van die onderwyser is ook deur sekere wette, sowel as deur die wense van die ouers en voorskrifte van die skoolrade beïnvloed.[75]

7.2.5.2 PROVINSIALE ONDERWYS

Die onderwyser se taak in die ontwikkeling van die onderwys is deur wetgewing bepaal.[76] Volgens artikel 85 van die Suid-Afrika Wet van 1909 is die Sentrale Owerheid verantwoordelik vir tersiêre onderwys, tegniese skole, huishoudskole, spesiale skole vir blindes en dowes asook die onderwys van die Indiërs, Kleurlinge en swart mense.[77]

Die Transvaalse provinsiale skole in Vanderbijlpark, Vereeniging en Meyerton het binne die Vereenigingstreek van die TOD geval[78] en die drie dorpe het onder die beheer van die Skoolraadskantoor in Vereeniging en 'n Streeksinspekteur geressorteer.[79]

7.2.5.3 DIE KULTUURAGTERGROND VAN DIE KIND

Die aard van die leerling self het noodwendig 'n belangrike invloed op die onderwysontwikkeling in Vanderbijlpark gehad. 'n Kenmerk van die ontwikkeling van die kind van Vanderbijlpark is dat hy gedurende die vestigingstadium in 'n groot mate deur die vinnige groei van Vanderbijlpark as nywerheidsdorp beïnvloed is.[80]

Aanvanklik was die verhouding tussen die onderwyser en kind intiem en persoonlik van aard.[81] Daar is van die onderwysers verwag om na elke kind se belange om te sien.[82]

---

75 ***Rand Daily Mail***, 17 Aug. 1952: report; H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

76 Vaal Teknorama, Vereeniging, F.A.V. Day newspaper cuttings, 17 Feb. 1950 - 9 Jan. 1951, ref. no. 03/2668, ***Rand Daily Mail***, 8 Dec. 1950: report.

77 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. J.J.N. Cloete, ***Provinsiale en munisipale finansies: uitgesoekte leerstukke***, p.20.

78 A. Nieuwoudt, "'n Model vir die verkenning van die verspreide stad" {Vaaldriehoek}, ***South African Geographer***, vol. 15, no. 1, Sep. 1987, pp.73,84.

79 M.C. Swart, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

80 Anon., ***YSKOR: Vanderbijlparkwerke***, p.45.

81 M.C. Swart, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Hierdie ideale omstandighede het egter nie lank voortgeduur nie. 'n Groot rede vir die verandering was dat verstedeliking 'n nadelige invloed op sommige kinders gehad het. Baie van die kinders het die nuwe omstandighede in Vanderbijlpark as kultuurvreemd ervaar,[83] en het in armoedige huislike omstandighede gelewe wat 'n nadelige uitwerking op hul lewensgehalte en skolastiese ontwikkeling gehad het.[84]

Daarby was die skole gou oorbevolk en 'n skaarste aan onderwysers het sake vererger.[85] Die leerlinggetalle het sodanig gegroei dat daar soms tot 50 leerlinge in 'n graad een-klas was. Dit was 'n ongesonde situasie vir die behoorlike individuele ontwikkeling van die kleintjies.[86]

Kinders uit groot armoedige gesinne het meer dikwels as kinders uit klein gesinne gedruip, wat op die verskil in aandag deur ouers en die groot klasgroottes dui. Dit was 'n bevestiging van navorsingsbevindinge in Ribsskog in Noorweë, Cavonius in Finland en Miller, Musselman en Lewis in Amerika.[87]

Vir die Europese immigrantekinders was dit vanselfsprekend baie moeilik om in die nuwe kultuur van die gemeenskap van Vanderbijlpark aan te pas.[88] Die kultuurverskeidenheid van die verskillende bevolkingsgroepe wat hul in Vanderbijlpark kom vestig het, het soms tot verwarring gelei.[89]

Die Hongaarse immigrante van 1957 is 'n voorbeeld van 'n groep immigrante wie se kinders aanpassingsprobleme ervaar het.[90] Die Hongaarse groep het 'n vreemde kultuur met hulle

---

82 P. van Wyk, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

83 Kindersorgvereniging, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1953.

84 Kindersorgvereniging, Vanderbijlpark, Notule, Aug. 1956.

85 Vgl. Laerskool Hendrik van der Bijl, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1958.

86 A. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

87 G. de Beer, ***'n Pedagogiese ondersoek na milieu en ander agtergrondfaktore*** ..., p.12.

88 Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI), Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1958.

89 A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa*** ..., p.98; vgl. A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid in Suid-Transvaal*** {2 volumes} (ongep. D.Com.-proefskrif, US, 1948), p.2.

90 ***Rand Daily Mail***, 12 Mar. 1957: report.

saamgebring.[91] Dit het tot gevolg gehad dat die Hongare dit self moeilik gevind het om in die nuwe omstandighede aan te pas. Die Hongare het veral met die landstale Engels en Afrikaans probleme ondervind. Van die 75 wat gedurende Desember 1956 na Vanderbijlpark verhuis het, kon slegs drie Engels praat.[92] Die Hongare het egter geen ander heenkome gehad nie en 1 250 Hongaarse vlugtelinge is na Vanderbijlpark gestuur. Hierdie immigrante se kinders het veral met hul taalonderrig probleme in die skole ervaar, en 50 van hulle is na Laerskool Hendrik van der Bijl, wat 'n dubbelmediumskool was, gestuur.[93] Die moeilike omstandighede waaruit die mense na Vanderbijlpark verhuis het, het aanpassingsprobleme vererger.[94] Die omstandighede van die kinders is verder bemoeilik omdat hulle hul nie verstaanbaar kon maak nie, en dus moeilik kon kommunikeer. Dié taalprobleem was vir hierdie kinders feitlik onoorkomelik. Hulle kon nie Afrikaans of Engels, wat die twee onderrigtale van die skool was, verstaan nie.[95]

Die Duitse immigrante, wat hulle gedurende die vestigingstadium in Vanderbijlpark gevestig het, se kinders het makliker aangepas. Sonder twyfel het hulle 'n kleiner probleem ten opsigte van taal gehad omdat die Germaanse tale soos Duits, Hollands en Afrikaans in teenstelling met 'n taal soos Hongaars, groot ooreenkomste met mekaar getoon het.[96] Die gevolg was dat die omgewing vir hulle nie heeltemal so kommunikasievreemd of selfs kultuurvreemd was soos vir die Hongaarse kind nie.[97]

By Laerskool Hendrik van der Bijl was daar sommige klasse waarin baie Duitse leerlinge was. Die Duitsers het ook op Saterdae vir addisionele Duitse onderrig na Hendrik van der Bijlskool gegaan. Op hierdie wyse het die Duitsers gepoog om hul kultuurgoedere vir hul kinders te

---

91 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

92 ***Rand Daily Mail***, 12 Mar. 1957: report.

93 Laerskool Hendrik van der Bijl, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1957.

94 ***Rand Daily Mail***, 12 Mar. 1957: report.

95 H. van der Merwe, Onderhoud, 10 Feb. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; ***Rand Daily Mail***, 12 Mar. 1957: report.

96 G. Wybenga, Onderhoud, 15 Jan. 1992 {dosent in Afrikaans, Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

97 Vgl. Laerskool Hendrik van der Bijl, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1958.

bewaar.[98] Hierdie houding sou egter ook die akkulturasieproses met die ander bevolkingsgroepe vertraag, en totale opname in die gemeenskap kortwiek.

Dit wil voorkom of die Nederlandse immigrante oor die algemeen vinniger in die nuwe taal- en kultuursituasie ingepas het.[99] 'n Aantal Nederlanders wat van Indonesië gekom het, het ook na Vanderbijlpark verhuis.[100] Die Nederlandse kinders, wat dus ook 'n germaanse taal magtig was, het meestal gouer as die meeste ander immigrantekinders in Afrikaanse skole aangepas.[101]

Verskeie Portugese kinders het saam met hulle ouers na Vanderbijlpark verhuis.[102] Baie van hierdie kinders is in Afrikaanse skole opgeneem. Die res het 'n tuiste by die Engelse skole in Vanderbijlpark gevind.[103] Die Portugese kinders het gewoonlik dadelik een van die twee landstale probeer praat. Alhoewel die Portugese kinders gou een van die twee landstale aangeleer het, het hul huistaal Portugees gebly. Die moeders van dié kinders kon gewoonlik net Portugees praat en verstaan. Dit het die akkulturasieproses stadiger laat plaasvind en het ook 'n invloed op die onderwys van die kinders gehad, omdat die moeders nie met hul skoolwerk kon help en glad nie by skoolaktiwiteite betrek kon word nie.[104]

7.2.6 SAMEVATTING

Op die terrein van Onderwys en Opleiding het dit duidelik geword dat, gedurende die vestigingstadium, die verstedelikingsproses van die Afrikaners en die teenwoordigheid van

---

98 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

99 Anon., "Onze gemeentewapens Vanderbijlpark", ..., p.23.

100 H. van der Merwe, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

101 Laerskool Hendrik van der Bijl, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1958; vgl. G. Wybenga, Onderhoud, 15 Jan. 1992 {dosent in Afrikaans, Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

102 H. van der Merwe, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 40, 1 Jun. 1949.

103 Oliver Lodge Primary School, Vanderbijlpark, School journal, 1950-1951.

104 M.C. Swart, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

die groot hoeveelheid immigrante, 'n groot invloed op akkulturasie en kultuurverandering gehad het.

Binne die kultuurverskeidenheid in Vanderbijlpark is onderwys en opleiding gebruik as 'n belangrike hulpmiddel om die blanke kind se kultuurvlak te verbeter.[105] Onderwys het ook buite die amptelike voorskrifte beweeg om die kultuurverskeidenheid te akkommodeer. Die onderwyser was gewoonlik nie net met onderwys in die skool besig nie, maar het ook by die gesin se huislike omstandighede betrokke geraak.

Ontwikkeling, gedurende die vestigingsjare, was veral op die primêre en sekondêre vlak gerig.[106] Reeds gedurende hierdie jare is besef dat daar vir tegniese opleiding voorsiening gemaak moes word. Dit is opvallend dat daar gedurende die vestigingsjare genoeg fondse vir die blanke se onderwysontwikkeling gevind kon word. Binne die kultuurverskeidenheid in Vanderbijlpark se blanke gemeenskap was onderwys en opleiding dus 'n belangrike hulpmiddel om 'n bestendige kultuurontwikkeling by die kinders te laat plaasvind.

7.3 ONDERWYS EN OPLEIDING GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1960-1978

Belangrike ontwikkeling op die gebied van onderwys en opleiding het gedurende die voorspoedstadium binne die kultuuromgewing van Vanderbijlpark, as nywerheidstad, plaasgevind.[107]

Verskillende faktore soos godsdiens, bevolkingsgroei en die bestendige ontwikkeling van verskillende opvoedkundige inrigtings, het die onderwysontwikkeling en daarmee gepaardgaande kultuurontwikkeling gedurende dié stadium beïnvloed.[108]

Die voorsiening van genoegsame onderwysfasiliteite en leerkragte moes ook noodwendig met die vinnige bevolkingsgroei van Vanderbijlpark tred hou.[109] Gedurende 1976 was daar byvoorbeeld reeds 20 323 leerlinge en studente in Vanderbijlpark wat onderrig ontvang

---

105 Vgl. Anon., "Onze gemeentewapens Vanderbijlpark", ..., p.23.

106 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

107 ***Vaalweekblad***, 1 Feb. 1974: berig; Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., p.19.

108 ***Vaalweekblad***, 25 Jun. 1976: berig.

109 ***Vaalweekblad***, 1 Feb. 1974: berig; Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., p.19.

het.[110] Hierdie groot toename in leerlinge het groot druk op die ontwikkeling van onderwysinstellings geplaas.

Daar moes dus vir addisionele kleuterskole, bewaarskole, laerskole, hoërskole en tersiêre inrigtings voorsiening gemaak word om die onderwys- en kultuurpeil te handhaaf, omdat die inrigtings die middelpunt van kultuuraktiwiteite geword het.[111]

7.3.1 CHRISTELIKE ONDERWYS

Gedurende die sestigerjare het onderwys in die staatskole op 'n Christelike grondslag berus. Die doel van hierdie skole was om die kind deur middel van kennis, vaardighede en gesindhede op die pad van die verloste te lei, te vorm en te inspireer sodat hy / sy 'n volwassene kan word wat "tot alle goeie werk volkome toegerus is" (2 Tim. 3:17). Christelike onderwys was dus die basis om kinders in die Christelike geloof, leer, gebruik en waardes te onderrig.[112]

Die onderwyser het dit as sy Christelike opdrag en roeping gesien om na alle kinders om te sien.[113] Skole het dikwels gepoog om die taak van die ouers te ondersteun.[114] Die Christelike beskouing is ook in die Natuurwetenskap, Wiskunde, Afrikaans en Engels toegepas.[115]

Onderwysers het enkele probleme met die toepassing van Christelike onderwys ervaar,[116] omdat die verskeidenheid van bevolkingsgroepe met verskillende kulture en agtergronde ook 'n verskeidenheid van prinsipiële beskouinge in skole beliggaam het.[117]

---

110 ***Vaalweekblad***, 25 Jun. 1976: berig.

111 ***Vaalweekblad***, 1 Feb. 1974: berig; Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., p.19; ***Vaalweekblad***, 25 Jun. 1976: berig.

112 H.F. Schroeder, ***Huidige probleme van die onderwys en opvoeding*** ..., p.19.

113 M.C. Swart, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

114 Vgl. Laerskool Frikkie Meyer, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1963.

115 Laerskool D.F. Malherbe, Vanderbijlpark, Jubileumblad, 1965-1990, pp.1,42.

116 A. Schroeder, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {voormalige onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

117 Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., pp.16,17.

Christelike onderwys het oor die algemeen gedurende die voorspoedstadium 'n belangrike rol in die onderwysstelsel in Vanderbijlpark gespeel en 'n heilsame invloed op die kultuurvlak van die jongmense van Vanderbijlpark gehad.[118] Christelike beginsels en 'n Christelike lewenswyse was aan die orde van die dag.

7.3.2 KLEUTERSKOLE

In die kleuterskole het die kinders met nuwe kultuurprodukte en -aktiwiteite kennis gemaak. Van kleins af het hierdie kleuters met die nodige onderwysaktiwiteite in aanraking gekom en is daarom skoolryp gemaak.[119]

Teddy Bear kleuterskool se program dien as voorbeeld van die programme wat vir die ontwikkeling van die blanke kind in Vanderbijlpark gevolg is.

7.3.2.1 TEDDY BEAR KLEUTERSKOOL

Kenmerkend van dié kleuterskool was dat die skool naas die formele opleidingsprogram ook aan verskeie aktiwiteite buite die skoolprogram deelgeneem het. Verskillende instansies soos die brandweer is byvoorbeeld jaarliks besoek.[120] Dié kleuterskool het ook aan inkleurwedstryde, atletiekbyeenkomste en konserte deelgeneem.[121]

7.3.2.2 LITTLE SPARROW KLEUTERSKOOL

Hierdie kleuterskool het op 21 Julie 1970 onder die bestuurskap van pastoor Robert Arber van die Assembly of God tot stand gekom. Aanvanklik is daar sowat 60 Afrikaans- en Engelssprekende kleuters in die kleuterskool opgeneem.

---

118 H. Grobler, Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

119 ***Vaalweekblad***, 18 Jan. 1974: berig.

120 Vgl. Teddy Bear kleuterskool, Vanderbijlpark, Joernaal, 1970.

121 Z. Bothma, Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Teddy Bear kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Die eerste hoof van die kleuterskool was Leonie Hinds. Die leerplanne van die TOD is in dié kleuterskool gebruik. Die skooltariewe gedurende 1970 was R25 per termyn indien die kinders van 08:00 tot 13:00 versorg moes word.[122]

7.3.2.3 KOSMOS KLEUTERSKOOL

Hierdie TOD-kleuterskool het op 9 Oktober 1974 tot stand gekom. Die TOD-leerplanne word gevolglik in al ses die kleutergroepe gebruik. Hierdie kleuterskool is op die terrein van Laerskool Historia in SE 1 geleë.[123]

Samevattend het die kleuterskole van Vanderbijlpark, gedurende die voorspoedstadium, 'n belangrike bydrae tot die kultuur- en algemene ontwikkeling van die voorskoolse blanke kind gelewer.[124] Daar is gevind dat ouers verkies het om hul kinders na kleuterskole te stuur, omdat kleuterskole meestal gesien is as belangrike instellings om kinders skoolryp te maak.[125]

7.3.3 LAERSKOLE

Die laerskole se ontwikkeling en aktiwiteite gedurende die voorspoedstadium was 'n weergawe van die voorspoedige tyd waarin die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark hul gedurende hierdie stadium bevind het.[126] Onderwys en opleiding is in 'n groot mate as hulpmiddel tot die opheffing van die kultuurvlak van die blanke kind aangewend.[127] Die volgende laerskole se aktiwiteite dien as voorbeeld van die laerskole se kultuurorganisering wat die blanke kind in Vanderbijlpark geraak het:

---

122 M. de Beer, Onderhoud, 28 Feb. 1994 {Hoof van Little Sparrow kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

123 M. de Bruyn, Onderhoud, 1 Mrt. 1994 {Hoof van Kosmos kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

124 M.C. Swart, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

125 ***Vaalweekblad***, 18 Jan. 1974: berig.

126 ***Vaalweekblad***, 17 Okt. 1969: berig; vgl. Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., pp.14,21; H. du Plessis, ***Ekonomiese ontwikkelingspotensiaal van die Vaaldriehoek*** (ongep. M.Com.-verhandeling, PU vir CHO, 1985), p.9.

127 Vgl. Laerskool D.F. Malherbe, Vanderbijlpark, Jubileumblad, 1965-1990, pp.1,2,3.

7.3.3.1 LAERSKOOL HENDRIK VAN DER BIJL

Gedurende die voorspoedstadium is die skoolaktiwiteite van hierdie skool goed deur die ouers ondersteun. Gedurende Oktober 1969 het die ***Vaalweekblad*** berig dat: "met die intrapslag die onderwysers en die leerlinge in feestelike stemming" was. Die rede vir hierdie blydskap was dat dit die eerste skool in Vanderbijlpark was wat 'n swembad gehad het. Die swembad het R15 000 gekos.[128] Soortgelyke berigte van die ontwikkeling van die verskillende skole van Vanderbijlpark was algemeen. Hierdie mediadekking het die eiewaarde en trots van die kinders verhoog.[129]

7.3.3.2 LAERSKOOL FRIKKIE MEYER

Laerskool Frikkie Meyer se ontwikkeling kan dien as voorbeeld van die vinnige uitbreiding wat kenmerkend van die jong nywerheidstad Vanderbijlpark was.[130] Die toename van Frikkie Meyer se leerlingtal het veroorsaak dat daar nog skole in Vanderbijlpark gestig moes word. Laerskool Frikkie Meyer het gedurende 1964 'n leerlingtal van 775 gehad. Gedurende Januarie 1966 is 240 van Frikkie Meyer se leerlinge na Laerskool Voorslag, oorgeplaas.

Op 20 September 1975 het hierdie skool sy 21-jarige bestaansjaar gevier. Op 20 Januarie 1976 het die leerlinginskrywing van Frikkie Meyer reeds weer op 913 te staan gekom.[131]

7.3.3.3 LAERSKOOL VAALRIVIER

Laerskool Vaalrivier se groei het die voorspoed wat daar gedurende dié stadium in Vanderbijlpark geheers het, onderstreep.[132] Teen 1970 was daar 780 leerlinge aan die skool verbonde.[133]

---

128 ***Vaalweekblad***, 17 Okt. 1969: berig.

129 Vgl. H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

130 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Oct. 1972: report.

131 Laerskool Frikkie Meyer, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1976.

132 Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., pp.14,21; B.D. de Klerk, Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Vaalrivier, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

133 Laerskool Vaalrivier, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1954-1991, pp.1,2.

Die ouers van dié skool was finansieel in staat om groot bydraes tot die skool se ontwikkeling te maak.[134] Deur die finansiële bystand van die ouergemeenskap is daar 'n swembad, museum, sportfasiliteite, apparaat, 'n skoolbussie en selfs verskuifbare pawiljoene aan die skool voorsien. Jaarliks is ook 'n bedrag vir biblioteekboeke en mediagebruikersapparaat voorsien.[135]

Vir die kinders en die ouers van Laerskool Vaalrivier was dit 'n groot aantrekkingskrag dat dié skool in 'n landelike omgewing en atmosfeer geleë was. Laerskool Vaalrivier het as kultuursentrum vir sy omgewing gedien, en oor die jare is verskeie operettes, kunswedstryde, volkspele en kore afgerig en opgevoer. Volksfeeste het ook hier plaasgevind.[136]

7.3.3.4 LAERSKOOL NOORDHOEK

Laerskool Noordhoek is gedurende 1965 met 563 leerlinge en 18 personeellede geopen. Die skool het gedurende die voorspoedstadium vinnig gegroei en het byvoorbeeld op 23 September 1966 sy eerste kermis gehou, waar 'n bedrag van R660 ingesamel is. Gedurende 1979 het die skool met 'n borgkompetisie R7 750 ingesamel. Die getal leerlinge het ook van 762 in 1969 tot 921 in 1974 toegeneem.

Die skool het ook op die gebied van buitemuurse aktiwiteite presteer. Gedurende 1972 is die skool se eerste operette, **Moleste in lekkergoedland**, opgevoer. Goeie prestasies is in atletiek, rugby en netbal behaal.

Gedurende 1979 het die skool se derde skoolhoof, mnr. Gerrie Oosthuizen, die pos as permanente hoof by die skool aanvaar.[137]

7.3.3.5 LAERSKOOL D.F. MALHERBE

Laerskool D.F. Malherbe is nog 'n voorbeeld van 'n Afrikaanse laerskool wat gedurende die voorspoedstadium gestig is en vinnige groei getoon het. Dié laerskool is gedurende Januarie

---

134 ***Vaalweekblad***, 31 Mrt. 1976: berig.

135 Laerskool Vaalrivier, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1954-1991, p.2.

136 B.D. de Klerk, Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Vaalrivier, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

137 Laerskool Noordhoek, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1979.

1966 met 622 leerlinge begin, en was die agtste laerskool in Vanderbijlpark.[138] Dit was ook die eerste laerskool wat suid van die Vereeniging-Barragepad in SW 5 opgerig is. Mnr. F.J. Coetzee was die eerste permanente Skoolhoof, en op 12 Mei 1967 is die skool amptelik deur prof. D.F. Malherbe in gebruik geneem.[139]

Dié skool het geblyk 'n sterk presterende skool te wees.[140]

7.3.3.6 PINEDENE PRIMARY SCHOOL

Pinedene Primary School is die tweede Engelsmediumskool wat in Vanderbijlpark tot stand gekom het. Hierdie skool, wat in die woonbuurt SW 1 geleë is, is op 17 Januarie 1966 gestig. Mnr. Rupert Maree is as die eerste hoof aangestel.

As gevolg van die groot toeloop van immigrante het die skool 'n ongekende groei getoon. Met die aanvang van die skooljaar in 1975 het die skool se leerlingtal op 960 gestaan. Gedurende Mei 1975 was daar reeds 1 034 leerlinge in die skool se register aangeteken.[141]

7.3.3.7 LAERSKOOL VOORSLAG

Die sterk ekonomiese groei en toevloei van mense na Vanderbijlpark het gedurende 1966 tot die ontstaan van die negende Afrikaanse laerskool gelei.[142] Die snelle styging in leerlinggetalle word in die vestiging van Laerskool Voorslag weerspieël. Laerskool D.F. Malherbe het op 19 April 1966 met slegs 722 van die 1 052 leerlinge uit 'n tydelike skoolgebou in Buddstraat na 'n nuwe skoolgebou op die hoek van Dvorak- en Sullivanstraat, SW 5, getrek. Die oorblywende 330 leerlinge en agt personeellede wat nie getrek het nie, het op 19 April 1966 as Laerskool Voorslag begin funksioneer en baie vinnig ontwikkel.[143]

---

138 A. Leonard, Onderhoud, 12 Nov. 1990 {onderwyseres van Laerskool D.F. Malherbe, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

139 Laerskool D.F. Malherbe, Vanderbijlpark, Jubileumblad, 1965-1990, p.32.

140 Laerskool D.F. Malherbe, Vanderbijlpark, Jubileumblad, 1965-1990, pp.45,46.

141 Pinedene Primary School, Vanderbijlpark, School journal, 1975.

142 W.A. du Plooy, Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Voorslag, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

143 Laerskool D.F. Malherbe, Vanderbijlpark, Jubileumblad, 1965-1990, p.24.

7.3.3.8 LAERSKOOL HISTORIA

Mnr. H.L. Engelbrecht, 'n afgetrede skoolhoof, is op 3 November 1969 as waarnemende hoof van die nuwe Afrikaanse laerskool in Vanderbijlpark aangestel. Hy het sedert 12 Januarie 1970 met die hulp van 18 personeellede en mev. H. Smith, die tikster-klerk, sake vir die amptelike opening van die skool gereed gemaak.

Hierdie nuwe skool, wat in die woonbuurt SE 1 geleë is, het aanvanklik as Laerskool Vanderbijlpark SE 1 bekend gestaan. Die skool is op 14 Januarie 1970 met 554 leerlinge geopen. Aangesien die skoolgebou nog nie opgerig was nie, is die skool in 'n tydelike skoolgebou in Buddstraat, CE 1, gehuisves, en die leerlinge is per bus vanaf SE 1 na die skoolgebou vervoer.[144]

Die skool is gedurende 1970 as Laerskool Historia herdoop, omdat die straatname in SE 1 na historiese figure vernoem is. Gedurende Desember 1970 het mnr. J.A.M. Rothmann, as eerste permanente hoof, die bestuur van die skool by mnr. Engelbrecht oorgeneem.[145]

Die nuwe skoolgebou in Merrimanstraat, SE 1, is op 21 Julie 1971 deur ds. P.J. Fourie geopen. Tydens die ingebruikneming was die skoolgebou, wat vir 750 leerlinge ontwerp is, reeds te klein. Die voorspoed wat in Vanderbijlpark ondervind is, is in die leerlingtal van hierdie skool weerspieël. Sowat 11 maande na die stigting was die skool met 'n leerlingtal van 940 reeds die grootste laerskool in Vanderbijlpark.[146] Dr. A.L. Kotzee, die Direkteur van Onderwys, het die skool amptelik op 6 Oktober 1972 geopen.[147]

7.3.3.9 PARK RIDGE PRIMARY SCHOOL

Die stigting van die derde Engelsmediumskool was hoofsaaklik te wyte aan die sterk groei wat Pinedene Primary School getoon het, en was ook kenmerkend van die voorspoedstadium wat in die dorp geheers het. Park Ridge Primary School, wat in die

---

144 Laerskool Historia, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 10 Des. 1970; vgl. H. Kühne, ***Laerskool Historia: 'n historiese oorsig, 1970-1990*** (ongep. B.A.-skripsie, PU vir CHO, 1990), pp.3,4.

145 Laerskool Historia, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 10 Des. 1970.

146 ***Vaalweekblad***, 22 Jun. 1972: berig.

147 ***Vaalweekblad***, 13 Okt. 1972: berig.

woonbuurt SE 6 geleë is, het op 1 Januarie 1977 tot stand gekom. Op die tiende skooldag het hierdie skool reeds aan 660 skoliere onderrig gegee.[148]

Dit is dus duidelik dat daar gedurende die voorspoedstadium ruim voorsiening vir primêre onderwys en opleiding gemaak is. Dié voorsiening dui ook op die uiters vinnige uitbreiding van nywerhede en die toevloei van mense na Vanderbijlpark.

7.3.3.10 LAERSKOOL KOLLEGEPARK

Laerskool Kollegepark wat aanvanklik as die Laerskool SE 7 bekend gestaan het, het op 10 Januarie 1977 by die Hoërskool Vanderbijlpark met 210 leerlinge begin.[149] Die skool se getalle het vinnig vermeerder en op 10 Januarie 1978 het die skool met 680 leerlinge in 'n nuwe skoolgebou ingetrek.[150]

Vanaf 1979 het die skool amptelik as Laerskool Kollegepark bekend gestaan.[151] Die leerlingtal van Laerskool Kollegepark het van 221 tot 1 188 vermeerder, en dié skool was gevolglik een van die grootste Afrikaanse laerskole in Transvaal.

'n Groot verskeidenheid buitemuurse aktiwiteite is beoefen.[152] Op die gebied van atletiek, rugby, netbal, tennis, hokkie, krieket, swem, operettes, kunswedstryde, redenaarskompetisies, Bybelvasvra, skaak, junior en senior kore en landloop het die skool uithaler prestasies gelewer.[153]

7.3.4 HOëRSKOLE

Die ontwikkeling van die hoërskole gedurende die voorspoedstadium weerspieël eweneens die voorspoed wat daar gedurende dié stadium in Vanderbijlpark geheers het. Die Hoërskole

---

148 Park Ridge Primary School, Vanderbijlpark, School journal, 1977.

149 I.W.F. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Skoolhoof van Laerskool Kollegepark, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

150 Laerskool Kollegepark, Vanderbijlpark, Fotoblad, 1977-1987, pp.20,21.

151 I.W.F. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Skoolhoof van Laerskool Kollegepark, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

152 I.W.F. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Skoolhoof van Laerskool Kollegepark, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

153 Laerskool Kollegepark, Vanderbijlpark, Fotoblad, 1977-1987, pp.24,25.

AANTAL LEERLINGE
HOëRSKOOL TRANSVALIA, 1958-1974



Transvalia Hoërskool, Vanderbijlpark,
Skooljoernale, 1958-1990.

GRAFIEK 7.1

Transvalia, Anker, Carel de Wet, Lettie Fouché en Driehoek se ontstaan en ontwikkeling word as voorbeelde gebruik.

7.3.4.1 HOëRSKOOL TRANSVALIA

Hierdie skool het veral gedurende die voorspoedstadium vinnige groei en ontwikkeling getoon.[154] Gedurende Januarie 1961 het die leerlingtal tot 563 leerlinge gestyg, en Transvalia het gedurende dié jaar sy eerste matriekklas gehad, waarvan al 17 geslaag het. Die eerste rugbyspan het in dieselfde jaar die Administrateursbeker vir rugby gewen. Die kadette en die orkes se eerste optrede was 'n vlaghysing ter viering van die Republiekwording van Suid-Afrika.[155]

Die bygaande grafiek toon dat die skool se leerlingtal in 1971 'n hoogtepunt bereik het.[156] Die afname is veroorsaak deur die feit dat die voedingsbron van die skool 'n gebied insluit waar inwoners nie baie verhuis nie en die deel van die gemeenskap dus verouder het.

Gedurende die voorspoedstadium is Hoërskool Transvalia se ontwikkeling deur akademiese, sport- (rugby, tennis, netbal, hokkie en atletiek) en kultuurprestasies (kadette en kadetorkeste, Voortrekkers en operette) van hoogstaande gehalte gekenmerk.[157]

7.3.4.2 DIE ANKERSKOOL

Dié spesiale skool in Vanderbijlpark het op 18 Januarie 1965 sy deure geopen. Die skool het met 'n leerlingtal van 53 en vyf leerkragte begin en het aanvanklik as Wording-laerskool bekend gestaan, met mnr. Balt wat as die tydelike hoof waargeneem het. In November 1966 het die skool se naam na Ankerskool verander.

Mnr. C.A. de B. Ferreira was vanaf 1965 tot met sy afsterwe op 16 Oktober 1968 die eerste permanente hoof van hierdie skool. Mnr. A.F. Neuhoff, die Adjunkhoof, het op 12 Januarie 1970 die tweede hoof van die skool geword.

Die Ankerskool was tot 1974 'n junior skool, aangesien die sentrums waar die praktiese werk gedoen moes word, nog nie voltooi was nie. Sedert 1974 word die Ankerskool 'n

154 ***Vaalweekblad***, 29 Mrt. 1983: berig.

155 Hoërskool Transvalia, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1961.

156 Kyk grafiek 7.1, p.294a.

157 Hoërskool Transvalia, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1978.

sekondêre skool. Die leerlingtal het 'n stadige groei getoon met 'n toename van 301 leerlinge in 1969 tot 414 leerlinge in 1975.[158]

7.3.4.3 HOëR TEGNIESE SKOOL (HTS) CAREL DE WET

Dié hoër tegniese skool het in 'n belangrike sekondêre onderwysbehoefte vir Vanderbijlpark as nywerheidstad voorsien.[159] Dié skool het aan die einde van 1965 'n eie identiteit verkry nadat die onderwysprogram van die Vanderbijlparkse Tegniese Kollege en die skool verdeel is.[160]

Die druk wat daar op die skool geplaas is om te presteer, is ten tye van die tienjarige viering van die skool soos volg deur prof. dr. Jooste, die Direkteur van Onderwys in Transvaal, verduidelik: "Dit is 'n feit dat ons land 'n nood belewe aan opgeleide tegniese mense, dit sal 'n blye dag wees as ons vooruitstrewende land op nywerheids- en tegniese gebied die tydstip kan beleef dat hy deur opleiding in sy eie behoefte kan voorsien. Vir hierdie voorsiening staan 'n skool soos Carel de Wet voor 'n geweldige uitdaging."[161]

Die ekonomiese groei en ontwikkeling van die blanke gemeenskap het die skool bevoordeel.[162] In die eerste jaar van die nuwe skool se bestaan het die leerlingtal met 100 tot 384 leerlinge toegeneem. Gedurende Augustus 1969 is gieterytoerustingapparaat van meer as R2 500 deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Gieterywese aan die skool geskenk.

Die eerste vyf dogters is in 1974 toegelaat[163] en gedurende 1975 het die skool die maksimum inskrywing van 980 leerlinge oorskry. Die leerlingtal het so toegeneem dat dié skool noodgedwonge ook van tydelike lokale gebruik moes maak.

---

158 A. de Beer, ***Die geskiedenis van die Ankerskool*** (ongep. verslag, Navorsingseenheid vir Industrialiserings- en Vaaldriehoekse Geskiedenis (NIVG), PU vir CHO, Mrt. 1994), p.1.

159 F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ***Volkshandel***, vol. 26, no. 8, Okt. 1965, pp.20,21.

160 Hoër Tegniese Skool (HTS) Carel de Wet, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1965.

161 HTS Carel de Wet, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1975.

162 ***Vaalweekblad***, 12 Okt. 1979: berig.

163 H.F. Schroeder Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Die skool het op verskeie terreine presteer, en die goed toegeruste sportterrein het tot uitstekende sportprestasies gelei.[164]

7.3.4.4 HOëR HANDELSKOOL LETTIE FOUCHé

Die Hoër Handelskool Lettie Fouché het primêr as gevolg van opleidingsbehoeftes vanuit die handelswêreld vir handelsberoepsonderwys van veral die blanke dogters ontstaan.[165] Die skool is deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap beheer, en handelsberoepsonderwys is van st. 8 tot st. 10 aangebied.[166]

Die ekonomiese groei van die handel- en dienstesektor in Vanderbijlpark se gemeenskap het dié handelskool ook bevoordeel.[167] Die skool het met 'n gemiddelde inskrywing van 350 leerlinge per jaar gespog. Die skool het ook op sport- en kulturele gebied goeie prestasies behaal.[168]

7.3.4.5 HOëRSKOOL DRIEHOEK

Hoërskool Driehoek is op 10 Januarie 1972 met slegs standerd ses- en agtleerlinge onder leiding van mnr. J.W.C. Lotz, die waarnemende hoof, begin. Op 8 Januarie 1973 het die eerste permanente hoof diens aanvaar.[169]

Driehoek het sedert sy inwyding op 21 September 1979 'n fenomenale groei getoon. Die leerlingtal het gedurende die vroeë tagtigerjare tot 1 038 vermeerder.[170]

Die bogenoemde uiteensetting toon dat die kultuurvlak van die kind in 'n groot mate baat kon vind by die omvangryke kultuurorganisering wat deur die skole onderneem is. Die hoërskole was dus gedurende die voorspoedstadium 'n belangrike aanwins vir die

---

164 HTS Carel de Wet, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1978.

165 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 (voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

166 Hoër Handelskool Lettie Fouché, Vanderbijlpark, Jaarblad, 1966-1971, pp.1,2.

167 ***Vaalweekblad***, 24 Okt. 1978: berig.

168 Hoër Handelskool Lettie Fouché, Vanderbijlpark, Jaarblad, 1966-1971, p.3.

169 Hoërskool Driehoek, Vanderbijlpark, Fotoblad, 1984, pp.70-72.

170 Hoërskool Driehoek, Vanderbijlpark, Fotoblad, 1984, pp.1,2; ***Vaalweekblad***, 19 Jan. 1982: berig.

kultuurontwikkeling van Vanderbijlpark. Die onderwysontwikkeling van die hoërskole was dan ook van so 'n aard dat dit 'n belangrike grondslag basis vir tersiêre opleiding gelê het.

7.3.5 TERSIÊRE OPLEIDING

Vir die snelgroeiende nywerheidsgemeenskap van die Vaaldriehoek het tersiêre opleiding 'n noodsaaklikheid geword.

Die vestiging van die Tegniese Kollege, Vaaldriehoekse Technikon en die Vaaldriehoekkampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) het 'n belangrike bydrae tot die noodsaaklike opleiding van mannekrag vir Vanderbijlpark gelewer.[171]

Hierdie verbeterde opleiding van die werkerskorps het 'n hoër produksie van die nywerheidsinstansies teweeggebring.[172] Dit het ook 'n verantwoordelikheid op nywerhede gelê om met die tempo waarteen kennis vermeerder het, tred te hou.[173]

7.3.6 SAMEVATTING

In die kultuurontwikkeling van Vanderbijlpark as nywerheidstad het onderwys en opleiding vir die blanke gedurende die voorspoedstadium 'n belangrike rol gespeel. Soos aangetoon is, is die bydrae deur verskillende faktore beïnvloed.

Die metode van onderwys is in die eerste plek deur die Christelike godsdiens beïnvloed. Die prinsipiële grondslag van die onderwys in Vanderbijlpark, soos in die res van Suid-Afrika gedurende die voorspoedstadium, het op 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing berus.

Die snelle onderwysontwikkeling is deur die vinnige toename van die bevolking in Vanderbijlpark ten grondslag gelê. Gedurende 1973 was daar reeds 20 323 blanke leerlinge en studente in Vanderbijlpark wat onderrig ontvang het. Genoegsame fondse om die onderwysinstellings gedurende die voorspoedstadium te finansier, was ook geredelik beskikbaar.

---

171 Kyk pp.318,319.

172 G. Hoffman, Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

173 H.A. du Plessis, ***'n Didakties-pedagogiese ondersoek na toestande rakende die akademiese opleiding van ingenieurstegnici: met spesiale verwysing na toestande in die Vaaldriehoek*** (ongep. D.Ed.-proefskrif, UOVS, 1974), pp.90,91.

'n Groot behoefte aan goedgeskoolde en opgeleide mannekrag het bestaan. Dit was ook opvallend dat daar 'n besondere wisselwerking tussen opleidingsinstansies en die nywerhede voorgekom het.

Die ontwikkeling van die onderwys in Vanderbijlpark het gedurende die eerste twee stadiums derhalwe 'n sterk stygende ontwikkelingslyn getoon, wat veral aan die ekonomiese groei en nywerheidsuitbreiding in Vanderbijlpark toegeskryf kan word. Onderwysvoorsiening het gevolglik in hierdie welvarende omstandighede gedy.

7.4 ONDERWYS EN OPLEIDING GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992

Gedurende die stabiliseringstadium was die snelle ontwikkeling van onderwys en opleiding bestendig.[174] Die veranderde politieke omstandighede gedurende die laaste dekade, wat swak ekonomiese toestande tot gevolg gehad het, het ongetwyfeld die blanke onderwys in Vanderbijlpark beïnvloed.[175]

7.4.1 KLEUTERSKOLE

Gedurende die stabiliseringstadium het die ekonomiese omstandighede van die blanke gemeenskap kleuterskoolonderrig in Vanderbijlpark laat floreer.[176] Die rede hiervoor was dat 'n groot hoeveelheid moeders tot die arbeidsmag toegetree het om die gesin se inkomste te verhoog.[177] Moeders kon, as gevolg van egskeiding, ook nie meer hul kinders sonder 'n bykomende inkomste versorg nie.[178] Daar het noodwendig 'n groter behoefte aan die versorging van veral die voorskoolse kind ontstaan.[179] Die verswakkende ekonomie het

---

174 ***Vaalweekblad***, 1 Feb. 1974: berig.

175 ***Vaalweekblad***, 6 Sep. 1985: berig.

176 ***Vaalweekblad***, 5 Feb. 1982: berig.

177 H. Grobler, Onderhoud, 15 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

178 Vgl. Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1986***, jg. 112, p.223.

179 ***Vaalweekblad***, 18 Jan. 1974: berig.

GRAFIEK 7.2



Teddy Bear Kleuterskool, Vanderbijlpark,
Finansiële state, 1987-1990.

egter 'n geldskaarste tot gevolg gehad, wat ook in die fondsinsameling van Teddy Bear kleuterskool weerspieël is.[180]

Die aktiwiteite van die kleuter- en bewaarskole bied 'n beeld van die onderwysdiens wat op *pre-primêre* vlak gelewer is.

7.4.1.1 LITTLE SPARROW KLEUTERSKOOL

In Mei 1980 het pastoor M. De Frate van die Apostoliese Geloofsending (AGS) hierdie kleuterskool oorgeneem en sedertdien word dit deur hierdie kerkgenootskap bestuur.

Die hoof is mev. Marie de Beer, wat sedert 1982 hierdie pos beklee. Nagenoeg 100 kleuters word in hierdie kleuterskool volgens die TOD-leerplanne onderrig. Hierdie kleuters word in drie groepe, naamlik die junior, die middel- en die senior groepe, verdeel. Die skoolure het weeksdae vanaf 07:00 tot 17:15 gestrek.[181]

7.4.1.2 KOSMOS KLEUTERSKOOL

Hierdie kleuterskool het gedurende die stabiliseringstadium 'n hawe gebied aan ongeveer 150 kleuters, wat in een junior groep, twee middelgroepe van drie- tot vierjariges en drie voorskoolse groepe ingedeel is.

Die voertaal van die kleuterskool was dubbelmedium. Die skooltarief is op R25 per week vasgestel. Die Bestuursliggaam van hierdie kleuterskool het besluit om die skool later na 'n model C-skool verander.[182]

7.4.1.3 MAKIERIE KRAAI KLEUTERSKOOL

Makierie Kraai is ook 'n kleuterskool wat gedurende die onderhawige stadium ontstaan het, om in 'n toenemende behoefte aan versorging van die kleuter te voorsien.[183] Hierdie TOD-

---

180 Kyk grafiek 7.2, p.299a.

181 M. de Beer, Onderhoud, 28 Feb. 1994 {Hoof van Little Sparrow kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

182 M. de Bruyn, Onderhoud, 1 Mrt. 1994 {Hoof van Kosmos kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

183 Member of the Tin Hats (MOTHs), Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1989; Familie- en Huweliksvereniging van Suid-Afrika (FAMSA), Vanderbijlpark, Notule, Nov. 1989.

kleuterskool is gedurende 1983 gestig.[184] Die 120 kinders is in ses groepies verdeel. Die kleuters word vanaf die ouderdom van drie jaar ingeneem, en weeksdae vanaf 08:00 in die oggend tot 13:00 in die middag versorg. Die taalmedium van die skool is Afrikaans en Engels, en 'n TOD-leerplan is gevolg.

Die gelde moes noodwendig vanweë die swak ekonomiese omstandighede verhoog word. Vanaf 1991 is die gelde van R15 tot R25 per maand verhoog.[185]

Nieteenstaande die veranderde omstandighede het die kleuterskool gepoog om die ontwikkeling van die kleuters voorop te stel.

7.4.1.4 NASARENER KLEUTERSKOOL

Die Nasarener kleuterskool is gedurende 1986 gestig. In hierdie kleuterskool is 106 kinders in vyf groepies verdeel. Die kinders word ingeneem in die jaar wat hulle drie jaar oud word.

Hierdie skool is weeksdae vanaf 06:30 tot 17:30 oop. Die taalmedium is Afrikaans en Engels. Vyf onderwyseresse, waarvan een gekwalifiseerd is, het aanvanklik diens gedoen en die gelde van die skool het R120 per maand beloop. Hoewel dit 'n private kleuterskool is, is die program van die TOD gevolg.[186]

Kenmerkend van hierdie skool was dat die onderrig in ooreenstemming met die godsdienstige inslag van die Kerk van die Nasarener ingestel is. Die onderrigprogram is daarom sterk op die Bybel ingestel. Liedjies wat geleer word, is gewoonlik geestelik van aard. Christenouers van verskillende kerkgenootskappe het hul kinders na hierdie kleuterskool gestuur.[187]

---

184 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

185 A. Swart, Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Makierie Kraai kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

186 Nasarener kleuterskool, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1991.

187 E. Antonius, Onderhoud, 28 Jun. 1991 {voormalige Hoof van Nasarener kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

7.4.1.5 PLOTTIES SE KLEUTERLAND

Die kleinhoewe-eienaars is ook deur die veranderde ekonomiese omstandighede geraak.[188] Die gevolg was 'n behoefte aan kleutersorg, en Plotties se Kleuterland is sodoende gedurende 1987 gestig.

Aanvanklik is daar vir slegs 16 kinders, wat in twee groepies verdeel is, voorsiening gemaak. Die versorging van heel klein babas het 'n knellende behoefte geword en babas is gevolglik vanaf die ouderdom van twee en 'n halwe jaar ingeneem. Die kleuterskool het weeksdae vanaf 07:00 tot 17:30 'n diens gelewer. Die taalmedium van dié skool is Afrikaans en Engels.

Hierdie kleuterskool, wat vir die ouers van die kleinhoewes gerieflik geleë is, het ook 'n aangename ontspanne tuiste vir dorpskinders geword. Die kinders het met skape, beeste en perde kennis gemaak en het ook die geleentheid gekry om, benewens die kleuterskoolapparatuur, ook in die bome rond te klouter en op groot oop ruimtes te baljaar.

'n Belangrike diens wat hierdie skool in die veranderde omstandighede vir die bedrywige ouers gelewer het, was dat hulle die kinders tuis gaan haal het. Die gelde vir hierdie kinders het tussen R120 en R140 per maand gewissel, afhangende van die afstand wat die kinders vervoer moes word.[189]

7.4.1.6 KLEUTERLAND KLEUTERSKOOL

Kleuterland was een van die kleuterskole wat in die veranderde omstandighede vir die nodige versorging van die voorskoolse kind voorsiening moes maak.[190] Kleuterland is gedurende 1989 gestig en moes vir Engels sowel as Afrikaanse kinders voorsiening gemaak het. Gevolglik is 180 kleuters in 8 groepies verdeel en kon hulle vanaf twee jaar in dié skool ingeneem word.[191]

---

188 ***Vaalster***, 7 Okt. 1986: berig.

189 T. Woodall, Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Plotties se Kleuterland, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

190 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

191 R. van Niekerk, Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Kleuterland kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Die skoolure is by die behoeftes van die ouers aangepas.[192] Versorgingsdienste was weeksdae vanaf 07:00 tot 17:30 beskikbaar. Die diens is deur tien dames, waarvan twee gekwalifiseerd was, verskaf. Die dames het in skofte gewerk om die lang diensure te kon behartig.

Dié kleuterskool het gepoog om met die moderne onderwysontwikkeling tred te hou. Die ekonomiese vlak van die skool het afwaarts geneig en 'n tekort aan fondse is beleef. Die skool het fondse met die verkoop van sweetpakke aangevul. Die ouers van die skool het ook 'n toenemende druk program gehad. Die kinders moes in baie gevalle vroeër by die skool afgelaai word en later afgehaal word.[193]

7.4.1.7 GEELVINKIE KLEUTERSKOOL

Die Geelvinkie kleuterskool maak vir 48 kinders wat in drie groepies verdeel word, voorsiening. Hierdie skool bied hulp aan kinders wie se ouers geen ander heenkome het nie. Die kinders word ingeneem sodra hulle uit hulle doeke is.[194] Die ure van dié kleuterskool is weeksdae vanaf 08:00 tot 17:30. Die taalmedium van die skool is Afrikaans en Engels en immigrantegroepe se kinders word ook ingeneem. Die drie onderwyseresse van die skool volg die TOD-program vir kleuterskole. Die gelde wat betaal word, het in 1991 R80 vir 'n halfdag en R120 per maand vir 'n voldag beloop.[195]

Aangesien hierdie kleuterskool op 'n kleinhoewe geleë is, het dit 'n plaasatmosfeer.[196] Die ouers bring self hulle kinders na die kleuterskool. Sommige kinders word egter, met voorafreëlings, by Laerskool Vaalrivier deur die kleuterskoolpersoneel opgelaai. Hierdie diens word gebied omdat dit vir die ouers gerieflik is om die kleuters by die skool af te laai wanneer hulle die groter kinders skool toe bring.[197]

---

192 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

193 R. van Niekerk, Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Kleuterland kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

194 Geelvinkie kleuterskool, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1991.

195 I. van der Westhuizen, Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Nasarener kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

196 Geelvinkie kleuterskool, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1991.

197 I. van der Westhuizen, Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Nasarener kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

7.4.1.8 VROLIKE VINKIES KLEUTERSKOOL

Vrolike Vinkies is 'n voorbeeld van 'n kleuterskool wat gepoog het om by die veranderde omstandighede aan te pas. Hierdie kleuterskool word vir die kinders van die personeel van die hospitaal bedryf.[198] Die kleuterskool maak vir 24 peuters, 32 kleuters en agt skoolgaande kinders (gedurende die middae) voorsiening.

In die kleuterskoolgedeelte, waar twee groepies is, word die kinders van drie jaar af ingeneem. Die ure van die kleuterskool strek weeksdae vanaf 06:30 tot 20:00. Die diensdoende personeel werk daarom skofte, maar daar is meestal twee opgeleide onderwyseresse en 'n aantal verpleegsters op diens. Gewoonlik is daar ook drie swart vroue behulpsaam. Die diensure is so opgestel dat dit by die skofte van die hospitaalpersoneel aangepas het.

Die gelde van die kleuterskool beloop vir 'n kleuter R130 en vir die kinders by die bewaarskool R75 per maand.

Die standaard van die kleuterskool is hoog en die program wat gevolg word, is deur die TOD goedgekeur.[199]

7.4.1.9 DIE SUID-AFRIKAANSE ROOIKRUISVERENIGING SE BEWAAR- EN KLEUTERSKOOL

Dié kleuterskool het ongeveer 120 kinders hanteer. Die kinders is in vier groepe, naamlik die babagroep van geboorte tot 17 maande, die peutergroep van 18 maande tot drie jaar, die middelgroep van drie tot vier jaar, en die voorskoolse groep verdeel.[200]

Die ontwikkeling van die kleuterskole toon dat die veranderde ekonomiese omstandighede van die blanke gemeenskap gedurende die stabiliseringstadium 'n merkbare invloed op die aktiwiteite van die kleuterskole gehad het.[201] Fondse was minder beskikbaar, ouers was armer en die personeel moes harder werk om in hul doelwitte te slaag.

---

198 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

199 S. Reinecke, Onderhoud, 28 Jun. 1991 {verbonde aan die Vrolike Vinkies kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

200 N.J. Cloete, Onderhoud, 1 Mrt. 1994 {Hoof van die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging se kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

201 ***Vaalweekblad***, 18 Jan. 1974: berig.

7.4.2 LAERSKOLE

Die laerskole het 'n druk opvoedingsprogram gevolg. In die veranderde omstandighede moes daar meestal harder gewerk word om die nodige kultuurontwikkeling by die kinders te kon laat plaasvind.[202] Onderwys en opleiding het gedurende die stabiliseringstadium oor die algemeen voor nuwe probleme te staan gekom.[203]

7.4.2.1 LAERSKOOL HENDRIK VAN DER BIJL

Hierdie skool, wat gedurende die eerste twee stadiums 'n stygende lyn in sy ontwikkeling getoon het, het gedurende die laaste stadium 'n daling in leerlingtalle ervaar. Gedurende 1991 was 'n personeelkorps van slegs 21 onderwysers en drie administratiewe persone by die skool werksaam. Die swak ekonomiese toestand het hierdie skool ook verplig om die skoolfonds gedurende 1991 te verhoog.[204]

7.4.2.2 LAERSKOOL TOTIUS

Laerskool Totius het ook gedurende die laaste stadium belangrike veranderinge ondergaan. Gedurende 1991 was daar 536 kinders in die skool geregistreer. Dit het 'n daling van 472 leerlinge vergeleke met die 1952 inskrywingsyfer beteken.[205] Die personeel het gedurende 1991 tot 23 onderwysers verminder.[206]

Die swak ekonomiese omstandighede het dié skool ook finansieel getref. Die skoolfonds wat op R10.50 per maand per gesin vasgestel was, moes deur insameling van fondse soos jaarlikse kompetisies aangevul word. Hierdie fondsinsameling het egter van R18 900 tot R15 300 per jaar in 1991 gedaal.

---

202 ***Vaalweekblad***, 29 Mrt. 1983: berig.

203 Vgl. Suiderkruisfonds, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1 Apr. 1987 - 31 Mrt. 1987; ***Vaalweekblad***, 23 Jul. 1982: berig; ***Vaalster***, 12 Des. 1985: berig; ***Vaalster***, 4 Sep. 1989: berig.

204 M. Valk, Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Laerskool Hendrik Van der Bijl, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

205 Kyk pp.276,277.

206 Laerskool Totius, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1991.

Minder opvoedkundige hulpmiddels, veral vir die junior primêre fase, kon derhalwe aangekoop word.[207] Die toenemende armoede van die ouers het ook na die kinders deurgewerk en spanning was duidelik by die gesinslede aanwesig.[208]

Maatreëls om by die veranderde omstandighede te kon aanpas, is ingestel. In sommige gevalle is die Gideons, 'n godsdienstige beweging, ingetrek om met die probleme wat na vore gekom het te help. Die skoolhoof se taak is bemoeilik omdat hy noodgedwonge huisbesoek moes doen. Hy het gedurende 1991 alleen 93 gesinne besoek wat in nood verkeer het.[209]

Nietemin het hierdie skool met sy hoof en personeel baie vir die behoud van die gesonde ontwikkeling van die blanke leerlinge, selfs onder die moeilikste omstandighede beteken.

7.4.2.3 LAERSKOOL FRIKKIE MEYER

Laerskool Frikkie Meyer het ook voorbereidings getref om by die veranderde omstandighede te kon aanpas. Dié skool het byvoorbeeld op 14 Mei 1984 aan 'n projek van die TOD, naamlik **Verantwoordbare onderwys: 'n polsslag vir die toekoms**, deelgeneem.[210]

Nieteenstaande voorsorgmaatreëls het die leerlingtal van dié skool ook afgeneem. Die leerlingtal het van 680 gedurende 1981 tot 411 kinders in 1991 gedaal. Die 34 onderwysers waarmee die skool begin is, het gedurende 1991 tot slegs 17 verminder. Hierdie vermindering was in 'n groot mate as gevolg van die rasionalisering van die nywerhede van Vanderbijlpark.[211]

---

207. S. Schoombie, Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Laerskool Totius, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

208 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

209 S. Schoombie, Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Laerskool Totius, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

210 Laerskool Frikkie Meyer, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1984.

211 P.J. Steyn, Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Laerskool Frikkie Meyer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

7.4.2.4 LAERSKOOL OOSPARK

Hierdie Afrikaansmedium skool wat reeds gedurende 1954 gestig is, het gedurende 1991 'n leerlingtal van 938 en 'n personeel van 39 onderwysers gehad.

Die getalle van hierdie skool het nie gedurende die laaste stadium afgeneem nie. Die rede was eenvoudig dat baie mense na die nuwe woonstelle wat in die dorpsgebied opgerig is, verhuis het. In die omgewing van die skool was daar ook goedkoop huise in 'n boomryke omgewing beskikbaar. Dit het tot die behoud van leerlinggetalle gelei.

Die skoolfonds van die skool moes egter ook verhoog word en gedurende 1991 is dit op R60 vir die eerste kind en daarna R75 vir die volgende kinders vasgestel.[212]

7.4.2.5 LAERSKOOL VAALRIVIER

Van die ouers wat kinders in die skool gehad het, moes noodgedwonge verhuis, soms as gevolg van werkloosheid en soms omdat daar nie genoeg geld was om die kleinhoewe te onderhou nie. Die skool se getalle het daarom in 1991 tot 506 leerlinge gedaal.

Die skool se skoolfonds kon nie verhoog word nie en tot 1991 was dit R10 per maand per leerling omdat die ouers vanweë werkloosheid en armoede nie meer kon bekostig nie.[213] Ten spyte van hierdie finansiële beperkinge het die skool in 'n kultuurbaken in die kleinhoewegebied ontwikkel, wat selfs na-ure die gemeenskap gedien het.

7.4.2.6 LAERSKOOL NOORDHOEK

Laerskool Noordhoek is ook 'n voorbeeld van 'n skool wat gedurende die laaste stadium wesenlike aanpassings moes maak om by die veranderde omstandighede aan te pas.[214] Die skool was verplig om die leerlinge se bydraes tot die ontwikkelingsfonds gedurende die tagtigerjare te verhoog. Die eerste kind sou R10, die tweede kind R8 en die derde kind R6 per jaar betaal.

---

212 C. Hoffman, Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Oospark, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

213 B.D. de Klerk, Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Vaalrivier, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

214 ***Vaalweekblad***, 31 Mei 1976: berig.

Die veranderde politieke omstandighede in die land en die ligging van die skool in die nabyheid van swart woonbuurte het tot gevolg gehad dat Noordhoekskool genoodsaak was om op 16 Junie 1983 die skool op 'n gereedheidsgrondslag teen moontlike sabotasie te plaas. Tweerigtingradio's moes op 10 Julie 1986 as 'n noodsaaklike veiligheidsmaatreël in gebruik geneem. Gedurende 1989 is daar ook 'n alarmstelsel in die skool aangebring.

Die leerlingtal van hierdie skool het vanaf 858 in 1982 tot 648 in 1991 gedaal. Die skool moes gedurende 1991 daagliks aan 30 kinders voeding by die skool verskaf, omdat die ouers weens die verswakkende ekonomie nie meer hul kinders na behore kon versorg nie.[215]

7.4.2.7 PINEDENE PRIMARY SCHOOL

Die leerlingtal van hierdie skool het ook gedurende die stabiliseringstadium afgeneem. Hierdie afname is deur die stigting van Park Ridge Primary School en die vermindering in die werwing van immigrante veroorsaak. Die skool se leerlinggetal het drasties vanaf 1 241 in 1976 na 463 in 1992 gedaal.

Ten spyte van hierdie daling het die skool steeds op vele terreine presteer. Die skool het byvoorbeeld drie Springbokswemmers opgelewer.[216]

7.4.2.8 LAERSKOOL D.F. MALHERBE

Laerskool D.F. Malherbe het net soos ander skole gepoog om gedurende die laaste stadium by veranderde omstandighede aan te pas. Benewens die swak ekonomie moes dié laerskool hom ook met vraagstukke soos die bestuurstatus van die skool as 'n model C-skool besig hou.[217] Die veranderde omstandighede gedurende die stabiliseringstadium het egter ook op hierdie skool 'n stremmende invloed gehad.[218]

---

215 G.H. Oosthuizen, Onderhoud, 1 Jul. 1991 (Hoof van Laerskool Noordhoek, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

216 J. van Pletzen, Onderhoud, 28 Feb. 1994 (Hoof van Pinedene Primary School, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

217 T. van Schalkwyk, Onderhoud, 9 Nov. 1992 (ouer van Laerskool D.F. Malherbe, inligting in besit van die skrywer).

218 E.W. Heine, Onderhoud, 1 Jul. 1991 (Hoof van Laerskool D.F. Malherbe, inligting in besit van die skrywer).

Nieteenstaande bogenoemde probleme het D.F. Malherbe se leerlinge steeds goeie prestasies op akademiese, sport- en kulturele gebied behaal.[219]

7.4.2.9 LAERSKOOL VOORSLAG

Die leerlingtal van hierdie skool het ook in dié tydperk gestabiliseer. Daar was gedurende 1985 nagenoeg 579 leerlinge in die skool, wat in 1991 tot 572 gedaal het, met 23 onderwysers in diens.[220]

Die skool het, nieteenstaande die veranderde omstandighede, steeds gepoog om in die behoefte van die blanke leerlinge van hul skool te voorsien.

7.4.2.10 LAERSKOOL HISTORIA

Gedurende 1981-1982 was daar meer as 'n 1 000 leerlinge aan hierdie skool verbonde. Die personeelkorps het uit 39 leerkragte bestaan. Sedert 1983 het die leerlingtal egter afgeneem. Teen 1990 was daar nagenoeg 600 leerlinge in die skool, wat veroorsaak het dat die onderwysposte teen 1990 tot 28 verminder is. Alhoewel die gevestigde gemeenskap nie meer soveel skoolgaande leerlinge as voorheen gehad het nie, het die rasionalisasieproses van nywerhede bykomend veroorsaak dat nywerheidswerkers elders 'n heenkome moes soek.

Mnr. J.A.M. Rothmann het gedurende 1987, na 16 jaar, die hoofskap neergelê en mnr. J.P. Rood, die adjunkhoof, het op 4 Augustus 1987 die tweede permanente hoof van Laerskool Historia geword.[221]

7 4.2.11 PARK RIDGE PRIMARY SCHOOL

Hierdie skool het gedurende die stabiliseringstadium steeds gepoog om die standaard van onderrig hoog te hou. Mnr. J.C. Schutte, die hoof, verwys met trots na die skoliere wat op provinsiale vlak aan atletiek, sokker, swem, lewensredding, muurbal en ysskaats deelgeneem het.

---

219 Laerskool D.F. Malherbe, Vanderbijlpark, Jubileumblad, 1965-1990, pp.57-80.

220 W.A. du Plooy, Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Voorslag, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

221 H. Kühne, ***Laerskool Historia: 'n historiese oorsig*** ..., pp.7,8.

Die skool se leerlinggetal het ook gedurende hierdie stadium afgeneem. In 1984 het die leerlingtal op 453 te staan gekom, teenoor die 390 skoliere wat op die tiende skooldag in 1992 aan die skool verbonde was. Die veranderde omstandighede is ook in die samestelling van die skool se leerlingkorps waarneembaar. Nagenoeg 42% van die skoliere is bruin of swart kinders.[222]

7.4.2.12 LAERSKOOL KOLLEGEPARK

Dié laerskool het steeds die grootste leerlingtal op register gehad. Die skool was ook genoodsaak om sekere aanpassings in die stabiliseringstadium te maak.

Daar is byvoorbeeld probleme ondervind om fondse vir noodsaaklike ontwikkeling te bekom. Die jaarlikse gholfdag van 1991 het egter nie 'n tiende van vorige jaar se wins ingebring nie. Die swak ekonomiese klimaat was hiervoor verantwoordelik en die bestuursraad en personeel moes noodwendig ander fondsinsamelingspogings loods om die skool se begroting te laat klop.[223]

7.4.2.13 LAERSKOOL EMFULENIPARK

Hierdie skool wat in die spogbuurt SE 3 geleë is, het in Januarie 1985 geopen. Tydens die amptelike opening het die destydse hoof, mnr. Manie Klopper, beklemtoon dat "die dissipline en orde van die ouerhuis by die skool voortgesit moet word". Mnr. Klopper het ook by hierdie geleentheid die gebrekkige kommunikasie tussen die ouer en kind, wat veral gedurende die laaste stadium vergroot het, as 'n probleem by suksesvolle onderwys en opvoeding uitgesonder.[224]

Laerskool Emfulenipark is vir 'n leerlingtal van 750 leerlinge opgerig. Op die tiende skooldag van 1985 was daar 471 leerlinge op register. Gedurende 1991 was daar 610 kinders met 28 onderwysers in die skool.

---

222 J.C. Schutte, Onderhoud, 28 Feb. 1994 {Hoof van Park Ridge Primary School, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

223 P.G.L. Marx, Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Kollegepark, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

224 Laerskool Emfulenipark, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1985.

Die veranderde politieke omstandighede en swak ekonomie het gedurende 1991 veroorsaak dat die skoolfonds na R200 per jaar verhoog moes word. Die skool het ook meer fondse nodig gehad om die kultuurvlak van die kinders op 'n bevredigende peil te kon hou.[225]

7.4.2.14 LAERSKOOL PARKSIG

Die leerlingtal van die skool wat in die kleinhoewegebied van Vanderbijlpark geleë is, het vanaf 520 in 1982 tot 310 in 1991 gedaal.[226]

Noodwendig moes die Onderwysdepartement die getal onderwysers verminder. Dit het tot spanning in die personeelkorps gelei.

Die volgende oorsigsbeeld toon duidelik dat die getal skoliere in Vanderbijlparkse laerskole afgeneem het.

Getalle op die tiende skooldag	
1983	9 864
1989	8 313
1992	8 230[227]

'n Samevattende beskouing oor die funksionering van laerskole berus op die waarneming dat die skole gedurende die stabiliseringstadium heelwat nuwe maatreëls moes beproef om by veranderde omstandighede aan te pas. Hul pas van ontwikkeling, die metode van onderrig en die nuwe stelsel van skoolbestuur, met groter selfstandigheid en betrokkenheid van die ouergemeenskap, het ook tot spanning in die onderwysgeledere gelei.

7.4.3 HOëRSKOLE

Gedurende die stabiliseringstadium het die hoërskole in Vanderbijlpark 'n steeds belangriker wordende rol in die kultuurontwikkeling van die hoërskoolkind gespeel, omdat die veranderde politieke en ekonomiese omstandighede in die land gedurende die laaste dekade groter eise aan skoolverlaters gestel het.[228]

---

225 Laerskool Emfulenipark, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1991.

226 P.B. Bouwer, Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Parksig, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

227 J.H. Smit, Onderhoud, 1 Mrt. 1994 {Skoolraadkantoor, Vereeniging, inligting in besit van die skrywer}.

228 ***Vaalweekblad***, 19 Jan. 1982: berig.

7.4.3.1 HOëRSKOOL VANDERBIJLPARK

Gedurende die stabiliseringstadium het Ou Hoër, soos die skool in die dorp se spreektaal bekend staan, steeds die gemeenskap op vele fronte gedien. Gedurende 1982 het mnr. P.W. Pieterse mnr. B.J. Claassen as hoof opgevolg.

Hierdie skool het baie prestasies op sy kerfstok. Behalwe vir 'n aantal Springboksportmanne en -vroue, het die skool se eerste hokkiespan vir twee jaar op provinsiale vlak om die Direkteurstrofee meegeding. Die skool se toneelgeselskap het ook gedurende die laaste dekade tot die eindrondtes van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging se toneelfeeste deurgedring.

Die skool het ook as na-uurse gemeenskapsentrum gedien. Dit was onder meer die vergaderplek vir die meeste Afrikaanse kultuurverenigings. Organisasies soos die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga (SANL), die Afrikaanse Kultuurraad en ander verenigings het maandeliks van die skool se fasiliteite gebruik gemaak.[229]

7.4.3.2 VAAL HIGH SCHOOL

Hierdie hoërskool het gedurende 1992 sowat 470 leerlinge op sy register gehad. Mnr. W.A. Truter is die hoof en hy is deur mnr. T. Scholtz as adjunkhoof bygestaan.

Vaal High School is van die min Engelse skole waar rugby gespeel word. Naas tennis en atletiek geniet die wintersportsoorte soos sokker, hokkie en netbal ook goeie belangstelling. Die skool het ook 'n goeie waterpolospan. Die skool is veral gedurende die laaste jare aktief by gemeenskapprojekte, soos 'n projek om basiese geletterdheid aan straatkinders te verskaf, betrokke.[230]

7.4.3.3 HOëRSKOOL TRANSVALIA

Hoërskool Transvalia, wat gedurende die voorspoedstadium 'n stygende ontwikkelingslyn getoon het, het gedurende die laaste stadium gestabiliseer en steeds prestasies van 'n hoogstaande gehalte gelewer.[231]

---

229 P.V. van Wyk, Onderhoud, 28 Feb. 1994 {Departementshoof Opvoedkundige Leiding, Hoërskool Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

230 R. Calitz, Onderhoud, 28 Feb. 1994 {Departementshoof Opvoedkundige Leiding, Vaal High School, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

231 ***Vaalweekblad***, 19 Jan. 1982: berig.

Die skool se 25ste bestaansjaar is gedurende 1979 met 'n toneelopvoering, sportdag en 'n deftige reüniedinee gevier.[232]

Gedurende 1982 moes daar ook van die hoof, mnr. Elmar Steyn, wat 19 jaar aan die skool verbonde was, afskeid geneem word.[233] Tydens sy afskeid is daar van die skool se prestasies van die verlede melding gemaak. Transvalia het byvoorbeeld daarin geslaag om in die tydperk 20 uit die 29 interhoër-atletiekbyeenkomste te wen.[234]

Ten spyte van die veranderde omstandighede het die skool steeds goeie prestasies op akademiese sowel as sportgebied behaal.[235] Onder leiding van mnr. Bertie Visser, die hoof, en deur middel van aktiewe ondersteuning van die ouers, is Transvalia as 'n model C-skool gevestig en as een van die prestige-onderwysinstellings in die dorp bestuur.[236]

7.4.3.4 DIE ANKERSKOOL

Hoewel hierdie skool se leerlingtal gedurende die geheel van die laaste dekade 'n toename getoon het, het die getal leerlinge volgens die onderstaande getalle gedurende meer onlangse jare afgeneem.

Getalle op die tiende skooldag	
1982	485
1984	539
1992	502

Mnr. A.F. Neuhoff, die hoof, is as 'n superintendent vir spesiale skole aangestel waarna mnr. P.G. Topham op 1 Augustus 1986 die hoofskap oorgeneem het.

Op akademiese gebied word die leerlinge tot op standerd agt (laer graad) onderrig. Die praktiese opleiding word ook in verskillende rigtings tot op standerd agt (laer graad) aan die skoliere gegee.

---

232 Vgl. ***Die Vaderland***, 5 Jul. 1983: berig.

233 ***Vaalweekblad***, 21 Mei 1982: berig.

234 Hoërskool Transvalia, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1982.

235 ***Die Vaderland***, 5 Jul. 1983: berig.

236 S. Gouws, Onderhoud, 7 Jun. 1992 {ouer van Hoërskool Transvalia, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Die skool het ook vele prestasies op sportgebied behaal. Gedurende 1992 het die skool se eerste rugbyspan die Direkteursbekerkompetisie vir Spesiale Skole gewen. Die skool se atlete en netbalspeelsters het eweneens hul provinsie in die onderskeie sportsoorte verteenwoordig. Die seuns en dogters se drilpelotonne het ook reeds by verskeie geleenthede die Kommandement Witwatersrand se Drilkompetisie gewen.

Ook op kultuurgebied word die skoliere aangemoedig om aan konserte, kunswedstryde en die skoolkoor deel te neem.[237]

7.4.3.5 HOëR TEGNIESE SKOOL (HTS) CAREL DE WET

Die Hoër Tegniese Skool Carel de Wet was 'n noodsaaklike onderwysinstelling vir 'n nywerheidstad soos Vanderbijlpark. In die veranderde en swak ekonomiese omstandighede van die land en dorp was hierdie skool veral onder druk om meer en beter opgeleide tegnici te lewer.

Die skool het, nieteenstaande die moeilike tye, tog daarin geslaag om aan 'n groot hoeveelheid leerlinge die nodige professioneel-tegniese onderrig te verskaf.[238]

7.4.3.6 HOëR HANDELSKOOL LETTIE FOUCHé (TANS SUIDERLIG-HOëRSKOOL)

Die Hoër Handelskool Lettie Fouché moes ook gedurende die stabiliseringstadium aanpassings maak om nuwe uitdagings die hoof te bied. Die nodige fondse vir ontwikkeling kon egter nie meer so geredelik gevind word nie.

Nieteenstaande die aanpassingsprobleme het die skool tog gedurende die laaste stadium op akademiese, sport- en kulturele gebied presteer. Die Hoër Handelskool Lettie Fouché kon ook nog in 'n groot mate in die doel van die skool slaag, naamlik om Engels- en Afrikaanssprekende leerlinge met sukses vir 'n loopbaan in die nywerheid- en handelsektor toe te rus.[239]

---

237 A. de Beer, ***Die geskiedenis van die Ankerskool***, pp.2,3.

238 HTS Carel de Wet, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1992.

239 Hoër Handelskool Lettie Fouché, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1992.

7.4.3.7 HOëRSKOOL DRIEHOEK

Dié hoërskool moes gedurende die laaste stadium, op 21 September 1979, 'n nuwe skoolgebou betrek. Die voedingsbron van die skool het uit 'n gebied bestaan wat vinnig ontwikkel het.[240]

Die leerlingtal van hierdie Afrikaansmediumskool het daarom gedurende 1989 reeds op 1 038 leerlinge te staan gekom. Die skool het oor die nodige getalle en fasiliteite beskik en het derhalwe op die gebied van sport en kultuur goed presteer. Die belangrikheid van akademie en goeie onderrig is ook as eerste prioriteit gestel.[241]

Nieteenstaande al die prestasies en hoogtepunte van hierdie skool was die skoolhoof, mnr. J.H. Koekemoer, gedurende 1986 in die fotoblad van die skool genoodsaak om 'n beroep op die kind, ouer en onderwyser van sy skool te doen om oor die opvoedingstaak te besin. Hy noem dat "ons in krisistye lewe waarin felle fisiese en geestelike aanslae teen ons voortbestaan woed; dis 'n feit waarvan ons almal reeds oorbewus behoort te wees. Dat ons ten spyte hiervan nog te materialisties ingestel is, is ewe waar. As daar ooit 'n tyd was in die geskiedenis van ons land waarin opofferinge gemaak sal moet word, dan is dit nou. As daar ooit 'n tyd was waarin ons jongmense gestaal en geslyp sal moet word sodat hulle nie weerloos sal staan teenoor die aanslae wat teen beproefde lewenswaardes gemaak word nie, dan is dit juis nou".[242]

Hoërskool Driehoek was dus, nieteenstaande al sy prestasies, ook midde-in die probleem van aanpassing by die veranderde omstandighede.

7.4.3.8 SUNCREST HIGH SCHOOL

Hierdie tweede Engelsmedium-hoërskool in Vanderbijlpark het op 22 Julie 1987 met slegs standerd ses- en sewe-leerlinge tot stand gekom. Mnr. I. Tucker was die eerste hoof en is deur mnr. Minnaar as waarnemende hoof opgevolg.

Die akademiese werksaamhede by die skool is reeds goed gevestig. Naas die gewone aantal vakke wat skole aanbied, word daar ook gedurende die skoolure onderrig in Frans en Kuns aangebied.

---

240 ***Vaalweekblad,*** 19 Jan. 1982: berig.

241 Hoërskool Driehoek, Vanderbijlpark, Fotoblad, 1986, pp.48 e.vv.

242 Hoërskool Driehoek, Vanderbijlpark, Fotoblad, 1986, p.5.

Op sportgebied het hierdie jong skool ook reeds goed presteer. Die seun- en dogterspanne het reeds binnenshuise hokkietoernooie gewen. Die atletiekspan het ook goed presteer. Ander sportsoorte, soos sokker, rugby, netbal, tennis en tafeltennis, word ook goed ondersteun.

Op kultuurgebied is die leerlinge ook by verskeie sake betrokke. 'n Seun, Bongani Bingwa, het 'n nasionale redenaarskompetisie gewen en vir sy skool asook vir homself 'n redelike groot bedrag aan prysgeld verower. Die skool het ook met eenbedrywe aan die Direkteurskompetisie vir toneelopvoerings deelgeneem.[243]

Uit hierdie oorsig is dit duidelik dat hoërskole gepoog het om die leerlinge by die veranderde omstandighede van die land te help aanpas, en steeds ander kultuurvormende bydraes in die gemeenskap gelewer het.

Die volgende getalle toon dat die hoërskoolleerlinge gedurende die laaste jare die wisselende vraag en aanbod in die streek se nywerheidsgeoriënteerde ekonomie weerspieël het.

Getalle op die tiende skooldag	
1983	5 665
1989	5 745
1992	5 355[244]

7.4.4 TERSIêRE OPLEIDING

Tersiêre opleiding is ook deur die veranderde omstandighede van die land geraak.[245] Die Vanderbijlparkse Tegniese Kollege, die Vaaldriehoekse Technikon en die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO is op Vanderbijlpark gesetel. Hierdie instellings word in toenemende mate deur die swart mense van die omgewing vir hul opleidingsbehoeftes benut.[246]

---

243 R.B. Bartie, Onderhoud, 28 Feb. 1994 {voormalige Hoof Suncrest High School, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

244 J.H. Smit, Onderhoud, 1 Mrt. 1994 {Skoolraadkantoor, Vereeniging, inligting in besit van die skrywer}.

245 J.J. de Wet, Onderhoud, 20 Jul. 1992 {Viserektor van die Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

246 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Dié tersiêre onderwysinstellings benut in 'n ruim mate die Vaaldriehoek as voedingsbron vir hul studente.[247] Die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO en die Vaaldriehoekse Technikon het gedurende die laaste dekade 80% van hul studente van die dorpe in die Vaaldriehoek verkry.[248]

7.4.4.1 DIE VAALDRIEHOEKSE TECHNIKON

Die Technikon het gepoog om by die veranderde omstandighede aan te pas deur byvoorbeeld sy onderrigmetode meer loopbaan- en beroepsgerig te maak, om sodoende by die eise van die tyd aan te pas en in die behoeftes wat in die ekonomiese sektor ondervind is, te voorsien. Vanaf 1983 is 'n multimiljoen-bouprojek op die kampusterrein aangepak. Dit is 'n omvangryke uitbreidingsplan waarvolgens daar teen die jaar 2 000 'n verdriedubbeling van fasiliteite en akkommodasie vir nagenoeg 20 000 studente beskikbaar sou wees.[249]

Die Technikon se uitbreidingsplan het kortweg vir die volgende geboue voorsiening gemaak:

- Koshuisgeriewe.
- Biblioteekkompleks.
- Administrasieblok.
- Gebouekompleks vir Studentedienste.
- Nuwe kompleks vir die Skool vir Bestuurswese en Administrasie.[250]
- Nuwe Skool vir Kuns en Ontwerp.[251]
- Skool vir Voedsel en Kledingtegnologie.

---

247 J.J. de Wet, Onderhoud, 20 Jul. 1992 {Viserektor van die Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

248 A. Nieuwoudt, "'n Model vir die verkenning van die verspreide stad", ..., pp.73,74.

249 I. Steyl, Onderhoud, 20 Jun. 1989 {Rektor van Vaaldriehoek Technikon, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

250 ***Vaalweekblad***, 5 Nov. 1983: berig.

251 B. Record, Onderhoud, 10 Mei 1990 {Hoof van Kuns en Ontwerp van die Vaaldriehoek Technikon, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.



Foto 23: **Studente op die boomryke Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO wat aan die Vaalrivier geleë is.**

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Inligtingskantoor, Fotoversameling.

- Skool vir Toegepaste Wetenskappe.
- Skool vir Elektrotegniese Ingenieurswese en die Skool vir Meganiese Ingenieurswese.
- Skool vir Rekenaarwetenskap.
- Aanverwante akademiese geboue.
- Verbetering van sportfasiliteite.
- Die beplanning van 'n moderne opelug-amfiteater.[252]

Die ondersteuning van handel- en nywerheidsektore het daartoe bygedra dat die Technikon die toekoms met groot vertroue tegemoet kon gaan.[253]

7.4.4.2 DIE VAALDRIEHOEKKAMPUS VAN DIE PU VIR CHO

Dit is allerweë bekend dat die omstandighede waarin die Suid-Afrikaanse universiteite en ook die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO sy taak verrig, nie altyd maklik was nie.[254] Finansiële faktore, knellende ekonomiese kragte, akademiese isolasie op internasionale vlak en veranderde hoë gemeenskapseise en -behoeftes plaas baie groot druk op Suid-Afrikaanse universiteite. Die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO kon uiteraard ook nie hierdie omstandighede ontkom nie.[255]

Die Vaaldriehoekkampus het tot stand gekom op versoek van die nywerhede en die gemeenskappe in die Vaaldriehoek.[256] Dié Kampus se missie is primêr om opleidingsgeleenthede op universitêre vlak vir die inwoners van die Vaaldriehoek te voorsien, asook om navorsing en gemeenskapsdiens vir die plaaslike gemeenskap, met sy sterk nywerheidkultuur, te lewer.

---

252 I. Steyl, Onderhoud, 20 Jun. 1989 {Rektor van Vaaldriehoek Technikon, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

253 ***Vaalweekblad***, 5 Nov. 1983: berig.

254 T. van Dyk, Onderhoud, 10 Jul. 1989 {voormalige Viserektor van die Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

255 J. Odendaal, Onderhoud, 11 Nov. 1992 {Hoof van Openbare Betrekkinge, Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

256 ***Vaalweekblad***, 20 Apr. 1982: berig.

Gedurende die vroeë tagtigerjare het die Kampus van die PU vir CHO nog hoofsaaklik blanke studente ingeskryf.[257] In hierdie stadium het die Universiteit 20% van sy studente van Vereeniging, 3% van Meyerton, 45% van Vanderbijlpark, 14% van Sasolburg en die res van elders verkry.[258] Vanaf 1986 is daar ook studente van Sebokeng en ander swart woonbuurte van die omgewing by die Kampus ingeskryf.[259]

As gevolg van die swak ekonomiese toestande in die land gedurende die stabiliseringstadium het baie mense in die Vaaldriehoek op 'n deeltydse basis begin studeer, omdat hulle nie voltydse studie kon bekostig nie.[260]

Die onderrigprogramme wat aangebied is, het in die gedifferensieerde behoeftes van die student voorsien. Daar is na-uurse en voltydse voorgraadse opleiding in die Fakulteite Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied. Die voltydse opleiding in die vier ingenieursrigtings was op studente oor die hele land gerig, maar met die insette van die plaaslike nywerhede beplan en uitgevoer. Die na-uurse fleksie-onderrigprogram het ook aan na-uurse studente uit die Pretoria-Witwatersrand-Vaaldriehoek-gebied (PWV-gebied) onderrig aangebied. Daar is ook nagraadse opleiding aangebied, wat op velde waarvoor daar 'n sterk plaaslike behoefte was, gefokus het.

Hierdie onderrigprogramme is ook daarop gemik om die studente optimaal as wetenskaplike denkers toe te rus.[261] Die studente word ook as hoëvlak-mannekrag en professionele praktykbeoefenaars toegerus.[262]

---

257 T. van Dyk, Onderhoud, 10 Jul. 1989 {voormalige Viserektor van die Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

258 A. Nieuwoudt, "'n Model vir die verkenning van die verspreide stad", ..., pp.75,76.

259 S. Mkhonto, Onderhoud, 2 Jul. 1991 {Hoof van Afrikatale, Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

260 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

261 Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), Simposiumkomitee, ***Vaaldriehoek 2000*** (ongep. referate gelewer tydens 'n simposium oor 'Vaaldriehoek 2000', Vereeniging, 13 Sep. 1990), pp.1-3.

262 J. Odendaal, Inligtingstuk: ontwikkelingspotensiaal van Vanderbijlpark en omgewing, 5 Feb. 1990 {PU vir CHO, JO/rk}, p.1.

Die doel van die Universiteit is om die navorsingspotensiaal van dosente en studente maksimaal te ontwikkel en die wetenskaplike kennis uit te brei.[263] Verder is dit ook die Universiteit se taak om deur sy onderrig en navorsing, sy kennis en sy ontwikkelingswerk 'n diens aan die gemeenskap te lewer.[264]

Gedurende die laaste stadium het die Universiteit ook aanpassingsprobleme as gevolg van die veranderde politieke omstandighede en die gevolglik swak ekonomiese toestande van die land ondervind. Alles het daarop gedui dat, met beperkte middele tot sy beskikking, die Universiteit dieselfde werk as voorheen moes doen.[265] Die finansiële bronne vir die doelmatige funksionering van universiteite was die staat, semistaatinstellings soos die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR), skenkings, ontwikkelingswerk, projekte, patente en publikasies, en was gedurende die stabiliseringstadium moeiliker bekombaar.[266]

Die behoeftes van die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO word in 'n groot mate bepaal deur die nywerheidsomgewing waarin die Kampus geleë is. Daar is by die nywerhede, die gemeenskap en die studente 'n behoefte aan meer praktykgerigte en beroepsgerigte opleiding en kursusse in byvoorbeeld Publieke Administrasie, Arbeidsverhoudinge en ingenieursopleiding is daarom ingestel.[267]

Die interne omgewingsfaktore moes ook in die strategiese beplanning in berekening gebring word.[268] Gedurende 1990 was die infrastruktuur van die Kampus nog onderontwikkeld, met beperkte buitemuurse fasiliteite en programme wat vir sport en kultuur beskikbaar gestel kon word. Die beperkte en selfs onvoldoende vervoergeriewe in die Vaaldriehoek het dit vir studente dikwels onmoontlik gemaak om by die Universiteit uit te kom. Onvoldoende koshuisfasiliteite en 'n tekort aan klasruimtes, ruimte vir 'n volledig toegeruste biblioteek,

263 J.J. de Wet, Onderhoud, 20 Jul. 1992 {Viserektor van die Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

264 J. Odendaal, Inligtingstuk: ontwikkelingspotensiaal van Vanderbijlpark en omgewing, 5 Feb. 1990 {PU vir CHO, JO/rk}, pp.2,3; ***Vaalweekblad***, 23 Jul. 1982: berig.

265 J.J. de Wet, Onderhoud, 20 Jul. 1992 {Viserektor van die Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

266 T. van Dyk, Onderhoud, 10 Jul. 1989 {voormalige Viserektor van die Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

267 J.G. Riddell, Onderhoud, 20 Jan. 1984 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

268 J.J. de Wet, Onderhoud, 20 Jul. 1992 {Viserektor van die Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

kantoorruimtes, vergaderlokale, onthaallokale en studieruimte vir na-uurse studente het ook groei in studentegetalle gekniehalter. Die studierigtings was beperk en die voorkoms van geboue was nie danig imposant nie. Gedurende die laaste jare was daar ook 'n afname in blanke studente aan die Universiteit. In 1986 was daar 1 439 studente by die Universiteit, waarvan slegs 12 swart studente was.[269]

Nieteenstaande die talle probleme waarmee die Universiteit, veral gedurende die laaste stadium, geworstel het, het die Kampus se studentegetal steeds toegeneem.[270]

7.4.5 SAMEVATTING

Onderwys en opleiding in Vanderbijlpark het gedurende die stabiliseringstadium oor die algemeen duurder geword. Daarbenewens het die blanke kinders en onderwysers se getalle ook afgeneem. Hierdie faktore het noodwendig die ontwikkeling van die blanke onderwys in Vanderbijlpark geknou.

Grootskaalse verandering op die onderwysgebied word in vooruitsig gestel, byvoorbeeld dat daar veel meer van die blanke ouergemeenskap ten opsigte van ekonomiese bydraes verwag sal word en dat die onderwysinstellings meer toeganklik vir alle bevolkingsgroepe gemaak moet word.

Onderwys en opleiding het gedurende al drie stadiums 'n belangrike rol in die kultuurvorming van die gemeenskap gespeel. Die aard van die onderwys en opleiding het tot die vorming van 'n nuwe en selfs hoër kultuurvlak vir die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark bygedra.[271]

Die ekonomiese ontwikkeling van die land en ook van Vanderbijlpark het 'n belangrike voordelige invloed op die ontwikkeling van onderwys en opleiding gedurende al drie stadiums gehad.

---

269 J. Odendaal, Inligtingstuk: ontwikkelingspotensiaal van Vanderbijlpark en omgewing, 5 Feb. 1990 {PU vir CHO, JO/rk}, p.3.

270 J.J. de Wet, Onderhoud, 20 Jul. 1992 {Viserektor van die Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

271 Vgl. ***Die Vaderland***, 31 Jan. 1984: berig.

7.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING

Gedurende die vestiging- en voorspoedstadium was daar voldoende fondse vir die nodige onderwysontwikkeling van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark. Tydens hierdie twee stadiums het die onderwysontwikkeling 'n stygende ontwikkelingslyn getoon en kon baie vir kultuuropheffing, -handhawing, -oordrag en -akkulturasie gedoen word.

Gedurende die stabiliseringstadium het veranderinge in die land se politieke beleid dikwels tot spanning en probleme in die onderwys gelei. Onder die uiters swak ekonomiese omstandighede is daar in 'n toenemende mate op die opleiding van tegnici en meer loopbaangerigte onderwys aangedring.[272]

Daar is ook probleme ervaar om die ander bevolkingsgroepe by instellings te akkommodeer, veral waar die verswakte ekonomie die blanke onderwysontwikkeling reeds benadeel het. Die omstandighede het vrese laat ontstaan dat die probleme in onderwys en opleiding 'n daling van standaarde kon veroorsaak.

---oOOo---

272 Vgl. H.A. du Plessis, ***'n Didakties-pedagogiese ondersoek na toestande rakende die akademiese opleiding van ingenieurstegnici*** ..., pp.90,92; ***Vaalweekblad***, 12 Mrt. 1982: berig.

HOOFSTUK 8

VOLKSEIE KULTUURPATRONE

8.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk wentel om 'n bespreking van kultuurpatrone en werksaamhede van kultuurorganisasies en individue. In Vanderbijlpark was dit opvallend dat verskillende volksgroepe, organisasies, liggame en individue gepoog het om kultuursake te organiseer en uit te bou.[1] Dit het kultuuraktiwiteite met uiteenlopende doelstellings en resultate gedurende die vestiging-, voorspoed- en stabiliseringstadium tot gevolg gehad.[2]

8.2 KULTUURORGANISERING VAN VOLKSEIE KULTUUR-PATRONE GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959

Gedurende die vestigingstadium is verskillende maatreëls aangewend om die kultuurlewe van die inwoners van Vanderbijlpark te organiseer.[3] Gedurende hierdie stadium het beplanners van die dorp, soos dr. H.J. van der Bijl, die leiding met kultuurorganisering geneem.[4]

Later is die kultuurorganisering deur verskeie organisasies oorgeneem. Die verskillende blanke volksgroepe soos die immigrante en Afrikaners het ter wille van selfbehoud hul volkseie kultuurpatrone ook in gesinsverband in stand gehou.[5] Organisasies soos die Afrikaanse Kultuurvereniging, die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), Uitvoerende Kunstevereniging (IPAS), die Geloftefeeskomitee, die Rapportryersbeweging, die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF), die Vroue-Landbou-Unie

---

1 Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ***South African Municipal Magazine***, vol. 31, no. 363, Nov. 1947, p.35.

2 Vgl. A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa, 1933 to 1983***, p.98.

3 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ***Municipal Affairs***, vol. 28, no. 329, Jan. 1963, p.11.

4 H.J. van der Bijl, "Die Vaal vloei voort", ***Brandwag***, vol. 10, no. 513, Aug. 1947, pp.18,20.

5 Vgl. ***Sunday Times***, 9 May 1943: report; vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek na die stede en ander opstelle***, p.165.

(VLU) en die Voortrekkerbeweging, het die kultuur in die dorp georganiseer.[6] Verenigings soos die Duitse Vereniging het die belange van die immigrante behartig.

8.2.1 DR. VAN DER BIJL SE INISIATIEWE

Dr. Van der Bijl was sekerlik een van die eerste persone wat gepoog het om 'n stedelike kultuurlewe in die te stigte Vanderbijlpark te vestig.[7] Soos later sal blyk, was dit sy strewe om 'n hoëvlakkultuur in Vanderbijlpark tot stand te bring.[8] Hierdie hoëvlakkultuur wou hy bewerkstellig deur die dorp Vanderbijlpark sodanig te beplan dat kultuuruitlewing bevorder kon word.[9]

Dr. Van der Bijl was reeds vanaf 1940 met die planne besig om 'n modeldorp te ontwikkel. In daardie stadium was die gebied waar Vanderbijlpark tans geleë is 'n tipiese landelike gebied van uitgestrekte vlaktes met opstalle en mielielande. Terwyl dr. Van der Bijl een oggend vroeg op 'n hoogtetjie in hierdie omgewing gestaan het, het in sy geestesoog die droombeeld van 'n toekomstige nywerheidstad vorm aangeneem.[10] 'n Nywerheidstad het voor sy geestesoog verrys waarin mense gewoon het wat 'n hoë gehalte van lewe kon geniet.[11] Dit moes 'n goedbeplande dorp wees waarin die mense in gesonde, gelukkige en produktiewe omstandighede kon woon.[12]

Dr. Van der Bijl het voorsien dat in die kulturele bedrywighede van Vanderbijlpark daar baie van die inwoners se sosiale denkpatrone, skeppingsdrange, kunsuitinge en die soeke na die

---

6 R.C. Martin, Onderhoud, 16 Sep. 1992 {stigterslid van die Rapportryerskorps, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; U. Martin, Onderhoud, 10 Nov. 1990 {voormalige Burgemeester van Vanderbijlpark en Skakelbeampte van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), inligting in besit van die skrywer}.

7 Electricity Supply Commission (ESKOM) Archive, Megawattpark, H.J. van der Bijl collection, "Address delivered at eighth general meeting of ISCOR shareholders", H.J. van der Bijl, ***Miscellaneous papers and addresses, 1936 to 1937***, vol. 6, p.24.

8 ***Sunday Times***, 9 May 1943: report; Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ..., pp.11,14.

9 A. Jacobs, ***South African heritage: a biography of H.J. van der Bijl***, p.19; ***The Vereeniging Leader***, 25 Mar. 1939: report.

10 H.J. van der Bijl, "Die Vaal vloei voort", ..., pp.19,20; vgl. ***ook Vaalweekblad***, 27 Nov. 1987: berig.

11 Iscor Head-Office, Pretoria, Iscor accession, Minute of the 153rd board meeting, no. 8 of 1940, 4 Sep. 1940; A. Jacobs, ***South African heritage*** ..., p.1; Anon., "Die Vaaldriehoek", ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 17, no. 11, Nov. 1972, p.14.

12 ***Sunday Times***, 9 May 1943: report; A. Jacobs, ***South African heritage*** ..., pp.2,184,185; Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ..., p.14.



Foto 24: **Vanderbijlpark straatnaamaanwysings, 1949.**

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

verwesenliking van sosiale kontakte weerspieël moes word.[13] Hy het daarom in die dorpsbeplanning vir 'n teater, 'n operahuis, 'n kunsgallery, 'n konsertsaal en 'n museum voorsiening gemaak.[14] Hoewel hierdie grootse planne nie gerealiseer het nie, sou daar gedurende die vestigingsjare op hierdie denkpatrone van dr. Van der Bijl voortgebou word.[15]

Selfs die straatname van die dorp is aan 'n ryke verskeidenheid van die wêreld se bekendste figure verbind. Wetenskaplikes, historiese figure, ingenieurs, musikante, komponiste, medici, skrywers, digters en so meer word daagliks deur motoriste in gedagtenis gehou.[16] Strate soos Bachstraat, Balzacstraat, Chaucerstraat, Da Vincistraat, Kruppstraat en Pasteur Boulevard is enkele voorbeelde van hierdie beleid van straatnaamgewing wat gevolg is.[17]

Aangesien welvaart 'n belangrike voorvereiste vir 'n hoë kultuurvlak is, het dr. Van der Bijl gepoog om deur versnelde industrialisasie voorsorg te tref dat Suid-Afrika en Vanderbijlpark kon ontwikkel om welvaart te skep.[18] Die dorpstigters het daarom gehoop dat 'n hoë lewenstandaard by die gemeenskap aangekweek kon word.[19]

Hierdie ideale wat dr. Van der Bijl vir Vanderbijlpark gekoester het, word in die Wordingstandbeeld vergestalt.[20] In hierdie beeld het dr. Van der Bijl die simbool van sy idealisme vir Vanderbijlpark gesien.[21] Die beeld het vir hom die groei en die strewe na hoër

---

13 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 12, no. 6, Jun. 1947, p.464; E. van Heerden, "'n Staalstad vier sy mondigwording", ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 10, no. 1, Jan. 1965, pp.19,20.

14 Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ..., pp.32,33.

15 ***The Star***, 6 Jul. 1981: report.

16 H.J. van der Bijl, "The creation and planning of Vanderbijl Park non-European residential areas", ***Iscor News***, vol. 12, no. 7, Jul. 1947, p.560.

17 Vanderbijl Park Estate Company (VESCO), Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 37, 25 Jan. 1949; E. van Heerden, "Ons staalstad langs die Vaal: Vanderbijlpark is mondig", ***Huisgenoot***, vol. 42, no. 2226, 20 Nov. 1964, pp.51,54.

18 A. Jacobs, ***South African heritage*** ..., p.15; ***Vaalweekblad***, 4 Des. 1989: berig.

19 ISCOR Head-Office, Pretoria, ISCOR accession, Minute of the 153rd Board meeting, no. 8 of 1940, 4 Sep. 1940.

20 Anon., "Wording te Vanderbijlpark onthul", ***Yskornuus***, vol. 16, no. 9, Sep. 1951, p.783.

21 Kyk foto 1.

kultuurvlakke gesimboliseer. Dit is 'n suiwer simboliese beeldhouwerk in dié sin dat dit geen godsdienstige, politieke of historiese motiewe vergestalt nie.[22]

Kultuurorganisering het egter nie sonder knelpunte plaasgevind nie. Die belangrikste knelpunt was sekerlik die kultuurverskeidenheid wat in Vanderbijlpark voorgekom het. Die verskeidenheid kulture wat in Vanderbijlpark saamgetrek is en meestal hul eie kultuurerfenis probeer behou het, het aanvanklik die skepping van 'n gemeenskaplike kultuurgrondslag in die dorp bemoeilik.[23]

8.2.2 KULTUURORGANISERING DEUR DIE ENGELSSPREKENDE GEMEENSKAP

Die kultuurorganisering van die Engelssprekende gemeenskap het gedurende die vestigingstadium veral baat gevind by die aktiewe kultuurlewe wat reeds in Vereeniging gevestig was. Op sosiale en kerklike gebied het baie mense uit Vanderbijlpark by kultuurorganisering in Vereeniging ingeskakel.[24]

Vooraanstaande persone in die Engelssprekende gemeenskap, wat nie op dieselfde kultuurvlak as die ander inwoners verkeer het nie, het die ongekunstelde leefwyse in hierdie nuwe nywerheidsgemeenskap negatief ervaar. Doug Bateson het hierdie onverkwiklike verhouding tussen die blanke kultuurgroepe soos volg verwoord: "That town was shocking. It was new, it had no character, it was a den of uniquety, it was a transit station for immigrants coming in from half the countries of Europe. Your wife wasn't safe while you were at work. There was one pub and it saw lights every night."[25]

---

22 E. van Heerden, "Ons staalstad langs die Vaal: Vanderbijlpark is mondig", ..., p.48.

23 Vgl. A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa*** ..., p.98; Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ..., p.35; vgl. E.L.P. Stals, ***Afrikaners in die goudstad***, deel 2: 1924-1961, p.119.

24 P.J.J. Prinsloo (red.), ***Die geskiedenis van Vereeniging*** (ongep. verslag, Navorsingseenheid vir Industrialiserings- en Vaaldriehoekse Geskiedenis (NIVG), PU vir CHO, Des. 1992), pp.350 e.vv.

25 A. Hocking, ***Metal Boxers: the story of Metal Box South Africa*** ..., p.98.

8.2.3 KULTUURORGANISERING DEUR DIE EUROPESE IMMIGRANTE

Ten spyte van hierdie negatiewe beeld het veral die Portugese, Nederlandse, Hongaarse, Indonesiese en Duitse immigrante, asook die verstedelikte Afrikaners, sedert die vestigingstadium aktief aan kultuurorganisering in Vanderbijlpark deelgeneem.[26]

Gedurende die vestigingstadium het immigrantegroepe hul kultuur probeer beskerm. Hierdie beskerming het meestal om die organisering van gesellige volkseie kultuuraktiwiteite gewentel.[27]

YSKOR se uitgebreide werwingveldtogte om gespesialiseerde vakkundiges na Vanderbijlpark te lok, het veroorsaak dat byna elke denkbare Europese taal in die dorp gehoor is.[28] Hierdie groot verskeidenheid Europeërs het veroorsaak dat die dorp byna 'n kosmopolitaanse karakter aangeneem het.[29]

Hierdie beeld is veral deur die volgende kultuuraksies van die verskillende immigrantegroepe onderskraag:

8.2.3.1 DIE PORTUGESE IMMIGRANTE

YSKOR, wat 'n behoefte aan tegnici gehad het, het baie Portugese tegnici in diens geneem.[30] Naas die tegnici is die meeste groentetuine, vrugte- en groentewinkels ook gedurende die vestigingstadium deur die Portugese bedryf. Hierdeur het die Portugese 'n belangrike bydrae in die voorsiening van die gemeenskap se daaglikse behoeftes gemaak.

Die Portugese het hul ryke kultuurerfenis deur verskeie kultuuraksies gehandhaaf. Hierdie kultuurorganisering is vergemaklik deurdat daar 'n groot sametrekking van Portugese in

---

26 Vgl. ***Vaalweekblad***, 15 Feb. 1985: berig.

27 ***Vaalweekblad***, 8 Mrt. 1974: berig.

28 Anon., "Die Vaaldriehoek", ..., p.15.

29 Vgl. ***Vaalweekblad***, 14 Jun. 1985: berig.

30 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ..., pp.11,14.

Vanderbijlpark was.[31] Vir elke vier immigrante in Vanderbijlpark was daar een Portugees. Hierdie Portugese immigrante was meestal van Portugal, Mosambiek en Angola afkomstig.[32]

Die proses van kultuurorganisering deur die Portugese is verder vergemaklik deurdat hulle saam in woonbuurte gaan woon het. 'n Hele straatblok is soms net deur Portugese bewoon soos Milton-, Louis Leipoldtstraat en ander strate in die woonbuurt CW 6.[33]

Die Portugese vrou kon gewoonlik nie Engels of Afrikaans praat of verstaan nie en ander bevolkingsgroepe kon dus nie met haar kommunikeer nie. Daar moes dus gewoonlik van 'n tolk gebruik gemaak word.[34] Soms het die kinders wat in 'n Afrikaanse of Engelse skole was, as tolke vir die moeders opgetree. Die Portugese mans wat by YSKOR werksaam was, was meer verstaanbaar omdat hulle as gevolg van 'n akkulturasieproses wat by die werk plaasgevind het, 'n gebroke Engelse gesprek kon voer.[35]

Hoewel hierdie bykans geslote kultuurorganisering van die Portugese die akkulturasieproses met ander blanke groepe in Vanderbijlpark vertraag het,[36] het die Portugese in 'n groot mate gedurende die vestigingstadium met hul kultuurorganisering geslaag en baie van die Portugese kultuurtradisies bewaar.[37] Die akkulturasieproses het egter ook plaasgevind omdat die Portugese kinders Afrikaanse of Engelse skole besoek het, en kultuuroordrag hierdeur plaasgevind het. Baie Portugese kinders het dan ook met ander bevolkingsgroepe ondertrou.[38]

---

31 S. de Jesus, Onderhoud, 15 Feb. 1991 {Portugese immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

32 C. Bártolo, ***Portugal in the world, 1485-1985***, p.104.

33 Anon. "*Vanderbijlpark: garden town with a bright future*", ..., p.37; H. *van der Merwe*, Onderhoud, 10 Feb. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

34 S. de Jesus, Onderhoud, 15 Feb. 1991 {Portugese immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

35 H. van der Merwe, Onderhoud, 10 Feb. 1991 {*senior burger en voormalige werknemer van* Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; C. Bártolo, ***Portugal in the world*** ..., p.104.

36 Oliver Lodge Primary School, Vanderbijlpark, School journal, 1950-1952.

37 S. de Jesus, Onderhoud, 15 Feb. 1991 {Portugese immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

38 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 40, 1 Jun. 1949.

8.2.3.2 DIE NEDERLANDSE IMMIGRANTE

Na die Tweede Wêreldoorlog het YSKOR 'n groot hoeveelheid Nederlandse immigrante in Vanderbijlpark gevestig.[39] Die Nederlanders se kultuurorganisering was meestal daarop ingestel om deel van die Afrikanervolk te word.[40] As daar kultuurfeeste deur die Afrikaners gehou is, het die Nederlanders dit gewoonlik bygewoon.[41] Die Nederlanders het ook meestal by die Hervormde of die Gereformeerde gemeentes ingeskakel.[42] Deur hierdie optrede het die Nederlanders die akkulturasieproses tussen hul kultuur en dié van die blanke Afrikaners in Vanderbijlpark bevorder.

Die Nederlanders het 'n ryk kultuur met hul saamgebring en veral deur kore dié kultuur ook aan ander groepe oorgedra. Die Hollandse Mannekoor en die Hollandse Gemengde Koor onder leiding van Arrie Witke het dikwels in Vanderbijlpark[43] en in nabygeleë Transvaalse en Vrystaatse dorpe opgetree.[44] Die koor het 'n ledetal van tussen 60 en 80 gehad en het by verskeie Afrikaanse feeste, soos by Republiekfeeste, opgetree. 'n Gekombineerde blaasorkes is ook gestig.[45]

Eie aan hul tradisies het die Hollanders gewoonlik 'n stalletjie gedurende kermisse gehad waar vroue in tradisionele drag eg tradisionele Hollandse geregte soos oliebolle en harings verkoop het. Die Hollanders het self groot Nederlandse kermisse georganiseer, wat baie goed deur die Afrikaners ondersteun is.[46]

Die Nederlandse kultuur het 'n groot bydrae tot die kultuurverryking van die inwoners van Vanderbijlpark gelewer, en kultuuroordrag het veral tussen die Nederlanders en die

39 Anon., "Onze gemeentewapens Vanderbijlpark", ***Nieuws uit Zuid-Afrika***, vol. 12, no. 2, Jul. 1972, p.23.

40 D. Otten, Onderhoud, 15 Feb. 1991 {Nederlandse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

41 Laerskool Hendrik van der Bijl, Skooljoernaal, 1947.

42 H. van der Merwe, Onderhoud, 10 Feb. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

43 U. Martin, Onderhoud, 10 Nov. 1990 {voormalige Burgemeester van Vanderbijlpark en Skakelbeampte van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

44 E. Marais, ***Die drama ontwikkeling van Vanderbijlpark, 1948-1989*** (ongep. verslag, NIVG, PU vir CHO, s.j.), pp.1 e.vv.

45 U. Martin, Onderhoud, 10 Nov. 1990 {voormalige Burgemeester van Vanderbijlpark en Skakelbeampte van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

46 A. Verdoren, Onderhoud, 15 Feb. 1991 {Sekretaresse van die Kunsvereniging van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Afrikaners plaasgevind. Die gevolg van die kultuurpatroon was dat baie van die Nederlandse immigrante as aparte groep, mettertyd verdwyn het.[47]

8.2.3.3 DIE HONGAARSE IMMIGRANTE

Die Hongare wat na Vanderbijlpark gekom het se kultuur het grootliks van die kultuur van die inwoners van Vanderbijlpark verskil.[48] Hierdie mense kon nie Afrikaans of Engels praat nie. Hulle was ook min in getal en kon nie hul eie kultuur behou nie. Die Hongare moes noodgedwonge by die Afrikaanse of Engelse kultuurlewe inskakel, en het mettertyd as aparte groep verdwyn. 'n Groepie van hierdie mense het later tot puik sakemense ontwikkel.[49]

8.2.3.4 DIE NEDERLANDS-INDONESIESE IMMIGRANTE

Nadat kolonialisme in Indonesië opgehef is, het 'n groot groep van dié Nederlanders na Vanderbijlpark geïmmigreer.[50] Hierdie mense was tegnies goed gekwalifiseer. 'n Akkulturasieproses het plaasgevind en die meeste van hierdie Indonesiërs is in die Afrikaners se kultuur opgeneem.[51] Die nasate van dié mense het vanne soos Muller, Koës, Kooymans en Wagner gehad en is tans meestal Afrikaners wat Afrikaans praat.[52]

8.2.3.5 DIE DUITSE IMMIGRANTE

'n Groot groep Duitsers wat 'n hoë kulturele vlak gehad het, het na Vanderbijlpark geïmmigreer. Hulle het ook gepoog om hul kultuur te behou en daarom met hul eie kultuuraktiwiteite in Vanderbijlpark voortgegaan. Die kultuurprodukte wat die Duitsers met hul saamgebring het en die doelbewuste aksies wat daarop gemik was om hul kultuur te bou en oor te dra na ander groepe, het daartoe bygedra dat baie Duitse kultuurpatrone in

47 Laerskool Hendrik van der Bijl, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1955; E. van Dijken, Onderhoud, 14 Jul. 1992 {voormalige immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

48 Laerskool Hendrik van der Bijl, Skooljoernaal, 1953.

49 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

50 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

51 Laerskool Hendrik van der Bijl, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1956.

52 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Vanderbijlpark behoue gebly het. Op hierdie wyse het hulle 'n belangrike bydrae tot die verhoging van die algemene kultuurvlak van die inwoners gemaak.[53] Hierdie bydrae is veral deur die stigting van die Duitse Kultuurvereniging, die "Deutsche Kulturverein", gelei.[54]

Daar het 'n behoefte by die Duitsers ontstaan om 'n vereniging te stig wat die Duitse kultuur in Vanderbijlpark moes beskerm en uitbou. Hierdie behoefte het ontstaan omdat die Duitsers in die nuwe kultuuromgewing 'n kultuurvreemdheid ervaar het.[55] Die meeste Duitse immigrante wat na Vanderbijlpark gekom het om by YSKOR en Vanderbijl Ingenieurskorporasie Beperk (VIKOR) in Vanderbijlpark te werk, het gewoonlik by die vereniging aangesluit.[56]

Die doelstellings van hierdie vereniging was die behoud van die Duitse kultuur en moedertaal. Deur gemeenskaplike optrede moes die vereniging die Duitse kultuurgoedere aan die inheemse Suid-Afrikaanse bevolking bekend stel. Die vereniging het gegroei en mettertyd is nege akker grond van Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy (VESCO) gekoop. Op die terrein is 'n klubhuis opgerig waar die Duitsers op 'n eg Duitse manier jolyt gehou het.[57] Elke lid moes maandeliks R20 betaal om die koste te delg.[58]

Die lede het hulle arbeid vrywillig beskikbaar gestel om die klubgebou en terrein te ontwikkel. Die terrein is byvoorbeeld met honderde bome beplant. Die inrigting van die klub en die oprigting van kinderspeelplekke is deur 'n selfhelpskema daargestel.[59]

Verskeie kultuuraktiwiteite is by die klub beoefen. Daar was byvoorbeeld 'n aktiewe vrouegimnastiekklub en 'n Saterdagskool wat onder beskerming van die klub gefunksioneer het.[60] Nog 'n belangrike kultuuraktiwiteit van die Duitsers was die Duitse Mannekoor, wat

---

53 G.W. Oltmann, Onderhoud, 15 Jul. 1991 {Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

54 G.W. Oltmann, Onderhoud, 15 Jul. 1992 {Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

55 G.W. Oltmann, Onderhoud, 15 Jul. 1992 {Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}; vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 Aug. 1980: report.

56 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

57 E. Sittig, Onderhoud, 15 Mrt. 1991 {voormalige Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

58 J.H.W. Gersteling, Onderhoud, 12 Feb. 1992 {Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

59 Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, pp.56,57.

60 M.R. Gersteroph, Onderhoud, 12 Feb. 1992 {Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

landwyd bekendheid verwerf het. Afrikaners wat Duitssprekend was, het ook by hierdie koor aangesluit.[61]

Die Duitsers het ook doelbewus gepoog om 'n akkulturasieproses tussen hulle en die ander blanke groepe in Vanderbijlpark te laat plaasvind, en sodoende hul kultuurtradisies aan hierdie groepe oor te dra.[62] Hierdie optrede van die Duitsers het daartoe gelei dat ook Nederlanders, Britte en Afrikaners tot die klub toegelaat is. Die Duitsers wou nie 'n staat binne 'n staat wees nie, maar wou graag die inheemse blanke bevolking met hul eie vaderland se kultuur vertroud maak.[63]

Die Duitse Oktoberfees was die gewildste aktiwiteit van die vereniging, wat tot 8 000 gaste gelok het. Die leiers van die vereniging het steeds gepoog om nuwe idees en planne vir die uitbreiding en verbetering van die klub te beraam. 'n Groot saal is later aan die klubhuis gebou om vir geriewe tydens groter byeenkomste voorsiening te maak. Uiteindelik is daar ook 'n swembad gebou.[64]

Die resultaat van die Duitse Kultuurvereniging se aktiwiteite was dat die Duitsers hul kultuurerfenis grotendeels vir hul nageslag behou het. Die ander bevolkingsgroepe se kultuurprodukte is ook verryk vanweë doelgerigte kultuuroordrag. Behalwe sang en musiek, is ook gewoontes soos dié van kersversierings en sekere disse deur sommige ander blanke bevolkingsgroepe van die Duitsers oorgeneem.[65] Ondertrouery het plaasgevind.[66]

8.2.3.6 DIE GRIEKSE IMMIGRANTE

Die eerste Griekse immigrante het hulle reeds teen 1930 in Vereeniging gevestig. Sedert die vestiging van YSKOR-werke het die Griekse gemeenskap ook in Vanderbijlpark gevestig geraak.

---

61 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

62 E. Sittig, Onderhoud, 2 Jul. 1992 {voormalige Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

63 G.W. Oltmann, Onderhoud, 12 Feb. 1992 {Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

64 J.H.W. Gersteling, Onderhoud, 12 Feb. 1992 {Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

65 J.H.W. Gersteling, Onderhoud, 12 Feb. 1992 {Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

66 E. Sittig, Onderhoud, 15 Mrt. 1991 {voormalige Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

Die Griekse gemeenskap was naas die Duitsers die tweede groep wat formeel 'n klub gestig het. Die Hellenic Society is in 1959 gestig, waar volkseie kultuurpatrone soos die Griekse taal, tradisies soos volksdanse, 'n naskoolsentrum, 'n Grieks-Ortodokse Kerk, koerante en nuusbriewe ingespan is om die voortbestaan van die Griekse kultuur te verseker.[67]

8.2.4 KULTUURORGANISERING DEUR DIE AFRIKANERS

Die kultuurorganisering van die Afrikaners was daarop ingestel om die Afrikanertradisies te bewaar en verder te ontwikkel.[68] Die meeste Afrikaners was gedurende hierdie vroeë jare die mening toegedaan dat die minderheidskultuur van die blanke immigrante moes swig en oorgaan na die meerderheidskultuur van die Afrikaners. As 'n Duitse kind in 'n Afrikaanse laer- of hoërskool ingeskryf is, moes hy of sy by die kultuuroptrede van die Afrikaners inval.[69]

Die kultuurpatrone van die plaaslike immigrante was vir die Afrikaners vreemd. Laasgenoemde se kultuuroptrede het egter vir immigrante die indruk van 'n beleërde kultuur geskep, omdat hulle gepoog het om hul kultuur teen enige ander "indringende" kultuurelemente te beskerm.[70] Hierdie optrede van die Afrikaners is versterk deur hul werksomstandighede, waar hulle bedreig gevoel het deur die groot hoeveelheid immigrante met wie hulle moes saamwerk. Die meeste wou nie met die immigrante bevriend raak nie. Gevolglik het daar nie veel kultuuroordrag plaasgevind nie.[71]

Sommige Afrikaners se lewenstyl was van so 'n aard dat dit voorgekom het asof hul gemeen het dat daar slegs Afrikaanssprekende inwoners in Vanderbijlpark woonagtig was. Hulle het byvoorbeeld die houding aangeneem dat die rol wat die immigrante in die

---

67 S. Bardouna, Onderhoud, 20 Feb. 1994, {voormalige Voorsitter van die Hellenic Society}; P.W. Grobbelaar, ***Volkslewe van die Afrikaner: die verhaal van ons volkskunde***, p.34.

68 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Aug. 1949: report; vgl. VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 9, 24 Oct. 1945.

69 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

70 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Aug. 1949: report; vgl. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), Hoofkomitee, ***Die Suid-Afrikaanse samelewing: werklikhede en toekomsmoontlikhede***, {RGN-ondersoek na tussengroepverhoudinge}, p.156; M.C. Smit, ***Die Konserwatiewe Party en die algemene verkiesing van 1987*** (ongep. M.A.-verhandeling, RAU, 1991), p.2; vgl. P.W. Grobbelaar, ***Volkslewe van die Afrikaner*** ..., p.2.

71 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 (voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

kultuurvorming gespeel het, nie vir die Afrikaners van enige belang was nie. Hierdie houding het daartoe bygedra dat daar gedurende die vestigingstadium verskeie Afrikaanse kultuurorganisasies gestig is.

8.2.4.1 DIE VROUE-LANDBOU-UNIE (VLU)

'n Tak van die Vroue-Landbou-Unie is gedurende 1949 in Vanderbijlpark gestig.[72] Mev. Opperman is as die eerste Presidente verkies. Die doelstellings van die vereniging was om die kulturele en estetiese ontwikkeling van die lede van die VLU te bevorder.

Aanvanklik is die dienste en werksaamhede van die VLU deur talryke lesings en demonstrasies gekenmerk.[73] Mettertyd is daar 'n wye reeks onderwerpe soos binnenshuise versiering, kookkuns, tuinbou, mode-ontwerp en blommerangskikking deur die lede bespreek en prakties uitgevoer.[74]

Die notules van die organisasie is nie beskikbaar nie, maar uit beskikbare inligting blyk dit dat die organisasie veral op die Afrikanervrou se kultuurontwikkeling ingestel was.

8.2.4.2 DIE AFRIKAANSE KULTUURVERENIGING

Die Afrikaanse Kultuurvereniging was belangrik vir die kultuurverhoging van die Afrikaners in Vanderbijlpark. 'n Tak van die Afrikaanse Kultuurvereniging is gedurende 1950 onder voorsitterskap van mnr. H.C. van der Walt in Vanderbijlpark gestig. Hierdie vereniging was baie aktief en het maandelikse byeenkomste van kulturele aard gereël. Later is die naam van die vereniging na die Afrikaanse Kuns- en Kultuurvereniging verander. Dit het 'n waardevolle bydrae tot die blanke kulturele lewe deur aanbiedings van toneel, opera, ballet, musiekkonserte en ander kultuuraktiwiteite gemaak.[75]

Gedurende 1959 was die lede van die Kultuurvereniging byvoorbeeld met die reëlings van die Taalfees behulpsaam, en is met die hulp van die Afrikaanse boekhandelaars en die skole

---

72 Vroue-Landbou-Unie (VLU), Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1950.

73 M.C. Swart, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {stigterslid van die VLU, inligting in besit van die skrywer}.

74 VLU, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1950; vgl. P.W. Grobbelaar, ***Volkslewe van die Afrikaner*** ..., p.19.

75 E. Marais, Onderhoud, 2 Jul. 1991 {voormalige onderwyseres en Voorsitster van die Vanderbijlparkse Musiekvereniging, inligting in besit van die skrywer}.

van Vanderbijlpark ongeveer 6 000 boeke in blanke skole in Vanderbijlpark uitgestal.[76] Die fees het twee weke lank geduur. Die Kultuurraad het ook gedurende hierdie fees kunsuitstallings gehou en die skrywer, A.P. Brink, het met boekbesprekings aan die program deelgeneem.[77]

Met hierdie feesvieringe wou die Afrikaners die Afrikaanse standpunt stel en sodoende die Afrikaanse kind se kultuurvlak bevorder en beskerm.

8.2.4.3 DIE GELOFTEFEESKOMITEE

Die Geloftefeeskomitee se aktiwiteite was op die handhawing van die Afrikaners se 1838-Gelofte ingestel. Die Geloftefeeskomitee is gedurende 1952 onder voorsitterskap van mnr. C.A. Herbst gestig. Die doelstellings van hierdie vereniging was om jaarliks op 16 Desember die Geloftefees op 'n waardige wyse te vier.[78]

Dié komitee het 'n geskikte terrein in SW 5 van VESCO verkry, wat tot gevolg gehad het dat Vanderbijlpark oor 'n doeltreffende feesterrein en feeshuis, waar veral Afrikanervolksfeeste gereeld gehou kan word, beskik het. Geloftefees was hoofsaaklik op die bewaring van die Afrikanerkultuur ingestel.[79]

8.2.4.4 DIE SUID-AFRIKAANSE VROUEFEDERASIE (SAVF)

Die Afrikanervrou van Vanderbijlpark het, net soos die mans, gepoog om 'n kultuurvereniging, wat die Afrikanerkultuur sou bevoordeel, in Vanderbijlpark tot stand te bring. 'n Tak van die Vrouefederasie is daarom op 15 April 1952 in Vanderbijlpark gestig.[80]

---

76 K. Connoway, Onderhoud, 15 Nov. 1991 {lid van die Kultuurraad, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

77 A. Schroeder, Onderhoud, 10 Aug. 1991 {lid van die Kultuurraad, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. P.W. Grobbelaar, ***Volkslewe van die Afrikaner*** ..., p.19.

78 C.A. Herbst (jnr.), Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

79 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

80 Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF), Vanderbijlpark, Notule, 14 Okt. 1965.

Die SAVF se werksaamhede is gekenmerk deur sy doelstelling om oor die taal en kultuur van die Afrikaanse volk te waak.[81] Daar is veral aan die bevordering van die Afrikaanse taal aandag gegee.[82] Die verwerwing van kennis en persoonlikheidsverryking was ook 'n belangrike deel van die SAVF se doelstellings.[83] Die federasie het hulle vir die voortbestaan van hul eie kultuurpatrone beywer om sodoende aan hul doel te kon beantwoord.[84]

Die SAVF het die gemeenskap gedien en die polisie, bejaardes en die plaaslike gemeenskap dikwels onthaal.[85] Daar is ook geldelike bydraes aan die SAVF se hoofkantoor vir die instandhouding van onder andere ouetehuise en kinderhuise verskaf.[86] Fondsinsameling is deur koek- en rommelverkopings en kollektes verkry.[87]

Hierdie vroue-organisasie het positiewe diens aan die gemeenskap van Vanderbijlpark gelewer.[88] Dié dienslewering was suksesvol omdat die SAVF veral gepoog het om die gesinslewe in Vanderbijlpark te bestendig en die Christelike en sedelike norme en morele standaarde van die gemeenskap te beskerm.[89] In besonder is oor die regte en belange van vroue en kinders gewaak. Daar is ook gepoog om die Christelike-nasionale opvoeding, onderwys en gesondheid te bevorder. Die organisasie het hom verder vir die behoud van die Afrikanervolk se kulturele erfenis en geestesgoedere beywer.[90]

8.2.4.5 DIE RAPPORTRYERSKORPSE

Korpse van die Rapportryersbeweging het ook in Vanderbijlpark tot stand gekom nadat daar 'n behoefte by die leidende persone ontstaan het om mekaar op kulturele en ander gebiede

---

81 SAVF, Vanderbijlpark, Jaarverslag, 10 Mei 1953.

82 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 5 Aug. 1965; SAVF, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1990, pp.1,2,3.

83 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 12 Nov. 1964.

84 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 14 Okt. 1965.

85 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 9 Mei 1963.

86 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 14 Feb. 1963.

87 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 5 Jun. 1963.

88 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 14 Mei 1964.

89 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 12 Des. 1963.

90 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 13 Feb. 1964.

te leer ken en die Afrikaanse kultuur verder te ontwikkel. Die Rapportryerskorpse was in 'n groot mate daarop ingestel om die Afrikaners se kultuur te ontwikkel en te bewaar.

Die eerste Rapportryerskorps van Vanderbijlpark is op 22 November 1955 gestig.[91] Die doelstellings van die Rapportryerskorps was:

> "Die handhawing, bevordering en uitlewing van die Afrikaanse taal, sedes, en gewoontes asook die strewe en doelstellings van die Afrikanervolk, soos openbaar in sy geskiedenis en tradisies, en die bevordering van 'n samehorigheidsgevoel onder Afrikaners."

Die lidmaatskap is tot blanke manlike persone, wat lid van een van die drie Afrikaanse Susterskerke was, beperk. Daar is ook bepaal dat geen persoon wat aan 'n nie-Afrikaanse openbare of geheime organisasie behoort, lidmaatskap van die korps mag verkry nie.[92]

Byeenkomste was maandeliks en besoekende sprekers is uitgenooi om aktuele vraagstukke en onderwerpe te bespreek.[93] Fondse is aan instansies wat dit nodig gehad het, soos die ouetehuise, oorhandig.[94] Beurse is ook aan belowende studente toegeken.[95]

'n Junior Rapportryerskorps as 'n kultuurorganisasie vir Afrikaanssprekende mans jonger as 35 jaar, het ook in Vanderbijlpark beslag gekry. Tipiese onderwerpe van hierdie beweging se byeenkomste was byvoorbeeld: "Die beeld van die moderne Afrikaner: 'n analise van lewens- en wêreldbeskouings en geleenthede vir die Afrikaner in die sakewêreld."[96]

Dit is dus duidelik dat die Rapportryerskorpse van Vanderbijlpark se werksaamhede en dienste daarop ingestel was om die blanke Afrikaners se kultuur te bevorder.

---

91 Rapportryerskorps, Vanderbijlpark, Notule, 22 Nov. 1955.

92 Rapportryerskorps, Vanderbijlpark, Grondwet, 22 Nov. 1955.

93 R.C. Martin, Onderhoud, 16 Sep. 1992 {stigterslid van die Rapportryerskorps, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

94 Rapportryerskorps, Vanderbijlpark, Notule, 25 Nov. 1957.

95 Rapportryerskorps, Vanderbijlpark, Notule, 11 Nov. 1958.

96 R.C. Martin, Onderhoud, 16 Sep. 1992 {stigterslid van die Rapportryers, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

8.2.4.6 DIE VOORTREKKERBEWEGING

In die kultuurorganisering van die Afrikaners is daar ook besondere aandag aan die jeug in Vanderbijlpark gegee. Die Voortrekkerbeweging wat vir die blanke jeug bedoel was, het groot inslag in die kultuursituasie van Vanderbijlpark gevind. Gedurende die vestigingstadium was hoofsaaklik Afrikaanssprekende kinders lede van die beweging.[97]

Die grondslag van die Voortrekkerbeweging is Christelik-nasionaal van aard. Die doelstellings was:

- Om die geloof in die Drie-enige God en die Christelike godsdiens wat uit dié geloof voortspruit, by die jeug in te skerp.
- Om die jeug te lei tot gesagsaanvaarding en die beoefening van die deugde wat eie is aan die Christelike lewe.
- Om die Afrikaners se kultuur aan die jeug oor te dra en uit te bou.
- Om die jeug te veranker in die verlede van die Afrikanervolk, sodat uit die verlede geneem kan word wat goed is en daarop 'n toekoms gebou kan word.
- Om die jeug te lei tot die waardering en bewaring van die eie bodem.
- Om opleiding tot goeie leier- en burgerskap te voorsien en behulpsaam te wees met die verdediging van die vaderland.
- Om die gewoontes van waarneming, ondersoek, waardering, selfbehoud en diensvaardigheid te ontwikkel.
- Om alle ander handelinge te verrig wat met die reeds genoemde doeleindes saamhang of wat vir die verwesenliking daarvan bevorderlik is.[98]

Met hierdie beweging het die Afrikaners gepoog om hul tradisies van volkwees onder die jeug te bewaar en om die generasiegaping te oorbrug. Hierdie beweging was een van die belangrikste verenigings in Vanderbijlpark, wat veral op die kultuurontwikkeling van Afrikanerkinders gedurende die vestigingstadium gefokus het.[99]

---

97 Voortrekkers, Vanderbijlpark-Noord, Jaarverslag, Nov. 1958.

98 Voortrekkers, Konstitusie, 1990, pp.1,2,10.

99 Voortrekkers, Vanderbijlpark-Noord, Jaarverslag, Nov. 1958.

Daar het ook 'n kultuurpatroon ontwikkel om die blanke kultuurgroepe nader aan mekaar te bring.

8.2.5 GESAMENTLIKE KULTUURORGANISERING

Nieteenstaande die feit dat die meeste van die blanke bevolkingsgroepe gepoog het om hul eie kultuurtradisies te behou, was daar tog ook 'n behoefte aan 'n akkulturasieproses tussen die blanke groepe. YSKOR, die hoofwerkgewer in die dorp, was daarom ook vir die stigting van IPAS, wat interkultureel gefunksioneer het, verantwoordelik.

Hierdie vereniging is gedurende Februarie 1948 gestig,[100] met die doel om die kultuurbedrywighede van al die blankes in Vanderbijlpark te akkommodeer.[101]

Die vereniging het bekend geword vir sy pakkende jaarprogramme wat vir 'n groot verskeidenheid optredes voorsiening gemaak het. Die 1948-program het byvoorbeeld soos volg daar uitgesien:

- **A girl for the hall.**
- **After all those years.**
- **A bushman's honeymoon.**
- **Alison's island.**
- **Liberation.**
- **Fumed oak.**

Dit is interessant dat die program hoofsaaklik uit Engelse dramas bestaan het. Die doel was om die immigrante en die Afrikaners in dieselfde kultuursituasie te betrek om daarmee 'n akkulturasieproses te laat plaasvind waarin al die blankes se kulture kon ontwikkel.[102]

---

100 Vereeniging and Vanderbijl Park Arts Festival, Programme, 15 Sep. 1951 - 21 Sep. 1951, p.35.

101 YSKOR Uitvoerende Kunstevereniging (IPAS), Verslag van die Produksiebestuurder, 10 Nov. 1990.

102 E. Marais, Onderhoud, 2 Jul. 1991 {voormalige onderwyseres en Voorsitster van die Vanderbijlparkse Musiekvereniging, inligting in besit van die skrywer}.

Die YSKOR-klub was eweneens 'n tuiste vir gesamentlike kultuurorganisering waar 'n verskeidenheid aktiwiteite soos sosiale funksies en kulturele bedrywighede aangebied is.[103] Tot 1949 is rolprentvertonings een keer 'n week in die saal van die klubgebou gehou. Mettertyd het die rolprentvertonings na die eetsaal van die enkelkwartiere verskuif.[104]

Teen die bogenoemde agtergrond van die kultuurorganisering deur die blanke groepe het die teenwoordigheid van swart mense ook 'n invloed op die kultuurbeeld van Vanderbijlpark gehad.

8.2.6 KULTUURORGANISERING DEUR DIE SWART MENSE

Alhoewel hierdie studie oor die blanke se kultuurontwikkeling in Vanderbijlpark handel, het die afwesigheid van die swart mense se deelname aan kultuuraksies van die blanke juis 'n invloed op die blanke kultuurontwikkeling gehad. Die ontkenning van die swart mense se teenwoordigheid het reeds gedurende die vestigingstadium 'n bepaalde invloed op die blanke kultuurontwikkeling gehad.[105]

Die swart mense van Vanderbijlpark was reeds gedurende die vestigingstadium gereed om aan die blanke se kultuuraktiwiteite deel te neem. Die swart mense wat in blanke woongebiede in die buitekamers gewoon het, het dikwels die geleentheid en die tyd vir die blanke voorsien om met hul eie kultuurontwikkeling voort te gaan. Daardeur is hul eie kultuuraksies egter verwaarloos.[106] Hierdie mense wat gewoonlik as huishulpe opgetree het, het dikwels die kultuur van die blanke in 'n groot mate gesien, ervaar en oorgeneem. Die werklikheid is dat daar ongeveer net soveel swartes as blankes in Vanderbijlpark gewerk het.[107]

---

103 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 (voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer).

104 P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark, 1914 - Desember - 1951***, p.6; VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 70, 27 Oct. 1952.

105 Vgl. N. Mandela, ***Long walk to freedom: the autobiography of Nelson Mandela***, pp.104,105; P. de Klerk, ***Ideologiese stryd in Suider-Afrika***, p.49.

106 J.N. Tsunke, Onderhoud, 10 Mei 1992 (dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer).

107 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 (Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer).

Die politieke beleid van die land het vir aparte swart woongebiede voorsiening gemaak en daarom kon die swart gesinne nie in Vanderbijlpark woon nie.[108] Daar sou dus noodwendig vir aparte swart woonbuurte voorsiening gemaak moes word.[109] Met die beplanning van Vanderbijlpark was dit vir dr. Van der Bijl baie belangrik dat die swart woonbuurte digby die nywerheidsgebiede geleë moes wees. Hierdeur is die vervoerprobleme na werksplekke uitgeskakel.[110]

Daar was in hierdie stadium in Suid-Afrika nie 'n tekort aan goedkoop arbeid nie.[111] Die nywerheidstede het swart werkers soos 'n magneet aangetrek.[112] Die mense wat van die platteland gekom het, was totaal verarm,[113] en vir die eerste keer het die meeste van hulle in klein woonhuise met ligte, water, riolering, 'n kombuis en 'n badkamer gewoon.[114]

Kultuurorganisering van die swart mense wat in Vanderbijlpark gewerk het, het meestal daaruit bestaan dat hul gepoog het om die kultuuraktiwiteite van die blankes na te boots. In die werksituasie het wel kultuuroordrag tussen die blanke en die swart mense plaasgevind. Gewoonlik het die swart mense wat saam met die blankes gewerk het, die blanke se taal aangeleer. Hierteenoor het blankes selde 'n swart taal aangeleer. Die swart kinders het tot vyf tale in een sin gebruik.[115]

Die blanke het die swart mense gedurende die vestigingstadium nie werklik as 'n eksklusiewe kultuurgroep in Vanderbijlpark raakgesien of erken nie. Hulle is onder andere nie toegelaat om aan die blankes se kultuuraktiwiteite deel te hê nie en was gewoonlik slegs

---

108 Vanderbijlpark Health Committee, Reports, 31 Jul. 1950 - 27 Feb. 1951, vol. 3: first annual report of the Non-European Affairs Department for the period 1st Apr. 1948 to 30th Jun. 1949; vgl. D. Posel, ***The making of apartheid, 1948-1961***, p.27.

109 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 9, 24 Oct. 1945.

110 Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ..., pp.31,32,37.

111 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 24th ordinary meeting, 28 Feb. 1949; P. Mashaile, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

112 Vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Van Van Riebeeck tot P.W. Botha***, p.365.

113 Vgl. T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history,*** 4th ed, p.535.

114 G. Noge, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {Departementshoof van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

115 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

vanweë hul arbeid vir die blankes van belang.[116] Daar is nie altyd vir die swart mense dieselfde gehalte geriewe bekostig nie omdat daar vir blanke en swart bevolkingsgroepe aparte geriewe verskaf is.[117] Die politieke beleid het gedurende die vestigingstadium aan die blanke in Vanderbijlpark die geleentheid gebied om hul eie kultuur in 'n groot mate te beskerm en ongehinderd uit te leef.

Hierdie kultuuroptrede van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark het die swart mense reeds gedurende die vestigingstadium negatief beïnvloed. Hulle was ontevrede omdat die blankes in Vanderbijlpark, soos ook elders in die land, 'n kultuursituasie geskep het om die blanke kultuur te beskerm en te verhoog terwyl die kultuurontwikkeling van die swart mense, vanweë hul swakker omstandighede, onaangeraak gebly het.[118]

8.2.7 SAMEVATTING

Dr. Van der Bijl was een van die eerste persone wat gepoog het om die kultuurlewe van die inwoners van Vanderbijlpark te organiseer. Mettertyd het YSKOR, verskillende volksgroepe, organisasies en individue gepoog om die kultuurlewe van die gemeenskap te organiseer. Die doel was om die kultuurvlak van die blanke gemeenskap op 'n hoë kultuurpeil te bring, en om die kultuurtradisies en kultuurprodukte van die verskillende blanke bevolkingsgroepe vir die nageslag te bewaar.

Aanvanklik is daar tuis, verskillende kultuuraksies deur die blanke immigrante en Afrikaners uitgevoer. Mettertyd het die kultuurorganisering van die immigrante en Afrikaners egter deur middel van verenigings, kore, klubs, volksfeeste en kultuuraksies plaasgevind wat vir die blanke gemeenskap, op 'n meer openbare grondslag, gestig en onderhou is.

Kenmerkend van die vestigingstadium was dat die blankes die swart mense nie toegelaat het om aan hulle kultuuraksies deel te neem nie. Die blankes het egter in die proses van kultuurorganisering die swart mense se arbeid gebruik om die blanke se kultuuraksies

---

116 G. Masitha, Onderhoud, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

117 Vgl. N. Mandela, ***Long walk to freedom*** ..., p.105; VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 9, 24 Oct. 1945.

118 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

positief te ontwikkel.[119] Die swart mense het deur hul arbeid heelwat van die blanke se kultuuraktiwiteite waargeneem en hulle daarmee geïdentifiseer.

Die politieke beleid van die land, en daarmee saam die ekonomie, het 'n belangrike rol in die blanke kultuurorganisering gespeel. Die volkseie kultuurpatrone van die blankes is daardeur beskerm en ekonomies bevoordeel. Dit het veroorsaak dat die kultuurorganisering van die verskillende blanke groepe gedurende die vestigingstadium ongehinderd kon voortgaan. Die resultaat van die kultuurorganisering was dat die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark se volkseie kultuurpatrone meestal bewaar gebly het.

Nieteenstaande kultuurbeleëringsaksies het daar reeds gedurende die vestigingstadium 'n akkulturasieproses tussen die Afrikaners en die immigrante plaasgevind. Dit het soms tot ondertrouery tussen die verskillende blanke bevolkingsgroepe gelei.[120]

8.3 KULTUURORGANISERING VAN VOLKSEIE KULTUURPATRONE GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1960-1978

Gedurende die voorspoedstadium is steeds gepoog om die volkseie kultuurpatrone te behou. Die blanke bevolkingsgroepe was steeds in 'n bevoorregte posisie om met hul kultuurorganisering te kon voortgaan. Nadat daar gedurende die laat sewentigerjare reeds 'n akkulturasieproses tussen die verskillende blanke bevolkingsgroepe plaasgevind het, is gesamentlike kultuuraksies gehou om sodoende die blanke se kultuurprodukte te beskerm. Die blanke se kultuurorganisering het egter 'n reaksie by die swart mense se kultuuraktiwiteite uitgelok.[121]

8.3.1 KULTUURORGANISERING DEUR DIE EUROPESE IMMIGRANTE

Ter wille van die snelle ekonomiese vooruitgang is daar gedurende die voorspoedjare steeds heelwat immigrante in Vanderbijlpark hervestig.[122] Die proses van kultuurorganisering om

---

119 Vgl. J.A. van der Walt e.a., ***Rassesosiologie***, p.96.

120 H. van der Merwe, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

121 Vgl. J. Fisher, ***The Afrikaners***, p.337.

122 Vgl. G.D. Scholtz, ***Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901-1966***, p.202.

'n eie kultuurlewe en tradisies te beskerm, is gevolglik deur heelwat van hierdie immigrante gedurende dié jare voortgesit.[123]

Aangesien sommige van die blanke immigrante in die minderheid was, het hulle steeds hul kultuurorganisering meestal tuis georganiseer. Die immigrante het dikwels by mekaar gekuier waar hul volkseie kultuuraande gehou het. Hierdie verskynsel geld veral vir die Poolse immigrante wat sedert 1967 in Vanderbijlpark gevestig is. Gedurende die sewentigerjare het YSKOR weer 'n klein getal Poolse vakmanne tydens 'n oorsese werwingsveldtog gewerf. Hierdie Poolse families was so min dat hulle informeel as vriende by mekaar gekuier het en op hierdie wyse hul kultuurbande verstewig het.[124]

Die groter immigrantegroepe soos die Duitsers het hierteenoor gereeld kultuurfeeste gereël en daardeur hul organisasie versterk. Tydens sulke feeste het daar dikwels oempa-orkeste opgetree om die gaste te vermaak.[125]

Die stigting van die kultuurorganisasies was meestal om die bande met hulle eie kultuur te kon behou. 'n Algemene verskynsel gedurende hierdie jare was dat die immigrante gepoog het om 'n verbintenis met hul moederkultuur te behou.[126] 'n Voorbeeld van sodanige kultuurorganisering was die Griekse Vereniging, wat vanaf 1963 op 'n aktiewe wyse verskeie maatreëls in werking gestel het om hulle volkseie kultuurpatrone te beskerm. Die rede hiervoor was dat hul klubgebou op 1 Maart 1963 geopen is. Onderwysers en onderwyseresse uit Griekeland het vir kinders in die laer- en hoërskole addisionele onderrig in hul taal, geskiedenis en breë kultuurpatrone gegee.[127]

'n Verdere bevestiging dat die Grieke hul kultuuragtergrond gekoester het, word in hul aktiewe ondersteuning aan tradisionele feeste gevind. Die Griekse gemeenskap is ongeveer vier keer per jaar deur hul vereniging, in hul eie klubsaal, by groot tradisionele feesgeleenthede betrek. Tydens hierdie geleenthede is daar onder meer op historiese gebeurtenisse soos 21 Maart, die Griekse onafhanklikheidsdag, asook 15 September, die stigtingsdag van die Grieks-Ortodokse Kerk, gefokus. Hierdie feesgeleenthede gaan met

---

123 Vgl. ***Vaalweekblad***, 26 Apr. 1985: berig.

124 E.M. Bogucki, ***The Polish community in the Vaal Triangle*** (unp. report, Research Unit for Industrial and Vaal Triangle History (NIVG), PU for CHE, Aug. 1990), p.7.

125 Vgl. ***Vaalweekblad***, 22 Jun. 1984: berig.

126 Vgl. ***Vaalweekblad***, 5 Feb. 1982: berig.

127 Vgl. ***Vaalster***, 15 Jun. 1984: berig; ***Vaalweekblad***, 22 Jun. 1984: berig.

vertonings van volksdanse in tradisionele kleredrag, gewone danse en danse waaraan net mans deelneem en vir die genot borde stukkend gooi, asook die bediening van tradisionele geregte, gepaard. Die Hellenic Sport Club het ook 'n belangrike rol gespeel om sokker, tennis en basketbal te organiseer.

Naas hierdie aktiwiteite vervul die Hellenic Orthodox Ladies Organisation 'n belangrike sosiale rol in die Griekse gemeenskap. Lede van hierdie organisasie besoek byvoorbeeld siekes, bejaardes en gesinne in nood. Hierdie vroue-organisasie beywer hulle ook vir 'n gesonde gesinslewe aangesien die familie die grondslag in die Griekse gemeenskap vorm. Belangrike gebeure soos huwelike en doopplegtighede word as groot familiefeeste op tradisionele wyse gevier.

Hoewel die Grieks-Ortodokse Kerk se gebou op die perseel van die Hellenic Society gebou is, word die bogenoemde kultuurorganisering ook deur die Kerk aangevul. Die Kerk vervul 'n belangrike funksie om die godsdienstige waardes van die gemeenskap kerngesond te hou. Vir baie Grieke in hierdie gemeenskap is hul geloofslewe 'n belangrike saak.

Die Griekse inwoners van Vanderbijlpark vorm deel van 'n stabiele Griekse gemeenskap wat bydraes op talle ander terreine gelewer het. Hulle betrokkenheid in die gemeenskap deur die ondersteuning van projekte en die plaaslike ekonomie kan nouliks onderskat word. Die invloed van hul talle besighede, wat van kafees tot professionele en gespesialiseerde dienste wissel, benewens die ontwikkeling van besigheidpersele, is duidelik in die dorp sigbaar. Hiernaas is die Grieke ook lojale Suid-Afrikaners en ongeveer 65% van die Grieke wat in Suid-Afrika woon, beskik oor burgerskap.[128]

Hierdie kultuurorganisering van die Grieke dui ongetwyfeld daarop dat dit gekenmerk word deur 'n behoefte om hul eie kultuur te beskerm. Die kultuurorganisering van die ander immigrantegroepe fokus ook op hierdie tendens. Die Portugese en die Duitsers het nie net hul kultuur oorgebring nie, maar het 'n gevestigde kultuurgemeenskap hier probeer in stand hou.[129]

Gedurende hierdie tydperk was dit opvallend dat die immigrante nie hul kinders na Afrikaanse skole gestuur het nie. Die immigrantekinders in die Afrikaanse skole was nie 'n

---

128 S. Bardouna, Onderhoud, 20 Feb. 1994 (voormalige Voorsitter van die Hellenic Society, inligting in besit van die skrywer).

129 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 (voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

algemene gesig nie. Gedurende 1973 het daar byvoorbeeld 23 verskillende nasionaliteite in die Vaal High School onderrig ontvang.[130]

Vanweë die groot aantal etniese groepe wat in Vanderbijlpark saamgetrek het, tesame met aanpassingsprobleme weens die vreemde omstandighede waarin die immigrante hulle bevind het, was dit te begrype dat volkseie kultuuraksies van stapel gestuur sou word.[131]

8.3.2 KULTUURORGANISERING DEUR DIE AFRIKANERS

Bogenoemde optrede van die immigrante het daartoe bygedra dat die Afrikaners dikwels nog 'n beleërde kultuur beoefen het en in 'n meerdere mate aan kultuurorganisering deelgeneem het. Die Afrikaners wou met hul kultuurorganisering ten alle koste poog om hul volkseie kultuurpatrone nie totaal aan die invloede van vreemde kulture te onderwerp nie.[132] Daarbenewens was die omstandighede van die Afrikaners ook sodanig dat hulle nie hul kultuurpatrone met die swart mense gedeel het, of wou deel nie.[133] Vir die Afrikaners was kultuurskepping en voortbestaan onafskeidelik aan mekaar verbonde.[134]

Die Afrikaners se kultuurorganisering het daarom gedurende die voorspoedstadium meestal deur middel van goed geordende kultuurorganisasies plaasgevind.[135] Organisasies soos die Voortrekkers, die Volkspelevereniging en die Afrikaanse Kultuurraad is tipiese voorbeelde van die kultuurorganisering wat in Afrikanergeledere gevestig was.[136]

---

130 ***Vaalweekblad***, 8 Mrt. 1974: berig.

131 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 Aug. 1980: report.

132 Vgl. P.H. Kapp, "Ons volksfeeste", P.W. Grobbelaar (red.), ***Die Afrikaner en sy kultuur***, deel 3, p.150.

133 ***Vaalweekblad***, 13 Des. 1979: berig; ***Vaalweekblad***, 19 Mei 1978: berig; vgl. A.N. Pelzer (red.), ***Verwoerd aan die woord: toesprake, 1948-1962***, p.178.

134 P.J. Coertze, "Die Afrikanervolk en die Nie-blanke-etnies- en kultuurhistories beskou", P.G. Nel (red.), ***Die kultuurontplooiing van die Afrikaner***, p.246.

135 ***Vaalweekblad***, 13 Des. 1979: berig.

136 ***Vaalweekblad***, 1 Jun. 1978: berig.

8.3.2.1 DIE SUID-AFRIKAANSE VROUEFEDERASIE (SAVF)

Gedurende die voorspoedstadium is die SAVF se werksaamhede gekenmerk deur naasteliefde, naastediens, die vreugde van dienslewering en lojale toewyding.[137]

Die werksaamhede van die SAVF gedurende die voorspoedstadium het sy beslag in verskillende komitees gehad.

Gesinsorg, wat as 'n komitee gefunksioneer het, het in die welsyn van die gemeenskap belanggestel en in noodgevalle die nodige middele en ondersteuning voorsien. In geval van noodgevalle het hulle besoek afgelê, gratis voedselvoorrade afgelewer en opvolgbesoeke gebring.[138]

Die Studiekomitee het gewoonlik die jaarprogram en kursusse van die SAVF saamgestel. Die komitee moes 'n behoeftebepaling maak om vas te stel op watter wyse die Afrikanervrou haar kultuurvlak kon bevorder. Ooreenkomstig hierdie behoefte is die jaarprogram opgestel en kursusse aangebied.[139]

Die Kleuterskoolkomitee het die verpligtinge rondom die kleuter hanteer.[140] Gedurende 1960 is Kammaland kleuterskool met 'n aanvanklike getal van 22 kleuters van stapel gestuur.[141]

Die Finansiële Komitee wat die finansies hanteer het, het gedurende 1962 die eerste gesinseëlveldtog van stapel gestuur. Die fondse is vir noodleniging onder minderbevoorregtes aangewend.[142]

Hierdie organisasie het 'n waardevolle bydrae tot die Afrikanervolk se kulturele erfenis en geestesgoedere gespeel.[143]

---

137 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 11 Mrt. 1965.

138 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 13 Mei 1965.

139 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 14 Apr. 1964.

140 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 13 Aug. 1964.

141 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 11 Feb. 1960.

142 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 12 Apr. 1962.

143 SAVF, Vanderbijlpark, Notule, 13 Feb. 1964.

8.3.2.2 DIE VOORTREKKERBEWEGING

Reeds vanaf die kind se eerste skooljaar het sommige van die Afrikaanssprekende ouers van Vanderbijlpark hul kinders by die Voortrekkerbeweging laat aansluit. Lidmaatskap van die beweging het immers bepaal dat blanke jeugdiges jeuglede van die beweging kan word as Penkoppe, Drawwertjies, Verkenners of Staatmakers.[144] In dié beweging het die kind veral met die Afrikaner se volkstradisies kennisgemaak. Gedurende die voorspoedstadium het die Voortrekkers in Vanderbijlpark 'n positiewe ontwikkeling getoon.[145]

Vanderbijlpark se Voortrekkers is in Streek 49 (suidstreek) en Streek 41 (noordstreek) georganiseer. Hierdie twee streke se werksaamhede was omvattend, soos die groot hoeveelheid kommando's aandui: D.F. Malherbe, Dirkie Uys, Generaal Beyers, Historia, Mevrou President Steyn, M.W. Pretorius, Noordhoek, Oospark, Rachel de Beer en Transvalia.[146]

Hierdie kommando's het 'n verskeidenheid aktiwiteite beoefen. Spanbyeenkomste is elke week by die verskillende kommando's gehou en daar is ook aan 'n verskeidenheid kompetisie-, Penkop-Drawwertjie- en streekskampe deelgeneem. Vir die Vanderbijlparkse Voortrekkers was die Danie Theron-saamtrek 'n besonder belangrike jaarlikse byeenkoms.[147]

Die bewaring van volkstradisies is vir die Voortrekkerbeweging 'n belangrike aktiwiteit.[148] Daar is byvoorbeeld vreugdevuurseremonies gereël en fakkeldraers het by volksbyeenkomste, soos by die Taalfeeste, opgetree.[149] Die Penkoppe en Drawwertjies het die opknapping van die Feeshuis op die Geloftefeesterrein gedoen en ook menige vlaghysing- en vlagstrykingseremonies, soos met Republiekdae en Voortrekkerparades, by kerkparades waargeneem.[150] Die vlotvaartkompetisies langs die Vaalrivier is ook 'n tradisionele jaarlikse byeenkoms.[151] Kerkdienste en programme is gereeld gedurende Geloftedae aangebied.

---

144 Voortrekkers, Vanderbijlpark, Konstitusie, 1990, p.2.

145 ***Die Vaderland***, 21 Sep. 1979: berig.

146 Voortrekkers, Vanderbijlpark-Noord, Jaarverslag, Nov. 1979.

147 Voortrekkers, Vanderbijlpark-Noord, Jaarverslag, Nov. 1978.

148 Voortrekkers, Vanderbijlpark-Noord, Notule, Aug. 1978.

149 P.H. Kapp, "Ons volksfeeste", P.W. Grobbelaar (red.), ***Die Afrikaner en sy kultuur***, deel 3, p.157.

150 Voortrekkers, Vanderbijlpark-Noord, Notule, 1974.

151 Voortrekkers, Vanderbijlpark-Noord, Jaarverslag, Nov. 1978; ***Die Vaderland***, 21 Sep. 1978: berig.

Daar is ook op 'n gereelde basis opleidingskampe asook jaarlikse offisiers- en inligtingskursusse aangebied. ***Hou Koers***, die maandblad, het gereeld verslae, nuusberigte en belangrike beriggewing oor die Voortrekkers geplaas. Een keer per jaar is daar streeksfunksies gereël, waartydens die kinders met speletjies en boeresport besig gehou is. Die ete na die funksie het uit braaivleis en pap bestaan, waarna Voortrekkerliedjies gesing en soms skyfies oor die Voortrekkers vertoon is.[152]

Hierdie uitgebreide program van die Voortrekkers het baie fondse benodig. Gedurende die voorspoedstadium het dié beweging sterk ontwikkel omdat verskeie instansies dit kon bekostig om die Voortrekkers finansieel te ondersteun. Die Rapportryers in Vanderbijlpark het baie hulp aan Voortrekkerkommando's verleen.[153]

Dié kultuurorganisering het die Voortrekkerbeweging in staat gestel om die tradisies van die Afrikanervolk vir die nageslag te bewaar. Daar het natuurlik ook kultuuroordrag plaasgevind, omdat baie blanke immigrantekinders mettertyd by die Voortrekkerbeweging aangesluit het.[154]

8.3.2.3 JONG DAMES DINAMIEK (JDD)

Tydens 'n vrouekongres van 1976 in Johannesburg met die tema, **Die vrou: vandag en môre**, het die belangstelling van die jong Afrikaanse dames so duidelik geblyk dat daar doelgerig met die beplanning vir 'n eie kultuurorganisasie vir jong vroue begin is. Op 10 Augustus 1977 is die eerste tak van JDD by die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) in Johannesburg gestig.[155]

Hierna is die organisasie ook in Vanderbijlpark gevestig. Die JDD-organisasie het ook hier ontstaan omdat die jonger vroue in Vanderbijlpark gemeen het dat daar by hulle 'n behoefte vir só 'n organisasie bestaan het. Dat die organisasie aan 'n werklike behoefte by jong vroue voldoen, word bewys deur die volgehoue snelle groei van die verskillende takke in Vanderbijlpark.[156]

---

152 Vgl. Voortrekkers, Vanderbijlpark-Noord, Notules, 1974-1978.

153 Voortrekkers, Vanderbijlpark-Noord, Jaarverslag, Nov. 1978.

154 Voortrekkers, Vanderbijlpark-Noord, Notules, 1974-1978.

155 Jong Dames Dinamiek (JDD), Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1978, pp.1,2,3.

156 JDD, Vanderbijlpark, Bekendstellingspamflet, 1990.

Die doel van dié vereniging is om deur dienslewering as ambassadeurs van die Afrikaanse kultuur 'n bydrae tot die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap te lewer. Hulle wil jong Afrikaanse dames saamsnoer en tot selfstandige denkers, selfgemotiveerde leiers en meningsvormers ontwikkel.[157]

Tydens die maandelikse vergaderings is daar gepoog om deur middel van projekte, kennis en vaardighede te ontwikkel.[158] Met die werksaamhede van die organisasie in Vanderbijlpark is daar veral in behoeftes soos intellektuele stimulering en meningsvorming belanggestel. Daar is nie net na toesprake geluister nie, maar daar was ook aktiewe deelname aan besprekings, selfstudie en groepwerk. Die vereniging het ook gepoog om die talente en vaardighede van die vroue tot voordeel van die gemeenskap te ontwikkel, en as sodanig as 'n spreekbuis vir die jong Afrikanervrou te dien.[159]

8.3.2.4 DIE AFRIKAANSE KULTUURRAAD

Die Afrikaanse Kultuurraad was 'n gekoördineerde poging om die kultuur van die Afrikaners te organiseer, en is uit 'n Skakelkomitee van Afrikaanse Kultuurliggame en die Afrikaanse Kultuurvereniging van Vanderbijlpark gebore.[160]

Die Kultuurraad was die plaaslike arm van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) in Vanderbijlpark. Die FAK het baie gedoen om die kultuurtradisies van die Afrikaners te bewaar en in die proses verskeie publikasies soos die FAK-sangbundel die lig laat sien.[161] Die Afrikaanse Kultuurraad het hom met die FAK se vorm van kultuurorganisering vereenselwig, en het dit soos volg bestuur:[162]

Die hoofdoel van die Afrikaanse Kultuurraad was die samesnoering van plaaslike Afrikaanse kultuurkragte en die handhawing en bevordering van plaaslike Afrikaanse kultuurbelange. Alle Afrikaanse verenigings wat liggame of instellings was wat die Akte van die Oprigting en

157 JDD, Vanderbijlpark, Jaarverslag, Nov. 1978.

158 JDD, Vanderbijlpark, Grondwet, 1977.

159 JDD, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1978.

160 Kultuurraad, Vanderbijlpark, Notule, 8 Feb. 1978.

161 P.H. Kapp, "Ons volksfeeste", P.W. Grobbelaar (red.), ***Die Afrikaner en sy kultuur***, deel 3, pp.157,158; Swart, M.J. & Geyser, O. (reds.), ***Vyftig jaar volksdiens: die geskiedenis van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, 1929 tot 1979***, pp.34-38,47,48.

162 K. Connoway, Onderhoud, 15 Nov. 1991 {lid van die Kultuurraad, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

die Statute van die FAK onderskryf het, kon by die Kultuurraad affilieer of as meewerkende lede, in die geval van Kerkrade, saamgewerk het.[163]

Die Afrikaanse Kultuurraad het veral gedurende die voorspoedstadium verskeie suksesvolle aksies geloods, veral omdat die Afrikaners se volkseie kultuurpatrone gedurende hierdie tydperk in 'n groot mate deur die politieke beleid van die land beskerm is en deur kultuurorganisasies op nasionale vlak oorkoepelend gerig en gelei is.[164] Lede van die Kultuurraad kon dus vrylik aan verskeie aktiwiteite deelneem om die kultuur van die Afrikaners volgens 'n nasionale agenda te ontwikkel.[165]

Gedurende die voorspoedstadium het dit duidelik geword dat die Kultuurraad 'n belangrike funksie vir die kultuurontwikkeling van die Afrikaners in Vanderbijlpark vervul, omdat die liggaam kultuurorganisasies saamgesnoer en elke jaar 'n kultuurprogram geloods het.[166]

Die Afrikaners was meestal suksesvol met hul kultuurorganisering. Van die Afrikaners het egter mettertyd hul beleërdekultuur-situasie ontgroei, en 'n akkulturasieproses tussen die Afrikaners en verskeie blanke immigrantegroepe het begin ontwikkel.

8.3.2.5 DIE VOLKSPELELAERS

Hand aan hand met die Voortrekkers het die volkspelelaers in Vanderbijlpark gefloreer. Baie van die Voortrekkers was ook lede van 'n volkspelelaer. Dit was veral vir die Afrikanerlede belangrik dat die volkspele op 'n Christelike grondslag, soos in die Afrikaanse nasionale volksgeskiedenis beliggaam, moes plaasvind. Verskeie volkspelelaers het gedurende die voorspoedstadium in Vanderbijlpark tot stand gekom.[167] Die Wag-'n-Bietjie-volkspelelaer en die Vaalrivier Volkspelelaer het oor jare hul doelstellings aktief uitgeleef.[168]

---

163 M. Hoffman, Onderhoud, 11 Nov. 1991 {Penningmeester van die Kultuurraad, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

164 W.H. Vatcher (jr.), ***White laager: the rise of Afrikaner nationalism***, pp.96-98; vgl. D.J. van Vuuren et al., ***South Africa: a plural society in transition***, p.35.

165 Kultuurraad, Vanderbijlpark, Notule, 8 Feb. 1978; vgl. W.H. Vatcher (jr.), ***White laager*** ..., p.98.

166 Kultuurraad, Vanderbijlpark, Notule, 23 Mrt. 1978.

167 ***Vaalweekblad***, 19 Mei 1978: berig.

168 P.H. Kapp, "Ons volksfeeste", P.W. Grobbelaar (red.), ***Die Afrikaner en sy kultuur***, deel 3, pp.222,223; K. Connoway, Onderhoud, 15 Nov. 1991 {leier van die Wag-'n-Bietjie-volkspelelaer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Die doelstellings van die volkspelelaers was hoofsaaklik om deur gesonde opbouende afleiding aan jongmense die kultuurtradisies van die Afrikaner voort te sit en vir die Afrikanernageslag te bewaar. Daarom is gepoog om samehorigheid en 'n liefde vir volkseie sake te ontwikkel en te behou.[169] Slegs blanke persone bo die ouderdom van 16 jaar kon lede van die volkspelelaers geword het.[170]

Die volkspelelaers het met volksang en volkspele die Afrikaanse volkskultuur uitgebou.[171] Met volkspele as 'n opvoedingsmiddel is gepoog om die jong blanke volwassenes 'n regmatige plek in die Afrikanervolkslewe te bied, en weg te hou van vreemde invloede. Volkspele was dus 'n belangrike instrument in die kultuurorganisering van die blanke Afrikaners van Vanderbijlpark.[172]

8.3.3 GESAMENTLIKE KULTUURORGANISERING

As gevolg van die akkulturasieproses wat tussen die blanke bevolkingsgroepe plaasgevind het, het 'n gesamentlike kultuurorganiseringsproses vanuit die saamgestelde blanke gemeenskap van Vanderbijlpark ontstaan. Hierdie gesamentlike kultuuraksies het die blanke gemeenskap se kultuurvlak positief beïnvloed.[173] Veral op die gebied van die kunste, soos musiek en sang, toneelverenigings, beeldende kunste en leeskringe, het kultuurorganisering van die saamgestelde blanke gemeenskap plaasgevind.

Die swart mense is steeds nie toegelaat om aan die kultuuraktiwiteite deel te neem nie.[174]

---

169 ***Vaalweekblad***, 13 Mei 1978: berig.

170 Wag-'n-Bietjie-volkspelelaer, Vanderbijlpark, Konstitusie, s.j. {inligting in besit van die skrywer}; ***Vaalweekblad***, 13 Mei 1978: berig.

171 Vgl. ***Vaalweekblad***, 19 Mei 1978: berig; P.H. Kapp. "Ons volksfeeste", P.W. Grobbelaar (red.), ***Die Afrikaner en sy kultuur***, deel 3, pp.157,158.

172 Wag-'n-Bietjie-volkspelelaer, Vanderbijlpark, Fotoblad, s.j., pp.20,25.

173 Vgl. P.H. Kapp. "Ons volksfeeste", P.W. Grobbelaar (red.), ***Die Afrikaner en sy kultuur***, deel 3, p.216; K. Connoway, Onderhoud, 15 Nov. 1991 {lid van die Kultuurraad, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

174 Vgl. G.D. Scholtz, ***Dr. Hendrik Frensch Verwoerd*** ..., p.211.

8.3.3.1 DIE OPERA EN DRAMAVERENIGING VAN DIE VAALDRIEHOEK

Die Opera en Dramavereniging is 'n voorbeeld van 'n gesamentlike kultuurpoging van al die blanke bevolkingsgroepe in die Vaaldriehoek. Hierdie vereniging is op 21 Junie 1961 gestig en wou die hele Vaaldriehoek bedien. Aanvanklik was daar 50 lede.[175]

Die doelstellings van hierdie vereniging was om amateurtoneel en sang in die besonder, en die uitvoerende kunste in die algemeen, in die Vaaldriehoek te bevorder en om 'n verhoog vir talentvolle amateurakteurs te bied.[176]

Bykans 2 500 persone het as lede aan die talle opvoerings deelgeneem. Die ledetal het jaarliks tussen 70 en 100 lede gewissel.[177]

Die stigters van die vereniging was Adolf Theron, latere hoof van die Pro Arteskool in Pretoria, Eris Malan, bekend as regisseur aan die Witwatersrand en Tienie van Wyk, bekende sangeres en teaterentoesias van Vereeniging, wat sedert die stigting die Eresekretaris van die vereniging is.

Hierdie vereniging het gedurende die voorspoedstadium sukses behaal, en die sukses van die honderd produksies wat sedert 1961 op die planke gebring is, word aan die entoesiasme en bekwaamheid van die regisseurs, musiekregisseurs, choreograwe, verhoogstel- en kostuumontwerpers, die sakebestuurders en al die persone wat sonder applous agter die gordyn gewerk het, toegeskryf.[178]

Sedert die stigting het die vereniging 16 volskaalse operettes en musiekblyspele, 31 Engelse toneelopvoerings, 11 Afrikaanse toneelopvoerings, 6 koffiehuiskonserte, 13 "Old time music halls" en revues, 20 konsertuitvoerings, insluitende opera, ballet, kore, Spaanse danse en drie pantomimes, op die planke gebring.

Tot en met 1967 was die vereniging vir al hulle aanbiedinge op skoolsale aangewese. Gedurende 1977 het die vereniging die eer gehad om die Vaaldriehoekse Tegniese

---

175 Vereeniging Opera en Dramavereniging, Notule, 30 Jun. 1961.

176 Vereeniging Opera en Dramavereniging, Konstitusie, 1991.

177 Vereeniging Opera en Dramavereniging, Jaarverslag, Nov. 1961.

178 T. van Wyk, Onderhoud, 17 Sep. 1991 {Eresekretaris van die Opera en Dramavereniging, Vaaldriehoek, inligting in besit van die skrywer}.

Kollegesaal, tans die Technikon, amptelik met **The Gipsy Baron** te open. Vanaf 1977 is al die groot musiekblyspele in dié saal aangebied.[179]

Nieteenstaande bogenoemde sukses wat op die terrein van die kultuurlewe in Vanderbijlpark bereik is, is daar gedurende die laat sewentigerjare 'n afplatting van die bogenoemde belangstelling merkbaar.[180] Dit het voorgekom of die mense lui geword het om in die aande na 'n toneelopvoering te gaan kyk. Minder ouers as voorheen het hul kinders na opvoerings geneem.[181]

8.3.3.2 DIE VANDERBIJLPARKSE LEESKRING

Lees was gedurende die voorspoedstadium 'n belangrike onderdeel van die kultuurvorming in Vanderbijlpark, en die stigting van die Vanderbijlparkse Leeskring gedurende 1962 was 'n belangrike bereiking van die doelwit om lees te bevorder.

Die Vanderbijlparkse Leeskring is op 24 Augustus 1962 met 7 lede gestig. Met die volgende byeenkoms op Donderdag 20 September aan huis van mev. Ella Marais was daar 11 vroue teenwoordig. Gedurende 1963 was daar ongeveer 20 lede wat die vergaderings gereeld bygewoon het. Die nielede wat die byeenkomste bygewoon het, het honderde beloop.[182]

Gedurende die voorspoedstadium was die vereniging baie aktief en is daar besondere moeite met die programme gedoen. Gedurende die eerste ses maande van 1968 het die onderstaande program byvoorbeeld vir alle blanke groepe wat Engels en Afrikaans magtig was, voorsiening gemaak:

- Jan.: Bespreking van "Wat is Kontemporêr?".
- Feb.: English poems.
- Mrt.: ***The Hostages*** deur Israel.

---

179 T. van Wyk, ***Die Vereeniging Opera en Dramavereniging*** (ongep. verslag, Vaal Teknorama, Vereeniging, 1991), pp.1-3.

180 T. van Wyk, Onderhoud, 17 Sep. 1991 {Eresekretaris van die Opera en Dramavereniging, Vaaldriehoek, inligting in besit van die skrywer}.

181 E. Marais, Onderhoud, 2 Jul. 1991 {voormalige onderwyseres en Voorsitster van die Vanderbijlparkse Musiekvereniging, inligting in besit van die skrywer}.

182 Vanderbijlparkse Leeskring, Notules, 1963.

- Apr.: ***Die Winkelvenster*** deur Mikro.
- Mei: ***Jaarringe*** deur Henriette Grové.[183]

Hierdie leeskring het gedurende die voorspoedstadium volgehoue ondersteuning geniet. Die ledetal het gegroei en baie blanke Engelssprekendes het ook by die leeskring aangesluit.

8.3.3.3 DIE VANDERBIJLPARKSE TEATERVERENIGING

Die Vanderbijlparkse Teatervereniging is op 9 November 1971 gestig.[184] Die doel van die vereniging was:

- Die daarstelling van teaterfasiliteite vir die gemeenskap van Vanderbijlpark.
- Die samewerking met ander verenigings en liggame van die Vaaldriehoek met soortgelyke doelstellings, in sover dit beter geriewe vir die gemeenskap van Vanderbijlpark sal bevorder.[185]

Hierdie vereniging het vanaf 1972 tot 1976 vermaak en konserte vir die gemeenskap aangebied en hierdeur 'n verskeidenheid kunstenaars na Vanderbijlpark gebring.[186] Gedurende 1975 het die program byvoorbeeld soos volg daar uitgesien:

- **Die Johannesburgse Promenade-orkes.**
- **Veronica's room** (Drama).
- **Triple bill** (Drama).
- **Die Engelfamilie** (Musiek).
- ***Barbier van Sevilla*** (Opera).

---

183 Vanderbijlparkse Leeskring, Program, 1968, p.1.

184 U. Martin, Onderhoud, 16 Sep. 1992 (stigter van die Vanderbijlparkse Teatervereniging, inligting in besit van die skrywer).

185 Vanderbijlparkse Teatervereniging, Konstitusie, Nov. 1972.

186 U. Martin, Onderhoud, 16 Sep. 1992 (stigter van die Vanderbijlparkse Teatervereniging, inligting in besit van die skrywer).

Foto 25: **Die agbare burgemeester, U. Martin, besig met steenlegging van die nuwe biblioteekgebou, 26 Februarie 1981.**

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

- **Die spook van Verlatenfontein** (Drama).[187]

Die nodige fondse vir 'n teater was selfs gedurende die voorspoedstadium nie beskikbaar nie. Teen die einde van die voorspoedstadium het dit belangrik geword dat die dorpe wat na aan mekaar geleë is, nie geïsoleerd in hul kultuurontwikkeling moes optree nie. Daar kon veel meer bereik word indien daar in gesamentlike projekte opgetree sou word. Vanderbijlpark se inwoners moes vir hierdie tipe van kultuuraktiwiteite na die Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie (SASOL) se Etienne Rousseau-teater in die nabygeleë Sasolburg gaan.[188]

Op die algemene jaarvergadering wat op 23 November 1976 gehou is, is daar egter besluit dat die Vanderbijlparkse Teatervereniging gedurende 1977 in reses sou gaan, en is die vereniging na 'n bestaan van 11 jaar noodgedwonge ontbind.[189] Verskeie faktore soos die televisie en die swak ekonomiese toestand het hiertoe bygedra. Die Teatervereniging het R13 000 aan die Vanderbijlparkse Stadsraad vir die oprigting van 'n aktiwiteitskamer in die nuwe biblioteek bemaak en sodoende meegehelp met die totstandkoming van die klein ouditorium vir teaterliefhebbers in die dorp.[190]

8.3.3.4 DIE CALVINISTIESE KULTUURKRING VAN DIE VAALDRIEHOEK (CKV)

Hierdie organisasie is een van die organisasies wat gestig is om in die veranderde politieke omstandighede die etiese kultuurvlak van die blanke inwoners van die Vaaldriehoek te probeer behou. Die Calvinistiese Kultuurkring van die Vaaldriehoek is op 25 Maart 1978 gestig.

Die doelstellings van die kultuurkring was die bevordering van die waardering vir en die beoefening van kunste wat Christelik verantwoord is.

Die werksaamhede het gedraai om konserte, uitstallings, letterkundige aande en lesings, en die skep van geleenthede vir die ontwikkeling van plaaslike talent. Op die eerste byeenkoms

---

187 Vanderbijlparkse Teatervereniging, *Programme*, 1975.

188 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

189 Vanderbijlparkse Teatervereniging, Jaarverslag, 23 Nov. 1976.

190 U. Martin, Onderhoud, 16 Sep. 1992 {stigter van die Vanderbijlparkse Teatervereniging, inligting in besit van die skrywer}.

van hierdie vereniging is Joop van der Vegt as Voorsitter, Margaret van der Vegt as Musiekadviseur en Tienie van Wyk as Sekretaresse verkies.

Die CKV-koor, met Margaret van der Vegt as dirigent, het deur die jare heen uitvoerings in Vanderbijlpark, Vereeniging, Meyerton en Sasolburg aangebied.[191]

8.3.3.5 MUSIEK EN SANG

Vir die blanke in Vanderbijlpark was musiek en sang 'n doeltreffende instrument tot kultuurorganisering en -oordrag.[192]

Nadat die immigrante sowel as die Afrikaners verskeie musiekbyeenkomste aan private huise gereël het, het daar spontaan 'n gesamentlike deelname aan hierdie kultuuraktiwiteit ontstaan. Die bydrae wat die Musiekvereniging van Vanderbijlpark gelewer het, is 'n bewys van die spontane gesamentlike deelname.[193]

Die Musiekvereniging van Vanderbijlpark het gedurende die laat sewentigerjare ontstaan weens 'n behoefte om die liefde vir musiek aan te wakker en op te bou. Die vereniging se betrokkenheid op dié gebied van die kultuurlewe het 'n belangrike bydrae tot die kultuuraktiwiteite in Vanderbijlpark gelewer, omdat baie kinders musiek geneem het maar nie geleentheid gekry het om hul instrumentale vermoëns voor te dra nie. Dié vereniging was egter nie net vir kinders bedoel nie, maar ook vir volwassenes wat 'n behoefte aan musiekkennis gehad het.[194]

Die werksaamhede van die vereniging het onder andere musiekbyeenkomste ingesluit wat deur dié vereniging gereël is,[195] en het ook baie van kore, soos die kinderkoor onder leiding van mev. D. Baula, gebruik gemaak.[196] Van die musiekbyeenkomste is in die kerksaal van die Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerk Sentraal aangebied. Daar was gewoonlik

191 Vgl. Calvinistiese Kultuurkring van die Vaaldriehoek (CKV), Jaarverslag, 8 Feb. 1978.

192 Vanderbijlparkse Musiekvereniging, Koorafrigtingskursus, 20-21 Jun. 1975, p.1.

193 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

194 J. Taute, Onderhoud, 11 Okt. 1991 {bestuurslid van die Vanderbijlparkse Musiekvereniging, inligting in besit van die skrywer}.

195 M. Kok, Onderhoud, 11 Jan. 1990 {Visevoorsitster van die Vanderbijlparkse Musiekvereniging, inligting in besit van die skrywer}.

196 Vanderbijlparkse Musiekvereniging, Program koorkursus, 1976, pp.3,4.

klassieke ghitaarsolo's, koorsang, klarinet-, sang-, blokfluitsolo's en vioolkwartette deur die dorp se musikante gelewer.[197]

Die Musiekvereniging het ook kursusse aangebied.[198] Phillip McClachlan is byvoorbeeld twee keer genooi om koorkursusse aan te bied. Hierdie kursusse is gewoonlik goed ondersteun.[199] Die jaarlikse sangfeeste wat deur die Afrikaanse Kultuurraad aangebied is, het ook die doelwit van die Musiekvereniging ondersteun.[200]

Hoewel fasiliteite vir opera nie in Vanderbijlpark beskikbaar was nie, is 'n aktiewe Operavereniging ook gestig.[201] Hierdie vereniging het gereeld blokbesprekings vir operauitvoerings gedoen en busse is dan vir die lede na Johannesburg en Pretoria gereël.

Gedurende die voorspoedstadium is bogenoemde musiekorganisasies se werksaamhede goed ondersteun en dit was 'n belangrike kultuuraktiwiteit vir die blankes in Vanderbijlpark.

8.3.3.6 DIE YSKOR UITVOERENDE KUNSTEVERENIGING (IPAS)

IPAS het ook 'n bydrae tot die kultuuraktiwiteite in Vanderbijlpark gelewer.[202] Daar was byvoorbeeld gedurende 1964 in die ***Vaalweekblad*** 'n uitnodiging aan alle persone, ook die wat nie by YSKOR gewerk het nie, wat belanggestel het om by die vereniging aan te sluit.[203] Lidmaatskap was dus nie net tot YSKOR-werknemers beperk nie.

IPAS was gedurende die voorspoedstadium baie aktief. Tot en met 1963 is tot ses opvoerings per jaar opgevoer. Daar was veral op die gebied van drama verskeie hoogtepunte op die vereniging se kerfstok. IPAS-lede is byvoorbeeld met hul opvoering van

---

197 D. Baula, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {musiekonderwyseres, inligting in besit van die skrywer}.

198 Vanderbijlparkse Musiekvereniging, Koorafrigtingskursus, 20-21 Jun. 1975, p.1.

199 E. Marais, Onderhoud, 2 Jul. 1991 {voormalige onderwyseres en Voorsitster van die Vanderbijlparkse Musiekvereniging, inligting in besit van die skrywer}.

200 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

201 U. Martin, Onderhoud, 15 Nov. 1990 {Regisseuse van IPAS, inligting in besit van die skrywer}.

202 ***Vaalweekblad***, 26 Mrt. 1968: berig.

203 ***Vaalweekblad***, 12 Jun. 1964: berig.

Ontvlugting as die wenners van die beste opvoering van die jaar in Vanderbijlpark aangewys.[204]

Die opvoerings van **Ek onthou vir Mamma** was ook 'n belangrike hoogtepunt in die vereniging se geskiedenis. Gedurende Maart 1962 is **Ek onthou vir Mamma** in die Laerskool Totius se saal opgevoer. Die Regisseuse was Ursula Martin met Ella Marais, 'n bekende in onderwyskringe in Vanderbijlpark, wat die rol van Mamma uitmuntend vertolk het.[205] Tydens die vertoning was verskeie ander aktrises teenwoordig wat voorheen die rol van Mamma vertolk het. Hierdie aktrises wat vir die opvoering genooi is, was onder andere Wena Naude, Anna Neethling-Pohl, Fiona Fraser en Aletta Gericke.[206]

In 1969 is **Ek onthou vir Mamma** weer opgevoer. Die ***Vaalweekblad*** se beriggewer het gemeld dat, "die Amateur Toneelgroep in Vanderbijlpark onder leiding van Ursula Martin altyd vir die welsyn van die gemeenskap werk. Alle onkoste kom uit eie sak en hulle kry geen vergoeding vir wat hulle doen nie. Die sukses wat hulle telkens behaal het, en dan natuurlik ook die samewerking van die publiek, was die enigste kompensasie."[207]

Hierdie vereniging het die kultuuraktiwiteite van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark op 'n aanskoulike wyse bevorder.[208]

8.3.4 KULTUURORGANISERING DEUR DIE SWART MENSE

Gedurende die voorspoedstadium het die blanke se kultuurlewe en kultuurorganisering steeds 'n akkulturerende invloed op die swart mense gehad. Volgens die beskouing van die swart mense was die stad oor die algemeen nog die plek waar die blanke kultuur oorheers het.[209] Die swart mense wat egter in die dorpe soos byvoorbeeld Vanderbijlpark gebore is,

---

204 E. Marais, ***Die drama ontwikkeling van Vanderbijlpark*** ..., pp.1 e.vv.

205 U. Martin, Onderhoud, 15 Nov. 1990 {Regisseuse van IPAS, inligting in besit van die skrywer}.

206 IPAS, Gedenkprogram: **Ek onthou vir Mamma**, Mrt. 1962.

207 ***Vaalweekblad***, 21 Mrt. 1969: berig.

208 ***Vaalweekblad***, 26 Mrt. 1968: berig.

209 N. Mandela, ***Long walk to freedom*** ..., p.75; vgl. D.J. van Vuuren et al., ***South Africa: a plural society in transition***, p.407.

en geen ander lewenswyse geken het as die stedelike nie, het mettertyd tot 'n soort verwesterse middelklas ontwikkel.[210]

Die swart mense wat in Vanderbijlpark se fabrieke en blankes se dorpshuise gewerk het, was ook oorheersend tot die Westerse kultuurpatroon georiënteer. Baie van hierdie swart mense het die Westerse beskawingspatroon onherroeplik aanvaar.[211]

Vir die blanke was die swart mense oor die algemeen nog tydelike inwoners in blanke gebiede.[212] Hierdie siening het egter mettertyd verander. Daar is reeds gedurende 1971 beweer dat die politieke toekoms van Suid-Afrika op die posisie van die stedelike swart mense sou berus.[213]

Die swart mense in Vanderbijlpark het ook soos in die vorige stadium 'n invloed op die kultuurorganisering van die blankes in Vanderbijlpark gehad, naamlik dat die swart arbeid die blankes in 'n groot mate vry gemaak het om hul blanke kultuurvlak te ontwikkel en te beskerm. Daarenteen is dit ook so dat, alhoewel die swart mense gedurende die voorspoedstadium nie in die blanke gebied toegelaat is om in die blanke kultuuraktiwiteite te deel nie, hulle tog van die blanke se kultuur waargeneem en oorgeneem het. Mettertyd het van die swart mense hulle onbewustelik met die blankes se westerse kultuur vereenselwig.

8.3.5 SAMEVATTING

Die resultaat van kultuurorganisering van die blanke in Vanderbijlpark was die gevolg van die doelwitte van die verskillende organisasies en liggame wat nougeset uitgeleef is.

Gedurende die voorspoedstadium het die blankes op die gebied van die kunste, soos musiek en sang, toneelverenigings, beeldende kunste en leeskringe uiteindelik gesamentlik hul kultuur georganiseer.

---

210 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 (Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer; vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Van Van Riebeeck tot P.W. Botha***, p.370.

211 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Feb. 1970: report; J. Nattrass, ***The South African economy: its growth and change***, p.37.

212 G. Noge, Onderhoud, 20 Nov. 1990 (Departementshoof van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer; vgl. T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.548.

213 Vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Van Van Riebeeck tot P.W. Botha***, p.371.

Kultuurvorming was die wyse waarop die verskillende groepe teenoor mekaar gereageer het.[214] Die wedywering of onverskilligheid, meerderwaardige houding of steun, samewerking of konflik, en die manier waarop individue sosiale onaanpasbaarheid oorbrug en status bekom of verloor het, afhangende van die sosiale mobiliteit tussen bevolkingsgroepe, was vir kultuurvorming en kultuurorganisering van die blanke gemeenskap van deurslaggewende belang.[215]

Nieteenstaande nadelige faktore is tog bevind dat daar kultuuroordrag tussen die verskillende blanke bevolkingsgroepe in Vanderbijlpark plaasgevind het. Die swart mense was egter steeds van die deelname aan die blanke kultuuraktiwiteite uitgesluit. Baie tradisies van die blanke groepe het behoue gebly en daar het beslis kultuurverryking tussen die blanke groepe plaasgevind.

Dit was nie meer 'n seldsame verskynsel om 'n Engelssprekende Voortrekkerlid of 'n Afrikaner wat in 'n Duitse mannekoor sing in Vanderbijlpark te vind nie. Die akkulturasieproses was veral tydens die Vanderbijlparkse Republiekfeeste gedurende die laat sewentigerjare waarneembaar. Die feeste is deur Hollanders, Duitsers, Portugese en Engelse saam met Afrikaanssprekendes bygewoon. Selfs die onopsigtelike swart mense wat die terrein moes versorg, het die verrigtinge ongesiens maar met sterk waarneming bygewoon.[216]

8.4 KULTUURORGANISERING VAN VOLKSEIE KULTUURPATRONE GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1979-1992

Gedurende die stabiliseringstadium het dit voorgekom asof die akkulturasieproses van die blankes in Vanderbijlpark voltooi was. Mettertyd het dit egter geblyk dat twee groepe blankes in Vanderbijlpark gevorm het. Die een groep het 'n beleërde kultuur behou terwyl die ander groep meer ontvanklik vir verandering in hul kultuursituasie was.[217] Hierdie twee groepe se doelwitte het al hoe meer in hul kultuurorganisering waarneembaar geword en is

---

214 ***Vaalweekblad***, 15 Jun. 1978: berig.

215 ***Vaalweekblad***, 21 Okt. 1979: berig; vgl. H.F. Schroeder, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

216 ***Vaalweekblad***, 15 Jun. 1978: berig.

217 ***Vanderbijlpark en Sasolburg Ster***, 13 Jul 1984: berig.

ook deur die swart mense, wat veral gedurende die tagtigerjare aan die blanke se kultuuraktiwiteite wou deelneem, beïnvloed.

Verskillende blanke kultuurorganisasies en verenigings was gedurende die stabiliseringstadium nog aktief besig met kultuurorganisering om volkseie kultuurpatrone te bevorder. Hierdie kultuurorganisering is egter gedurende die tagtigerjare deur die veranderde politieke beleid tesame met die swak ekonomiese omstandighede beïnvloed.[218]

Daar is ook dikwels gevind dat die kultuurorganisering van veral die Afrikaners deur politieke ideologieë oorheers is. Die tweespalt tussen die Konserwatiewe Party (KP) en die Nasionale Party (NP) en ander kleiner splintergroepe het die kultuuraktiwiteite van die blankes beïnvloed.[219]

Aspekte van die kultuurorganisering in die tydperk 1979-1992 word vervolgens bespreek.

8.4.1 KULTUURORGANISERING DEUR DIE EUROPESE IMMIGRANTE

Europese immigrante is steeds gedurende die stabiliseringstadium ter wille van ekonomiese vooruitgang na Suid-Afrika gebring.[220] Veral 'n groot hoeveelheid Poolse immigrante is vanaf 1982 na Suid-Afrika gebring, waarvan die grootste hoeveelheid deur YSKOR in diens geneem is.[221]

'n Kenmerk van die Poolse immigrante was dat hulle aanvanklik hul volkseie kultuurpatrone wou beskerm. Die Pole het nie net hul eie kultuur na Suid-Afrika gebring nie, maar het 'n eie kultuurgemeenskap hier probeer vestig.[222] Op 16 April 1982 het die eerste algemene vergadering van die Poolse gemeenskap plaasgevind en is die Polish Association of the Vaal Triangle in Vanderbijlpark gestig. Die grondwet van hierdie vereniging het bepaal dat die Poolse lede:

---

218 ***Vanderbijlpark en Sasolburg Ster***, 13 Des. 1985: berig.

219 Vgl. M.C. Smit, ***Die Konserwatiewe Party*** ..., pp.19,20.

220 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

221 Kyk pp.363,364.

222 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

- Die regte en onafhanklikheid van die Poolse volk moes erken.
- Kontak met mede-Poolse groepe moes behou.
- Poolse tradisies in stand moes hou en beoefen.
- Lojaliteit teenoor die Suid-Afrikaanse Regering, kultuur en geskiedenis moes toon.
- Nuwe Poolse immigrante waar nodig moes help.[223]

Die bogenoemde doelwitte was nodig omdat dit vir die Pole moeilik was om 'n vreemde kultuur te aanvaar. Wat die probleem vererger het, was dat die Pole aan 'n ryke kultuurerfenis gewoond was. Persone soos Adam Mickiewics (skrywer), Frederick Chopin (die groot musikale genie), Maria Sklodowska-Curie (die Nobelpryswenner in 1911), Joseph Conrad-Korzeniowski (voorste romanskrywer), Czeslaw Milosz (Nobelpryswenner gedurende 1980) was enkele figure wat die ryk Poolse kultuurerfenis weerspieël het. Die Poolse vrees vir die Sowjet-indoktrinasie na die Tweede Wêreldoorlog het hul egter uit hul geliefde vaderland verdryf.[224]

Die Pole het besondere aanpassingsprobleme ondervind. Die taalprobleem het die akkulturasieproses tussen die Pole en ander blanke groepe vertraag. Dit is veroorsaak deurdat die meerderheid van die Pole nie een van die twee amptelike landstale verstaan het nie. Die Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI) het gepoog om hierdie mense by te staan en het dan ook vir hulle spesiale taalklasse gereël.[225]

'n Belangrike kultuurorganiseringsmaatreël van die immigrante was dat hulle hul kinders meestal nie na 'n Afrikaanse skool gestuur het nie.[226] Vir die Pole was dit belangrik dat hul kinders nie net goeie onderrig moes ontvang nie, maar terselfdertyd ook van hul eie kultuurtradisies, taal en godsdiens geleer moes word. Een van die eerste take van die Poolse Assosiasie was dan om 'n Poolse skool te begin. Hierdie skool het op 4 Julie 1982 te Vanderbijlpark geopen. Agt gekwalifiseerde Poolse onderwyseresse het hul dienste

---

223 B. Wilkaniec, Onderhoud, 23 Jul. 1990 {Poolse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

224 E.M. Bogucki, ***The Polish community*** ..., pp.1,2.

225 E.M. Bogucki, ***The Polish community*** ..., p.3.

226 J. Stolarek, Onderhoud, 10 Jan. 1992 {voormalige dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

vrywillig aangebied. Die res van die koste is deur ouers en die Poolse Assosiasie gefinansier.[227]

Die fasiliteite wat deur die St. Francis Kerk aan die Poolse gemeenskap gebied is, was egter nie altyd voldoende nie. Die gevolg was dat die Poolse groep dikwels hul kultuuraktiwiteite tuis moes beoefen.[228] Hulle het by mekaar gekuier en kultuuraande gehou.[229]

Dit was in hierdie jare algemeen dat die immigrante probeer het om 'n verbintenis met hul moederkultuur te behou.[230] Belangrike kennis en inligting moes deur die Poolse bulletin, wat gedurende Mei 1982 as die ***Wiadomosci Polonii Vaal Triangle*** begin is, onder die Poolse gemeenskap versprei word.[231]

Die Poolse immigrante het dikwels kultuurfeeste gevier en kultuurorganisasies gestig.[232] Die stigting van die kultuurorganisasies was meestal om die bande met hul eie kultuur te kon behou.[233] 'n Groot verskeidenheid Poolse kunstenaars, akteurs en sangers is deur die Poolse Assosiasie na Vanderbijlpark gebring.[234] Daar is ook Poolse kuns- en boekuitstallings gereël om sodoende die Poolse kultuur aan die plaaslike gemeenskap bekend te stel.[235] 'n Voorbeeld van sodanige kultuurorganisering was die tradisionele seremonies en feeste wat in Vanderbijlpark gevier is:

- "Wianki" waartydens wawelsdrake gevier word.
- "Saint Jans night" wat tydens die kortste nag gevier is.
- "Cracows Lajkonik" waartydens die held op 'n hobbelperd gery het.[236]

---

227 A. Nowak, Onderhoud, 17 Sep. 1990 {Poolse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

228 B. Wilkaniec, Onderhoud, 23 Jul. 1990 {Poolse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

229 ***Vaalweekblad***, 22 Jun. 1984: berig.

230 ***Vaalweekblad***, 5 Feb. 1982: berig.

231 J.T.W. Polonii, Onderhoud, 10 Nov. 1993 {Poolse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

232 ***Vaalweekblad***, 22 Jun. 1984: berig.

233 ***Vaalweekblad***, 5 Feb. 1982: berig.

234 A. Nowak, Onderhoud, 17 Sep. 1990 {Poolse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

235 P. Ciszak, Onderhoud, 25 Jun. 1990 {Poolse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

236 ***Vaalster***, 15 Jun. 1984: berig; ***Vaalweekblad***, 22 Jun. 1984: berig.

- Die Nuwejaarsfees.[237]

Vir hierdie nuwe immigrante was die kultuursituasie gedurende die stabiliseringstadium, as gevolg van die Suid-Afrikaanse politieke stryd, gespanne. Van hulle kon nie aanpas nie en het weereens dié land op soek na 'n ander vaderland verlaat.[238] Baie van die Pole het egter Suid-Afrikaanse burgerskap aanvaar.[239] Hulle wou deel hê aan die ontwikkeling wat daar in Vanderbijlpark plaasgevind het. Baie van die nuwe Poolse Suid-Afrikaanse burgers het mettertyd ook handdoek ingegooi.[240] Die politieke stryd in Suid-Afrika het vir hulle te veel geword, omdat dit hulle aan hulle stryd in Pole teen kommunisme herinner het. Dit was naamlik nie meer 'n stryd tussen wit en swart nie, maar mettertyd 'n stryd tussen almal, of so het dit vir sommiges gevoel. Hierdie verwarde immigrante het daarom weer na Europa teruggekeer.[241]

8.4.2 KULTUURORGANISERING DEUR DIE AFRIKANERS

Kultuurorganisering het steeds 'n belangrike invloed op die optrede van die Afrikaners gedurende die stabiliseringstadium gehad.

8.4.2.1 DIE VOORTREKKERBEWEGING

Gedurende die stabiliseringstadium is die Voortrekkerbeweging ook soms nadelig deur veranderde politieke omstandighede getref. Gedurende 1983 was die Hoofleier van die Voortrekkers genoodsaak om aan die kommando's te berig dat die Voortrekkers 'n kulturele beweging is en niks met politiek te doen het nie, aangesien die politieke stryd in Afrikanergeledere ook die kultuurverenigings beïnvloed het.

Die Voortrekkers moes dus hul bedrywighede by die veranderde omstandighede aanpas en anderstalige blanke kinders is onder andere toegelaat om by die Voortrekkers aan te sluit.[242]

---

237 J.T.W. Polonii, Onderhoud, 10 Nov. 1993 {Poolse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

238 J. Stolarek, Onderhoud, 10 Jan. 1992 {voormalige dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

239 E.M. Bogucki, ***The Polish community ...***, pp.1-3.

240 B. Wilkaniec, Onderhoud, 23 Jul. 1990 {Poolse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

241 J. Stolarek, Onderhoud, 10 Jan. 1992 {voormalige dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

242 Voortrekkers, Vanderbijlpark-Noord, Jaarverslae, Nov. 1982 - Nov. 1983.

8.4.2.2 DIE AFRIKAANSE KULTUURRAAD

Die Afrikaanse Kultuurraad, wat tot die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark wou bydra, se werksaamhede is ook gedurende die laaste dekade deur veranderde politieke beleid, die swak ekonomiese omstandighede en afnemende belangstelling van samewerkende organisasies gekniehalter.

Die projekte waarmee die Afrikaanse Kultuurraad aktief deur die jare besig was, was die organisasie van skolesangfeeste, FAK-skakeling, koördinering van meewerkende organisasies se jaarprogramme, die reëlings van feesgeleenthede soos die Republiekfees, Krugerfees en spesiale feeste soos die gesamentlike Diasfees, die Groot Trek-fees en die Hugenote en Vlagjaarfees van 21 Mei 1986, taalhandhawingsprojekte, toneelbevordering, Volkspele en jeugprogramme. Die veranderde omstandighede het mettertyd 'n afskalende invloed op hierdie werksaamhede van die Kultuurraad gehad.[243] Gedurende 1984 het mnr. Schroeder, wat die Voorsitter van Vanderbijlparkse Afrikaanse Kultuurraad was, 'n beroep op die lede gedoen om hul verpligtinge nougeset teenoor die raad na te kom.[244]

8.4.2.3 DIE VOLKSPELELAERS

Die kultuurorganisering van die volkspelelaers was in 'n groot mate daarop ingestel om die volkseie kultuurpatrone van die blanke Afrikaners te bewaar. Veranderde omstandighede gedurende die stabiliseringstadium het egter ook dié bedrywighede beïnvloed.

Die naam van die volkspelelaer Wag-'n-Bietjie, is na die wag-'n-bietjieboom wat in Vanderbijlpark se omgewing groei, vernoem. Die naam is simbolies en dui op die boom wat sy wortels diep in die vrugbare aarde van Vanderbijlpark se grond het, net soos die lede van die volkspelelaer.

Die Wag-'n-Bietjie-volkspelelaer het gedurende die stabiliseringstadium gepoog om meer blanke immigrante by hul kultuuroptredes te betrek om sodoende die ledetal van die laer te verstewig. Daar het gevolglik Duitse en Nederlandse immigrante by hierdie laer aangesluit en kultuuroordrag kon sodoende plaasvind. Sommige Duitse en Nederlandse immigrante wat aan die laer behoort het, het mettertyd met Afrikaanssprekende lede getrou. Gedurende die negentigerjare het die volkspelelaer selfs Engelssprekende lede gehad.[245]

---

243 Kultuurraad, Vanderbijlpark, Jaarverslae, Nov. 1980 - Nov. 1982.

244 ***Vaalweekblad***, 13 Mrt. 1984: berig.

245 ***Vaalweekblad***, 13 Jul. 1984: berig.

Die aktiwiteite van hierdie laer was deur die jare suksesvol. Elke Vrydagaand het die lede sang en spele beoefen. Hulle het gemiddeld 30 saamtrekke per jaar bygewoon en die geraamde afstand wat per jaar gereis is, was ongeveer 13 500 km. Verskeie uitstappies, kerkbesoeke, teaterbesoeke, kampe, musiekaande en kursusse is gereël. Die laer het ook gereeld by feeste in die Vaaldriehoek opgetree.[246]

Die volkspelebeweging het gedurende die stabiliseringstadium organisatoriese veranderinge ondergaan. Sedert 15 Julie 1989 is die nuwe volkspelehandleiding in gebruik geneem en die naam van die beweging het ook na die Afrikaanse Volksdansbeweging verander.[247]

8.4.3 GESAMENTLIKE KULTUURORGANISERING

Gesamentlike kultuurorganisering was daarop gemik om die kultuurbelewenis van verskillende blanke bevolkingsgroepe te verstewig.

8.4.3.1 REPUBLIEKFEESTE

Die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark het veral van feeste soos die Republiekfeeste gebruik gemaak om hul volkseie kultuurpatrone oor te dra. Die vroeë tagtigerjare se Republiekfeeste is nie alleen gehou om die Afrikanerskap te aksentueer nie, maar ook om die ander blanke inwoners van Vanderbijlpark aan te moedig om aan die feeste deel te neem. 'n Suid-Afrikaanse nasieskap moes hiermee gevestig word.[248]

Hierdie optrede is veral deur die Afrikaanssprekende blanke in werking gestel na 'n bewuswording dat van die immigrante nie tuis gevoel het in die kultuursituasie in Vanderbijlpark nie. Vanderbijlpark was die dorp met die grootste persentasie immigrante in die Republiek, maar slegs 'n geringe persentasie van die immigrantegesinne het na die feeste gegaan of Suid-Afrikaanse burgerskap aanvaar.[249]

Aan die begin van die tagtigerjare was die Republiekfeeste wat gehou is, groot kultuuraksies. Elke blanke kind in die dorp het geleentheid gehad om daaraan deel te

---

246 Vgl. Wag-'n-Bietjie-volkspelelaer, Vanderbijlpark, Jaarverslae, Nov. 1978 - Nov. 1991.

247 C. van Heerden (red.), ***Ons volkspele-erfenis***, pp.1,2,3.

248 ***Vaalweekblad***, 1 Jun. 1982: berig.

249 ***Vaalweekblad***, 12 Sep. 1980: berig.

neem,[250] en die verskillende bevolkingsgroepe het by hierdie geleenthede kans gekry om hul volksdanse te vertoon.[251]

Tydens die Republiekfeeste het die inburgeringseremonies van die immigrante, waar immigrante hul burgerskap ontvang het, gewoonlik plaasgevind. Groot volkspele, gimnastiekvertonings en volksdanse is gehou en die Voortrekkers het die vlaghysings en vlagstrykings tydens die parades gedoen.[252]

Die fees van 1979 was 'n uitstekende voorbeeld van die omvang van die dorp se Republiekfees. Tienduisend mense, nieteenstaande die snerpende koue, het op 31 Mei die Republiekfees bygewoon. Die pawiljoen met 6 000 sitplekke was stampvol en die mense het bankvas om die pawiljoen gestaan.[253]

Al die verskillende blanke volksgroepe kon deelneem en 'n samehorigheidsgevoel tussen die verskillende blanke volkere se volkseie kultuurpatrone het ontwikkel. Gedurende 1985 het die leiers van die verskillende bevolkingsgroepe byvoorbeeld byeengekom om so 'n volksfees te reël. Onder die beskerming van die burgemeesterspaar van Vanderbijlpark het Grieke, Portugese, Pole, Nederlanders, Duitsers en gemeenskapleiers tydens 'n galafeesaand byeengekom.[254]

Daar is dus gepoog om kultuurverryking van die blanke in Vanderbijlpark met die betrek van die immigrante te laat plaasvind.[255] Gedurende hierdie jare het die kanse verbeter om blanke immigrante na Vanderbijlpark te bring en te behou.[256]

8.4.3.2 DIE MONDIGWORDINGSFEES

Die Mondigwordingsfees van Vanderbijlpark was ook 'n kultuuraksie met die doel om 'n eie trots by die blanke inwoners van Vanderbijlpark te kweek. Gedurende hierdie fees is daar op

250 ***Vaalweekblad***, 22 Mei 1981: berig.

251 ***Vaalweekblad***, 15 Jun. 1984: berig.

252 ***Vaalweekblad***, 19 Mei 1981: berig.

253 ***Vaalweekblad***, 3 Jun. 1979: berig.

254 ***Vaalweekblad***, 26 Apr. 1985: berig.

255 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

256 ***Vaalweekblad***, 7 Jun. 1985: berig.

jolige en kleurryke wyse deur die blanke gemeenskap fees gevier, wat weens die kosmopolitiese aard daarvan, bande gehad het met 'n groot groep lande van die wêreld. Engelse, Hollanders, Duitsers, Italianers, Belge, Portugese, Grieke, Spanjaarde en selfs enkele Skandinawiërs het saam met blanke Suid-Afrikaners aan die feestelike items op die gebied van sport, die kunste en ander jolyt deelgeneem.[257]

Deur die feeste wat gedurende hierdie stadium plaasgevind het, het die blanke gemeenskap daarin geslaag om hul volkseie kultuurpatrone vir die nageslag te behou, sonder om ander kulture te misken.

8.4.3.3 DIE VANDERBIJLPARKSE LEESKRING

Die leeskring het gedurende die stabiliseringstadium steeds aktief gefunksioneer. Die vereniging het daarin geslaag om lae ledegelde te hef en die lede het hoofsaaklik uit huisvroue bestaan. Dit wil voorkom asof die ledetal gedurende die laaste stadium nadelig deur die groot hoeveelheid blanke vroue wat die arbeidsmark betree het, beïnvloed is.[258] 'n Uittreksel uit die jaarprogram van 1989 dui die tipe leesstof aan wat deur die leeskring hanteer is:

- ***Ek, Anna van Wyk*** (Pieter Fourie).
- ***The Crucible*** (A. Miller).
- ***Lotus, yk*** (Breyten Breytenbach).
- ***Allotroop*** (T.T. Cloete).

Die leeskring het in die aktiwiteitskamer van die biblioteek van Vanderbijlpark vergader. Vanaf die tagtigerjare was daar 'n opkoms van ongeveer 22 persone per vergadering, terwyl die ledetal uit 28 persone bestaan het.[259]

D.J. Opperman se dogter, Trienke Laurie, is 'n aktiewe lid van hierdie leeskring en het die bespreking van 18 Januarie 1990 waargeneem. Die bespreking het oor ***Die Koggelaar*** van Pieter Fourie gehandel. In haar bespreking het sy die volgende stelling gemaak: "Ons sien

---

257 E. van Heerden, "'n Staalstad vier sy mondigwording", ..., p.18.

258 G. Wybenga, Onderhoud, 14 Jan. 1992 {dosent in Afrikaans, Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

259 Vanderbijlparkse Leeskring, Jaarverslag, 1989.

dat die realiteit van menseverhoudings en die verhouding met God en die natuur nie gekoop kan word nie, maar slegs deur die liefde ervaar kan word."[260] Hierdie insident toon dat die leeskringlede se kultuuropdrag en godsdiens nou aan mekaar gekoppel was.

Die lede van die leeskring het gepoog om soveel moontlik mense wat in die letterkunde belangstel, te betrek. Daar is ook 'n doelbewuste poging aangewend om die bestaande lede te stimuleer en ander te werf.[261] Ten einde die doelstellings te laat realiseer, het twee lede gedurende 1990/91 by die skryfskool van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) ingeskryf, terwyl drie lede 'n leeskringseminaar gedurende hierdie tydperk in Welkom bygewoon het. Gedurende die stabiliseringstadium is hierdie vereniging se fondse met subsidies van die Departement van Onderwys en Kultuur aangevul.[262]

Die leeskring het ongetwyfeld 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikaanse sowel as die Engelse letterkunde in Vanderbijlpark gemaak.

8.4.3.4 ANTJIE KROG-LEESKRING

In die kultuurorganisering is dit ook duidelik dat elke geslag sy eie doelwitte en visie bepaal. 'n Voorbeeld van die veranderde behoeftes is die ontstaan van die Antjie Krog-Leeskring.

Die leeskring is gebore uit die behoefte van 'n groepie jong vroue wat aktief en doelgerig goeie literatuur wou lees en bestudeer.

Die doelstellings van hierdie leeskring was om hul leeskringlede te inspireer om in voeling met die verskillende genres van die letterkunde te bly. Daar is ook gepoog om afwisselend 'n eietydse standaardwerk uit elke genre indringend te bestudeer.[263]

Hoewel hierdie leeskring se lede ook van individuele sprekers gebruik maak, is selfstudie vir hul van wesenlike belang. Die oogmerk van die leeskring is om deur selfstudie en groepbespreking letterkunde te 'ontdek' en die vrymoedigheid te ontwikkel om eie menings te vorm en 'n kritiese bewussyn te ontwikkel. Om hierdie doelwit te bereik is individuele

---

260 Vanderbijlparkse Leeskring, Notule, 18 Jan. 1990.

261 Vanderbijlparkse Leeskring, Konstitusie, Nov. 1991.

262 Vanderbijlparkse Leeskring, Jaarverslag, 1969.

263 Antjie Krog-Leeskring, Vanderbijlpark, Konstitusie, 1991.

betrokkenheid en vrymoedige deelname van elke groeplid onontbeerlik. Daar word in elke lid se behoeftes voorsien, sodat sy deur die boek haarself, haar gesin en haar wêreld kon verbreed.

Die volgende woorde van Antjie Krog is ook die leeskring se doelwit:[264]

"ek baai my in die woorde

en kan weer my liggaam bewoon

my gesin omhels en liefhê[265]

8.4.3.5 KUNSUITSTALLINGS

Gedurende die stabiliseringstadium is daar heelwat kunsuitstallings in Vanderbijlpark gehou. Hierdie uitstallings is in die biblioteek of in private wonings aangebied.[266]

Sommige galerye wat gedurende die laat tagtigerjare in die dorp ontstaan het, het as gevolg van die swak ekonomiese omstandighede gesluit. Die uitstallings by private galerye, huise en ook in die biblioteek het daarom as kultuuraktiwiteit ook afgeneem.[267]

Die blankes moes noodgedwonge op kulturele terrein aanpassings maak, en mettertyd sou ook vir swart kultuurgroepe voorsiening gemaak moes word.

8.4.4 KULTUURORGANISERING DEUR SWART MENSE

Die swart kultuurgroepe het veral gedurende die stabiliseringstadium gepoog om deel te word van die dorp se blanke kultuurlewe. Verskillende kultuuroptredes en kultuurprodukte van die swart mense is aan die blanke inwoners van Vanderbijlpark bekend gestel.[268]

---

264 Antjie Krog-Leeskring, Vanderbijlpark, Notule, Nov. 1991.

265 A. Krog, "Twee wêrelde", ***Jerusalemgangers***, p.45.

266 Kunsvereniging, Vanderbijlpark, Notule, Nov. 1985.

267 Kunsvereniging, Vanderbijlpark, Notule, Nov. 1990.

268 ***Vaalweekblad***, 15 Feb. 1985: berig.

Foto 26: 'n Kunsuitstalling gedurende 1985 by die Holiday Inn. Minister van Onderwys en Ontwikkeling, dr. G. van N. Viljoen in gesprek met 'n kunsdosent en studente van die Sebokeng Onderwyskollege.

Bron: V. Martin, "Art knows no boudaries", ***Southern Africa Today***, vol. 3, no. 2, 1986, p.10.

8.4.4.1 KUNSUITSTALLINGS

Die beeldende kunste was byvoorbeeld 'n magtige kultuurorganiseringsinstrument in die hand van die swart mense. Die swart kunstenaars het uitgevind dat hulle moeilik in woorde kon sê wat hulle graag wou, maar dat hulle hul boodskap deur middel van 'n kunswerk aan die publiek kon oordra.[269]

Die swart mense se kunste is gedurende 1987 aan die wêreld bekend gestel met 'n boek ***Echoes of African art*** deur Matsemela Manaka.[270] Die doel van die boek was duidelik: "Since art is an integral part of a people's culture, it bears witness to a people's myths and beliefs. It is through art that we can begin the struggle for social reconstruction ...".[271]

In Vanderbijlpark is die kunste ook as 'n kultuurorganiseringsproses aangewend. Die swart studente het 'n boodskap deur hul kunswerke aan die blanke publiek van Vanderbijlpark oorgedra.[272] Gedurende 1983 het sewe onderwyskolleges saamgespan om vir swart studente 'n kunsuitstalling in die Holiday Inn in Vanderbijlpark te reël.[273]

Gedurende 1985 was die Sebokeng Onderwyskollege die gasheerkollege wat 'n interkollege-kunsuitstalling in die Vanderbijlparkse Holiday Inn gereël het. Die kolleges van Soweto, Indumiso, Transvaal, Mphohadi, Sebokeng en Fort Beaufort het hieraan deelgeneem.[274] Tydens hierdie uitstalling is verskillende kunswerke aan blanke kultuurgroepe en instansies bekend gestel. Kennis en kultuur is hier vryelik tussen die verskillende bevolkingsgroepe uitgeruil. Tydens hierdie uitstalling was minister Gerrit van N. Viljoen die eregas van die aand.[275]

---

269 S. Hlalele, Onderhoud, 14 Nov. 1989 {student van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

270 M. Manaka, ***Echoes of African art***, p.7.

271 M. Manaka, ***Echoes of African art***, p.7.

272 G. Noge, 20 Nov. 1990 {Departementshoof van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

273 ***Vaalweekblad***, 21 Okt. 1983: berig.

274 J.N. Tsunke, Onderhoud, 10 Mei 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

275 V. Martin, "Art knows no boundaries", ***Southern Africa Today***, vol. 3, 1986, p.8.

8.4.4.2 KORE

Die koor van die Sebokeng Onderwyskollege het ook by verskillende geleenthede in Vanderbijlpark en elders in die Vaaldriehoek opgetree.[276] Hierdie koor het sedert 1983 wye belangstelling geniet en erkenning is ook op internasionale vlak aan die koor gegee nadat 'n suksesvolle toer na die buiteland onderneem is.[277]

Die koor is ook gedurende 1983 deur die Pous genooi om Kersuitvoering in die Vatikaan te lewer. Dit was die eerste keer dat 'n swart koor uit Suid-Afrika in die Vatikaan opgetree het.[278]

8.4.4.3 DIE KULTUURFEES

Gedurende 1989 was die Onderwyskollege van Sebokeng ook die gasheer vir 'n kultuurfees. Baie blanke inwoners van Vanderbijlpark het dit bygewoon, en dit het tot verskillende gewillige donateurs gelei. YSKOR het hierdie verrigtinge met R20 000 geborg, omdat baie van die studente se ouers YSKOR-werknemers was.

Mnr. Gerrie Hoffman, die Hoofwerkebestuurder van YSKOR, was met die opening van die fees die hoofspreker. In sy rede het mnr. Hoffman daarvan melding gemaak dat dié kultuurfees 15 kolleges landwyd met Engelse toneel, musiek en die beeldende kunste verteenwoordig het.

Deur middel van hierdie kultuurfees is daar aan die blanke gemeenskap die welkome geleentheid gebied om van naderby met die kultuurerfenis van die swart mense kennis te maak.[279] Dit het duidelik geword dat sommige lede van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark in die musiek en kuns van die swart mense begin belangstel het.

---

276 ***Vaalweekblad***, 30 Nov. 1982: berig.

277 H. Loubser, Onderhoud, 1 Sep. 1991 (musiekdosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer).

278 ***Vaalweekblad***, 20 Apr. 1984: berig.

279 Sebokeng College of Education, ***Annual Magazine***, 1989, p.67.

8.4.5 SAMEVATTING

Hoewel die kultuurorganisering gedurende die stabiliseringstadium steeds op volkseie kultuurpatrone berus het, het die blanke inwoners op 'n meer gemaklike wyse gesamentlik kultuur georganiseer en beoefen.

Gedurende die laaste dekade het die blanke se kultuurorganisering egter voor nuwe probleme te staan gekom. Elke organisasie moes opnuut die uitdagings bestuur sodat die organisasie sy lewenskragtigheid kon behou. Die organisasies wat nie aan hierdie eise kon voldoen nie, het gekwyn en van die toneel verdwyn.

Die blankes se kultuurorganisering is eweneens deur die swart mense, wat in die blanke se kultuuraktiwiteite wou deel, beïnvloed. In die gees van die politieke herskikking wat plaasgevind het, het hierdie groter deelname van swart mense in die blanke se kultuurwêreld ook 'n invloed in Afrikanergeledere gehad.[280]

Die blankes in Vanderbijlpark het as gevolg van die politieke omstandighede weer in twee nuwe kultuurgroepe verdeel. Daar was naamlik die persone wat meer konserwatief gesind was, teenoor diegene wat meer gematig was. Hierdie verdeling het ook organisasies, instansies, feeste, verenigings en ander kultuurinstansies van die blankes in Vanderbijlpark nadelig beïnvloed.

Hierdie nadelige effek op die kultuurorganisering is gedurende die afgelope paar jaar verder deur die swak ekonomiese toestand benadeel.

8.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING

Die eindresultaat van die kultuurorganisering in Vanderbijlpark is in 'n groot mate deur die ekonomie beïnvloed.

Gedurende die vestigingstadium het die grootskaalse investering die blanke kultuurorganisering positief beïnvloed, aangesien 'n moderne milieu geskep is waarin die gemeenskap kon ontwikkel. Hierdie positiewe ekonomiese klimaat het die blanke groepe dus in staat gestel om ongehinderd met hul kultuurorganisering voort te gaan. Verskeie kultuurpatrone is gedurende hierdie stadium gevestig. Die Engelssprekendes het in Vereeniging by die gevestigde kultuurlewe ingeskakel. Die immigrante het gepoog om hulle in 'n nuwe gemeenskap te vestig en het hoofsaaklik hul volkseie kultuurpatrone gevestig.

---

280 N. Mandela, ***Long walk to freedom*** ..., p.77; vgl. J. Fisher, ***The Afrikaners***, pp.337,338.

Hierteenoor het die Afrikaners met hul beleërde kultuur gepoog om hul kultuurprodukte teen enige vreemde invloede te beskerm. Die blanke gemeenskap was in hierdie stadium in 'n posisie om die opkomende swart kultuurgroepe se bestaan te ignoreer.

Gedurende die voorspoedstadium is die blanke se kultuurorganisering weereens positief deur die ekonomie beïnvloed. Die twee verskillende blanke groepe in Vanderbijlpark het ook nader aan mekaar beweeg, waardeur die onderlinge akkulturasieproses versnel is. Hierdie onderlinge skakeling het veroorsaak dat daar mettertyd gesamentlike kultuuraksies plaasgevind het. Hiermee is die breë kultuurontwikkeling van die dorp positief bevorder.

Gedurende die stabiliseringstadium het verskeie faktore die kultuurorganisering in Vanderbijlpark nadelig beïnvloed. Die ekonomiese insinking, die trae ondersteuning van kultuuraktiwiteite, die politieke situasie en die opkomende swart kultuurgroepe het kultuurorganisering 'n moeilike taak gemaak.

---oOOo---

HOOFSTUK 9

DIE POLITIEK

9.1 INLEIDING

Die politieke beleid van Suid-Afrika het uiteraard ook gedurende die vestiging-, voorspoed- en stabiliseringstadium 'n invloed op die blankes se kultuurontwikkeling in Vanderbijlpark gehad. Die impak van die nasionale politiek op die plaaslike kultuurontwikkeling word in dié hoofstuk bespreek.

9.2 DIE POLITIEKE OMSTANDIGHEDE GEDURENDE DIE VESTIGINGSTADIUM, 1942-1959

Reeds gedurende die vestigingstadium het die politieke beleid van Suid-Afrika tot ontevredenheid onder die swart mense in Vanderbijlpark en die Vaaldriehoek gelei. Die rede hiervoor was dat Vanderbijlpark en die Vaaldriehoek nie in isolasie met die res van die land ontwikkel het nie, en die nasionale politiek daarom 'n belangrike invloed op die kultuurontwikkeling in die dorp gehad het. Verskeie maatreëls is derhalwe ingestel om die blankes se volkseie kultuurpatrone in Vanderbijlpark te beskerm.[1]

9.2.1 DIE ONTWIKKELING VAN DIE APARTHEIDSBELEID

In Vanderbijlpark het die blankes ook van die apartheidsbeleid gebruik gemaak om hul volkseie kultuurprodukte te beskerm.[2] Die apartheidsbeleid het sy oorsprong in rassesegregasie gehad.[3] Rassediskriminasie het egter nie 'n Suid-Afrikaanse oorsprong nie. Dit is 'n verskynsel wat die Afrikaners met die res van die wêreld deel, maar wat in Suid-Afrika in wetgewing beslag gekry het.[4]

---

1 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Aug. 1949: report.

2 Vgl. Vanderbijl Park Estate Company (VESCO), Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 9, 24 Oct. 1945.

3 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Aug. 1949: report.

4 W.P. Esterhuyse, ***Afskeid van apartheid***, p.24.

In Suid-Afrika het rassevooroordele 'n baie groot rol in die gesindhede en optredes van individue teenoor mekaar gespeel.[5] In die blanke geledere het die kleurfaktor daarom reeds gedurende die eerste helfte van die eeu toenemend 'n belangrike rol begin speel.[6] As gevolg van die rassediskriminasie op grond van persone se velkleur het die verskille op ekonomiese en sosiale gewoontes en praktyke ook verdiep en verbreed.[7] Op grond van hul meerdere ekonomiese vernuf, hoër ontwikkelingspeil, ervaring, kennis en insig, asook apartheidswetgewing wat hulle bevoordeel het, het die blankes reeds vanuit die staanspoor die boonste lae in die statushiërargie en sosiale stratifikasiestelsel in die Suid-Afrikaanse en Vanderbijlparkse samelewing gevul.[8] In Vanderbijlpark, soos elders in Suid-Afrika, het daar mettertyd 'n sosiaal-maatskaplike ordening na vore gekom wat die politieke status en regte van die blankes bevoordeel het.[9]

Hierdie sosiaal-maatskaplike ordening en die rol van velkleur in die Suid-Afrikaanse politiek het mettertyd só beslissend geword dat apartheid in Suid-Afrika vanaf 1943 as term vir die Afrikaners se rassebeleid gebruik is. Gedurende 1944 is daar byvoorbeeld spesifieke voorvalle van politieke appèl oor velkleur gerapporteer.[10] Hierdie omstandighede het veroorsaak dat die blankes ongehinderd hul volkseie kultuurpatrone kon ontwikkel.

By die Afrikaners in Vanderbijlpark is daar reeds gedurende die vestigingsjare tekens van 'n nasionalisties gefundeerde ideologie aanwesig waarin die beleid van afsonderlike ontwikkeling as 'n middel om 'n blankegedomineerde samelewing tot stand te bring, ontplooi

---

5 W.P. Esterhuyse, ***Afskeid van apartheid***, p.51.

6 F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek na die stede en ander opstelle***, p.125; A.E.A.M. Thomashausen, ***The dismantling of apartheid: the balance of reforms, 1978-1988***, p.1; vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Aug. 1949: report.

7 Vgl. Unie van Suid-Afrika, Departement van Naturellesake, ***Verslag van die Naturellewette-kommissie, 1946-1948***, UG28/48, p.4; vgl. VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of the third annual general meeting, 8 Dec. 1948.

8 F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek*** ..., p.126; vgl. VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 9, 24 Oct. 1945.

9 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal en die distrikte aan weerskante daarvan tussen Vaaldam en Barrage met besondere verwysing na die stedelike ontwikkeling in die gebied*** (ongep. *D.Phil.-proefskrif, UP, 1964*), p.261; H. Giliomee & L. Schlemmer, ***From apartheid to nation-building***, p.23; A. de Crespigny & R. Schrire (eds.), ***The government and politics of South Africa***, p.117; vgl. Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 24th ordinary meeting, 28 Feb. 1949.

10 T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, pp.13,14; T.D. Moodie, ***The rise of Afrikanerdom: power, apartheid and the Afrikaner civil religion***, p.250; vgl. W.P. Esterhuyse, ***Afskeid van apartheid***, p.40.

is.[11] Vir die Afrikanernasionaliste was apartheid, wat nie sinoniem met segregasie was nie, 'n nasionale volksbeweging wat vir die blankes vir eens en vir altyd 'n finale oplossing vir die rassevraagstuk moes bring. Wetgewing sou 'n hergeordende samelewing meebring wat toekomstige veiligheid vir die blankes moes verseker.[12]

Vir die blankes wat die apartheidsideologie onderskryf het, was die val van die Smutsregering in 1948 'n waterskeiding in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die Nasionale Party (NP) wou deur gebiedskeiding tussen wit en swart, die swart mense uit blanke stede verwyder.[13] Daar was egter nie vir die swart mense 'n toekoms op die platteland nie en die meeste het noodgedwonge verstedelik. Van hierdie verarmde swart mense het by die nywerhede in Vanderbijlpark kom werk.[14]

Vir die blankes in Suid-Afrika en ook in Vanderbijlpark was die Sauerverslag van 1948 'n bloudruk vir die apartheidswetgewing wat Suid-Afrika as 'n eksklusief blanke land gesien het.[15] Deur plaaslike maatreëls sou die blankes se identiteit en kultuurbehoud ook in Vanderbijlpark beskerm word.[16]

9.2.1.1 RASSEWETGEWING NA 1948

Aangesien die blankes van Vanderbijlpark, soos in die res van Suid-Afrika[17], hul toenemend bedreig gevoel het en met verloop van tyd politieke skeidingsmaatreëls begin tref het om hul

---

11 Vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Wie en wat is die Afrikaner?***, p.39; E.L.P. Stals, ***Afrikaners in die goudstad***, deel 2: 1924-1961, p.119.

12 D. Harrison, ***The white tribe of Africa: South Africa in perspective***, pp.2,3; W.H. Vatcher (jr.), ***White laager: the rise of Afrikaner nationalism***, pp.84,85.

13 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle***, p.10; vgl. Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Jan. 1947 - 11 Jun. 1948, vol. 1: minute of the 16th ordinary meeting, 11 Jun. 1948.

14 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 7, 21 Aug. 1945.

15 T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, p.101; P.W. Coetzer (red.), ***Die Nasionale Party***, deel 5: van oorlog tot oorwinning, 1940-1948, pp.499,500; D. Posel, ***The making of apartheid, 1948-1961***, pp.49,50.

16 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Jan. 1947 - 11 Jun. 1948, vol. 1: minute of the 16th ordinary meeting, 11 Jun. 1948.

17 F.A. van Jaarsveld & G.D. Scholtz (red.), ***Die Republiek van Suid-Afrika: agtergrond, ontstaan en toekoms***, p.181; F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaner se groot trek ...***, p.126; vgl. A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...***, p.261.

toekoms te probeer bestendig, het wetgewing mettertyd noodsaaklik geword.[18] Dié rassewetgewing is onder leiding van die NP deurgevoer.[19] Na 1948 het rassewetgewing ooreenkomstig die Sauerverslag teen 'n vinnige tempo die lig gesien.[20] Van die wetgewing wat deurgevoer is, was byvoorbeeld:

- Die Verbod op Gemengde Huwelike van 1949.
- Die Ontugwet van 1950 moes vermenging tussen blank en swart verhoed.
- Die Bevolkingsregistrasiewet, wat die basis van apartheid gevorm het.[21]

Die bevolking is ingedeel in 'n blanke groep, 'n swart groep, 'n bruin groep en 'n Indiërgroep, wat eiesoortigheid beklemtoon het en mense volgens bevolkingsgroep in woongebiede geplaas het.[22]

Die Wet op Aparte Geriewe van 1953 het openbare geriewe op grond van rasseskeiding gereël. Die Wet het vir 'n kleurskeidslyn in alle openbare geboue voorsiening gemaak en dit het as klein apartheid bekend gestaan.[23]

Afgesien van wette wat instromingsbeheer, werksafbakening en vakbondvorming moes beheer, het die Blanke-onderwyswet (1953) en die Wet op Aparte Universiteite (1959) skole en universitêre apartheid gereël.[24]

---

18 G. Pirie, "More of a blush than a rash: changes in urban race zoning", South African Research Service (ed.), ***South African review III***, p.186; Vanderbijlpark Health Committee, Reports, 31 Jul. 1950 - 27 Feb. 1951, vol. 3: first annual report of the Non-European Affairs Department for the period 1st Apr. 1948 to 30th Jun. 1949.

19 Transvaal Archive Depot (TAD), Pretoria, Director of Local Government (TPB), vol. 1503, TALG 96/12266: letter from the Secretary for Native Affairs to the Native Commissioner, 7 Aug. 1952.

20 T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, pp.104,105; vgl. Vanderbijlpark Health Committee, Reports, 31 Jul. 1950 - 27 Feb. 1951, vol. 3: first annual report of the Non-European Affairs Department for the period 1st Apr. 1948 to 30th Jun. 1949.

21 T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, 4th ed., p.362; G. Pirie, "More of a blush than a rash: changes in urban race zoning", South African Research Service (ed.), ***South African review III***, pp.186,187; T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, pp.68,69.

22 T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.357.

23 D. Harrison, ***The white tribe of Africa*** ..., pp.156,157; N. Mandela, ***Long walk to freedom: the autobiography of Nelson Mandela***, p.662.

24 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid*** ..., pp.11,12.

'n Ander omstrede wetgewing was die Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers van 1951, wat die bruin mense van kiesreg uitgesluit het omdat die NP bang was dat die bruin kiesers hulle aan die Verenigde Party (VP) se kant sou skaar.[25] Die gees waarin die wetgewing van die NP voltrek is, is egter nie sonder reaksie, ook in die swart woonbuurte van Vanderbijlpark, aanvaar nie.[26]

9.2.1.2 DIE REAKSIE OP APARTHEIDSWETGEWING

Nieteenstaande die feit dat die NP gemeen het dat wetgewing die rasseprobleem sou oplos, was daar in toenemende mate ook ontevredenheid by swart mense in Vanderbijlpark waarneembaar.[27] Hulle het gemeen dat hul verontreg is. Hierdie verontregte slagoffers van rassediskriminasie het nie toevallig of bloot terloops met die verontregting te doen gekry nie. Die wyse waarop die samelewing georden is, het swart mense direk geraak.[28] Die mense se kultuurontwikkeling en -optrede is só gereguleer dat hulle daagliks aan hul verontregting herinner is.[29] Sommige van die swart mense het fatalisties op die kultuursituasie van die blanke gemeenskap gereageer.[30]

In dié reaksie van die swart mense teenoor die apartheidsbeleid het die African National Congress (ANC) 'n belangrike rol gespeel.[31] As teenreaksie op die apartheidswetgewing is die ANC-doelwitte soos volg uiteengesit:

- Die beskerming van swart regte (politieke regte ingesluit).
- Die teenstaan en bevegting van alle diskriminerende maatreëls.

---

25 T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.362.

26 H. Sapire, "Politics and protest in shack settlements of the Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging region, South Africa, 1980-1990", ***Journal of Southern African Studies***, vol. 18, no. 3, Sep. 1992, p.670; C.J. Maritz (red.), ***Weerstandbewegings in Suider-Afrika***, p.6; vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Aug. 1949: report.

27 C.J. Maritz (red.), ***Weerstandbewegings in Suider-Afrika***, pp.5,6; T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, p.26; vgl. ***Sunday Times***, 9 Dec. 1951: report; P.W. Coetzer (red.), ***Die Nasionale Party***, deel 5: van oorlog ..., pp.631,632.

28 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Aug. 1949: report.

29 Vgl. Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Jan. 1947 - 11 Jun. 1948, vol. 1: minute of the 16th ordinary meeting, 11 Jun. 1948.

30 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 Apr. 1949: report.

31 T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, pp.17,18.

- Die bevordering van eenheid en samehorigheid van alle swart mense in die Unie van Suid-Afrika.[32]

Die Defiance Campaign se reaksie op die apartheidswetgewing het die weerstand teen die paswette, bus- en swart verbruikersboikotte en stakings laat toeneem.[33] Verder het die *Congress of the People* van 1955 die *Freedom Charter* aangeneem. Gedurende 1957 het Paul Mosaka verklaar dat net 'n bloedige rewolusie die swart mense van blanke oorheersing in Suid-Afrika kon bevry.[34] Daar het al meer swart versetbewegings ontstaan wat die swart mense se ontevredenheid ook in Vanderbijlpark weerspieël het.[35] Uit reaksie op die wetgewing het van hierdie swart mense besluit om in opstand teen die politieke beleid te kom.[36] Die Regering het genadeloos teenoor hierdie mense en bewegings opgetree, kommunistiese en liberalistiese agitators daarvoor blameer en met die apartheidsbeleid voortgegaan.[37]

9.2.1.3 DIE ONTPLOOIING VAN TERRITORIALE SEGREGASIE

Die ontplooiing van territoriale segregasie het derhalwe die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark se kultuuroptrede beïnvloed.[38] Dr. H.F. Verwoerd wat aanvanklik minister van Naturellesake was, staan bekend as die argitek van apartheid. Sy uitgangspunt van 'n herordening van die samelewing het berus op die tradisie van rassedifferensiasie en -segregasie, soos in die Sauerverslag omskryf.[39] Daarvolgens moes 'n suiwer blanke ras gehandhaaf word en inheemse rassegroepe as aparte volksgemeenskappe, wat hul eie

---

32 N. Mandela, ***Long walk to freedom*** ..., pp.124,125; C.J. Maritz (red.), ***Weerstandbewegings in Suider-Afrika***, p.6.

33 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

34 Vgl. T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, pp.14,15.

35 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Aug. 1949: report.

36 T. Karis et al., ***From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa***, pp.295,296.

37 T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.367.

38 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

39 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid*** ..., p.13.

gebiede as selfversorgende volkseenhede sou ontwikkel, tot stand kom.[40] Volgens die Sauerverslag moes naturellereserwes die ware vaderland van die swart mense word en sou hul slegs tydelik in blanke gebiede toegelaat word.[41]

Vanaf 1951 het dr. Verwoerd met die Wet op Bantoe-owerhede 'n stewige grondslag vir beter bestuur van die tuislande gelê. Swart mense is in agt etniese eenhede ingedeel: Noord-Sotho, Suid-Sotho, Swazi, Tsonga, Venda, Xhosa, Zoeloe en Ndebele.[42] Dr. Verwoerd wou 'n soort interne ontvoogdingsproses hê wat sou geskied deur die herstel van die onafhanklikheid van die swart volke wat in die negentiende eeu onder Britse en Boerebeheer geplaas is.[43]

9.2.2 DIE INVLOED VAN DIE POLITIEKE BELEID VAN SUID-AFRIKA OP DIE KULTUURONTWIKKELING IN VANDERBIJLPARK

Die politieke beleid van Suid-Afrika het nie net op die swart mense 'n invloed gehad nie, maar ook op die blankes. Die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark was deel van die rasgebaseerde samelewing van Suid-Afrika.[44] Die Afrikaners in Vanderbijlpark wat aanvanklik self verarm was en verstedelik het, moes in die stad self veg om te oorleef. Deur harde werk het die Afrikaners die stad en sy kultuur onder die knie gekry en probeer beheers.[45] Die Afrikaners was bevrees dat hy hierdie kultuurprodukte weer kon verloor. Hierdie omstandighede van die Afrikaners het veroorsaak dat hul reeds beleërde kultuur verder versterk is. Die blanke Afrikaners wou nie hul kultuurprodukte aan die swart mense se invloed blootstel nie. Hulle het gemeen dat die swart mense nie werklik 'n behoefte aan

40 P.W. Coetzer (red.), ***Die Nasionale Party***, deel 5: van oorlog ..., p.708; T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.372.

41 H. Giliomee & L. Schlemmer, ***From apartheid to nation-building***, p.34; P. Maylam, ***A history of the African people of South Africa: from the Early Iron Age to the 1970's***, p.174; T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.343.

42 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid ...***, p.39.

43 Vgl. G.D. Scholtz, ***Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901-1966***, band 1, pp.237,238; T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.376.

44 G. Noge, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {Departementshoof van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; vgl. J.A. van der Walt e.a., ***Rassesosiologie***, p.95.

45 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ***Municipal Affairs***, vol. 28, no. 329, Jan. 1963, p.14; A. Hocking, ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa, 1933 to 1983***, p.98; vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek ...***, p.165; W.J. de Klerk, "Die Afrikaner in Afrika", Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), Instituut vir Afrikanistiek, ***Rondom volkereverhoudinge*** {wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks D}, p.2.

die blanke kultuurprodukte gehad het nie, en wou uit onkunde en vrees nie akkulturasie toelaat nie.[46]

Die politieke beleid gedurende die vestigingstadium het dus die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark bevorder. Dié politieke beleid het dus aan die blankes in Vanderbijlpark die geleentheid gebied om hul eie kultuur in 'n groot mate te beskerm en ongehinderd uit te leef en te ontwikkel sonder 'n voelbare teenwoordigheid van die swart mense.[47]

Die politieke beleid het ook daartoe gelei dat daar relatiewe goedkoop arbeid in afsonderlike dorpsgebiede naby nywerhede gevestig is.[48] Die beskikbare goedkoop arbeid het veroorsaak dat die blankes 'n arbeidskultuur ontwikkel het wat op toesighouding en werksafbakening afgestem was. Daarbenewens het dit die blankes in staat gestel om ongehinderd binne die beroepsgroepe op 'n hoër kultuurvlak te funksioneer.[49] Die swart mense kon nie met die blankes meeding nie en dit het daartoe gelei dat die kultuurontwikkeling van swart mense gedemp is. Dit het 'n eensydige en gedwonge kultuuroordrag vanaf die blankes na die swart mense geskep.[50]

Die gemeenskap se kultuurontwikkeling is egter deur die ontevrede swart mense beïnvloed.[51] Dié ontevredenheid het daaroor gegaan dat die blankes in Vanderbijlpark, soos ook elders in die land, 'n kultuursituasie geskep het om die blanke kultuur te beskerm en te bevorder, terwyl die kultuurontwikkeling van die swart mense, vanweë hul swakker omstandighede, agterweë moes bly.[52]

Die Westerse beskawingsnorme en kultuurpatrone wat neergelê is, is ook nie altyd deur die swart mense begryp nie, omdat die tweerigtingvloei van kultuurakkulturasie nie in die

46 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Aug. 1949: report.

47 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 9, 24 Oct. 1945.

48 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession Minute of the third annual general meeting, 8 Dec. 1948.

49 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

50 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Aug. 1949: report; J. Ramatsebe, Onderhoud, 20 Mrt. 1990 {voormalige dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

51 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 Apr. 1949: report; vgl. T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, p.345.

52 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.



Foto 27: Die konstruksie van 'n VESCO-huis, 1958.

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

besondere omstandighede kon plaasvind nie.[53] Menige blankes kon nie verstaan waarom die swart mense ontevrede is met hul omstandighede nie.[54]

9.2.3 *DIE PLEK EN ROL VAN DIE SWART MENSE IN DIE BLANKE SAMELEWING VAN VANDERBIJLPARK*

Vir die swart mense was die houding van die blanke gemeenskap verwarrend en onaanvaarbaar.[55] Hulle was ontevrede omdat die blankes hulle nie wou toelaat om aan dieselfde kultuuraktiwiteite as hulle deel te neem nie. Die swart mense het dit as hul reg beskou om soos die blankes te kon ontwikkel.[56]

Hierdie ontevredenheid is in konfliksituasies weerspieël.[57] Dit kan toegeskryf word aan die feit dat swart mense, bruin mense en Indiërs die statutêre groepdifferensiasie as 'n ernstige beperking op hulle sosiale en ekonomiese mobiliteit ervaar het.[58] Die swart mense was ook reeds gedurende die vestigingstadium ontevrede met sy plek en rol in die blanke samelewing.[59]

Die swart gemeenskap was daarvan oortuig dat die apartheidsbeleid, en die gevolge daarvan, hul individuele regte aangetas het.[60] Hulle het gemeen dat rassewetgewing, soos byvoorbeeld die Ontugwet van 1950, die Wet op Aparte Geriewe van 1953 en nog vele

---

53 T. Mosabala, Onderhoud, 11 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; ***The Vaal Tribune***, 27 Apr. 1949: report.

54 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of the third annual general meeting, 8 Dec. 1948; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Aug. 1949: report.

55 J.N. Tsunke, Onderhoud, 10 Mei 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

56 P. Mashaile, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

57 Vgl. T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, p.346; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Aug. 1949: report.

58 Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), Hoofkomitee, ***Die Suid-Afrikaanse samelewing: werklikhede en toekomsmoontlikhede*** {RGN-ondersoek na tussengroepverhouding}, p.156; vgl. Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

59 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 Apr. 1949: report.

60 G. Masitha, Onderhoud, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

ander wette, hul individuele regte aangetas het.[61] Die verstedelikte swart mense, waarvan heelwat ook in Vanderbijlpark werksaam was, is verarm en kon nie uit hierdie kultuursituasie ontsnap nie.[62]

Hierdie griewe is in die plaaslike koerante weerspieël. Op 2 April 1949 is twee swart mense van moord op twee blankes aangekla. Daar was geen defnitiewe rede waarom hul die blankes vermoor het nie.[63] 'n Poging deur swart mense om by 'n sakeonderneming in te breek is op 27 April 1949 aangemeld.[64]

Gedurende Augustus 1949 moes die polisie op swart mense vuur omdat hulle hulle teen die blanke polisie wat wet en orde moes handhaaf, verset het. Nadat konstabel Van der Merwe twee swart manne in 'n vangwa geplaas het, wou die omstanders, wat met kieries en stokke gewapen was, die blanke konstabel aanval. Hy het hom met 'n vuurwapen verdedig en die versterkte mag het 12 swart mense gearresteer wat van openbare geweld aangekla sou word.[65]

Sowat 'n week later is agt swart mense gearresteer na die diefstal van 12 motors. Hierdie optrede van die swart mense het daaruit gespruit dat hul ook vervoermiddels wou besit waarmee hulle, soos die blankes, na hul werksplekke kon ry. Een van die motors wat teruggevind is, was erg beskadig.[66]

Menige swart mens het so opgetree uit frustrasie en weerwraak.[67] Die reaksie van die blankes op hierdie optrede van die swart mense was dat meer geriewe vir die swart mense in hul eie swart woonbuurte beskikbaar gestel is.[68]

---

61 P. Mashaile, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

62 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

63 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 Apr. 1949: report.

64 ***The Vaal Tribune***, 27 Apr. 1949: report.

65 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Aug. 1949: report.

66 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Aug. 1949: report.

67 G. Masitha, Onderhoud, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

68 Vgl. Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 27 Mar. 1951 - 14 Oct. 1952, vol. 3: minute of the 55th ordinary meeting, 30 Oct. 1951.

9.2.3.1 DIE ONTWIKKELING VAN DIE SWART WOONBUURTE BOPHELONG EN BOIPATONG

Bophelong en Boipatong was tipiese voorbeelde van die swart woonbuurte wat gedurende die vestigingstadium ontstaan het. Aanvanklik het die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), Vanderbijl Ingenieurskorporasie Beperk (VIKOR) en ander groot nywerhede op hul persele akkommodasie vir die swart werkers wat in hul diens was verskaf. 'n Kampong is byvoorbeeld op YSKOR se gronde opgerig. Daar is ook tydelike staalhutte vir 2 400 swart werkers op Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy (VESCO) se eiendom opgerig. Hierdie twee woonbuurte is op die westelike en oostelike dorpsgrense opgerig, omdat die politieke beleid vir aparte swart woonbuurte voorsiening gemaak het. Die swart woonbuurte is volgens die voorskrifte van die politieke beleid beplan en bestuur.[69]

Die ontwikkeling van Bophelong het die bestaande hutskema op 'n nywerheidsperseel met 'n hostel vir 2 000 mans vervang. Hierdie tydelike behuising het 'n belangrike rol in die vroeë kultuurontwikkeling van die swart arbeidsmag gespeel.[70] Die blankes het gemeen dat die swart mense dankbaar moes wees oor die ontwikkeling van Bophelong en Boipatong.[71]

Die swart mense sou hul eie geriewe in hul aparte woongebiede gebruik:[72]

- Dieselfde kerkgenootskappe wat in Vanderbijlpark was, het ook kerke in Bophelong en Boipatong opgerig.[73]
- Daar is vir die nodige sportfasiliteite voorsiening gemaak.[74]

---

69 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 9, 24 Oct. 1945.

70 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 7, 21 Aug. 1945.

71 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of the third annual general meeting, 8 Dec. 1948.

72 G. Masitha, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 17th ordinary meeting, 3 Aug. 1948.

73 G. Noge, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {Departementshoof van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 24th ordinary meeting, 28 Feb. 1949.

74 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 29th ordinary meeting, 25 Jul. 1949.

- 'n Gemeenskapsaal met sitplek vir 500 mense is opgerig.[75]
- Daar is 'n poskantoor ingerig.[76]
- Gedurende 1949 is met 'n tydelike kliniek in Bophelong begin. 'n Blanke suster, swart verpleegster en stadsgeneesheer het die belangrikste dienste gelewer.[77] Van 1952 is 'n afsonderingsaal vir teringgevalle in gebruik geneem.[78]
- Daar is ook winkels, skole, biblioteke, munisipale polisie, parke en oop ruimtes met speelapparaat tot beskikking van die swart inwoners gestel.[79]

Hoewel die politieke beleid daarvoor voorsiening gemaak het dat van die aparte fasiliteite wat in die blankes se woongebiede was ook in die swart woonbuurte voorsien moes word,[80] was die swart mense steeds ontevrede omdat die gehalte van die dienste nie dieselfde as dié van die blankes was nie.[81] Hierdie ontevredenheid het daartoe gelei dat daar in 'n toenemende mate vir die afsonderlike bestuur van die swart woonbuurte reëlings getref is.[82]

---

75 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 34th ordinary meeting, 19 Dec. 1949.

76 P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark, 1914 - Desember - 1951***, p.11.

77 Vanderbijlpark Health Committee, Reports, 31 Jul. 1950 - 27 Feb. 1951, vol. 3: first annual report of the Non-European Affairs Department for the period 1 Apr. 1948 to 30 Jun. 1949.

78 TAD, Pretoria, TPB, vol. 1503, TALG 96/12266: letter from the Secretary for Native Affairs to the Native Commissioner, 7 Aug. 1952.

79 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Jan. 1947 - 11 Jun. 1948, vol. 1: minute of the 16th ordinary meeting, 11 Jun. 1948; Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang***, p.50.

80 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

81 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

82 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

9.2.3.2 DIE BESTUUR VAN DIE SWART WOONBUURTE

Die plaaslike owerheid het verskeie maatreëls ingestel om die bestuur van bogenoemde twee woonbuurte te behartig.[83]

Vanderbijlpark se Munisipaliteit het daarom die Departement van Nie-Blankesake op 1 April 1948 gestig om die swart inwoners op te lei om die plaaslike bestuur van hul woongebiede onder toesig te behartig.[84] Daarbenewens moes hul terselfdertyd help om instromingsbeheer toe te pas en gedurende 1953 is 'n Instromingsbeheer en Werkverskaffingsklerk aangestel.[85]

Hierdie department het op 17 Januarie 1949 die Adviserende Naturellekomitee ingestel wat die belange van die swart mense in die woonbuurte moes bestuur. Dié komitee, tesame met die polisiemag, moes ook die nodige ondersteuning aan die owerhede gee ten einde wet en orde in die woonbuurte te handhaaf.[86] Gedurende 1951 is 'n hoofmanstelsel ook in werking gestel. Die hoofman moes die versoeke van die inwoners aan die Adviserende Naturellekomitee oordra.[87]

9.2.3.3 DIE DOELTREFFENDHEID VAN AFSONDERLIKE SWART WOONBUURTE

Aparte swart woonbuurte was nie so 'n doeltreffende konsep as wat gereken is nie.[88] Die blankes se mening was dat Bophelong en Boipatong beplan is om aan die swart mense ook 'n plekkie in die son te gee, maar die swart mense het dit as diskriminasie ervaar wat die

83 R. van Niekerk & P.J.J. Prinsloo, "Die instelling en funksionering van 'n Naturelle-Adviserende Raad vir Bophelong te Vanderbijlpark, 1948-1952, ***Joernaal vir Eietydse Geskiedenis***, vol. 19, no. 3, Des. 1994, pp.177,178; G. Masitha, Onderhoud, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

84 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Jan. 1947 - 11 Jun. 1948, vol. 1: minute of the 14th ordinary meeting, 30 Mar. 1948.

85 Vanderbijlpark Stadsraad, Notules, 13 Nov. 1952 - 16 Sep. 1954, vol. 4: notule van die eerste gewone vergadering, 27 Nov. 1952.

86 Provinsie Transvaal, "Gesondheidskomitee van Vanderbijl Park: Adviserende Naturelle Komitee regulasies", administrateurskennisgewing no. 24, ***Buitengewone Offisiële Koerant***, vol. 128, no. 2114, 12 Jan. 1949, pp.75,76; Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 24th ordinary meeting, 28 Feb. 1949.

87 Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 27 Mar. 1951 - 14 Oct. 1952, vol. 3: minute of the 55th ordinary meeting, 30 Oct. 1951.

88 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

swart individu verbitterd gelaat het.[89] Die swart mense het geweet dat hulle slegs vir hul arbeid in Vanderbijlpark geduld is.[90]

Hulle was ontevrede omdat hul nie in dieselfde woonbuurte as die blankes kon woon nie.[91] Gedurige ontevredenheid en klagtes oor die omstandighede in die swart woonbuurte, was ook aan die orde. Hierteenoor wou sommige swart mense ook nie altyd hul plakkershutte verlaat en na die swart woonbuurte verhuis nie. Daaglikse berigte soos, "1 000 Natives ordered to leave squatters' camp near Evaton - living conditions a danger to health of community, says magistrate" het daarom algemeen in die dagblaaie voorgekom.[92]

Die swart inwoners was ook nie met hul ekonomiese posisie tevrede nie.[93] Versoeke het gevolg dat die swart mense self die reg moes verkry om in die swart woonbuurte handel te dryf.[94] Op 15 Augustus 1949 is 'n winkelkompleks geopen wat aan swart handelaars die geleentheid gebied het om handel te dryf.[95] Hierdie ontwikkeling het tot gevolg gehad dat die Adviserende Naturellekomitee gedurende Desember 1951 die Minister van Naturellesake versoek het om handelslisensies aan swart mense toe te ken.[96] Aan sommige van hierdie versoeke is voldoen.[97]

---

89 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

90 G. Noge, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {Departementshoof van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; vgl. T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.548.

91 G. Masitha, Onderhoud, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

92 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 12 Nov. 1949: report.

93 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

94 Vanderbijlpark Town Council, Correspondence, 3 Sep. 1947 - 4 Mar. 1953, file 302/3/1, vol. 1: letter from A.N. Nhlapo to the Manager of the Native Affairs Department, 9 May 1949.

95 Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 30th ordinary meeting, 29 Aug. 1949.

96 ***Sunday Times***, 9 Dec. 1951: report.

97 Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 27 Mar. 1951 - 14 Oct. 1952, vol. 3: minute of the 53th ordinary meeting, 30 Aug. 1952.

Hierdie aparte ordening het meestal nie die swart mense se goedkeuring weggedra nie, en hulle ontevredenheid het net toegeneem.[98]

9.2.4 SAMEVATTING

Die politieke beleid van Suid-Afrika was reeds gedurende die vestigingstadium op 'n rassegrondslag georden, wat 'n bepalende invloed op die kultuurlewe in Vanderbijlpark gehad het.[99] Die blankes wat gekondisioneer was om in 'n aparte, volkseie kultuursituasie te leef, kon nie die ontevredenheid van die swart mense begryp nie.[100] Die blankes het gemeen dat die swart mense se kultuur sodanig was dat hulle aan minder kultuurprodukte as die blankes blootgestel hoef te word.[101]

Die blankes het egter nie besef dat 'n akkulturasieproses reeds plaasgevind het en dat die swart mense van die blankes se kultuurprodukte reeds as hul eie aanvaar het nie. Die feit dat hulle hierdie kultuurprodukte nie op gelyke vlak kon deel nie, het hulle ontevrede en verbitterd gelaat. Dit het reeds gedurende die vestigingstadium tot 'n swak verhouding tussen die blankes en die swart mense gelei.[102]

Hierdie swak verhouding is verder versterk deurdat mense of groepe gedurende die vestigingstadium hermeties deur wetgewing van mekaar geskei is en die verskillende bevolkingsgroepe van mekaar vervreem is, sodat daar minder spontane en gemeensame kontak plaasgevind het of kon plaasvind.[103]

Die politieke beleid het tot gevolg gehad dat die Suid-Afrikaanse samelewingsgroepe geïsoleerd van mekaar geraak het. Gebrek aan kontak het dus tot wantroue en agterdog gelei en uiteraard was dit nadelig vir die algemene kulturele welstand van die gemeenskap

98 S. Mkhonto, Onderhoud, 2 Jul. 1991 {Hoof van Afrikatale, Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

99 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Aug. 1949: report.

100 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Aug. 1949: report.

101 Vgl. Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 27 Mar. 1951 - 14 Oct. 1952, vol. 3: minute of the 55th ordinary meeting, 30 Oct. 1951.

102 Vgl. Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Aug. 1949: report.

103 Vgl. Vanderbijlpark Health Committee, Minutes, 3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2: minute of the 24th ordinary meeting, 28 Feb. 1949.

van Vanderbijlpark.[104] Die blankes het hul eie kultuurontwikkeling beleër en teen swart inmenging probeer beskerm.[105] Die swart mense het deur die blankes se optrede vernederd en verontreg gevoel en wou deur opstand en stakings probeer verkry wat hul gemeen het hulle toekom.[106]

9.3 DIE POLITIEKE OMSTANDIGHEDE GEDURENDE DIE VOORSPOEDSTADIUM, 1960-1978

Gedurende die voorspoedstadium is die kultuursituasie van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark ook deur die apartheidsbeleid wat ten uitvoer gebring is, beïnvloed.

Verskeie politieke faktore het, gedurende die voorspoedstadium, 'n invloed op die kultuurontwikkeling van die swart gemeenskap gehad. Die swart mense se optrede uit reaksie teen die apartheidsbeleid het weer die blanke gemeenskap nadelig beïnvloed.[107]

9.3.1 DIE TOEPASSING EN WYSIGING VAN DIE APARTHEIDS-BELEID

Die ontwikkeling van die apartheidsbeleid het die swart en mettertyd ook die blanke gemeenskappe van Vanderbijlpark benadeel.[108]

Die apartheidsbeleid is verskerp nadat dr. Verwoerd die Eerste Minister van Suid-Afrika geword het. Hy het in 'n toenemende mate maatreëls ingestel om aparte ontwikkeling te bespoedig. Dit het plaasgevind nieteenstaande die maatreëls van die opposisie binne en buite die land om apartheid teen te gaan.[109]

Dr. Verwoerd het die breinkrag agter die apartheidsbeleid geword, en met sy Wet op Bantoeselfbestuur het hy 'n veelrassige eenheidstaat verwerp en die toekoms van Suid-

---

104 Vgl. RGN, Hoofkomitee, ***Die Suid-Afrikaanse samelewing*** ..., p.157.

105 Vgl. H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 (voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

106 Vgl. Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 (Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer).

107 Vgl. ***Vaalweekblad***, 4 Feb. 1977: berig.

108 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 (voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer).

109 Vgl. J. Fisher, ***The Afrikaners***, p.337.

Afrika aan die hand van afsonderlike volksgroepe met eiesoortige parallelle ontwikkeling gesien.[110] Hierdie gebeure het die swart mense in die Vaaldriehoek tot verdere ontevredenheid gestem.[111]

Die resultaat was dat daar konflik ontstaan het wat die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark mettertyd nadelig sou raak.[112] Nieteenstaande gebeure by Sharpeville met die daaropvolgende onrus en die aanslag op sy lewe, het dr. Verwoerd hom steeds vir die voltrekking van die apartheidbestel beywer.[113] Op 31 Mei 1961 is van die blanke Afrikaners en dr. Verwoerd se droom verwesenlik toe die Republiek van Suid-Afrika (RSA) 'n werklikheid geword het.[114]

Die strewe van die blanke Afrikaners na apartheid, met dr. Verwoerd as mondstuk, spruit uit die ongunstige getalleverhouding van die blankes wat ook in Vanderbijlpark ervaar is. Hierdie ongunstige getalleverhouding het tot 'n voortdurende stryd om selfbehoud en selfbeskerming van die blankes gelei.[115] In Vanderbijlpark het hierdie faktor krag verleen aan blanke groepsolidariteit en het dit die differensiasie tussen wit en swart sterker na vore laat tree.[116]

Dr. Verwoerd het onomwonde verklaar dat hy 'n blanke nasie, wat kon veg vir sy voortbestaan, wou hê en nie 'n groter staat met swart oorheersing nie.[117] Hierdie houding

---

110 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid*** ..., p.14.

111 P. Mashaile, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

112 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

113 J. Fisher, ***The Afrikaners***, pp.337,339; S. Mkhonto, Onderhoud 2 Jul. 1991 {Hoof van Afrikatale, Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

114 F.A. van Jaarsveld & G.D. Scholtz (red.), ***Die Republiek van Suid-Afrika*** ..., p.184; F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid*** ..., p.14.

115 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 16 Jan. 1970: report.

116 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

117 T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.390.

het die swart mense tot konfrontasies aangemoedig.[118] Die NP wou die pad volg waar die blankes veilig en verseker was van alleenheerskappy van blanke Suid-Afrika.[119]

In Vanderbijlpark is daar gepoog om die blankes deel van die Suid-Afrikaanse bevolking deur immigrasie te versterk.[120] Die NP het gepoog om die swart mense in tuislande te vestig om territoriale segregasie te bewerkstellig.[121] Aangesien die tuislande nie lewensvatbaar was nie, moes die mans noodwendig alleen as trekarbeiders na die stedelike sentra gaan om in nywerhede soos YSKOR in Vanderbijlpark te gaan werk. Dit het die gesinslewe van die swart mense vernietig.[122]

Die invloed van die politieke beleid op die gemeenskap se kultuurontwikkeling word in dr. Verwoerd se vertolking van die NP-beleid weerspieël. Dit het daarop berus dat die politieke en ekonomiese lewe al hoe meer saamgevleg is om sosiale probleme op te los.[123] In Vanderbijlpark het die politiek, die ekonomie en die sosiale lewe dan ook onlosmaaklik vervleg geraak.[124] Dit het noodwendig 'n baie sterk invloed op kultuurontwikkeling, in die vorm van verdere kultuurisolasie, of in die vorm van kultuurakkulturasie, gehad. Dit het egter nie die sosiale probleme opgelos nie, maar dit eerder verder verdiep.[125]

In die Vaaldriehoek, soos elders in die land, is gevind dat dr. Verwoerd nie met swart nasionalisme rekening gehou het nie.[126] Die gebeure by Sharpeville het nie net die swart bewussyngroepe en ondersteuners, binne sowel as buite Suid-Afrika, 'n kans gegee om die apartheidsregering aan bande te lê nie, maar ook om mense wat oor die ekonomiese mag

118 P. Mashaile, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

119 A.N. Pelzer (red.), ***Verwoerd aan die woord: toesprake, 1948-1962***, p.178; vgl. T.D. Moodie, ***The rise of Afrikanerdom*** ..., p.245.

120 Vgl. Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI), Vanderbijlpark, Jaarverslag, 1962.

121 W.H. Vatcher (jr.), ***White laager*** ..., pp.152,154; T. Malan & P.S. Hattingh, ***Black homelands in South Africa***, pp.8-12.

122 P. Mashaile, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

123 G.D. Scholtz, ***Dr. Hendrik Frensch Verwoerd*** ..., p.302.

124 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

125 J. Kilian, Onderhoud, 10 Nov. 1992 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

126 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 23 Jan. 1970: report; ***Vaalweekblad***, 25 Mrt. 1977: berig.

beskik het, te mobiliseer.[127] In 1960 is die ANC en die Pan-Africanist Congress (PAC) gevolglik as verbode organisasies verban en het hulle vanuit die buiteland aksies teen die apartheidsbeleid georganiseer.[128]

In Vanderbijlpark is gevind dat die blanke gemeenskap steeds voortgegaan het om hul kultuuraktiwiteite in isolasie te beoefen en die swart mense uit te sluit. Vir die meeste blankes was die kritiek uit Afrika en die Verenigde Volkeorganisasie (VVO) gedurende die voorspoedstadium slegs veraf geluide.[129] Die groot ontevredenheid van die swart mense in die Vaaldriehoek was dat die apartheidsbeleid die belange van die stedelike swart mense oor die hoof gesien het.[130]

Hierdie toestand het veroorsaak dat daar veral vanaf 1960 in 'n toenemende mate kritiek vanuit Afrika en die buiteland oor Suid-Afrika se apartheidsbeleid uitgespreek is.[131] Die ontwikkeling van apartheid is verder gekortwiek deurdat Suid-Afrika geïsoleer is.[132] Hierdie isolasie sou die blanke gemeenskap op ekonomiese vlak en wat internasionale mobiliteit betref, nadelig beïnvloed. Die ANC het in hierdie tydperk sterker vir die belange van die swart mense geagiteer.[133]

Ten tye van minister B.J. Vorster se bewindsaanvaarding as die Eerste Minister van die RSA gedurende 1966, het dit duidelik geword dat die apartheidsbeleid van Suid-Afrika toenemend gekritiseer word.[134] Dit het die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark se kultuursituasie

---

127 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; vgl. G.D. Scholtz, ***Dr. Hendrik Frensch Verwoerd*** ..., pp.205,206.

128 T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, pp.231,232; N. Mandela, ***Long walk to freedom*** ..., pp.401,402.

129 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

130 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; vgl. T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, pp.394,395.

131 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid*** ..., p.15.

132 T. Karis et al., ***From protest to challenge*** ..., p.296.

133 T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, pp.296,297; N. Mandela, ***Long walk to freedom*** ..., p.727; vgl. ***Vereeniging News***, 8 Oct. 1949: report.

134 Vgl. J. Fisher, ***The Afrikaners***, pp.345,346.

ook beïnvloed.[135] Dit het egter voorgekom of die meeste lede van die blanke gemeenskap gedurende hierdie jare nog nie die politieke situasie van die land reg gelees het nie.[136]

Die toenemende isolasie van die RSA en die binnelandse ontevredenheid met blanke oorheersing het minister Vorster laat besef dat die druk op die apartheidsbeleid met verloop van tyd steeds groter sou word.[137] Daarom het hy sedert 1967 'n beleid van eksterne dialoog met Afrikaleiers en interne dialoog met binnelandse swart leiers gevoer.[138] Met hierdie beleid het die NP gehoop dat ekonomiese realiteite Afrika op 'n vredespad met Suid-Afrika sou plaas.[139]

Die situasie in Suider-Afrika het egter met die val van die Portugese kolonies gedurende 1974 verander, omdat die kolonies in Marxistiese state omskep is.[140] Dit was nie 'n verrassing toe die Soweto-opstande op 16 Junie 1976 plaasgevind het nie. Die swart mense van Suid-Afrika en ook van die Vaaldriehoek was teen die blankes, as apartheidsondersteuners, gekant. Daar is selfs deur die teenstanders van apartheid aanvaar dat Suid-Afrika se bestaande orde deur 'n buitelandse inval en 'n binnelandse opstand bevry moes word.[141] Die buitelandse moonthede en anti-apartheidsorganisasies het apartheid met verskerpte kritiek na die Soweto-opstande veroordeel.[142]

Die swart mense se optrede teen die apartheidsbeleid het tot die ernstige herwaardering van die apartheidsbeleid onder blankes en die Regering van Suid-Afrika gelei. Daar is naamlik besef dat daar 'n alternatief gevind sou moes word om die blankes se kultuursituasie te

---

135 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

136 G. Noge, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {Departementshoof van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, pp.296,297.

137 B.M. Schoeman, ***Vorster se 1000 dae***, p.18; vgl. F. van Zyl Slabbert et al., ***South Africa: dilemmas of evolutionary change***, p.156.

138 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid*** ..., p.16.

139 T. Malan & P.S. Hattingh, ***Black homelands in South Africa***, pp.5,6; T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.400.

140 F. van Zyl Slabbert et al., ***South Africa: dilemmas of*** ..., p.167.

141 T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, p.305; P. Maylam, ***A history of the African people of South Africa***..., p.222; Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

142 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid*** ..., p.16; ***Vaalweekblad***, 18 Feb. 1977: berig.

beskerm.[143] Die Regering het gepoog om sy beleid sodanig aan te pas dat dit tot 'n heroriëntering in Afrikanerdenke en 'n herwaardering van die apartheidsbeleid sou lei.[144] Die denke van die blanke gemeenskap, in Vanderbijlpark, het na die verset van 1976 geleidelik liberaler geraak.[145]

Sedert 1976 het van die blankes in Vanderbijlpark gevolglik nader aan die swart mense beweeg.[146] Die Regering het gepoog om polarisasie tussen swart en blank te neutraliseer[147] deur toegewings te maak wat tot die volgende hervormings gelei het:

- Op 24 Oktober 1974 het minister Pik Botha in die Veiligheidsraad die wegbeweeg van diskriminasie as beleid gestel. Die gevolg was dat die NP vir die eerste keer veelvolkige sport toegelaat het.

- Na die staking van swart werkers in 1973/74 is begin met geleidelike afskaffing van werksapartheid.

- Meriete en nie rassevoorkeur nie was besig om die maatstaf vir deelname aan geskoolde beroepe te word.

- Vanaf 1974 het klein apartheid tot 'n val gekom en sedert 1977 is geriewe soos teaters en restaurante oopgestel.[148]

Hoewel baie blankes hierdie hervormings as vanselfsprekend aanvaar het,[149] het sommige reaksionêres hierdie hervormings as 'n bedreiging vir die blankes se kultuur ervaar.[150] Dit het mettertyd ook duidelik geword dat die blanke sowel as die swart gemeenskappe in 'n

---

143 G. Jaffee & K. Jochelson, "The fight to save jobs: union initiatives on retrenchment and unemployment", South African Research Service (ed.), ***South African review III***, p.54.

144 Vgl. F. van Zyl Slabbert et al., ***South Africa: dilemmas of*** ..., p.5.

145 ***Vaalweekblad***, 1 Apr. 1977: berig.

146 ***Vaalweekblad***, 18 Feb. 1977: berig.

147 Vgl. D.J. van Vuuren et al., ***South Africa: a plural society in transition***, p.260.

148 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid*** ..., p.20.

149 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

150 M.C. Smit, ***Die Konserwatiewe Party en die algemene verkiesing van 1987*** (ongep. M.A.-verhandeling, RAU, 1991), pp.21,22; J. van der Westhuizen (red.), ***Bestuurskursus in burgerlike beskerming***, deel 1: strategie 4, pp.1-10; M.P. Taute, Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

toenemende mate onder die gevolge van die isolasie en die boikotte gelei het.[151] Daar was oor die algemeen 'n gevoel dat 'n nuwe politieke beleid vir Suid-Afrika 'n noodsaaklikheid geword het. Minister Vorster het daarom 'n verdere fase van die apartheidsbeleid betree, wat op 'n binnelandse skikking tussen die groepe deur oorlegpleging, skakeling en ooreenkomste neergekom het.

In September 1977 is 'n konsepgrondwet deur die NP-koukus aanvaar wat op 'n stelsel van demokratiese pluralisme berus het. Die voorgestelde grondwet sou vir besluitreg oor eie sake deur drie parlemente binne dieselfde staatsgrense voorsiening maak.[152]

Die groot fout wat egter met dié politieke eksperiment gemaak is, is dat die stedelike swart mense steeds in die blanke gebiede van die politieke bestel uitgesluit was.[153] Die aggressie oor hierdie uitsluiting het nuwe versetpatrone en hervormings van die stedelike swart mense tot gevolg gehad. Daar is afgesien van die idee dat hulle tydelike verblyfreg in stede gehad het en daarom nie eiendomsreg sou kon verkry nie. 'n Vyfjaarplan vir die ontwikkeling van die stedelike swart mense, wat die aanvaarding van die permanente verblyfreg van stedelike swart mense 'n voldonge feit gemaak het, is gevolglik ingestel.[154]

9.3.2 DIE INVLOED VAN DIE POLITIEKE BELEID OP DIE AKKULTURASIEPROSES IN VANDERBIJLPARK

Gedurende die voorspoedstadium het die akkulturasieproses tussen die swart mense en die blankes verder ontwikkel.[155] Baie blanke inwoners wou nie verder as op die arbeidsvlak met die swart mense integreer nie.[156] Die akkulturasieproses wat reeds plaasgevind het, het

---

151 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer; ***Vaalweekblad***, 18 Feb. 1977: berig.

152 K. Gottschalk, "State strategy and the limits of counter-revolution", G. Moss & I. Obery (eds.), ***South African review IV***, pp.498,499; H. Giliomee & L. Schlemmer, ***From apartheid to nation-building***, p.203; F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid*** ..., p.21.

153 Vgl. N. Mandela, ***Long walk to freedom*** ..., pp.629,630; B.M. Schoeman, ***Vorster se 1000 dae***, p.18; G. Masitha, Onderhoud, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

154 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid*** ..., p.21; vgl. D.J. van Vuuren et al., ***South Africa: a plural society*** ..., p.40; Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

155 G. Masitha, Onderhoud, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

156 ***Vaalweekblad***, 18 Feb. 1977: berig.

veroorsaak dat die swart mense die Westerse kultuur in 'n groot mate nageboots het en in verskeie gevalle hul eie gemaak het. Swart mense wou nie net 'n hoër lewenstandaard en -styl handhaaf nie, maar wou ook dieselfde kultuurvoorregte, soos onderwys, stemreg en individuele vryheid, as die blankes geniet.[157] In hierdie proses wou die swart mense aan alle beskikbare kultuurprodukte van die blankes deel hê.[158] Die politieke beleid van die land het egter nog nie vir hierdie doelwitte van die swart mense voorsiening gemaak nie.[159]

Die swart mense het ook waargeneem dat die kultuur van die meerderheid van die blankes steeds verder ontwikkel het.[160] Hulle het daagliks saam met die blankes gewerk en daarom het hulle probeer om dieselfde kultuurvlak as die blankes te handhaaf. Dit was egter as gevolg van die diskriminerende politieke beleid van die land vir die swart mense moeilik om dié kultuurvlak te bereik en te handhaaf.[161]

Die toenemende verset van swart mense het veroorsaak dat die blankes bewus geword het van die bevrydingstryd van die swart mense.[162] Daar het egter in 'n toenemende mate 'n vrees by sommige van die blankes in Vanderbijlpark ontstaan dat hul kultuurprodukte in gevaar was. Die blankes wat hul kultuuraktiwiteite op 'n beleërde wyse beoefen het, wou steeds nie hul kultuurprodukte met die swart mense deel nie. In hierdie opsig was die politieke beleid van die land 'n belangrike ondersteuning vir die wyse waarop die blankes se kultuur beoefen en beskerm is.[163] Dié beleid het die swart mense ontevrede gestem en hul aggressiewe optrede sedert die Soweto-opstande het noodwendig die blankes se kultuuromstandighede beïnvloed. As gevolg van hierdie druk op die apartheidsbeleid het daar 'n gespanne toestand in die samelewing geheers. Hierdie gespanne toestand het die onderlinge verhoudinge tussen die blankes en die swart mense benadeel.[164] Die

157 G. Noge, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {Departementshoof van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

158 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 16 Jan. 1970: report.

159 T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.432; P. Mashaile, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

160 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 16 Jan. 1970: report.

161 Z.A. Ngwenya, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van skrywer}.

162 H. Mashabela, ***Townships of the PWV***, pp.79,128,129; T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.432.

163 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

164 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 23 Jan. 1970: report; ***Vaalweekblad***, 25 Mrt. 1977: berig.

akkulturasieproses wat nieteenstaande die apartheidsbeleid plaasgevind het, het die swart mense negatief teenoor die politieke beleid van Suid-Afrika gestem en uiteindelik tot die ontwikkeling van apartheid gelei.[165]

9.3.3 *DIE INVLOED VAN DIE POLITIEKE BELEID OP DIE KULTUURVLAK VAN DIE SWART MENSE*

Die swart mense se versetoptrede is dus in 'n groot mate deur die politieke beleid van Suid-Afrika bepaal.[166] Die dryfveer agter die verstedelikingsproses van die swart mense was 'n behoefte om welvaart soos dié van die blankes te bekom.[167] Hierdie strewes van die swart mense is deur die politieke beleid van Suid-Afrika gedwarsboom.[168]

Die politieke beleid het veroorsaak dat die sosiaal-ekonomiese ordening in Suid-Afrika se samelewing deur die teenstrydigheid van rykdom aan die een kant, en armoede aan die ander kant, gekenmerk is. Hierdie toestand het die swart mense nog meer ontevrede gestem.[169] Die armoede het hulle persoonlik geraak en hulle het, tereg, gemeen dat hulle swak ekonomiese posisie 'n gevolg van die apartheidsbeleid van Suid-Afrika was.[170]

In die swart gemeenskap van Vanderbijlpark en omgewing het daar as gevolg van die swak ekonomiese toestand ook swak maatskaplike, ekonomiese, psigologiese, morele, geestelike en politieke omstandighede geheers.[171] Hierdie swak omstandighede het indirek ook die

---

165 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid*** ..., pp.184,185.

166 H. Mashabela, ***Townships of the PWV***, pp.120,121,128; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Feb. 1970: report.

167 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 23 Jan. 1970: report.

168 H.C. Marais (red.). ***Suid-Afrika: perspektiewe op die toekoms***, pp.63,64; J. Nattrass, ***The South African economy: its growth and change***, p.39; . vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Feb. 1970: report.

169 Vgl. P. Mashaile, Onderhoud, 20 Nov. 1990 (dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer); H. Mashabela, ***Townships of the PWV***, p.128; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Mar. 1970: report.

170 G. Masitha, Onderhoud, 14 Nov. 1992 (dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer).

171 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 17 Apr. 1970: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 Feb. 1970: report.

volgende invloed op die kultuurvlak van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark uitgeoefen.[172]

Sakeondernemings, handelsorganisasies en individue het onder andere ook gepoog om die swart mense te help om 'n hoër ekonomiese kultuurvlak te bereik. Sekere leiers het 'n belangrike rol gespeel in die stryd om vir die swart mense 'n beter ekonomiese posisie te beding. Ander leiers het die ekonomiese agterlikheid van die swart mense as speelbal vir eie politieke gewin gebruik. 'n Skrywer soos C.V. Mutwa, wat 'n groot groep volgelinge gehad het, het die voorstanders van sanksies teen Suid-Afrika gekritiseer.[173] Hierdie sanksies het nie net die blankes nie maar ook die swart mense verarm omdat baie mense hul werk verloor het.[174]

In die omgewing van Vanderbijlpark het die Natal Bouvereniging (NBS) byvoorbeeld 'n projek aangepak om die woningnood te probeer verlig. 'n Bedrag van R3 miljoen is vir die verbetering van huise in swart woongebiede beskikbaar gestel. Mnr. Tim Hart het kragtens die NBS se R1-miljoenskema 'n tjek aan die Administrasieraad in Sebokeng oorhandig en gesê: "Ons beskou die voorsiening van geld om Bantoes te help om hul eie huise te besit as 'n bydrae tot die vooruitgang en vreedsame ontwikkeling van Suid-Afrika."[175] Die NBS het R250 000 per maand in die Administrasieraad se programme, wat die bou van nuwe huise of die verbetering van bestaande huise behels het, belê.[176]

Dit was egter die eise wat ontevrede swart mense aan die blanke gemeenskap en Regering van die land gestel het, en wat deur patrone van verset gedemonstreer is.[177] Die prediker, Mahabane, het gesê dat daar nie 'n vredestoestand in Suid-Afrika sou wees sonder die volle en vrye samewerking van al die bevolkingsgroepe in die land nie.[178] Gedurende die voorspoedstadium het dié eise van die swart mense dringender geword.[179] Die swart

172 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 Mar. 1970: report.

173 C.V. Mutwa, ***Let not my country die***, p.178.

174 G. Jaffee & K. Jochelson, "The fight to save jobs: union initiatives on retrenchment and unemployment", South African Research Service (ed.), ***South African review III***, pp.54,55.

175 ***Vaalweekblad***, 7 Jan. 1977: berig.

176 ***Vaalweekblad***, 7 Jan. 1977: berig.

177 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 Mar. 1970: report.

178 T. Karis et al., ***From protest to challenge*** ..., p.296.

179 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 10 Apr. 1970: report.

bevolking het besef dat hul getalle meer is as dié van die blankes en hulle het eise gestel om deur stemreg ook deel aan die regering van die land te kon hê.[180]

In hierdie stryd het die ANC hom as 'n rewolusionêre bevrydingsbeweging georden, en die implikasies van die toepassing van sy oogmerke was niks anders nie as 'n totale vervanging en omverwerping van die bestaande politieke, sosio-ekonomiese en maatskaplike orde nie. Vir die bereiking van dié oogmerk was die organisasie besig met die voer van 'n rewolusionêre oorlog waarin hy gepoog het om die politieke mag deur middel van geweld en terreur in die hande te kry.[181]

Hierdie optrede is veroorsaak deur apartheid wat die Suid-Afrikaanse samelewing gebrandmerk het.[182] Vanderbijlpark was nie geïsoleer nie en deur beleëring van sy blanke kultuur sou die Afrikaners uiteindelik meer moes prysgee as wat die geval sou wees indien hulle hul kultuurprodukte met al die ander bevolkingsgroepe sou deel.[183]

9.3.4 MAATREëLS OM DIE BLANKES SE KULTUURVLAK IN VANDERBIJLPARK TE BESKERM

Die situasie wat as gevolg van die politieke beleid ontstaan het, het tot gevolg gehad dat daar gedurende die voorspoedstadium maatreëls deur blanke groepe ingestel is om hul kultuurvlak by die nuwe omstandighede te laat aanpas en te laat oorleef.[184]

Die NP se politieke beleid het steeds die ideologiese raamwerk uitgemaak waarbinne die blankes se volkseie kultuurpatrone kon ontwikkel. Die NP-regering het daarom steeds 'n belangrike invloed op die blankes se kultuur in Vanderbijlpark uitgeoefen. Die party se beleid ten opsigte van die blankes se kultuur het eers in die laat sewentigerjare begin verander.[185] Nadat die blankes se kultuur aanvanklik beskerm is, is daar gepoog om dit meer aan die

---

180 F.A. van Jaarsveld, ***Van Van Riebeeck tot P.W. Botha***, pp.371-375.

181 T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.432.

182 T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, p.15; vgl. N. Mandela, ***Long walk to freedom ...***, p.655; G. Masitha, Onderhoud, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 15 May 1970: report.

183 ***Vaalweekblad***, 25 Mrt. 1977: berig; S. Gouws, Onderhoud, 7 Jun. 1992 {Viserektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

184 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 19 Jun. 1970: report; ***Vaalweekblad***, 1 Apr. 1977: berig.

185 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid ...***, p.20.

swart mense se kultuur bloot te stel in 'n poging om ook die blankes se kultuur by veranderinge te laat aanpas.[186]

Hierdie optrede het onvermydelik 'n invloed op die kultuurbeoefening van die blankes gehad.[187] Gedurende 1966-1978 het sommige van die blankes nader aan die swart mense probeer beweeg. Dit was 'n poging om polarisasie tussen swart en blank te probeer neutraliseer, ten einde die blankes se kultuurvlak te beskerm.[188]

Die Regering het ook sekere toegewings gemaak wat tot bepaalde hervormings gelei het.[189] Die NP se konsepgrondwet van September 1977 het byvoorbeeld vir eie besluitneming in eie gebiede voorsiening gemaak. Die Afrikaners moes leer om te deel, want met die driekamerparlement het die NP gepoog om die verskillende bevolkingsgroepe se burgerskapregte te akkommodeer.[190] Die grondwet het egter nog baie tekortkominge gehad, soos dat die swart gemeenskap nie in die driekamerparlement ingesluit is nie. Die toplaag en die jeug van die swart mense in Suid-Afrika en dié in die Vaaldriehoek het die nuwe bedeling as totale miskenning van hul burgerregte beskou.[191]

Die doel van die grondwetlike hervorming was om met hierdie toegewings die swart mense tevrede te stel en daarmee die blanke kultuur se voortbestaan te verseker. Dit was egter 'n mistasting. Die swart mense se opgekropte woede teenoor dié bestel het net toegeneem. Hulle houding teenoor die weermag en polisie het hul woede weerspieël. Hierdie optrede van die swart mense het gevolglik ook 'n effek op die blanke gemeenskap gehad.[192]

---

186 Vgl. C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 May 1970: report; ***Vaalweekblad***, 1 Apr. 1977: berig.

187 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 29 May 1970: report.

188 T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.438; S. Gouws, Onderhoud, 7 Jun. 1992 {Viserektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

189 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 29 May 1970: report.

190 K. Gottschalk, "State strategy and the limits of counter-revolution", G. Moss & I. Obery (eds.), ***South African review IV***, pp.496,497; vgl. T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, p.337; T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.438.

191 Vgl. F. van Zyl Slabbert, ***South Africa: dilemmas of ...***, p.63; Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

192 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 12 Jun. 1970: report.

Die Burgerlikebeskermingsorganisasie is nog 'n voorbeeld van 'n organisasie wat gestig is om die lewensomstandighede van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark te beskerm.[193] Tussen 1975 tot 1976 het daar oral, ook in Vanderbijlpark, Burgerlikebeskermingsorganisasies ontstaan.[194]

Die oogmerke en doelwitte van dié organisasie was om maatreëls te tref ten einde in 'n noodtoestand die grootste moontlike mate van beskerming en bystand aan die gemeenskap te bied, asook om burgerlike ontwrigting tydens 'n noodtoestand op 'n effektiewe wyse te bekamp.[195]

Dit was 'n vrywillige organisasie wat hoofsaaklik op beveiliging van die inwoners, hul woongebiede, huise, gesinne en werkplekke toegespits was. Na die 1976-onluste was daar heelwat entoesiastiese nuwe lede wat by hierdie organisasie aangesluit het.[196] Vanaf 1977, toe die Burgerlikebeskermingswetgewing in werking getree het, het baie plaaslike besture in Transvaal aksies geloods om inwoners te laat aansluit.[197] Vanderbijlpark se Stadsraad het daarom ook 'n aktiewe veldtog geloods om, onder leiding van 'n Burgerlikebeskermingsbeampte, die doelwitte van die organisasie te verwesenlik.[198]

In hierdie proses van beskerming van die eie kultuurgoedere het die vrou van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark ook 'n belangrike rol gespeel.[199]

Burgerlike Beskerming het vir die vroue kursusse in brandbestryding, noodhulp, kragonderbreking en waterafsnyding aangebied. Taakmagte is ook uit bestaande vroue-organisasies soos die Vroue-Landbou-Unie (VLU), die Women's Institute, die Vrouefederasie, Rotary Anns en Noodhulporganisasies saamgestel. Hierdie vroue-organisasies was daarop ingestel om vir noodhuisvesting, voorbereiding van voedsel, maatskaplike dienste en versorging in te staan. Vir hierdie doel is die dorpsgebiede van Vanderbijlpark in verskillende

193 ***Vaalweekblad***, 28 Jan. 1977: berig.

194 ***Vaalweekblad***, 4 Feb. 1977: berig.

195 J. van der Westhuizen (red.), ***Bestuurskursus in burgerlike beskerming***, deel 1 ..., pp.1-10.

196 ***Vaalweekblad***, 28 Jan. 1977: berig.

197 J. van der Westhuizen (red.), ***Bestuurskursus in burgerlike beskerming***, deel 1 ..., pp.1-10.

198 C. Leach, ***Die vrou se rol in burgerlike beskerming*** (ongep. lesing, Navorsingseenheid vir Industrialiserings- en Vaaldriehoekse Geskiedenis (NIVG), PU vir CHO, s.j.) {Hoofkoördineringsbeampte Burgerlike Beskerming, Vanderbijlpark Stadsraad}, p.3.

199 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

sones ingedeel. In elke sone is daar 'n geskikte skoolgebou of kerksaal as versorgingspunt geïdentifiseer. Hierdie versorgingspunte sou deur 'n groep dames beheer word.[200]

Aangesien die bestaande vrouehulpdienste, soos die sustersverenigings van die verskillende kerke, reeds organisatories op versorging ingestel was, sou die bestaande aksiekomitees gaandeweg by die betrokke vrouehulpdienste en sustersverenigings ingeskakel word. Die effektiwiteit van hierdie organisasie was dus afhanklik van vrywillige ondersteuning, en die ondersteuning was afhanklik van die blanke gemeenskap se vrese vir oorlewing.[201]

9.3.5 SAMEVATTING

Die politieke beleid van die land het die kultuuruitlewing van die blankes in Vanderbijlpark gedurende die voorspoedstadium nog steeds bevoordeel.[202] Dit het egter 'n element bevat wat sommige blankes onrustig oor die toekoms van Suid-Afrika gestem het. Daar was 'n vrees by hierdie mense vir die naderende politieke rewolusie in Suid-Afrika. Die gevolg van hierdie vrees by sommige blankes was dat daar twee groepe met uiteenlopende standpunte ontstaan het. Die een groep het die onopsigtelike ontmanteling van apartheid, die wegbeweeg van diskriminasie, die uitskakeling van ras as determinant vir die samelewing se ordening en die skepping van strukture vir onderhandeling en kontak aangehang. Die ander groep blankes het die proses probeer verhoed.[203] Vir baie van hierdie blankes was die wegbeweeg van apartheid nie aanvaarbaar nie.[204]

---

200 C. Leach, ***Die vrou se rol in burgerlike ...***, pp.1-3.

201 Burgerlikebeskermingskorps, Vanderbijlpark, Inligtingstuk: pligte van die Versorgingskomitee, 1990.

202 G. Noge, Onderhoud, 20 Nov. 1990 (Departementshoof van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer).

203 D. Harrison, ***The white tribe of Africa ...***, pp.284,285; M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 (Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer); vgl. T.R.H. Davenport. ***South Africa a modern history***, p.440.

204 ***Vaalweekblad***, 4 Feb. 1977: berig; vgl. M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 (Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer).

Die vrese van die blanke gemeenskap is verder deur die verswakkende ekonomiese toestand van die land[205] en die vakbonde wat 'n al hoe belangriker rol in die ekonomie van die land gespeel het, versterk.[206]

Die maatreëls wat deur sommige van die blankes ingestel is om die apartheidsbeleid te behou, het ook nie gewerk nie.[207] Die probleem was egter dat die hervormings deur die Regering ook nie tevredenheid by swart en blanke groepe teweeggebring het nie. Die kultuuroptrede van die blankes is daarom gedurende die voorspoedstadium deur spanning gekenmerk.[208]

9.4 DIE POLITIEKE OMSTANDIGHEDE GEDURENDE DIE STABILISERINGSTADIUM, 1978-1992

Gedurende die stabiliseringstadium het die politieke beleid van die land 'n verdere negatiewe invloed op die blanke kultuurlewe in Vanderbijlpark gehad.[209] Dit was die negatiewe gevolge van die apartheidsbeleid, die verdere skeuring in die geledere van Afrikanerpolitiek, die ekonomiese en politieke krisis in Suid-Afrika, die buitelandse druk op Suid-Afrika se politieke beleid, isolasie en die negatiewe invloed van die swart verset op die blankes se kultuurvlak in Vanderbijlpark.

9.4.1 DIE NEGATIEWE GEVOLGE VAN DIE APARTHEIDSBELEID

Die apartheidsbeleid het ook tot swart verset in Vanderbijlpark en omgewing gelei. Die politieke beleid het aanvanklik gedurende die stabiliseringstadium swart weerstandsmagte onderdruk of gedwing om hul werksaamhede ondergronds te bedryf.[210] Dit het tot gevolg gehad dat Afrika toenemend vyandig teenoor Suid-Afrika opgetree en onafhanklike

---

205 G. Jaffee & K. Jochelson, "The fight to save jobs: union initiatives on retrenchment and unemployment", South African Research Service (ed.), ***South African review III***, pp.51,54.

206 ***Vaalweekblad***, 15 Apr. 1977: berig.

207 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

208 ***Vaalweekblad***, 1 Apr. 1977: berig.

209 T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.432; vgl. ***Vaalweekblad***, 2 Okt. 1984: berig.

210 C.V. Mutwa, ***Let not my country die***, p.194; G. Masitha, Onderhoud, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Afrikastate hul lidmaatskap en invloed in die VVO gebruik het om die wêreldmening teen Suid-Afrika te mobiliseer.[211]

Die buiteland het veral skerp kritiek teen Suid-Afrika uitgespreek na die opstande in Soweto.[212] Suid-Afrika is deelname aan sport en in verskeie internasionale liggame geweier as gevolg van sy apartheidsbeleid.[213] Die Kommunistiese lande het ook die bevrydingsbewegings in Suid-Afrika gesteun. Die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE) wou die Regering in Suid-Afrika omverwerp en 'n swart meerderheidsregering aan bewind stel.[214]

Gedurende die stabiliseringstadium het die OAE die Westerse lande se handelsbande met Suid-Afrika aangeval. In November 1977 het die VVO byvoorbeeld 'n verpligte wapenverbod teen Suid-Afrika aanvaar om sy apartheidsbeleid teen te werk.[215] Die internasionale druk het na 1978 vervolgens toegeneem en meer maatskappye is as gevolg van die binnelandse beleid uit Suid-Afrika en ook Vanderbijlpark onttrek.[216]

Die buitelandse druk het meegehelp om Suid-Afrika van die vroeëre beleid van "segregeer of sterf" na "aanpas of sterf" te laat beweeg en daarmee is verskeie interne hervormingsinisiatiewe deur die Regering aangebring.[217] Hierdie nuwe beleid van die NP het egter nuwe spanning, ook vir die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark, meegebring.[218]

---

211 J. Fisher, ***The Afrikaners***, p.349; vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid*** ..., p.43; T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.498; ***Vaalster***, 29 Mrt. 1985: berig.

212 T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, p.307; vgl. W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

213 T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.364; D.J. van Vuuren, et al., ***South Africa: a plural society*** ..., p.258; M. Meyer, Onderhoud, 20 Feb. 1994 {Bestuurder van die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, inligting in besit van die skrywer}.

214 T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, pp.296,297; Z.A. Ngwenya, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

215 K. Gottschalk, "State strategy and the limits of counter-revolution", G. Moss & I. Obery (eds.), ***South African review IV***, pp.497,498.

216 ***Vaalster***, 29 Mrt. 1985: berig.

217 R. Schrire, "White politics and the strategies in the 1990's", G. Maasdorp & A. Whiteside (eds.), ***Towards a post-apartheid future: political and economic relations in Southern Africa***, pp.11 et sqq.

218 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

9.4.2 DIE STIGTING VAN DIE KONSERWATIEWE PARTY (KP)

Die kultuuroptrede van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark is in 'n groot mate gedurende die laaste dekade deur die stigting van die KP beïnvloed.[219]

Die stigting van dié party het op 20 Maart 1982 plaasgevind. Dr. A.P. Treurnicht het tydens hierdie gebeure aangedui dat daar 'n herlewing van die politieke hart van 'n groot deel van die Afrikanervolk sou wees. In Augustus 1982, tydens die KP se eerste jeugkongres, het dr. Treurnicht getuig dat die KP oor 1 085 takke en oor afdelingsbesture in 90 kiesafdelings beskik het.[220]

Die KP het gemeen dat die Regering se nuwe bedeling tot mislukking gedoem is.[221] Dr. C.P. Mulder het gedurende 1985 in Vanderbijlpark gesê dat dit selfmoord sou wees om die stedelike swart man as 'n afsonderlike Suid-Afrikaanse groep in die Regering in te sluit. Die KP het dan ook teen die moontlikheid van swartes in die Parlement besluit.[222]

Hierdie gebeure het ook in Vanderbijlpark 'n invloed op die kultuursituasie van die gemeenskap gehad. Vir menige blanke Afrikaner was sy politiek 'n tradisie waarmee hy grootgeword het. Heelwat verwarring en selfs twis onder mede-Afrikaners het as gevolg van die skeuring in die politiek plaasgevind.[223]

In die verkiesing van 1987 het die KP en NP in Vanderbijlpark, soos in vele ander gemeenskappe, politieke swaarde gekruis.[224] Daar was in hierdie stadium sowat 23 500 geregistreerde kiesers in die kiesafdeling Vanderbijlpark. Die kiesafdeling het slegs 'n deel van Vanderbijlpark beslaan. Hierdie kieserskorps het hoofsaaklik uit fabriekswerkers en amptenare wat aan die fabrieke verbonde was, bestaan.[225]

---

219 ***Vaalster***, 29 Mrt. 1985: berig.

220 M.C. Smit, ***Die Konserwatiewe Party*** ..., pp.20-28.

221 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

222 ***Vaalster***, 12 Apr. 1985: berig.

223 ***Vaalster***, 12 Apr. 1985: berig.

224 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

225 ***Beeld***, 21 Apr. 1987: berig.

Die ekonomie, die hoë koste van munisipale dienste en werkloosheid was in hierdie verkiesing die grootste strydpunte gewees.[226] Dr. G. van N. Viljoen, die destydse Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp, het as die NP-Lid van die Parlement (LP) vir die kiesafdeling sy setel behou.[227]

Die NP-beheerde Stadsraad is tydens die munisipale verkiesing van 1988 ontsetel. Die KP-beheerde Stadsraad van Vanderbijlpark het gepoog om Vanderbijlpark tot elke prys as deel van die ou apartheidsorde te behou.[228] Die moontlikheid om die swart dorp, Bophelong, met sy inwonertal van sowat 22 000 uit die blanke dorp te verskuif, is byvoorbeeld deur hierdie Stadsraad bespreek.[229] Vir die KP-stadsraad met sy kiesers was die gedwonge verskuiwing gewens. Dit het vir hulle oor die behoud van die blanke gemeenskap gegaan.[230] Vanderbijlpark was egter deel van die groter land Suid-Afrika en die heersende politieke beleid het nog die laaste sê gehad.[231]

9.4.3 DIE EKONOMIESE EN POLITIEKE KRISIS IN SUID-AFRIKA

'n Verdere gevolg van die politieke beleid van Suid-Afrika was dat die kultuursituasie van die blankes sowel as die swart gemeenskap deur 'n swak ekonomiese toestand ontwrig is.[232] Die gevolg van die apartheidsbeleid was dat die Suid-Afrikaanse Regering sedert 1978 'n

---

226 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

227 ***Vaalster***, 15 Mei 1987: berig.

228 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

229 ***Beeld***, 7 Mrt. 1989: berig.

230 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

231 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

232 ***Vaalweekblad***, 24 Apr. 1987: berig; Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

ekonomiese en politieke krisis belewe het.[233] Die Regering het gepoog om te hervorm, dog sonder veel sukses.[234]

Die politieke krisis het na die tweede helfte van 1984 versleg.[235] Teen die einde van 1984 was dit duidelik dat die resessie begin knel en die ekonomie verder verswak het, sodat werkloosheid vinnig toegeneem het.[236]

Hierdie werkloosheid het veral ook in Vanderbijlpark en omgewing, met die baie nywerhede, 'n werklikheid geword.[237] Dit het tot ongekende frustrasie, veral onder die swart mense teenoor wetgewing wat teen die informele sektor gemik was, gelei.[238]

Gedurende die tagtigerjare is gemeen dat die Suid-Afrikaanse sakemanne al meer die teikens van terreurdade van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party / ANC-alliansie sou word.[239] Brigadier L.J. Erasmus van die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisiehoofkantoor het gewaarsku dat dié alliansie hom in daardie stadium voorgeneem het om die land se ekonomie te verlam.[240] Die frustrasie van die swart mense is ook deur die optrede van die buiteland gestimuleer. Dit het die verset van die swart mense verder verhoog.[241]

---

233 R. Schrire, "White politics and the strategies in the 1990's", G. Maasdorp & A. Whiteside (eds.), ***Towards a post-apartheid future*** ..., pp.10,11 et sqq.; ***Vaalweekblad***, 13 Mei 1987: berig.

234 G. Jaffee & K. Jochelson, "The fight to save jobs: union initiatives on retrenchment and unemployment", South African Research Service (ed.), ***South African review III***, p.52.

235 ***Rand Daily Mail***, 3 Sep. 1984: report.

236 J. Hyslop, "The impact of the ultra-right on South African politics", South African Research Service (ed.), ***South African review IV***, pp.394,395.

237 G. Hoffman, Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Hoofwerkebestuurder van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

238 ***Vaalweekblad***, 6 Sep. 1985: berig; vgl. R. Tomlinson & M. Addleson, ***Regional restructuring under apartheid: urban and regional policies in contemporary South Africa***, p.301.

239 ***Sowetan***, 8 August 1984: report.

240 ***Vaalweekblad***, 13 Mei 1987: berig.

241 ***City Press***, 2 Sep. 1984: report; vgl. P. Mashaile, 20 Onderhoud, Nov. 1990 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Foto 28: Stakings en boikotte het die sakelui beïnvloed.

Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

9.4.4 BUITELANDSE DRUK OP SUID-AFRIKA SE BELEID

Die buiteland wou die Suid-Afrikaanse Regering deur ekonomiese druk tot politieke hervorming dwing.[242] Sanksies is vervolgens teen Suid-Afrika ingestel, waarvan die omvattendste ekonomiese sanksies vanaf 1984 van krag was.[243] Dit het die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark ook armer gemaak.[244] Benewens sanksies het die buiteland ook 'n verbod op lenings aan en investering in die RSA geplaas. 'n Dubbele belastingstelsel is ook deur die Verenigde State van Amerika (VSA) aanvaar, wat beteken het dat Amerikaanse maatskappye in Suid-Afrika beide in Suid-Afrika en in die VSA belasting moes betaal.[245] Die gevolg hiervan was die onttrekking van buitelandse maatskappye en disinvestering, wat gelei het tot 'n duidelike verswakking van die Suid-Afrikaanse ekonomie.[246]

Die aanwending van disinvestering as 'n politieke wapen deur die buiteland teen Suid-Afrika het die kultuursituasie van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark ongetwyfeld geraak en die kultuurlewe onder groot spanning geplaas.[247] Baie mense het as gevolg van die optrede van die buiteland werkloos geraak.[248] Dit het gelei tot 'n verswakte ekonomie wat 'n vinnige verarmingsproses landswyd en plaaslik vir alle bevolkingsgroepe tot gevolg gehad het.[249] By die blankes het die ekonomiese agteruitgang hoofsaaklik 'n kultuurvervlakking tot gevolg gehad.[250] By die swart mense het die ekonomiese en politieke faktore hul

---

242 R.W. Bethlehem, ***Economics in a revolutionary society: sanctions and the transformation of South Africa***, p.253; H. Mashabela, ***Townships of the PWV***, p.1.

243 R.W. Bethlehem, ***Economics in a revolutionary society*** ..., p.253.

244 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

245 ***Sowetan***, 8 Aug. 1984: report.

246 R.W. Bethlehem, ***Economics in a revolutionary society*** ..., pp.171,176; G. Hoffman, Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

247 R.W. Bethlehem, ***Economics in a revolutionary society*** ..., p.113.

248 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

249 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

250 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

lewensgehalte verder verswak en 'n kultuurverandering teweeggebring.[251] Hongersnood en politieke opsweping tot massa-aksie was aan die orde van die dag en het mettertyd ook van die swart mense na die blankes oorgewaai.[252]

Dit het duidelik geword dat die teenrewolusionêre maatreëls van die Regering ook nie in Vanderbijlpark en die omgewing geslaag het nie.[253] Die Regering se wetgewing wat vir die instelling van swart plaaslike owerhede, behuisingstrusts, die African Bank en verskeie ander instellings voorsiening gemaak het, was ook nie in die Vaaldriehoek suksesvol nie.[254] Dit sou vir hierdie instellings jare neem om suksesvolle ekonomiese resultate te kon lewer. Die gevolg was dat die swart mense in Vanderbijlpark, saam met die res van die land se swart mense, openlik teen die apartheidsregime in verset gekom het.[255]

9.4.5 DIE SWART DORPSRADE

In die Vaaldriehoek was die swart dorpsrade ook 'n belangrike faktor wat verset by die swart mense uitgelok het, omdat die dorpsrade as pionne van die Regering gesien is. Nuwe tariewe vir noodsaaklike dienste is daarom ook deur die swart mense verwerp.[256] Die swart mense het gemeen dat die dorpsrade eerder die ekonomiese en politieke strewes van die inwoners sou kortwiek as bevoordeel.[257]

Die swart mense was nie bereid om plaaslike regering te aanvaar sonder dat hulle seggenskap in die sentrale regering van die land gehad het nie.[258]

---

251 ***Vaalweekblad***, 10 Nov. 1989: berig; G. Masitha, Onderhoud, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

252 ***Sowetan***, 8 Aug. 1984: report.

253 P. Mashaile, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

254 ***Sowetan***, 8 Aug. 1984: report.

255 ***Sowetan***, 8 Aug. 1984: report; ***Rand Daily Mail***, 3 Sep. 1984: report; P. Mashaile, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

256 H. Mashabela, ***Townships of the PWV***, pp.127,128.

257 ***Vaalweekblad***, 6 Sep. 1985: berig.

258 C.V. Mutwa, ***Let not my country die***, p.194.

9.4.6 DIE OPSTAND IN SEBOKENG GEDURENDE 1984

Tydens die aanloop tot die opstand in Sebokeng het die media 'n belangrike rol gespeel. Die media het die swak ekonomiese omstandighede van die swart mense beklemtoon.[259] Die verhoogde huishuur gedurende 1984 en die korrupsie van die swart plaaslike stadsraadslede van die Lekoa-stadsraad is deur die media as 'n rede vir verset aangevoer.[260] Met die opsweping van die swart opposisie moes sekere politieke doelwitte bereik word.[261] Koerante soos die ***City Press*** het die inwoners van Sebokeng-woonbuurte aangemoedig om nie te gaan werk nie.[262]

Tydens die Sebokeng-opstand wou die swart mense hulle probleme aan die blanke gemeenskap demonstreer.[263] Die doelstellings van hierdie verset in Sebokeng het die ANC se strategie vir magsoorname gedemonstreer.[264]

Die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark was bekommerd omdat dit vir hul voorgekom het of die vakbonde, wat die ANC gesteun het, 'n beleid van totale vernietiging van die ekonomie, gevolg deur magsoorname en nasionalisering van die belangrike ekonomiese instellings toegepas het.[265] Vir die ANC sou 'n politieke oorwinning die gevolg wees van 'n algemene ekonomiese, politieke en sosiale krisis wat deur openbare onrus veroorsaak is.[266] Hulle het gepoog om die Regering tot samesprekings te dwing wat op magsoorname moes uitloop.[267]

---

259 ***Sowetan***, 8 Aug. 1984: report.

260 ***Rand Daily Mail***, 3 Sep. 1984: report.

261 ***Sowetan***, 8 Aug. 1984: report.

262 ***City Press***, 2 Sep. 1984: report.

263 G. Masitha, Onderhoud, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

264 T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, p.14.

265 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}; vgl. D.S. McAlvany, "South Africa: survival or surrender", ***McAlvany Intelligence Advisor***, Sep. 1988, p.9.

266 K. Gottschalk, "State strategy and the limits of counter-revolution", G. Moss & I. Obery (eds.), ***South African review IV***, p.499.

267 J. Muller, "People's education and the National Education Crisis Committee", G. Moss & I. Obery, ***South African review IV***, p.18.

In Vanderbijlpark het die blanke gemeenskap die verset wat in Sebokeng digby Vanderbijlpark begin het, meegemaak.[268] Hierdie verset moes as voorbeeld dien van hoe die swart mense hul getalle-oormag en ekonomiese vervlegdheid as hulpmiddel tot verset teen die politieke beleid van Suid-Afrika kon gebruik.[269]

Nadat grootskaalse oproer op 3 September 1984 in Sebokeng begin het, is die swart woongebied deur oproermakers geteister en min werkers het na hul werke gegaan.[270] Petrolbomme is rondgeslinger en binne die eerste paar uur het ses mense gesterf.[271]

Vir die volgende jaar was die volgende tipe beriggewing 'n algemene verskynsel in die plaaslike koerante: "Op 13 September is die skade van die onluste alreeds op R30 miljoen beraam. 'n Maand na die uitbreek van die onluste is 1 079 mense reeds gearresteer."[272] Hierdie patroon van bloedige geweld en opstokery het voortgeduur totdat die vooruitstrewende Stadsraad van Lekoa ekonomies geknak het en op sy knieë gedwing is.[273]

Hierdie verset van 1984 het getoon op watter wyse die swart mense hul ekonomiese mag aangewend het om vir hulleself 'n beter politieke bedeling te bewerkstellig. Die huur- en onderwysboikot wat gedurende 1984 in Sebokeng begin het, was dus 'n ekonomiese en kulturele versetmiddel om politieke doelwitte te bereik.[274]

---

268 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

269 G. Masitha, Onderhoud, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

270 S. Mkhonto, Onderhoud, 2 Jul. 1991 {Hoof van Afrikatale, Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

271 ***Rand Daily Mail***, 3 Sep. 1984: report.

272 ***Vaalweekblad***, 6 Sep. 1985: berig.

273 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

274 Vgl. W. Ebersohn, "Vakbonde en die groeiende magsdilemma", ***Die Suid-Afrikaan***, no. 42, Des. 1992 - Jan. 1993, p.20.

9.4.7 *DIE INVLOED VAN DIE SEBOKENG-OPSTAND OP DIE KULTUURSITUASIE VAN DIE BLANKES IN VANDERBIJLPARK*

Vir die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark was die opstand in Sebokeng 'n traumatiese ervaring.[275] Hierdie opstand, wat 'n direkte gevolg van die politieke beleid van die land was, was geslaagd omdat die blanke gemeenskap, sonder dat hul dit agtergekom het, op arbeidsgebied feitlik volkome met die swart mense geïntegreer was. Die nywerhede was van die arbeid van die swart mense afhanklik.[276]

Hierdie verset van die swart mense het tot drastiese kulturele veranderinge onder die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gelei.[277] Werkloosheid, finansiële probleme, onsekerheid en ideologiese verwarring was waarneembaar.[278] Nie alleen het van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark verarm nie, maar die swart mense van Vanderbijlpark en omgewing was aan politieke opsweping oorgelewer wat vir die blankes op 'n onsekere voortbestaan gedui het.[279]

9.4.8 *MAATREëLS VAN DIE REGERING OM DIE VERSETPATROON TE BEëINDIG*

Na die opstand van 1984, het die Regering en die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gepoog om hervormings en die nodige verandering te bespoedig sodat die swart mense se besware geakkommodeer kon word.[280] Eerstens is daar gepoog om die verskillende volke

275 ***Vaalweekblad***, 6 Sep. 1985: berig.

276 G. Hoffman, Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

277 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

278 M.C. Swart, Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. W. Ebersohn, "Vakbonde en die groeiende magsdilemma", ..., p.20.

279 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

280 Vgl. C. Louw, "Van Kodesa na Stutterheim en terug?", ***Die Suid-Afrikaan***, no. 37, Feb.-Mrt. 1992, p.8; P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief op die implementering van die strategie vir nywerheidsontwikkeling*** (ongep. referate gelewer tydens 'n simposium oor "'n Nywerheidsperspektief op die implementering ven die strategie vir nywerheidsontwikkeling', Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO, Vanderbijlpark, 5-6 Jun. 1986), p.354; S. Gouws, Onderhoud, 7 Jun. 1992 {Viserektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; N. Mandela, ***Long walk to freedom*** ..., p.619.

se houding teenoor mekaar te verander deur 'n wellewendheid op persoonlike vlak, as vereiste vir gesonde volkeverhoudings, te kweek.[281] Daar is ook aan die blankes voorgehou dat dit die plig van die blankes is om toe te sien dat die nodige dienste en geriewe vir 'n menswaardige bestaan aan alle bevolkingsgroepe verskaf moes word.[282] Daar is byvoorbeeld beplan om bevredigende vervoerdienste tussen woon- en werksplek en geriewe in eie woongebiede vir onderwys, ontspanning en godsdiensoefeninge te voorsien.[283]

Vir heelwat blankes was die reeks hervormingstappe, waardeur etlike belangrike beginsels van die apartheidsbeleid omgekeer is, 'n verblydende en noodsaaklike vereiste vir vreedsame voortbestaan en die handhawing van kultuurregte.[284]

Nieteenstaande die groot groep blankes wat ten gunste van hervormings was, was daar regse ondersteuners in Vanderbijlpark teenwoordig wat besware teen die NP se hervormingsbeleid gehad het.[285] Ondanks die regse blanke se vrees vir verandering het die Regering van 1986 af op groot skaal met hervormings voortgegaan.[286] Die afskaffing van instromingsbeheer- en paswette en die herstel van die Suid-Afrikaanse burgerskap vir swart mense het die arbeidsopset van die nywerhede van Vanderbijlpark ietwat verbeter.[287]

Die verhouding tussen die blanke en swart gemeenskap is egter telkens geskaad deurdat die Regering genoodsaak was om noodmaatreëls vir die veiligheid van die swart gemeenskap in te stel.[288]

---

281 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

282 ***Vaalweekblad***, 10 Nov. 1989: berig; S. Gouws, Onderhoud, 7 Jun. 1992 {Viserektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

283 ***Vaalweekblad***, 25 Okt. 1983: berig; S. Gouws, Onderhoud, 7 Jun. 1992 {Viserektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

284 ***Vaalweekblad***, 6 Sep. 1985: berig.

285 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

286 C. Louw, "Van Kodesa na Stutterheim en terug?", ..., p.8; H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. Suid-Afrika Stigting, ***Beknopte feitebron, 1991***, p.6.

287 G. Hoffman, Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

288 G. Noge, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {Departementshoof van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

In die pogings van die Regering om te hervorm, is die beleid soms juis deur die buiteland, in hul teenaksies om hervormings te bespoedig, gekortwiek.[289] Die internasionale woede het ook opgevlam toe die SAW teenmaatreëls teen ANC-teikens in Botswana, Zimbabwe en Zambië uitgevoer het.[290]

Die nywerhede van Vanderbijlpark en die blanke werkers van YSKOR, wat 'n groot deel van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark uitgemaak het, is ook deur internasionale ekonomiese strafmaatreëls benadeel.[291] Hierdie strafmaatreëls wat teen die land ingestel is, was van die strengste wat nog ooit teen 'n nywerheidsland ingestel is. Dit het beslis heelwat blanke inwoners ekonomies verswak.[292] Die meeste van die swart mense is ook deur hierdie maatreëls benadeel en Inkatha het gedurende 1986 'n nuwe vakbondbeweging, naamlik die United Workers Union of South Africa (UWUSA), uit reaksie teen blanke dominansie gestig.[293] Nog 'n vakbondfederasie, die Congress of South African Trade Unions (COSATU), is met hierdie doel gestig.[294]

Die instelling van die eerste streeksdiensterade gedurende 1987, wat magsdeling op plaaslike regeringsvlak verteenwoordig het, moes onder meer die aggressie van die swart mense verminder. Die teendeel was egter waar, want die stakings en vernietiging van plaaslike strukture het steeds voortgeduur.[295]

Die vrylating gedurende 1988 van mnr. Govan Mbeki, 'n senior lid van die ANC-leierskap, het die verwagtinge van die swart mense laat toeneem. Hierdie verwagtinge is gerealiseer met die aanvaarding van die Wet op Vrye Vestigingsgebiede, wat vir rasgemengde grys

289 ***City Press***, 2 Sep. 1984: report.

290 J. Crest, "Mosambique since the Nkomat: accord", G. Moss & I. Obery (eds.), ***South African review IV***, pp.357-359; vgl. C. Louw, "Van Kodesa na Stutterheim en terug?", ..., p.8; ***Vaalweekblad***, 17 Nov. 1989: berig.

291 G. Hoffman, Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer; W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

292 J. Vlok, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {Voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer.

293 A. Fine, "Trends and developments in organisational labour", G. Moss & I. Obery, ***South African review IV***, pp.219,220; G. Hoffman, Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

294 A. Fine, "Trends and developments in organisational labour", ..., pp.220,221; ***Vaalster***, 7 Okt. 1988: berig.

295 ***Vaalster***, 7 Okt. 1988: berig.

woongebiede voorsiening gemaak het. Die indiening van die wetsontwerp by die Parlement vir onderhandelings met swart leiers oor 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika sou die kultuursituasie van die blankes sowel as van die swart gemeenskap totaal verander.[296]

Na 'n hewige verkiesingstryd tussen die blanke groepe het die NP egter na die 1989-verkiesing weer aan bewind gekom. Hiermee sou mnr. F.W. de Klerk 'n nuwe kultuuropset vir die verskillende bevolkingsgroepe van Suid-Afrika inlui.[297]

Die verdeelde blanke gemeenskap in Suid-Afrika en ook in Vanderbijlpark het hierdie tydperk met gemengde gevoelens binnegegaan.[298] President De Klerk het die weg vir onderhandelde veelpartydemokrasie in die plek van apartheid gestel. President De Klerk het in Februarie 1990 die ANC, PAC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) ontperk om in hierdie doel te slaag.[299] Baie lede van die blanke gemeenskap was depressief toe president De Klerk die vrylating van mense wat tronkstraf uitgedien het omdat hul aan verbode organisasies behoort het, aangekondig het.[300] Die afwagting van die vrylating van mnr. Nelson Mandela na 27 jaar het ook spoedig gerealiseer.[301]

Nadat die Regering egter in Mei 1990 met sy eerste formele samespreking met die ANC begin het, is hy deur die gebede van die meerderheid van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gedra.[302] Die Regering en die ANC het 'n werksgroep tot stand gebring om aanbevelings oor die definisie van politieke misdrywe, verlening van vrywaring, tydskale vir

---

296 C. Louw, "Van Kodesa na Stutterheim en terug?", ..., p.8; vgl. P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief op die implementering*** ..., p.354; vgl. ***Vaalster***, 7 Okt. 1988: berig.

297 W. de Klerk, ***Die man en sy tyd: F.W. de Klerk***, p.16; ***Vaalweekblad***, 17 Nov. 1989: berig.

298 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}; W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. C.M. Nel, "Wit-swart kommunikasie onder verskillende houdingstoestande", ***Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie***, vol. 20, 1989, p.39.

299 W. de Klerk, ***Die man en sy tyd*** ..., pp.112,113; W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

300 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

301 W. de Klerk, ***Die man en sy tyd*** ..., pp.17,18.

302 L.J. van der Walt, 15 Jun. 1991 {Gereformeerde predikant van Vanderbijlpark-Suid, inligting in besit van die skrywer}.

vrylating van politieke gevangenes en wysiging van veiligheidswetgewing te doen.[303] Die resultaat was dat die Inkatha-vryheidsparty in 'n nierassige politieke party omskep is.[304]

Vir die meeste blankes in Vanderbijlpark het die realiteit van die einde van die apartheidsideologie 'n werklikheid geword. Vir die blanke gemeenskap was die afskaffing van aparte geriewe gedurende Junie 1990 slegs 'n formaliteit.[305] Die swart sowel as die blanke gemeenskap het president De Klerk vir sy hervormingsbeleid geloof. Die ANC het in hierdie stadium ingestem om sy wapenstryd van 30 jaar op te skort en om so spoedig moontlik na 'n onderhandelde skikking te beweeg.[306]

In hierdie stadium het dit egter voorgekom asof verdeeldheid in die blanke gemeenskap verder verdiep het. Hierdie verwydering is gedurende September 1990 verder versterk toe die NP-lidmaatskap vir alle bevolkingsgroepe oopgestel is.[307] Die verwarring en depressiewe opset van die regse blanke groep is vererger nadat die Regering drie onderwysbestuursmodelle ingestel het wat die weg vir nierassige onderwys sou baan.[308]

Die verdeeldheid tussen die blanke groepe in Vanderbijlpark is ook deur die onmin tussen die ANC en die Inkatha-vryheidsparty gestimuleer, omdat uiteenlopende oplossings vir die situasie uit die verskillende kampe aan die orde was. Nadat die adjunkpresident van die ANC, mnr. Nelson Mandela, en die leier van die Inkatha-vryheidsparty, dr. Mangosutho Buthelezi, gedurende 1991 ooreengekom het om vyandelikhede te staak, het geweld egter steeds voortgeduur.[309] Die Regering het egter met die proses van demokrasie voortgegaan en gedurende Februarie 1991 met die politieke leiers van ses selfregerende gebiede vergader. Tydens hierdie vergadering is 'n voorgestelde veelpartykonferensie bespreek.

303 C. Louw, "Van Kodesa na Stutterheim en terug?", ..., p.8.

304 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; C. Louw, "Van Kodesa na Stutterheim en terug?", ..., p.8.

305 T. van der Walt, ***Report on the Vaal Triangle 1984 disturbances***, p.9; S. Gouws, Onderhoud, 7 Jun. 1992 {Viserektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

306 W. de Klerk, ***Die man en sy tyd*** ..., p.17; P. Mashaile, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

307 J. Kilian, Onderhoud, 10 Nov. 1992 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

308 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

309 Z.A. Ngwenya, Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; J. Kilian, Onderhoud, 10 Nov. 1992 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

Hierdie samesprekings het daartoe gelei dat die Wysigingswet op Arbeidsbetrekkinge van 1991 as eerste na-apartheidstatuut bestempel is, en gedurende April 1991 na driehoekige onderhandelings tussen georganiseerde arbeid, die private en die owerheidsektor verander is. Die wette op swart grondbesit, groepsgebiede en ander diskriminerende maatreëls rakende grondbesit is in Junie 1991 herroep met aanvaarding van die Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondbesitmaatreëls. Die Parlement het ook die Wet op Bevolkingsregistrasie geskrap waarkragtens alle Suid-Afrikaners sedert 1950 volgens ras geklassifiseer is.[310]

Die meeste van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark het hul tot 'n demokratiese proses gekondisioneer. Hierdie blankes het besef dat die maatreëls deur die Regering noodsaaklik was vir die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark se voortbestaan. Hierdie blankes kon die swart mense se vreugde begryp toe mnr. O. Tambo in Julie 1991 as die ANC se nasionale Voorsitter, mnr. Nelson Mandela as die vanselfsprekende nuwe President van die ANC met mnr. Walter Sisulu as Adjunkpresident en mnr. Cyril Ramaphosa as Sekretaris-generaal, verkies is.[311]

Hoewel die regse blanke groep in Vanderbijlpark steeds gepoog het om hervormings teen te staan, het die blanke ondersteuners van die Regering in Vanderbijlpark die resultaat van die hervormings en maatreëls aanvaar.[312] Die regeringsondersteuners het besef dat die hervormings daar toe gelei het dat:

- Suid-Afrika se lidmaatskap van die Internasionale Olimpiese Komitee herstel is; en dat die VSA die federale sanksies teen Suid-Afrika formeel laat vaar het met die skrapping van omvattende anti-apartheidswette en sodoende die weg vir moontlike regstappe om Amerikaanse staats- en plaaslike sanksiewetgewing te beëindig, voorberei het.[313]

- Die blankes se verwagtinge vrugte afgewerp het met president Bush se besluit om die vlak van ekonomiese bystand aan Suid-Afrika tot 80 miljoen dollar per jaar te

---

310 Vgl. D.J. van Vuuren et al., ***South Africa: a plural society*** ..., p.47; C. Louw, "Van Kodesa na Stutterheim en terug?", ..., p.8.

311 N. Mandela, ***Long walk to freedom*** ..., p.709; J. Kilian, Onderhoud, 10 Nov. 1992 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

312 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}; J. Kilian, Onderhoud, 10 Nov. 1992 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

313 ***Rapport***, 9 Aug. 1992: berig; vgl. C. Louw, "Van Kodesa na Stutterheim en terug?", ..., p.8.

verdubbel. Die wêreld se sewe vernaamste nywerheidslande het ook in hierdie stadium beloof om Suid-Afrika te help om sy ekonomiese groei te herstel en hul bystand na projekte vir die uitbreiding van 'n maatskaplike infrastruktuur te kanaliseer.[314]

9.4.9 SAMEVATTING

Die invloed van die politieke beleid op die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark was omvattend.[315] Hierdie invloed is veroorsaak omdat die politieke opstand van die tagtigerjare en die gepaardgaande huur- en verbruikersboikotte die staat se politieke bestuur, in die oë van die gemeenskap, gewoon in die duie laat stort het.[316]

Die rede vir die swart mense se verset het tot die blankes deurgedring. Hulle het begin besef dat daar 'n wanbalans tussen die inkomste van blankes met 'n hoë lewenstandaard en dié van die swart mense met 'n veel laer inkomstevlak bestaan het.[317] Baie blankes het besef dat die voortsetting van hierdie inkomstegaping nie sonder groot skade vir Suid-Afrika en vir 'n gesonde rasseverhouding sou plaasvind nie.[318]

Dit het ook mettertyd tot blankes in Vanderbijlpark deurgedring dat die politieke omgewing totaal anders in die nuwe Suid-Afrika sou wees. Daar is besef dat die verkose politieke rolspelers nie noodwendig almal persone sou wees wat aan die blanke gemeenskap in Suid-Afrika bekend is nie. Die rolspelers sou dus nie noodwendig vertroud wees met en simpatiek staan teenoor die voorkeure wat deur blanke Suid-Afrikaners vertroetel is nie.

---

314 ***Rapport***, 9 Aug. 1992: berig; A.F. Steyn, "Verstedeliking: 'n uitdaging vir die RSA", ***Aambeeld***, vol. 17, no. 2, Nov. 1989, pp.19,20; J. Kilian, Onderhoud, 10 Nov. 1992 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}; vgl. C. Louw, "Van Kodesa na Stutterheim en terug?", ..., p.8.

315 Vgl. M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

316 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; G. Masitha, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

317 ***Rapport***, 9 Aug. 1992: berig; Z.A. Ngwenya, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

318 J. Kilian, Onderhoud, 10 Nov. 1992 {Stedsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}; ***Rapport***, Aug. 1992: berig.

Blankes het besef dat die Afrikaners se geskiedenis in die land nie noodwendig almal se geskiedenis is nie.[319]

Die blanke samelewing se kultuuropset moes noodgedwonge by ander kulture aanpas. Die swart werkers sou mettertyd nie net vir hul arbeid beskikbaar wees nie, maar sou ook deel hê aan die ander kultuurprodukte van die blanke gemeenskap. Hierdie nuwe kultuuromstandighede was vir baie blankes moeilik aanvaarbaar.

Die blanke gemeenskap het die nuwe politieke situasie wat ontstaan het, ekonomies sowel as emosioneel as kultuurvreemd ervaar. Daar was vervolgens nie net skade in rand en sent gemeet nie, maar die lewensverlies en veral die verlies aan onderlinge verhoudinge en wedersydse vertroue tussen blankes en swart mense is ook geweldig geskaad.[320]

Die oorgrote gedeelte van die blanke gemeenskap was, nieteenstaande die feit dat hulle positief oor die toekoms was, tog bekommerd oor die nuwe sosiale sisteme wat noodwendig sou moes ontwikkel om die lewensgehalte vir alle bevolkingsgroepe in die land op 'n gelyke peil te kon bring. Dit is egter ook so dat die regse blanke groepe in Vanderbijlpark se houding teenoor die nuwe status van swart mense negatief was.[321]

Die kultuuraksies van die blankes is deur depressiewe optredes gekenmerk. Noodwendig het die verskillende opinies oor die voortbestaan van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark tot politieke verdeeldheid gelei. Hierdie politieke verdeeldheid onder blankes het na elke lewensterrein deurgewerk. Baie blankes het intense spanning ervaar en die vraag is gestel of daar werklik 'n kans op Afrikanersamehorigheid en -eenheid was.[322]

Nog 'n kultuurprobleem vir blankes in Vanderbijlpark was dat die witman, die Asiër en die Kleurling reeds op 'n suksesvolle wyse 'n verstedelikte lewenswyse ontwikkel het. Dit is as een van die grootste uitdagings beskou om die swart mense na 'n welvarende stedelike

---

319 Vgl. G. Noge, Onderhoud, 20 Nov. 1990 {Departementshoof van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; W. de Klerk, ***Die man en sy tyd*** ..., p.176; ***Rapport***, 9 Aug. 1992: berig; vgl. M.P. Taute, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

320 T. van der Walt, ***Report on the Vaal Triangle 1984 disturbances***, p.56.

321 W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. C.M. Nel, "Wit-swart kommunikasie onder verskillende houdingstoestande", ..., pp.38,39.

322 J. Kilian, Onderhoud, 10 Nov. 1992 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

leefwyse oor te skakel.[323] Dit het dus tot die samelewing van Vanderbijlpark deurgedring dat dit onmoontlik was om 'n ideale samelewing oornag tot stand te bring.[324]

9.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING

Die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark is in 'n groot mate gedurende al drie stadiums deur die politieke beleid van die Regering van Suid-Afrika beïnvloed.

Gedurende die vestigingstadium was die politieke beleid daarop ingestel om die blankes se kultuurontwikkeling apart van die swart mense te laat plaasvind. Dit het meegehelp tot verdere beleëring van die blankes se kultuurprodukte.

Gedurende die voorspoedstadium het die Regering die blankes se kultuurontwikkeling verder beskerm. Die beleid het egter nie net voordele maar ook nadele vir die blankes se kultuur ingehou. Die beleid was voordelig omdat die blankes se kultuurprodukte in 'n beskutte, welvarende milieu kon ontwikkel.

Dit was egter ook nadelig vir die blankes se kultuur dat blanke en swart gemeenskappe van mekaar geïsoleer geraak het. Die gebrek aan kontak het tot wantroue en agterdog gelei en dit het tot gevolg gehad dat sommige blankes hul kultuur net verder beleër het. Daar het mettertyd verdeeldheid in die blanke groepe in Vanderbijlpark ontstaan. Die een groep het wegbeweeg van apartheid, terwyl die ander groep hul kultuur beleër en verandering teengestaan het.

Gedurende die stabiliseringstadium het die politieke beleid van die land dus 'n negatiewe invloed op die kultuurontwikkeling van die verdeelde blankes in Vanderbijlpark gehad.

Die swart mense se verset teen die politieke beleid van die land het tot sommige blankes begin deurdring. Blankes het begin besef dat daar 'n wanbalans tussen die inkomste van blankes met 'n hoë lewenstandaard en dié van die swart mense met 'n veel laer inkomstevlak is.

---

323 Vgl. A.F. Steyn, "Verstedeliking: 'n uitdaging vir die RSA", ..., p.20.

324 J. Kilian, Onderhoud, 10 Nov. 1992 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}; vgl. W. de Klerk, ***Die man en sy tyd*** ..., p.16.

Hulle het ook besef dat die beleërdekultuur-optrede, met die gevolglike voortsetting van die inkomstegaping, nie sonder groot skade vir die blankes se kultuurvlak volgehou kon word nie.

---oOOo---

SLOT

DIE RESULTAAT VAN KULTURELE ONTWIKKELING IN VANDERBIJLPARK

1. INLEIDING

Met hierdie navorsing is bevind dat die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gedurende die tydperk 1942-1992 deur omvangryke kultuurorganisering op die verskillende kultuurterreine gekenmerk is.

Soos in die inleiding gestel, is die navorsing bemoeilik aangesien die begrip kultuur moeilik definieerbaar is. Daar is egter gepoog om die begrip kultuur omvattend te ontleed. Die resultaat bevestig die hipotese dat kultuur abstrak en moeilik statisties meetbaar is, omdat dit oor die geestelike aktiwiteite en lewenstyl van die mens handel. Daarbenewens toon hierdie studie dat kultuur ook te make het met die aard en idees van die blanke gemeenskap, wat in hul aktiwiteite op die verskillende kultuurterreine na vore getree het.[1] Dié kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap het in drie stadiums uiteengeval: die vestiging- (1942-1959), die voorspoed- (1960-1978) en die stabiliseringstadium (1979-1992).

In hierdie slothoofstuk word die resultaat van hierdie kultuurorganisering op die onderskeie kultuurterreine aangetoon.

2. DIE EKONOMIE

Die ekonomie het 'n belangrike rol in die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark gespeel. Kultuurorganisering op ekonomiese gebied het gedurende die vestiging-, voorspoed- en stabiliseringstadium op 'n grootskaalse wyse plaasgevind en Vanderbijlpark een van die vooruitstrewendste dorpe in Suid-Afrika gemaak.

Gedurende die vestigingstadium, 1942-1959, is die kultuurvlak van die blanke gemeenskap in 'n groot mate deur grootskaalse investering, industrialisering en gevolglike goeie ekonomiese toestande gestimuleer. Die jong ontwikkelende nywerheidstad het met die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR) se plaatwalsery die ekonomiese ontwikkeling in die gebied gestimuleer en verwante staalbedrywe na Vanderbijlpark

---

1 Kyk inleiding, pp.15 e.vv.

gelok, sodat groot getalle werksgeleenthede geskep is.[2] Die YSKOR-werke het inderwaarheid omvangryke werksgeleenthede aan die verarmde plattelandse Afrikaners en Europese immigrante gebied. 'n Kulturele infrastruktuur is ook geskep. Hierdie infrastruktuur het byvoorbeeld die beplanning van die sakesentrum, die ontwikkeling en bemarking van handels- en nywerheidsbelange en genoegsame behuising vir blankes in Vanderbijlpark ingesluit.[3] Die beskikbare goedkoop arbeid van die swart mense het 'n belangrike bydrae tot die totstandkoming van die infrastruktuur van Vanderbijlpark gelewer.[4]

Die resultaat van die ekonomiese stimulasie gedurende die vestigingstadium was dat die meeste van die blankes na 'n hoër ekonomiese, en gevolglik ook 'n hoër kultuurvlak, kon beweeg. Die omstandighede het die blanke se kultuurontwikkeling dus bevorder

Kultuurorganisering op die ekonomiese terrein gedurende die voorspoedstadium, 1960-1978, het die blanke kultuurvlak verder opgehef. Dit is deur middel van individue, instansies, organisasies, verenigings en nyweraars voltrek. Die infrastruktuur van Vanderbijlpark is uitsluitlik tot voordeel van die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap aangewend.[5]

Gedurende die laat sewentigerjare is daar byvoorbeeld 10 000 huise, 3 500 woonstelle, 92 publieke geboue, 100 handelsgeboue, ses hotelle en 50 nywerheidsgeboue in Vanderbijlpark ontwikkel en voltooi.[6] Die blanke sakelui en ander rolspelers kon gevolglik 'n belangrike rol in die ekonomiese ontwikkeling van Vanderbijlpark speel.[7]

YSKOR het, met sy uitbreidingsprogramme wat op 'n jaarlikse produksie van ses miljoen ton staal gestel was, 'n positiewe ekonomiese klimaat vir sy werknemers geskep.[8] Die YSKOR-

---

2 ***Vereeniging News***, 4 Jun. 1949: report.

3 Vanderbijl Park Estate Company (VESCO), Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of a special Board meeting, 20 Jul. 1950.

4 ***Vereeniging News***, 8 Oct. 1949: report; vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek na die stede en ander opstelle***, p.165.

5 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Oct. 1972: report; vgl. F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ***Volkshandel***, vol. 26, no. 8, Okt. 1965, p.17.

6 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Oct. 1972: raport.

7 Anon., "The massive Vaal Triangle: a fountainhead of industry on a mighty river", *South African Municipal Magazine*, vol. 46, no. 567, Dec. 1964, pp.6-8; kyk hoofstuk 1, p.49.

8 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 Jul. 1973: report.

werke het dus tot gevolg gehad dat die munisipale waardasie van die dorp binne drie jaar van R6,5 miljoen tot meer as R43 miljoen gestyg het.[9]

Kultuurorganisering wat gedurende die stabiliseringstadium, 1979-1992, op ekonomiese gebied plaasgevind het, is toenemend deur die politieke beleid van die land beïnvloed.

Die eensydige politieke beleid van Suid-Afrika het in hierdie stadium 'n nadelige invloed op die ekonomie gehad. Swart mense het byvoorbeeld geweier om huur vir swak geboude huise te betaal.[10] Buitelandse druk en binnelandse verset het tot die swak ekonomiese omstandighede gelei. 'n Onaanvaarbare hoë inflasiekoers het teen die einde van 1984 die ekonomie in 'n resessie gedompel.[11] Na 1984 het die fabrieksproduksie gedaal, wat baie mense werkloos of sonder oortydvergoeding gelaat het.[12] Gevolglik het die koopkrag van Vanderbijlpark se blanke gemeenskap verswak. Werkloosheid in die dienstesektor het ook toegeneem wat weer 'n verdere negatiewe invloed op die ekonomiese ontwikkeling gehad het.[13] Hierdie omstandighede het gevolglik die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap benadeel.

3. MAATSKAPLIKE SORG EN WELSYN

Op die terrein van maatskaplike sorg en welsyn is ook gepoog om die kultuurontwikkeling van die blankes te bevorder.

Maatskaplike sorg en welsyn het reeds gedurende die vestigingstadium, 1942-1959, in Vanderbijlpark plaasgevind, omdat die Afrikaners nie op die kultuurskok van verstedeliking voorbereid was nie. Die immigrante het ook voor aanpassingsprobleme in 'n nuwe vaderland te staan gekom.[14]

Maatskaplike sorg het deur middel van kultuurorganisering oor 'n wye front in Vanderbijlpark plaasgevind. Individue, instansies, organisasies en verenigings het aan hierdie

---

9 F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ..., pp.17-21.

10 ***Vaalster***, 14 Nov. 1986: berig.

11 H. Mashabela, ***Townships of the PWV***, p.128; vgl. Suid-Afrika Stigting, ***Beknopte feitebron, 1991***, pp.25-28; kyk ook hoofstuk 1, p.75.

12 ***Vaalweekblad***, 25 Okt. 1983: berig.

13 ***Vaalweekblad***, 25 Okt. 1983: berig; kyk hoofstuk 1, p.76.

14 Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ***Municipal Affairs***, vol. 28, no. 329, Jan. 1963, pp.11,14.

kultuurorganisering deelgeneem.[15] YSKOR het byvoorbeeld fasiliteite vir sport en ontspanning opgerig. Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy (VESCO) moes 'n goed beplande dorp ontwikkel. YSKOR se Welsynafdeling het die inwoners in hul aanpassingsprobleme bygestaan.

Daar is egter reeds gedurende die vestigingstadium probleme met die organisering van maatskaplike sorg en welsyn ondervind. Die belangrikste probleem was die groot verskeidenheid bevolkingsgroepe wat in Vanderbijlpark woonagtig was. Die Europese immigrante wat 'n nuwe heenkome na die Tweede Wêreldoorlog gesoek het, en die Afrikaners wat meestal 'n beleërde kultuur beoefen het, se kultuuraktiwiteite was meestal nie met mekaar versoenbaar nie. Die waarneming is dat die dienste van die welsynorganisasies gedurende die vestigingstadium wel die kultuurvlak van die blanke gemeenskap bevoordeel het.

Gedurende die voorspoedstadium, 1960-1978, was daar steeds in Vanderbijlpark, as nywerheidstad, 'n behoefte aan welsynorganisasies. Hierdie tendens dui daarop dat die blanke gemeenskap nie die kultuurskok van verstedeliking na die nywerheidsomgewing sonder professionele hulp kon hanteer nie. Die ekonomiese voorspoed het ook 'n afbrekende invloed op die leefwyse van sommige van die verstedelikte blanke inwoners van Vanderbijlpark gehad.[16]

Die voorvalle van permissiewe sosiale omstandighede wat ontstaan het, het veroorsaak dat daar op 'n georganiseerde wyse maatreëls vir die behoud van 'n gesonde kultuurvlak ingestel moes word. Welsynorganisasies was byvoorbeeld genoodsaak om, benewens hul gewone take, ook doelbewuste opvoedingswerk te onderneem om die inwoners tot geestelike volwassenheid te lei.[17] YSKOR het daarom gedurende 1967 uitgebreide maatskaplike sorg aan sowat 70% van die inwoners van Vanderbijlpark gelewer.[18]

Nieteenstaande die negatiewe invloed wat die ekonomiese voorspoed op sommige inwoners se kultuurvlak gehad het, was daar ook positiewe invloede waarneembaar. Daar kon byvoorbeeld voldoende fondse vir die vele organisasies wat maatskaplike sorg gelewer het, gevind word.

Verskeie blankes het gedurende die stabiliseringstadium, 1979-1992, maatskaplike sorg nodig gehad. Dit is in 'n groot mate veroorsaak deur die politieke beleid van die land, wat tot 'n

15 Kyk hoofstuk 2, p.94.

16 Kyk hoofstuk 2, p.108; vgl. H.A. du Plessis, ***'n Didakties-pedagogiese ondersoek na toestande rakende die akademiese opleiding van ingenieurstegnici: met spesiale verwysing na toestande in die Vaaldriehoek*** (ongep. D.Ed.-proefskrif, UOVS, 1974), p.14.

17 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike Dienste van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), inligting in besit van die skrywer}.

18 Kyk hoofstuk 2, p.109.

verswakte ekonomie gelei het. Baie blankes is verarm, wat noodwendig tot 'n verandering in hul kultuurvlak gelei het.[19]

Daar moes noodgedwonge maatreëls ingestel word om die kultuurvlak van die blanke gemeenskap te handhaaf. Welsynorganisasies was genoodsaak om 'n Koördinerende Welsynsraad te stig, sodat hul fondse meer doeltreffend aangewend kon word.[20] Die rede hiervoor was die toenemende vraag na die dienste van welsynorganisasies in Vanderbijlpark.[21] Daar is 'n groter behoefte aan fondse ondervind, wat nie meer so geredelik beskikbaar was nie. Dit het noodwendig die gehalte van die dienste benadeel.

4. DIENSORGANISASIES

Die kultuurorganisering op hierdie kultuurterrein was hoofsaaklik op die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark se behoeftes ingestel met die doel om die blanke se kultuurvlak te beskerm en te verbeter.

Kenmerkend van die kultuurorganisering gedurende die vestigingstadium, 1942-1959, was dat daar genoegsame fondse vir dienslewering aan die blanke gemeenskap gevind kon word. Die kulturele ontwikkeling van die blanke inwoners het aanvanklik ook in 'n groot mate by die dienslewering van YSKOR as hoofwerkgewer baat gevind. YSKOR het byvoorbeeld oor genoegsame fondse beskik om vir infrastruktuurdienste soos dorpsuitleg, behuising en geriewe vir sport en ontspanning voorsiening te maak.[22]

Die dienslewering van die blanke gemeenskap is verder deur die Gesondheidskomitee wat deur VESCO ondersteun is, aangevul. Vanaf 1952 het die Stadsraad egter munisipale status ontvang en verantwoordelikheid vir alle munisipale dienste in Vanderbijlpark oorgeneem.[23]

Gedurende die voorspoedstadium, 1960-1978, is dienslewering in Vanderbijlpark deur die voorspoed van die kragtige ekonomiese groei op 'n hoë vlak geplaas. Kultuurorganisering is op

19 ***Vaalweekblad***, 25 Mei 1984: berig; vgl. W. Sussman, Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, inligting in besit van die skrywer}.

20 Kyk hoofstuk 2, pp.113,114.

21 ***Vaalweekblad***, 16 Jun. 1989: berig; ***Vaalster***, 15 Nov. 1989: berig.

22 Anon., "New city of steel: the Iscor Works at Vanderbijlpark", ***South African Engineer***, vol. 30, no. 361, Jun. 1948, pp.7-11.

23 J. Ryan (ed.), ***Official South African municipal yearbook, 1952-1953***, p.305; Vaal Teknorama, Vereeniging, F.A.V. Day newspaper cuttings, 14 Jun. 1952 - 6 Mar. 1953, ref. no. 03/3219, ***Rand Daily Mail***, 18 Jul. 1952; kyk hoofstuk 3, pp.135,136.

'n wye front uitgevoer om daarmee die kultuurverskeidenheid van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark van diens te wees.[24] Die nodige fondse kon vir ontwikkeling gevind word, en gevolglik kon 'n verskeidenheid diensorganisasies gedurende hierdie tydperk ontstaan of verder ontwikkel word.[25] Hierdie groot hoeveelheid diensorganisasies het meegewerk om die ideaal van dr. H.J. van der Bijl te verwesenlik. Dit was om 'n goedontwikkelde nywerheidstad, met 'n hoë kultuurvlak, tot stand te bring.[26]

Die resultaat van die kultuurorganisering op hierdie terrein was voordelig vir die blanke se kultuurontwikkeling. Dit het egter ook opgeval dat die kultuurprodukte wat deur dienslewering gedurende die voorspoedstadium in Vanderbijlpark beskikbaar gestel is, nie aan die swart mense beskikbaar gestel is of aan hul kultuurbehoeftes voldoen het nie.

Kultuurorganisering op hierdie kultuurterrein gedurende die stabiliseringstadium, 1979-1992, is nadelig deur verskillende faktore, soos politieke omstandighede, beïnvloed. Die plaaslike bestuur van Vanderbijlpark is byvoorbeeld verpolitiseer nadat die Konserwatiewe Party (KP) gedurende 1988 die plaaslike bestuur in Vanderbijlpark oorgeneem het.

Dienslewering is ook deur die verswakte ekonomiese posisie van die blanke inwoners van Vanderbijlpark gekortwiek. Die Stadsraad kon byvoorbeeld nie munisipale tariewe en belasting verhoog nie, omdat die blanke inwoners se finansiële posisie in Vanderbijlpark oor die algemeen verswak het.[27]

Dienslewering is verder ook benadeel deurdat die blanke besighede deur verbruikersboikotte en optogte van die swart mense groot verliese gely het. Die Stadsraad moes ten tye van die optogte hoë koste vir veiligheidsmaatreëls aangaan.[28] Kleiner diensorganisasies se werksaamhede is totaal ontwrig deur die swak ekonomiese omstandighede van die dorp.[29]

---

24 Vgl. E. van Heerden, "Ons staalstad langs die Vaal: Vanderbijlpark is mondig", ***Huisgenoot***, vol. 42, no. 2226, 20 Nov. 1964, pp.48-51,54.

25 Kyk hoofstuk 3, pp.135,136.

26 Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 22 Jun. 1978 - 3 Jul. 1978, vol. 47: minute, 22 Jun. 1978.

27 ***Vaalster***, 14 Jun. 1991: berig; C. Beukes, Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

28 Kyk hoofstuk 3, pp.144,145.

29 Kyk hoofstuk 3, p.147.

Kultuurorganisering op hierdie terrein is gedurende die stabiliseringstadium nie slegs tot voordeel van die blanke kultuurontwikkeling aangewend nie. Die gehalte van dienslewering het gedaal en tot gevolg gehad dat daar 'n daling van sommige blanke inwoners se lewenstandaard was. Die kultuurprodukte en dienste wat die blanke eksklusief vir homself wou behou, is gedurende die stabiliseringstadium bedreig en selfs soms deur die swart mense vernietig.

5. GESONDHEIDSDIENSTE

Gesondheidsdienste is 'n belangrike komponent in die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark. Daar is naamlik van die standpunt uitgegaan dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees huisves.[30]

Die ekonomie het hierdie dienste gedurende die vestigingstadium, 1942-1959, voordelig beïnvloed, want voldoende fondse was beskikbaar sodat individue, instansies en organisasies tot voordeel van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark se openbare gesondheid opgetree het. Binne hierdie struktuur het die dienste van YSKOR se Mediese Bystandsfonds en die Gesondheidskomitee van Vanderbijlpark 'n belangrike rol gespeel.[31] Daarbenewens was Vanderbijlpark se blanke inwoners bevoorreg om reeds gedurende 1950 'n hospitaal in gebruik te neem.[32]

Die kultuurorganisering op hierdie terrein het 'n voordelige invloed op die gesondheid, en dus ook op die kultuurontwikkeling, van die blanke gemeenskap gehad, omdat dit vir 'n hoë gesondheidspeil, gelukkige bevolking en 'n produktiewe werkersgemeenskap gesorg het.

Gesondheidsdienste gedurende die voorspoedstadium, 1960-1978, is sterk deur die nywerheidsontwikkeling in Vanderbijlpark gestimuleer. Die Gesondheidsdepartement se jaarlikse begroting het getoon dat daar 'n groot groei in die omvang van sy werksaamhede was. Gevolglik kon dié Departement voorkomende dienste lewer, en só openbare gesondheid op 'n hoë peil handhaaf.

Verenigings en organisasies kon, benewens hul gewone dienste, ook hul dienste uitbrei en selfs lesings en opleiding aan die gemeenskap verskaf. Soms is ook gepoog om die gesondheid van

---

30 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 10, 26 Nov. 1945.

31 Provinsie Transvaal, "Stigting van die Gesondheidskomitee Vanderbijl Park", proklamasie no. 187, ***Offisiële Koerant***, vol. 119, no. 1997, 24 Des. 1946, p.488; kyk hoofstuk 4, p.158.

32 Anon., "The Vanderbijl Park hospital opened by the Administrator of the Transvaal", ***Iscor News***, vol. 15, no. 5, May 1950, p.389.

die swart mense wat in Vanderbijlpark gewerk het op 'n hoë vlak te kry en te hou deur in die swart woonbuurte, Bophelong en Boipatong, gesondheidsdienste en opleiding te verskaf.[33]

Kultuurorganisering op die gebied van gesondheid van die gemeenskap het goeie resultate gelewer.[34] Alhoewel die invloed van kultuurorganisering op hierdie kultuurterrein op die kultuurvlak van die blanke gemeenskap moeilik meetbaar is, kan aanvaar word dat die gehalte van die dienste wat beskikbaar was tot 'n verhoging van die blanke se kultuurvlak gelei het.

Gesondheidsdienste in Vanderbijlpark het gedurende die stabiliseringstadium, 1979-1992, voor nuwe probleme te staan gekom. Die kultuurontwikkeling van die gemeenskap is in 'n toenemende mate deur die verswakte ekonomie beïnvloed, en het dikwels tot verswakte sosiale omstandighede gelei, wat weer in 'n toenemende mate die lewering van meer gesondheidsdienste vereis het.[35]

Daar is gepoog om die Gesondheidsdienste by die nuwe omstandighede in Vanderbijlpark aan te pas. Die Vighorprojek was daarop ingestel om die lewenstyl van die gemeenskap te verander, en het gepoog om die lewensgehalte van die gemeenskap van Vanderbijlpark in die veranderde omstandighede te verbeter.[36]

Kultuurorganisering wat gedurende die stabiliseringstadium op hierdie terrein plaasgevind het, kon as gevolg van die verswakte ekonomie nie altyd op dieselfde vlak gelewer word nie. Die resultaat wat byvoorbeeld met die Vighorprojek behaal is, was positief, maar vanweë die gebrek aan befondsing kon daar nie op 'n omvattende skaal met dié projek voortgegaan word nie. Baie ander gesondheidsorganisasies se dienste is gedurende die stabiliseringstadium ook deur 'n tekort aan fondse benadeel.[37]

6. SPORT EN ONTSPANNING

Doelstellings van hierdie kultuurterrein het by dié van die gesondheidsterrein aangesluit.[38]

---

33 Kyk hoofstuk 4, pp.173-175.

34 J.J. Schoeman, Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

35 Kyk hoofstuk 4, p.177.

36 Vighorprojek, Notule, 1 Des. 1988.

37 Vighorprojek, Notule, 28 Nov. 1986; ***Vaalweekblad***, 8 Feb. 1991: berig.

38 VESCO, Vanderbijlpark, VESCO accession, Minute of Board meeting no. 66, 1 May 1952.

Gedurende die vestigingstadium, 1942-1959, was die kultuurorganisering op hierdie kultuurterrein veral daarop toegespits om die blanke nywerheidsgemeenskap se lewensgehalte, deur die beoefening van sport en ontspanning te verhoog. Dr. Van der Bijl het byvoorbeeld in sy dorpsbeplanning vir terreine waar die gemeenskap hul vrye tyd kon deurbring, voorsiening gemaak.[39] Dit het YSKOR in staat gestel om die nodige infrastruktuur vir sport- en ontspanningsfasiliteite vir sy werknemers te tref.[40]

Namate dié nywerheidstad ontwikkel en gegroei het, het daar 'n toenemende behoefte vir deelname aan sport en ontspanning ontstaan. Vanderbijlpark is gedurende hierdie stadium ekonomies in staat gestel om in dié behoeftes te voorsien en die nodige grondslag vir die grootskaalse vestiging van sport- en ontspanningsgeriewe vir die blanke inwoners in Vanderbijlpark te lê.

Die ekonomie het ook gedurende die voorspoedstadium, 1960-1978, op hierdie kultuurterrein 'n voordelige invloed gehad. Verenigings, klubs en instansies kon uitbrei of nuwes kon gestig word.

Sport en ontspanning het in 'n toenemende mate 'n belangrike rol in die vryetydbesteding van die blanke gemeenskap gespeel en sodoende is hul lewensgehalte verbeter. Hiervan is die groot getal blankes wat aan rugby, gholf, tennis, korfbal, netbal, hokkie, atletiek, gimnastiek en watersport deelgeneem het, 'n bewys, en daar is ook baie sterk op afrigting gekonsentreer.[41] Gedurende die voorspoedstadium is die jong dogter en vrou ook bevoordeel, en het hulle in 'n toenemende mate in sport belanggestel. Hokkie, korfbal en netbal was gewilde damesportaktiwiteite in Vanderbijlpark.[42]

Die beoefening van sport en ontspanning het gedurende die voorspoedstadium 'n belangrike invloed op die kultuurontwikkeling van die blanke gesin gehad, want tot en met die voorspoedstadium is die organisering van sport en ontspanning uitsluitlik vir blanke deelname in Vanderbijlpark bedoel.[43] Die invloed wat hierdie soort kultuurorganisering gehad het, was dat dit, benewens die positiewe invloed op die kultuurvlak van die blanke, ook tot die isolasie van die blanke se sport en ontspanning in die internasionale gemeenskap gelei het.

---

39 ***The Star***, 6 Jul. 1981: report; kyk inleiding, p.33.

40 Anon., "Who plants a tree", ***Iscor News*** {supplement} vol. 16, no. 6, Jun. 1951, pp.1,2.

41 ***Vaalweekblad***, 11 Feb. 1977: berig.

42 ***Vaalweekblad***, 1 Apr. 1977: berig.

43 Kyk hoofstuk 5, p.205.

Nieteenstaande die groot hoeveelheid sport- en ontspanningsgeriewe is die blanke se deelname aan sport en ontspanning gedurende die stabiliseringstadium, 1979-1992, aan nuwe probleme blootgestel. Die verswakte ekonomiese omstandighede het die beoefening van sport gekortwiek omdat van die lede net nie meer finansiële verpligtinge ten opsigte van aktiewe sportdeelname kon bybring nie.

Die isolasie van Suid-Afrika op sportgebied het mettertyd 'n neerdrukkende invloed op die mededingingsvisie en deelname van sportlui gehad.[44] Dit het noodwendig deurgewerk na die werksaamhede van beheerliggame, owerheidsinstellings en private organisasies wat met die bestuur van ontspanning en sport gemoeid was.[45]

Die resultaat wat gedurende die stabiliseringstadium met kultuurorganisering op hierdie kultuurterrein bereik is, was ongetwyfeld nie positief nie. Die swart mense se optrede het die blanke, wat gewoond was om hul sport in isolasie te beoefen, verwar en ontstel. Die swart mense het aangedring op deelname, want daar is nie vir alle bevolkingsgroepe in Vanderbijlpark vir sport- en ontspanningsfasiliteite voorsiening gemaak nie.

Die invloed van hierdie veranderde omstandighede blyk uit reaksie van blankes wat aan 'n nuwe kultuurskok gelei het. Sport en ontspanning, as 'n belangrike faktor ten opsigte van die mens se geestestoestand en 'n barometer van die mens se lewensgehalte, het gedurende dié tydperk nie meer so doeltreffend gefunksioneer nie.

7. GEESTESGESONDHEID

Kultuurorganisering op hierdie terrein is in 'n groot mate suksesvol toegepas, omrede die geestesgesondheid van die blanke gemeenskap belangrik was vir die behoud van 'n gesonde gesinslewe, hoë produktiwiteit en 'n voorspoedige en gelukkige kultuurlewe.[46]

Sommige lede van die blanke gemeenskap het reeds gedurende die vestigingstadium, 1942-1959, geestesversorging vereis, omdat van die blanke Afrikaners en Europese immigrante in Vanderbijlpark aanpassingsprobleme gehad het. Baie blankes het 'n onvermoë getoon om by die eise van verstedeliking, soos 'n versnelde lewenstempo, aan te pas. Hierdie onvermoë het dikwels tot geestesvervlakking gelei, en gevolglik was kultuurorganisering veral gemik op die

---

44 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning*** (ongep. ondersoek, Vaaldriehoek Streeksdiensteraad (SDR), 1989), pp.19-21; ***Vaalweekblad***, 26 Feb. 1982: berig.

45 Kyk hoofstuk 5, pp.213,214.

46 Kyk hoofstuk 6, p.232.

vestiging van 'n hoër kultuurvlak. Individue, nyweraars, kerke, organisasies en verenigings het aan kultuurorganisering op hierdie kultuurterrein meegewerk. YSKOR het byvoorbeeld, benewens voorligting oor gedragskodes ten tye van teëspoed, ook geestelike bystand aan sy werknemers en hul gesinne gebied.[47]

Religieuse aktiwiteite gedurende die vestigingsjare het 'n belangrike invloed op die terrein van geestesgesondheid gehad. Kerkgenootskappe was byvoorbeeld genoodsaak om benewens hul gewone kerklike geestesversorging dienste te lewer wat meestal wyer gestrek het as die strukture en dienste wat vir kerklike meelewing geskep is.[48]

Die kultuurorganisering op dié gebied is enersyds deur faktore soos die verskeidenheid kultuurgroepe wat in Vanderbijlpark gewoon het, benadeel. Andersyds is dit deur die hoeveelheid fondse wat gevind kon word, bevoordeel.

Oor die algemeen het kultuurorganisering op hierdie terrein positiewe resultate vir die blanke kultuurontwikkeling gelewer. 'n Negatiewe aspek was egter dat die blanke groepe in 'n groot mate hul kultuuraktiwiteite verskans het. Dit was moontlik omdat daar genoeg fondse vir blanke kultuurorganisering gevind kon word. Die nadeel van hierdie kultuurbeleëring was dat die akkulturasieproses tussen die verskillende blanke groepe en selfs tussen blankes en swart groepe vertraag en gekortwiek is.[49]

Hoewel die positiewe finansiële toestand in Vanderbijlpark gedurende die vestigingstadium, 1960-1978, tot die verbetering van die kultuurvlak van die blanke gemeenskap gelei het, het die teendeel egter gedurende die voorspoedstadium gebeur. Gedurende die voorspoedstadium het die positiewe finansiële omstandighede dikwels tot verlaging van die kultuurvlak van sommige blankes gelei.[50] Geestesvervlakking het in Vanderbijlpark toegeneem nadat materialisme, 'n wêreldtendens, ook sy verskyning in Vanderbijlpark gemaak het.[51] Verskillende faktore soos skofwerk van broodwinners was nie vir die gesin se geestesgesondheid bevorderlik was nie. Kerklike betrokkenheid is ook hierdeur geraak.[52] Die geestelike versorging van die verskillende

47 Vanderbijlpark Town Council, Minutes, 17 Jun. 1965 - 14 Dec. 1965, vol. 16: minute, 17 Jun. 1965.

48 ***Vaalweekblad***, 9 Okt. 1987: berig.

49 Kyk hoofstuk 8, pp.340-342.

50 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 31 Mrt. 1976; ***Vaalster***, 21 Aug. 1989: berig.

51 H.F. Schroeder, Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}; vgl. E.L.P. Stals, ***Afrikaners in die goudstad***, deel 2: 1924-1961, p.119.

52 H. Grobler, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Nederduitse Gereformeerde (NG)-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

bevolkingsgroepe was ook moeilik. Bepaalde maatreëls moes deur instansies soos kerkgenootskappe ingestel word om immigrante geestelik te versorg.

Nieteenstaande probleme is daar tog in dié stadium positiewe resultate met geestesversorging behaal. Die betrokkenheid van die geestesgesondheidsverenigings, welsynorganisasies en die kerkgenootskappe het hierin 'n kardinale rol gespeel.[53] Fondse vir die ontwikkeling van geestesversorgingsfasiliteite en -dienste kon gewoonlik gedurende hierdie stadium geredelik verkry word. Die kultuurorganisering van die blanke gemeenskap het die akkulturasieproses tussen die blanke groepe in 'n groot mate bevorder. Die fondse was van so 'n aard dat daar ook in die swart woonbuurte na geestesgesondheid omgesien is.

Die kultuurorganisering wat vir die aktiwiteite van die geestesgesondheidsinstansies verantwoordelik was, het in die stabiliseringstadium, 1979-1992, voor nuwe probleme te staan gekom. Die ekonomie was in 'n resessie en baie mense het verarm. Hul geestesgesondheid is verder deur onstuimige politieke omstandighede beïnvloed, en baie blankes kon net nie by die veranderde ekonomiese en sosiale omstandighede van die stabiliseringstadium aanpas nie.[54] Die grootste enkele probleem was werkloosheid. Die Koördinerende Welsynsraad het gedurende 1986 met nagenoeg 20 000 blanke werkloses in die Vaaldriehoek te kampe gehad.

Uit 'n navorsingsprojek van die geestesgesondheidsverenigings blyk dit dat die hoogste spanningsvlakke in die land in die gemeenskap van Vanderbijlpark-Vereeniging-gebied voorgekom het. Disfunksie in die gesinsisteem en die veranderde maatskaplike omstandighede het 'n merkbare invloed op die psigiatriese toestand van die inwoners uitgeoefen.[55] Kerkgenootskappe se taak is bemoeilik deur die groter godsdienstige en kulturele vrydenkendheid wat in Vanderbijlpark gedurende die stabiliseringstadium posgevat het.

Die gevolg van bogenoemde omstandighede was dat kultuurorganisering daarop gemik was om die kultuurvlak van die blanke gemeenskap te handhaaf en te bestendig. Kerkgenootskappe het ook probeer om by hierdie veranderde omstandighede aan te pas.[56] Daar is in 'n toenemende mate vir volwassenes, bejaardes en selfs op skoolvlak geestesgesondheidsdienste gelewer.

---

53 Kyk hoofstuk 6, pp.258,259.

54 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1988***, jg. 114, p.238; ***Beeld***, 25 Apr. 1990: berig.

55 Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, Jaarverslag, 12 Sep. 1986.

56 H. Grobler, Onderhoud, 14 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Daar is selfs gepoog om geestesgesondheidsdienste vir swart mense in hul woonbuurte te bied.[57]

Die kultuurorganisering op hierdie terrein het nie altyd positiewe resultate opgelewer nie, omdat die menslike gees nie kon byhou by die veranderings op politieke, sosiaal-maatskaplike en veral ekonomiese gebied nie. By baie blankes is 'n depressiewe geestestoestand en die verval van geestelike waardes waargeneem.

8. ONDERWYS EN OPLEIDING

Onderwys en opleiding is as 'n belangrike instrument vir die bereiking van 'n hoë kultuurvlak in Vanderbijlpark aangewend.[58]

Die ekonomie het die kultuurorganisering van die blanke kind gedurende die vestigingstadium, 1942-1959, positief beïnvloed. Die nodige ontwikkeling op die preprimêre, primêre en sekondêre terrein kon plaasvind, want die fondse was beskikbaar om die vereiste opvoedkundige sentrums en toerusting beskikbaar te stel. Aangesien alles nuut begin is, kon die jongste en beste metodes implementeer word. Op hierdie kultuurterrein was die onderwyser, wie se taak deur wetgewing bepaal is, onmisbaar vir die ontwikkeling van die blanke kind. Die kultuurorganisering het in die grootste moontlike denkbare mate daarin geslaag om die kind by die vinnige tempo van verstedeliking te laat aanpas.

Die groot verskeidenheid Europese tale wat in Vanderbijlpark teenwoordig was, het veroorsaak dat ruimskootse kultuuroordrag tussen die kinders van die verskillende blanke bevolkingsgroepe plaasgevind het.[59] Die skool as kultuurvormer het 'n belangrike plek in die sosiale lewe van die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark beklee.[60] Die onderwysinstellings het daarin geslaag om nie net die kultuurvlak van die kind te bevorder nie, maar ook dié van die ouer.[61]

Alhoewel die ontwikkeling op onderwysgebied gedurende die voorspoedstadium, 1960-1978, 'n hoogtepunt bereik het, is die kultuurorganisering op hierdie terrein deur verskeie faktore

---

57 Kyk hoofstuk 6, pp.264,265.

58 Kyk hoofstuk 7, p.271.

59 Kyk hoofstuk 7, p.279.

60 Kyk hoofstuk 7, pp.286,287.

61 Kyk hoofstuk 7, p.287.

beïnvloed. Die basis van die onderwys in Vanderbijlpark was Christelik gefundeer, en die onderwysmetodes is in die eerste plek deur godsdiens beïnvloed.

Die vinnige bevolkingsgroei van Vanderbijlpark het die ontwikkeling van onderwys bevoordeel.[62] 'n Verskeidenheid inrigtings, soos kleuterskole, bewaarskole, laerskole, hoërskole en tersiêre inrigtings, kon vir die gemeenskap voorsien word.[63] Die feit dat Vanderbijlpark 'n nywerheidsdorp is, het die ontwikkeling op hierdie kultuurterrein ook beïnvloed. Die vereiste opleiding wat aan die tegnologiese eise van Vanderbijlpark kon voldoen, is voorsien. Dié behoefte van nywerhede is deur die Tegniese Kollege, Vaaldriehoekse Technikon en die Vaaldriehoekkampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) in Vanderbijlpark aangevul. Hierdie inrigtings het 'n noodsaaklike bydrae vir die opleiding van die mensekrag vir Vanderbijlpark gelewer.[64] Die blankes kon egter nie in die volle vraag na opgeleide tegnici voorsien nie, en die swart mense was meestal nie ten volle opgelei nie.

Die onderwys en opleiding van die blankes het gedurende die stabiliseringstadium, 1979-1992, voor nuwe probleme te staan gekom. Die belangrikste probleem vir blanke kultuurorganisering was sekerlik die politieke omstandighede, wat 'n swak ekonomiese toestand tot gevolg gehad het.[65] Baie moeders was genoodsaak om tot die arbeidsmag toe te tree,[66] en gevolglik het heelwat bewaarskole en dagmoeders in Vanderbijlpark ontstaan.

Skole moes ook gedurende hierdie swak ekonomiese tyd hul skoolfonds aansienlik verhoog.[67] Die gehalte van dienste het verswak omdat opvoedkundige hulpmiddels nie meer so geredelik soos voorheen aangekoop kon word nie. Leerlinggetalle en onderwysersgetalle het ook afgeneem en leerlinge per onderwyser het toegeneem.[68]

---

62 Anon., ***YSKOR: Vanderbijlparkwerke***, p.45.

63 Kyk hoofstuk 7, p.288.

64 Kyk hoofstuk 7, pp.298,299.

65 ***Vaalweekblad***, 6 Sep. 1985: berig.

66 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1986***, jg. 112, p.223.

67 Kyk hoofstuk 7, p.301.

68 Kyk hoofstuk 7, p.307.

Die onderwys- en opleidingsituasie het in dié stadium 'n depressiewe atmosfeer veroorsaak. Spanning is derhalwe by kinders waargeneem. In dié atmosfeer het ouers boonop aanvaar dat hulle finansieel nog meer vir hul kinders se onderrig moes bydra.

9. VOLKSEIE KULTUURPATRONE

Uit die navorsing het dit duidelik geword dat die verskillende bevolkingsgroepe gepoog het om hul volkseie kultuurpatrone te behou. Die verskillende bevolkingsgroepe het hul kultuur georganiseer deur middel van organisasies, liggame, individue, verenigings en instansies om sodoende hul volkseie kultuurpatrone vir hul nageslag te bewaar.[69]

Blanke groepe se kultuurorganisering was gedurende die vestigingstadium, 1942-1959, daarop ingestel om hul kultuurprodukte vir hul nageslag te behou en hulle wou dit nie met ander groepe deel nie, veral nie met die swart mense nie. Gedurende die vestigingstadium was genoeg fondse beskikbaar vir die blanke om sy kultuurorganisering op hierdie wyse te kon doen. Dr. Van der Bijl was byvoorbeeld in sy beplanning van Vanderbijlpark daarop ingestel om 'n nywerheidstad, waarin blankes 'n hoë kultuurvlak sou hê, tot stand te bring.[70]

Die immigrante se kultuurorganisering het deur middel van byeenkomste by hul huise, verenigings, kore, klubs en volksfeeste plaasgevind. Hierdeur het hulle nie net tradisies vir die nageslag behou nie, maar ook hul kultuur aan die blanke Afrikaners oorgedra.[71]

Kultuur van die Afrikaners in Vanderbijlpark was meer beleërd en georganiseerd as dié van die immigrante. Die Afrikaners het organisasies, verenigings, feeste en geleenthede soos die Rapportryerskorpse, die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF), die Vroue-Landbou-Unie (VLU), die Voortrekkers, musiek-, kuns- en woordkunsverenigings en geleenthede soos Gelofte- en Republiekfeeste as instrumente vir hul kultuurorganisering gebruik.[72]

---

69 Kyk hoofstuk 8, pp.329,330,332.

70 Electricity Supply Commission (ESCOM) Archive, Megawattpark, H.J. van der Bijl collection, "Address delivered at eight general meeting of ISCOR shareholders", H.J. van der Bijl, ***Miscellaneous papers and addresses, 1936 to 1937***, vol. 6, p.24.

71 Anon., "Die Vaaldriehoek", ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 17, no. 11, Nov. 1972, p.15; kyk hoofstuk 8, pp.339,340.

72 Kyk hoofstuk 8, pp.334,335.

Die blankes in Vanderbijlpark is in 'n groot mate in staat gestel om hul kultuurvlak te verhoog. Alhoewel die akkulturasieproses tussen die verskillende blanke groepe deur volwassenes se kultuurorganisering vertraag is, het daar tog vinnige kultuuroordrag by skole plaasgevind.

Gedurende die voorspoedstadium, 1960-1978, het akkulturasie toenemend tussen die blanke groepe plaasgevind, maar die blankes het steeds hul kultuurprodukte van die swart mense weerhou.[73]

Die voorspoed op ekonomiese gebied het tot gevolg gehad dat kultuurorganisering onbevange deur middel van die kunste, soos musiek en sang, toneelverenigings, beeldende kunste en leeskringe kon plaasvind.

Die invloed wat die kultuurorganisering op die kultuurvlak van die blanke gehad het, was verrykend van aard.[74] Die politieke stelsel het die blanke in staat gestel om sy kultuurprodukte en kultuuraktiwiteite in isolasie te beoefen en uit te bou. Dit is ironies dat die swart mense tog die blanke se kultuurprodukte en kultuuraktiwiteite in hulle werktyd leer ken het, en dat hulle sodoende aspekte van die blanke se kultuur kon oorneem.

Die doelwitte wat vir kultuurorganisering op dié kultuurterrein gestel is, kon nie altyd in die stabiliseringstadium, 1979-1992, gerealiseer word nie. Dit is deur die politieke omstandighede en die swak ekonomie veroorsaak.

Kultuurorganisering is verder deur die skeuring in die Nasionale Party (NP) benadeel. Hierdeur het daar nuwe politieke groeperinge met verskillende kultuurdoelwitte in Vanderbijlpark ontstaan. Die KP- en die NP-gesindes het bestaande organisasies, instansies, feeste, verenigings en ander kultuurinstansies van die blankes in Vanderbijlpark se werksaamhede gepolariseer en die kultuurorganisering sodoende nadelig beïnvloed.[75]

By die verskillende groepe was daar nie eensgesindheid ten opsigte van die swart mense wat die blanke se kultuuraktiwiteite en kultuurprodukte met hul wou deel nie.[76] Nogtans het sommige

---

73 Kyk hoofstuk 8, pp.337,338.

74 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 Feb. 1970: report; J. Nattrass, ***The South African economy: its growth and change***, p.37; kyk hoofstuk 8, p.362.

75 Kyk hoofstuk 8, p.362.

76 M.P. Taute, Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR gedurende 1967-1990 en Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}; J. Kilian, Onderhoud, 10 Nov. 1992 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

swart mense hul kultuurprodukte aan die blanke inwoners van Vanderbijlpark bekend gestel.[77] Sommige blankes het die bekendstelling van die swart kultuur verwelkom, terwyl ander nie daarin belanggestel het nie.[78]

Die blanke organisasies en verenigings se werksaamhede is ook deur die swak ekonomiese en politieke omstandighede gekortwiek. Die blanke moes, as gevolg van die proses van kultuurbeleëring, baie van sy kultuurprodukte prysgee.

10. DIE POLITIEK

Die politieke beleid van Suid-Afrika het gedurende al drie ontwikkelingstadia 'n invloed op die blankes se kultuurontwikkeling gehad.

Die politieke beleid het die kultuurorganisering gedurende die vestigingstadium, 1942-1959, voordelig beïnvloed. Die blanke gemeenskap van Vanderbijlpark se kultuurvlak is nie net bevorder nie, maar dit is terselfdertyd van die swart mense se kultuurinvloed en inmenging gevrywaar.

Wetgewing het bepaal dat swart mense slegs hul eie geriewe in hul eie woonbuurte kon gebruik, terwyl hulle hul arbeid vir blanke kultuurontwikkeling beskikbaar moes stel. Die blanke is hierdeur kultureel bo die swart mens bevoorreg. Dit het tot gevolg gehad dat die blanke sy kultuur as superieur teenoor die swart mense se kultuur beskou het.[79] Uiteindelik is die voortbestaan van die blanke kultuur reeds gedurende die vestigingstadium deur swart mense bedreig.

Kultuurorganisering is gedurende die voorspoedstadium, 1960-1978, deur verskeie politieke faktore beïnvloed. Die politieke beleid het goedkoop swart arbeid moontlik gemaak en dit het positiewe implikasies vir die blankes se kultuurontwikkeling gehad. 'n Uiters ingewikkelde samelewing het tot stand gekom. Die swart mense het mettertyd die aard van die rasgebaseerde samelewing van Vanderbijlpark onaanvaarbaar gevind. Die blankes, wat in 'n

---

77 S. Hlalele, Onderhoud, 14 Nov. 1989 {student van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}; vgl. M. Manaka, ***Echoes of African art***, p.7.

78 Kyk hoofstuk 8, pp.362,363; V. Martin, "Art knows no boundaries", ***Southern Africa Today***, vol. 3, 1986, pp.8-11.

79 Kyk hoofstuk 9, pp.376,377; vgl. F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle***, pp.11,12; T.R.H. Davenport, ***South Africa a modern history***, p.362; P. de Klerk, ***Ideologiese stryd in Suider-Afrika***, p.49; C.J. Maritz (red.), ***Weerstandbewegings in Suider-Afrika***, p.13.

bepaalde kultuursituasie gekondisioneer was, het aanvanklik min begrip vir hierdie griewe van die swart mense gehad.

Vanaf 1966-1978 het sommige blankes in Vanderbijlpark egter nader aan die swart mense begin beweeg.[80] Die Regering was ook verplig om hervormingsmaatreëls in te stel. Die swart mense was nie met die driekamerparlement tevrede nie. Die leiersfigure en die swart stedelike jeug het hierdie nuwe bedeling verwerp.[81] Die kultuurorganisering van die blanke kultuur is derhalwe gedurende die voorspoedstadium deur die verset van die swart mense bedreig.

Gedurende die stabiliseringstadium, 1979-1992, het die politieke situasie in die land 'n negatiewe invloed op die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap in Vanderbijlpark gehad. Lede van die blanke gemeenskap is deur die skeuring van die NP in opponerende kampe geplaas. Hulle optrede is soms gekenmerk deur verwarring wat in twis en woede tot uiting gekom het.[82]

Die kultuurontwikkeling van die blanke gemeenskap is ook deur buitelandse druk op die Regering en ekonomiese sanksies wat tot 'n verswakte ekonomie gelei het, benadeel.[83] Die blanke gemeenskap het verarm en die finansiële omstandighede van mense het tot 'n vervlakking van hul kultuurwaardes gelei. Namate die politieke beleid van die land verander het, het die nuwe politieke situasie vir die blankes vreemd en onaanvaarbaar geword.[84]

Die politieke beleid se invloed op die blanke kultuur was nie altyd gesond nie. Blankes het die nuwe kultuursituasie in Vanderbijlpark as kultuurvreemd ervaar. Van hierdie blankes het kultuurskok opgedoen. Soms is die voortbestaan van die blanke kultuur ook in Vanderbijlpark deur 'n depressiewe gevoel bedreig, en die voortbestaan van die blanke Afrikaners is menigmaal bevraagteken.

Kultuurvervlakking het daarom gedurende dié stadium in Vanderbijlpark voorgekom.

---

80 Kyk hoofstuk 9, pp.377,378.

81 Kyk hoofstuk 9, pp.378,379.

82 Kyk hoofstuk 9, pp.407,408.

83 R. Tomlinson & M. Addleson, ***Regional restructuring under apartheid: urban and regional policies in contemporary South Africa***, p.301.

84 Kyk hoofstuk 9, pp.418,419.

11. OORKOEPELENDE SAMEVATTING

Die feit dat die Afrikanerkultuur in 'n multikulturele gemeenskap deur 'n sogenaamde kultuurbeleëringstrategie georganiseer moes word, het 'n eiesoortige kultuur in Vanderbijlpark laat ontstaan. Hierdie strategie het positiewe maar ook negatiewe resultate gehad.

Die wyse waarop die Afrikaners en die immigrante in Vanderbijlpark by hul nuwe omgewing aangepas het, is deur die aard van hul kultuurvorming, kultuuroordrag, akkulturasie, kultuurverspreiding, kultuurverryking en kultuurbeleëring bepaal.

Die kultuurverskeidenheid het dus 'n belangrike invloed op die kultuurontwikkelingsproses uitgeoefen. 'n Hoë kultuurvlak het nie vir al die bevolkingsgroepe dieselfde betekenis gehad nie en almal het dus nie op dieselfde kultuurpeil of kultuurvlak beweeg nie. Die kultuurontwikkelingsproses is ook deur die wyse waarop die beskikbare kultuurelemente aangewend is, beïnvloed. 'n Persoon of groep se waardes en norme het ook 'n belangrike rol by die bepaling van die kultuurvlak gespeel.

Die doel van kultuurorganisering was 'n Westerse kultuur op 'n hoë vlak in Vanderbijlpark te vestig en te onderhou. Daar is van individue, instansies, organisasies en verenigings op die verskillende kultuurterreine gebruik gemaak om hierdie doelwit te bereik.

Deur kultuurorganisering het bepaalde kultuurpatrone na vore getree. Een daarvan was die gedragspatroon wat die Afrikaners openbaar het waardeur hulle vreemde of nuwe kultuurprodukte moeilik aanvaar het, en van hul volkseie kultuurpatrone wou weghou. Dit het veroorsaak dat die akkulturasieproses tussen die Europese immigrante en plattelandse Afrikaners aanvanklik vertraag is.

As gevolg van die politieke beleid van die land kon daar gedurende die eerste twee stadiums 'n kultuurpatroon gevestig word wat die blanke kultuurontwikkeling teen vreemde invloede kon beskerm. Hierdie kultuurpatroon was daarop ingestel om swart mense te verhoed om aan dieselfde kultuuraktiwiteite en kultuurprodukte as dié van die blanke deel te hê. Isolasie van die blanke kultuur het tot aggressie by die swart mense gelei, veral gedurende die stabiliseringstadium.

Dié beleëring het op bepaalde groeperings onder die blanke Afrikaners uitgeloop: 'n groep wat kultuurverandering voorgestaan het en 'n groep wat maatreëls ingestel het om hul kultuurerfenis te beskerm.

Die bepaalde wyse waarop kultuur georganiseer is, het daartoe gelei dat die blanke kultuur gedurende die stabiliseringstadium bedreig is. Dit word beskou as 'n resultaat van die gedragspatrone wat deur kultuurorganisering op die verskillende kultuurterreine gevestig is. Sekere blankes het nie oor die vermoë beskik om by die politieke, sosiale en ekonomiese verandering in Suid-Afrika en Vanderbijlpark aan te pas nie. Die gevolg was dat daar 'n vervlakking in die kultuur van blankes in Vanderbijlpark plaasgevind het.

Verskeie redes, soos die verswakte ekonomie en die politieke beleid van die land, word ook vir hierdie vervlakking van die blanke kultuur aangevoer. Hier speel die realiteit en werking van 'n bestaande kultuurpatroon en kultuurbegrip egter 'n substansiële rol. Soos die wêreldgeskiedenis getoon het, het hierdie studie weereens aangetoon dat indien daar reeds 'n proses van kultuurverandering ingetree het, dit feitlik onmoontlik is om verdere verandering teen te gaan.

In hierdie opsig ondersteun hierdie studie die relevante teorieë dat kultuurbeleëring dikwels tot kultuurverarming lei. Die mense wat 'n eie kultuur oorskat en beskerm, is gewoonlik nie vir 'n ander kultuur se verryking oopgestel nie. As slegs die ou kultuurerfenis bewaar word, word so 'n kultuur stagnant en kan nie meer by veranderde omstandighede in die kultuuromgewing aanpas nie.[85]

Kultuurbeleëring dui ook op aggressie, aggressie van dié wat hul kultuur wil deel en dié wat nie daarvoor kans sien nie. So 'n aggressie kan geweld veroorsaak, wat weer tot die beëindiging van 'n hele kultuur of kulture kan lei.[86]

---oOOo---

85 Vgl. H. Giliomee & R. Elphick (reds.), ***'n Samelewing in wording: Suid-Afrika, 1652-1840***, p.85; A. Brown, "Jacob Burckhardt's renaissance", ***History Today***, vol. 38, Oct. 1988, p.21.

86 Vgl. N.J. Smelser, ***Theory of collective behaviour***, p.313; E. Fueter, ***Geschichte der neueren historiographie***, pp.15,597,600.

BEGRIPPE, WOORDBEPALINGS EN AFKORTINGS

In die verslag word onder andere van die volgende begrippe, woordbepalings en afkortings gebruik gemaak:-

Akker: 'n stuk grond van ongeveer 'n halfmorg groot.

Beleërde kultuur: hierdie begrip dui op die vrees vir verandering waardeur beskerming van eie kulturele waardes plaasvind.

Dienslewering: die dienste wat aan 'n gemeenskap gelewer word deur 'n plaaslike owerheid om die lewensomstandighede van die gemeenskap te verbeter.

Duim (dm.): 'n lengtemaat van 25,4 millimeter.

Gemeenskap: die inwoners wat binne die grense van 'n bepaalde owerheidsgebied woonagtig is.

Hektaar (ha): 'n stuk grond van 1,167 morg in die metrieke stelsel.

Kulturele diversiteit: hierdie begrip dui op die waarde en belang wat 'n individu of 'n groep aan die gegewe aard van sy/haar etnisiteit heg en die funksie wat dit in sy verwysingsraamwerk en oortuigingsisteem vervul.

Kultuur: kultuur is 'n omvattende begrip. Dit is die lewenstyl van die mens wat deur sy denke in 'n bepaalde handeling na vore kom en dan waargeneem kan word.

Kultuuridentiteit: hierdie begrip dui op die eie bewuswording en waardebesef wat in elke kultuurgroep voorkom.

Kultuurlae: hierdie begrip dui daarop dat daar verskillende lae in die kultuur, vanaf die uitwendige tot die diepste lae, voorkom.

Kultuuroordrag of akkulturasie hierdie begrip dui daarop dat geen mens se kultuurbesit konstant bly nie, daar word kultuurprodukte van 'n ander kultuur oorgeneem.

Kultuurorganisering: dit behels die wyse waarop kultuuraktiwiteite georganiseer word.

Kultuurpeil: hierdie begrip wentel om die opvatting dat alle individue binne 'n gemeenskap nie almal op dieselfde kultuurpeil of kultuurvlak is nie.

Kultuursimbole: kultuursimbole bied die basis vir die oorheersende morele en estetiese waardes van die gemeenskap asook vir gemeenskaplike gedragspatrone.

Kultuurverandering: die begrip dui op verandering van kultuur wat ook deur 'n proses van botsing kan plaasvind.

Kultuurverskeidenheid: die begrip kultuurverskeidenheid dui die rykdom en die beperktheid van verskillende kulture aan.

Kultuurvorming: kultuurvorming is die besondere wyse waarop die mens (anders as die dier) by sy natuurlike omgewing aanpas.

Morg: 'n landmaat van 100 x 100 jaart.

Ongep. ongepubliseerde.

Ordonnansie: dit is die voorskrifte waarvolgens sekere sake in 'n provinsie gereël word.

Pond (£): 'n Engelse munteenheid gelyk aan 20 sjielings wat deur die teken £ aangedui word. Dit het vroeër die waarde van R2 gehad.

Unp. unpublished.

Voet (vt.): 'n lengtemaat van twaalf duim.

Watuni: die populêre naam vir die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO wat soos volg saamgestel is:

Wat = water, die Vaalrivier en

uni = universiteit.

Hier volg ook 'n uiteensetting van die skryfwyse van geldeenhede:

£3 - drie pond.

3/- - drie sjielings.

3d. - drie pennies.

3s.3d. - drie sjielings en drie pennies.

£20.10.2. = 20 pond, 10 sjielings en 2 pennies.

Die volgende gegewens kan vir die omskakeling na metrieke mates gebruik word:

1 myl = 1,61 kilometer.

1 voet = 30,48 sentimeter.

1 duim = 2,54 sentimeter.

1 gallon = 4,546 liter.

1 akker = 0,4047 hektaar (1 hektaar = 1.167 morg).

Aangesien van die geldwaarde in pond uitgedruk word, word die volgende benaderde omskakeling gegee:

£1 = R2.

10d. = 10 sent.

10/- = R1.

Op grond van hierdie uiteensetting word slegs die bovermelde simbole in die teks gebruik.

---oOOo---

LYS VAN FOTO'S

Foto 1:	Die Wordingstandbeeld	na titel
Foto 2:	H.J. van der Bijl, 1887-1948	28a
Foto 3:	Oorspronklike YSKOR-werke, 1947	35a
Foto 4:	H.J. van der Bijl en E.C. Oldridge in beplanning	42a
Foto 5:	Vanderbijlpark Engineering Works, 1947	43a
Foto 6:	Die verkoop van handelspersele in Vanderbijlpark, 1947	48a
Foto 7:	Die konstruksie van die eerste huise, 1943	55a
Foto 8:	'n Huis vir swart mense in Bophelong, 1948	57a
Foto 9:	Ete ter ere van Lord McGowan, 1948	63a
Foto 10:	YSKOR-werke, Vanderbijlpark	68a
Foto 11:	Ekonomiese ontwikkeling in Vanderbijlpark gedurende die tagtigerjare	72a
Foto 12:	Die vrou betree die arbeidsmark	90a
Foto 13:	YSKOR se Maatskaplike Dienste in onderhoud met 'n moeder (kraandryfster) oor akkommodasie vir haar kind by 'n versorgingsoord	107a
Foto 14:	Meer eise is aan die blanke gesin gestel	110a
Foto 15:	Ekonomiese omstandighede het verander	111a
Foto 16:	Vanderbijlpark Elektrisiteitsubstasie, 1949	131a
Foto 17:	Emfulenipark	132a
Foto 18:	Lede van die MOTHs se Bukshee Shellhole	153a
Foto 19:	Openbare skakeling van die burgemeester, C.A. Herbst, 1987 .	177a
Foto 20:	Die swembad in CW 6, 1952	201a
Foto 21:	Die NG-Suid Kerkbazaar, 1992	259a
Foto 22:	Die betrokkenheid van die vrou in geestesversorging	264a
Foto 23:	Studente op die boomryke Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO wat aan die Vaalrivier geleë is	317a
Foto 24:	Vanderbijlpark straatnaamaanwysings, 1949	324a
Foto 25:	Die agbare burgemeester, U. Martin, besig met steenlegging van die nuwe biblioteekgebou, 26 Februarie 1981	355a

Foto 26:	'n Kunsuitstalling by die Holiday Inn. Minister van Onderwys en Ontwikkeling, dr. G. van N. Viljoen in gesprek met 'n kunsdosent en studente van die Sebokeng Onderwyskollege....	371a
Foto 27:	Die konstruksie van 'n VESCO-huis, 1958.....	383a
Foto 28:	Stakings en boikotte het die sakelui beïnvloed.....	409a

---oOOo---

LYS VAN GRAFIEKE

Grafiek 2.1:	Immigrante, taalverspreiding	116a
Grafiek 3.1:	Suiderkruisfonds oorbetaling, 1974-1988	148a
Grafiek 4.1:	Departement van Gesondheid, salarisse	174a
Grafiek 4.2:	Obesiteit, Vanderbijlpark, 1982	183a
Grafiek 4.3:	Rookbeheer, dieselvoertuie, uitlaatgasse getoets	186a
Grafiek 6.1:	Susterskerke, persentasie verhouding	245a
Grafiek 6.2:	Geestesgesondheid, nuwe pasiënte	257a
Grafiek 6.3:	Dopelinge (kinders), Gereformeerde Kerk-Suid, 1962-1986	262a
Grafiek 7.1:	Aantal leerlinge, Hoërskool Transvalia, 1958-1974	294a
Grafiek 7.2:	Fondsinsameling, Teddy Bear Kleuterskool	299a

---oOOo---

LYS VAN TABELLE

Tabel 4.1:	Kandidate vir die Rooikruisvereniging se kursusse.....	170
Tabel 4.2:	Bevolking, 1970.....	174
Tabel 4.3:	Die bywoningsyfer van lesings	182
Tabel 4.4:	Dienste van die Rooikruisvereniging, 1982	188
Tabel 5.1:	Klubs en die getal geregistreerde lede.....	217
Tabel 5.2:	Die inkomste van die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie.....	219
Tabel 5.3:	Wenners van die Vaaldriehoekse netballiga vir laerskole, 1986.	222
Tabel 5.4:	Wenners van die Vaaldriehoekse netballiga vir hoërskole, 1986	222
Tabel 5.5:	Die gebruik van sportgeriewe	227

---oOOo---

BRONNELYS

1. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

1.1 ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSKOMMISSIE (ESKOM), ESKOMARGIEF, MEGAWATTPARK

1.1.1 H.J. VAN DER BIJL-VERSAMELING

H.J. van der Bijl, ***Miscellaneous papers and addresses, 1936-1937***, vol. 6.

1.2 KERKLIKE PUBLIKASIES

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Inligtingstuk, Nov. 1991.

Gereformeerde Kerk, Sebokeng, Jaarverslag, 1970.

Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Suid, Kerkraadsvergadering, Notule, Aug. 1980.

Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Suid, Uittreksel van preek, Sondag 23 Jun. 1991.

Metodistegemeente, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1950.

1.3 PLAASLIKE ORGANISASIES, VERENIGINGS EN LIGGAME

1.3.1 AFRIKAANSE SAKEKAMER

Jaarverslae, 1975-1986.

Korrespondensie: brief aan G. van N. Viljoen {LP vir Vanderbijlpark}, 22 Apr. 1986.

Notule, 16 Apr. 1975.

Nuusbrief, jg. 2, no. 2, 1985.

Voorsittersrede 26ste jaarvergadering, 12 Mrt. 1986.

1.3.2 ANTJIE KROG-LEESKRING

Jaarverslae, 1985, 1987, 1989, 1990, 1991.

Konstitusie, 1991.

Notules, 1985-1991.

1.3.3 BURGERLIKEBESKERMINGSKORPS

Inligtingstuk, 1990.

Inligtingstuk: pligte van die Versorgingskomitee, 1990.

1.3.4 CALVINISTIESE KULTUURKRING, VAALDRIEHOEK (CKV)

Jaarverslae, 1978, 1980, 1982, 1988, 1990.

Notules, 1980-1990.

1.3.5 CATHERINE ROBSON KINDERHUIS

Jaarverslae, 1978, 1979, 1980, 1982, 1985, 1989, 1990.

Notules, 1978-1990.

1.3.6 DIEREBESKERMINGSVERENIGING (DBV)

Vraelys aan die Dierebeskermingsvereniging, 22 Okt. 1990.

1.3.7 EMFULENI-BUITEKLUB

Inligtingstuk: doelwitverbintenis, Nov. 1990.

Inligtingstuk, 1991.

1.3.8 FAMILIE- EN HUWELIKSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA (FAMSA)

Jaarverslae, 1979, 1980, 1982, 1985, 1987, 1988, 1989, 1990.

Notules, 1979-1990.

1.3.9 GEESTESGESONDHEIDSVERENIGING, VAALDRIEHOEK

Finansiële verslae, 1980, 1988.

Inligtingstuk no. 2, Jun. 1973.

Jaarverslae, 1975, 1976, 1978, 1980, 1981, 1985-1990.

Konstitusie, 23 Apr. 1970.

Konstitusie, 16 Apr. 1991.

Notules, 10 Mrt. 1970, 4 Des. 1990.

Voorsittersverslae, 14 Jun. 1973, 17 Sep. 1990.

1.3.10 GEMEENSKAPSKAS

Inligtingstuk, 1986, 1990.

Jaarverslae, 1987, 1988, 1989.

Konstitusie, 1990.

1.3.11 JONG DAMES DINAMIEK (JDD)

Bekendstellingspamflet, 1990.

Grondwet, 1977.

Inligtingstuk, 1978.

Jaarverslae, 1977, 1978, 1985.

Notules, 1977-1990.

1.3.12 KANKERVERENIGING

Inligtingstuk, 20 Feb. 1991.

Jaarverslae, 1980, 1982, 1985, 1988, 1989, 1990, 1991.

Notules, 1980-1991.

1.3.13 KINDERSORGVERENIGING

Jaarverslae, 1953, 1955, 1963.

Notules, 1953, 1956, 1959.

1.3.14 KOÖRDINERENDE WELSYNSRAAD

Jaarverslae, 1980, 1984, 1987, 1989, 1990.

Konstitusie, 1990.

Notules, 1984-1989.

1.3.15 KULTUURRAAD

Jaarverslae, 1980, 1981, 1982, 1985, 1987, 1989.

Notules, 1978-1990.

1.3.16 KUNSVERENIGING

Jaarverslae, 1987-1990.

Notules, 1984-1990.

1.3.17 MAATSKAPPY VIR EUROPESE IMMIGRASIE (MEI)

Jaarverslae, 1958-1991.

1.3.18 MEMBER OF THE TIN HATS (MOTHs)

Inligtingstuk, Feb. 1991.

Jaarverslae, 1989-1992.

1.3.19 NOODLYN VAN DIE VAALDRIEHOEK

Jaarverslae, 1978, 1979, 1980, 1982, 1985, 1987, 1990.

Konstitusie, Okt. 1980, Okt. 1983.

Notules, 1978-1990.

1.3.20 ONDERSTEUNINGSRAAD, NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Inligtingstuk, 1990.

Jaarverslae, 1978, 1979, 1980, 1 Apr. 1988 - 31 Mrt. 1989.

1.3.21 RAPPORTRYERSKORPS

Grondwet, 22 Nov. 1955.

Jaarverslae, 1955, 1957, 1958.

Notules, 1955-1991.

1.3.22 ROTARIëRS

Inligtingstuk, Jan. 1992.

Konstitusie, Mrt. 1992.

1.3.23 SENTRALE SAKEKERNKOMITEE

Jaarverslae, 1979-1989.

Notule, 1985.

1.3.24 STREEKSONTWIKKELINGSVERENIGING (SOV)

Jaarverslae, 1980, 1983, 1985, 1987, 1988, 1989, 1990, 1991.

Notules, 1983-1991.

1.3.25 SUID-AFRIKAANSE NASIONALE RAAD INSAKE ALKOHOLISME (SANRA)

Jaarverslag, 1976, 1978, 1979, 1982, 1985, 1989.

Notules, 1976-1989.

1.3.26 SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TUBERKULOSEVERENIGING (SANTV)

Inligtingstuk, 20 Feb. 1991.

Jaarverslae, 1975, 1980, 1987, 1988, 1989, 1990.

Notules, 1975-1990.

1.3.27 SUID-AFRIKAANSE NOODHULPLIGA (SANL)

Grondwet, Nov. 1991.

Inligtingstuk: die liga was daar, 1991.

Jaarverslae, 1954, 1960, 1970, 1981, 1982, 1983, 1985, 1987, 1989, 1990.

Notules, 1954-1991.

Nuusbrief, Feb. 1982.

1.3.28 SUID-AFRIKAANSE ROOIKRUISVERENIGING

Algemene vergaderings, 1949, 1955, 1959, 1960, 1980, 1982, 1985.

Jaarverslae, 1959, 1960, 1982, 1984, 1985.

Konstitusie, 22 Feb. 1949.

Notules, 1953, 1954, 1960, 1980, 1985, 1989.

1.3.29 SUID-AFRIKAANSE VROUEFEDERASIE (SAVF)

Finansiële verslae, 1988, 1990.

Inligtingstuk, 1990.

Jaarverslae, 1953-1990.

Notules, 1953-1990.

1.3.30 SUIDERKRUISFONDS

Grondwet, 23 Feb. 1977.

Jaarverslae, 1974-1990.

Notules, 1970, 1974-1990.

1.3.31 VAALDRIEHOEK AMATEUR GIMNASTIEKVERENIGING (VAGV)

Jaarvergaderings, 1967, 1969, 1977, 1978.

Jaarverslae, 1967, 1969, 1977, 1978, 1980, 1985, 1986, 1990.

Konstitusie, 1988.

Notules, 1967-1990.

Tweejaarlikse verslag van die Uitvoerende Komitee, 1989-1990.

1.3.32 VAALDRIEHOEK KORFBALUNIE (VKU)

Jaarvergaderings, 1979, 1980, 1987, 1989, 1990, 1991.

Konstitusie, 1991.

Notules, 1979-1991.

1.3.33 VAALDRIEHOEK NETBALVERENIGING

Inligtingstuk, 1968-1994.

Notules, 1980-1993.

Voorsittersverslag, 1986.

1.3.34 VAALDRIEHOEK RUGBYVOETBALUNIE

Grondwet, 1992.

1.3.35 VAALDRIEHOEK STAPPERS

Inligtingstuk, 1976, 1990, 1991.

Inligtingstuk: die voetslaner se gedragskode {credo}, 1991.

Jaarverslae, 1978, 1980, 1987, 1989, 1990.

Notules, 1976-1988.

1.3.36 VANDERBIJLPARK HOSPITAAL-BIBLIOTEEKKOMITEE

Jaarverslae, 1975, 1976, 1979.

Konstitusie, 1992.

Notules, 1975, 1976, 1979, 1983, 1990.

1.3.37 VANDERBIJLPARKSE LEESKRING

Jaarverslae, 1969, 1975, 1980, 1988, 1989, 1990, 1991.

Konstitusie, Nov. 1991.

Notules, 1962-1991.

Programme, 1962-1991.

1.3.38 VANDERBIJLPARKSE MUSIEKVERENIGING

Jaarverslae, 1975, 1990.

Koorafrigtingskursusse, 20-21 Jun. 1975, 1976.

Program koorkursus, 1976.

1.3.39 VANDERBIJLPARKSE PUBLISITEITSVERENIGING

Jaarvergadering, 15 Okt. 1981.

Jaarverslae, 1981-1985.

Notules, 1981-1985.

1.3.40 VANDERBIJLPARKSE TEATERVERENIGING

Jaarverslag, 23 Nov. 1976.

Konstitusie, Nov. 1972.

Programme, 1975.

1.3.41 VEREENIGING OPERA- EN DRAMAVERENIGING

Inligtingstuk, 1961-1991.

Jaarverslae, 1961.

Konstitusie, 1991.

Notules, 1961-1991.

1.3.42 VERENIGING VIR LIGGAAMLIK GESTREMDES

Jaarverslae, 1978, 1979, 1980, 1985, 1989.

Notules, 1978-1989.

1.3.43 VIGHORPROJEK

Inligtingstukke, 1987, 1988, 1990.

Notules, 1986-1989.

Voortbestaan toespraak, 17 Jun. 1987.

1.3.44 DIE VOORTREKKERS

Inligtingstuk, 1979.

Jaarverslae, 1958-1991.

Konstitusie, 1990.

Notules, 1974-1991.

1.3.45 VROUE-LANDBOU-UNIE (VLU)

Inligtingstukke, 1950, 1990.

Jaarverslag, 1978, 1988.

1.3.46 WAG-'N-BIETJIE-VOLKSPELELAER

Fotoblad, s.j.

Inligtingstukke, 1960-1991.

Jaarverslae, 1960-1991.

Konstitusie, s.j.

1.3.47 YSKOR ATLETIEKKLUB

Notules, 1990, 1991.

1.3.48 YSKOR UITVOERENDE KUNSTEVERENIGING (IPAS)

Gedenkprogram: **Ek onthou vir Mamma**, Mrt. 1962.

Vereeniging and Vanderbijl Park Arts Festival, Programme, 15 Sep. 1951 - 21 Sep. 1951.

Verslag van die Produksiebestuurder, 10 Nov. 1990.

1.4 PLAASLIKE SKOLE

Geelvinkie kleuterskool, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1991.

Hoër Handelskool Lettie Fouché, Vanderbijlpark, Jaarblad, 1966-1971.

Hoër Handelskool Lettie Fouché, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1992.

Hoërskool Driehoek, Vanderbijlpark, Fotoblad, 1984, 1986.

Hoërskool Transvalia, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1958-1989.

Hoërskool Vanderbijlpark, Skooljoernale, 1951-1954.

Hoër Tegniese Skool Carel de Wet (HTS), Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1965-1992.

Laerskool D.F. Malherbe, Vanderbijlpark, Jubileumblad, 1965-1990.

Laerskool Emfulenipark, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1985-1991.

Laerskool Frikkie Meyer, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1946-1991.

Laerskool Hendrik van der Bijl, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1946-1990.

Laerskool Historia, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 10 Des. 1970.

Laerskool Kollegepark, Vanderbijlpark, Fotoblad, 1977-1987.

Laerskool Noordhoek, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1965-1991.

Laerskool Totius, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1991.

Laerskool Totius, Vanderbijlpark, Skooljoernaal, 1950-1952.

Laerskool Vaalrivier, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1954-1991.

Nasarener kleuterskool, Vanderbijlpark, Inligtingstuk, 1991.

Oliver Lodge Primary School, Vanderbijlpark, School journal, 1950-1952.

Park Ridge Primary School, Vanderbijlpark, School journal, 1977.

Pinedene Primary School, Vanderbijlpark, School journal, 1975.

Teddy Bear kleuterskool, Vanderbijlpark, Joernaal, 1947, 1970-1989.

Vaal High School, School journal, 1957-1958.

1.5 SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIëLE KORPORASIE BEPERK (YSKOR)

1.5.1 YSKORARGIEF, YSKOR HOOFKANTOOR, PRETORIA

Minute of the 153 Board meeting, no. 8 of 1940, 4 Sep. 1940.

Ref. 151/40, vol. 2.

Ref. 151/60/5, vol. 1.

1.6 TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK (TAB), PRETORIA

1.6.1 DIREKTEUR VAN PLAASLIKE BESTUUR, TRANSVAAL (TPB)

Band 1503, TALG 96/12266.

Band 2964, TALG 2/17781.

1.6.2 KAARTAFDELING

Verw. S/3/1974.

1.7 VAAL TEKNORAMA (KULTUUR EN NYWERHEIDSMUSEUM), VEREENIGING

1.7.1 F.A.V. DAY-VERSAMELING

Day, F.A.V., ***Plakboeke met koerantknipsels oor die Vaaldriehoek, 1944-1974*** (ongep. plakboekversameling, Vaal Teknorama, Vereeniging, s.j.).

1.8 VANDERBIJL PARK EIENDOMSMAATSKAPPY (VESCO)

1.8.1 VESCO-AANWINS

Minute of a special Board meeting, 20 Jul. 1950.

Minute of a special general meeting, 24 Aug. 1949.

Minute of the first annual general meeting, 28 Mar. 1947.

Minute of the third annual general meeting, 8 Dec. 1948.

Minute of the fifth annual general meeting, 28 Feb. 1951.

Minute of the sixth annual general meeting, 11 Jul. 1951.

Minute of the seventh annual general meeting, 24 Sep. 1952.

Minute of the eighth annual general meeting, 30 Sep. 1953.

Minutes of the Board meetings no. 1-72 for the period 11 Jan. 1945 to 17 Mar. 1955.

Ref. T1/1: letter from P.R. Anderson to the Manager of VESCO, 17 Mar. 1955.

1.9 VANDERBIJLPARK STADSRAAD

1.9.1 DIE FASE VAN DIE GESONDHEIDSKOMITEE, DES. 1946 SEP. - 1952

1.9.1.1 DEPARTEMENT VAN DIE STADSKLERK

1.9.1.1.1 NOTULES

3 Jan. 1947 - 11 Jun. 1948, vol. 1.

3 Aug. 1948 - 27 Feb. 1951, vol. 2.

31 Jul. 1950 - 27 Feb. 1951, vol. 3.

13 Nov. 1952 - 16 Sep. 1954, vol. 4.

1.9.1.1.2 VERSLAE

3 Aug. 1948 - 27 Jun. 1949, vol. 1.

31 Jul. 1950 - 27 Feb. 1951, vol. 3.

1.9.1.2 FINANSIëLE EN GESAMENTLIKE KOMITEE

Minutes of meetings and reports, 24 Jul. 1950 - 23 Oct. 1950, vol. 2.

1.9.1.3 SUBKOMITEES

Minutes of meetings and reports, 25 Apr. 1949 - 8 Aug. 1949, vol. 1, part 1.

1.9.2 DIE FASE VAN DIE STADSRAAD, OKT. 1952 -

1.9.2.1 BESTUURSKOMITEE

1.9.2.1.1 VERSLAE

11 Mar. 1963 - 1 Apr. 1963, vol. 11.

1.9.2.2 DEPARTEMENT VAN DIE STADSEKRETARIS

1.9.2.2.1 KORRESPONDENSIE

3 Apr. 1947 - 15 May 1953, file 2/6, vol. 1.

3 Sep. 1947 - 4 Mar. 1953, file 302/3/1, vol. 1.

6 Dec. 1947 - 8 Sep. 1960, file 83/4, vol. 1.

23 Jun. 1949 - 3 May 1965, file 8/6, vol. 1.

1.9.2.2.2 NOTULES

27 Mar. 1951 - 14 Oct. 1952, vol. 3.

17 Apr. 1957 - 11 Dec. 1957, vol. 9.

18 Jan. 1962 - 20 Dec. 1962, vol. 11.

17 Jun. 1965 - 14 Dec. 1965, vol. 16.

26 Jan. 1978 - 25 May 1978, vol. 46.

22 Jun. 1978 - 3 Jul. 1978, vol. 47.

27 Jul. 1978 - 7 Dec. 1978, vol. 48.

1.9.2.2.3 VERSLAE

13 Nov. 1952 - 22 Oct. 1953, vol. 6.

9 Nov. 1953 - 22 Apr. 1954, vol. 7.

20 May 1954 - 16 Sep. 1954, vol. 8.

21 Oct. 1954 - 17 Mar. 1955, vol. 9.

28 Apr. 1955 - 22 Sep. 1955, vol. 10.

20 Oct. 1955 - 26 Mar. 1956, vol. 11.

26 Apr. 1956 - 27 Sep. 1956, vol. 12.

25 Oct. 1956 - 21 Mar. 1957, vol. 13.

24 Apr. 1958 - 4 Dec. 1958, vol. 16.

5 Jan. 1961 - 16 Mar. 1961, vol. 37.

1.9.2.3 DEPARTEMENT VAN DIE STADSTESOURIER

Finansiële state, 1952-1992.

1.9.2.4 DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

Halfjaarverslae, 30 Jun. 1984, 30 Jun. 1985.

Jaarverslae, 1985-1991.

1.9.2.5 DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

Inligtingsreeks no. 2: die registrasie van werkgewersorganisasies, 8 Nov. 1982.

1.9.2.6 FINANSIëLE EN GESAMENTLIKE KOMITEE

1.9.2.6.1 VERSLAE

2 Jul. 1953 - 24 Sep. 1953, vol. 4.

8 Oct. 1954 - 29 Nov. 1954, vol. 5.

3 Dec. 1953 - 23 Feb. 1954, vol. 6.

11 Mar. 1954 - 22 Apr. 1954, vol. 7.

12 Apr. 1955 - 16 Jun. 1955, vol. 12.

11 Oct. 1955 - 13 Dec. 1955, vol. 15.

9 Oct. 1957 - 11 Dec. 1957, vol. 23.

1.9.2.7 INLIGTINGSTUKKE

Inligtingskantoor, Verenigings en organisasies van Vanderbijlpark, 1977-1991.

Inligtingstuk: lugbesoedeling in Vanderbijlpark, 1988.

Inligtingstuk, 1991.

Inligtingstuk no. 1: voorgestelde missie, Feb. 1990.

Inligtingstuk no. 2: opsomming van die pligte, verantwoordelikhede en organisasie van die Stadsraad van Vanderbijlpark, 3 Mei 1976.

Inligtingstuk no. 3, 1991.

Inligtingstuk: verantwoordelikhede en organisasie van die Stadsraad van Vanderbijlpark, 1990.

1.9.2.8 KANTOOR VAN DIE OPENBARE SKAKELBEAMPTE

Fotoversameling.

1.9.2.9 OPENBARE BIBLIOTEEK

Fotoversameling.

2. ONGEPUBLISEERDE WERKE

Alheit, J.A. & Venter, S.P., ***Die sentrale sakekern van Vanderbijlpark*** (ongep. verslag, Departement van die Stadsingenieur, Vanderbijlpark, 1976).

Bogucki, E.M., ***The Polish community in the Vaal Triangle*** (unp. report, Research Unit for Industrial and Vaal Triangle History (NIVG), PU for CHE, Aug. 1990).

De Beer, A., ***Die geskiedenis van die Ankerskool*** (ongep. verslag, Navorsingseenheid vir Industrialiserings- en Vaaldriehoekse Geskiedenis (NIVG), PU vir CHO, Mrt. 1994).

Leach, C., ***Die vrou se rol in burgerlike beskerming*** (ongep. lesing, NIVG, PU vir CHO, s.j.) {Hoofkoördineringsbeampte Burgerlike Beskerming, Vanderbijlpark Stadsraad}.

Marais, E., ***Die drama ontwikkeling van Vanderbijlpark, 1948-1989*** (ongep. verslag, NIVG, PU vir CHO, s.j.).

Odendaal, J., Inligtingstuk: ontwikkelingspotensiaal van Vanderbijlpark en omgewing, 5 Feb. 1990 {PU vir CHO, JO/rk} (Departement Openbare Betrekkinge, Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO, 1990).

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), Simposiumkomitee, ***Vaaldriehoek 2000*** (ongep. referate gelewer tydens 'n simposium oor 'Vaaldriehoek 2000', Vereeniging, 13 Sep. 1990).

Prinsloo, P.J.J., ***'n Bronnegids vir die bestudering van industrialiserings- en Vaaldriehoekse geskiedenis***, 1ste hersiene uitg. (ongep. verslag, NIVG, PU vir CHO, Des. 1992).

Prinsloo, P.J.J. (red.), ***Die geskiedenis van Vereeniging*** (ongep. verslag, NIVG, PU vir CHO, Des. 1992).

Prinsloo, P.J.J. (red.), ***Yskor Vanderbijlpark-werke, 1943-1993*** (ongep. verslag, NIVG, PU vir CHO, Okt. 1993).

Pruis, L. e.a., ***Geskiedenis van die gemeente Vanderbijlpark vanaf 1950 tot 19...*** (ongep. verslag, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Gemeente Vanderbijlpark, s.j.).

Scholtz, P.L., ***Streeksgeskiedenis: 'n fassinerende mikrokosmos*** (ongep. intreerede, publikasie van die Universiteit van Wes-Kaapland, reeks A, no. 26, 1987).

Stoker, P.W. & Taljaard, C.J. (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief op die implementering van die strategie vir nywerheidsontwikkeling*** (ongep. referate gelewer tydens 'n simposium oor "n Nywerheidsperspektief op die implementering van die strategie vir nywerheidsontwikkeling', Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO, Vanderbijlpark, 5-6 Jun. 1986).

Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: elektrisiteitvoorsiening*** (ongep. ondersoek, Vaaldriehoek Streeksdiensteraad, 1989).

Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: riolering*** (ongep. ondersoek, Vaaldriehoek Streeksdiensteraad, 1989).

Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning*** (ongep. ondersoek, Vaaldriehoek Streeksdiensteraad, 1989).

Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: watervoorsiening*** (ongep. ondersoek, Vaaldriehoek Streeksdiensteraad, 1989).

Van Jaarsveld, F.A., ***Stedelike geskiedenis as navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse historikus*** (ongep. referaat gelewer tydens 'n simposium oor 'Die opkoms van die Afrikaner aan die Witwatersrand', Departement Geskiedenis, RAU, 26 Feb. 1972).

Van Wyk, T., ***Die Vereeniging Opera en Dramavereniging*** (ongep. verslag, Vaal Teknorama, Vereeniging, 1991).

3. ONDERHOUDE

Anderson, R., Onderhoud, 2 Jan. 1992 {Lid van die Emfuleni-buiteklub, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Anderson, R., Onderhoud, 2 Jan. 1992 {Lid van die Rotariërklub, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Antonius, E., Onderhoud, 28 Jun. 1991 {voormalige Hoof van Nasarener kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Bardouna, S., Onderhoud, 20 Feb. 1994 {voormalige Voorsitter van die Hellenic Society, inligting in besit van die skrywer}.

Bartie, R.B., Onderhoud, 28 Feb. 1994 {voormalige Hoof van Suncrest High School, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Baula, D., Onderhoud, 15 Jan. 1991 {musiekonderwyseres, inligting in besit van die skrywer}.

Beukes, C., Onderhoud, 21 Jun. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Beukes, C., Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Beukes, C., Onderhoud, 14 Jan. 1992 {Stadsklerk van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Bloem, J.R., Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Noodhulpliga, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Bloem, J.R., Onderhoud, 6 Jun. 1991 {Noodhulpliga, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Bothma, Z., Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Teddy Bear kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Bouwer, P.B., Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Parksig, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Calitz, R., Onderhoud, 28 Feb. 1994 {Departementshoof Opvoedkundige Leiding, Vaal High School, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Ciszak, P., Onderhoud, 25 Jun. 1990 {Poolse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

Cloete, N.J., Onderhoud, 1 Mrt. 1994 {Hoof van die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging se kleuterskool, inligting in besit van die skrywer}.

Coetzee, M.J.M., Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Emfulenipark, inligting in besit van die skrywer}.

Connoway, K., Onderhoud, 15 Nov. 1991 {leier van die Wag-'n-Bietjie-volkspelelaer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Connoway, K., Onderhoud, 15 Nov. 1991 {lid van die Kultuurraad, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

De Beer, M., Onderhoud, 28 Feb. 1994 {Hoof van Little Sparrow Nursery School, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

De Bruyn, M., Onderhoud, 1 Mrt. 1994 {Hoof van Kosmos kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

De Jesus, S., Onderhoud, 15 Feb. 1991 {Portugese immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

De Klerk, B.D., Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Vaalrivier, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

De Wet, J.J., Onderhoud, 20 Jul. 1992 {Viserektor van die Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Du Plooy, W.A., Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Voorslag, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Du Preez, J., Onderhoud, 10 Feb. 1991 {Hoof van die Parkeafdeling, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

Du Preez, K., Onderhoud, 10 Feb. 1990 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Du Preez, K., Onderhoud, 12 Feb. 1990 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Du Preez, K., Onderhoud, 7 Jun. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Fouche, D., Onderhoud, 6 Jun. 1991 {Old-buck van die Buckshee Shellhole, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Frew, D.D., Onderhoud, 2 Des. 1992 {lidmaat van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, inligting in besit van die skrywer}.

Geldenhuys, C.P., Onderhoud, 7 Jun. 1991 {Stadsbibliotekaris van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Gersteling, J.H.W., Onderhoud, 12 Feb. 1992 {Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

Gersteroph, M.R., Onderhoud, 12 Feb. 1992 {Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

Gouws, S., Onderhoud, 7 Jun. 1992 {ouer van Hoërskool Transvalia, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Gouws, S., Onderhoud, 7 Jun. 1992 {Viserektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Grobler, H., Onderhoud, 16 Jan. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Grobler, H., Onderhoud, 12 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Grobler, H., Onderhoud, 14 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Grobler, H., Onderhoud, 15 Feb. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Grobler, H., Onderhoud, 6 Jun. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Heine, E.W., Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool D.F. Malherbe, inligting in besit van die skrywer}.

Herbst, C.A. (jnr.), Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Hlalele, S., Onderhoud, 14 Nov. 1989 {student van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van skrywer}.

Hoffman, C., Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Oospark, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Hoffman, G., Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Hoffman, M., Onderhoud, 11 Nov. 1991 {Penningmeester van die Kultuurraad, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Joubert, A., Onderhoud, 20 Nov. 1993 {afrigter van die Watunispan, inligting in besit van die skrywer}.

Keusgen, E., Onderhoud, 6 Feb. 1992 {President van die Emfuleni-buiteklub, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Kilian, J., Onderhoud, 12 Feb. 1991 {voormalige Voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Kilian, J., Onderhoud, 10 Nov. 1992 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

Kok, M., Onderhoud, 11 Jan. 1990 {Visevoorsitster van die Vanderbijlparkse Musiekvereniging, inligting in besit van die skrywer}.

Leonard, A., Onderhoud, 12 Nov. 1990 {onderwyseres van Laerskool D.F. Malherbe, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Lindeque, L., Onderhoud, 8 Mei 1992 {Skakelbeampte, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

Loubser, H., Onderhoud, 1 Sep. 1991 {musiekdosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Marais, E., Onderhoud, 2 Jul. 1991 {voormalige onderwyseres en Voorsitster van die Vanderbijlparkse Musiekvereniging, inligting in besit van die skrywer}.

Martin, R.C., Onderhoud, 16 Sep. 1992 {stigterslid van die Rapportryerskorps, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Martin, U., Onderhoud, 10 Nov. 1990 {voormalige Burgemeester van Vanderbijlpark en Skakelbeampte van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

Martin U., Onderhoud, 15 Nov. 1990 {Regisseuse van IPAS, inligting in besit van die skrywer}.

Martin U., Onderhoud, 16 Sep. 1992 {stigter van die Vanderbijlparkse Teatervereniging, inligting in besit van die skrywer}.

Marx, P.G.L., Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Kollegepark, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Mashaile, P., Onderhoud, 20 Nov. 1990 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Masitha, G., Onderhoud, 14 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Meyer, M., Onderhoud, 25 Nov. 1993 {Bestuurder van die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, inligting in besit van die skrywer}.

Meyer, M., Onderhoud, 20 Feb. 1994 {Bestuurder van die Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, inligting in besit van die skrywer}.

Mkhonto, S., Onderhoud, 2 Jul. 1991 {Hoof van Afrikatale, Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Mosabala, T., Onderhoud, 11 Nov. 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Mouton, S., Onderhoud, 6 Jun. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Mouton, S., Onderhoud, 6 Jun. 1991 {Voorsitter van Jeugland Outehuis, inligting in besit van die skrywer}.

Mouton, S., Onderhoud, 5 Jul. 1992 {maatskaplike werker van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Nel, C., Onderhoud, 10 Mei 1992 {Uitvoerende Direkteur van VESCO, inligting in besit van die skrywer}.

Nel, D.J., Onderhoud, 14 Mei 1991 {Hoof van Catherine Robson Kinderhuis, Vereeniging, inligting in besit van die skrywer}.

Noge, G., Onderhoud, 20 Nov. 1990 {Departementshoof van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Nowak, A., Onderhoud, 17 Sep. 1990 {Poolse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

Ngwenya, Z.A., Onderhoud, 10 Mei 1992 {Rektor van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Oltmann, G.W., Onderhoud, 12 Feb. 1992 {Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

Oltmann, G.W., Onderhoud, 15 Jul. 1992 {Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

Odendaal, J., Onderhoud, 11 Nov. 1992 {Hoof van Openbare Betrekkinge, Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Oosthuizen, G.H., Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Laerskool Noordhoek, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Otten, D., Onderhoud, 15 Feb. 1991 {Nederlandse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

Peyper, J.J., Onderhoud, 14 Mei 1991 {Voorsitter van SANRA, inligting in besit van die skrywer}.

Polonii, J.T.W., Onderhoud, 10 Nov. 1993 {Poolse immigrant, inligting in besit van skrywer}.

Potgieter, L., Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Kammaland kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Ramatsebe, J., Onderhoud, 20 Mrt. 1990 {voormalige dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Record, B., Onderhoud, 10 Mei 1990 {Hoof van Kuns en Ontwerp van die Vaaldriehoek Technikon, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Reinecke, S., Onderhoud, 28 Jun. 1991 {verbonde aan die Vrolike Vinkies kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Riddell, J.G., Onderhoud, 20 Jan. 1984 {Hoofwerkebestuurder van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Schmidt, A., Onderhoud, 20 Feb. 1994 {Sekretaris van die Vaaldriehoek Hoërskole Netbalvereniging, inligting in besit van die skrywer}.

Schoeman, J.J., Onderhoud, 15 Mei 1991 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Scholtz, A., Onderhoud, 20 Nov. 1991 {NG-predikant van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Schoombie, S., Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Laerskool Totius, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywers}.

Schroeder, A., Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Schroeder, A., Onderhoud, 16 Jan. 1991 {voormalige onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Schroeder, A., Onderhoud, 10 Aug. 1991 {lid van die Kultuurraad, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Schroeder, H.F., Onderhoud, 12 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Schroeder, H.F., Onderhoud, 15 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Schroeder, H.F., Onderhoud, 14 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en Skoolhoof van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Schutte, J.C., Onderhoud, 28 Feb. 1994 {Hoof van Park Ridge Primary School, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Sittig, E., Onderhoud, 15 Mrt. 1991 {voormalige Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

Sittig, E., Onderhoud, 2 Jul. 1992 {voormalige Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

Smit, J.H., Onderhoud, 1 Mrt. 1994 {Skoolraadkantoor, Vereeniging, inligting in besit van die skrywer}.

Steyl, I., Onderhoud, 20 Jun. 1989 (Rektor van Vaaldriehoek Technikon, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Steyn, P.J., Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Laerskool Frikkie Meyer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Stolarek, J., Onderhoud, 10 Jan. 1992 {voormalige dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Sussman, W., Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Apteker van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Sussman, W., Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Voorsitter van die Sentrale Sakekernkomitee, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Swart, A., Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Makierie Kraai kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Swart, I.W.F., Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Skoolhoof van Laerskool Kollegepark, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Swart, M.C., Onderhoud, 11 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Swart, M.C., Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Swart, M.C., Onderhoud, 14 Feb. 1991 {stigterslid van die VLU, inligting in besit van die skrywer}.

Swart, M.C., Onderhoud, 16 Feb. 1991 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Swart, M.C., Onderhoud, 31 Jan. 1992 {voormalige Burgemeester en onderwyseres van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Taute, J., Onderhoud, 11 Okt. 1991 {bestuurslid van die Vanderbijlparkse Musiekvereniging, inligting in besit van die skrywer}.

Taute, J., Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Sekretaresse van die Koördinerende Welsynraad, inligting in besit van die skrywer}.

Taute, J., Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Voorsitster van die Geestesgesondheidsvereniging, Vaaldriehoek, inligting in besit van die skrywer}.

Taute, M.P., Onderhoud, 14 Jan. 1991 {voormalige Hoof van Bedryfsmaatskaplike en Bedryfsielkundige Dienste van YSKOR, inligting in besit van die skrywer}.

Taute, M.P., Onderhoud, 14 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

Taute, M.P., Onderhoud, 16 Feb. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

Taute, M.P., Onderhoud, 11 Okt. 1991 {Stadsraadslid, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

Tsunke, J.N., Onderhoud, 10 Mei 1992 {dosent van Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Valk, M., Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Laerskool Hendrik van der Bijl, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Van der Merwe, H., Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Van der Merwe, H., Onderhoud, 10 Feb. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Van der Merwe, H., Onderhoud, 14 Feb. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Van der Walt, K., Onderhoud, 15 Jun. 1991 {waarnemende Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Van der Walt, K., Onderhoud, 17 Nov. 1992 {Stadsgeneesheer van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Van der Walt, L.J., Onderhoud, 15 Jun. 1991 {Gereformeerde predikant van Vanderbijlpark-Suid, inligting in besit van die skrywer}.

Van der Westhuizen, I., Onderhoud, 1 Jul. 1991 {Hoof van Nasarener kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Van Dijken, E., Onderhoud, 14 Jul. 1992 {voormalige immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

Van Dyk, T., Onderhoud, 10 Jul. 1989 {voormalige Viserektor van die Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Van Jaarsveld, F.A., Onderhoud, 19 Apr. 1991 {Departementshoof van Departement Geskie-denis, UP, inligting in besit van die skrywer}.

Van Niekerk, L., Onderhoud, 20 Jan. 1991 {Inligtingsbeampte, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

Van Niekerk, L., Onderhoud, 22 Jan. 1991 {Inligtingsbeampte, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

Van Niekerk, L., Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Inligtingsbeampte, Vanderbijlpark Stadsraad, inligting in besit van die skrywer}.

Van Niekerk, P.J.M., Onderhoud, 14 Jun. 1991 {dosent, Departement Sosiologie, Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, navorsingsverslae in besit van die Departement Sosiologie, PU vir CHO}.

Van Niekerk, P.J.M., Onderhoud, 20 Jul. 1991 {dosent, Departement Sosiologie, Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO, navorsingsverslae in besit van die Departement Sosiologie, PU vir CHO}.

Van Niekerk, R., Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Kleuterland kleuterskool, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Van Pletzen, J., Onderhoud, 28 Feb. 1994 {Hoof van Pinedene Primary School, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Van Schalkwyk, T., Onderhoud, 9 Nov. 1992 {ouer van Laerskool D.F. Malherbe, inligting in besit van die skrywer}.

Van Wyk, P., Onderhoud, 15 Jan. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Van Wyk, P., Onderhoud, 10 Mrt. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Van Wyk, P., Onderhoud, 12 Mrt. 1991 {senior burger en voormalige werknemer van YSKOR, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Van Wyk, P.V., Onderhoud, 28 Feb. 1994 {Departementshoof Opvoedkundige Leiding, Hoërskool Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Van Wyk, T., Onderhoud, 17 Sep. 1991 {Eresekretaris van die Opera en Dramavereniging, Vaaldriehoek, inligting in besit van die skrywer}.

Venter, D., Onderhoud, 15 Feb. 1991 {Nederlandse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

Verdoren, A., Onderhoud, 15 Feb. 1991 {Sekretaresse van die Kunsvereniging van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Verdoren, A., Onderhoud, 15 Feb. 1991 {voormalige immigrant, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Viljoen, S., Onderhoud, 6 Jun. 1991 {Maatskaplike werker van Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Vlok, J., Onderhoud, 14 Jan. 1991 {Voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Vlok, J., Onderhoud, 12 Mrt. 1991 {Voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Vlok, J., Onderhoud, 21 Mrt. 1991 {Voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Wagner, H., Onderhoud, 22 Jul. 1991 {Duitse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

Weber, J., Onderhoud, 10 Feb. 1991 {Voorsitter van die Koördinerende Welsynsraad, inligting in besit van die skrywer}.

Wilkaniec, B., Onderhoud, 23 Jul. 1990 {Poolse immigrant, inligting in besit van die skrywer}.

Woodall, T., Onderhoud, 28 Jun. 1991 {Hoof van Plotties se kleuterland, Vanderbijlpark, inligting in besit van die skrywer}.

Wybenga, D., Onderhoud, 15 Mrt. 1992 {dosent, Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Wybenga, G., Onderhoud, 14 Jan. 1992 {dosent in Afrikaans, Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

Wybenga, G., Onderhoud, 15 Jan. 1992 {dosent in Afrikaans, Sebokeng Onderwyskollege, inligting in besit van die skrywer}.

4. PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE

Botha, I.J., ***'n Ekonometriese model vir die PWV-gebied*** (ongep. D.Com.-proefskrif, UP, 1977).

Coetzee, J.E., ***'n Kritiese analise van finansiële bestuur soos toegepas deur die agentskaphouer in die Suid-Afrikaanse kleinhandelmotorbedryfstak: met spesiale verwysing na die PWV-gebied*** (ongep. D.B.A.-proefskrif, UP, 1980).

Cronje, J.H., ***Die ontwikkeling van die toerismepotensiaal van die oewergebiede in Vereeniging*** (ongep. B.Art. et Scien.-skripsie, PU vir CHO, 1989).

De Beer, G., ***'n Pedagogiese ondersoek na milieu- en agtergrondfaktore wat verband hou met skoolstaking van sekondêre skoolleerlinge in die Witwatersrand-Vaaldriehoekgebied*** (ongep. M.Ed.-verhandeling, RAU, 1976).

Drake, M.F., ***The iron and steel, metal and engineering industry in the Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging region*** (unp. M.A. dissertation, UW, 1971).

Du Plessis, H., ***Ekonomiese ontwikkelingspotensiaal van die Vaaldriehoek*** (ongep. M.Com.-verhandeling, PU vir CHO, 1985).

Du Plessis, H.A., ***'n Didakties-pedagogiese ondersoek na toestande rakende die akademiese opleiding van ingenieurstegnici: met spesiale verwysing na toestande in die Vaaldriehoek*** (ongep. D.Ed.-proefskrif, UOVS, 1974).

Du Plessis, J.J., ***Die kosteprobleem as gevolg van wetgewing in Suid-Afrika: met spesiale verwysing na kleinhandelsondernemings in die Vaaldriehoek*** (ongep. D.Com.-proefskrif, PU vir CHO, 1966).

Du Plessis, W.G., ***Aspekte van die bemarking van dorpsgebiede in die PWV-kompleks met spesiale verwysing na nywerheidsgebruik*** (ongep. D.Com.-proefskrif, RAU, 1977).

Heyns, A.M., ***Kultuur en onderwysstelsel*** (ongep. D.Ed.-proefskrif, PU vir CHO, 1982).

Hoffman, B., ***Produktiwiteitsmeting in plaaslike bestuur*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1983).

Jansen van Rensburg, R.P., ***Die beslaggewing van dorpsontwikkeling en bestuur in Vanderbijlpark gedurende 1943-1952*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1992).

Kühne, H., ***Laerskool Historia: 'n historiese oorsig, 1970-1990*** (ongep. B.A.-skripsie, PU vir CHO, 1990).

Nieuwoudt, A., ***Die Vaaldriehoek as verspreide stad*** (ongep. D.Phil.-proefskrif, PU vir CHO, 1983).

Oosthuizen, A.J.G., ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal en die distrikte aan weerskante daarvan tussen Vaaldam en Barrage met besondere verwysing na die stedelike ontwikkeling in die gebied*** (ongep. D.Phil.-proefskrif, UP, 1964).

Schmitt, R.M., ***'n Ekonomies-geografiese ondersoek na enkele aspekte van die petrochemiese nywerheid te Sasolburg*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1979).

Schroeder, H.F., ***Huidige probleme van die onderwys en opvoeding van die verstandelike begaafde kind in die junior afdelings van veertien Afrikaanse laerskole in die Vaaldriehoek en die implementering van 'n moontlike oplossing*** (ongep. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO, 1974).

Smit, M.C., ***Die Konserwatiewe Party en die algemene verkiesing van 1987*** (ongep. M.A.-verhandeling, RAU, 1991).

Smith, M.M., ***'n Geografiese studie van steenkool in die Vaaldriehoek*** (ongep. M.A.-verhandeling, UNISA, 1967).

Stander, H., ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 1882-1912*** (ongep. M.A.-verhandeling, UNISA, 1945).

Taute, M.P., ***'n Sielkundige ondersoek na die houdings van ontvangers van staatsonderhoudstoelae*** (ongep. M.A.-verhandeling, UP, 1964).

Van Aswegen, F.O.F., ***Die geskiedenis van Vereeniging, 1912-1939*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1957).

Van Niekerk, R., ***Die vestiging en uitbreiding van plaaslike bestuur in Vanderbijlpark gedurende 1952-1959*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1992).

Venter, S.P., ***Stadsentrumontwikkeling en -beplanning met besondere verwysing na Vanderbijlpark*** (ongep. M.A.-verhandeling, RAU, 1981).

Visser, A.J., ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid in Suid-Transvaal*** {2 volumes} (ongep. D.Com.-proefskrif, US, 1948).

5. KOERANTE EN TYDSKRIFTE

5.1 KOERANTE

Beeld, 1979, 1980, 1984, 1987, 1989, 1990, 1991, 1992.

City Press, 1984.

Mercury, 1986.

Rand Daily Mail, 1950, 1952, 1954, 1955, 1956, 1957, 1959, 1984.

Rapport, 1982, 1984, 1992.

Sasolnuus, 1956.

Sowetan, 1984.

The Star, 1940, 1942, 1945, 1979, 1980, 1981, 1984.

Sunday Times, 1941, 1943, 1947, 1951.

Die Transvaler, 1947, 1989, 1990, 1991.

Vaalster, 1978, 1979, 1980, 1983, 1984, 1985, 1986, 1987, 1988, 1989, 1990, 1991.

The Vaal Tribune, 1949, 1950.

Vaalweekblad, 1964, 1967, 1968, 1969, 1972, 1974, 1975, 1976, 1977, 1978, 1979, 1980, 1981, 1982, 1983, 1984, 1985, 1986, 1987, 1988, 1989, 1990, 1991.

Die Vaderland, 1978, 1979, 1983, 1984, 1985, 1986, 1987.

Vanderbijlpark en Sasolburg Ster, 1984, 1985, 1987.

Vereeniging and Vanderbijlpark News, 1949, 1956, 1966, 1970, 1972, 1973, 1980.

Vereeniging en Meyerton Ster, 1985.

The Vereeniging Leader, 1939.

Vereeniging News, 1945, 1947, 1949, 1953.

The Vereeniging Recorder, 1942.

5.2 TYDSKRIFARTIKELS

Anderson, P.R., "A review of a new South African town: Vanderbijlpark", ***South African Architectural Record***, vol. 43, no. 1, Jan. 1958, pp.29-36.

Anon., "Cameo: Vanderbijlpark", ***Municipal Affairs***, vol. 28, no. 329, Jan. 1963, pp.11,14,29.

Anon., "Dr. H.J. van der Bijl, 1887-1948", ***Yskornuus***, vol. 14, no. 1, Jan. 1949, pp.1-20.

Anon., "Dream come true: Vanderbijl Park recreation club house" {official opening}, ***Iscor News***, vol. 10, Sep. 1945, pp.364,367.

Anon., "A glimpse into the future: Iscor's five years Vereeniging plan", ***Iscor News***, vol. 6, no. 8, Aug. 1941, pp.516,519,520,523.

Anon., "The massive Vaal Triangle: a fountainhead of industry on a mighty river", ***South African Municipal Magazine***, vol. 46, no. 567, Dec. 1964, pp.6-8.

Anon., "The medical clinic at Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 15, no. 10, Oct. 1950, pp.856-859.

Anon., "New city of steel: the Iscor Works at Vanderbijlpark", ***South African Engineer***, vol. 30, no. 361, Jun. 1948, pp.7-11.

Anon., "Onze gemeentewapens Vanderbijlpark", ***Nieuws uit Zuid-Afrika***, vol. 12, no. 2, Jul. 1972, p.23.

Anon., "Opening of the Vanderbijl Park swimming bath", ***Iscor News***, vol. 15, no. 3, Mar. 1950, pp.190,208.

Anon., "Progress at Van der Bijl Works: the beginnings of a new era in steel in South Africa", ***Iscor News***, vol. 7, no. 7, Jul. 1942, pp.332,335.

Anon, "Redaksioneel", ***Contree***, no. 21, Jan. 1987, p.3.

Anon., "Salute to Vecor" {Vanderbijl Engineering Corporation}, ***South African Mechanical Engineer***, vol. 23, Jan. 1973, pp.8,9.

Anon., "Swaar ystervuis" {VIKOR}, ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 13, no. 3, Mrt. 1968, pp.36-39.

Anon., "Die Vaaldriehoek", ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 17, no. 11, Nov. 1972, pp.14-21.

Anon., "Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 17, no. 10, Oct. 1952, pp.912,913.

Anon., "Vanderbijlpark: garden town with a bright future", ***South African Municipal Magazine***, vol. 31, no. 363, Nov. 1947, pp.31-37.

Anon., "Vanderbijlpark groei nog steeds", ***Yskornuus***, vol. 28, no. 8, Aug. 1963, p.19.

Anon., "The Vanderbijl Park hospital opened by the Administrator of the Transvaal", ***Iscor News***, vol. 15, no. 5, May 1950, pp.389-393.

Anon., "Vanderbijlpark: young giant, still growing", ***Iscor News***, vol. 27, no. 11, 12 Nov. 1962, pp.12-15.

Anon., "Vereeniging and Vanderbijlpark: amazing industrial progress recorded since end of the war", ***Careers Guide***, vol. 17, Dec. 1949, pp.300,303,305.

Anon., "Who plants a tree", ***Iscor News***, vol. 16, no. 6, Jun. 1951 {supplement}.

Anon., "Wording te Vanderbijlpark onthul", ***Yskornuus***, vol. 16, no. 9, Sep. 1951, p.783.

Baker, G.F., "The bantu hope: Vanderbijlpark", ***South African Outlook***, vol. 79, Jun. 1949, pp.91,92.

Brown, A., "Jacob Burckhardt's renaissance", ***History Today***, vol. 38, Oct. 1988, pp.21,26.

Du Toit, A., "Om Wit Afrikaan te wees", ***Die Suid-Afrikaan***, no. 32, Apr./Mei 1991, pp.1-3.

Ebersohn, W., "Vakbonde en die groeiende magsdilemma", ***Die Suid-Afrikaan***, no. 42, Des. 1992 - Jan. 1993, p.20.

Fassler, J., "Vanderbijlpark shopping centre", ***South African Architectural Record***, vol. 38, no. 4, Apr. 1953, pp.34-39.

Floyd, T.B., "Die geskiedenis van stadsbeplanning in Suid-Afrika", deel 1, ***Munisipale Aangeleenthede***, vol. 24, Mrt. 1959, pp.29,31,75.

Jacobsz, F.P., "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede in Vaaldriehoek voorsien", ***Volkshandel***, vol. 26, no. 8, Okt. 1965, pp.17-21.

Louw, C., "Van Kodesa na Stutterheim en terug"?, ***Die Suid-Afrikaan***, no. 37. Feb./Mrt. 1992, p.8.

McAlvany, D.S., "South Africa: survival or surrender", ***McAlvany Intelligence Advisor***, Sep. 1988, p.9.

Martin, V., "Art knows no boundaries", ***Southern Africa Today***, vol. 3, 1986, pp.8-11.

Nel, C.M., "Wit-swart kommunikasie onder verskillende houdingstoestande", ***Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie***, vol. 20, 1989, pp.38,39.

Nieuwoudt, A., "'n Model vir die verkenning van die verspreide stad" {Vaaldriehoek}, ***South African Geographer***, vol. 15, no. 1, Sep. 1987, pp.73-84.

Oosthuizen, A.J.G., "Development of this decade: the PWV and Transvaal", ***South African Builder***, vol. 60, no. 4, Apr. 1981, pp.40-44.

Reyburn, G., "Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 15, no. 9, Sep. 1950, pp.760-766,769.

Sapire, H., "Politics and protest in shack settlements of the Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging region, South Africa, 1980-1990", ***Journal of Southern African Studies***, vol. 18, no. 3, Sep. 1992, pp.670-697.

Sebokeng College of Education, ***Annual Magazine***, 1989, pp.1-68.

Skipp, V., "Local history: a new definition", part 1, ***Local Historian***, vol. 14, no. 6, 1981, pp.325-331.

Snyman, P.H.R., "Redaksioneel", ***Contree***, no. 27, Apr. 1990, p.4.

Steyn, A.F., "Verstedeliking: 'n uitdaging vir die RSA", ***Aambeeld***, vol. 17, no. 2, Nov. 1989, pp.16-20.

Streeksontwikkelingvereniging, "'n Uiteensetting van die samestelling, doel en funksies van die NSOAR, SOAK'S, SOV'S en DOV'S", ***Informa*** {bylaag}, Apr. 1988, pp.1-23.

Suid-Afrika (Republiek), Departement van Buitelandse Sake en inligting, "Die bevordering van nywerheidsontwikkeling: 'n element van 'n samehangende streekontwikkelingstrategie vir Suid-Afrika", ***Suid-Afrikaanse Oorsig***, 2 Apr. 1982 {byvoegsel}.

Van der Bijl, H.J., "The creation and planning of Vanderbijl Park", ***Iscor News***, vol. 12, no. 6, Jun. 1947, pp.462-467.

Van der Bijl, H.J., "The creation and planning of Vanderbijl Park non-European residential areas", ***Iscor News***, vol. 12, no. 7, Jul. 1947, pp.556,557,559,560,563.

Van der Bijl, H.J., "Die Vaal vloei voort", ***Brandwag***, vol. 10, no. 513, Aug. 1947, pp.18-20.

Van der Merwe, J.W., "Algemene oorsig van die Vaaldriehoeknywerheidsgebied", ***Tegnikon***, vol. 14, Sep. 1965, pp.83-86.

Van Heerden, E., "Ons staalstad langs die Vaal: Vanderbijlpark is mondig", ***Huisgenoot***, vol. 42, no. 2226, 20 Nov. 1964, pp.48-51,54.

Van Heerden, E., "'n Staalstad vier sy mondigwording", ***Suid-Afrikaanse Panorama***, vol. 10, no. 1, Jan. 1965, pp.18-21.

Van Niekerk, R. & Prinsloo, P.J.J., "Die instelling en funksionering van 'n Naturelle-Adviserende Raad vir Bophelong te Vanderbijlpark, 1948-1952, ***Joernaal vir Eietydse Geskiedenis***, vol. 19, no. 3, Des. 1994, pp.174-194.

Van Niekerk, R. & Van der Walt, M.F., "Dr. H.J. van der Bijl se filosofiese denkraamwerk: 'n histories-filosofiese oorsig", ***Koers***, vol. 61, no. 3, Sep. 1996, pp.291-310.

Viljoen, H., "Die prys", ***De Kat***, vol. 2, no. 10, 2 Mei 1987, p.20.

Wilson, T.W., "Iscor's new platemill: the history of Vanderbijl, 1940-1943", ***Iscor News***, vol. 9, no. 1, Jan. 1944 {supplement}.

6. REGERINGSPUBLIKASIES

Buitengewone Offisiële Koerant, vol. 126, no. 2091, 25 Aug. 1948.

Buitengewone Offisiële Koerant, vol. 128, no. 2114, 12 Jan. 1949.

Lombard S.A. (samesteller),

Gekonsolideerde ordonnansies van Transvaal, 1902-1947, deel 1 (Pretoria, Staatsdrukker, 1950).

Offisiële Koerant, vol. 119, no. 1997, 24 Des. 1946.

Offisiële Koerant, vol. 128, no. 2114, 12 Jan. 1949.

Offisiële Koerant, vol. 139, no. 2300, 5 Des. 1951.

Offisiële Koerant, vol. 156, no. 2561, 22 Feb. 1956.

Provinsie Transvaal, ***Derde en finale verslag van die kommissie van ondersoek na die stelsel van plaaslike bestuur in Transvaal***, TP 5/1957 (Pretoria, Staatsdrukker, 1957).

Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal*** (Johannesburg, Lex Patria, s.j.).

Suid-Afrika (Republiek), Departement van Nywerheidswese, ***Verslag van die studiegroep oor strategie vir nywerheidsontwikkeling*** (Pretoria, Staatsdrukker, ca. 1983).

Suid-Afrika (Republiek), Departement van Statistiek, ***Bevolking van Suid-Afrika, 1904-1970***, verslag no. 02-05-12 (Pretoria, Staatsdrukker, 1976).

Suid-Afrika (Republiek), Kantoor van die Eerste Minister, ***Vaalrivierkompleks: gidsplan 1982*** (Pretoria, Staatsdrukker, s.j.).

Suid-Afrika (Republiek), Kantoor van die Eerste Minister, ***Vaalrivierkompleks: ontwerpgidsplan 1980*** (Pretoria, Staatsdrukker, 1980).

Suid-Afrika (Republiek), Kantoor van die Landmeter-generaal, ***Alfabetiese lys van plase in die provinsie Transvaal*** (Pretoria, Staatsdrukker, 1975).

Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, ***Bevolkingsensus 1985: geografiese verspreiding van die bevolking met 'n oorsig vir 1960-1985***, verslag no. 02-85-01 (Pretoria, Staatsdrukker, 1986).

Unie van Suid-Afrika, Departement van Naturellesake, ***Verslag van die Naturellewette-kommissie, 1946-1948***, UG28/48 (Pretoria, Staatsdrukker, 1948).

Unie van Suid-Afrika, Topokadastrale kaartreeks, Vereeniging 2627 DB, skaal 1:50 000 (Kaapstad, Opmetingsdepot, 1943).

7. JAARBOEKE

Albertyn, W. (ed.), ***Official South African municipal yearbook, 1965-1966*** (Pretoria, South African Association of Municipal Employees, n.d.).

Albertyn, W. (ed.). ***Official South African municipal yearbook, 1979*** (Pretoria, South African Association of Municipal Employees, n.d.).

Anon., ***Official South African municipal yearbook, 1983*** (Pretoria, South African Association of Municipal Employees, n.d.).

Anon., ***Official South African municipal yearbook, 1988*** (Pretoria, South African Association of Municipal Employees, n.d.).

Anon., ***Official South African municipal yearbook, 1990*** (Pretoria, South African Association of Municipal Employees, n.d.).

Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerke, ***Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, 1988***, jg. 139 (Kaapstad, Tydskrifmaatskappy van die NG Kerk, 1988).

Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerke, ***Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, 1990***, jg. 141 (Kaapstad, Tydskrifmaatskappy van die NG Kerk, 1990).

Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerke, ***Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, 1994***, jg. 145 (Kaapstad, Tydskrifmaatskappy van die NG Kerk, 1994).

Ryan, J., (ed.), ***Official South African municipal yearbook, 1952-1953*** (Pretoria, South African Association of Municipal Employees, n.d.).

8. GEPUBLISEERDE WERKE

Adlem, W.L.J. & Du Pisani, A. (reds.), ***Stedelike politiek en administrasie: 'n inleiding*** (Pretoria, HAUM, 1982).

Anon., ***Vanderbijlpark: 21 jare van vooruitgang*** (Johannesburg, Felstar Publishers, 1964).

Anon., ***Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy*** {geskiedenis en vooruitsigte} (Vanderbijlpark, Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy, 1952).

Anon., ***YSKOR: Vanderbijlparkwerke*** (Vanderbijlpark, YSKOR, s.j.).

Bártolo, C., ***Portugal in the world, 1485-1985*** (Johannesburg, Editorial Publishers, c 1978).

Beals, R.L. et al., ***An introduction to anthropology***, 5th ed. (Macmillan Publishing Company, 1977).

Bethlehem, R.W., ***Economics in a revolutionary society: sanctions and the transformation of South Africa*** (Craighall, A.D. Donker, 1988).

Church of St. Francis of Assisi, ***What! Me sacrifice?*** (s.l., Church of St. Francis of Assisi, ca. 1959).

Cloete, J.J.N., ***Munisipale regering en administrasie in Suid-Afrika*** (Pretoria, J.L. van Schaik, 1976).

Cloete, J.J.N., ***Provinsiale en munisipale finansies: uitgesoekte leerstukke*** (Pretoria, Van Schaik, 1978).

Coetzer, P.W. (red.), ***Die Nasionale Party***, deel 5: van oorlog tot oorwinning, 1940-1948 (Bloemfontein, Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG), 1994).

Commager, H.S., ***The study of history*** (Columbus, Ohio, 1965).

Davenport, T.R.H., ***South Africa a modern history***, 4th ed. (London, Macmillan, 1991).

Day, F.A.V., ***Vanderbijlpark*** (Vanderbijlpark, Vanderbijlpark Town Council, 1973).

De Beer, G., ***'n Ondersoek na milieu- en ander agtergrondfaktore wat verband hou met skoolstaking van sekondêre skoolleerlinge in die Witwatersrand-Vaaldriehoekgebied***, verslag no. MT-38 (Pretoria, Instituut vir Mannekragnavorsing, RGN, 1977).

Giliomee, H. & Schlemmer, L., ***From apartheid to nation-building*** (Cape Town, Oxford University Press, c 1989).

De Crespigny, A. & Schrire, R. (eds.), ***The government and politics of South Africa*** (Cape Town, Juta, 1978).

De Klerk, P., ***Geskiedenis as kultuurontwikkeling: aspekte van die teorie en filosofie van geskiedenis*** (Pretoria, Serva Uitgewers, 1988).

De Klerk, W., ***Die man en sy tyd: F.W. de Klerk*** (Kaapstad, Tafelberg, 1991).

Dooyeweerd, H., ***A new critique of theoretical thought***, vol. 2 (Amsterdam, Paris, 1955).

Esterhuyse, W.P., ***Afskeid van apartheid*** (Kaapstad, Tafelberg, 1979).

Fisher, J., ***The Afrikaners*** (London, Cassell & Company, 1969).

Fredrickson, G.M., ***White supremacy*** (New York, Oxford University Press, 1981).

Fueter, E., ***Geschichte der neueren historiographie*** (New York, Johnson Reprint Corporation, 1968).

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1981***, jg. 107 (Potchefstroom, Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1981).

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1982***, jg. 108 (Potchefstroom, Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1982).

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1983***, jg. 109 (Potchefstroom, Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1983).

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1986***, jg. 112 (Potchefstroom, Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1986).

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1988***, jg. 114 (Potchefstroom, Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1988).

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1991***, jg. 117 (Potchefstroom, Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1991).

Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Suid, ***Gedenkblad: kwarteeufees, 1962-1987*** (Vanderbijlpark, Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Suid, 1987).

Giliomee, H. & Elphick, R. (reds.), ***'n Samelewing in wording: Suid-Afrika, 1652-1840*** (Kaapstad, Longman, 1990).

Gooch, G.P., ***History and historians in the nineteenth century*** (Londen, Longmans, 1952).

Gray, W., ***Historian's handbook: a key to the study and writing of history*** (Boston, Houghton Mifflin, 1964).

Grobbelaar, P.W., ***Volkslewe van die Afrikaner: die verhaal van ons volkskunde*** (Kaapstad, Tafelberg, 1974).

Grobbelaar, P.W. (red.), ***Die Afrikaner en sy kultuur*** (Kaapstad, Tafelberg, 1975).

Harrison, H., ***The white tribe of Africa: South Africa in perspective*** (London, MacMillan, 1981).

Herskowits, M.J., ***Cultural anthropology*** (New York, Knopf, 1948).

Hocking, A., ***Metal boxers: the story of Metal Box South Africa, 1933 to 1983*** (Johannesburg, Metal Box South Africa Limited, 1983).

Huussen, A.H. et al., ***New directions in European historiography*** (Middletown, Welsleyan University Press, 1981).

Jacobs, A., ***South African heritage: a biography of H.J. van der Bijl*** (Pietermaritzburg, Shuter & Shooter, 1948).

Karis, T. et al., ***From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa*** (Stanford, Hoover, Institution Press, 1964).

Keeble, L., ***Principles and practice of town and country planning*** (London, Estates Gazette, 1972).

Keesing, F.M., ***Inleiding tot de cultural antropologie*** (Fort Worth, Rinehart and Winston, 1981).

Krog, A., ***Jerusalemgangers*** (Kaapstad, Human & Rousseau, 1985).

Krüger, D.W. (hoofred.), ***Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek***, deel 2 (Kaapstad, Tafelberg, 1972).

Landman, A.A. et al., ***Labour legislation handbook*** (Roodepoort, Digma Publications, 1986).

Leigh, R.L., ***Vereeniging: South Africa*** (Johannesburg, Courier-Gazette, 1968).

Lodge, T., ***Black politics in South Africa since 1945*** (London, Longman, 1983).

Maasdorp, G. & Whiteside, A. (eds.), ***Towards a post-apartheid future: political and economic relations in Southern Africa*** (New York, St. Martin's Press, 1992).

Manaka, M., ***Echoes of African art*** (Johannesburg, Blackshaws, 1987).

Mandela, N., ***Long walk to freedom: the autobiography of Nelson Mandela*** (Boston, Little Brown, c 1994).

Marais, H.C. (red.), ***Suid-Afrika: perspektiewe op die toekoms*** (Pretoria, Owen Burgess, c 1988).

Maritz, C.J. (red.), ***Weerstandbewegings in Suider-Afrika*** (Potchefstroom, Sentrale Publikasieafdeling, PU vir CHO, 1987).

Mashabela, H., ***Townships of the PWV*** (Johannesburg, South African Institute of Race Relations (SAIRR), 1988).

Maylam, P., ***A history of the African people of South Africa: from the Early Iron Age to the 1970's*** (Cape Town, Credo Press, 1986).

Mendelsohn, R., ***Sammy Marks: the uncrowned king of the Transvaal*** (Cape Town, David Philip, 1991).

Moodie, T.D., ***The rise of Afrikanerdom: power, apartheid and the Afrikaner civil religion*** (London, University of California Press, 1975).

Moss, G. & Obery, I. (eds.), ***South African review IV*** (Johannesburg, Ravan Press, 1987).

Murphy, R.E., ***The American city: an urban geography*** (New York, McGraw-Hill, 1966).

Mutwa, C.V., ***Let not my country die*** (Pretoria, Sigma Press, 1986).

Nattrass, J., ***The South African economy: its growth and change*** (Cape Town, Oxford University Press, 1988).

Nederduitsch Hervormde Kerk, ***Gemeente Vereeniging: 75ste herdenking*** (Vereeniging, Nederduitsch Hervormde Kerk, 1988).

Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Vanderbijlpark, ***Kwarteeufees, 11 Jun. 1974*** (Vanderbijlpark, NG-gemeente, 1974).

Nel, L.T. & Jansen, H., ***The geology of the country around Vereeniging: an explanation of sheet 62*** (Pretoria, Staatsdrukker, 1957).

Nel, P.G. (red.), ***Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*** (Pretoria, HAUM, 1979).

Nell, P.R., ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark, 1914 - Desember - 1951*** (Vanderbijlpark, Van Riebeeck-feeskomitee, 1952).

Oosterbroek, T. (ed.), ***Vaal River complex: industrial growth point of the eighties*** (Johannesburg, Thomson Publications, n.d.).

Pelzer, A.N. (red.), ***Verwoerd aan die woord: toesprake, 1948-1962*** (Johannesburg, Afrikaanse Pers Boekhandel, 1963).

Posel, D., ***The making of apartheid, 1948-1961*** (Oxford, Clarendon, 1991).

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), Instituut vir Afrikanistiek, ***Rondom volkereverhoudinge*** {wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks D} (Potchefstroom, Sentrale Publikasieafdeling, PU vir CHO, 1981).

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), IRS, ***Ideologiese stryd in Suider-Afrika: vlug vir die afgode*** {wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks F3, versamelwerke no. 22} (Potchefstroom, Sentrale Publikasieafdeling, PU vir CHO, 1984).

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), IRS, ***Kultuurverskeidenheid in Afrika: verleentheid of geleentheid*** {wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks F3, versamelwerke no. 40} (Potchefstroom, Sentrale Publikasieafdeling, PU vir CHO, 1991).

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), IRS, ***Venster op die sakewêreld: perspektiewe op bedryfsetiek*** {wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks F3, versamelwerke no. 36} (Potchefstroom, Sentrale Publikasieafdeling, PU vir CHO, 1990).

Prinsloo, K.P., ***Enkele aspekte van gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika*** (Pretoria, Academica, 1982).

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), Hoofkomitee, ***Die Suid-Afrikaanse samelewing: werklikhede en toekomsmoontlikhede*** {RGN-ondersoek na tussengroepverhouding} (Pretoria, RGN, 1985).

Rhoodie, N.J., ***Sosiale stratifikasie en Kleurlingskap*** (Johannesburg, McGraw-Hill, 1977).

St. Mary & St. John Church Vereeniging, ***The growth of a parish, 1902-1962*** (Vereeniging, St. Mary & St. John Church, ca. 1962).

Schoeman, B.M., ***Vorster se 1000 dae*** (Kaapstad, Human & Rousseau, 1974).

Scholtz, G.D., ***Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901-1966***, band 1 (Johannesburg, Perskor, 1974).

Schoonees, P.C. e.a. (reds.), ***HAT: verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*** (Pretoria, Voortrekkerpers, 1965).

Slabbert, F. van Zyl et al., ***South Africa: dilemmas of evolutionary change*** (Grahamstown, Institute of Social and Economic Research, RU, 1980).

Smelser, N.J., ***Theory of collective behaviour*** (London, Routledge & Kegan Paul, 1962).

South African Research Service (ed.), ***South African review III*** (Johannesburg, Ravan Press, 1986).

South African Reserve Bank, ***Quarterly Bulletin***, no. 179, Mar. 1991 (Pretoria, South African Reserve Bank, 1991).

Stals, E.L.P., ***Afrikaners in die goudstad***, deel 2: 1924-1961 (Pretoria, HAUM, 1986).

Steyl, I. (hoofred.), ***Vaaldriehoekse Technikon, 21*** (brosjure, Vaaldriehoekse Technikon, Vanderbijlpark, Apr. 1987).

Steyn, J.N. e.a., ***Ruimtelike ordening: 'n ekonomies geografiese perspektief*** (Pretoria, Van Schaik, 1976).

Stoker, H.G., ***Beginsels en metodes in die wetenskap*** (Potchefstroom, Pro Rege, 1961).

Stoker, H.G., ***Oorsprong en rigting***, band 1 (Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 1967).

Streeksontwikkelingsvereniging (SOV), ***Kundigheidsregister: bou- en verwante professies***, vol. 1 (Vanderbijlpark, Streeksontwikkelingsvereniging, Jul. 1989).

Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), ***Gouejubileum: Vanderbijlpark-werke*** (brosjure, YSKOR, 1993).

Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), ***Opening van die yster- en staalwerke te Vanderbijlpark, Oktober 1952 deur hul eksellensies die Goewerneur-generaal en mev. E.G. Jansen*** (Vanderbijlpark, YSKOR, 1952).

Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), ***YSKOR: Vanderbijlpark-werke*** (brosjure, YSKOR, 1988).

Suid-Afrika Stigting, ***Beknopte feitebron, 1991*** (Johannesburg, Suid-Afrika Stigting, 1991).

Swart, M.J. & Geyser, O. (reds.), ***Vyftig jaar volksdiens: die geskiedenis van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, 1929 tot 1979*** (Johannesburg, Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, 1979).

Theron, E. (red.), ***Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika: 'n verslag van 'n komitee van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede*** {SABRA} (Stellenbosch, UUB, 1964).

Thomashausen, A.E.A.M., ***The dismantling of apartheid: the balance of reforms, 1978-1988*** (Pretoria, Bureau for Information, 1987).

Tomlinson, R. & Addleson, M., ***Regional restructuring under apartheid: urban and regional policies in contemporary South Africa*** (Johannesburg, Ravan Press, 1987).

Vaaldriehoek Rugbyvoetbalunie, ***Die eerste tien jaar: Vaaldriehoek rugby*** (Vanderbijlpark, Vaal-driehoek Rugbyvoetbalunie, 1994).

Van der Merwe, H.W. & Schire, R. (eds.), ***Race and ethnicity: South African and international perspectives*** (Cape Town, David Philip, 1980).

Van der Merwe, W.J., ***Gedenkboek: Gereformeerde Kerk Vereeniging, 1927-1967*** (Vereeniging, Gereformeerde Kerk Vereeniging Kerkraad, 1967).

Van der Walt, B.J., ***Venster op die werklikheid*** (Potchefstroom, Sentrale Publikasieafdeling, PU vir CHO, 1992).

Van der Walt, C.P., ***Magte op die internasionale toneel*** (Potchefstroom, Sentrale Publikasieafdeling, PU vir CHO, 1990).

Van der Walt, J.A. e.a., ***Rassesosiologie*** (Pretoria, Academica, 1967).

Van der Walt, T., ***Report on the Vaal Triangle 1984 disturbances*** (Pretoria, Government Printer, 1985).

Van der Westhuizen, J., (red), ***Bestuurskursus in burgerlike beskerming***, deel 1: strategie 4 (Pretoria, UNISA, 1986).

Van Heerden, C. (red.), ***Ons volkspele-erfenis*** (Goodwood, Nasionale Boekdrukkery, 1989).

Van Jaarsveld, F.A., ***Die Afrikaners se groot trek na die stede en ander opstelle*** (Johannesburg, Perskor, 1982).

Van Jaarsveld, F.A., ***Die eenheidstrewe van die republikeinse Afrikaners*** (Johannesburg, Impala Opvoedkundige Diens, 1951).

Van Jaarsveld, F.A., ***Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle*** (Kaapstad, Tafelberg, 1979).

Van Jaarsveld, F.A., ***'n Inleiding tot die studie van geskiedenis*** (Kaapstad, Nasou, s.j.).

Van Jaarsveld, F.A., ***Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*** (Johannesburg, Perskor, 1982).

Van Jaarsveld, F.A., ***Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie*** (Pretoria, HAUM, 1980).

Van Jaarsveld, F.A., ***Wie en wat is die Afrikaner?*** (Kaapstad, Tafelberg, 1981).

Van Jaarsveld, F.A. (red.), ***Verstedeliking in Suid-Afrika*** (Pretoria, Gutenberg Boekdrukkers, 1985).

Van Jaarsveld, F.A. & Scholtz, G.D. (red.), ***Die Republiek van Suid-Afrika: agtergrond, ontstaan en toekoms*** (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1966).

Van Vuuren, D.J. et al., ***South Africa: a plural society in transition*** (Durban, Butterworths, 1985).

Vatcher, W.H. (jr.), ***White laager: the rise of Afrikaner nationalism*** (London, Pall Mall Press, 1965).

Viljoen, A. (red.), ***Die stadsklerk: plaaslike bestuur in Suid-Afrika*** (Halfweghuis, Southern Boekuitgewers, 1991).

Viljoen, G. van N., ***Ideaal en werklikheid: rekenskap deur 'n Afrikaner***, deel 1 (Kaapstad, Tafelberg, 1978).

---oOOo---